UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DIE BRITSE BELEID TEENOOR EN ADMINISTRASIE VAN DIE SWARTES IN TRANSVAAL, 1877 - 1881

deur

WILLEM ADRIAAN STALS

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad D.Phil. in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Universiteit van Pretoria,

PRETORIA

Julie 1985

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

I N H O U D

BLADSY

VOORWOORD i

HOOFSTUK 1

DIE SAMESTELLING EN FUNKSIONERING VAN DIE DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE, 1877-1881

1. Sir Theophilus Shepstone oor die administrasie van die Transvaalse Swartes 1
2. President T.F. Burgers en die totstandbrenging van 'n Departement van Naturellesake 9
3. H.C. Shepstone se aanstelling as Sekretaris van Naturellesake 28
4. Die Spesiale Kommissarisse en hulle werksaamhede, 1877-1881 32
5. Naturellekommissarisse in diens van die Transvaalse regering, 1877-1881 50
   - 5.1 O. Dahl, W.V. King en R. Bell. Die aanstelling van C. Schulze en G. Eckersley 50
   - 5.2 W.V. King se bedanking as Naturellekommissaris 52
   - 5.3 João Albasini se aanstelling as Naturellekommissaris 56
   - 5.4 C. Schulze en G. Eckersley word as Naturellekommissarisse aangestel 64
   - 5.5 Eckersley se bedanking en A. Ritter se aanstelling as Naturellekommissaris 68
   - 5.6 F. Williams se aanstelling as Naturellekommissaris vir Waterberg 71
   - 5.7 C.G.M. Kingsley se aanstelling as Naturellekommissaris vir die Rustenburgse distrik 72
   - 5.8 J.S. Moffat se aanstelling as Naturellekommissaris vir die westelike grens 75
   - 5.9 A. Woolls-Sampson se aanstelling as Naturellekommissaris vir Waterberg 78
   - 5.10 Eckersley word as Naturellekommissaris van Maléoskop en die Luluberge aangestel; Schulze word na Lydenburg verplaas en Ritter word Naturellekommissaris van die Rustenburgse distrik 79

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.11 R. Roberts se aanstelling as Naturellekommissaris op die Swazi-grens 84

6. Die werksaamhede van die Naturellekommissarisse, 1877-1881 84

HOOFSTUK 2

DIE TRANSVAALSE REGERING EN DIE BELASTING VAN DIE SWARTES

1. Sir Theophilus Shepstone en die belasting van die Swartes 99
2. H.C. Shepstone se memorandum oor die belasting van die Swartes en die einde van die oorlog teen die Pedi 110
3. Voorbereidings vir die insameling van hutbelasting 124
4. H.C. Shepstone se wetsontwerp in verband met 'n hutbelasting vir die Swartes 136
5. Die werksaamhede van die Gekose Komitee insake die belasting van die Swartes 157
6. Die behandeling van die wetsontwerp van die Gekose Komitee deur die Wetgewende Vergadering 160
7. Wet No. 6 van 1880 171
8. Reëls, Regulasies en Orders 177
9. Die inwerkingstelling van Wet No. 6 van 1880 180
10. Die eerste algemene invordering van hutbelasting in Transvaal 186

HOOFSTUK 3

PASMAATREëLS VAN DIE TRANSVAALSE REGERING

1. Pasmaatreëls van die Zuid-Afrikaansche Republiek 202
2. Die betalings op passe word opgehef, 21 Junie 1877 208
3. Die herinstelling van 'n pasbelasting, Augustus 1879 214
4. H.C. Shepstone se wetsontwerp in verband met 'n hutbelasting vir die Swartes en die wetsontwerp van die Gekose Komitee 238
5. Die pasmaatreëls van Wet No. 6 van 1880 246
6. 'n Vergelyking tussen die pasmaatreëls van Wet No. 4 van 1873, Wet No. 3 van 1876 en Wet No. 6 van 1880 254

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7. Die inwerkingstelling van die pasmaatreëls van Wet No. 6 van 1880 269
8. Die aanstelling van regeringsamptenare, vrederegters en sendelinge as pasuitreikers 277

HOOFSTUK 4

VOORSIENING VIR 'N BETER ADMINISTRASIE EN REGSPLEGING VIR DIE SWARTES IN TRANSVAAL

1. Die stand van sake met betrekking tot die erkenning van Inheemse reg deur die Zuid-Afrikaansche Republiek voor April 1877 283
2. Sir Theophilus Shepstone se proklamasie van Mei 1877 298
3. Reëlings in verband met die regspleging onder die Swartes, Januarie - Februarie 1880 308
4. Goedkeuring van die wetsvoorstel om vir 'n beter administrasie en regsbedeling vir die Swartes voorsiening te maak, Junie 1880 323
5. Die Naturelle-administrasiewet van 1880 339
6. H.C. Shepstone se voorgestelde hofreëls 354
7. Die Naturelle-administrasiewet word verlê en in Julie 1881 deur die Koninklike Kommissie as Wet No. 11 van 1881 geproklameer 368

HOOFSTUK 5

DIE REëLING VAN DIE ARBEIDSVERHOUDINGE TUSSEN WERKGEWER EN DIENAAR

1. Arbeidsreëlings van die Zuid-Afrikaansche Republiek 374
2. Die behoefte aan 'n beter reëling van arbeidsverhoudinge 381
3. Die Heer- en Diensbodewet van 1880 391
4. Kritiek teen 'n "aan zich zelfe goeden wet" 433

HOOFSTUK 6

DIE GRONDVRAAGSTUK

1. Die Zuid-Afrikaansche Republiek en die grondvraagstuk 437

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BLADSY

2. Die Transvaalse regering en die grondvraagstuk 459
3. Die aankoop van en die verkryging van eiendomsreg op grond deur die Swartes 483
4. H.C. Shepstone neem standpunt in teen die verlening van eiendomsreg aan die Swartes 495
5. Die aanstelling van die Sekretaris van Naturellesake as trustee vir grond gekoop deur die Swartes 504

HOOFSTUK 7

DIE GRONDGESKIL TUSSEN DIE BLANKES EN DIE NDZUNDZA

1. Grondprobleme en -reëlings, 1845-1877 512
2. Die Transvaalse regering en die grondgeskil tussen die Blankes en die Ndzundza, 1877-1881 553
   2.1 Die oorlog teen die Pedi skuif die grondvraagstuk op die agtergrond 553
   2.2 H.C. Shepstone besoek die Ndzundza en Nyabela verduidelik sy grondaansprake 577
   2.3 Die Transvaalse regering besluit om die grondvraagstuk te laat ondersoek 588

HOOFSTUK 8

DIE MAPOCHSKOMMISSIE 613

SLOTOPMERKING 657

BRONNE 661

KAARTE (Teenoor)
G.A. Roth se voorstelling van die Ligging van die Ndzundza se woonplek 625

Ligging van die Ndzundza se woonplek en plase besoek deur die Mapochskommissie 644

SAMEVATTING
SUMMARY

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VOORWOORD

Die tydperk in die Transvaalse geskiedenis wat met hierdie werkstuk bestryk word, het al heelwat aandag van sowel tydgenootlike skrywers as latere historici ontvang. Uit die aard van die saak het die aandag in die eerste instansie op die meer dramatiese geval - die Boere se stryd teen Britse oorheersing en hulle pogings om hulle onafhanklikheid terug te kry, wat ten einde laaste op die Eerste Vryheidsoorlog van 1880-1881 uitgeloop het.

'n Verdere faset waaraan reeds aandag bestee is, is die wyse waarop die Engelse Transvaal in hierdie jare regeer het.[1] Waarskynlik omdat dit as 'n aparte tema beskou is, het die skrywer van hierdie werk egter geen aandag aan die Britte se administrasie van die Swartes bestee nie.

Dié aspek van die Britse tydperk in Transvaal het tot dusver weinig aandag ontvang. Weliswaar is sekere aspekte daarvan reeds aangesny, maar met enkele uitsonderings was dit nog nie die onderwerp van 'n wetenskaplike ondersoek waarin die tema in al sy fasette nagevors is nie. In sy The History of Native Policy in South Africa from 1830 to the Present Day (1927), gee E.H. Brookes as 'n onderdeel van 'n breër onderwerp kortliks aandag aan die Britte se administrasie van die Transvaalse Swartes. In sy werk Grensbakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika (1947) raak ook P. van Biljon 'n aspek van hierdie tema aan, hoewel sy behandeling daarvan in meer as in een opsig bevraagteken moet word. Hierna het ook die skrywer hiervan 'n beskrywing gegee van die Tussenregering se beleid met betrekking tot die verkryging van eiendomsreg op grond deur die Swartes.[2] Origens het die tema braak gelê.

---

1. J.A. Vorster, Die Engelse Administrasie van Transvaal gedurende die Eerste Anneksasietydperk, 1877-1881 (1951).
2. W.A. Stals, Die Kwessie van Naturelle-eiendomsreg op grond in Transvaal, 1838-1884 (1972).

Met hierdie werkstuk word gevolglik gepoog om 'n beskrywing van die Britte se beleid teenoor en administrasie van die Transvaalse Swartes gedurende 1877-1881 te gee. Die studie berus feitlik geheel en al op primêre bronne wat hoofsaaklik in die Transvaalse argiefbewaarplek te vinde is, hoewel ook met groot vrug van materiaal in ander bewaarplekke gebruik gemaak is.

By die voltooiing van hierdie werkstuk wil ek graag my opregte dank betuig teenoor prof. F.A. van Jaarsveld wat as promotor opgetree het. Sy persoonlike belangstelling, wetenskaplike voorligting en kennis van diê tydperk, was van groot waarde gewees.

Aan die argiefamptenare van die Transvaalse en ander argief-bewaarplekke, die personeel van die Merensky- en ander biblioteke waar navorsings- en naslaanwerk gedoen is, 'n opregte woord van dank vir hulle vriendelike hulpvaardigheid. Baie dankie ook aan dr. D.H. Heydenrych wat die grootste deel van hierdie werkstuk gelees en kommentaar gelewer het, vir Hannes Redelinghuijs wat met die uitleg van wette gehelp het en vir prof. F.J. du T. Spies vir 'n jarelange vriendskap en sy voortdurende belangstelling in die vordering van hierdie werkstuk.

Aan jou, Riana, baie dankie dat jy die hele pad saam met my geloop het; en vir Arina, Marlet en Wilna vir julle belang-stelling en hulp met die afrondingswerk aan hierdie proefskrif.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK I

DIE SAMESTELLING EN FUNKSIONERING VAN DIE DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE, 1877-1881

1. Sir Theophilus Shepstone oor die administrasie van die Transvaalse Swartes

Van die beheer wat die Zuid-Afrikaansche Republiek oor sy Swartbevolking uitgeoefen het, het sir Theophilus Shepstone[1] nie 'n hoë dunk gehad nie. Reeds met die anneksasie van die Republiek op 12 April 1877 het hy aangevoer dat terwyl die Republiek deur interne swakheid gekenmerk word, die Swartstamme al sterker geword het. Die gevolg was dat die Blankes in die noorde van die Republiek sedert 1867 verplig was om die grond wat hulle van die Republiek ontvang het en as burgers van die Republiek bewoon het, te verlaat en aan die Swartes oor te laat. Hierdie stand van sake het dus tot gevolg gehad dat alle regeringsgesag oor groot landstreke geheel en al verdwyn het en dat die Swartes wat in hierdie streke gewoon het en hulle tot op daardie stadium as onderdane van die Republiek beskou het, vir alle praktiese doeleindes onafhanklik geword het. Aangesien sommige van die boere egter nie bereid was om hulle grond te verlaat nie en omdat die Republiek nie by magte was om hulle in hulle grondbesit te beskerm nie, het hulle - nieteenstaande die erkenning wat daarin opgesluit gelê het nie - 'n ooreenkoms met die betrokke kapteins aangegaan, waarvolgens hulle op hulle grond kon bly woon, op die voorwaarde dat hulle gereeld een of ander betaling aan die kaptein moes maak.[2] As gevolg dus van die

---

1. Voor sy koms na Transvaal was sir Theophilus Shepstone Sekretaris van Naturellesake in Natal. Vir 'n uiteensetting van sy werksaamhede as administrateur van die Swartes in Natal, sien O. Geyser: Die Bantoebeleid van Theophilus Shepstone, 1845-1875.

2. C 1776, p.157, Bylae 2 by No. 122: Proklamasie van T. Shepstone, 12.4.1877; ZAR 53, Gazette Extraordinary, 12.4.1877: Proklamasie van T. Shepstone, 12.4.1877. Sien ook M 321, CO 879/11, African No. 123: Memorandum on Recent events in the Transvaal, p.3, opgestel deur E. Fairfield, 4.6.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

swakheid van die Republiek en die posisie waarin die Swartes hulle bevind het, kon die Blankes nie "zaaijen of oogsten dan met die zwijgende toestemming van de naturelle bevolking" nie.[3]

Sir Theophilus het verder aangevoer dat die Zuid-Afrikaansche Republiek geen poging aangewend het om die Swartes onder beheer te bring nie,[4] dat die gesag van die Republiek skyn was en wat die Swartes, afhangende van hulle eie gerief, erken of negeer het.[5] Wanneer die Republiek nog gepoog het om sy gesag te laat geld, het die Swartes die Republiek uitgedaag.[6] Onder hierdie omstandighede is daar in verhouding met die grootte van die Swartbevolking, feitlik geen belasting van die Swartes ingevorder nie.[7]

Die onvermoë van die Zuid-Afrikaansche Republiek om die Swartes te beheer, het ook onderlinge botsings tussen die stamme tot gevolg gehad. Dit op sy beurt het weer 'n nadelige uitwerking op die arbeidsvloei na die Kaapkolonie, Natal en die diamantvelde in Griekwaland-Wes gehad. Die gevoel van onveiligheid wat deur die stambotsings gaande gemaak is, het die kapteins verplig om, ter wille van die veiligheid van hulle eie mense, soveel Swartmans as moontlik daarvan te weerhou om elders te gaan werk. Dié wat wel nog elders gaan werk het, het weer in 'n voortdurende vrees verkeer dat wanneer hulle na hulle woonplekke sou terugkeer, hulle deur vyandige stamme oorval en van hulle verdienstes beroof

---

3. ZAR 53, Gazette Extraordinary, 12.4.1877: Adres van T. Shepstone aan die burgers van Transvaal, 12.4.1877; Sien ook C 1776, p.161, Bylae 3 by No. 122: Address (by T. Shepstone) to the Burghers of the Transvaal, 12.4.1877.
4. ATC 3, p.77: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 11.8.1877.
5. ATC 3, p.67: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 31.7.1877; M 415, CO 291/2, Transvaal No. 10932: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 31.7.1877.
6. TSP 2, p.542: T. Shepstone - H. Barkly, Pretoria, 27.2.1877.
7. ATC 2, pp.207-208: T. Shepstone - B. Frere, Pretoria, 7.8.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sou word.[8] Hierdie onderlinge botsings het dus nie slegs vooruitgang gestrem nie, maar ook 'n nadelige uitwerking gehad op die binnelandse handel wat in belang van die Blanke gemeenskappe in Suid-Afrika nie net in stand gehou moes word nie, maar behoorlik ontwikkel moes word.[9]

Ten einde 'n verandering in hierdie toedrag van sake te bewerkstellig, was sir Theophilus van mening dat die Swartes onder behoorlike beheer gebring moes word.[10] In sowel hulle eie as in die belang van die Blankes moes die Swartes onder een of ander vorm van gesag hoër as hulle eie geplaas word.[11] Ook moes hulle geleidelik oortuig word daarvan dat dit in hulle eie belang nodig was om hulle aan dié beperkings te onderwerp wat nodig was om vrede in die Transvaal te verseker en hulle teen onderlinge stambotsings te beskerm. Ofskoon daar nie verwag kon word dat die wetteloosheid wat vir jare en in baie gevalle vir geslagte lank aan die orde van die dag was meteens beëindig kon word nie, was sir Theophilus tog van mening dat deur 'n vreedsame beleid waarmee oordeelkundig volhard word, die gesag van die Transvaalse regering eerlang stewig onder die Swartes gevestig kon word.[12] Volgens hom het Transvaal se grootste hulpbron juis in die arbeidskrag van sy Swartes - twee maal soveel soos dié van Natal-[13] opgesluit gelê. Gevolglik was hy die mening toegedaan dat wanneer die Regering se gesag eers oor die Swartes gevestig was, 'n bron van rykdom blootgelê sou word, waardeur nie slegs die Swartes en die Blankes van die Transvaal nie, maar ook die ander Blanke gemeenskappe in Suid-Afrika baie sou baat.[14]

---

8. ATC 3, pp.77-78: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 11.8.1877.
9. ATC 2, pp.441-442: T. Shepstone - B. Frere, Pretoria, 18.7.1878.
10. TSP 2, p.643: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Pretoria, 20.6.1877.
11. ATC 2, p.441: T. Shepstone - B. Frere, Pretoria, 18.7.1878.
12. ATC 3, p.77: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 11.8.1877.
13. ATC 3, p.20: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 12.3.1877.
14. ATC 3, p.77: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 11.8.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sowat 'n maand na die anneksasie van Transvaal, het sir Theophilus as administrateur van Transvaal, tot die besluit gekom dat dit nie moontlik was om dié gebied[15] en veral die Swartes[16] van die gebied op dieselfde wyse as dié van Natal te regeer nie. In Natal is die Swartes regeer deur 'n aantal magistrate of Administrateurs van Inheemse reg wat in direkte verbinding met die Sekretaris van Naturellesake as die hoof van die Departement van Naturellesake by die regeringsetel was. Die uitgestrektheid van Transvaal het sir Theophilus daarvan oortuig dat dié gebied op 'n ander wyse regeer moes word. Gevolglik was hy van plan om vier of vyf kommissarisskappe[17] in die lewe te roep waarvolgens 'n kommissaris dan oor sekere distrikte en oor die magistrate van daardie distrikte aangestel sou word. Van die magistrate sou dan verwag word om verslag te doen aan en opdragte van die kommissaris te ontvang, terwyl die kommissarisse met die Sekretaris van Naturellesake sou kommunikeer. Met die oog op besparing, kon die kommissaris desnoods ook die magistraat of landdros van sy distrik gewees het.[18] Hoewel so 'n stelsel aanvanklik baie duur sou wees, was sir Theophilus nietemin van mening dat die inkomste wat uiteindelik van die Swartes verkry sou word, die onkoste verbonde aan die aanstelling van sodanige amptenare meer as sou vergoed.[19]

Sover dit die administrasie van die Swartes betref, was sir Theophilus van mening dat hy die vrugte gepluk het van "years of mismanagement and perhaps worse than mismanagement".[20] In sy anneksasieproklamasie het hy verklaar dat al die Swartstamme wat onder die jurisdiksie en beskerming van die Britse regering in Transvaal gestaan het, gehoorsaamheid aan die staat geleer moes word.[21] In Junie 1877 het hy Robert Herbert die Permanente Ondersekretaris van Kolonies, weer daarop gewys dat "the natives must be governed and not left as at present

---

15. TSP 2, p.631: H. Shepstone - H. Bulwer, Pretoria, 29.5.1877.
16. TSP 2, p.637: T. Shepstone - M. Clarke, Pretoria, 9.6.1877.
17. Vgl.TSP 2, p.168: T. Shepstone - H. Bulwer, Pretoria, 19.6.1877.
18. TSP 2, p.637: T. Shepstone - M. Clarke, Pretoria, 9.6.1877.
19. SP 2, p.631: T. Shepstone - H. Bulwer, Pretoria, 29.5.1877.
20. GH 11/3: T. Shepstone - B. Frere, Utrecht, 1.12.1877.
21. C 1776, p.157, Bylae 2 by No. 122: Proklamasie van T. Shepstone,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

to cut each others throats as they choose".[22] Ten spyte egter van al die probleme wat daar ten opsigte van die Transvaalse Swartbevolking bestaan het, het sir Theophilus geen ernstige probleme met betrekking tot die administrasie van die Swartes voorsien nie.[23] Hy het geglo dat die probleme waarmee die Zuid-Afrikaansche Republiek in hierdie opsig te kampe gehad het, vanself sou verdwyn wanneer 'n sterk regering aan die bewind in Transvaal was.[24] Hierbenewens het die Britse regering hoë aansien by die Swartes in Transvaal geniet en sou hulle die uitbreiding van Britse gesag oor Transvaal as 'n seën verwelkom.[25] Onder hierdie omstandighede was sir Theophilus dus van mening dat wat die administrasie van die Transvaalse Swartes betref, 'n openhartige, ferme en regverdige beleid daarop bereken was om die mees blywende en heilsaamste resultate te verseker.[26] In April 1877 het hy die oortuiging uitgespreek dat "justice and firmness, a conviction that their wrongs will be righted and their rights protected, will make them good and obedient subjects ...".[27]

---

22. TSP 2, p.643: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Pretoria, 20.6.1877.

23. C 1776, p.128, No. 90: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 12.3.1877; ATC 3, p.20: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 12.3.1877; ATC 3, pp.28-29: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 17.4.1877.

24. ATC 3, pp.28-29: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 17.4.1877; ATC 3, p.20: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 12.3.1877.

25. C 1776, p.128: No. 90: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 12.3.1877; ATC 3, p.20: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 12.3.1877; C 1776, p.154, No. 122: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 17.4.1877; ATC 3, pp.28-29: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 17.4.1877.

26. ATC 2, p.251: T. Shepstone - D.C. Uys, A. Devenish en ander, M.W. Stroom, 19.9.1877.

27. C 1776, pp.154-155, No. 122: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 17.4.1877; ATC 3, p.29: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 17.4.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sir Theophilus was verder van mening dat daar 'n groot inkomste uit 'n oordeelkundige belasting van die Swartes verkry kon word.[28] In plaas van die £5 000 wat die Republiek per jaar van die Swartes gevorder het, behoort hulle van £50 000 tot £100 000 per jaar tot die staatsinkomste by te dra.[29] Dit was selfs moontlik om hierdie bedrae binne 'n paar jaar van die Swartes te vorder.[30] In elk geval was hy van mening dat binne drie jaar nadat die nodige amptenare aangestel was om die Swartes te bestuur, die bestaande inkomste wat van die Swartes verkry is, meer as sou verdubbel. Met die toename in die welvaart van die land, sou hierdie inkomste nog steeds vermeerder.[31] Die probleem was egter dat dit sonder die nodige amptenare onmoontlik was om die Swartes te regeer of hulle te verplig om 'n bydrae tot die landsinkomste te lewer.[32] Om die Swartes dus te regeer, 'n inkomste van hulle te verkry en die veiligheid van die land te verseker, was dit nodig dat geld eers in die aanstelling van magistrate, kommissarisse en ander amptenare belê moes word. Trouens, in soverre dit die Transvaal betref, was sir Theophilus van mening dat doeltreffende regering besuiniging was omdat 'n doeltreffende regering spoedig 'n voldoende inkomste sou verseker sodat die Transvaal vir sy eie behoeftes sou kon betaal.[33] Afgesien

---

28. TSP 2, p.651: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 23.7.1877.

29. Vir die Dienstjaar 1874-1875, 1875-1876 en 1876-1877 het die Z.A.R. 'n bedrag van £3 140, £3 292-10-0 en £5 558-10-0 vir belasting en pasbelasting betaalbaar deur die Swartes begroot. Sien in dié verband ZAR 50, Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R., 2.12.1874: Begrooting van Inkomsten en Uitgaven in de Z.A. Republiek voor het Dienstjaar van af 1 Februari 1874 tot 31 Januari 1875; ZAR 51: Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R., 2.6.1875: Begrooting van Inkomsten en Uitgaven ... voor het Dienstjaar van af 1 Februari 1875 tot 31 Januari 1876; ZAR 52, Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R., 28.6.1876: Begrooting van Inkomsten en Uitgaven ... voor het Dienstjaar van af 1 Februari 1876 tot 31 Januari 1877. In 1880 het die Transvaalse regering 'n bedrag van £33 000 aan hutbelasting ingevorder.

30. TSP 2, p.643: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Pretoria, 20.6.1877.

31. ATC 2, pp.207-208: T. Shepstone - B. Frere, Pretoria, 7.8.1877.

32. TSP 2, p.643: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Pretoria, 20.6.1877.

33. ATC 2, pp.207-208: T. Shepstone - B. Frere, Pretoria, 7.8.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hiervan het sir Theophilus verder betoog dat die aanstelling van sodanige amptenare net so noodsaaklik vir die welvaart van die Blankes as vir die vooruitgang van die Swartes was.[34]

Met die oog op die administrasie van die Swartes het sir Theophilus selfs daaraan gedink om, indien dit moontlik was, mense uit Natal na die Transvaal te laat kom. Volgens hom sou dit fataal wees om die beheer oor die Swartes in die hande te plaas van mense wat niks van hulle taal, die manier waarop hulle gedink het of van hulle lewenswyse af geweet het nie. In elke distrik behoort daar ten minste een amptenaar te wees wat nie geheel en al met die administrasie van die Swartes onbekend was nie.[35] Sonder dat hy na enige amptenaar in die besonder verwys het, het sir Theophilus Carnarvon meegedeel dat hy heimlik gehoop het dat 'n groot aantal van die Republiek se amptenare sou weier om 'n betrekking onder die Britse administrasie te aanvaar. Dit het egter nie gebeur nie en moes hy die administrasie van Transvaal voortsit met amptenare wat maar 'n vae begrip gehad het van die wyse waarop hulle hul pligte moes nakom. Die enigste wyse waarop hy hierdie probleem kon oorkom, was om 'n bekwame Sekretaris van Naturellesake te bekom.[36] Volgens sir Theophilus was dit onmoontlik om sonder die hulp van so 'n amptenaar, selfs 'n begin met die regering van die Swartes te maak.[37]

Afgesien van die belangrikheid van 'n behoorlike administrasie vir die Swartes, was sir Theophilus ook terdeë bewus van die belangrikheid van die Swartvraagstuk in Transvaal.[38] In dié

---

34. ATC 2, p.208: T. Shepstone - B. Frere, Pretoria, 7.8.1877.

35. T. Shepstone Papers, Vol.68: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Pretoria, 29.7.1877.

36. TSP 2, p.652: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 23.7.1877.

37. ATC 3, pp.66-67: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 31.7.1877; M 415, CO 291/2, Transvaal No. 10932: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 31.7.1877.

38. T. Shepstone Papers, Vol. 77: Memo (by Sir T. Shepstone) on Despatch from Sir G. Wolseley ... of the 17th December 1879 transmitting to Secy. of State memo by ... H.C. Shepstone ..., Londen, 27.2.1880; C 2584, p.101, Bylae by No. 43: Memorandum by Sir T. Shepstone ... on Despatch from Sir Garnet Wolseley ..., Londen, 27.2.1880; 'n Afskrif van hierdie memorandum is ook te vinde byTSP 4, pp.1182-1187; ATC 2, p.251: T. Shepstone - D.C. Uys, A. Devenish en ander, M.W. Stroom, 19.9.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verband was hy van mening dat dit 'n aangeleentheid was wat, nadat alle aspekte daarvan behoorlik ondersoek is,[39] in sy geheel aangepak moes word.[40] Hoewel dit 'n vraagstuk was wat met groot versigtigheid hanteer moes word, was sir Theophilus nietemin oortuig daarvan dat 'n oplossing wat tot voordeel van sowel Blank as Swart sou wees, gevind sou kon word.[41]

Ten nouste aan die vraagstuk verbonde en, volgens sir Theophilus, 'n aangeleentheid van die allergrootste belang, was die onderlinge verhouding tussen die Blankes en die Swartes en waarvan nie slegs die toekomstige welvaart van Transvaal nie, maar ook dié van Suid-Afrika in die algemeen afgehang het.[42] Die doelwit wat hy dus sou nastreef, was om 'n gevoel van onderlinge vertroue tussen die twee rassegroepe te bewerkstellig en om die oortuiging te laat posvat dat die welsyn van die een ras ook dié van die ander was.[43] Gevolglik sou enige maatreël wat vir die toekomstige administrasie en die bewaring van vrede in Transvaal oorweeg word, ver te kort skiet indien die belange van die Swartes buite rekening gelaat sou word.[44]

Kragtens die anneksasieproklamasie is daar gelykheid voor die wet ten opsigte van persoon en eiendom aan sowel Blank

---

39. ATC 2, p.231: T. Shepstone - Wnd. Landdros en ander, Middelburg, 20.8.1877.

40. C 2482, p.31, Bylae by No. 16: Memorandum (by Sir T. Shepstone) on ... Sir B. Frere's despatch, dated Potchefstroom, May 6, 1879, proposing measures for the preservation of peace and for the better administration of the Transvaal, Londen, 28.7.1879; T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum (by Sir T. Shepstone) on ... Sir B. Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., Londen, 28.7.1879.

41. ATC 2, p.231: T. Shepstone - Wnd. Landdros en ander ondertekenaars, Middelburg, 20.8.1877.

42. ATC 2, p.251: T. Shepstone - D.C. Uys, A. Devenish en ander, M.W. Stroom, 19.9.1879.

43. ATC 2, p.231: T. Shepstone - Wnd. Landdros en ander, Middelburg, 20.8.1877.

44. C 2482, p.31, Bylae by No. 16: Memorandum (by Sir T. Shepstone) on ..., Sir B. Frere's despatch dated Potchefstroom, May 6, 1879 ..., Londen, 28.7.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as Swart gewaarborg. Die aanvaarding van hierdie beginsel het egter nie beteken dat aan die Swartes verleen sou word gelyke burgerlike regte soos die stemreg, of dat hulle lede van die wetgewende liggaam sou kon word, of dat dit aan hulle 'n reg sou gee op enige ander burgerlike voorregte wat onbestaanbaar was met die onbeskaafde toestand waarin hulle nog verkeer het nie.[45]

In die lig van die voorafgaande en met die oog op 'n bespreking van die Britse regering in Transvaal se administrasie van die Swartes gedurende 1877-1881, is dit nodig dat eers gelet sal word op wat die Zuid-Afrikaansche Republiek in diê verband gedoen het. Daarna kan nagegaan word wat die Engelse in die plek daarvan gestel het of van voorneme was om in die plek daarvan te stel. In die bespreking van hierdie aangeleentheid is dit egter belangrik om steeds in gedagte te hou dat volgens die anneksasieproklamasie van 12 April 1877, sir Theophilus Shepstone onderneem het dat al die wette wat met die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek van krag was van krag sou bly totdat dit deur 'n bevoegde wetgewende gesag gewysig kon word.[46]

2. President T.F. Burgers en die totstandbrenging van 'n Departement van Naturellesake

Aangesien 'n selfstandige Departement van Naturellesake eers na die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek deur die Engelse bewind in Transvaal in werking gestel is, het dit die idee laat onstaan dat so 'n departement deur die Engelse tot stand gebring is. Ten einde hierdie mistasting uit die weg te ruim en tot 'n bespreking te kom van wat die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Britse bewind in diê verband gedoen het, sal dit nodig wees om die totstandkoming, die samestelling en die werksaamhede van hierdie departement onder albei regerings te bespreek.

---

45. C 1776, p.157, Bylae 2 by No. 122: Proklamasie van T. Shepstone, 12.4.1877; ZAR 53, Gazette Extraordinary, 12.4.1877: Proklamasie van T. Shepstone, 12.4.1877.

46. C 1776, p.157, Bylae 2 by No. 122: Proklamasie van T. Shepstone, 12.4.1877; ZAR 53, Gazette Extraordinary, 12.4.1877: Proklamasie van T. Shepstone, 12.4.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In sy Aanspraak tydens die buitengewone Volksraadsitting in Februarie 1873 het president T.F. Burgers daarop gewys dat die reis wat hy na die grense van die Zuid-Afrikaansche Republiek onderneem het, hom daarvan oortuig het "dat die diensten van een bekwaam ambtenaar als een commissaris voor de naturellen niet langer, zonder groot nadeel voor het land kunnen gemist worden".[47] Burgers wou egter nie onmiddellik 'n te groot finansiële las op die landsfinansies lê nie. Gevolglik het hy voorgestel dat die salaris aan die landdrosskap van Utrecht verdubbel moes word en dat sowel die amp van Kommissaris van Naturelle[48] as die van landdros, aan 'n bekwame amptenaar toevertrou moes word.[49]

Verskeie soortgelyke voorstelle is by die Volksraad ingedien, maar is almal verwerp.[50] Ten einde laaste het die Volksraad besluit om "aan de regering op te dragen de nodige voorziening te maken in het aanstellen van een bekwaam ambtenaar als Commissaris voor de naturellen met sodanig salaris als de finantiële toestand des lands zal toelaten".[51] Uit hierdie besluit blyk dit dus duidelik dat anders as wat Burgers voorgestel het, 'n afsonderlike amptenaar aangestel sou word wat uitsluitlik as Kommissaris van Naturelle sou fungeer. Op grond van hierdie besluit en die verdere verloop van sake, kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat die besluit om 'n Kommissaris van Naturelle aan te stel, reeds in 1873 geneem is en nie eers met die aanname van Wet No. 3 van 1876 nie.

---

47. ZAR 49, Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R., 4.3.1873: Aanspraak van pres. T.F. Burgers, 24.2.1873, art. 4.

48. Met die oog op 'n bespreking van die amp van die Kommissaris van Naturellesake en ten einde verwarring te voorkom, moet daarop gewys word dat ofskoon daar in die jare 1873-1877 na hierdie amp as diê van Kommissaris ên Superintendent van Naturelle verwys is, hierdie benamings op dieselfde amp betrekking gehad het. Die uitgangspunt wat in hierdie bespreking gevolg sal word, is om die benaming te gebruik wat op die betrokke stadium die gangbare was.

49. ZAR 49, Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R., 4.3.1873: Aanspraak van pres. T.F. Burgers, 24.2.1873, art. 4.

50. ZAR 49, Byvoegsel tot die Staat Courant der Z.A.R., 4.3.1873: Volksraadsitting, 4.3.1873, art.22.

51. ZAR 49, Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R, 18.3.1873: VRB, 5.3.1873, art. 22.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met die Volksraadsitting van September 1874 het die heer J. Birkenstock die vraag gestel waarom G.M. Rudolph as waarnemende landdros van Utrecht en nie, ooreenkomstig die Volksraadsbesluit van 1873, as Kommissaris van Naturelle, aangestel is nie.[52] Hierop het Burgers geantwoord dat "de aanstelling van een Commissaris voor Naturellen nog niet is gedaan, om reden de finantien zulks nie toelieten".[53] Hierdie antwoord van Burgers verklaar dan ook waarom in die begroting van 1 Februarie 1874 tot 31 Januarie 1875 daar nie vir 'n Kommissaris van Naturelle voorsiening gemaak is nie.[54] Voorts is dit opvallend dat Birkenstock hier feitlik te kenne gee dat Rudolph vir Kommissaris van Naturelle geoormerk was - 'n opmerking wat in die lig van latere gebeure nie onwaarskynlik voorkom nie. Nietemin, in die begroting vir die diensjaar vanaf 1 Februarie 1875 tot 31 Januarie 1876 is weer eens nie vir 'n Kommissaris van Naturelle voorsiening gemaak nie.[55]

In 1876 het die kwessie van die aanstelling van 'n Kommissaris van Naturelle weer sterk op die voorgrond getree. Tydens die Volksraadsitting van daardie jaar, het president Burgers aan die Volksraad voorgestel "om geen tijd te laten verloren gaan, dat er eene commissie zal benoemd worden om de geheele Kafferkwestie te onderzoeken en daarover een volledig rapport aan den Raad uit te brengen". In die bespreking wat hierop gevolg het, het die heer P. Joubert verklaar dat hy "wenscht de geheele Kaffer politiek door eene commissie vooraf behandeld te zien ...". Die heer De Vries het op sy beurt

---

52. ZAR 50, Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R., 25.11.1874: Volksraadsitting, 3.11.1874, art. 198.

53. ZAR 50, Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R., 25.11.1874: Volksraadsitting, 3.11.1874, art. 198.

54. ZAR 50, Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R., 2.12.1874: Begrooting van Inkomsten en Uitgaven in de Z.A.R. voor het Dienstjaar van af 1 Februari 1874 tot 31 Januari 1875.

55. ZAR 51, Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R., 2. 6.1875: Begrooting van Inkomsten en Uitgaven ... voor het Dienstjaar van af 1 Februari 1875 tot 31 Januari 1876.

weer te kenne gegee dat hy eens is "met het plan door ZHEd. voorgesteld om een Superintendent van inboorlingen aantestellen". Na aanleiding van Burgers se voorstel, is gevolglik 'n kommissie benoem "om de geheele kafferkwestie in behandeling te nemen ...".[56] Sowat 'n maand later op 1 Junie 1876 het die Kommissie sy verslag by die Volksraad ingedien.[57]

Voordat die Kommissie se verslag deur die Volksraad in behandeling geneem is, het die Volksraad op 7 Junie 'n bedrag van £600, waarvoor in die begroting van 1 Februarie 1876 tot 31 Januarie 1877 voorsiening gemaak is, vir 'n "Superintendent Kafferzaken ... met verandering van het woord "Kafferzaken" in "Naturellen"", goedgekeur. Vir die eerste keer sedert die Volksraad in 1873 besluit het om 'n Kommissaris van Naturelle aan te stel, is daar vir die uitgawe in verband met so 'n amp voorsiening gemaak. Twee dae hierna op 9 Junie, het die Volksraad die Kommissie se verslag waarby 'n wetsontwerp met betrekking tot die administrasie van die Swartes aangeheg was, in behandeling geneem.[58] Hierdie wetsontwerp is sonder enige wysiging as Wet No. 3 van 1876 deur die Volksraad goedgekeur.[59] Daarvolgens is baie belangrike veranderings in die administrasie van die Swartes teweeggebring en tewens 'n totaal nuwe administrasiestelsel vir die Swartes in die Zuid-Afrikaansche Republiek tot stand gebring.[60]

Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die aanstelling van sowel 'n Kommissaris van Naturelle as vir 'n aantal onderkommissarisse wat belas was met die administrasie van die Swartstamme wat op permanente lokasies gewoon het. Hierteenoor

---

56. ZAR 52, Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R., 31.5.1876: Volksraadsitting, 8.5.1876, art. 40.

57. ZAR 52, Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R., 26.6.1876: Volksraadsitting, 1.6.1876, art.

58. ZAR 52, Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R., 2.8.1876: VRB, 7.6.1876, art. 119.

59. ZAR 52, Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R., 9.8.1876: Volksraadsitting, 9.6.1876, art. 143.

60. W 21, Band 6, Minutes of the Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sou die administrasie van die Swartes wat by Blankes gewoon het of by hulle in diens was, deur die veldkornette behartig word.[61]

Hoewel dit nóg in Wet No. 3 van 1876 nóg in die instruksies wat kragtens hierdie wet vir die onderkommissarisse opgestel is[62] uitdruklik so gestel word, bestaan daar geen twyfel nie dat die Kommissaris[63] of Superintendent[64] van Naturelle aan die hoof sou staan van die onderkommissarisse wat belas was met die administrasie van die Swartstamme wat op permanente lokasies gewoon het. Trouens, hierdie feit lyk duidelik uit die pligte wat hy moes vervul en die skakeling wat tussen hom en die onderkommissarisse sou bestaan. Op hom het die taak gerus om toe te sien dat die wette uitgevoer word wat op die Swartstamme betrekking gehad het waaroor die onderkommissarisse aangestel sou word.[65] Vir die uitvoering van 'n aantal bepalings van Wet No. 3 van 1876, sou die onderkommissarisse spesiale opdragte of instruksies van die superintendent ontvang.[66] In die geval van 'n verskil tussen 'n Swartkaptein

---

61. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, Wet "Betreffende de Naturellen", art. 3; ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R. 13.9.1876: Goewermentskennisgewing No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 1; W 21, Band 6, Minutes of the Legislative Assembly, 1880, p.19: Sitting op 1.4.1880.

62. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: Goewermentskennisgewing No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ....

63. So genoem in die instruksies vir die Onderkommissarisse en Wet No. 3 van 1876. Sien art. 1 en art. 3 onderskeidelik.

64. So genoem in die instruksies vir die Onderkommissarisse. Sien o.a. art. 5, 7, 12, 16, ens.

65. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. (Goewermentskennisgewing) No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 1.

66. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R.,13.9.1876: G.K. No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 16.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en 'n onderkommissaris sou die Superintendent van Naturelle uitspraak moes lewer.[67] Van alle vonnisse wat 'n onderkommissaris sou vel, moes gereeld verslag aan die superintendent gedoen word.[68] Elke drie maande moes die onderkommissarisse 'n verslag van hulle werksaamhede,[69] 'n kort maar volledige oorsig oor hulle administrasie en oor die toestand van die Swartes wat onder hulle beheer gestaan het aan die superintendent voorlê.[70] Op hierdie wyse sou die superintendent dan onder andere op die hoogte kon bly met die toestand van die verskillende Swartstamme. In geval 'n onderkommissaris sy instruksies te buite sou gaan, kon die superintendent hom met 'n maksimum van £50 beboet of vir 'n tydperk van hoogstens twee maande uit sy amp skors. In hierdie opsig sou 'n onderkommissaris egter die reg hê om hom op die Uitvoerende Raad te beroep. Gesien in die lig van die bepalings dat die superintendent in geval van 'n ernstige oortreding deur 'n onderkommissaris slegs in opdrag van die Uitvoerende Raad kon handel[71] en dat hy aan die Uitvoerende Raad verantwoording moes doen van sy uitspraak indien 'n verskil tussen 'n onderkommissaris en 'n Swartkaptein sou ontstaan,[72] wil dit voorkom asof hy, net soos in die geval van 'n hoof van 'n staatsdepartement, aan die Uitvoerende Raad verantwoording verskuldig was.

---

67. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 3.

68. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 8.

69. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 5.

70. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 12.

71. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 18.

72. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Na aanleiding van die voorafgaande ontstaan die vraag wat die posisie van die superintendent in die algemene landsbestuur was. Op grond van die begroting vir die diensjaar Februarie 1876 tot Januarie 1877[73] wil dit voorkom asof die Superintendent van Naturelle as amptenaar dieselfde posisie in die landsbestuur as dié van die hoofde van ander staatsdepartemente, soos byvoorbeeld die posmeester-generaal, weesheer en landmeter-generaal beklee het en dat hy net soos hierdie amptenare, nie lid was van of sitting in die Uitvoerende Raad gehad het nie. Dat die idee wel bestaan het dat die Superintendent van Naturelle lid van die Uitvoerende Raad behoort te wees, blyk uit 'n memorandum[74] wat president Burgers, na dit wil voorkom, in 1876 opgestel het.[75] Hierin verklaar Burgers dat "de Naturellen kwestie vereischt hier te lande ook een gelykvormige behandeling en liefst zou ik zien dat er in de Uit(voerende) Raad een lid zat dat als (minister) commissaris van kaffer zaken ageert. Dit zal de constitutie welligt niet toelaten". Aangesien die grondwet nie vir so 'n moontlikheid voorsiening gemaak het nie, was daar geen ander uitweg as om, soos Burgers dit stel, "een Commissaris voor kaffer zaken als ambtenaar" aan te stel nie.[76]

Saamgaande met die voorafgaande is daar natuurlik die kwessie of dit die bedoeling was om deur die aanstelling van 'n Superintendent van Naturelle 'n selfstandige departement van Naturellesake in die lewe te roep. Hoewel daar in die begroting vir die diensjaar Februarie 1876 tot Januarie 1877 vir elkeen van die verskillende staatsdepartemente afsonderlik begroot is,[77] is daar, afgesien van die voorsiening wat

---

73. ZAR 52, Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R., 28.6.1876: Begrooting van Inkomsten en Uitgaven ... voor het Dienstjaar van af 1 Februari 1876 tot 31 Januari 1877. Hoofden van Uitgaven.

74. A 14, Band 14, No. 3678: Memorandum Omtrent de zaak der Naturellen, g.d., ongeveer Mei 1876.

75. W.A. Stals: Die Kwessie van Naturelle-Eiendomsreg op grond in Transvaal, 1838-1884, pp.22-23 en 77-80.

76. A 14, Band 14, No. 3678: Memorandum Omtrent de zaak der Naturellen, Punt 2(e) van die memorandum.

77. ZAR 52, Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R., 28.6.1876: Begrooting van Inkomsten en Uitaven ... voor het Dienstjaar van af 1 Februari 1876 tot 31 Januari 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir die aanstelling van twee Naturellekommissarisse gemaak word, geen voorsiening in die begroting vir 'n departement van Naturelle- of Inboorlingsake gemaak nie.[78] Die feit dat die amp van Superintendent van Naturelle saam met die ander hoofde van staatsdepartemente op die begroting aangetoon word, laat egter die vermoede ontstaan dat dit wel die bedoeling was om 'n selfstandige departement tot stand te bring. Trouens, uit die aangehaalde deel van Burgers se memorandum blyk dit dat so 'n idee in elk geval sedert 1876 bestaan het.

Soos reeds aangedui, het die Volksraad in die begroting vir die diensjaar vanaf Februarie 1876 tot Januarie 1877, vir die aanstelling van 'n Superintendent van Naturelle voorsiening gemaak. Maar ofskoon president Burgers wel pogings in die werk gestel het om 'n geskikte persoon vir die amp in die hande te kry, kon hy nie daarin slaag nie. Teen die einde van September of die begin van Oktober 1876 het Burgers vir G.M. Rudolph, Landdros van Utrecht, tydens sy besoek aan Pretoria die betrekking van Superintendent van Naturelle aangebied. Rudolph het Burgers 'n antwoord skuldig gebly. Eers nadat hy na Utrecht teruggegkeer het, het hy Burgers in kennis gestel dat hy as gevolg van "huiselyke en andere zaken", die betrekking nie kan aanvaar nie. Hy was egter van mening dat eerwaarde A. Merensky, Superintendent van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, "zeer geschikt zou zyn voor de betrekking van Supt. van Kaffir zaken".[79] Of Burgers hierna vir Merensky of enige ander persoon genader het, is nie bekend nie. Feit is egter dat die amp van Superintendent van Naturelle, soos dit in 1876 in die vooruitsig gestel is, vakant gebly het.

In Maart 1877 het die amp van Superintendent van Naturelle in vergelyking met wat dit in 1876 was, 'n ingrypende verandering ondergaan. In 'n poging om sir Theophilus Shepstone se

---

78. ZAR 52, Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R., 9.8.1876: Volksraadsitting, 8.6.1876, art. 127 en 128.

79. A 371, Band 4: G.M. Rudolph - Pres. T.F. Burgers, Utrecht, 7.10.1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

besware teen die inrigting van die staatsmasjinerie van die Zuid-Afrikaansche Republiek uit die weg te ruim en daardeur die dreigende anneksasie van Transvaal af te weer, het die Volksraad op 7 Maart 1877 besluit om die Grondwet sô te wysig dat die algemene landsbestuur in ses afsonderlike departemente verdeel sou word.[80] Een van die departement wat sodoende tot stand gekom het, was 'n departement van Naturellesake, met aan die hoof daarvan 'n Sekretaris van Staat wat terselfdertyd ook lid van die Uitvoerende Raad sou wees.[81] Dit het gevolglik beteken dat die benaming Superintendent van Naturelle nou 'n Sekretaris van Naturellesake sou word. Verder, deur hierdie verordening het die idee wat Burgers in 1876 in sy memorandum uiteengesit het, naamlik dat die Kommissaris van Naturelle 'n lid van die Uitvoerende Raad moet wees, 'n werklikheid geword.

Met die oog daarop dat die gewysigde Grondwet op 7 April 1877 in werking sou tree, het Burgers teen die Idus van Maart die betrekking van Sekretaris van Naturellesake weer eens aan G.M. Rudolph aangebied[82] - 'n aanbod wat deur De Volksstem as "zeer oordeelkundig" bestempel is.[83] Rudolph het egter, net soos in 1876, nie sy weg oopgesien om hierdie betrekking te aanvaar nie. As rede hiervoor het hy onder andere aangevoer dat indien hy die betrekking sou aanvaar, hy as lid van die Uitvoerende Raad hom te Pretoria sou moes kom vestig - iets waarvoor hy nie kans gesien het nie.[84]

Op 5 April 1877, enkele dae voor die anneksasie van Transvaal, het P.J. Joubert, die latere Superintendent van Naturellesake en Kommandant-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek in Pretoria aangekom. By hierdie geleentheid het Joubert

---

80. ZAR 53, Byvoegsel tot die Staats Courant der Z.A.R., 24.3.1877: Volksraadsitting, 7.3.1877, art. 32, F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.681: Bijlage tot de Grondwet, Hoofstuk I, art. 9.

81. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.681: Bijlage tot de Grondwet, Hoofstuk I, art. 9 en 10.

82. A 371, Band 5: Kopiebrieweboek, 27 November 1876 - April 1877 en 3 Maart 1878, No. 84: T.F. Burgers - G. Rudolph, Pretoria, 14.3.1877.

83. De Volksstem, 14.3.1877 (Het Nieuwe Ministerie).

84. A 371, Band 4: G.M. Rudolph - Staatspresident, Utrecht, 24.3.1877; G.M. Rudolph - Staatspresident, Utrecht, 24.3.1877 (Private skrywe).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n onderhoud met Burgers gehad en ten tye waarvan Burgers vir Joubert die betrekking van "hooft Commesares van Naturellen zaken" aangebied het.[85] Na aanleiding hiervan het De Volksstem verklaar dat Joubert eers "tijd ter overweging genomen" het.[86] Joubert het egter hierop geantwoord deur daarop te wys dat toe Burgers hom die betrekking aangebied het, hy hom bereid verklaar het "die betrekking tijdelijk te zullen aannemen totdat een ander persoon door de ... Regering zoude kunnen gevonden worden". Toe hy hierna van die Britse anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek verneem het, het hy besluit om nie die betrekking te aanvaar nie "om niet onder Britsche Gouvernement eene betrekking te bekleeden ...".[87]

Hierdie toedrag van sake het dus tot gevolg gehad dat ten spyte van die feit dat daar in Maart 1877 in die Grondwet van die Republiek vir die aanstelling van 'n Sekretaris van Naturellesake en vir 'n afsonderlike Departement van Naturellesake voorsiening gemaak is, die betrekking tot en met die anneksasie van die Republiek vakant gebly het. Gevolglik het Henrique Shepstone die eerste bekleër van die amp geword toe hy in Julie 1877 daarin aangestel is.

Henrique se aanstelling en die feit dat skrywers skynbaar onbewus was van die ware toedrag van sake, het tot gevolg gehad dat daar met die loop van tyd 'n aantal onverdedigbare gevolgtrekkings met betrekking tot die amp van die Sekretaris van Naturellesake en die afsonderlike Departement van Naturellesake ontstaan het. In die eerste instansie bestaan daar geen gronde vir die bewering dat die naam van die amp van Kommissaris of Superintendent van Naturelle na dié van Sekretaris van Naturellesake verander is onder andere met

---

85. A 14, Band 27, No. 2590: P.J. Joubert se herinneringe van die anneksasietydperk.

86. De Volksstem, 11.4.1877 (De Nieuwe Uitvoerende Raad).

87. De Volksstem, 2.5.1877 (Brief van P.J. Joubert, Wakkerstroom, 19.4.1877); Sien ook A 14, Band 27, No. 2590: P. J. Joubert se herinneringe van die anneksasietydperk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die motief om 'n amp "met 'n tipiese Engelse naam" te skep, sodat sir Theophilus sy seun H.C. Shepstone daarin kon aanstel nie.[88] Soos reeds gesê, het die benaming Sekretaris van Naturellesake sy ontstaan gehad toe die Grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek in Maart 1877 gewysig is.

'n Verdere bewering wat, in die tweede instansie, nie geldig is nie, is dat sir Theophilus met Henrique se aanstelling as Sekretaris van Naturellesake 'n nuwe amp in die lewe geroep het.[89] Soos uit die voorafgaande uiteensetting blyk, het die idee van 'n Kommissaris van Naturelle reeds sedert 1873 in die Republiek bestaan, terwyl die amp van Sekretaris van Naturellesake reeds sy beslag met die wysiging van die Grondwet in Maart 1877 gekry het. Dit en die feit dat daar verskillende pogings aangewend is om 'n geskikte persoon in hierdie amp aan te stel, is bewys daarvan dat Henrique se aanstelling nie 'n nuwe amp geskep het nie. Volgens sir Theophilus se eie getuienis was die amp van Sekretaris van Naturellesake "an office created by the Volksraad on its last revision of the constitution of the late Republic but never filled up".[90]

In die derde instansie is dit belangrik om daarop te wys dat die bewering ook gemaak word dat een van die eerste optredes van die Britse regering in Transvaal was om 'n afsonderlike Departement van Naturellesake tot stand te bring - "an entirely admirable departure and one to the credit of the new Administration".[91] Ofskoon daar, soos hierbo aangetoon is, in Maart 1877 vir 'n afsonderlike Departement van Naturellesake in die Grondwet van die Republiek voorsiening gemaak is, het die gedagte van so 'n departement al voor hierdie datum bestaan. Trouens, reeds in Junie 1876 is daar

---

88. Sien in dié verband J. Malan: Die werksaamhede van die amptenare belas met die administrasie van Naturellesake in die Z.A.R. tot 1877, p.184.

89. J.A. Vorster: Die Engelse Administrasie van Transvaal gedurende die Eerste Anneksasieperiode, 1877-1881, p.18.

90. ATC 3, p.66: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 31.7.1877; M 415, CO 291/2: Transvaal No. 10932: Sir T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 31.7.1877.

91. E.H. Brookes: The History of Native Policy in South Africa from 1830 to the Present Day, p.124. Sien ook I.L. Evans: Native Policy in Southern Africa. An outline, p.11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kragtens Wet No. 3 van 1876, vir 'n afsonderlike departement voorsiening gemaak.[92] Hoewel die pogings om 'n Sekretaris van Naturellesake aangestel te kry misluk het, is daar nietemin in Augustus 1876 'n aantal Naturellekommissarisse kragtens hierdie wet aangestel, wat ongetwyfeld die begin van 'n selfstandige Departement van Naturellesake was. Op grond van die voorafgaande blyk dit dus dat Henrique Shepstone se aanstelling as Sekretaris van Naturellesake in 1877 daarop neergekom het dat hy 'n betrekking gevul het en aan die hoof gestaan het van 'n afsonderlike Departement van Naturellesake waarvoor daar reeds voor die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek voorsiening gemaak was.

Laastens moet ook daarop gewys word dat die bewering as sou die konstitusionele reëlings van Maart 1877 as gevolg van die anneksasie van die Republiek nie in werking gestel is nie, eweneens nie standhou nie.[93] Die feit dat die Uitvoerende Raad, soos saamgestel volgens die gewysigde Grondwet op 9 April vergader het,[94] is genoegsame bewys dat die wysigings waarop die Volksraad in Maart 1877 besluit het, wel in werking gestel is.

Soos reeds in die verbygaan daarop gewys is, het Wet No. 3 van 1876, afgesien van 'n Kommissaris van Naturelle, ook vir die aanstelling van 'n aantal onderkommissarisse voorsiening gemaak.[95] Hierdie amptenare sou onder die toesig van die Kommissaris van Naturelle staan en verantwoordelik wees vir die administrasie van die Swartstamme wat op permanente lokasies gewoon het.[96]

---

92. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 662-668: Wet No. 3, 1876. Wet "Betreffende de Naturellen". Goedgekeurd en vastgesteld bij Volksraadsbesluit, dd. 9.6.1876, art. 143.

93. J.D. Huyser: Die Naturelle-Politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1838-1877, p.132.

94. UR 5: Sitting van die Uitvoerende Raad op 9.4.1877; De Volksstem, 11.4.1877 (De Nieuwe Uitvoerende Raad).

95. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 3.

96. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In soverre dit die benaming onderkommissaris betref, wil dit voorkom asof die benaming onderkommissaris waarskynlik ontstaan het na aanleiding van die Kommissaris van Naturelle wat as die hoof van hierdie onderkommissarisse aangestel sou word. Hoewel in Wet No. 3 van 1876[97] en in die instruksies wat volgens hierdie wet vir die onderkommissarisse opgestel is,[98] na hierdie amptenare as onderkommissarisse verwys word, is die eerste onderkommissarisse in Augustus 1876 as Commissarissen voor de Naturellen aangestel. Die benaming Commissaris wat hier gebruik word, het egter geen betrekking gehad op die Kommissaris of Superintendent van Naturelle as die persoon wat aan die hoof van die onderkommissarisse sou staan nie. Die rede waarom die benaming onderkommissaris teen Augustus 1876 vir Kommissaris van Naturelle moes plek maak, lê waarskynlik daarin dat die benaming Superintendent gaandeweg vanaf Junie 1876 voorrang bo dié van Kommissaris van Naturelle as die hoof van die Departement van Naturellesake begin geniet het. Toe die hoof van dié departement dus nie meer as Kommissaris nie, maar as Superintendent bekend sou staan, het die benaming onderkommissaris gevolglik vir Kommissaris van Naturelle plek gemaak. Trouens, toe die instruksies van die onderkommissarisse in September 1876 gepubliseer is, is daar met een uitsondering[99] deurgaans na 'n Superintendent en nie meer na 'n Kommissaris van Naturelle nie, verwys.

Met die aanstelling van die Naturellekommissarisse het dit egter veel beter as met dié van die Sekretaris van Naturellesake gegaan. In Augustus 1876 is die volgende persone in dié amp aangestel: O. Dahl vir Zoutpansberg, W.V. King vir Waterberg en C. Schulze vir Lydenburg.[100] Drie maande later

---

97. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 3.

98. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ... .

99. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 1.

100. UR 5: URB, 31.7.1876, art. 127; ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 4.10.1876: G.K. No. 284, 2.10.1876. In hierdie goewermentskennisgewing - net soos in baie ander gevalle - word Schulze se van verkeerdelik as Schultze aangedui.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is R. Bell as 'n vierde Naturellekommissaris vir Nieuw Schotland en omgewing aangestel.[101]

In soverre dit die werksaamhede van die Onder- of Naturellekommissarisse betref, word daar, afgesien van die funksies waarna in Wet No. 3 van 1876 verwys word,[102] ook 'n uiteensetting van hulle werksaamhede gegee in 'n aantal instruksies wat in September 1876 gepubliseer is.[103]

Volgens hierdie intsruksies word 'n Naturellekommissaris vir 'n bepaalde distrik aangestel, tensy hierdie bepaling deur 'n spesiale Regeringsbesluit gewysig sou word.[104] In hierdie distrik was sy werksaamhede beperk tot die Swartes wat op permanente lokasies gewoon het.[105] Oor hierdie lokasies het hy 'n dubbele gesag uitgeoefen, naamlik dié van bestuurder en regter. Hierbenewens was hy ook die hoof van die polisie van sy distrik.[106]

In sy hoedanigheid as bestuurder het 'n Naturellekommissaris 'n hele aantal administratiewe pligte gehad waaraan uitvoering gegee moes word. Met inagneming van die Swartes se gewoontes, moes hy hom daarvoor beywer om met die kapteins van sy distrik op 'n vriendskaplike voet te verkeer. Ook moes hy probeer om hulle deur sy raadgewing, onderrig en voorbeeld vir die beskawing en trou aan die staat te wen.[107]

---

101. UR 5: URB. 1.11.1876, art. 180; ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 6.12.1876: G.K. No. 424, 5.12.1876.

102. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten .., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 3.

103. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris ... .

104. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 4.

105. Vgl. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.662-663: Wet No. 3, 1876, art. 1 en 2; ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 1.

106. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 3.

107. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit was verder sy taak om die kapteins behulpsaam te wees met die beslegting van geskille, die uitvoering van wette, die invordering van belasting en die instandhouding van 'n boekestelsel wat volgens die voorskrifte van die Regering aangelê moes word.[108]

Met die oog op die behoorlike invordering van die belasting wat deur die Swartes betaal moes word, was elke Naturelle-kommissaris, met die samewerking van die betrokke kaptein, verplig om vir elke lokasie wat onder sy beheer gestaan het, 'n afsonderlike boek vir elk van die volgende aan te lê: 'n numeriese lys van alle bewoonde hutte, die name van al die manlike Swartes ouer as 20 jaar,[109] die name van al die Swartes wat in besit was van 'n gestempelde geweer, passe wat uitgereik is aan Swartes wat hulle buite die grense van Transvaal begeef het en 'n boek waarin alle inkomstes en uit-gawes aangeteken word.[110]

'n Verdere aspek van die werksaamhede van die Naturellekommis-sarisse was die uitreiking van passe. Aangesien 'n Swarte nie in diens geneem kon word nie tensy hy in besit van 'n pas was, moes die Naturellekommissarisse 'n gratis pas of sertifikaat uitreik aan elke Swarte wat sy lokasie wou verlaat om binne die grense van die Zuid-Afrikaansche Republiek werk te gaan soek.[111] Wanneer 'n Swarte op 'n wettige wyse vir so 'n pas aansoek gedoen het, was 'n Naturellekommissaris verplig om dit aan hom te ver-leen. Indien hy sou weier om die pas uit te reik, het hy hom aan 'n boete van £1 tot £5 blootgestel.[112] Aan

---

108. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 3.

109. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 5.

110. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 11.

111. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 13. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): Locale Wetten ..., 1849-1885, p.664: Wet No. 3, 1876, art. 7 en 9 (a).

112. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.665: Wet No. 3, 1876, art. 9(e) en 10.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Swartes wat op 'n permanente lokasie gewoon het en van voorneme was om hulle buite die grense van die Republiek te begewe, moes 'n buitelandse pas teen 'n betaling van £2 uitgereik word.[113]

'n Verdere verpligting wat op die Naturellekommissarisse gerus het, was om al die gewere wat aan die Swartes behoort het wat onder sy jurisdiksie gestaan het, elke jaar te inspekteer. Op hierdie wyse is daar gepoog om te verseker dat die gewere wat aan die Swartes behoort het van die nodige goewerment-stempel voorsien was. Ook was dit die Naturellekommissarisse se taak om toe te sien dat daar op elke lokasie polisiedienare aangestel word.[114]

Die Naturellekommissarisse was verder verplig om elke drie maande sowel 'n verslag van hulle werksaamhede[115] as 'n kort maar volledige oorsig oor sy administrasie en oor die toestand van die Swartes in sy distrik aan die Superintendent van Naturelle voor te lê.[116] Solank daar nog nie 'n superintendent aangestel was nie, moes hierdie verslae aan die Regering voorgelê word. Elke maand moes ook 'n geldelike verslag asook 'n verslag oor hulle werksaamhede as hoof van die polisie van hulle onderskeie distrikte, aan die landdros van die distrik beskikbaar gestel word.[117]

In sy hoedanigheid as regter het die juridiese pligte van die Naturellekommissarisse hulle met die taak belas om alle siviele sake tussen Swartes wat aan hulle voorgelê word, asook sekere kriminele sake, te verhoor. In die geval van siviele sake tussen Swartes, het 'n Naturellekommissaris

---

113. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Dommissaris ... art. 13; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, art. 16.

114. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 14 en 15. Vir die verdere behandeling van polisie-aangeleenthede sien G.N. van den Bergh : Die Polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek.

115. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 5.

116. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 12.

117. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876 Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dieselfde regsbevoegdheid as 'n landdros gehad. In kriminele sake het hy hom as hoof van die polisie van sy distrik, bepaal tot polisie- en ander kleiner kriminele sake soos wat gewoonweg deur 'n landdros verhoor word. By die oplegging van sy vonnisse, moes hy hom hou aan die reëls wat in die verband vir die landdroste neergelê was. In die uitoefening van sy regspraak in siviele sake tussen Swartes, moes hy in soverre dit nie met die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek strydig was nie, op die gewoontes van die Swartes ag gee. Van sy vonnisse moes 'n Naturellekommissaris gereeld aan die staatsprokureur en aan die Superintendent van Naturelle verslag doen. Teen die uitspraak van 'n Naturellekommissaris kon na die Hof van Landdros en Heemrade geappelleer word.[118] Indien die Swartes wat op 'n lokasie gewoon het, die advies van 'n Naturellekommissaris in geval van 'n siviele geding tussen die bewoners van so 'n lokasie en 'n Blanke sou vra, was hy verplig om die gevraagde advies pro Deo te gee.[119] As vrederegter was 'n Naturellekommissaris bevoeg om beëdigde verklarings af te neem.[120]

Afgesien van hierdie pligte was daar 'n verdere aantal wetlike bepalings wat deur die Naturellekommissarisse behartig moes word. Vanweë die aard van hierdie bepalings was dit egter nodig dat die Naturellekommissarisse vir die uitvoering daarvan spesiale instruksies van die Superintendent van Naturelle moes ontvang.[121] Die bepalings was die volgende:

Ten einde beskawing en nywerheid by die Swartes aan te moedig, het die Regering die bevoegdheid gehad om die ondernemings wat in enige lokasie arbeidsaamheid bevorder en ambagte aan die Swartes geleer het, geldelik te steun deur 'n bedrag wat

---

118. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 8 en 9.

119. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 10.

120. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 8.

121. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 16.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie hoër was as 10% van die belasting wat by so 'n lokasie ingevorder is nie, aan so 'n onderneming te skenk. Hierdie geld moes egter onder toesig van die Regering as 'n aanmoediging aan die mees gevorderde leerlinge toegeken word.

Ter bevordering van beskawing en sedelikheid onder die Swartes, is daar bepaal dat alle Swartes wat 'n dorp, kerk of skool besoek het, vanaf die skouers tot die knie gekleed moes wees. Die "koop" van vrouens en poligamie onder die Swartes, sou nie deur die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek erken word nie. Die Naturellekommissarisse sou as huweliksbeamptes aangestel word, ten einde die huwelikswette en -tariewe wat deur die Regering vasgestel sou word, ten uitvoer te bring.[122]

In soverre dit die bestaande kapteinskappe betref, is daar in 1876 besluit dat ingeval van 'n oortreding van enige wet of van sy instruksies, so 'n kaptein hom aan 'n boete of ontsetting van sy kapteinskap bloot gestel het. Erflike opvolging sou nie meer langer in die Zuid-Afrikaansche Republiek erken word nie, aangesien die Regering self oor opvolgingsaangeleenthede sou besluit. Enige persoon wat hom sonder magtiging van die Regering, met Swartpolitiek of enige ander saak van algemene belang met betrekking tot die Swartes sou bemoei, het hom aan 'n boete of gevangenisstraf blootgestel.[123]

Indien die bewoners van 'n groot lokasie hulle skuldig sou maak aan 'n rebellie wat die afsetting van hulle kaptein tot gevolg sou hê, sou hulle nie toegelaat word om as 'n stam langer bymekaar te woon nie. In plaas daarvan sou so 'n stam, in die belang van vrede en veiligheid, na plekke verskuif word wat deur die Regering aangewys sou word.[124]

---

122. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.667: Wet No. 3, 1876, art. 22,23 en 24.

123. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.668: Wet No. 3, 1876, art. 27 en 28.

124. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.668: Wet No. 3, 1876, art. 29.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In welke mate daar tussen September 1876 en April 1877 aan hierdie instruksies uitvoering gegee is, is moeilik om te bepaal. Dat sommige daarvan wel nagekom is,laat geen twyfel nie. Afgesien van die verslae wat die Naturelle-kommissarisse aan die Staatsekretaris gestuur het,[125] het sowel Dahl as King begin om belasting by die Swartes in te vorder.[126] Dahl het ook verslag gedoen oor die passe wat hy uitgereik het,[127] terwyl King weer vir 'n stempel gevra het om die gewere te stempel wat in die Swartes se besit was.[128]

Ten spyte van hierdie werksaamhede waarmee die Naturelle-kommissarisse hulle besig gehou het, moet egter ook daarop gewys word dat daar sekere aspekte van hulle werksaamhede was waaraan geen aandag bestee is nie. Die feit dat daar tot en met die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek nie 'n Superintendent of Sekretaris van Naturelle was nie, laat die vermoede ontstaan dat daar geen aandag bestee is aan die bepalings vir die uitvoering waarvan die Naturellekommis-sarisse spesiale opdragte van die Superintendent of Sekretaris van Naturellesake moes ontvang nie. Die bepaling dat hierdie mense as huweliksbeamptes aangestel sou word, het inderdaad nooit gerealiseer nie. Trouens, 'n mens kry die idee dat die Naturellekommissarisse se werksaamhede in verband met hulle regterlike funksies ook maar gaandeweg op dreef gekom het.

As rede vir hierdie toestand van sake moet aangevoer word dat omstandighede tussen September 1876 en April 1877 nie juis van so 'n aard was dat die Naturellekommissarisse hulle werk-saamhede in alle opsigte kon nakom nie. So byvoorbeeld het die Zuid-Afrikaansche Republiek hom ten tye van die aanstelling

---

125. Sien o.a. SS 219, R3190/76: O. Dahl - Staatsekretaris, Eersteling, 6.11.1876; Ibid., O. Dahl - Staatsekretaris, Eersteling, 8.11.1876; SS 222, R3485/76. O. Dahl - Staatsekretaris, Eersteling, 29.11.1876.

126. Sien o.a. SS 222, R3486/76: O. Dahl - Staatsekretaris, Eersteling, 29.11.1876; SS 232, R1190/77: O. Dahl - Staatspresident, Eersteling, 26.3.1877; SS 217, R2781/76: W.V. King - Staatspresident, 15.10.1876; SS 222, R3596/76: W.V. King - Staatsekretaris, 4.12.1876; Ibid., R3598/76: W.V. King - Staatsekretaris, Makapaanspoort, 27.11.1876.

127. SS 222, R3485/76: O. Dahl - Staatsekretaris, Eersteling, 29.11.1876.

128. SS 217, R2775/76: W.V. King - Staatsekretaris, 12.10.1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die Naturellekommissarisse in Augustus 1876 reeds te midde van die oorlog met die Pedi bevind. Afgesien van die onbestendige toestand wat hierdie oorlog onder die Swartes tot gevolg gehad het, het die Naturellekommissarisse self probleme ondervind om met hulle werksaamhede aan die gang te kom.[129] Vir die duur van hierdie tydperk kon die Republiek ook nie daarin slaag om 'n persoon te vind wat as Superintendent of Sekretaris van Naturellesake aangestel kon word nie. En boonop het die Republiek nog met die dreigende anneksasie te kampe gehad. Wanneer hierdie sake in gedagte gehou word, is dit eintlik vanselfsprekend dat sekere aspekte van die Naturellekommissarisse se werksaamhede 'n dooie letter gebly het.

3. H.C. Shepstone se aanstelling as Sekretaris van Naturellesake

Hoewel daar reeds in Maart 1877 vir die aanstelling van 'n Sekretaris van Naturelle voorsiening gemaak is, was hierdie amp met die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n maand later nog steeds vakant. Hierdie stand van sake en die feit dat sir Theophilus van mening was dat dit onmoontlik was om sonder die hulp van 'n Sekretaris van Naturellesake selfs 'n begin met die regering van die Swartes te maak,[130] het uit die aard van die saak beteken dat hy die dienste van so 'n amptenaar so gou moontlik sou wou bekom. Onder hierdie omstandighede het hy gevoglik sy seun, H.C. Shepstone, vanaf Julie 1877 as Sekretaris van Naturellesake, teen 'n slaris van £800 per jaar, aangestel.[131] Volgens sir Theophilus was sy seun vanweë sy kennis, bekwaamheid en ondervinding, asook die aansien wat hy onder die Swartes gehad het, besonder geskik vir dié amp.[132] Aan sir Henry Bulwer

---

129. Sien o.a. SS 217, R2743/76: C. Schulze - Staatsekretaris, Middelburg, 10.10.1876; SS 218, R2894/76: O. Dahl - Staatsekretaris, Eersteling, 14.10.1876; SS 222, R3856/76: O. Dahl - Staatspresident, Eersteling, 30.11.1876; SS 227, R118/77: O. Dahl - Staatsekretaris, Eersteling, 3.1.1877.

130. ATC 3, pp.66-67: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 31.7.1877; M 415, CO 291/2, Transvaal No. 10932: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria,31.7.1877.

131. SS 8633, p.174: N.J.R. Swart - H.C. Shepstone, Pretoria, 28.7.1877.

132. TSP 2, p.652: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 23.7.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Natalse goewerneur, het hy te kenne gegee dat hy terdeë bewus was van die feit dat hy met Henrique-wat tot in daardie stadium nog in die diens van die Natalse regering was - se aanstelling, Natal van een van sy waardevolste amptenare ontneem het.[133]

Henrique Charles Shepstone is gebore op 18 Januarie 1840 en was sir Theophilus se oudste seun.[134] Met sy aanstelling as Sekretaris van Naturellesake op 1 Julie 1877, het Henrique reeds 20 jaar diens as amptenaar in diens van die Natalse regering agter die rug gehad. Vir die grootste deel hiervan het hy die betrekking van magistraat en Administrateur van Inheemse reg beklee.[135] In 1857 is hy as privaatsekretaris van sir John Scott, die luitenant-goewerneur van Natal, aangestel en ses jaar later word hy klerk van die Uitvoerende Raad in Natal. Vanaf 1864 tot 1870 was Henrique Indiërimmigrasie-agent en vrederegter in Durban. In 1870 begin hy met sy werksaamhede onder die Zoeloes toe hy eers as resident-magistraat en Administrateur van Inheemse reg vir die Alfred-distrik en daarna in 1874 in dieselfde hoedanigheid vir die Durbanse distrik aangestel word.[136]

In Februarie 1876 is twaalf maande onbetaalde verlof aan hom toegestaan om Engeland te besoek. Kort na sy aankoms daar is hy aangestel om regter H.L. Phillips as sekretaris op 'n spesiale sending na Barbados te vergesel. Met sy terugkeer na Engeland het Henrique aansoek gedoen dat sy verlof verleng moes word. Hy is egter deur Carnarvon, die Britse Minister van Kolonies, aangesê om na Natal terug te keer ten einde sy vader, wat sy dienste nodig gehad het op sy spesiale

---

133. ATC 2, p.169: T. Shepstone - H. Bulwer, Pretoria, 19.6.1877.

134. ATC 2, p.167: T. Shepstone - H. Bulwer, Pretoria, 19.6.1877.

135. ATC 3, p.67: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 31.7.1877; M 415, CO 291/2, Transvaal No. 10932: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 31.7.1877.

136. SS 8634, pp.161-163: Civil Establishment, g.d., maar September 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sending na die Zuid-Afrikaansche Republiek te vergesel.[137] By sy aankoms in Natal het Henrique verlof van afwesigheid van die luitenant-goewerneur verkry om na Transvaal te vertrek ten einde hom by sy vader aan te sluit wat reeds as Haar Majesteit se Spesiale Kommissaris in Januarie 1877 in die Republiek aangekom het.[138] Sowat twee maande later, teen die middel van Maart, het Henrique sy opwagting in Pretoria gemaak.[139] Hoewel Henrique eers vanaf Julie 1877 as Sekretaris van Naturellesake aangestel is, het hy nietemin in opdrag van sir Theophilus, reeds onmiddellik na die anneksasie van die Zuid-Afrikaanse Republiek, die pligte van Sekretaris van Naturellesake op hom geneem.[140]

Oor Henrique se geskiktheid vir die pos van Sekretaris van Naturellesake, het sir Theophilus geen twyfel gehad nie. Hy het die Swartes se geaardheid, gewoontes en idees goed geken en Zoeloe vlot gepraat. Ook was hy 'n bekwame amptenaar soos wat die behoeftes van Transvaal benodig het.[141] Aan Carnarvon het sir Theophilus die versekering gegee dat hy Henrique nie as Sekretaris sou aanbeveel het indien hy oortuig was dat hy oor al die eienskappe beskik het wat hom in staat sou stel om sy pligte as Sekretaris van Naturellesake na te kom nie.[142] Sowat 'n jaar later het De Volksstem egter berig dat Henrique se aanstelling 'n fout was, aangesien hy te jonk en onervare vir dié betrekking was.[143]

---

137. H.C. Shepstone Papers, Vol. 11: The Memorial of H.C. Shepstone - Kimberley, Pietermaritzburg, 27.10.1881; SS 8634, pp.161-163: Civil Establishment, g.d., maar September 1877.

138. H.C. Shepstone Papers, Vol. 11: The Memorial of H.C. Shepstone - Kimberley, Pietermaritzburg, 27.10.1881.

139. H.C. Shepstone Papers, Vol. 11: The Memorial of H.C. Shepstone - Kimberley, Pietermaritzburg, 27.10.1881; TSP 2, p.453: Weekly notes in Shepstone's camp before the annexation of the Transvaal on 12.4.1877: 8 - 14 Maart 1877; De Volksstem, 14.3.1877.

140. H.C. Shepstone Papers, Vol. 11: The Memorial of H.C. Shepstone - Kimberley, Pietermaritzburg, 27.10.1881.

141. ATC 3, p.67: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 31.7.1877; SP 2, p.644: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Pretoria, 20.6.1877; M 415, CO 291/2, Transvaal No. 10932: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 31.7.1877.

142. ATC 3, p.67: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 31.7.1877; M 415, CO 291/2, Transvaal No. 10932: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 31.7.1877; Sien ook ATC 2, pp.167-168: T. Shepstone - H. Bulwer, Pretoria, 19.6.1877.

143. De Volksstem, 10.9.1878.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met Henrique se aanstelling, het sir Theophilus verklaar dat dit noodsaaklik was dat die Sekretaris van Naturellesake aan die hoof sou staan van 'n aktiewe en lewenskragtige departement. Die funksies van die departement was nie net om beheer oor die Swartes uit te oefen en toe te sien dat hulle hul regmatige deel tot die inkomste van die Regering bydra nie, maar ook die Swartes die beskerming van persoon en eiendom te bied waarop hulle as Britse onderdane geregtig was.[144]

Hoewel geen instruksies in verband met die werksaamhede van die Sekretaris van Naturellesake teruggevind kan word nie, is dit tog moontlik om op grond van Henrique Shepstone se bedrywighede 'n aanduiding van sy belangrikste pligte te gee. As Sekretaris van Naturellesake het hy aan die hoof van die siviele administrasie van die Swartes gestaan. As hoof van die Departement van Naturellesake was dit sy taak om die nodige wetgewing met betrekking tot die Swartes en die administrasie van hierdie mense voor te berei en toe te sien dat dit uitgevoer word nadat dit op die wetboek geplaas is. Hy moes kennis neem van en aandag bestee aan alle sake rakende die Swartes en ook die administrateur in verband met Swartaangeleenthede adviseer. As Sekretaris van Naturellesake was dit sy taak om, onderhewig aan die nodige goedkeuring, amptenare aan te stel om die administrasie van die Swartes te behartig. Ook moes hy die spesiale kommissarisse, die Naturellekommissarisse en waar dit nodig was ook die landdroste op die hoogte hou van alle sake rakende die administrasie van die Swartes en wanneer dit nodig was, hulle van instruksies voorsien oor wat onder bepaalde omstandighede van hulle verwag word.

Afgesien van Henrique se pligte in verband met die siviele administrasie van die Swartes, het hy ook sekere regterlike funksies besit. In dié verband was dit sy taak om toesig

---

144. ATC 3, p.67: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 31.7.1877; M 415, CO 291/2, Transvaal No. 10932: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 31.7.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te hou oor en as 'n hersieningshof te dien vir die uitsprake wat deur die Naturellekommissarisse volgens Inheemse reg in siviele sake tussen Swartes onderling gelewer is. Ten einde hom in staat te stel om oor die uitsprake van die Naturellekommissarisse toesig te hou, was hulle verplig om verslae oor hulle uitsprake aan hom voor te lê. In geval van 'n appèl teen die uitspraak van 'n landdros of Naturellekommissaris, kon daar deur die Sekretaris van Naturellesake na die goewerneur as die opperhoof van die Swartes geappelleer word.[145]

Die belangrikheid van die amp van die Sekretaris van Naturellesake blyk verder daaruit dat toe 'n Uitvoerende Raad in Oktober 1879 in Transvaal ingestel is, die Sekretaris van Naturellesake een van die benoemde lede van hierdie raad was. Met die instelling van 'n Wetgewende Vergadering in Januarie 1880, het die Sekretaris van Naturellesake as 'n offisiële lid, eweneens sitting in hierdie liggaam verkry.[146]

4. Die Spesiale Kommissarisse en hulle werksaamhede, 1877-1881

Soos reeds aangetoon, het sir Theophilus knap na die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek tot die besluit gekom dat dit onmoontlik was om Transvaal[147] en veral die Swartes van Transvaal op dieselfde wyse as dié van Natal te bestuur. In Natal is die Swartes bestuur deur 'n aantal magistrate of Administrateurs van Inheemse reg wat in direkte verbinding met die Sekretaris van Naturellesake as die hoof va die Departement van Naturellesake by die regeringsetel was.[148] Die feit dat Transvaal ses maal groter was as Natal, het sir Theophilus daarvan oortuig dat so 'n stelsel nie in Transvaal gevolg kon word nie. Die uitgestrektheid van Transvaal het dit onmoontlik gemaak om enige optrede betyds van die regering setel af te onderneem indien enige onvoorsiene omstandigheid

---

145. Sien Hoofstuk 4.

146. J. A. Vorster: Die Engelse administrasie van Transvaal gedurende die Eerste Anneksasieperiode, pp. 67 en 70.

147. TSP 2, p.631: T. Shepstone - H. Bulwer, Pretoria, 29.5.1877.

148. TSP 2, p.637: T. Shepstone - M. Clarke, Pretoria, 9.6.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in 'n afgeleë deel van die Transvaal sou ontstaan.[149] Gevolglik was hy dus van plan om 'n aantal kommissarisse, as die hoogste gesagvoerende amptenare,[150] oor sekere distrikte en oor die magistrate of Administrateurs van Inheemse reg van daardie distrikte aan te stel.[151] Van die magistrate of Administrateurs van Inheemse reg sou dan verwag word om oor alle Swartaangeleenthede verslag te doen aan en opdragte van die kommissarisse te ontvang, terwyl die kommissarisse weer met die Sekretaris van Naturellesake by die regeringsetel sou kommunikeer. Vanweë die uitgestrektheid van die Transvaal, was sir Theophilus van mening dat daar vier of vyf[152] sulke kommissarisskappe tot stand gebring moes word en dat met die oog op besparing, die kommissaris desnoods ook die landdros van sy distrik kon wees.[153] Hoewel so 'n stelsel aanvanklik baie duur sou wees, was sir Theophilus nietemin oortuig daarvan dat die inkomste wat uiteindelik van die Swartes verkry sou word, die onkoste verbonde aan die aanstelling van die kommissarisse meer as sou vergoed.[154]

Voordat die amp van kommissaris meer in die besonder bespreek word, is daar twee sake waarop die aandag gevestig moet word. In die eerste instansie moet daarop gewys word dat daar na die amp van kommissaris as dié van kommissaris[155] <u>en</u> spesiale kommissaris[156] verwys word. Presies waarom daar ook na dié amp as dié van spesiale kommissaris verwys word, is nie

---

149. TSP 2, p.631: T. Shepstone - H. Bulwer, Pretoria, 29.5.1877.

150. SN 1(a), N149/79: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879; SS 8632, p.692: N.J.R. Swart - Landdros Waterberg, Pretoria 20.6.1879.

151. TSP 2, p.631: T. Shepstone - H. Bulwer, Pretoria, 29.5.1877; SP 2, p.637: T. Shepstone - M. Clarke, Pretoria, 9.6.1877.

152. Vgl. ATC 2, p.168: T. Shepstone - H. Bulwer, Pretoria, 19.6.1877.

153. TSP 2, p.637: T. Shepstone - M. Clarke, Pretoria, 9.6.1877.

154. TSP 2, p.631: T. Shepstone - H. Bulwer, Pretoria, 29.5.1877.

155. SS 8644, pp.19-20: M. Osborn - Ouditeur-generaal, Pretoria, 16.1.1878; C 1883, p.25: T. Shepstone - Carnavon, Pretoria, 13.6.1877; SS 8632, p.633: N.J.R. Swart - O. Dahl, Pretoria, 12.6.1877.

156. SS 8632, p.750: N.J.R. Swart - Wnd. Landdros Middelburg, Pretoria, 23.6.1877; SS 8632, p.692: N.J.R. Swart - Landdros Waterberg, Pretoria, 20.6.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

heeltemal duidelik nie. Moontlik moet dit toegeskryf word aan die feit dat hierdie mense spesiale opdragte gehad het om uit te voer. Ter verduideliking van hierdie opmerking kan daarop gewys word dat G.M. Rudolph, die landdros van Utrecht, in Mei 1879 as spesiale kommissaris in en oor die distrikte van Utrecht en Wakkerstroom aangestel is ten einde hulp aan die Britse magte te verleen wat met militêre optrede teen die Zoeloes besig was. In sy aanstelling as spesiale kommissaris, is hy gevolglik daarop gewys dat hy as 'n spesiale kommissaris aangestel word met die oog daarop om aan hom bevoegdhede te verleen waarvoor die beperkte bevoegdheid van 'n landdros nie voorsiening gemaak het nie.[157] Aangesien die benaming spesiale kommissaris vir die amptenare wat kragtens sir Theophilus se plan aangestel is om die Transvaal te regeer, skynbaar die gangbare was, sal daar voortaan na hierdie amptenare as spesiale kommissarisse verwys word.

Die tweede aangeleentheid waarop die aandag gevestig moet word, is dat hoewel die spesiale kommissarisse aanvanklik ook ander pligte benewens hulle werksaamhede in verband met die Swartes gehad het, hulle in elk geval vanaf 1878 vir begrotingsdoeleindes, ensovoorts as amptenare van die Departement van Naturellesake beskou is.[158]

Met die oog daarop om hierdie stelsel van kommissarisskappe in werking te stel, is sir Morrison Barlow op 1 Junie 1877 as spesiale kommissaris vir Waterberg en Zoutpansberg aangestel.[159] Wanneer daar in aanmerking geneem word dat die grootste deel van die Transvaalse Swartbevolking in hierdie twee distrikte gewoon het en dat hulle, volgens Henrique Shepstone, met die

---

157. SS 340, R1452/70: M. Osborn - G.M. Rudolph, Utrecht, 2.5.1879 (afskrif).

158. SN 160: Blue Book of the Transvaal for the year 1878, p.19: Sien Heads of Service: Aborigines.

159. SN 4(a), N106/81: Statement of names of all officials in S.N.A. Department ..., g.d., maar Junie 1881; ZAR 166: Blue Book for the Transvaal Province, 1879, p.120, Bylae No. 9: Civil Establishment of the Transvaal, for the year 1879, No. 5: Aborigines, No. 1, Zoutpansberg en Waterberg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

anneksasie van Transvaal feitlik onafhanklik en in 'n toestand van voortdurende beroering en oorlogsvoering verkeer het,[160] is dit eintlik vanselfsprekend waarom daar besluit is om 'n spesiale kommissaris vir hierdie twee distrikte aan te stel.

'n Maand na Barlow se aanstelling, het 'n tweede spesiale kommissaris bygekom toe kaptein Marshall Clarke op 1 Julie 1877 in dié amp vir die Lydenburgse distrik aangestel is.[161] Die probleme wat daar gedurende 1876-1877 tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Pedi in die Lydenburgse distrik bestaan het en die feit dat hierdie distrik deur 'n groot Swartbevolking bewoon is,[162] was waarskynlik belangrike oorwegings met Clarke se aanstelling.

Sover dit Clarke se aanstelling betref, moet vooraf daarop gewys word dat Clarke op dieselfde dag waarop die Zuid-Afrikaansche Republiek geannekseer is, deur sir Theophilus as kommissaris vir die Lydenburgse distrik in die Oos-Transvaalse goudvelde aangestel is.[163] Hoewel hierdie aanstelling die indruk mag skep dat Clarke reeds in April 1877 aangestel is as 'n kommissaris ooreenkomstig sir Theophilus se idee van hoe hy van voorneme was om die Swartes van Transvaal te bestuur, was dit inderdaad nie die geval nie. As rede hiervoor kan eerstens daarop gewys word dat Clarke reeds op 12 April as kommissaris aangestel is, terwyl sir Theophilus eers teen die einde van Mei, nadat hy hom op die hoogte gestel het met die toestand van die verskillende departemente en die behoeftes van Transvaal,[164] Bulwer in

---

160. SN 102, p.673: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879: C 2584, p.11, Bylae by No. 9: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879.

161. SS 8644, pp.19-20: M. Osborn - Ouditeur-generaal, Pretoria, 16.1.1878; ATC 2, p.168: T. Shepstone - H. Bulwer, Pretoria, 19.6.1877.

162. SN 102, pp.670-671: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p.11, Bylae by No. 9: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879.

163. ATC 2, pp.73-74: T. Shepstone - M. Clarke, Pretoria, 12.4.1877.

164. C 1776, p.165: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 25.4.1877; TSP 2, p.619: T. Shepstone - H. Bulwer, Pretoria, 16.5.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kennis gestel het met die wyse waarop hy van plan was om Transvaal te regeer.[165] Tweedens wil die feit dat sir Theophilus Clarke in Junie 1877[166] versoek het om een van die kommissarisskappe te aanvaar met behulp waarvan hy van plan was om Transvaal te regeer, dit laat voorkom asof Clarke se aanstelling as kommissaris op 12 April nie dieselfde kommissarisskap was as dié wat sir Theophilus hom in Junie 1877 aangebied het nie. Hierdie vermoede word verder versterk wanneer daar na Clarke se opdragte van April 1877 gekyk word.[167] So byvoorbeeld word hy opgedra dat wanneer die anneksasieproklamasie te Lydenburg bekend gemaak word en die nodige veranderings teweeggebring word wat daar op die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek sou volg, dit noodsaaklik was dat Clarke met vriendelikheid en verdraagsaamheid teenoor die vooroordele van die mense sou optree. Ook moes hy poog om hulle te oorreed om die veranderde omstandighede vreedsaam te aanvaar. Indien die landdros van Lydenburg sou weier om onder die Britse regering te dien, moes Clarke iemand anders in sy plek aanstel om intussen as landdros waar te neem. Afskrifte van die anneksasieproklamasie moes ook aan die offisiere in bevel van die forte by Sekhukhune gestuur word. Aangesien dit in daardie stadium en in afwagting van verdere reëlings met Sekhukhune nodig was dat die forte nog beman moes word, moes Clarke die nodige reëlings vir die voortgesette bemanning van die forte tref. Met die oog op die slegte gesindheid wat daar tussen die mense van die goudvelde en J. Scoble, die goudkommissaris, bestaan het, moes Clarke probeer om een of ander reëling in dié verband te tref.

Soos uit die voorafgaande blyk, het hierdie opdragte hoofsaaklik op sake in verband met die anneksasie van die Transvaal betrekking gehad. Hierdie toestand van sake en die algehele afwesigheid van enige opdragte wat op die werksaamhede van

---

165. TSP 2, p.631: T. Shepstone - H. Bulwer, Pretoria, 29.5.1877.
166. TSP 2, pp.637-638: T. Shepstone - M. Clarke, Pretoria, 9.6.1877.
167. ATC 2, pp.73-74: T. Shepstone - M. Clarke, Pretoria, 12.4.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n spesiale kommissaris gedui het, versterk die vermoede dat Clarke nie reeds in April 1877 as 'n spesiale kommissaris ooreenkomstig sir Theophilus se idee van kommissarisskappe aangestel is nie. Verder, op grond van Clarke se opdrag met betrekking tot Sekhukhune, kom Van Rooyen tot die gevolgtrekking dat Clarke in April as Liaison-offisier tussen Sekhukhune en die Britse regering in Transvaal aangestel is.[168] Hoewel Clarke later 'n belangrike rol in die Sekhukhune-aangeleenthede gespeel het, lyk hierdie afleiding op grond van sy opdrag in verband met Sekhukhune nie geregverdig te wees nie.

Hoe dit ook al sy, dat sir Theophilus aan Clarke as een van die spesiale kommissarisse sou dink om met die regering van Transvaal behulpsaam te wees, was eintlik vanselfsprekend. Hy was 'n kaptein in die Royal Artillery en voor sy koms na die Transvaal, resident-magistraat en Administrateur van Inheemse reg vir die Pietermaritzburgse distrik. In 1876 het hy sir Theophilus as adjudant op sy sending na die Zuid-Afrikaansche Republiek vergesel.[169] In Maart 1877 is Clarke en Melmoth Osborn deur sir Theophilus aangewys om die kommissie wat na Sekhukhune gestuur is, as waarnemers te vergesel.[170] Die gevolg hiervan was dat toe Clarke op 12 April as sir Theophilus se kommissaris vir die Lydenburgse distrik en die Oos-Transvaalse goudvelde aangestel is, hy hom reeds te Lydenburg bevind het. In hierdie hoedanigheid het Clarke onder moeilike omstandighede groot administratiewe bekwaamheid aan die dag gelê.[171] Hoewel hy op daardie stadium nog in diens van die Natalse regering was, het hierdie optrede van hom en sy kennis van die Swartes en Swartaangeleenthede, sir Theophilus nietemin laat besluit om hom die kommissarisskap van die Lydenburgse distrik aan te bied. Clarke het hierdie aanbod aanvaar en is hy vanaf 1 Julie 1877

---

168. T.S. van Rooyen: Die verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882, p.308.

169. SS 8634, pp.161-163: Civil Establishment, g.d., maar September 1877.

170. T.S. van Rooyen: Die verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle ..., p.291.

171. ATC 2, p.168: T. Shepstone - H. Bulwer, Pretoria, 19.6.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teen 'n salaris van £600 per jaar as spesiale kommissaris vir die Lydenburgse distrik aangestel.[172]

'n Maand na die beëindiging van die oorlog tussen die Engelse en die Pedi in November 1879, het Owen Lanyon, sir Theophilus se opvolger as administrateur van Transvaal, 'n aantal voorstelle met betrekking tot die toekomstige administrasie van die Swartes in Zoutpansberg, Waterberg en Lydenburg aan sir Garnet Wolseley[173] voorgelê. Hierin het hy daarop gewys dat daar vroeër, as gevolg van Sekhukhune se oorlogsugtige houding, twee spesiale kommissarisse, naamlik Barlow en Clarke, vir die noordelike distrikte van Transvaal nodig was. Die oorwinning oor Sekhukhune en die reaksie van die Swartes daarop, was egter van so 'n aard dat een spesiale kommissaris vir hierdie drie distrikte voortaan voldoende sou wees. Gevolglik het Lanyon voorgestel dat Clarke as spesiale kommissaris vir Zoutpansberg, Waterberg en Lydenburg aangestel word. Verder, dat die hoofkwartier van die spesiale kommissaris vir hierdie drie distrikte vanaf Eersteling na Houtbosch verskuif moes word. Aangesien Clarke egter met verlof sou gaan, moes C.A.F.G. Creagh, 'n majoor in die 80th Regiment, intussen as spesiale kommissaris in Clarke se plek aangestel word. Barlow, wat op daardie stadium nog spesiale kommissaris vir Zoutpansberg en Waterberg was, moes as kommissaris na die Swazigrens verplaas word.[174] Wolseley het Lanyon se voorstelle goedgekeur en versoek dat dit dadelik uitgevoer word.[175]

---

172. TSP 2: T. Shepstone - M. Clarke, Pretoria, 9.6.1877; SS 8644, pp.19.20: M. Osborn - Ouditeur-generaal, Pretoria, 16.1.1878.

173. Sir Garnet Wolseley was sedert September 1879 goewerneur van Transvaal.

174. SN 3, N8/80: W.O. Lanyon - G. Wolseley, 30.12.1879.

175. SN 3, N8/80: Nota van G. Wolseley - W.O. Lanyon, 6.1.1879 (sic 1880).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ooreenkomstig Lanyon se aanbeveling, is Clarke gevolglik vanaf 1 Januarie 1880 as spesiale kommissaris vir die distrikte Zoutpansberg en Waterberg asook vir diê deel van die Lydenburgse distrik ten noorde van die Komatirivier, aangestel. Clarke sou 'n salaris van £600 en 'n toelaag van £200 per jaar ontvang, wat alle uitgawes in verband met reisonkoste, huisvesting, die aankoop van perde ensovoorts moes dek.[176]

Aangesien Clarke Transvaal vroeg in Januarie 1880 met verlof verlaat het, is majoor Creagh, soos Lanyon aanbeveel het, aangestel om gedurende Clarke se afwesigheid in sy plek as spesiale kommissaris waar te neem. Met sy aanstelling, wat vanaf 9 Januarie van krag sou wees, is Creagh aangesê om so gou moontlik te vertrek ten einde 'n aanvang met sy werksaamhede te maak en om hom by Houtbosch in Zoutpansberg te gaan vestig. Creagh sou die helfte van die salaris ontvang wat aan die pos verbonde was. Die volle toelaag van £200 sou egter aan hom uitbetaal word waarmee hy alle onkoste moes betaal.[177]

Met Creagh se aanstelling is Henrique Shepstone as Sekretaris van Naturellesake geensins geraadpleeg nie, aangesien sy aanstelling deur Clarke se bemiddeling geskied het. Oor sy aanstelling was Henrique ook glad nie entoesiasties nie. As rede hiervoor het hy aangevoer dat Creagh niks van die Hollandse taal af geweet het nie en nog minder van die Swartes en hulle administrasie. Selfs sy voorkoms het teen hom getel, aangesien hy klein van postuur en skeel was.[178]

---

176. SN 102, p.887: H.C. Shepstone - M. Clarke, Pretoria, 20.3.1880; SN 102, pp.885-886: H.C. Shepstone - Private Sekretaris, 20.3.1880; Transvaal Government Gazette, 2.3.1880: G.K. No. 57, 1880, 27.2.1880.

177. SN 102, pp.751-758: H.C. Shepstone - C.A.F.G. Creagh, Pretoria, 9.1.1880;SN 3, N8/80: H.C. Shepstone - C.A.F.G. Creagh, 9.1.1880, (afskrif); SN 102, pp.885-886: H.C. Shepstone - Private Sekretaris, 20.3.1880.

178. T. Shepstone Papers, Vol. 43: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 29.2.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afgesien van die besluit om slegs een kommissaris vir Zoutpansberg, Waterberg en 'n deel van die Lydenburgse distrik aan te stel, wil dit voorkom asof daar 'n idee bestaan het om ook 'n spesiale kommissaris vir die binne-distrikte van Transvaal aan te stel. Teen Julie 1880 het Henrique egter die nodigheid van so 'n stap bevraagteken, aangesien hy van mening was dat dit nie meer nodig was nie. Ter motivering van sy standpunt het hy aangevoer dat met 'n landdros in elke distrik en 'n hele aantal Naturellekommissarisse om die administrasie van die Swartes te behartig, die aanstelling van 'n spesiale kommissaris vir hierdie distrikte, die Swartes sou verwar, aangesien hulle nie sou weet wie van hierdie amptenare die hoof was nie.[179]

Ten spyte van Henrique se standpunt met betrekking tot die aanstelling van 'n spesiale kommissaris vir die binne-distrikte, wil dit egter voorkom asof die Transvaalse regering teen Oktober 1880 van voorneme was om J.S. Moffat, 'n seun van die sendeling Robert Moffat,[180] as kommissaris vir die westelike distrikte, naamlik Rustenburg en Marico, aan te stel.

Nadat Moffat in 1879 uit die diens van die Londense Sendinggenootskap bedank het, is hy op 22 Augustus 1880 teen 'n salaris van £300 per jaar as Naturellekommissaris vir die westelike grens aangestel.[181] Twee maande later, in Oktober 1880, het Lanyon egter 'n skrywe aan die Minister van Kolonies gerig waarin hy hom gevra het om Moffat se aanstelling as kommissaris goed te keur. As rede vir sy aanstelling het Lanyon aangevoer dat as gevolg van die voortdurende probleme wat die grensgeskille en die grondaansprake tussen die Boere en die Swartes in die westelike distrikte van Transvaal tot gevolg gehad het, die Transvaalse regering genoodsaak was om 'n kommissaris met 'n Naturellekommissaris onder hom vir daardie distrikte aan te stel. Gevolglik het hy Kimberley

---

179. T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Soutpansberg, 8.7.1880.

180. M 421, CO 291/7; Transvaal No. 18092: W.O. Lanyon - Kimberley, Pretoria, 21.10.1880.

181. SS 8650, pp.404-405: G. Hudson - J.S. Moffat, Pretoria, 27.8.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

versoek dat Moffat, wat vir 'n hele aantal jare as sendeling onder die Swartes gewerk het en sodoende die Swartes goed leer ken en hulle onderskeie tale leer praat het, se aanstelling as kommissaris goedgekeur moes word. Lanyon het verder voorgestel dat hy 'n salaris van £400 en 'n reistoelaag van £100 per jaar moes ontvang.[182]

Op grond van die voorafgaande wil dit dus voorkom asof die Transvaalse regering ten doel gehad het om Moffat, nie as Naturellekommissaris nie, maar as kommissaris op die wesgrens van Transvaal aan te stel.[183] Ofskoon Kimberley Moffat se aanstelling as kommissaris en die van 'n Naturellekommissaris wat onder hom sou werk, goedgekeur het,[184] is Moffat toe die goedkeuring van sy aanstelling in Mei 1881 in die Staatskoerant gepubliseer is, nietemin as Naturellekommissaris vir die westelike grens aangestel.[185]

In 'n poging om 'n uiteensetting te gee van die werksaamhede van die spesiale kommissarisse, kom 'n mens al dadelik voor die probleem te staan dat daar geen volledige uiteensetting van hulle werksaamhede teruggevind kan word nie. In die geval van Barlow en Creagh kan hierdie probleem nog in 'n sekere mate oorbrug word deur gebruik te maak van die instruksies wat met hulle aanstellings aan hulle uitgereik is.[186] Wat Clarke betref, kan egter geen opdragte van welke aard ook

---

182. M 421, CO 291/7, Transvaal No. 18092: W.O. Lanyon - Kimberley, Pretoria, 21.10.1880.

183. Sien ook ZAR 116: Estimates for the Province of the Transvaal, for the year 1881, p.3: Estimates of the Expenditure for the Province of the Transvaal for 1881, Secretary for Native Affairs, waar vir 'n salaris van £400 vir 'n Kommissaris op die westelike grens voorsiening gemaak word.

184. M 421, CO 291/7, Transvaal No. 18092: Ongetekende konsepbrief aan W.O. Lanyon, 29.11.1880.

185. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 3.5.1881: Goewermentskennisgewing No. 48, 1881, 30.4.1881; Sien ook SN 4(a), N106/81: Statement of names of all officials in the Secretary for Native Affairs Department now in Government Service, g.d., maar Junie-Julie 1881.

186. SS 8632, pp.706-711: N.J.R. Swart - M. Barlow, Pretoria, 21.6.1877; SN 102, pp. 751-758: H.C. Shepstone - C.A.F.G. Creagh, Pretoria, 9.1.1880; SN 3, N8/80: H.C. Shepstone - C.A.F.G. Creagh, 9.1.1880 (afskrif).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

al in verband met sy werk as spesiale kommissaris teruggevind word nie. Afgesien hiervan moet daar ook in gedagte gehou word dat Clarke hom kort na sy aanstelling vir 'n hele ruk lank eers in Natal en daarna te Utrecht bevind het. Met sy terugkeer na Lydenburg vroeg in Maart 1878, is sy aandag feitlik onmiddellik in beslag geneem deur die probleme wat daar met die Pedi in hierdie distrik ontstaan het.[187] Hierdie stand van sake en die uitbreek van die oorlog tussen die Engelse en die Pedi knap hierna, het onder andere tot gevolg gehad dat Clarke tot aan die einde van hierdie oorlog in November 1879 nie veel met die administrasie van die Swartes te doen gehad het nie. Trouens, meer nog as in die res van Transvaal, was daar vir die duur van die oorlog nie juis veel sprake van 'n administrasie van die Swartes in die Lydenburgse distrik nie. Onder hierdie omstandighede is dit dus eintlik vanselfsprekend dat, ofskoon daar ongetwyfeld sekere raakvlakke tussen die werksaamhede van Barlow en Creagh en dié van Clarke was, die uiteensetting van die werksaamhede van die spesiale kommissarisse wat hier onder gegee word, in die eerste instansie op dié van Barlow en Creagh betrekking het. Nietemin, oor Clarke se kennis van die Swartes en sy vermoë om met hulle te werk, het daar geen twyfel bestaan nie.[188] Nadat hy sy pligte as spesiale kommissaris aanvaar het, het hy, waarskynlik met die oog op die probleme wat daar met betrekking tot die Pedi bestaan het, verantwoordelikheid vir die administrasie van die Swartes in die Lydenburgse distrik aanvaar.[189] Gevolglik is die veldkornette aangesê om hulle in geen opsig hoegenaamd met die Swartes te bemoei nie en dat enige klagtes wat die Blankes teen die Swartes gehad het, aan Clarke voorgelê moes word sodat hy dit kon ondersoek.[190] As persoon was Clarke goed bekend aan die Swartes en het hulle hom met hoë agting bejeën.[191]

---

187. K.W. Smith: The Campaigns against the Bapedi of Sekhukhune, 1877-1879, p.13.

188. MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 30.4.1879 (The Gold Fields).

189. LL 28, No. 1415: G.A. Roth - Koloniale Sekretaris, 13.11.1880 (afskrif); SS 487, R4809/80 gevoeg by R6082/82 gevoeg by R4128/89: G.A. Roth - Koloniale Sekretaris, Lydenburg, 15.11.1880.

190. LL 23, No. 831: C. van Brandis - Veldk. Erasmus, 8.8.1877 (afskrif).

191. SN 2, N313/79 gevoeg by N303/79: Report on collection of Native Taxes, opgestel deur H.C. Shepstone, 19.12.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie toestand van sake het tot gevolg gehad dat hy groot gesag en 'n invloedryke posisie onder die Swartes verkry het.[192] Onder hierdie omstandighede het G.A. Roth, die landdros van Lydenburg, verklaar dat in vergelyking met Clarke, die Swartes hom as 'n tweedehandse indoena beskou het wat weinig sê in enige sake van belang gehad het.[193]

Afgesien van die sake waaroor hulle geen bevoegdheid gehad het nie, soos byvoorbeeld dat daar aan Barlow en Creagh geen regterlike funksies verleen is nie,[194] het die spesiale kommissarisse as die Administrateur van Transvaal se verteenwoordiger en as die hoogste gesagvoerende amptenaar[195] in die distrik of distrikte waaroor hulle aangestel was, in alle ander sake die hoogste gesag besit.[196] Onder normale omstandighede is daar nie van die spesiale kommissarisse verwag om enige uitvoerende funksies te vervul nie. Maar wanneer daar 'n dringende noodsaak in so 'n distrik sou ontstaan en daar nie tyd was om die aangeleenthede aan die administrateur vir sy instruksies voor te lê nie,[197] kon die spesiale kommissarisse van hulle uitvoerende mag gebruik maak. As die administrateur se verteenwoordiger het die spesiale kommissarisse dan die bevoegdheid gehad om van die landdroste en Naturellekommissarisse te eis om ooreenkomstig die wette van Transvaal, sodanige maatreëls te tref as wat hy van mening was deur die omstandighede vereis word.[198] In so 'n

---

192. LL 28, No. 1415: G.A. Roth - Koloniale Sekretaris, 13.11.1880 (afskrif); SN 2, N313/79 gevoeg by N303/79: Report on collection of Native Taxes, opgestel deur H.C. Shepstone, 19.12.1879.

193. SS 487, R4809/80 gevoeg by R6088/82 gevoeg by R4128/89: G.A. Roth - Koloniale Sekretaris, Lydenburg, 15.11.1880.

194. SS 8632, p.692: N.J.R. Swart - Landdros Waterberg, Pretoria, 20.6.1877; Ibid., p.693: N.J.R. Swart - Landdros Soutpansberg, Pretoria, 20.6.1877; Ibid., p.694: N.J.R. Swart - O. Dahl, Pretoria, 20.6.1877.

195. SN 1(a), N149/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879.

196. SS 8632, p.692: N.J.R. Swart - Landdros Waterberg, Pretoria, 20.6.1877; Ibid., p.693: N.J.R. Swart - Landdros Soutpansberg, Pretoria, 20.6.1877; Ibid., p.694: N.J.R. Swart - O. Dahl, Pretoria, 20.6.1877.

197. SS 300, adR2974/78: M. Osborn - M. Barlow, 23.8.1879 (afskrif).

198. SS 8632, pp.706-711: N.J.R. Swart - M. Barlow, Pretoria, 21.6.1877; SN 102, pp.751-758: H.C. Shepstone - C.A.F.G. Creagh, Pretoria, 9.1.1880; SN 3, N8/80: H.C. Shepstone - C.A.F.G. Creach, 9.1.1880 (afskrif).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geval is daar egter verwag dat die spesiale kommissarisse met die grootste moontlike omsigtigheid te werk sou gaan.[199]

Drie weke na Barlow se aanstelling, is hy op 21 Junie 1877 opgedra om as die administrateur se kommissaris, die distrikte Zoutpansberg en Waterberg te besoek. Hoewel hy verskillende aangeleenthede in hierdie twee distrikte moes ondersoek, het die belangrikste deel van sy opdrag egter in verband gestaan met die Swartes wat in hierdie distrikte gewoon het.[200] Volgens sir Theophilus het Barlow se besoek aan Zoutpansberg en Waterberg ten doel gehad om die gesindheid van die Swartbevolking van hierdie distrikte teenoor die Britse regering in Transvaal vas te stel en om hulle geleidelik onder die beheer van kommissarisse en Naturellekommissarisse te plaas. Barlow moes ook die regeringsverandering in Transvaal aan hulle verduidelik en hulle inlig oor wat onder hierdie omstandighede van hulle verwag word.[201]

Met die oog op die uitvoering van sy opdrag, is Barlow van 'n aantal instruksies voorsien.[202] Hiervolgens moes hy die verskillende kapteins besoek en persoonlik met hulle praat. Hy moes verneem of hulle bereid was om hulle as gehoorsame onderdane aan die Britse administrasie te onderwerp. Aan die kapteins moes verduidelik word dat hulle onderwerping aan die Britte se gesag sou beteken dat hulle die belasting wat hulle opgelê word, gereeld moes betaal. Verder, dat gehoorsaamheid betoon moes word aan die amptenare wat aangestel sou word om hulle te administreer, hulle geskille en probleme te reël, hulle in hul eie belang te adviseer en ook met betrekking tot alle sake wat met hierdie amptenare se werk in verband gestaan het van raad te bedien. Tensy die Swartes hulle sonder enige voorbehoud aan die Transvaalse regering onderwerp, sou dit beter wees om Transvaal te verlaat en hulle buite die grense van hierdie

---

199. SS 300, adR2974/78: M. Osborn - M. Barlow, 23.8.1879 (afskrif).

200. SS 8632,pp.706-711: N.J.R. Swart - M. Barlow, Pretoria, 21.6.1877; Sien ook De Volksstem, 13.6.1877 (Local and General).

201. ATC 3, p.80: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 13.8.1877.

202. SS 8632, pp.706-711: N.J.R. Swart - M. Barlow, Pretoria, 21.6.1877; 'n Afskrif van Barlow se instruksies kom ook voor by M321, CO 879/12, African No. 142, Bylaag No. 1 by No. 53, pp.145-146: N.J.R. Swart - M. Barlow, Pretoria, 21.6.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gebied te gaan vestig.

Sover dit hierdie sake betref, moes Barlow aan die administrateur verslag doen oor die gesindheid van elke kaptein en sy volk. Terselfdertyd moes hy so 'n volledige lys as moontlik opstel van al die kapteins wat in Zoutpansberg en Waterberg gewoon het. Daar moes aangetoon word oor hoeveel weerbare manskappe hierdie kapteins beskik het en hoeveel Swartes daar gemiddeld in 'n hut gewoon het. Met die oog op die insameling van hierdie inligting en in sy gesprekvoering met die kapteins, kon Barlow gebruik maak van die hulp van die sendelinge van die verskillende kerkgenootskappe wat onder die Swartes werksaam was.

Barlow moes die kapteins en hulle mense verder meedeel dat die Transvaalse regering nie kon toelaat dat die Swartes, hetsy as 'n stam of as indiwidue, sonder die uitdruklike opdrag van die Regering, vyandelike aanvalle op mekaar maak nie. Enige ongemagtigde aanval, sou as 'n verbreking van die wet beskou word en sou die persoon of die stam wat tot so 'n aanval oorgegaan of veroorsaak het, tot verantwoording geroep word. Dit was die Regering se begeerte dat vrede onder almal, Wit en Swart, moes heers en dat alle geskille mondeling tussen die disputante self of deur middel van 'n beslissing deur 'n amptenaar van die Regering gereël sou word.

'n Verdere opdrag wat Barlow ontvang het, was dat die Swartes aangesê moes word dat dit moontlik was dat amptenare nog gedurende die winter van 1877 by hulle mag opdaag om 'n hutbelasting in te vorder. Gevolglik moes die Swartes hulle gereed maak om 'n hutbelasting van 10/- per hut te betaal. Ook was dit noodsaaklik dat hierdie belasting in kontant eerder as met goedere betaal moes word. Ten einde die Swartes in staat te stel om vir 'n loon in of buite Transvaal te gaan werk, sou die betaling op passe opgehef word en reëlings getref word sodat diê Swartes weer veilig na hulle tuistes kon terugkeer. Op elke geweer wat 'n Swarte van buite Transvaal af met hom saamgebring het, moes 'n bedrag van 10/- per loop, of die bedrag wat van tyd tot tyd deur die wet op die invoering van vuurwapens vereis word, betaal word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In sy getuienis voor die Koninklike Kommissie in Mei 1881 het Barlow te vertel gehad dat hy, waarskynlik in die uitvoering van hierdie opdrag, die statte van al die kapteins - 67 in totaal - in Zoutpansberg gedurende Junie tot Desember 1877 besoek het. Verder was dit ook deel van sy werk om toe te sien dat ouerlose Swartkinders versorg word en dat geen vuurwapens, slagdoppies of kruit aan die Swartes verkoop word nie. En, daar in die beginjare van die Britse bewind in Transvaal, moes hy ook ondersoek instel of daar nie moontlik slawerny in Zoutpansberg en Waterberg bedryf word nie.[203]

Die voorafgaande opdrag aan Barlow in verband met die Swartes wat hy moes besoek, het uit die aard van die saak, in die lig gestaan van die regeringsverandering in Transvaal en wat die nuwe bewind van die Swartes sou verwag. Met Creagh se aanstelling as spesiale kommissaris vir Waterberg, Zoutpansberg en 'n deel van die Lydenburgse distrik in Januarie 1880, het Transvaal reeds sowat drie jaar van Britse bestuur agter die rug gehad. Anders dus as in die geval van Barlow, wat benewens sy werksaamhede in verband met die Swartes, ook ander opdragte gehad het om uit te voer,[204] het Creagh se werksaamhede feitlik uitsluitlik op die Swartes betrekking gehad. In soverre dit die Swartes betref, was dit ook nie meer nodig dat hy aandag moes gee aan al die sake wat Barlow in 1877 opgedra is nie.

As spesiale kommissaris vir drie distrikte, is daar van Creagh verwag om tussen hierdie distrikte rond te reis ten einde oor die verloop van sake in hierdie distrikte toesig te hou.[205] Dit was sy plig om homself op die hoogte te stel

---

203. C 3219, pp.62-63, par. 1223, 1231, 1237 en 1238: M. Barlow se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 5 Mei 1881.

204. Sien in die verband SS 8632, pp.706-711: N.J.R. Swart - M. Barlow, Pretoria, 21.6.1877.

205. SN 102, pp.779-780: H.C. Shepstone - Spesiale Kommissaris Waterberg, Soutpansberg en Lydenburg, Pretoria, 14.1.1880; SN 3, N8/80: H.C. Shepstone - Spesiale Kommissaris Waterberg, Soutpansberg en Lydenburg, Pretoria, 14.1.1880 (afskrif).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met sowel die Blankes as die Swartes wat in Zoutpansberg, Waterberg en Lydenburg gewoon het. Veral moes hy sorg dat hy goed ingelig was oor die kapteins en dat hy persoonlik aan hulle bekend moes wees. By die kapteins moes hy die noodsaaklikheid inskerp van gehoorsaamheid aan die amptenare wat die Regering oor hulle aangestel het. Hierdie amptenare is aangestel om hulle te beheer, hulle geskille en probleme te reël en hulle in hul eie belang te adviseer. Die kapteins en hulle mense moes ook meegedeel word dat die Regering nie kan toelaat dat die Swartes, sonder die uitdruklike opdrag van die Regering, vyandige aanvalle op mekaar maak nie. Alle ongemagtigde aanvalle sou as 'n verbreking van die wet beskou word en sou diegene wat vir so 'n aanval verantwoordelik was, tot verantwoording geroep word. Dit was belangrik dat die vrede bewaar moes word en dat alle geskille ôf mondelings deur die twistendes self gereël moes word ôf deur middel van 'n beslissing deur een van die amptenare wat met die administrasie van die Swartes belas was.[206]

Toe Barlow in 1877 as spesiale kommissaris aangestel is, is daar geen regterlike bevoegdheid aan hom verleen nie.[207] Dit het gevolglik beteken dat hy nie die bevoegdheid gehad het om siviele sake tussen Swartes te verhoor nie. Toe Barlow ten spyte hiervan in Desember 1879 wel uitspraak in 'n saak tussen Swartes gegee het, het Henrique Shepstone hom dadelik daarop gewys dat alle siviele sake tussen Swartes deur die Naturellekommissarisse ondersoek en verhoor word, aangesien hulle vir dié doel aangestel word.[208]

Met Creagh se aanstelling in 1880 is sy aandag daarop gevestig dat hy nie die reg gehad het om in die regterlike verhouding van die Naturellekommissaris en die Swartes in te meng nie. Anders egter as in die geval met Barlow, is daar

---

206. SN 102, pp.751-758: H.C. Shepstone - C.A.F.G. Creagh, Pretoria, 9.1.1880 (afskrif).

207. SS 8632, p.692: N.J.R. Swart -Landdros Waterberg, Pretoria, 20.6.1877; Ibid., p.693: N.J.R. Swart - Landdros Zoutpansberg, Pretoria, 20.6.1877; Ibid., p.694: N.J.R. Swart - O. Dahl, Pretoria, 20.6.1877.

208. SN 102, pp.711-712: H.C. Shepstone - Spesiale Kommissaris Waterberg en Zoutpansberg, Pretoria, 6.12.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wel regterlike bevoegdheid aan Creagh verleen. Volgens 'n besluit van Lanyon het Creagh die bevoegdheid verkry om 'n appêl teen die uitspraak van 'n Naturellekommissaris in 'n siviele saak tussen Swartes aan te hoor. Die Naturellekommissarisse is ook opgedra om 'n verslag van alle sake tussen Swartes wat deur hulle verhoor is, aan Creagh voor te lê. Indien enigiets in hierdie stukke hom as verkeerd of onreëlmatig sou opval, moes hy daaroor by die Naturellekommissaris wat die saak verhoor het, navraag doen en hom om 'n verduideliking vir sy optrede vra.[209].

Creagh se appêlbevoegdheid was egter van korte duur, aangesien hierdie bevoegdheid weer teruggetrek is enkele dae nadat dit aan hom verleen is. As rede hiervoor is aangevoer dat die omvang van sy werksaamhede, die feit dat baie van sy tyd in beslag geneem sou word deur rond te reis en toesig te hou oor die distrikte waaroor hy aangestel is, dit vir hom onmoontlik sou maak om appêlsake te verhoor.[210] Dit het gevolglik beteken dat Creagh sy regterlike bevoegdheid verloor het. Die enigste taak wat hy hierna in dié verband gehad het, was om die maandelikse verslae na te gaan van die sake wat gedurende die maand deur die Naturellekommissarisse in sy distrikte verhoor is.[211]

Ten einde hulle werksaamhede doeltreffend te kon verrig, was dit van die allergrootste belang dat die spesiale kommissarisse op die hoogte moes wees van alles wat in hul onderskeie distrikte gaande was. Om hulle dus op die hoogte van sake te hou, is die Naturellekommissarisse opgedra om alle aangeleenthede in verband met die Swartes aan die spesiale kommissarisse te rapporteer[212] en om al hulle korrespondensie

---

209. SN 102, pp.751-758: H.C. Shepstone - C A.F.G. Creagh, Pretoria, 9.1.1880; SN 3, N8/80: H.C. Shepstone - C.A.F.G. Creagh, Pretoria, 9.1.1880 (afskrif).

210. SN 102, pp.779-780: H.C. Shepstone - Spesiale Kommissaris Waterberg, Zoutpansberg en Lydenburg, Pretoria, 14.1.1880; SN 3, N8/80: H.C. Shepstone - Spesiale Kommissaris Waterberg, Zoutpansberg en Lydenburg, Pretoria, 14.1.1880 (afskrif).

211. SN 102, pp.818-821: H.C. Shepstone - F. Williams, Pretoria, 27.1.1880.

212. SN 102, pp.751-758: H.C. Shepstone - C.A.F.G. Creagh, Pretoria, 9.1.1880; SN 3, N8/80: H.C. Shepstone - C.A.F.G. Creagh, Pretoria, 9.1.1880 (afskrif).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met die Sekretaris van Naturellesake in verband met Swart-aangeleenthede deur middel van hierdie mense te voer.[213] Ook moes alle verslae aan die Sekretaris van Naturellesake of enigiets wat die Naturellekommissarisse onder sy aandag wou bring, eers aan die spesiale kommissaris voorgelê word.[214]

Van die spesiale kommissarisse is daar ook verwag om toe te sien dat die instruksies uitgevoer word wat met betrekking tot die Swartes of Swartaangeleenthede aan die Naturelle-kommissarisse en - waar dit van toepassing was - ook aan die landdroste, opgedra word.[215] Indien daar 'n aange-leentheid was waaroor die Regering meer inligting wou bekom, is dit aan die spesiale kommissarisse opgedra om dit te ondersoek en verslag daaroor te doen.[216]

In die geval van Creagh is hy ook aangesê om onmiddellik na sy diensaanvaarding die nodige stappe te neem ten einde die Swartpolisiemag op die been te bring wat volgens Clarke se aanbeveling na die oorlog teen die Pedi tot stand gebring moes word. Verder, dat hy op grond van die inligting wat hy van Barlow sou kry wanneer hy by hom as spesiale kommissaris sou oorneem, 'n aanbeveling aan die Regering moes maak oor waar die Naturellekommissarisse en Swartpolisie in Zoutpansberg en Waterberg gestasioneer moes word.[217]

---

213. SN 102, pp.751-758: H.C. Shepstone - C.A.F.G. Creagh, Pretoria, 9.1.1880; SN 102, pp.818-821: H.C. Shepstone - F. Williams, 27.1.1880; SN 4: C.H.R. Norman - A.W. Sampson, 18.9.1880 (afskrif).

214. SN 1(a), N75/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 16.5.1879; Ibid., H.C. Shepstone - Naturellekommissaris Waterberg, 19.5.1879 (afskrif); SN 102, pp.371-372: H.C. Shepstone - Naturellekommis-saris Waterberg, 19.5.1879; SN 102, pp.818-821: H.C. Shepstone - F. Williams, Pretoria, 27.1.1880; SN 4: C.H.R. Norman - A.W. Sampson, 18.9.1880 (afskrif).

215. SN 102, pp.751-758: H.C. Shepstone - C.A.F.G. Creagh, Pretoria, 9.1.1880.

216. SS 8632, p.822: N.J.R. Swart - M. Barlow, Pretoria, 2.7.1877.

217. SN 3, N8/80: W.O. Lanyon - G. Wolseley, 30.12.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5. Naturellekommissarisse in diens van die Transvaalse regering, 1877-1881

5.1 O. Dahl, W.V. King en R. Bell. Die aanstelling van C. Schulze en G. Eckersley

Soos reeds aangedui, het die Zuid-Afrikaansche Republiek teen die einde van 1876 vier Naturellekommissarisse aangestel. Van hierdie vier was daar met die anneksasie van die Republiek in April 1877 nog drie in diens, naamlik Oscar Dahl vir Zoutpansberg, W.V. King vir Waterberg en Robert Bell vir Nieuw Schotland. Al drie hierdie persone het hulle bereid verklaar om hulle dienste onder die nuwe bewind voort te sit.[218]

Kort na die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek het sir Theophilus Shepstone besluit dat die vrede met die Pedi na die Sekhukhune-oorlog van 1876-1877, in so 'n mate herstel was dat die vrywilligermagte Fort Burgers en Fort Weeber kon ontruim.[219] Onder hierdie omstandighede en waarskynlik met die oog daarop om vir die administrasie van die Swartes in die Lydenburgse distrik voorsiening te maak, het Marshall Clarke, die Spesiale Kommissaris vir die Lydenburgse distrik, met die goedkeuring van sir Theophilus, vir Carl Schulze vanaf 21 Junie 1877 as waarnemende resident-agent of magistraat aangestel.[220] Schulze was natuurlik nie geheel en al onbekend met die Swartes van Lydenburg nie, aangesien hy in Augustus 1876

---

218. SS 8634, pp.185-188: List of officers in the service of the late South African Republic on its annexation to the British Dominions, April 12th 1877, and retained in their respect offices; SS 234, R1433/77: O. Dahl - Staatsekretaris, Eersteling, 18.4.1877; SS 235, R1680/77: W.V. King - Wnd. Sekretaris, Pretoria, 2.5.1877.

219. K.W. Smith: The Campaigns against the Bapedi of Sekhukhune, 1877-1879, p.10.

220. C 2584, p.33, Bylae 1 by No. 21: Memorandum on the consequence of the defeat and capture of Sikukuni, and the settlement of the district claimed by him, opgestel deur M. Clarke, Pretoria, 2.1.1880; SS 239, R2471/77: M. Clarke - Regeringsekretaris, Lydenburg, 30.6.1877.

deur die Zuid-Afrikaansche Republiek as Naturelle-kommissaris vir die Lydenburgse distrik aangestel is. Schulze het egter in Januarie 1877 bedank, met die gevolg dat toe die Britte Transvaal geannekseer het, daar nie 'n Naturellekommissaris vir die Lydenburgse distrik was nie. Met sy nuwe aanstelling, teen 'n salaris van £250 per jaar, het Schulze as magistraat of Naturelle-kommissaris, met die uitsondering van die Ndzundza of Mapoggers, beheer verkry oor al die Swartes wat in die omgewing van Fort Weeber gewoon het en gedurende die Sekhukhune-oorlog aan die Zuid-Afrikaansche Republiek onderhorig was.[221]

Saam met Schulze is George Eckersley in Junie 1877 teen 'n salaris van £120 per jaar as resident-magistraat by Fort Burgers aangestel.[222] In die staat vir uitgawes vir 1878, word daar onder die afdeling Aborigines na Schulze en Eckersley as die "Two commissioners in forts" verwys.[223] In die begroting van 1879 word daar weer onder die afdeling Border Department na hulle as assistent-Naturellekommissarisse verwys.[224]

Schulze en Eckersley se aanstellings het dus tot gevolg gehad dat die Transvaal teen Junie 1877 oor die dienste van vyf Naturellekommissarisse beskik het. Hierdie getal is egter 'n paar maande hierna tot vier verminder toe Robert Bell deur die Swartes vermoor is.[225] Die uitbreek

---

221. SN 102, pp.751-758: H.C. Shepstone - C.A.F.G. Creagh, Pretoria, 9.1.1880; SN 3, N8/80: H.C. Shepstone - C.A.F.G. Creagh, 9.1.1880 (afskrif); SS 239, R2471/77: M. Clarke - Regeringsekretaris, Lydenburg, 30.6.1877.

222. ZAR 166, Blue Book for the Transvaal Province, 1879, p.120, Bylae No. 9: Civil Establishment for the year 1879, No. 5: Aborigines, No. 3, Border Department; SN 160: Blue Book of the Transvaal for the year 1878, p.19: Sien Heads of Service: Aborigines.

223. SN 160: Blue Book of the Transvaal for the year 1878, p.19: Sien Heads of Service: Aborigines.

224. ZAR 166, Blue Book for the Transvaal Province, 1879, p.120, Bylae No. 9: Civil Establishment of the Transvaal, for the year 1879, No. 5: Aborigines, No. 3, Border Department.

225. SS 248, adR3652/77: A.D. King - G.A. Roth - Nieuw Schotland, 5.10.1877 (afskrif); SS 247, R3557/77: S.T. Erskine - M. Osborn, 25.9.1877; T. Shepstone Papers, Vol. 68: T. Shepstone - B. Frere, Utrecht, 5.10.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die oorlog tussen die Transvaalse regering en die Pedi in Maart 1878 het verder tot gevolg gehad dat Schulze en Eckersley se aandag in so 'n mate deur die oorlog in beslag geneem is dat hulle vir die duur daarvan selfs deur die militêre owerheid besoldig is.[226] Dit het dus beteken dat daar teen die helfte van 1878 slegs twee Naturellekommissarisse, naamlik Dahl en King was wat, in soverre dit onder die onbestendige toestand moontlik was, hulle aandag aan die administrasie van die Swartes kon gee. Toe King dus in April 1879 tydens die oorlog teen die Pedi bedank het, het daar slegs Dahl oorgebly om hierdie taak in Zoutpansberg te verrig.

5.2 W.V. King se bedanking as Naturellekommissaris

Nadat King vir bykans drie jaar as Naturellekommissaris in diens van die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Britse regering in Transvaal was, het hy in April 1879 sy bedanking as Naturellekommissaris vir Waterberg aan sir Morrison Barlow, die Spesiale Kommissaris vir Waterberg en Zoutpansberg, oorhandig en dié versoek om dit vir gunstige oorweging en goedkeuring aan Lanyon te stuur.[227] As rede vir sy bedanking het King aangevoer dat hy as gevolg van die verlies van drie gesoute perde nie in staat was om in sy distrik rond te reis ten einde die verskillende Swartkapteins te besoek nie. Dit was juis op 'n tydstip toe hy terdeë bewus was van die noodsaaklikheid dat hierdie kapteins ten tye van die Sekhukhune-oorlog besoek moes word.

'n Verdere rede vir King se bedanking was sy algeheel ontoereikende salaris. Volgens hom kon hy met sy salaris nie behoorlik lewe of die skyn van welvaart voor die

---

226. SS 404, R1124/80: Nota van W.O. Lanyon, 15.3.1880; Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 16.3.1880.

227. SS 341, N30/79 gevoeg by R1523/79: W.V. King - M. Barlow, Marabastad, 7.4.1879; Ibid., M. Barlow - Sekretaris van Naturellesake, Eersteling, 8.4.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Swartes bewaar het nie. Sy skrywe aan die Sekretaris van Naturellesake in Desember 1878 in verband met sy salaris is heeltemal veronagsaam. Hy het verder aangevoer dat hy genoop was om te bedank vanweë die voortdurende onkoste wat hy op die lyf geloop het as gevolg van die geskenke wat hy verplig was om aan die Swartes te gee wat die een of ander aangeleentheid onder sy aandag gebring het en waarvoor daar geen voorsiening in die vorm van 'n toelaag deur die Regering gemaak is nie. King het ook aangevoer dat hy geen antwoord op sy korrespondensie in verband met hierdie sake ontvang het nie. Veral het hy verwys na sy skrywe van 6 Desember 1878 waarin hy Henrique Shepstone as Sekretaris van Naturellesake se goedgunstige oorweging van hierdie finansiële aspekte gevra het, aangesien juis dit grondliggend aan al sy besware was.[228]

'n Paar dae na King se bedanking, het Barlow 'n skrywe aan Melmoth Osborn, die Koloniale Sekretaris, gerig waarin hy te kenne gegee het dat King se bedanking hoegenaamd nie 'n verlies vir die Regering was nie. In elk geval het dit hom van die taak bevry om Lanyon amptelik van King se neiging tot drankmisbruik in kennis te stel.[229]

In sý kommentaar het Henrique Lanyon daarop gewys dat King op 7 Augustus 1876 vir 'n tydperk van twee jaar teen 'n salaris van £20 per maand en 5% van die belasting wat hy by die Swartes sou invorder, as Naturellekommissaris vir Waterberg aangestel is. Sowat 'n maand voor die verstryking van sy tweejaardienstermyn op 7 Augustus 1878, het King aangebied om sy dienste op 'n permanente basis voort te sit. Hy is egter meegedeel dat daar waarskynlik met sy pos weggedoen gaan word, maar dat in afwagting van 'n finale besluit, die administrateur dit goedgekeur het dat hy sy betrekking voorlopig mag behou.

---

228. SN 1(a), N31/79: W.V. King - Sekretaris van Naturellesake, Marabastad, 10.4.1879.

229. SS 341, N30/79 gevoeg by R1523/79: M. Barlow - M. Osborn, Eersteling, 12.4.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Desember 1878 het King vir 'n verhoging van salaris aansoek gedoen en terselfdertyd versoek om vergoed te word vir die verlies van sy perde wat skynbaar aan perdesiekte gevrek het.[230] Hierdie versoek is egter van die hand gewys op grond daarvan dat toe King aangestel is, die Republiek se regering hom meegedeel het dat hy as Naturellekommissaris vir sy eie vervoer moes sorg. Op sy versoek dat 'n salaris-verhoging aan hom toegestaan moes word, is daar nie verder ingegaan nie, aangesien Henrique op daardie stadium nie in Pretoria was nie. Een van die redes wat King vir 'n verhoging van salaris aangevoer het, was dat die Britse administrasie die invordering van die hutbelasting opegehef het[231] en dat hy gevolglik vergoed moes word vir die verlies van die toelae van 5% daarop wat hy sodoende moes ontbeer. Henrique is egter meegedeel dat King nog nooit enige belasting by die Swartes ingevorder het nie - selfs nie eers in die dae van die Zuid-Afrikaansche Republiek nie en kon hy dus nie vergoed word vir die verlies van werk wat hy nooit gedoen het nie. Afgesien hiervan was Henrique van mening dat King se dienste nie van groot waarde vir die Regering was nie - veral omdat King, soos Barlow beweer het, hom aan drankmisbruik skuldig gemaak het. Gevolglik het Henrique vir Lanyon aangeraai om King se bedanking te aanvaar.[232]

Lanyon was egter nie bereid om King se bedanking sonder meer te aanvaar nie. Hy het voorgestel dat Henrique, wat op daardie stadium op die punt gestaan het om na Waterberg en Zoutpansberg te vertrek, navraag ter plaatse moes gaan doen en dan konfidensieel oor sy bevindinge moes rapporteer. Lanyon weer was die mening toegedaan dat ook Barlow skuld aan King se bedanking gehad het. In afwagting van Henrique se verslag, moes daar voorlopig niks verder omtrent die aangeleentheid gedoen word nie.[233]

---

230. SN 1(a), N31/79: W.V. King - Sekretaris van Naturellesake, Marabastad, 10.4.1879.

231. Sien Hoofstuk 2.

232. SS 341, N30/79 gevoeg by R1523/79: Kommentaar van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 21.4.1879.

233. SS 341, N30/79 gevoeg by R1523/79: Nota van W.O. Lanyon, 1.5.1879.

Kort nadat King sy bedanking ingedien het, het hy die koloniale sekretaris versoek om toegelaat te word om dit terug te trek, aangesien hy die besluit oorhaastig geneem het. Hy het die hoop uitgespreek dat sy lang diens onder die Britse regering in 'n sekere mate vir sy oorhaastige optrede sou vergoed. Hy het nietemin gehoop dat Lanyon die redes wat hy vir sy bedanking aangevoer het, met die uitsondering van dié wat oor die verhouding tussen hom en Barlow gehandel het en wat hy terugtrek, gunstig sou oorweeg.[234]

King se versoek is aan Lanyon voorgelê. Sonder om sy bedanking te aanvaar en met die oog daarop dat Henrique hom moontlik elders in diens kon plaas, het Lanyon opdrag gegee om King mee te deel dat die Regering as gevolg van sy bedanking reeds ander reëlings in verband met sy pos getref het. Gevolglik was dit nie moontlik om sy bedanking terug te trek nie. Vir Osborn se inligting het Lanyon tussen hakies bygevoeg dat hy van mening was dat daar voorlopig sonder 'n Naturellekommissaris in Waterberg oor die weg gekom kon word.[235]

In uitvoering van Lanyon se opdrag dat hy met sy besoek aan Waterberg navraag in verband met King se bedanking moes doen, het Henrique Lanyon op 28 Mei vanaf Eersteling in kennis gestel dat hy die aangeleentheid met King bespreek het. King het hom meegedeel dat sy amptelike verhouding met Barlow onbevredigend was en hy nie met hom oor die weg kon kom nie. Navrae wat Henrique gedoen het, het verder aan die lig gebring dat King hom wel aan drankmisbruik skuldig gemaak het en dat dit dikwels met die uitvoering van sy pligte ingemeng het. Afgesien hiervan was Henrique reeds vir 'n geruime tyd bewus daarvan dat King geen invloed hoegenaamd onder die Swartes in Waterberg gehad het nie. Op grond van hierdie redes het Henrique gevolglik King se bedanking

---

234. SS 341, N30/79 gevoeg by R1523/79: W.V. King - Koloniale Sekretaris, Marabastad, 22.4.1879.

235. SS 341, N30/79 gevoeg by R1523/79: Nota van W.O. Lanyon, 28.5.1879; Sien ook Ibid., Koloniale Sekretaris - W.V. King, 6.5.1879 (afskrif); Ibid., Nota van M. Osborn - W.O. Lanyon, 13.5.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanvaar.[236] Net soos Lanyon was ook Henrique van mening dat dit nie op daardie stadium nodig was om 'n ander Naturellekommissaris in King se plek aan te stel nie, aangesien dit beter sou wees om so 'n aanstelling terug te hou "until the Native question and the ap(poin)t(ment) of officers to control them is generally gone into".[237]

Onder hierdie omstandighede het Henrique King op 28 Mei meegedeel dat sy bedanking vanaf 31 Mei 1879 aanvaar word en dat alle amptelike dokumente aan Barlow as die spesiale kommissaris vir Waterberg oorhandig moes word.[238]

5.3 João Albasini se aanstelling as Naturellekommissaris

Ten spyte van Henrique se aanbeveling dat die aanstelling van Naturellekommissarisse eers weer in oorweging geneem moes word wanneer die Swartvraagstuk na die beëindiging van die oorlog teen die Pedi in oënskou geneem word, het sake egter anders verloop. Teen Junie 1879 het daar 'n toestand onder die Knopneuse of die Tsonga van die Spelonken ontstaan, wat Henrique verplig het om João Albasini, as Naturellekommissaris vir 'n deel van die Zoutpansbergse distrik aan te stel.

Kort na die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek het Albasini, wat onder die Swartes as 'Juwwawo' bekend gestaan het, op versoek van sir Theophilus, die hoofmanne van die Tsonga en die verteenwoordigers van die Swartkapteins wat in sy omgewing gewoon het, Pretoria toe gebring om sir Theophilus as die verteenwoordiger van die Britse regering

---

236. SS 341, N30/79 gevoeg by R1523/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Eersteling, 28.5.1879.

237. SS 341, N30/79 gevoeg by R1523/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Eersteling, 28.5.1879.

238. SS 341, adN30/79 gevoeg by R1523/79: H.C. Shepstone - Naturellekommissaris Waterberg, Eersteling, 28.5.1879 (afskrif); Ibid., H.C. Shepstone - Spesiale Kommissaris Waterberg en Zoutpansberg, Eersteling, 28.5.1879 (afskrif).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in Transvaal te verwelkom.[239] By die geleentheid het sir Theophilus Henrique as hulle hoof aan die Swartes voorgestel[240] en Barlow aan hulle uitgewys as die persoon wat hy as spesiale kommissaris aangestel het wat die hoogste gesag in die Zoutpansbergse distrik sou besit. Terselfdertyd het sir Theophilus hulle meegedeel dat hulle Albasini as hul kaptein kon beskou. Hy was ook die persoon deur wie hulle klagtes en behoeftes en alle ander sake wat hulle geraak het, aan die Regering voorgelê sou word.[241]

Nadat Barlow in Junie 1877 met sy werksaamhede as spesiale kommissaris vir Waterberg en Zoutpansberg begin het, het hy die Tsonga besoek. By die geleentheid het hy hulle bymekaar geroep en hulle meegedeel dat Albasini nie langer hulle kaptein was nie, maar dat hulle voortaan al hulle probleme aan W.J. Grieve, die veldkornet, moes voorlê.[242] Ook het Barlow Grieve as 'n soort van 'n plaasvervangende Naturelle-kommissaris aangestel. Hierna het Barlow die Tsonga nie weer besoek nie en kon hy hom dus nie vergewis van hoe hulle oor die algemeen en met Grieve oor die weg gekom het nie.[243]

Hoewel die Tsonga na Barlow se besoek wel met hulle probleme na Grieve toe gegaan het, kon hy hulle nie verstaan nie aangesien hy nie hulle taal kon praat nie. Sy vrou wat vir hom getolk het, het haar nie net aan begunstiging skuldig gemaak nie, maar geweier om te tolk alvorens daar nie eers 'n pik vir die gebruik van haar mond en ook vir elke oor en elke oog aan haar gegee word nie. Ofskoon Grieve veronderstel was om hulle kaptein te wees, kon hy die Tsonga geen

---

239. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879.

240. T. Shepstone Papers, Vol. 41: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 7.7.1879.

241. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879; T. Shepstone Papers, Vol. 41: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 7.7.1879.

242. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879; T. Shepstone Papers, Vol. 41: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 7.7.1879.

243. T. Shepstone Papers, Vol. 41: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 7.7.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tevredenheid of herstel van onreg bied nie. Hy was dus van geen waarde nie en was daar ook niemand anders na wie hulle hul kon wend nie.[244]

Hierdie toedrag van sake het tot gevolg gehad dat die Tsonga met die verloop van tyd in 'n toestand van wetteloosheid en ongehoorsaamheid verval het. Aangesien daar niemand was wat enige beheer oor hulle uitgeoefen het nie, het 'n gevoel van ontevredenheid en weerspannigheid hom van hulle meester gemaak. Die gevolg was dat elke kraal homself as onafhanklik van die ander beskou het en na goeddunke opgetree het. Allerlei eise, wat in baie gevalle op veronderstelde regte gebaseer was, is aan mekaar gestel. Kort voor lank het hulle begin om hulle eise en twiste deur middel van geweld te probeer reël wat in sommige gevalle met lewensverlies gepaard gegaan het. Ook het die gewoonte by die Tsonga ontstaan om die Swartes wat van die diamantvelde af teruggekeer het te beroof.[245]

Dit dan was die toestand waarin die Tsonga hulle bevind het toe Henrique, in opdrag van Lanyon, gedurende Mei en Junie 1879 'n besoek aan Zoutpansberg gebring het. Die doel van hierdie besoek was om 'n mag bestaande uit Tsonga vir militêre optrede teen Sekhukhune op die been te bring en terselfdertyd die toestand van die Zoutpansbergse distrik van nader te beskou.[246] Met sy aankoms aldaar het Henrique dadelik vasgestel dat Grieve geheel en al vir sy taak ongeskik was en dat hy geen invloed of beheer hoegenaamd oor die Tsonga gehad het nie. Meer nog, het die toestand waarin die Tsonga

---

244. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879; T. Shepstone Papers, Vol. 41: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 7.7.1879.

245. T. Shepstone Papers, Vol. 41: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 7.7.1879; SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879.

246. T. Shepstone Papers, Vol. 40: M. Osborn - T. Shepstone, Pretoria, 2.5.1879; T. Shepstone Papers, Vol. 40: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 18.5.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle bevind het, daarop gedui dat die wanorde wat daar onder hulle bestaan het, binnekort in openlike oproerigheid sou kulmineer. Henrique het gevolglik tot die besluit gekom dat alvorens pogings in die werk gestel kon word om 'n Tsongamag op die been te bring, daar eers gepoog moes word om 'n sekere mate van orde onder die mense te bewerkstellig. Daarom was dit noodsaaklik dat iemand oor hulle aangestel word om hulle te beheer.[247] Toe Henrique, ten spyte van sy navrae, geen ander geskikte persoon vir die doel kon vind nie, was João Albasini die enigste persoon wat hy kon gebruik.[248] Gevolglik het hy besluit om Albasini vanweë sy "experience and knowledge of the native character, habits and customs and his intimate acquaintance with the language" as Naturellekommissaris aan te stel.[249]

Met die oog daarop om die Tsonga van Albasini se aanstelling in kennis te stel, het Henrique opdrag gegee dat die hoofmanne van die verskillende krale byeengeroep word. Ongeveer 300 hoofmanne het hulle opwagting by dié vergadering gemaak. Henrique het hulle gevolglik ernstig vermaan oor die gedisorganiseerde en wettelose toestand waarin hulle hul bevind het.[250] Hy het hulle daarop gewys dat die onveiligheid waarin hulle landstreek verkeer het, aan hulle weerspannigheid en onderlinge twiste gewyt moes word.[251] In sowel hul eie as in die belang van die Regering kon hierdie toestand van sake nie langer toegelaat word nie.[252]

Verskeie hoofmanne het hierna opgestaan en Henrique bedank dat hy as Sekretaris van Naturellesake hulle besoek het. Hulle

---

247. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879.
248. T. Shepstone Papers, Vol. 41: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 7.7.1879.
249. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879.
250. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879.
251. T. Shepstone Papers, Vol. 41: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 7.7.1879.
252. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het erken dat hy reg was oor die ongehoorsaamheid en wetteloosheid wat daar op daardie stadium onder hulle bestaan het. Hiervoor was hulle egter nie verantwoordelik nie. Die rede daarvoor moet aan die deur van die Regering gelê word, aangesien die Regering Albasini, wat deur sir Theophilus as hulle kaptein aangewys is, van hulle weggeneem het.[253] Hulle het verder aangevoer dat hulle hul in Zoutpansberg kom vestig het om onder 'n Witregering en Witkaptein te wees.[254] Indien hulle 'n Swartkaptein wou gehad het, sou hulle nie hulle land verlaat het om hulle in Zoutpansberg te kom vestig nie. Die feit egter dat hulle van Albasini gehoor het en dat baie van hulle hom geken het, het hulle laat besluit om hulle eie land te verlaat en hulle onder hom te kom vestig.[255] Deur Barlow se optrede is Albasini egter van hulle af weggeneem en het hulle niemand anders gehad om na te gaan nie.[256] Aangesien hulle nie 'n erkende kaptein gehad het nie, het elke kraal met sy buurkraal oorhoops geraak. Gevolglik het hulle gehoop dat Henrique iets sou doen om 'n einde te maak aan die wetteloosheid wat daar onder hulle bestaan het.[257]

In antwoord hierop het Henrique die Tsonga meegedeel dat die enigste oplossing wat hy voorsien het, was om iemand aan te stel wat hulle taal en gewoontes geken het ten einde beheer oor hulle uit te oefen. In hierdie opsig het hy van niemand geweet wat meer geskik was as Albasini nie en het hy hom gevolglik as Naturellekommissaris aangestel.[258] Aan sy vader het Henrique te kenne gegee dat die Tsonga hom gevra

---

253. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O.Lanyon, 19.7.1879; T. Shepstone Papers, Vol. 41: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 7.7.1879.

254. T. Shepstone Papers, Vol. 41: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 7.7.1879

255. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879.

256. T. Shepstone Papers, Vol. 41: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 7.7.1879.

257. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879.

258. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het om Albasini weer aan hulle terug te gee, aangesien hy hulle vader was en hy na hulle omgesien het.[259]

Henrique se besluit om Albasini as kaptein[260] van die Tsonga en Naturellekommissaris aan te stel, is met groot vreugde en dankbaarheid deur hulle ontvang.[261] Al die kapteins wat in diê deel van Zoutpansberg gewoon het wat Henrique van voorneme was om onder die beheer van Albasini te plaas is van sy aanstelling in kennis gestel. Almal van hulle het Henrique vir Albasini se aanstelling bedank en hom die versekering gegee dat sy aanstelling tot gevolg sou hê dat die veiligheid en vrede weer gou herstel sou word. Afgesien van die Swartes het ook die Boere wat in die Zoutpansbergse distrik gewoon het, Albasini se aanstelling verwelkom en eweneens die mening gehuldig dat rus en orde weer gou in daardie deel van Zoutpansberg herstel sou word.[262]

Wat Albasini se aanstelling as Naturellekommissaris betref, het Henrique hom op 10 Junie 1879 meegedeel dat hy hom voorlopig en onderhewig aan die administrateur se goedkeuring, as Naturellekommissaris vir die Zoutpansbergse distrik teen 'n salaris van £250 per jaar aangestel het. Sodra die administrateur sy aanstelling goedgekeur het, sou Henrique hom van 'n skrywe voorsien waarin sy pligte as Naturellekommissaris uiteengesit word en die grense omskryf word van diê deel van Zoutpansberg waaroor hy jurisdiksie gehad het. Verder, dat hy onmiddellik in bevel was van die Tsonga. Aangesien hulle nie 'n Swartkaptein gehad het nie, moes Albasini homself as hulle kaptein beskou en tewens dadelik begin om orde onder hulle te herstel. Afgesien van die Tsonga, het Albasini as Naturellekommissaris ook toesig gehad

---

259. T. Shepstone Papers, Vol. 41: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 7.7.1879.

260. SN 1(a), N149/79: H.C. Shepstone - J. Albasini, Spelonke, 10.6.1879.

261. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879; T. Shepstone Papers, Vol. 41: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 7.7.1879.

262. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oor al die Swartkapteins wat in diê deel van die Zoutpansbergse distrik gewoon het wat aan Albasini toegewys sou word. Met die oog daarop om Barlow as spesiale kommissaris ingelig te hou oor wat in sy gebied gaande was, moes Albasini al sy korrespondensie met die Sekretaris van Naturellesake deur middel van Barlow voer.[263] Sowat 'n maand later is Albasini aangesê dat dit sy plig was om aan Barlow verslag te doen oor alles wat in sy distrik gebeur het. Van Barlow sou hy dan instruksies ontvang hoe daar met sodanige aangeleenthede gehandel moes word.[264]

Aangesien Henrique Albasini as Naturellekommissaris aangestel het sonder om Lanyon vooraf te raadpleeg, het hy laasgenoemde na sy terugkeer na Pretoria volledig ingelig oor die toestand waarin hy die Tsonga aangetref het.[265] Henrique het vermoed dat Albasini se reputasie Lanyon ongeneë gemaak het om hom aan te stel.[266] Hy het daarom Lanyon se aandag daarop gevestig dat hy terdeë bewus was van al die gerugte wat daar in die omloop was in verband met Albasini se afpersing en wreedheid teenoor die Swartes in vroeër dae. Hy het met Albasini oor al hierdie dinge gepraat en diê het hom verseker dat hy bereid was om op al die beskuldigings te antwoord wat teen hom ingebring word. In hierdie opsig was hy in staat om 'n skriftelike opdrag van die Zuid-Afrikaansche Republiek te toon vir alles wat hy gedoen het.[267] Henrique het Lanyon gevolglik versoek om by die oorweging van Albasini se aanstelling in gedagte te hou dat die Republiek van enige middel gebruik moes maak om beheer oor Zoutpansberg te behou. Dit was teen hierdie agtergrond dat Albasini sy berugtheid verkry het.[268]

---

263. SN 1(a), N149/79: H.C. Shepstone - J. Albasini, Spelonke, 10.6.1879.

264. SN 102, p.409: H.C. Shepstone - J. Albasini, Pretoria, 1.7.1879; Sien ook Ibid., p.410: H.C. Shepstone - Spesiale Kommissaris Waterberg en Soutpansberg, Pretoria, 1.7.1879.

265. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879.

266. T. Shepstone Papers, Vol. 41: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 7.7.1879; Vir meer besonderhede i.v.m. Albasini, sien J.B. de Vaal: Die rol van João Albasini in die geskiedenis van die Transvaal.

267. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879; Sien ook T. Shepstone Papers, Vol. 41: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 7.7.1879.

268. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Henrique het verder aangevoer dat sedert Grieve deur Barlow aangestel is, die Swartes hulle herhaaldelik op Albasini beroep het. Ten spyte hiervan het hy op geen wyse hoegenaamd met die administrasie van die Swartes ingemeng nie, maar hulle altyd na Grieve verwys.[269] Onder hierdie omstandighede en gesien in die lig van die feit dat Henrique, vanweë die toestand waarin die Tsonga hulle bevind het, nie die tyd gehad het om sake eers met Lanyon te bespreek nie, het hy vertrou dat Lanyon sy optrede sou goedkeur. Hy was daarvan oortuig dat Albasini reg sou laat geskied aan sy keuse en homself as 'n betroubare en nuttige amptenaar van die Regering sou bewys.[270]

Henrique het Lanyon meegedeel dat hy van voorneme was om Albasini aan te stel oor dié deel van die Zoutpansbergse distrik wat begrens word deur die Limpoporivier in die noorde en deur die Sterkstroom tot by sy oorsprong in Piesangkop in die weste. Van Piesangkop af het die grens met 'n reguit lyn suid tot by Muilaskop gestrek; van hier af na die oorsprong van die Groot Letabarivier en daarvandaan na die samevloeiing van die Groot Letaba- en die Limpoporivier. Hierdie gebied het die noord-oostelike gedeelte van die Zoutpansbergse distrik, te wete die Spelonken ten ooste van die Dwarsrivier, beslaan. Afgesien van die Tsonga, het Albasini ook jurisdiksie gehad oor al die Swartkapteins wat in hierdie gebied gewoon het, naamlik Tshivhase, Lwamondo, Mphaphuli, Netsianda, Rambuda en Modjadji.[271] Oor Makhado, sy onderkapteins en Matok se kraal in die Groot Spelonken, het hy egter geen jurisdiksie gehad nie.[272]

---

269. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879; Sien ook T. Shepstone Papers, Vol. 41: H.C. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 7.7.1879.

270. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879.

271. SN 1(a): H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.7.1879.

272. SS 569, R4362/81: J. Albasini - P.J. Joubert, Spelonken, 14.9.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Soos reeds aangedui is, was Lanyon nie baie gretig om Albasini se aanstelling goed te keur nie.[273] Presies wanneer Lanyon dit goedgekeur het, is ook nie duidelik nie. Feit is egter dat Albasini se aanstelling wel later goedgekeur is vanaf die datum - 10 Junie 1879 - waarop Henrique hom aangestel het.[274] Die feit egter dat Albasini se aanstelling eers nadat dit deur die Minister van Kolonies goedgekeur is, in Mei 1881 in die Transvaal Government Gazette gepubliseer is,[275] het die indruk gewek dat hy eers in 1881 as Naturellekommissaris aangestel is.[276] Soos uit die voorafgaande blyk, bestaan daar egter geen grond vir hierdie opvatting nie.

5.4 C. Schulze en G. Eckersley word as Naturellekommissarisse aangestel

Die beëindiging van die oorlog teen die Pedi in November 1879, het aan die Tussenregering die geleentheid gegee om, soos Henrique Shepstone in Mei 1879 opgemerk het die Swartvraagstuk en die aanstelling van amptenare om die Swartes te beheer, onder die loep te neem.[277] In soverre dit die aanstelling van sodanige amptenare betref, was Henrique van mening dat as gevolg van die onbestendige toestand waarin Transvaal tot met die verslaning van Sekhukhune verkeer het, die Naturellekommissarisse nie veel gehad het om te doen nie. Namate die Swartes na die oorlog weer gevestig sou raak en tot die besef kom dat die Naturellekommissarisse hulle geskille sou reël, hulle klagtes sou ondersoek en uitspraak sou lewer in die sake wat aan hulle voorgelê word, sou die werksaamhede van die Naturellekommissarisse toeneem. Veral sou daar vir hulle baie wees om in hulle hoedanigheid as magistrate vir die Swartes te doen. Wanneer hierdie stadium bereik word, sou dit gevolglik nodig wees om nog meer Naturellekommissarisse - veral in dié distrikte waar daar 'n groot Swartbevolking

---

273. T. Shepstone Papers, Vol. 41: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 7.7.1879.

274. SN 4(a), N106/81: Statement of names of all officials in S.N.A. Department, g.d..

275. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 3.5. 1881: G.K. No. 48, 1881, 30.4.1881.

276. J.B. de Vaal: Die rol van João Albasini in die geskiedenis van die Transvaal, p.142.

277. SS 341, N30/79 gevoeg by R1523/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Eersteling, 25.5.1879.

was - aan te stel. Hoewel die aanstelling van Naturelle-kommissarisse en amptenare soos tolke en klerke om hulle te help, aanvanklik 'n duur onderneming sou wees, sou hulle aanstellings hierdie onkoste vergoed. Dit sou gedoen kon word deur 'n gereelde invordering van die hutbelasting en die inkomste wat uit die hofkoste van Swart sake verkry sou word.[278]

Sover dit Schulze en Eckersley betref, was een van die eerste gevolge van die beëindiging van die oorlog teen die Pedi, die feit dat hierdie twee amptenare weer in 'n posisie geplaas is om hulle werksaamhede in verband met die administrasie van die Swartes voort te sit. Toe die oorlog beëindig is, is die Pedi-kapteins onder andere meegedeel dat die Regering nie van voorneme was om hulle van hul grond te ontneem nie, maar dat elke kaptein sy posisie mag behou solank as wat hy en sy mense hulle behoorlik gedra. 'n Magistraat sou oor hulle aangestel word, wie se bevele gehoorsaam moes word en na wie almal die reg gehad het om te appelleer. Afgesien hiervan was Clarke egter van mening dat ofskoon die Pedi tot onderdanigheid gedwing was, dit nie bevorderlik vir die vrede sou wees indien die Pedi van Sekhukhune se stat toegelaat sou word om in hulle bergvesting te bly woon nie. Hierdie Pedi het hulle altyd verhewe bo die ander beskou. Baie van hulle was aan Sekhukhune verwant en het aan die heersende ras behoort wat òf deur middel van mag òf deur die beleid wat hulle gevolg het, die stam gekonsolideer het.[279]

Ten einde hierdie Pedi aan bande te lê is daar besluit om hulle saam met Sekhukhune se oorblywende manlike bloedverwante na die omgewing van Mathibieskop en Maléoskop te verskuif.

---

278. SN 3, N28/80: H.C. Shepstone - W.O.Lanyon, g.d., maar Januarie 1880; Sien ook SN 3, N123/80: Memorandum on Native Affairs, g.d., maar April 1880.

279. C 2584, pp.32-34, Bylae 1 by No. 21: Memorandum on the consequence of the defeat and capture of Sikukuni, and the settlement of the district claimed by him, opgestel deur M. Clarke, Pretoria, 2.1.1880.

Hierdie gebied was ongeveer 80 kilometer van die Luluberge af, terwyl die tusseninliggende gebied deur Swartstamme bewoon was wat nog altyd lojaal aan die Britse regering was.

Met die oog daarop om hierdie Pedi onder 'n meer onmiddellike toesig te plaas, is Carl Schulze, wat tot dusver as magistraat te Fort Weeber gewoon het, na Maléoskop verskuif.[280] Hoewel hierdie Pedi Schulze se eerste verantwoordelikheid was, sou hy, soos wat dit tot op daardie stadium die geval was, ook toesig hê oor al die Swartes wat op die Fort Weeber - Olifantsfort-lyn en omgewing gewoon het.[281]

Saam met Schulze is George Eckersley op 16 Desember 1879 voorlopig en onderhewig aan goedkeuring aangestel as resident in bevel van die Swartes wat in die landstreek gewoon het wat tot kort tevore nog in besit van Sekhukhune was.[282] Dit het gevolglik beteken dat hy in beheer sou wees van al die Swartes wat gewoon het in die gebied wat begrens was deur 'n lyn wat gestrek het vanaf die Steelpoortrivier, deur Magneetshoogte, vandaar af deur "Panama" se ou stat na die Olifantsrivier aan die een kant en tot by die samevloeiing van die Olifantsrivier en die Steelpoortrivier aan die anderkant. Afgesien van hierdie Swartes sou hy ook in beheer wees van die Swartes wat by die halfwegspruit op die Fort Weeber - Mamaluli-pad geplaas sou word.[283] Kort na Schulze en Eckersley se aanstellings het Clarke versoek dat hulle as Naturellekommissarisse, ook as vrederegters aangestel moes word.[284]

---

280. C 2584, pp.32-34, Bylae 1 by No. 21: Memorandum on the consequence of the defeat ... of Sikukuni ..., M. Clarke, Pretoria, 2.1.1880.

281. SS 404, R1124/80: M. Clarke - C. Schulze, Fort Weeber, 19.12.1879; C 2505, pp. 119-120, Bylae by No. 39: M. Clarke - C. Schulze, Fort Weeber, 19.12.1879.

282. SS 404, R1124/80: M. Clarke - Chief of Staff, Fort Weeber, 16.12.1879.

283. SS 404, R1124/80: Instructions to Magistrate Lulu Mountains, M. Clarke, Fort Weeber, 16.12.1879; C 2505, pp.120-121, Bylae by No. 39: Instructions to Magistrate Lulu Mountains, M. Clarke, Fort Weeber, 16.12.1879.

284. SS 384, R25/80: M. Clarke - Koloniale Sekretaris, Pretoria, 2.1.1880; Sien ook M 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 4.2.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Clarke het wel Schulze en Eckersley se aanstellings aan die stafhoof gerapporteer.[285] Die beëindiging van die Militêre Regering na die oorwinning oor Sekhukhune en die feit dat nóg die Koloniale Kantoor nóg die Departement van Naturellesake van hulle aanstellings in kennis gestel is,[286] het egter tot gevolg gehad dat Schulze en Eckersley se aanstellings tot Maart 1880 vergete geraak het.[287] Toe Henrique dus hierdie aanstellings onder oë gekry het, het hy dadelik tot die besef gekom dat Schulze en Eckersley slegs voorlopig aangestel was en dat hulle gevolglik nog permanent aangestel moes word. Verder, hoewel Clarke hulle van hul instruksies, as magistrate voorsien het, het hy nagelaat om aan te dui teen watter salaris hulle aangestel word of van wanneer af hulle aanstellings van krag sou wees.[288]

Onder hierdie omstandighede is daar gevolglik in Maart 1880 besluit om Schulze en Eckersley as Naturellekommissarisse teen 'n salaris van £300 per jaar aan te stel. Aangesien hulle tot aan die einde van 1879 deur die Militêre Regering besoldig is, is daar besluit dat hulle aanstellings vanaf 1 Januarie 1880 in werking sou tree en hulle van dié datum af deur die Transvaalse regering besoldig sou word.[289] Ooreenkomstig hierdie besluit, is Schulze en Eckersley gevolglik op 20 Maart in kennis gestel dat hulle voorlopig en onderhewig aan die goedkeuring van die Minister van Kolonies onderskeidelik as Naturellekommissarisse te Malêoskop in die Middelburgse distrik en die Luluberge in die Lydenburgse

---

285. SS 404, R1124/80: M. Clarke - Chief of Staff, Fort Weeber, 16.12.1879; Ibid., Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 14.3.1880.

286. SS 404, R1124/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 14.3.1880.

287. SS 404, R1124/80: Nota van W.O. Lanyon, 15.3.1880.

288. SS 404, R1124/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 14.3.1880.

289. SS 404, R1124/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 16.3.1880; Ibid., Nota van W.O. Lanyon, 18.3.1880; Ibid., Nota van H.C. Shepstone - F(inance) and R(evenue) Commissioner, 20.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

distrik aangestel word. Hulle aandag is pertinent daarop gevestig dat aangesien hulle geen toelaag sou ontvang nie, alle onkoste soos vir huisvesting, reisonkoste ensovoorts uit hulle salaris verhaal moes word.[290]

5.5 Eckersley se bedanking en A. Ritter se aanstelling as Naturellekommissaris

Toe Clarke vir Eckersley in Desember 1879 as magistraat aangestel het, het hy hom te kenne gegee dat hy vanaf 1 Januarie 1880 'n salaris van £300 per jaar sou ontvang.[291] Vroeg in Maart 1880 het Creagh, as Spesiale Kommissaris vir Zoutpansberg, Waterberg en Lydenburg, Eckersley in kennis gestel dat hy teen 'n salaris van £300 per jaar as Naturellekommissaris vir die Luluberge aangestel is. Oor hierdie besoldiging was Eckersley hewig ontstel en het hy sy misnoeë daarvoor baie duidelik te kenne gegee. Hy het Creagh gevolglik meegedeel dat wanneer hy hierdie betrekking aanvaar, hy verplig sou wees om afgesonderd van 'n Blanke gemeenskap te leef. Om benodigdhede te bekom, sou 'n aansienlike onkoste tot gevolg hê, terwyl hy hom in 'n gebied moes gaan vestig wat as gevolg van perdesiekte, die grootste gevaar van al die Transvaalse distrikte vir perde ingehou het. Daarbenewens het die ondervinding wat hy sedert Desember 1879 as Naturellekommissaris opgedoen het, hom daarvan oortuig dat dit 'n baie veeleisende werk was. Om hierdie redes was Eckersley van mening dat 'n vergoeding van £300 per jaar geheel en al onvoldoende was.[292]

---

290. SN 102, pp.888-889: H.C. Shepstone - C. Schulze, Pretoria, 20.3.1880; Ibid., p.890: H.C. Shepstone - G. Eckersley, Pretoria, 20.3.1880; SS 404, R1124/80: H.C. Shepstone - C. Schulze, 20.3.1880 (afskrif); H.C. Shepstone - G. Eckersley, 20.3.1880 (afskrif); SN 102, pp.885-886: H.C. Shepstone - Privaat Sekretaris, 20.3.1880.

291. SS 404, R1124/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 14.3.1880.

292. SS 409, R1285/80: G. Eckersley - C.A.F.G. Creagh, Residentskantoor Loeloeberge, 11.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ook die Transvaal Argus het sy verbasing oor hierdie vergoeding te kenne gegee en daarop gewys dat Eckersley van die begin van die vyandelikhede teen die Pedi, nog altyd as een van die betroubaarste amptenare in die diens van die Regering beskou is. Gedurende die oorlog tussen die Engelse en die Pedi, is hy gereeld in verband met die oorlog geraadpleeg en is sy mening dikwels as die beste manier van optrede aanvaar. Verder het hy met 'n onvermoeide ywer gewerk en groot ontberings verduur ten einde betroubare inligting met betrekking tot Sekhukhune se posisie en sterkte te bekom. In werklikheid het Eckersley baie, indien nie meer as enigiemand anders gedoen, om die oorlog tot 'n suksesvolle einde te bring nie. In Lydenburg was almal terdeë bewus van die diens wat hy gelewer het en waarvoor daar groot waardering bestaan het. Gevolglik was dit onbegryplik dat die Regering hom as 'n beloning vir sy diens, die onbenydenswaardige betrekking van Naturellekommissaris teen die grootmoedige salaris van £300 per jaar aangebied het - ten spyte van die feit dat daar maar weinig mense was wat hierdie betrekking teen dubbel die salaris sou aanvaar, veral nog as hulle geweet het dat hulle verplig was om die meeste van hulle tyd in 'n koorsgeteisterde gebied deur te bring.[293]

Toe Eckersley sowat twee weke later sy aanstelling as Naturellekommissaris teen 'n salaris van £300 per jaar ontvang het, het hy Creagh versoek om sy bedanking te aanvaar en hy by die eerste moontlike geleentheid van sy werk onthef sou word. As rede hiervoor het hy aangevoer dat dit vir hom onmoontlik was om op 'n salaris van £300 per jaar, waaruit hy ook al sy persoonlike onkoste in verband met sy werk moes verhaal, te bestaan.[294] Omdat daar nie 'n salarisverhoging aan hom toegestaan kon word nie,[295] het Henrique aanbeveel dat sy bedanking aanvaar word en hy so gou as moontlik van sy werk onthef word.[296] Volgens die Transvaal Argus was

---

293. MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 19.3.1880 (Lydenburg).

294. SS 413, R1526/80: G. Eckersley - C.A.F.G. Creagh, Residentskantoor Loeloeberge, 31.3.1880.

295. SN 102, p.912: H.C. Shepstone - C.A.F.G. Creagh, Pretoria, 24.4.1880; SS 409, R1285/80: C.A.F.G. Creagh - Sekretaris van Naturellesake, Lydenburg, 9.4.1880.

296. SS 413, R1526/80: Nota van H.C. Shepstone - Koloniale Sekretaris, ongeveer 9.4.1880; Ibid., G. Hudson - C.A.F.G. Creagh, Pretoria, 12.4.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Eckersley se bedanking 'n groot teleurstelling en het die koerant getwyfel of enigiemand anders gevind sou kon word om die werksaamhede van 'n Naturellekommissaris so goed soos Eckersley teen dieselfde salaris te verrig.[297]

Op 14 April 1880, twee dae nadat Eckersley se bedanking aanvaar is, is daar besluit om A. Ritter in sy plek as Naturellekommissaris by die Luluberge aan te stel.[298] Hierdie besluit is geneem slegs 'n paar dae nadat Ritter as 'n klerk vir João Albasini, die Naturellekommissaris in die Spelonken, angestel was.[299] Voordat hy hierdie betrekking aanvaar het, het Eckersley bedank en het Ritter gevolglik besluit om vir die betrekking aansoek te doen.[300]

Ritter was, waarskynlik gedurende die oorlog teen die Pedi, vir bykans twee jaar 'n resident by die Luluberge.[301] Sy verblyf in daardie deel van Oos-Transvaal het hom in staat gestel om 'n grondige kennis van Swartaangeleenthede op te doen.[302] Gevolglik het hy daarop aanspraak gemaak dat met die uitsondering van Eckersley, daar niemand anders in daardie deel van die land was wat meer as hy van Swartaangeleenthede af geweet het nie. Ook was hy nie geheel en al onbekend met die werksaamhede van 'n Naturellekommissaris nie, angesien hy onder Clarke se toesig, reeds vir etlike maande lank as Naturellekommissaris waargeneem het toe Schulze met verlof was. Omdat hy in hierdie hoedanigheid dikwels met die Swartkapteins in die omgewing van die Luluberge in aanraking gekom het, het hy baie van hulle persoonlik leer ken.[303]

---

297. M 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 10.4.1880 (Lydenburg).

298. SS 413, R1526/80: Nota van H.C. Shepstone - Koloniale Sekretaris, 14.4.1880.

299. SN 102, p.922: H.C. Shepstone - A. Ritter, Pretoria, 7.4.1880;
SN 102, p.894: H.C. Shepstone - J. Albasini, Pretoria, 23.3.1880.

300. SN 3, N128/80: A. Ritter - Sekretaris van Naturellesake, Pretoria, 10.4.1880.

301. SN 3, N128/80: A. Ritter - W.O. Lanyon, Pretoria, 14.4.1880.

302. SN 3, N128/80: A. Ritter - Sekretaris van Naturellesake, Pretoria, 10.4.1880.

303. SN 3, N128/80: A. Ritter - W.O. Lanyon, Pretoria, 14.4.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die kapteins het hom dus goed geken en ook gerespekteer.[304] Volgens Ritter het hy Hollands met dieselfde vaardigheid as Engels geskryf en gepraat.[305] Daarbenewens het hy Xhosa gepraat en was hy op daardie stadium besig om die Basoeto-dialek aan te leer wat deur die Swartes in die Luluberge gepraat word.[306]

Aangesien Henrique van mening was dat Ritter die beste persoon was om in Eckersley se plek aan te stel, het hy 'n aanbeveling in dier voege aan Lanyon voorgelê[307] wat hy dan ook goedgekeur het.[308] Gevolglik is Ritter vanaf 1 Mei 1880 as Naturellekommissaris by die Luluberge in die Lydenburgse distrik aangestel. Hy sou 'n salaris van £300 per jaar ontvang waaruit alle onkoste wat hy as Naturellekommissaris in verband met sy werk mag aangaan, verhaal moes word.[309] Onder hierdie omstandighede is Eckersley in kennis gestel dat Ritter sy werksaamhede as Naturellekommissaris op 1 Mei sou aanvaar en dat dit van hom verwag word om sy kantoor op diê dag aan Ritter te oorhandig.[310] Voortvloeiende hieruit het Ritter gevolglik sy werksaamhede as Naturellekommissaris by die Luluberge op 1 Mei 1880 aanvaar.[311]

5.6 F. Williams se aanstelling as Naturellekommissaris vir Waterberg

Intussen is kaptein Frank Williams vanaf Februarie 1880 as Naturellekommissaris vir Waterberg aangestel, nadat hierdie distrik sedert King se bedanking in Junie 1879 sonder 'n permanente Naturellekommissaris was. Net soos die ander

---

304. SN 3, N128/80: A. Ritter - Sekretaris van Naturellesake, Pretoria, 10.4.1880.

305. SN 3, N128/80: A. Ritter - Sekretaris van Naturellesake, Pretoria, 10.4.1880; Ibid., A. Ritter - W.O. Lanyon, Pretoria, 14.4.1880.

306. SN 3, N128/80: A. Ritter - Sekretaris van Naturellesake, Pretoria, 10.4.1880.

307. SN 3, N128/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 12.4.1880; Ibid., H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 14.4.1880.

308. SN 3, N128/80: Nota van W.O. Lanyon - H.C. Shepstone, 14.4.1880.

309. SN 102, p.956: H.C. Shepstone - A. Ritter, Pretoria, 14.4.1880; SN 3, N128/80: H.C. Shepstone - Tesourier, 14.4.1880; SN 102, p.955: H.C. Shepstone - C.A.F.G.Creagh, Pretoria, 14.4.1880.

310. SN 102, pp.957-958: H.C. Shepstone - G. Eckersley, Pretoria, 14.4.1880

311. SN 3, N157/80: A. Ritter - Sekretaris van Naturellesake, Fort Weeber, 1.5.1880; SS 432, R2431/80: G. Eckersley - C.A.F.G. Creagh, Loeloeberge, 1.5.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Naturellekommissarisse sou Williams 'n salaris van £300 per jaar ontvang wat alle toelaes, soos vir onkoste in verband met huisvesting, reisonkoste, ensovoorts ingesluit het.[312] Met die oog op sy aanstelling, is die landdros van Waterberg opgedra om toe te sien dat al die Swartkapteins en -hoofmanne in die Waterbergse distrik van Williams se aanstelling in kennis gestel word.[313] Skaars drie maande na sy aanstelling is hy vroeg in April 1880, in die ouderdom van 23 jaar, op Blaawberg, die sendingstasie van eerwaarde H.C. Stech, aan koorssiekte oorlede.[314]

5.7 C.G.M. Kingsley se aanstelling as Naturellekommissaris vir die Rustenburgse distrik

Sowat 'n maand na Ritter se aanstelling en drie maande na Williams se dood, is C.G.M. Kingsley in Junie 1880 as Naturellekommissaris vir die Rustenburgse distrik aangestel. Volgens Lanyon is sy aanstelling genoodsaak deur die Swartvraagstuk wat daar op die Transvaalse wesgrens ontstaan het en vanweë die oplegging van 'n hutbelasting op die Transvaalse Swartes in April 1880.[315]

Kingsley het met sy aanstelling reeds vir 'n geruime tyd in Transvaal gewoon. Op grond hiervan het hy aangevoer dat hy met die Swartes se gewoontes en geaardheid goed bekend was.

---

312. SN 102, pp.818-821: H.C. Shepstone - F. Williams, Pretoria, 27.1.1880; SN 102, p.813: H.C. Shepstone - Ouditeur, 27.1.1880; SN 102, pp.885-886: H.C. Shepstone - Privaat Sekretaris, 20.3.1880.

313. SN 102, p.824: H.C. Shepstone - Landdros Waterberg, Pretoria, 28.1.1880.

314. SS 417, R1753/80: C.A.F.G. Creagh - Koloniale Sekretaris, Lydenburg, 16.4.1880; SN 3, N154/80: O. Dahl - Sekretaris van Naturellesake, Eersteling, 23.4.1880; Ibid., W. Williams - H.C. Shepstone, Marabastad, 23.4.1880; MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 20.4.1880 (Death of the Native Commissioner for Waterberg); MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 4.5.1880.

315. SS 437, R2764/80: Nota van W.O. Lanyon, 27.7.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sy kennis van die Swartes is verder aangevul deurdat hy in die binneland van Afrika rondgereis het. Nadat hy vir 'n jaar lank by die Zambesi- en Choberivier in Betsjoeanaland gewoon het, het hy die jaar daarop weer onder die Matebeles gaan woon.[316] Hoewel dit moontlik was dat Kingsley 'n Swarttaal kon praat, kon hy in elk geval nie die taal praat van die Sotho oor wie hy as Naturellekommissaris in die Rustenburgse distrik aangestel is nie.[317]

Kingsley se aanstelling sou in werking tree vanaf die datum waarop hy met sy werksaamhede sou begin. Anders as in die geval van die Naturellekommissarisse wat tot op daardie stadium aangestel is, was Kingsley se aanstelling voorlopig en onderhewig daaraan dat hy bewys moes lewer dat hy in staat was om die pligte van 'n Naturellekommissaris suksesvol te behartig. Ook was dit noodsaaklik dat hy die Sothotaal so gou as moontlik moes aanleer, sodat hy self in plaas van deur middel van 'n tolk, met die Swartes kon kommunikeer.[318] Van sy aanstelling as Naturellekommissaris het De Volksstem nie veel gedink nie en gevolglik verklaar dat "naar men ons meldt, moet de man daarvoor al evenzeer geschikt zijn als een uil om een preek te houden".[319]

Op 7 Julie het Kingsley in Rustenburg aangekom om met sy werksaamhede te begin.[320] Maar voordat hy nog 'n behoorlike greep op sy werk kon kry, het hy teenspoed op die lyf geloop.

---

316. SS 437, adR2764/80 gevoeg by R2746/80: C.G.M. Kingsley - Sekretaris van Naturellesake, Pretoria, 14.6.1880.

317. SS 8650, pp.19-21: G. Hudson - C.G.M. Kingsley, Pretoria, 30.6.1880
SS 437, adR2764/80 gevoeg by R2746/80: G. Hudson - C.G.M. Kingsley, 30.6.1880 (afskrif).

318. SS 8650, pp.19-21: G. Hudson - C.G.M. Kingsley, Pretoria, 30.6.1880

319. De Volksstem, 13.7.1880 (Plaatselijk en Algemeen Nieuws).

320. SS 444, R3110/80: Opmerking van G. Hudson, 3.9.1880.

Op 24 Julie het George Hudson, die Koloniale Sekretaris, waarskynlik op grond van gerugte wat die rondte begin doen het,[321] die landdros van Rustenburg versoek om hom van 'n verslag oor Kingsley se bedrywighede en gedrag sedert sy aankoms in Rustenburg te voorsien.[322]

Die waarnemende landdros het Hudson gevolglik in kennis gestel dat aangesien Kingsley opdrag gehad het om die verskillende Swartkapteins in die Rustenburgse distrik te besoek, hy hom meegedeel het dat dit onmoontlik was om uitvoering hieraan te gee sonder om eers voorsiening te maak vir een of ander soort van beskutting of 'n vervoermiddel om sy kos en beddegoed mee te vervoer. Hoewel hy Kingsley hierna gehelp het om alles wat hy nodig gehad het in die hande te kry, het hy nietemin nog geen poging aangewend om met sy werksaamhede te begin nie, hoofsaaklik omdat hy bykans voortdurend besope was. Nadat hy hom streng aangespreek het, het hy onderneem om hom in die vervolg beter te gedra en dadelik met sy werk te begin.[323]

Ongelukkig vir Kingsley het hy hom in so 'n mate aan drankmisbruik skuldig gemaak dat daar selfs in die openbaar opmerkings oor sy gedrag gemaak is. Aangesien Lanyon van mening was dat dit absoluut noodsaaklik was dat 'n Naturellekommissaris baie bestendig in sy gewoontes moes wees,[324] het hy besluit dat Kingsley onmiddellik teruggeroep moes word.[325] Sowat veertien dae later, op 1 September 1880, het Kingsley - wat volgens die verslae wat hy van sy werksaamhede opgestel het, groot belofte ingehou het - as Naturellekommissaris vir die Rustenburgse distrik bedank.[326]

---

321. SS 444, adR3110/80 gevoeg by R3110/80: G. Hudson - C.G.M. Kingsley, Pretoria, 17.8.1880.

322. SS 444, R3110/80: G. Hudson - Landdros Rustenburg, 24.7.1880 (Konfidensieel)

323. SS 444, R3110/80: Wnd. Landdros - Koloniale Sekretaris, Rustenburg, 29.7.1880.

324. SS 444, adR3110/80 gevoeg by R3110/80: G. Hudson - C.G.M. Kingsley, Pretoria, 17.8.1880.

325. SS 444, R3110/80: Nota van W.O. Lanyon, 14.8.1880.

326. SS 444, R3651/80 gevoeg by R3110/80: C.G.M. Kingsley - Koloniale Sekretaris, Pretoria, 1.9.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.8 J.S. Moffat se aanstelling as Naturellekommissaris vir die westelike grens

In dieselfde maand waarin Kingsley as Naturellekommissaris aangestel is, het Lanyon die Naturellekommissarisskap van Marico aan eerwaarde J.S. Moffat aangebied. Reeds in April 1879 het Moffat, 'n seun van eerwaarde Robert Moffat, om 'n betrekking in die Departement van Naturellesake aansoek gedoen. Om sy aansoek te verduidelik, het hy te kenne gegee dat hy op daardie stadium besig was met onderhandelings met die Londense Sendinggenootskap met die oog daarop om uit hulle diens te bedank. Ter ondersteuning van sy aansoek, het hy daarop gewys dat hy gedurende sy lang verblyf te Kuruman 'n grondige kennis van die Betsjoeanas en hulle taal opgedoen het. Hy kon hulle taal vlot praat en het ook 'n eerstehandse kennis gehad van die Betsjoeana-stamme wat buite die Transvaal gewoon het.[327] Hoewel daar op daardie stadium geen vakature was nie, is daar nietemin 'n aantekening van Moffat se aansoek gemaak in geval daar wel 'n vakature sou ontstaan waar daar van sy dienste gebruik gemaak kon word.[328]

In die loop van 1879 het Moffat uit die diens van die Londense Sendinggenootskap bedank. Hierdie toedrag van sake, sir Garnet Wolseley se aankoms as goewerneur in Transvaal in September 1879 en die moontlikheid dat daar as gevolg van die reëlings wat hy mag tref, 'n werksgeleentheid vir Moffat kon ontstaan, het tot gevolg gehad dat hy in September 1879 die Transvaalse regering weer eens aan sy aansoek herinner het.[329] Hoewel daar weer niks was wat hom aangebied kon word nie, was Lanyon nietemin van mening dat Moffat van nut mag wees as 'n Naturellekommissaris in die westelike distrikte van Transvaal wanneer daar met die invordering van die hutbelasting begin word.[330] Moffat is gevolglik in kennis gestel dat die Regering sy aansoek in gedagte sou hou en wanneer daar 'n geleentheid mag ontstaan waar van sy dienste gebruik

---

327. SS 339, R1334/79: J.S. Moffat - M. Osborn, Molepolole, 7.4.1879; Ibid., R3429/79 gevoeg by R1334/79: J.S. Moffat - M. Osborn, Zeerust, 28.9.1879.

328. SS 339, R1334/79: Nota van W.O. Lanyon - Privaat Sekretaris, 8.6.1879.

329. SS 339, R3429/79 gevoeg by R1334/79: J.S. Moffat - M. Osborn, Zeerust, 28.9.1879.

330. SS 339, R3429/79 gevoeg by R1334/79: Nota van W.O. Lanyon, 4.12.1879.

gemaak kon word, die Regering weer met hom in verbinding sou tree.[331]

In April 1880 het Henrique 'n skrywe van ene Henry Taylor van Zeerust af ontvang. Hierin het hy Moffat bestempel as 'n persoon wat die betrekking van magistraat op die wesgrens tot algehele tevredenheid van die Transvaalse Regering sou beklee. Sy kennis van die Swartes se taal sou hom tot groot voordeel strek in enige betrekking wat hy mag beklee. Sy siening van Swartsake het ook geheel en al verskil van die siening wat oor die algemeen deur sendelinge gehuldig word. Taylor was daarvan oortuig dat geoordeel op Moffat se siening van sake, veral met betrekking tot die arbeidsvraagstuk - wat baie belangrik was vir die Transvaal - daar nie 'n beter man in Suid-Afrika as Moffat was om die betrekking van magistraat te beklee nie. Hy het Henrique verseker dat indien Moffat as magistraat op die wesgrens aangestel word, dit deur sowel Wit as Swart verwelkom sou word en tewens groot tevredenheid op hierdie grens tot gevolg sou hê.[332] In antwoord op sy skrywe, is Taylor die versekering gegee dat sy opmerkings met betrekking tot Moffat in aanmerking geneem sou word indien daar besluit word om 'n Naturellekommissaris op die wesgrens aan te stel.[333]

Hierdie stand van sake het dus tot gevolg gehad dat toe daar probleme op die Transvaalse wesgrens begin ontstaan het en die Transvaalse administrasie besluit het om in April met die invordering van die hutbelasting te begin,[334] daar weer aan Moffat gedink is. Gevolglik het Lanyon in Junie 1880 besluit om die Naturellekommissarisskap van Marico vir Moffat aan te bied.[335]

---

331. SS 339, R3429/79 gevoeg by R1334/79: Koloniale Sekretaris - J.S. Moffat, 4.12.1879 (afskrif).

332. SN 3, N158/80: H. Taylor - H.C. Shepstone, Zeerust, 20.4.1880.

333. SN 3, N158/80: H.C. Shepstone - H. Taylor, Pretoria, 20.5.1880.

334. SS 437, R2764/80: Nota van W.O. Lanyon, 27.7.1880.

335. SS 437, R2764/80: Nota van H.C. Shepstone - Koloniale Sekretaris, Maleoskop, 19.6.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Watter besonderhede alles aan Moffat gestuur is, kan nie vasgestel word nie. Feit is egter dat Moffat wat hom op daardie stadium in Grahamstad bevind het 'n telegram op 14 Junie aan die Sekretaris van Naturellesake gestuur het waarin hy gevra het dat meer besonderhede in verband met die betrekking aan hom gestuur moes word, aangesien hy nie op die salaris wat hom aangebied is, sou kon bestaan nie. Veral wou hy weet watter bedrag hy as reistoelaag sou ontvang.[336] In antwoord hierop het Henrique laat weet dat hy 'n salaris van £300 en 'n toelaag van £100 per jaar sou ontvang om alle reis- en ander onkoste te dek.[337] Hierdie bedrae het Moffat skynbaar nie tevrede gestel nie en het hy op 18 Junie vir die betrekking bedank.[338] Kort hierna het Moffat egter van mening verander. Op 1 Julie het hy Henrique laat weet dat indien dit nie te laat was nie, hy sy bedanking terugtrek en die aanstelling as Naturellekommissaris aanvaar.[339]

Toe Henrique, wat op daardie stadium hutbelasting in Zoutpansberg ingevorder het, Moffat se skrywe ter hand gekry het, het hy Lanyon, wat hom eweneens in Zoutpansberg bevind het, se aandag daarop gevestig. Hy het voorgestel dat Moffat toegelaat moes word om sy bedanking terug te trek en dat hy as Naturellekommissaris vir die Marico-distrik aangestel moes word. Moffat moes ook toesig hou oor die Rustenburgse distrik waaroor Kingsley intussen as Naturellekommissaris aangestel is. Moffat sou 'n salaris van £300 en 'n toelaag van £100 per jaar ontvang om al sy onkoste in verband met huisvesting, perde en reisonkoste te bestry.[340]

Met die oog op die onbestendige toestand wat daar op die wesgrens van Transvaal bestaan het, was dit, volgens Lanyon, noodsaaklik dat 'n Naturellekommissaris sonder enige versuim

---

336. SS 489, R5039/80: J.S. Moffat - Sekretaris van Naturellesake, Grahamstad, 14.6.1880.

337. SS 489, R5039/80: Sekretaris van Naturellesake - J.S. Moffat, 14.6.1880 (afskrif).

338. SS 489, R5039/80: J.S. Moffat - Sekretaris van Naturellesake, Grahamstad, 18.6.1880.

339. SS 445, adR3199/80 gevoeg by R3199/80: J.S. Moffat - H.C. Shepstone, Grahamstad, 1.7.1880; Sien ook Ibid., Nota van G. Hudson, 1.7.1880.

340. SS 445, R3199/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Klipdam, 20.7.1880; Sien ook SS 437, R2764/80: Nota van H.C. Shepstone - Koloniale Sekretaris, Maléoskop, 19.6.1880.

daarheen gestuur moes word. Gevolglik het hy Moffat se aanstelling goedgekeur en versoek dat hy dadelik aangestel moes word.[341] 'n Telegram is vervolgens aan Moffat gestuur waarin hy aangesê is om sy betrekking so gou as moontlik te aanvaar.[342]

Op 27 Augustus 1880 is Moffat gevolglik as Naturellekommissaris vir die westelike grens aangestel, hoewel sy aanstelling reeds op 22 Augustus in werking getree het.[343] Die volgende dag is sy aanstellingsbrief, skynbaar na sy aankoms in Pretoria, aan hom oorhandig.[344] Volgens die Transvaal Argus was Moffat se aanstelling in so 'n belangrike amp soos dié van Naturellekommissaris 'n buitengewone goeie keuse. "The name of 'Moffat' is one to conjure with among the natives of this land, and the fact of Mr. Moffat being the son of his father will certainly add to the influence of the Government among the scattered and broken septs on the Western border, whose greatest enemies are themselves. Men possessed, like Mr. Moffat, of a life-long acquaintance with natives, their good points and their weaknesses, are few and far between: and when such are available, Government is wise in entrusting them with the delicate and responsible duties of administration among a population in which the elements of strife and disorder are so rife".[345]

5.9 A. Woolls-Sampson se aanstelling as Naturellekommissaris vir Waterberg

Op 5 Junie 1880 is Aubrey Woolls-Sampson as Naturellekommissaris vir Waterberg aangestel,[346] nadat hy sedert Februarie

---

341. SS 445, R3199/80: Nota van W.O. Lanyon, 21.7.1880.
342. SS 445, R3199/80: Nota van H.C. Shepstone - Koloniale Sekretaris, Klipdam, 21.7.1880.
343. SS 8650, No. 1415: G. Hudson - J.S. Moffat, Pretoria, 27.8.1880; SS 445, adR3199/80 gevoeg by R3199/80: Koloniale Sekretaris - J.S. Moffat, 27.8.1880.
344. SS 445, adR3199/80 gevoeg by R3199/80: Nota op 28.8.1880.
345. MS 179/2: The Transvaal Argus and Commercial Gazette, 2.9.1880 (Local and General).
346. SN 4, N216/80: Nota van C.H.R. Norman - Ouditeur, 20.7.1880.

as klerk en tolk by Barlow die regeringsagent op die Swazi-grens, werksaam was.[347] Reeds in April 1880 het Henrique Shepstone te kenne gegee dat hy van plan was om Woolls-Sampson, wat hy as baie geskik vir die werk beskou het, as Naturelle-kommissaris vir Waterberg aan te stel indien Williams, wat op daardie stadium reeds ernstig siek was, moontlik te sterwe sou kom.[348] Na Williams se dood en totdat Woolls-Sampson aangestel is, het Dahl, op versoek van Creagh, ook as Naturellekommissaris vir Waterberg waargeneem.[349]

5.10 Eckersley word as Naturellekommissaris van Maléoskop en die Luluberge aangestel; Schulze word na Lydenburg verplaas en Ritter word Naturellekommissaris van die Rustenburgse distrik

Soos reeds aangedui, is Kingsley kort na sy aanstelling as Naturellekommissaris vir die Rustenburgse distrik, op 14 Augustus 1880 deur Lanyon teruggeroep.[350] Vyf weke later het F.P.J. van Kuyper, die landdrosklerk van Rustenburg, vir Kingsley se betrekking aansoek gedoen.[351] Toe Henrique hierdie aansoek in Oktober onder oë gekry het, was hy van mening dat Van Kuyper nie vir die betrekking geskik was nie.[352] Op 14 Desember 1880 is hy egter in kennis gestel dat Kingsley se betrekking reeds gevul is.[353]

Intussen het S. Melvill, die Landmeter-generaal, in Oktober namens ene Stephen Harker ook vir die betrekking aansoek gedoen. Hy is egter mondelings meegedeel dat die betrek-ing reeds gevul was.[354] Ofskoon daar geen aanduiding is wie die persoon is wat hier teen die einde van 1880 as

---

347. SN 102, p.813: Nota van H.C. Shepstone - Ouditeur, 27.1.1880.
348. SN 3, N128/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 12.4.1880.
349. SN 4, N216/80: Nota van C.H.R. Norman - Ouditeur, 20.7.1880.
350. SS 444, R3110/80: Nota van W.O. Lanyon, 14.8.1880; Ibid., adR3110/80 gevoeg by R3110/80: G. Hudson, C.G.M. Kingsley, Pretoria, 17.8.1880.
351. SN 4, N263/80: F.P.J. van Kuyper - Sekretaris van Naturelle-sake, Rustenburg, 21.9.1880.
352. SN 4, N263/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 10.10.1880.
353. SN 4, N263/80: Nota gedateer 14.12.1880.
354. SN 4, N293/80: S. Melvill - W.O. Lanyon, Pretoria, 7.10.1880.

Naturellekommissaris in Rustenburg aangestel is nie, wil dit nietemin voorkom asof dit Ritter, die Naturellekommissaris by die Luluberge was.

Uit 'n skrywe van Henrique Shepstone van April 1881 blyk dit dat Schulze, die Naturellekommissaris te Maléoskop, op 14 Desember 1880 deur Henrique in kennis gestel is dat hý as Naturellekommissaris vir die Lydenburgse distrik en Eckersley, wat skynbaar weer in diens geneem is, as die Naturellekommissaris van die Luluberge, dit wil sê waar Ritter was, aangestel is. Terselfdertyd is Schulze aangesê om sy kantoor aan Eckersley te oorhandig.[355] Indien hierdie reëling uitgevoer sou gewees het, sou dit beteken het dat Eckersley Naturellekommissaris te Maléoskop en by die Luluberge was, terwyl Ritter sonder 'n betrekking sou gewees het.

Sover dit Ritter betref, blyk dit egter uit 'n verdere skrywe van Henrique van April 1881 dat hy Ritter by geleentheid aangesê het om sy kantoor by die Luluberge aan Eckersley af te gee, sodat hy self Naturellekommissaris van Rustenburg kon word.[356] Hoewel daar nie vermeld word wanneer hierdie opdrag aan Ritter gegee is nie, wil dit tog voorkom asof dit in verband met Eckersley se aanstelling as Naturellekommissaris by die Luluberge in Desember 1880 gestaan het.

Voordat hierdie reëlings uitgevoer kon word, het die Eerste Vryheidsoorlog op 16 Desember 1880 uitgebreek. Gedurende hierdie oorlog is sowel Eckersley[357] as Schulze[358] deur die Boere gevange geneem. Hierdie stand van sake het dus tot gevolg gehad dat toe Eckersley weer vrygelaat is, hy op

---

355. SN 102, p.53: H.C. Shepstone - C. Schulze, Pretoria, 30.4.1881; SN 4(a), N30/81: Nota van H.C. Shepstone, 27.4.1881.

356. SN 103, pp.38-39: H.C. Shepstone - A. Ritter, Pretoria, 5.4.1881.

357. SN 4(a), N4/81: G. Eckersley - H.C. Shepstone, 13.3.1881.

358. SN 4(a), N57/81: C. Schulze - Sekretaris van Naturellesake, Fort Weeber, 17.4.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

13 Maart 1881 by Henrique om verdere instruksies aangeklop het.[359] In antwoord op sy navraag het Henrique hom vroeg in April meegedeel dat hy so gou as moontlik na Pretoria moes terugkeer sodat hy voorlopig as Naturellekommissaris vir Rustenburg aangestel kon word. Verder, dat Ritter by die Luluberge moes bly totdat daar finaal oor die toekoms van Transvaal besluit is.[360]

Dieselfde dag waarop Henrique hierdie skrywe aan Eckersley gerig het, het hy ook 'n brief aan Ritter geskryf. Hierin het hy hom meegedeel dat sy vroeëre opdrag, naamlik dat hy sy kantoor aan Eckersley moes oorhandig en dat hyself na Pretoria toe moes kom om die Naturellekommissarisskap van Rustenburg te aanvaar, gekanselleer is. Die rede hiervoor was dat die administrateur besluit het dat Ritter voorlopig in sy pos by die Luluberge moes aanbly, totdat 'n finale reëling met betrekking tot Transvaal getref is. Daarna sou daar besluit word waar Ritter gestasioneer sou word.[361]

Van hierdie reëlings met betrekking tot Eckersley en Ritter het daar egter niks gekom nie, aangesien Henrique Eckersley in kennis laat stel het dat indien hy reeds reëlings getref het om na die Luluberge toe te gaan hy daarheen moes gaan en dat Ritter dan Pretoria toe gestuur moes word. Na aanleiding hiervan het Eckersley Henrique op 8 April laat weet dat hy reeds reëlings getref het om na die Luluberge te gaan en dat hy gevolglik nog dieselfde dag daarheen gaan vertrek.[362] Enkele dae later, op 13 April 1881, het Eckersley te Fort Weeber aangekom, Ritter se standplaas oorgeneem waarop Ritter na Pretoria vertrek het om die Naturellekommissarisskap van Rustenburg te gaan beklee.[363]

---

359. SN 103, pp.36-37: H.C. Shepstone - G. Eckersley, Pretoria, 5.4.1881.

360. SN 103, pp.36-37: H.C. Shepstone - G. Eckersley, Pretoria, 5.4.1881.

361. SN 103, pp.38-39: H.C. Shepstone - A. Ritter, Pretoria, 5.4.1881.

362. SN 4(a), N14/81: G. Eckersley - H. Shepstone, Middelburg, 8.4.1881.

363. SN 4(a), N30/81: G. Eckersley - H. Shepstone, Fort Albert, 13.4.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In soverre dit Schulze, die Naturellekommissaris te Maléoskop, betref, het hy teen die einde van Desember 1880, skynbaar sonder dat hy Henrique se skrywe van 14 Desember 1880 in verband met sy aanstelling as Naturellekommissaris vir die Lydenburgse distrik ontvang het, van sy standplaas te Maléoskop na Fort Weeber gegaan. Hier het hy verneem dat alle kommunikasie deur die Boere ontwrig is. Verder het hy al die Swartkapteins van sy gebied aangesê om hulle stil te gedra en alles te vermy wat die vrede in die distrik in gevaar kon stel.[364]

Intussen het Schulze ook verneem dat Lydenburg aangeval gaan word. Aangesien sy gesin hulle daar bevind het, het hy besluit om daarheen te gaan ten einde na hulle veiligheid om te sien. Voordat hy vertrek het, het hy Ritter versoek om gedurende sy afwesigheid 'n oog oor sy distrik te hou. Ofskoon Schulze van mening was dat hy slegs sowat veertien dae weg sou wees, het sake egter geheel anders verloop. Met sy aankoms te Lydenburg is hy vir sowat drie maande lank in Lydenburg deur die Boere as 'n gevangene aangehou en kon hy dus nie na sy standplaas terugkeer nie.[365] Hierdie gebeure het dus tot gevolg gehad dat Schulze eers weer op 14 April 1881 sy werksaamhede as Naturellekommissaris kon hervat.[366]

Met sy terugkeer van Lydenburg af, het Schulze vir Eckersley by Fort Weeber ontmoet. Dié het hom toe meegedeel dat Eckersley as Naturellekommissaris vir sowel die gebied van die Lulu-berge as Maléoskop, dit wil sê Schulze se gebied, aangestel is. Aangesien Schulze tot in daardie stadium nog geen amptelike inligting in dié verband ontvang het nie, het hy sy werksaamhede gewoonweg hervat. Ten einde duidelikheid in verband met sy posisie te verkry, het hy Henrique versoek

---

364. SN 4(a), N54/81: C. Schulze - Sekretaris van Naturellesake, Maléoskop, 19.4.1881.

365. SN 4(a), N57/81: C. Schulze - Sekretaris van Naturellesake, Fort Weeber, 17.4.1881.

366. SN 4(a), N31/81: C. Schulze - Sekretaris van Naturellesake, Fort Weeber, 14.4.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om hom van die nodige inligting met betrekking tot sy toekomstige werkskring te voorsien.[367]

Nadat Henrique die aangeleentheid met die administrateur bespreek het,[368] is Schulze op 30 April meegedeel dat hy sy standplaas aan Eckersley moes oorhandig. Hyself moes na Lydenburg gaan om die beheer oor die Swartes oor te neem. Met sy aankoms aldaar moes hy die landdros van sy aanstelling verwittig. Sover as moontlik moes die Swartes van sy aanstelling as Naturellekommissaris vir die Lydenburgse distrik in kennis gestel word.[369]

Presies wanneer Schulze met sy werksaamhede in die Lydenburgse distrik begin het, is nie duidelik nie. Sowat drie weke na sy aanstelling, het hy Henrique op 21 Mei 1881 ingelig dat hy sover moontlik die Swartes van sy aanstelling in kennis gestel het.[370]

Soos reeds aangetoon, het Eckersley Ritter se standplaas op 13 April 1881 oorgeneem, waarna Ritter na Pretoria vertrek het om Naturellekommissaris van Rustenburg te word. Twaalf dae later het Ritter, skynbaar met sy aankoms in Pretoria, Henrique in kennis gestel dat Eckersley by hom oorgeneem het en dat hy gereed was om sy nuwe betrekking te aanvaar. Ten einde sy private sake te reël, het hy vir ses weke verlof aansoek gedoen.[371] Na dit wil voorkom, is hierdie verlof aan hom toegestaan, aangesien Henrique die landdros van Rustenburg eers op 30 Mei van Ritter se aanstelling in kennis gestel het en tewens meegedeel het dat hy in daardie

---

367. SN 4(a), N54/81: C. Schulze - Sekretaris van Naturellesake, Maléoskop, 19.4.1881.

368. SN 4(a), N30/81: Nota van H.C. Shepstone, 27.4.1881.

369. SN 3, p.53: H.C. Shepstone - C. Schulze, Pretoria, 30.4.1881.

370. SN 4(a), N98/81: C. Schulze - Sekretaris van Naturellesake, Lydenburg, 21.5.1881.

371. SN 4(a), N32/81: A. Ritter - Sekretaris van Naturellesake, Pretoria, 25.4.1881 .

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stadium gereed was om na Rustenburg te vertrek.[372] Twee dae later, op 1 Junie, het Ritter in Rustenburg aangekom om sy betrekking as Naturellekommissaris vir die Rustenburgse distrik te aanvaar.[373]

5.11 R. Roberts se aanstelling as Naturellekommissaris op die Swazigrens

Nadat Ritter met sy werksaamhede in sy nuwe werkkring begin het, is daar nog slegs een Naturellekommissaris aangestel voordat Transvaal in Augustus 1881 aan die Boere teruggegee is. In opdrag van Lanyon[374] is R. Roberts op 25 Junie 1881 as Naturellekommissaris op die Swazigrens aangestel.[375]

6. Die werksaamhede van die Naturellekommissarisse, 1877-1881

Soos reeds aangedui is, het die Zuid-Afrikaansche Republiek in September 1876 'n aantal instruksies gepubliseer waarin, afgesien van die werksaamhede waarna in Wet No. 3 van 1876 verwys is, 'n uiteensetting van die werksaamhede van die Naturellekommissarisse gegee word.[376] In welke mate daar tussen Augustus 1876 toe die eerste Naturellekommissarisse aangestel is en die anneksasie van die Republiek in April 1877 aan hierdie instruksies uitvoering gegee is, is moeilik om te bepaal. Feit is egter dat toe die Britte beheer oor Transvaal oorgeneem het, hierdie instruksies nog steeds die grondslag van die werksaamhede van die Naturellekommissarisse gevorm het.

In soverre dit die werksaamhede van die Naturellekommissarisse onder Britse bestuur betref, het die anneksasie van die Republiek tot aan die begin van 1880 geen drastiese veranderings in die werksaamhede van die Naturellekommissarisse tot gevolg gehad nie. Met die uitsondering van 'n aantal instruksies

---

372. SN 103, p.96: H.C. Shepstone - Landdros Rustenburg, Pretoria, 30.5.1881.

373. SN 4(a), N107/81: Landdros Rustenburg - Sekretaris van Naturellesake, Rustenburg, 1.6.1881.

374. SN 4(a), N113/81: Nota van G. Hudson - Sekretaris van Naturellesake, 18.6.1881.

375. SN 4(a), N113/81: H.C. Shepstone - R. Roberts, 25.6.1881 (afskrif).

376. Sien Afd. 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat in Julie 1879 in verband met sy werksaamhede aan João Albasini en van tyd tot tyd met betrekking tot besondere gevalle aan indiwiduele Naturellekommissarisse uitgereik is, kon daar geen nuwe instruksies in die vorm van dié van 1876 in verband met hulle werksaamhede tussen April 1877 en die begin van 1880 aan die Naturellekommissarisse teruggevind word nie. Die moontlikheid dat Henrique Shepstone as Sekretaris van Naturellesake die Naturellekommissarisse persoonlik ingelig het, kan nie geheel en al buite rekening gelaat word nie. In 'n versoekskrif wat hy in Oktober 1881 opgestel het, het hy trouens daarop gewys hoedat hy in afwagting van die nodige wetgewende mag deur die Transvaal gereis het om die Naturellekommissarisse op die hoogte te stel met wat van hulle verwag word.[377]

Ten spyte van Henrique se bewering in verband met die voorligting van die Naturellekommissarisse is dit nietemin belangrik om daarop te let dat enkele dae na die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek, sir Theophilus Shepstone vir W.V. King en Oscar Dahl, die Naturellekommissarisse vir Waterberg en Zoutpansberg onderskeidelik, meegedeel het dat totdat hulle verdere instruksies in dié verband sou ontvang, hulle geen daadwerklike maatreëls met betrekking tot die Swartes wat onder hulle jurisdiksie gestaan het, moes neem nie.[378] Hoewel sir Theophilus hierna wel die Swartvraagstuk en die wyse waarop die Swartes geadministreer moes word in oorweging geneem het, het die uitbreek van die oorlog teen die Pedi in Maart 1878 egter tot gevolg gehad dat alle handelinge in verband met Swartaangeleenthede tot aan die einde van die oorlog uitgestel moes word. As rede hiervoor het sir Theophilus aangevoer dat hy van mening was dat dit noodsaaklik was dat die Swartvraagstuk in Transvaal in sy geheel aangepak moes word en dat dit gevolglik onwys was om hierdie vraagstuk in behandeling te neem, terwyl die oorlog teen die Pedi nog aan die gang was.[379] Die feit dat hierdie

---

377. H.C. Shepstone Papers, Vol. 11: The Memorial of H.C. Shepstone ... - Kimberley, Pietermaritzburg, 27.10.1881.

378. SS 8632, p.16: N.J.R. Swart - W.V. King, Pretoria, 19.4.1877;
SS 8632, p.17: N.J.R. Swart - O. Dahl, Pretoria, 19.4.1877.

379. C 2482, p.31, Bylae by No. 16: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch dated Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oorlog eers in November 1879 beëindig is en sir Theophilus Transvaal in Maart 1879 verlaat het, het dus tot gevolg gehad dat hy nooit in 'n posisie was om die Swartvraagstuk ter hand te neem nie.

Die onbestendige toestand wat die oorlog teen die Pedi in Transvaal tot gevolg gehad het, het nie slegs die Naturellekommissarisse wat daar was in die uitvoering van hulle werksaamhede aan bande gelê nie, maar het eweneens voorkom dat die kwessie van die administrasie van die Swartes ter hand geneem kon word. Vir die duur van die oorlog is alles moontlik gedoen om die vrede in Transvaal - veral in Zoutpansberg en Waterberg - te bewaar. Gevolglik is daar doelbewus gepoog om geen instruksies aan die Swartes uit te reik waar dit in hulle mag was om, soos hulle dit goed gedink het, hierdie instruksies te gehoorsaam of te ignoreer nie.[380] Knap na Albasini se aanstelling as Naturellekommissaris vir 'n deel van die Zoutpansbergse distrik in Julie 1879, het Morrison Barlow hom met nadruk daarop gewys dat hy die grootste versigtigheid aan die dag moes lê met betrekking tot die besluite waartoe hy sou kom in die geskille wat deur die Swartes aan hom voorgelê sou word. Ter verduideliking van hierdie opdrag, het Barlow aangevoer dat die Regering, waarskynlik as gevolg van die oorlog teen die Pedi, nog vir 'n tydlank nie in 'n posisie sou wees om sy gesag in Zoutpansberg te laat geld nie. Gevolglik was die bewaring van vrede teen elke prys die hoofoogmerk wat Albasini altyd in gedagte moes hou.[381]

Hierdie toestand van sake het dus tot gevolg gehad dat die Naturellekommissarisse, soos Henrique dit gestel het, nie veel te doen gehad het nie.[382] Onder hierdie omstandighede

---

380. SN 102, pp.246-249: H.C. Shepstone - Spesiale Kommissaris Waterberg en Zoutpansberg, Pretoria, 3.1.1879.

381. SS 569, R4362/81: J. Albasini - P.J. Joubert, Spelonken, 14.9.1881.

382. SN 3, N28/80: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, g.d., maar ongeveer Januarie 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het hy die standpunt gehuldig dat enige reëlings in verband met die administrasie van die Swartes en die aanstelling van amptenare om hulle te administreer tot na die verslaning van Sekhukhune uitgestel moes word.[383] Hoewel persoonlike voorligting deur Henrique in verband met hulle werksaamhede wel plaasgevind het, wil dit nietemin voorkom asof die Naturellekommissarisse waar dit enigsins moontlik was, hulle werksaamhede volgens die instruksies van 1876 voortgesit het. Die vermoede dat dit wel die geval was, word bewys deur die feit dat toe Dahl in April 1879 deur die Sekretaris van Naturellesake oor sy optrede in 'n sekere saak berispe is, hy hom op hierdie instruksies beroep het om sy optrede te verduidelik.[384]

'n Verdere aangeleentheid wat in gedagte gehou moet word wanneer daar oor die werksaamhede van die Naturellekommissarisse in die tydperk vanaf April 1877 tot aan die einde van 1879 gehandel word, is die aantal Naturellekommissarisse wat daar gedurende dié tyd in diens van die Transvaalse administrasie was. Soos in die voorafgaande afdeling daarop gewys is, was daar met die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek in April 1877 drie Naturellekommissarisse, naamlik O. Dahl vir Zoutpansberg, W.V. King vir Waterberg en R. Bell vir Nieuw Schotland in diens van die Republiek. Al drie hierdie persone het hulle bereid verklaar om hulle dienste onder die nuwe bewind voort te sit. Sowat twee maande later in Junie 1877, is nog twee persone, naamlik Carl Schulze en George Eckersley as resident-magistrate by Fort Weeber en Fort Burgers onderskeidelik aangestel. Dit het dus tot gevolg gehad dat die Transvaalse regering teen Junie 1877 oor die dienste van vyf Naturellekommissarisse beskik het. Hierdie getal is 'n paar maande hierna tot vier verminder toe Robert Bell deur die Swartes vermoor is. Die uitbreek van die oorlog teen Sekhukhune in Maart 1878 het verder tot gevolg gehad dat

---

383. SS 341, N30/79 gevoeg by R1523/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Eersteling, 28.5.1879.

384. SN 102, pp.286-288: H.C. Shepstone - O. Dahl, Pretoria, 16.4.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Schulze en Eckersley se aandag geheel en al deur die oorlog in beslag geneem is en is hulle tewens vir die duur van die oorlog deur die militêre owerheid besoldig. Hierdie stand van sake het dus beteken dat daar teen die helfte van 1878 slegs twee Naturellekommissarisse, naamlik Dahl en King, was wat in soverre as wat dit onder die onbestendige toestand moontlik was, hulle aandag aan die administrasie van die Swartes kon gee. Toe King dus in April 1879 te midde van die oorlog bedank, het daar slegs Dahl oorgebly om hierdie taak in Zoutpansberg te verrig.

Na King se bedanking het Henrique die standpunt ingeneem dat die aanstelling van Naturellekommissarisse eers weer in oorweging geneem moes word wanneer die Swartvraagstuk en die aanstelling van amptenare om hulle te administreer, na die beëindiging van die oorlog in oënskou geneem sou word.[385] Sake het egter anders verloop, want teen Junie 1879 het daar 'n toestand onder die Tsonga of Knopneuse ontstaan, wat Henrique doodeenvoudig geen ander keuse gelaat het as om João Albasini as Naturellekommissaris vir 'n deel van die Zoutpansbergse distrik aan te stel nie. Gevolglik het die Transvaalse administrasie dus weer oor die dienste van twee Naturellekommissarisse, naamlik Dahl en Albasini beskik. Die feit egter dat daar in afwagting van die beëindiging van die oorlog teen die Pedi geen verdere Naturellekommissarisse aangestel is nie, het dus tot gevolg gehad dat daar tot aan die einde van 1879, slegs êên Transvaalse distrik, naamlik Zoutpansberg, was waar twee Naturellekommissarisse werksaam was.

Hoe dit ook al sy, in Junie 1877 het sir Theophilus by wyse van 'n proklamasie alle betalings op passe opgehef.[386] Hierdie besluit het die Naturellekommissarisse egter nie van hulle

---

385. SS 341, N30/79 gevoeg by R1523/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Eersteling, 28.5.1879.

386. ZAR 53, Transvaal Government Gazette, 23.6.1877: Proklamasie van T. Shepstone, 21.6.1877; Sien ook Hoofstuk 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verantwoordelikheid ontneem om passe aan die Swartes uit te reik nie. Toe Lanyon hierdie proklamasie in Julie 1879 weer herroep het,[387] is die posisie met betrekking tot die uitreiking van passe weer herstel soos wat dit in Junie 1877 was.

In Januarie 1878 het sir Theophilus ook die invordering van die hutbelasting opgeskort totdat spesiale instruksies in die verband uitgereik sou word.[388] Hierdie instruksies is nie uitgereik nie en sou dit gevolglik tot 1880 duur voordat 'n hutbelasting - maar toe onder geheel ander omstandighede vir die Naturellekommissarisse - van die Swartes gevorder sou word.[389]

Met Albasini se aanstelling as Naturellekommissaris vir die noord-oostelike deel van Zoutpansberg in Julie 1879, het Henrique Shepstone onderneem om sodra as wat Lanyon sy aanstelling goedgekeur het, hom van sy instruksies as Naturellekommissaris te voorsien.[390] Twee maande later, op 22 Augustus, het hy sy spyt teenoor Albasini te kenne gegee dat hy nog nie in 'n posisie was om Albasini se instruksies aan hom te stuur nie.[391]

Intussen egter het Barlow as spesiale kommissaris vir Waterberg en Zoutpansberg, Albasini in Julie 1879 van 'n aantal instruksies in verband met sy werksaamhede as Naturellekommissaris voorsien. Ofskoon geen sodanige bewys teruggevind kan word nie, kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat, gesien in die lig van die toestand waarin Transvaal gedurende die oorlog teen Sekhukhune verkeer het, soortgelyke instruksies ook op Dahl as Naturellekommissaris van Zoutpansberg van toepassing was.

In sy instruksies aan Albasini het Barlow hom dit op die

---

387. ZAR 55, Transvaal Government Gazette, 24.7.1879: Proklamasie van W.O. Lanyon, 18.7.1879; Sien ook Hoofstuk 3.

388. SS 8636, pp.9-10: Sirkulêre van Goewermentsekretaris aan landdros Pretoria, Potchefstroom, Rustenburg, Heidelberg, Wakkerstroom, Utrecht, Lydenburg, Middelburg, Waterberg, Zoutpansberg, Marico, Christiana en Kommissaris van Lichtenburg, Pretoria, 4.1.1878.

389. Sien Hoofstuk 2.

390. SN 1(a), N149/79: H.C. Shepstone - J. Albasini, Spelonken, 10.6.1879.

391. SN 102, pp.488-490: H.C. Shepstone - J. Albasini, Pretoria, 22.8.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hart gedruk dat hy die grootste moontlike versigtigheid aan die dag moes lê met betrekking tot die uitsprake wat hy sou lewer in dié saak wat deur die Swartes aan hom voorgelê sou word. Veral moes hy versigtig wees om nie 'n uitspraak te lewer waar die moontlikheid bestaan het dat daar van 'n magsvertoon deur die Tussenregering gebruik gemaak moes word om die aanvaarding van sy uitspraak of beslissing af te dwing nie. Ter verduideliking van hierdie opdrag, het Barlow aangevoer dat die Regering, waarskynlik as gevolg van die Sekhukhune-oorlog, nog vir 'n tydlank nie in 'n posisie sou wees om 'n mag na Zoutpansberg te stuur nie. Gevolglik was die bewaring van vrede teen elke prys, die belangrikste oogmerk wat Albasini voortdurend in gedagte moes hou.

Indien daar wel sake onder Albasini se aandag gebring word, moes hy hierdie sake ondersoek en die getuienis in 'n boek aanteken wat vir die doel aangelê moes word. Indien dit vir hom sou blyk dat dit as gevolg van die redes wat Barlow genoem het, nie raadsaam was om 'n uitspraak in die saak te lewer nie, moes hy sy uitspraak terughou sodat dit eers aan Barlow voorgelê kon word. Volgens Barlow was daar talle moord-, diefstal- en ander sake in die Zoutpansbergse distrik wat op 'n beslissing van die administrateur gewag het, maar waar dit nie raadsaam geag is om dit verder te ondersoek of op in te gaan nie. Met die oog hierop het Barlow die hoop uitgespreek dat Albasini hom streng aan sy instruksies in dié verband moes hou.

Sover dit moordsake betref, moes Albasini die getuienis in sy hoedanigheid as Naturellekommissaris afneem. Indien hy daarin sou slaag om die skuldige aan die man te bring, moes hy hom na Barlow se hoofkwartier by Eersteling stuur waarna hy hom dan na die landdros sou verwys om verhoor te word. Barlow het Albasini verder meegedeel dat indien hy as 'n vrederegter aangestel word, hy dan die bevoegdheid gehad het om verklarings onder eed af te neem. Indien hy 'n saak as voldoende bewys beskou, kon hy die gevangene saam met al die getuies direk na die landdros te Upsal stuur. Hierna kon hy slegs aan Barlow verslag doen oor die aard

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die misdaad en wie die gevangene of gevangenes was.

Van Albasini is daar verder verwag om die sake waarin hy 'n boete of gevangenisstraf opgelê het, in 'n boek aan te teken. Aan die einde van elke maand moes hy 'n kort verslag oor hierdie sake en van wat gedurende die maand in sy distrik gebeur het, aan Barlow voorlê. Al die boetes wat Albasini gedurende die maand opgelê en geïn het, moes aan die einde van die maand aan die tesourier gestuur word.

Al die sake wat aan Albasini voorgelê word en waar daar na die aard van die saak van hom verwag word om uitspraak in te lewer, moes vir naslaandoeleindes in 'n aparte boek aangeteken word. Aantekening moes ook gehou word van die aansoeke van die kapteins wat buite die Transvaal gewoon het dat toestemming aan hulle onderdane verleen moes word om in Zoutpansberg werk te gaan soek. Geskille tussen die Swartes wat onder Albasini se jurisdiksie was en dié wat buite Transvaal gewoon het, moes eweneens kortliks aangeteken word.[392]

Afgesien van hierdie instruksies wat aan Albasini uitgereik is, blyk dit dat die Naturellekommissarisse wat daar gedurende 1877 en tot aan die einde van 1879 in diens van die Transvaalse administrasie was, ook siviele sake tussen Swartes kon verhoor.[393]

Die beëindiging van die oorlog teen die Pedi in November 1879 het ongetwyfeld een van die belangrikste redes uit die weg geruim waarom die Britse regering in Transvaal sedert Maart 1878 feitlik niks in verband met die administrasie van die Swartes gedoen het nie. Met die oorlog agter die rug, is die Regering gevolglik in 'n posisie geplaas om, soos dit in die vooruitsig gestel is, die hele kwessie in verband met die administrasie van die Swartes ter hand te neem.[394] Hoewel daar teen November 1879 nog nie 'n Wetgewende Vergadering in

---

392. SS 569, R4362/81: J. Albasini - P.J. Joubert, Spelonken, 14.9.1881.

393. Sien Hoofstuk 4.

394. SS 341, N30/79 gevoeg by R1523/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Eersteling, 28.5.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Transvaal was nie, is ook hierdie probleem kort hierna uit die weg geruim toe daar vir 'n Wetgewende Vergadering voorsiening gemaak is en diê Vergadering in Maart 1880 byeengekom het.

Onder hierdie omstandighede en met die oog daarop om vir 'n beter administrasie en regsbedeling vir die Swartes voorsiening te maak, is die Naturelle-administrasiewet in Junie 1880 deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur.[395] Afgesien van 'n nuwe administrasiestelsel waarvoor hierdie wet voorsiening gemaak het, het dit ook 'n groot verandering in die werksaamhede van die Naturellekommissarisse soos dit in Wet No. 3 van 1876 en die instruksies vir die Naturellekommissarisse omskryf was, tot gevolg gehad.

Ten einde die oogmerke van die Naturelle-administrasiewet te verwesenlik is onder andere ook Wet No. 3 van 1876 en gevolglik al die administratiewe en regsprekende bevoegdhede wat die Naturellekommissarisse in 1876 kragtens diê wet opgelê is, herroep.[396] Volgens die bepalings van die Naturelle-administrasiewet is daar verder voorsiening gemaak vir die aanstelling van Blanke persone met die benaming van Administrateurs van Inheemse reg om gesag uit te oefen en reg te spreek oor die Swartes van 'n bepaalde distrik.[397] Aan hierdie Administrateurs van Inheemse reg, is die bevoegdheid verleen om binne die perke wat van tyd tot tyd deur die goewerneur of sy plaasvervanger bepaal sou word siviele sake tussen die Swartes wat onder hulle beheer gestaan het te

---

395. Sien Hoofstuk 4.

396. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 1.

397. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art.5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verhoor en volgens inheemse reg[398] daarin uitspraak te doen.[399] Om die straf van misdade in afgeleë distrikte te vergemaklik, het die Administrateurs van Inheemse reg ook die bevoegdheid verkry om minder ernstige misdade en oortredings deur die Swartes te verhoor.[400]

Sover dit die voorafgaande betref, is dit belangrik om daarop te let dat die bepalings van die Naturelle-administrasiewet met betrekking tot die Administrateurs van Inheemse reg, in die eerste instansie, daarop neergekom het dat wanneer die wet in werking sou tree die benaming Naturellekommissaris sou verdwyn en met die van Administrateur van Inheemse reg vervang sou word. Met die oog op die aanstelling van hierdie amptenare is daar dan ook bepaal dat totdat hulle aangestel sou word, die werk wat kragtens hierdie wet deur die Administrateurs van Inheemse reg gedoen moes word, deur die reeds aangestelde Naturellekommissarisse gedoen sou word.[401]

Tweedens, kragtens die bepalings van die Naturelle-administrasiewet van 1880 word hierdie Administrateurs van Inheemse reg aangestel om siviele sake tussen Swartes en in die afgeleë distrikte ook minder ernstige misdade en oortredings deur die Swartes, te verhoor. Anders egter as in die geval van die Naturellekommissarisse wat kragtens Wet No. 3 van 1876 aangestel is en die invordering van byvoorbeeld 'n hutbelasting volgens hierdie wet deel van die normale werksaamhede van die Naturellekommissarisse was, het die Administrateur van Inheemse reg volgens die Naturelle-administrasiewet geen fiskale pligte gehad nie. Afgesien van die kriminele jurisdiksie wat aan hulle in die afgeleë distrikte verleen is, was hulle kragtens die bepalings van die Naturelle-administrasiewet dus siviele magistrate wat, tensy hulle sodanige pligte opgedra word, geen fiskale pligte gehad het nie.[402]

---

398. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 8.

399. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 6.

400. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 9.

401. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 9.

402. C 3219, p.92, par. 1975-1976: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6 Julie 1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie stand van sake moet egter nie gesien word as sou dit die bedoeling wees dat die Administrateurs van Inheemse reg glad nie hutbelasting moes invorder nie. Inteendeel, die bedoeling was juis dat dit deur hulle gedoen moes word, mits hulle daartoe aangestel word.[403]

Soos later verduidelik sal word, is die Naturelle-administrasiewet eers in Julie 1881, meer as 'n jaar nadat dit aangeneem is, geproklameer. Hierdie toestand van sake het dus tot gevolg gehad dat daar geen Administrateurs van Inheemse reg in Transvaal aangestel is nie. Dit en die feit dat die Transvaalse administrasie ten spyte daarvan dat hierdie wet nie na die aanname daarvan in Junie 1880 geproklameer is nie, wel die Swartes volgens die bepalings van hierdie wet geadministreer het,[404] het tot gevolg gehad dat die werksaamhede van die Administrateurs van Inheemse reg waarvoor die Naturelle-administrasiewet voorsiening gemaak het, deur die Naturellekommissarisse gedoen is.

Afgesien van die werksaamhede waarvoor hierdie wet voorsiening gemaak het, is daar ook van die Naturellekommissarisse verwag om hulle so spoedig moontlik nadat hulle aangestel is op die hoogte te stel met die distrik en met die Swartbevolking van die distrik waaroor hulle aangestel is.[405] Met die oog hierop en ten einde die Swartkapteins in hulle distrikte persoonlik te leer ken, is die Naturellekommissarisse aangesê om so spoedig moontlik nadat hulle diens aanvaar het, hierdie kapteins te besoek.[406] Hierna moes 'n volledige verslag oor die Swartes van die distrik aan die Sekretaris van Naturellesake voorgelê word.[407] In die distrikte waar daar

---

403. C 3219, p.92, par. 1977: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

404. C 3219, p.93, par. 2005: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

405. SN 102, pp.818-821: H.C. Shepstone - F. Williams, Pretoria, 27.1.1880; SS 8650, pp.19-21: G. Hudson - C.G.M. Kingsley, Pretoria, 30.6.1880; SS 437, R2764/80: G. Hudson - C.G.M. Kingsley, 30.6.1880 (afskrif).

406. SN 102, pp.818-821: H.C. Shepstone - F. Williams, Pretoria, 27.1.1880; SN 4: C.H.R. Norman - A. Woolls-Sampson, 18.9.1880.

407. SS 8650, pp.19-21: G. Hudson - C.G.M. Kingsley, Pretoria, 30.6.1880; SS 437, R2764/80: G. Hudson - C.G.M. Kingsley, 30.6.1880 (afskrif).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n spesiale kommissaris was, moes die verslag deur middel van hierdie amptenaar aan die Sekretaris van Naturellesake gestuur word.[408] In die distrikte waar dit die geval was, moes die Naturellekommissarisse terselfdertyd ook verslag doen oor waar, na hulle mening, die geskikste plek was om die Naturellekommissaris te plaas. In hierdie opsig moes daar veral gelet word op die verspreiding en die konsentrasie van die Swartes in die bepaalde distrik en hoe sentraal die plek geleë was met betrekking tot die behoeftes van die Swartes.[409]

Van die Naturellekommissarisse is verder verwag om in die algemeen toesig te hou oor die Swartes in die distrikte waaroor hulle aangestel was. Om dit te doen en ten einde op die hoogte te bly met wat in hulle distrikte gaande was, was hulle verplig om in hulle distrikte rond te ry.[410] Probleme wat onder hulle aandag gekom het, moes ondersoek word en die Swartes van raad bedien word. Ook moes hulle sorg dat die Regering op die hoogte gehou word met alles wat in hulle distrikte gebeur het, met al die inligting wat tot hulle beskikking gekom het en met die gerugte wat onder die Swartes in omloop was en hulle van mening was tot nut van die Regering sou wees. In diê distrikte waar daar 'n spesiale kommissaris was, moes hierdie inligting deur middel van hierdie amptenaar onder die aandag van die Regering gebring word, terwyl die Naturellekommissarisse se korrespondensie met die Sekretaris van Naturellesake eweneens deur middel van die spesiale kommissaris moes geskied.[411]

---

408. SN 102, pp.818-821: H.C. Shepstone - F. Williams, Pretoria, 27.1.1880; SN 4: C.H.R. Norman - A. Woolls-Sampson, 18.9.1880.

409. SN 102, pp.818-821: H.C. Shepstone - F. Williams, Pretoria, 27.1.1880; SS 8650, pp.19-21: G. Hudson - C.G.M. Kingsley, Pretoria, 30.6.1880; SN 4: C.H.R. Norman - A. Woolls-Sampson, 18.9.1880.

410. SN 3, N28/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, g.d., ongeveer Januarie 1880.

411. SN 102, pp.818-821: H.C. Shepstone - F. Williams, Pretoria, 27.1.1880; SN 1(a), N75/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 16.5.1879; SN 102, pp.371-372: H.C. Shepstone - W.V. King, Pretoria, 19.5.1879; SN 4: C.H.R. Norman - A. Woolls-Sampson, 18.9.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afgesien van die werksaamhede wat al die Naturellekommissarisse in gemeen gehad het, is sommige van hulle se werksaamhede ook grootliks bepaal deur die rede waarom hulle op 'n bepaalde plek aangestel is. Na die beëindiging van die oorlog teen Sekhukhune is C. Schulze as Naturellekommissaris by Maléoskop aangestel hoofsaaklik met die doel om toesig te hou oor die Pedi wat in die omgewing van Maléoskop en Mathibieskop geplaas is. Aangesien hierdie Swartes sy eerste verantwoordelikheid was, het hy, afgesien van sy gewone werksaamhede as amptenaar belas met die administrasie van die Swartes, ook opdragte gehad wat slegs op hierdie Swartes betrekking gehad het. So byvoorbeeld is Schulze opgedra om toe te sien dat hierdie Swartes se krale ten minste 'n duisend treë van die naaste koppies af gebou word en dat hulle onder geen omstandighede toegelaat moes word om hulle hutte in die koppies of tussen die rotse te bou nie. Nie die hoofmanne of enige ander Swarte moes toegelaat word om die gebied sonder Schulze se skriftelike toestemming te verlaat nie. Indien een van hierdie Swartes toestemming sou vra om die Luluberge te besoek, moes Schulze homself eers vergewis van die ware rede waarom so 'n Swarte die gebied wou besoek. Indien daar 'n grondige rede hiervoor was, moes Schulze alle besonderhede skriftelik aan Eckersley, die Naturellekommissaris by die Luluberge verskaf, by wie al die Swartes wat van Schulze se nedersetting af gekom het, hulle in elk geval moes gaan aanmeld. Ook moes Schulze 'n naamlys opstel van al die Swartmans in sy nedersetting, verslag hou van die aantal vrouens en kinders en 'n polisiemag bestaande uit 12 manskappe op die been gebring het.[412]

Soos reeds aangetoon is, is George Eckersley aangestel as Naturellekommissaris in bevel van die Swartes wat in die gebied gewoon het wat tot voor die einde van die oorlog teen Sekhukhune in besit van die Pedi was. Volgens sy opdrag moes hy 'n naamlys opstel van al die kapteins wat onder sy jurisdiksie gestaan het. Hy moes verder toesien dat al

---

412. SS 404, R1124/80: M. Clarke - C. Schulze, Fort Weeber, 19.12.1879; C 2505, pp. 119-120, Bylae 1 by No. 39: M. Clarke - C. Schulze, Fort Weeber, 19.12.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Swartes wat in sy gebied woon onder 'n geregistreerde kaptein gestaan het. Geen bloedverwante van Sekhukhune of dan van die voormalige regerende familie, moes toegelaat word om hulle in sy distrik te kom vestig nie. Die Pedi wat by Maléoskop en Mathibieskop gevestig was, moes ook nie toegelaat word om die Luluberge te besoek nie, tensy hulle in besit was van 'n pas wat deur die Naturellekommissaris van Maléoskop uitgereik was. Selfs al sou so 'n Pedi in besit wees van 'n pas, moes Eckersley nogtans sy diskressie gebruik of dit raadsaam was om so 'n besoeker in die Luluberge toe te laat of liewer huis toe te stuur. Sodra Eckersley sy diens aanvaar, moes hy onmiddellik stappe neem om 'n polisiemag bestaande uit 12 manskappe op die been te bring.[413]

In Junie 1881, kort voordat die Britse administrasie in Transvaal beëindig is, is R. Roberts as Naturellekommissaris op die Swazigrens aangestel. Gesien in die lig van waar hy hom bevind het, is hy opgedra om met elke pos aan die Sekretaris van Naturellesake verslag te doen oor alles wat in Swaziland of op die Swazigrens aan die gang was. Indien daar iets van groot belang sou gebeur wat na sy mening dadelik aan die Regering gerapporteer moes word, moes hy dit in die vorm van 'n telegram deur middel van 'n spesiale boodskapper aan die magistraat van Newcastle stuur. Hy moes dan versoek word dat hierdie boodskap dadelik aan die Transvaalse regering gestuur moes word.[414]

Wanneer die opdragte aan die Naturellekommissarisse wat slegs op spesiale omstandighede betrekking gehad het, links gelaat word, kan die werksaamhede van die Naturellekommissarisse na die aanname van Wet No. 11 van 1881,[415] soos volg saamgevat word: Die Naturellekommissarisse was die verteenwoordigers van die Sekretaris van Naturellesake in die distrikte waaroor

---

413. SS 404, R1124/80: Instructions to Magistrate Lulu Mountains, M. Clarke, Fort Weeber, 16.12.1879; C 2505, pp.120-121, Bylaag 2 by No. 39: Instructions to Magistrate Lulu Mountains, M. Clarke, Fort Weeber, 16.12.1879.

414. SN 4(a), N113/81: H.C. Shepstone - R. Roberts, 25.6.1881; Sien ook Ibid., Nota van G. Hudson - Sekretaris van Naturellesake, 18.6.1881.

415. Sien Hoofstuk 4.

hulle aangestel is. As amptenare belas met die administrasie van die Swartes wat in hulle onderskeie distrikte gewoon het, het hulle toesig gehad oor die Swartes, toegesien dat die ter saaklike wetgewing uitgevoer word en dat die Swartes ingelig word met betrekking tot die sake wat hulle geraak het. As verteenwoordigers van die Sekretaris van Naturellesake het hulle direk aan hom verslag gedoen. Sodoende het hulle hom op die hoogte gehou met die toestand van en met alles wat in hulle onderskeie distrikte plaasgevind het.[416] Hoewel die Naturellekommissarisse passe uitgereik het,[417] het hulle geen fiskale pligte gehad nie en het hulle ook nie hutbelasting ingevorder nie, tensy hulle daarvoor aangestel word.[418]

Die Naturellekommissarisse was dus siviele magistrate[419] of Administrateurs van Inheemse reg wat hulle regspleging onder die Swartes ooreenkomstig inheemse reg uitgeoefen het.[420] Aangesien hulle regsprekende bevoegdheid beperk was tot siviele sake tussen Swartes en kleiner kriminele oortredings, het hulle geen mag oor lewe en dood gehad nie. As siviele magistrate het die Naturellekommissarisse geheel en al onafhanklik van en nie as assessore vir die Swartkapteins opgetree nie.[421] 'n Swarte wat 'n siviele geding teen 'n ander Swarte aanhangig gemaak het, kon sy eie hof kies - hy kon sy saak óf aan die kaptein óf direk aan die Naturellekommissaris van sy distrik voorgelê het.[422] Indien hy ontevrede was met die uitspraak van die kaptein, kon hy na die hof van die Naturellekommissaris appelleer. Teen die uitspraak van 'n Naturellekommissaris kon deur die Sekretaris van Naturellesake na die goewerneur geappelleer word.[423]

---

416. C 3219, pp.91-92, par. 1961, 1973 en 1974: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

417. C 3219, p.94, par. 2044 en 2046: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

418. C 3219, p.92, par. 1975-1977: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

419. C 3219, p.92, par. 1976: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

420. C 3219, p.92, par. 1969: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

421. C 3219, p.92, par. 1980 en 1985: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

422. C 3219, p.92, par. 1985 en 1997: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

423. C 3219, p.92, par. 1985-1986: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 2

DIE TRANSVAALSE REGERING EN DIE BELASTING VAN DIE SWARTES

1. Sir Theophilus Shepstone en die belasting van die Swartes

Met die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek, het sir Theophilus Shepstone verklaar dat die Swartstamme wat onder die jurisdiksie en beskerming van die Transvaalse regering gestaan het, verplig moes word om hulle regmatige bydrae te lewer ter ondersteuning van die staat wat hulle beskerm het.[1] Die Swartes moes nie slegs vanweë politieke redes nie, maar ook omdat hulle indirekte bydrae vir baie jare gering sou wees, op 'n meer direkte wyse as die Blankes bydra tot die ondersteuning van die staat.[2] Verder was hy van mening dat 'n bedrag van tussen £50 000 en £60 000 per jaar aan belasting van die Swartes in die Transvaal gevorder kon word.[3] Die moontlikheid het selfs bestaan dat hierdie bedrag binne 'n paar jaar tot £100 000 vermeerder kon word.[4] Onder hierdie omstandighede en vanweë die finansiële probleme waarmee die Tussenregering te kampe gehad het, was dit eintlik vanselfsprekend dat pogings in die werk gestel sou word om 'n belasting van die Swartes te vorder.

---

1. C1776, p.159, No.122: Proklamasie van T. Shepstone, 12.4.1877; ZAR Gazette Extraordinary, 12.4.1877: Proklamasie van T. Shepstone, 12.4.1877.

2. C2584, p.101, No. 43: Memorandum by Sir T. Shepstone ... on Despatch from Sir G. Wolseley ... transmitting to the Secretary of State Memorandum by ... H.C. Shepstone, Secretary for Native Affairs in Transvaal, 27.2.1880; Vir die konsep van hierdie memorandum, sien T. Shepstone Papers, Vol. 77: Memo. on Despatch from Sir G. Wolseley ... transmitting to Secretary of State memo. by ... H.C. Shepstone, Secretary for Native Affairs, Transvaal.

3. C2482, p.31, No.16: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879.

4. TSP 2, p.643: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Pretoria 20.6.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Reeds kort na die anneksasie van die Transvaal is hierdie belastingkwessie in oorweging geneem.[5] Volgens sir Theophilus is daar gevind dat die totale inkomste uit hierdie bron vir die Zuid-Afrikaansche Republiek nie £3 000 of £4 000 oorskry het nie, terwyl hierdie bedrag volgens bestaande wetgewing £50 000 of £60 000 moes beloop het. Belasting is ook net by 'n paar stamme ingevorder, terwyl die ander stamme geen belasting betaal het nie.[6] By die stamme waar belasting ingevorder is, was dit net die Swartes wat bereid was om te betaal wat betaal het en dan ook net die bedrag wat hulle volgens hulle kon bekostig het.[7] Hierdie toestand van sake was, volgens sir Theophilus, onwys en onbillik "It was undesirable ... that the natives should suppose that Her Majesty's Government were content to continue such a partial system of administration.

Those who were not called upon to pay would ascribe their immunity to our weakness, and those who were would consider themselves ... unjustly treated."[8]

---

5. SN 102, p.578: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; 'n Afskrif van hierdie memorandum kan ook gevind word by SN2, N 239/79 en is gepubliseer in ZAR 166, Blue Book for the Transvaal Province 1879, p.100: Memorandum with reference to Native Law, H.C. Shepstone, 17.10.1879.

6. T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2482, p.31, No. 16: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; M418, CO 291/5, Transvaal No. 12302: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Londen, 31.7.1879.

7. SN 102, p.681: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C2584, p.12, No. 9: Memorandum on the Native Population ..., 25.11.1879.

8. T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2482, p.31, No.16: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; M325, CO 879/16, African No. 204, No.19: Sir T. Shepstone - Koloniale Kantoor, Londen, 31.7.1879; M 418, CO 291/5, Transvaal No. 12302: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Londen, 31.7.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot die belasting van die Swartes betref, was sir Theophilus van mening dat sommige bepalings daarvan en die voorsiening vir verskillende soorte belasting, vir hom as afkeurenswaardig en onwys voorgekom het.[9] Die belasting wat die Swartes moes betaal, moes op verskillende wyses en aan verskillende amptenare betaal word. Ook was daar geen eenvormige belastingskale nie. Die totale bedrag wat die Swartes per jaar aan belasting moes betaal, het heelwat gewissel. In sommige gevalle het dit meer en in ander gevalle weer minder as 10/- beloop.[10] Hierdie toestand van sake het die belastingstelsel van die Zuid-Afrikaansche Republiek gevolglik onuitvoerbaar gemaak. Die stelsel was ook verder onuitvoerbaar omdat dit onmoontlik was om die wet toe te pas op die Swartes wat in die afgeleë distrikte gewoon het en wat so te sê onder geen regeringsbeheer was nie.[11] Gevolglik het sir Theophilus besluit om die bestaande belastingskale af te skaf en 'n eenvormige hutbelasting van 10/- per hut per jaar in die plek daarvan in te stel.[12]

---

9. T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2584, p.101, No. 43: Memorandum by Sir T. Shepstone ... on Despatch from Sir G. Wolseley ... transmitting to the Secretary of State Memorandum by ... H.C. Shepstone, Secretary for Native Affairs in Transvaal, 27.2.1880; M 418, CO 291/5, Transvaal No. 12302: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Londen, 31.7.1879.

10. T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2482, p. 31, No. 16: Memorandum on Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; M 418, CO 291/5, Transvaal No. 12302: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Londen, 31.7.1879.

11. SN 102, p.578: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ... p.100: Memorandum ... Native Law; SN 160: Blue Book of the Transvaal for the year 1878, p.15.

12. T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2482, p.31, No. 16: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; SN 102, p.578: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law; M 418, CO 291/5. Transvaal No. 12302: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Londen, 31.7.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met hierdie besluit van hom het sir Theophilus geheel en al ultra vires gehandel, aangesien hy met die anneksasie van Transvaal onderneem het dat bestaande wetgewing van krag sou bly totdat sodanige wetgewing deur 'n bevoegde wetgewende gesag gewysig kon word. Wat die belasting van die Swartes betref, het hierdie onderneming dus beteken dat totdat daar so 'n wetgewende gesag in die lewe geroep sou word, die Transvaalse regering verplig was om belastings kragtens die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek in te vorder. Nietemin, sir Theophilus het die mening uitgespreek dat wanneer daar 'n eenvormige belasting van 10/- per hut ingestel word, dit die Transvaalse regering van 'n jaarlikse inkomste van tussen £50 000 en £60 000 sou verseker het. Hierdie inkomste sou die regering onder andere in staat stel om maatreëls te tref om die Swartes beter te beheer, asook om 'n bydrae tot hulle sosiale en bedryfsontwikkeling te lewer.[13] Hoewel 'n hutbelasting die primêre en belangrikste bydrae van die Swartbevolking tot die staatskas sou wees, kon dit verder aangevul word deur die geleidelike heffing van administrasiegelde en die vorderings vir spesiale voordele wat die Swartes sou ontvang.[14]

Aangesien 24 Mei koningin Victoria se verjaarsdag was, het sir Theophilus hierdie dag uitgekies om die eerste keer amptelik die Britse vlag in Transvaal te laat hys.[15] Terselfdertyd

---

13. T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2482, p.31, No.16: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879, T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; M 418, CO 291/5, Transvaal No. 12302: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, London, 31.7.1879.

14. T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2584, p.101, No.43: Memorandum by Sir T. Shepstone ... on despatch from Sir G. Wolseley ... Transmitting to the Secretary of State Memorandum by ... H.C. Shepstone, Secretary for Native Affairs in Transvaal, 27.2.1880.

15. T. Shepstone Papers, Vol. 68: T. Shepstone - B. Frere, Pretoria, 25.4.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het hierdie okkasie hom ook die geleentheid gebied om die regeringsverandering wat daar in Transvaal plaasgevind het aan die Swartes te verduidelik en hulle tewens op die hoogte te stel van wat onder die nuwe bewind van hulle verwag sou word.[16] Gevolglik het hy opdrag gegee dat soveel Swartkapteins of hulle verteenwoordigers as moontlik aangesê moes word om hierdie plegtigheid - wat toe op 25 Mei plaasgevind het - by te woon.[17] Ofskoon van die meer afgeleë stamme vanweë die kort kennisgewing nie 'n verteenwoordiger kon stuur nie, was verreweg die meeste stamme deur óf 'n kaptein óf 'n ander afgevaardigde verteenwoordig om die plegtigheid by te woon en sir Theophilus te ontmoet.[18]

In sy verslag van die onderhoud wat hy by dié geleentheid met hierdie Swartes gehad het, het sir Theophilus geen melding gemaak van enigiets in verband met 'n belasting nie.[19] Volgens Henrique Shepstone egter het die aangeleentheid wel by dié geleentheid ter sprake gekom en het sy vader die Swartes meegedeel dat daar van hulle verwag sou word om 'n hutbelasting van 10/- per hut te betaal vir die beskerming wat hulle van die Regering ontvang het. Almal het die regverdigheid van hierdie belasting erken, hulle tevredenheid daarmee te kenne gegee en hulle bereid verklaar om dit te betaal.[20]

---

16. C1883, p.13, No.13: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 27.5.1877.

17. C1883, p.13, No.13: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 27.2.1879; ATC2, pp. 97-100: M. Osborn - J. Albasini, Pretoria, 27.4.1877; M. Osborn - R. Bell, Pretoria, 27.4.1877; M. Osborn - C. Moll, Pretoria, 30.4.1877. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

18. C1883, p.13, No.13: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 27.5.1877; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

19. C1883, p.13, No.13: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 27.5.1877.

20. SN102,pp.939-940:Memorandum on Native Affairs, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer April 1880; SN2, N239/79: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; SN102, p.578: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ten einde te verseker dat die Swartes van hierdie belasting weet, het sowel sir Theophilus as Henrique in sy hoedanigheid as Sekretaris van Naturellesake, wanneer hulle hierna deur die Transvaal gereis het, die Swartes in verband met hierdie belasting ingelig.[21] Terselfdertyd het sir Theophilus ook opdrag gegee dat die betrokke amptenare die Swartes in hul onderskeie distrikte met betrekking tot die belasting moes inlig.[22] Met Barlow se aanstelling as spesiale kommissaris vir Waterberg en Zoutpansberg in Junie 1877, het hy opdrag ontvang om die Swartkapteins van hierdie twee distrikte persoonlik te besoek onder andere met die doel om hulle mee te deel dat 'n hutbelasting van 10/- per hut van hulle gevorder sou word. Die Swartes moes hulle gereed hou om hierdie belasting gedurende die winter van 1877 te betaal, aangesien dit moontlik was dat dit dan van hulle gevorder sou word. In hierdie verband moes Barlow die noodsaaklikheid beklemtoon dat die belasting in kontant eerder as in goedere betaal moes word.[23] Henrique het later verklaar dat die Swartes hulle bereidwilligheid te kenne gegee het om 'n bydrae te lewer tot die uitgawes van die Regering vir die voorregte, beskerming, die rus en die vrede wat hulle onder die Britse regering geniet het.[24] Volgens sir Bartle Frere het sir Theophilus hom meegedeel dat die hutbelasting wat hy van voorneme was om van die Swartes te vorder, "would be a light impost and cheerfully paid for the privilege of living under regular Government".[25]

---

21. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

22. SN 102, p.578: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law; SN2, N239/79: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879.

23. SS8632, No.818: N.J.R. Swart - M. Barlow, Pretoria, 21.6.1877; Sien ook SS245, R2845/77: M. Barlow - N.J.R. Swart, Eersteling, 21.7.1877.

24. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

25. C2367, pp.151-152, No.50: H.B.E. Frere - M. Hicks Beach, Pretoria, 29.4.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Barlow se opdrag het daar die moontlikheid bestaan dat die hutbelasting gedurende die winter van 1877 ingevorder sou word. Teen die einde van 1877 egter het Barlow die landdros van Waterberg versoek om toe te sien dat die Swartes wat op lokasies op privaatgrond in sy distrik gewoon het, aangesê word dat 'n hutbelasting van 10/- in Januarie 1878 van hulle gevorder sou word.[26] Op grond hiervan wil dit voorkom asof die Transvaalse regering van voorneme was om in Januarie 1878 met die invordering van 'n hutbelasting te begin. Voordat enigiets in dié verband gedoen kon word, het sir Theophilus egter in Januarie 1878 die invordering van alle belastings wat deur die Swartes betaal moes word, opgeskort totdat spesiale instruksies in dié verband uitgereik sou word.[27]

Wat die werklike rede vir hierdie besluit was, is moeilik om te sê. In 'n memorandum wat hy in Julie 1879 opgestel het, het sir Theophilus verklaar dat hy van voorneme was om 'n gelykstelling van die Swartes se belasting te bewerkstellig deur 'n eenvormige jaarlikse belasting van 10/- per hut in te stel. Die invordering van hierdie belasting sou die Regering egter van aangesig tot aangesig met die Swart grondvraagstuk gebring het, aangesien die Zuid-Afrikaansche Republiek geen voorsiening vir grond vir die Swartes gemaak het nie. Voordat enigiets in dié verband gedoen kon word, het die Sekhukhune-oorlog uitgebreek en moes alle optrede in verband met Swartaangeleenthede uitgestel word. Dit was nodig aangesien sir Theophilus van mening was "that the native question in the Transvaal should be dealt with as a whole, and I believe it would be injudicious to touch it while we were engaged in hostilities with one of the leading chiefs."[28]

---

26. SS293, R2500/78: L. Moll - Regeringsekretaris, Nylstroom, 13.7.1878.

27. SS8636, No.16: Sirkulêre van Regeringsekretaris - Landdros Pretoria, Potchefstroom, Rustenburg, Heidelberg, Wakkerstroom, Utrecht, Lydenburg, Middelburg, Waterberg, Zoutpansberg, Marico, Christiana en Kommissaris van Lichtenburg, Pretoria, 4.1.1878; Sien ook SS8636, No.36: C. van Boeschoten - Landdros Zeerust, Pretoria, 14.1.1878; SS8644, No.2: Sirkulêre van Koloniale Sekretaris, Pretoria, 4.1.1878.

28. T. Shepstone Papers, Vol.69: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2482, p.31, No.16: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; M418, CO 291/5, Transvaal No.12302: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Londen, 31.7.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op grond van die voorafgaande wil dit dus voorkom asof sir Theophilus met die oog daarop om eers die grondvraagstuk te reël, besluit het om die invordering van alle belastings wat deur die Swartes betaal moes word, op te skort. Wat hy presies met betrekking tot die grondvraagstuk in gedagte gehad het, is nie duidelik nie, maar dat daar probleme in dié verband bestaan het, laat geen twyfel nie.[29] Reeds toe hy die Swartes in 1877 meegedeel het dat 'n hutbelasting van 10/- in Transvaal ingestel gaan word, het die grondvraagstuk ter sprake gekom. Volgens Henrique het die Swartkapteins en ander verteenwoordigers teenoor sir Theophilus gekla oor die ongerief wat hulle moes verduur omdat hulle geen grond van hulle eie gehad het om op te woon nie. In baie gevalle het die grond waarop hulle gewoon het, voor die koms van die Boere na die Transvaal aan hulle behoort, maar is hierdie grond in plase opgedeel,[30] terwyl daar geen grond vir hulle opsy gesit is nie.[31] Hierdie stand van sake het dus tot gevolg gehad dat daar van die Swartes was wat geen ander keuse gehad het nie as om op private grond te gaan woon, en vir die reg om daar te mag woon, moes die eienaar van die grond betaal word. Dit wil dus voorkom asof sir Theophilus se kwelling met betrekking tot die Swart grondvraagstuk daarin gelê het dat hy nie sy weg oopgesien het om 'n hutbelasting van dié Swartes te vorder wat aan 'n private persoon huur betaal het vir die grond waarop hulle gewoon het nie.

---

29. SN102, p.579: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.19.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law.

30. SN 102, p.579: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law; SN 2, N239/79: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879.

31. SN 102, p.939: Memorandum on Native Affairs, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer April 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Junie 1879 het C.E. Steele, die Kommissaris van Finansies en Inkomste, weer 'n ander rede verskaf waarom die betaling van die Swartes se belasting opgeskort is. In 'n skrywe aan Littleton het hy beweer dat "the collection of taxes from the Natives has been in abeyance since January 1878 by order of Sir Theophilus. I fancy this was a political move having for its object the enlistment of the sympathies of the Native population, an object which I believe may be attained in a different manner and at a smaller sacrifice of the Public Revenue after the subjugation of the Chief Sikukuni."[32]

Waarom sir Theophilus die simpatie van die Transvaalse Swartes wou verkry, is nie duidelik nie. Die argument dat hy die invordering van die Swartes se belasting opgeskort het ten einde hulle simpatie te verkry met die oog op die oorlog teen die Pedi lyk nie moontlik te wees nie, aangesien hierdie oorlog eers teen Maart 1878 uitgebreek het. Trouens, daar is voldoende bewys dat sir Theophilus teen Januarie 1878 geen ernstige probleme van die kant van Sekhukhune verwag het nie.[33] In April 1880 het Henrique egter verklaar dat die hutbelasting wat die Transvaalse regering van voorneme was om in 1877 in te vorder, as gevolg van die probleme wat met die Zoeloes ondervind is, agterweë moes bly.[34] Of daar enige verband tussen Steele se bewering en hierdie opmerking van Henrique bestaan, is nie duidelik nie, maar dat Ketswayo kort na die anneksasie van Transvaal wel 'n aggressiewe houding teenoor die Transvaal aan die dag gelê het, is ongetwyfeld waar.[35]

---

32. GH 11/5: C.E. Steele - Littleton, Pretoria, 16.6.1879; SS 2736 (ou nommer): C.E. Steele - Littleton, Pretoria, 16.6.1879.

33. T.S. van Rooyen: Die Verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die Geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882, p.309; K.W. Smith: The Campaigns against the Bapedi of Sekhukhune, 1877 - 1879, pp. 10-12.

34. SN1C2, p.940: Memorandum on Native Affairs, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer April 1880.

35. M.C. van Zyl: Die Uitbreiding van Britse gesag oor die Natalse Noordgrensgebiede, 1879-1897, pp. 2-3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Maart 1878 het die oorlog teen die Pedi uitgebreek. Die meerderheid van die stamme wat in die omgewing van Sekhukhune gewoon het, is weer aan sy gesag onderwerp. Die ander kleiner kapteins van die Lydenburgse distrik het ôf lojaal aan die Regering gebly ôf die verloop van sake stilweg dopgehou. Hoewel baie van hierdie kapteins oënskynlik lojaal aan die Regering was, het hulle uit vrees vir die gevolge van 'n oorwinning vir Sekhukhune geen hulp aan die Regering verleen nie.[36] Dieselfde het ook vir die feitlik onafhanklike kapteins in Waterberg en Zoutpansberg gegeld.[37] Volgens sir Theophilus het hierdie kapteins in afwagting van wat met Sekhukhune gaan gebeur, geen besliste tekens van ôf lojaliteit ôf vyandigheid aan die dag gelê nie.[38] In Junie 1878 het hy die hoop uitgespreek dat Sekhukhune gou verslaan sou word, dan sou hy van die teenwoordigheid van die vrywilligermagte wat teen Sekhukhune geveg het, gebruik maak om met die invordering van 'n hutbelasting te begin. Na sy mening sou so 'n gunstige geleentheid om op die betaling van belasting aan te dring hom nie gou weer voordoen nie.[39] Die stryd teen Sekhukhune het egter voortgesleep en kon daar niks in diê verband gedoen word nie.

'n Maand nadat sir Theophilus Transvaal in Maart 1879 verlaat het, het sir Bartle Frere sy opwagting in Pretoria gemaak. Aangesien sir Theophilus hom meegedeel het dat hy van voorneme was om 'n hutbelasting van die Swartes te vorder, het hy sy verbasing te kenne gegee dat daar nog niks in diê verband gedoen is nie. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die hele kwessie in verband met die belasting wat deur die Swartes betaal moes word, erg onbevredigend was. Hoewel daar vir 'n aansienlike inkomste uit die Swartes se belasting begroot is, is daar tot in daardie stadium nog niks gedoen om dit in te vorder nie,[40] inteendeel, sir Theophilus het

---

36. K.W. Smith: The Campaigns against the Bapedi of Sekhukhune, 1877-1879, p.16.

37. C2316, p.29, No.6, Bylae 2: Memorandum on the political situation existing in the Lydenburg district for the information of ... T. Shepstone, opgestel deur M. Clarke, g.d.

38. T. Shepstone Papers, Vol. 68: T. Shepstone - B. Frere, Pretoria, 10.9.1878.

39. T. Shepstone Papers, Vol. 68: T. Shepstone - B. Frere, Pretoria, 25.6.1878.

40. C2367, pp.151-152, No.50: H.B.E. Frere - M. Hicks Beach, Pretoria, 29.4.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die invordering van die Swartes se belasting opgeskort.[41]

In sy antwoord op Frere se beswaar, het sir Theophilus aangevoer dat hy wel van voorneme was om 'n hutbelasting van 10/- per hut per jaar in Transvaal in te stel, maar dat hy as gevolg van die Swart grondvraagstuk en die uitbreek van die oorlog teen die Pedi, verplig was om enige optrede in verband met Swartaangeleenthede uit te stel.[42] Hoewel sir Theophilus geensins daarna verwys het nie, was daar natuurlik ook nog nie 'n Wetgewende Liggaam om die nodige belastingswet op die wetboek te plaas nie en was dit buite die kwessie om met die invordering van 'n hutbelasting te begin. Verder was dit volgens Henrique Shepstone, onmoontlik om enige belasting in Lydenburg, Waterberg en Zoutpansberg in te vorder. Hoewel die kapteins van hierdie distrikte nie werklik gedink het dat Sekhukhune suksesvol sou wees nie, was daar tog "a lingering sort of fear that he may be; and they consequently are in many instances afraid of the results of paying their taxes and others would refuse considering that if we were unable to subdue Sekukuni we would be unable to coerce them."[43]

---

41. C2482, p.17, No.7: H.B.E. Frere - M. Hicks Beach, Potchefstroom, 6.5.1879; M325, CO 879/16, African No.204, p.44, Bylae 1 by No.9: H.B.E. Frere - M. Hicks Beach, Potchefstroom, 6.5.1879.

42. T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2482, p.31, No.16: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; M418, CO 291/5, Transvaal No.12302: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Londen, 31.7.1879.

43. SN 102, p.678: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C2584, p.12, No.9: Memorandum on the Native Population ..., 25.11.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2. H.C. Shepstone se memorandum oor die belasting van die Swartes en die einde van die oorlog teen die Pedi

Nog voor die beëindiging van die oorlog teen die Pedi het sir Garnet Wolseley op 27 September 1879 as die goewerneur van Transvaal in Pretoria aangekom.[44] Kort na sy aankoms het Lanyon Henrique Shepstone aangesê om 'n memorandum vir voorlegging aan sir Garnet met betrekking tot die Swartes se belasting op te stel.[45] In die memorandum[46] wat Henrique na aanleiding hiervan opgestel het, het hy aangevoer dat in soverre dit die Swartes betref het, daar drie wette, naamlik Wet No.9 van 1870,[47] Wet No. 4 van 1873[48] en Wet No. 3 van 1876[49] van krag was. In nie een van hierdie wette is daar enige verwysing na die voorafgaande wet nie, hoewel die bepalings van die latere wette dié van die vorige wette gewysig en in sommige opsigte vervang het.[50] Volgens Wet No. 9 van 1870 word alle vorige wette strydig met hierdie wet herroep[51] en word bepaal dat Swartes van 'n pas voorsien

---

44. C2482, p.337, No.118: G. Wolseley - M. Hicks Beach, Pretoria, 29.9.1879.

45. SN 3, N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 1.12.1879.

46. SN102, pp.568-585: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book for the Transvaal Province, 1879, pp. 99-101: Memorandum with reference to Native Law, H.C. Shepstone, 17.10.1879.

47. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten .., 1849-1885, pp. 378-383: Wet "Ter voorkoming van Landlooperij, Dieverij en andere ongeregeldheden der Kaffers ... ter betere regeling en bestiering der Kafferstammen, en ter daarstelling van eene belasting op de Kaffers en andere Kleurlingen." Goedgekeur kragtens VRB, art.154, 3.6.1870.

48. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 480-482: Wet "Voor de uitreiking van Passen aan Naturellen in de Z.A. Republiek," Goedgekeur volgens VRB, art. 184 en 189, 6.8.1872 en gewysig volgens VRB, 10.3.1873, art.33.

49. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 662-668: Wet "Betreffende de Naturellen", Goedgekeur kragtens VRB, 9.6.1876, art. 143.

50. SN 102, p.568: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law.

51. SN 102, p.569: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99:Memorandum ... Native Law; Sien ook F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p. 379: Wet No. 9, 1870, art. 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moes wees wat gratis uitgereik sou word.[52] Verder word bepaal dat al die Swartes 'n hutbelasting moes betaal.[53] Swartes wat in die diens was van die eienaar op wie se grond hulle gewoon het, moes 2/6 per hut per jaar betaal. Swartes wat nie by die eienaar van die grond waarop hulle gewoon het in diens was nie, maar by iemand anders gewerk het, moes 5/- per hut per jaar betaal, terwyl dié wat nie in diens was nie se belasting op 10/- per hut per jaar vasgestel is.[54]

Henrique het verder betoog dat kragtens Wet No. 4 van 1873, 'n Swarte £1 moes betaal vir die pas wat hy kragtens Wet No.9 van 1870 moes besit en moes hierdie pas jaarliks hernieu word.[55] So 'n pas sou egter gratis uitgereik word aan 'n Swarte wat bewys kon lewer dat hy in diens van 'n burger was, met die voorbehoud egter dat tensy hy spesiale toestemming daartoe gehad het, 'n burger vir nie meer as tien Swartes gratis passe kon kry nie.[56] Swartes wat in besit was van

---

52. SN 102, p.569: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien ook F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): Die Locale Wetten ..., 1849-1885, p.379: Wet No. 9, 1870, art. 3. Hoewel daar geen sodanige bepaling in die wet is nie, wil dit nietemin voorkom asof hierdie passe gratis uitgereik is.

53. SN 102, p.570: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien ook F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.381: Wet No. 9, 1870, art. 15 en 16.

54. SN 102, p.570: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien ook F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.381: Wet No. 9, 1870, art. 16.

55. SN 102, p.570: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien ook F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.) : De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 4, 1873, art. 1-3.

56. SN 102, p.570: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien ook F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.481: Wet No. 4, 1873, art. 9.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n pas sou as onderdane van die Zuid-Afrikaansche Republiek beskou word en op dieselfde beskerming as die ander onderdane van die staat geregtig wees.[57]

In soverre dit Wet No. 3 van 1876 betref, het Henrique daarop gewys dat die wet bepaal het dat al die Swartes in die Zuid-Afrikaansche Republiek aan 'n belasting onderhewig was.[58] Swartes wat op groot lokasies gewoon het, moes 'n hutbelasting van 10/- vir elke bewoonde hut per jaar betaal, terwyl elke manlike Swarte ouer as 20 jaar ook 'n persoonlike belasting van 10/- per jaar moes betaal.[59] Swartes wat op klein lokasies van nie meer as dertig hutte nie op privaatgrond gewoon het, het 'n hutbelasting van 5/- per hut per jaar betaal en alle manlike Swartes ouer as 20 jaar, 'n persoonlike belasting van 10/- per jaar, behalwe as so 'n Swarte in diens was van die eienaar van die grond waarop hy gewoon het.[60]

Waarskynlik as gevolg van die feit dat daar geen verwysing in enige van hierdie wette na die voorafgaande wet is nie en die latere wet nie die vroeëre wet herroep het nie, was dit, volgens Henrique, nie duidelik watter een van hierdie wette van krag en toepassing was nie. Met betrekking tot Wet No. 3 van 1876, was hy van mening dat hoewel die fiskale maatreëls van hierdie wet strydig was met dié van Wet No. 9 van 1870 en Wet No. 4 van 1873 en hierdie twee wette se bepalings vervang het, die fiskale maatreëls van Wet No. 3 van 1876 nietemin opgeskort was. As rede hiervoor het hy aangevoer dat

---

57. SN 102, p.571: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.481: Wet No. 4, 1873, art. 12.

58. SN 102, p.571: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4.

59. SN 102, p.571: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4(1); Sien ook T. Shepstone Papers, Vol. 21: Nota van N.J.R. Swart, wnd. Koloniale Sekretaris, Pretoria, 18.6.1877.

60. SN 102, p.571: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p. 663: Wet No. 3, 1876, art. 4 (1 en 2).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"the promises and undertakings made by the Government upon which the taxes are founded", nie deur die Zuid-Afrikaansche Republiek nagekom is nie en dat daar ook geen poging aangewend is om hierdie bepalings toe te pas nie. Op grond hiervan het Henrique tot die gevolgtrekking gekom dat die belasting wat voor die anneksasie van die Transvaal van die Swartes ingevorder is, kragtens Wet No. 9 van 1870 en Wet No. 4 van 1873 ingevorder is. Gevolglik was die belasting waarvoor hierdie twee wette voorsiening gemaak het dus nog van krag.[61] Die belasting wat die Swartes kragtens hierdie wette moes betaal, was 'n jaarlikse belasting van 2/6 per hut deur dié wat in die diens was van die eienaar van die grond waarop hulle gewoon het; 5/- per hut deur dié wat by iemand anders as die eienaar van die grond waarop hulle gewoon het in diens was; en 10/- per hut deur dié wat geensins in diens was nie. Afgesien van hierdie belasting, moes elke Swarte voorsien wees van 'n pas waarvoor hy £1 per jaar moes betaal.[62] Vanaf 1875 moes alle manlike Swartes ouer as 18 jaar ook 'n wegbelasting van 2/6 per jaar betaal het.[63] In 1876 is hierdie besluit egter gewysig sodat slegs manlike Swartes ouer as 20 jaar hierdie belasting moes betaal, alhoewel alle diensbodes daarvan vrygestel was.[64]

Op grond van sy interpretasie van hierdie wette het Henrique tot die gevolgtrekking gekom dat die Swartes die volgende bedrae aan belasting moes betaal:

---

61. SN 102, pp. 575-576: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law.

62. SN 102, p.576: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law.

63. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.609: Volksraadsbesluit, 20.5.1875, art. 96.

64. SN 102, pp. 583-584: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.658: Volksraadsbesluit, 4 en 5 Junie 1876, art. 102. Volgens hierdie besluit moes manlike Swartes ouer as 21 en nie soos H.C. Shepstone beweer, ouer as 20 jaar nie, hierdie belasting betaal het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1. Belasting betaalbaar deur manlike Swartes ouer as 20 jaar wat in diens was van die eienaar van die grond waarop hulle gewoon het kragtens Wet No. 9 van 1870 en Wet No. 4 van 1873:[65]

Hutbelasting	£0 - 2 - 6
Pasbelasting	1 - 0 - 0
Wegbelasting	0 - 2 - 6
	£1 - 5 - 0

2. Belasting betaalbaar deur die Swartes wat nie in die diens was van die eienaar van die grond waarop hulle gewoon het nie kragtens Wet No. 9 van 1870 en Wet No. 4 van 1873:[66]

Hutbelasting	£0 - 5 - 0
Pasbelasting	1 - 0 - 0
Wegbelasting	0 - 2 - 6
	£1 - 7 - 6

3. Belasting betaalbaar deur die Swartes wat nie in diens was nie kragtens Wet No. 9 van 1870 en Wet No. 4 van 1873:[67]

Hutbelasting	£0 - 10 - 0
Pasbelasting	1 - 0 - 0
Wegbelasting	0 - 2 - 6
	£1 - 12 - 6

---

65. SN 102, pp. 583-584: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.101: Memorandum ... Native Law.

66. SN 102, p.584: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.101: Memorandum ... Native Law.

67. SN 102, p.584: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.101: Memorandum ... Native Law.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4. Indien Wet No. 3 van 1876 van krag was, moes die Swartes ouer as 20 jaar en wat in groot lokasies gewoon het die volgende belastings betaal:[68]

Hutbelasting	.....	£0 - 10 - 0
Persoonlike belasting	.....	0 - 10 - 0
Pasbelasting	.....	1 - 0 - 0
Wegbelasting	.....	0 - 2 - 6
		£2 - 2 - 6

5. Indien Wet No. 3 van 1876 van krag was, moes die Swartes ouer as 20 jaar en wat in 'n lokasie op privaatgrond gewoon het, die volgende belastings betaal:[69]

Hutbelasting	.....	£0 - 5 - 0
Persoonlike belasting	.....	0 - 10 - 0
Pasbelasting	.....	1 - 0 - 0
Wegbelasting	.....	0 - 2 - 6
		£1 - 17 - 6

In soverre dit hierdie uiteensetting van Henrique betref, is daar 'n paar sake waarop die aandag gevestig moet word. In die eerste instansie, ofskoon die wetlike posisie met betrekking tot hierdie wette geensins duidelik is nie, wil dit nietemin voorkom asof sy bewering dat die fiskale maatreëls van Wet No. 9 van 1870 teen 1877 nog steeds van krag was, nie korrek is nie. Ter verduideliking van hierdie standpunt moet daarop gewys word dat hoewel Wet No. 9 van 1870 nie deur Wet No. 4 van 1873 herroep is nie, dit tog wil voorkom asof die fiskale maatreëls waarvoor Wet No. 9 van 1870 voorsiening gemaak het, by implikasie deur dié van Wet No. 4 van 1873 herroep is. Volgens Wet No. 9 van 1870 word daar bepaal dat 'n Swarte 'n jaarlikse belasting moes betaal.[70] Verder

---

68. SN 102, p.584: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.101: Memorandum ... Native Law.

69. SN 102, p. 584: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166. Blue book ..., p.101: Memorandum ... Native Law.

70. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.381: Wet No. 9, 1870, art. 15.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word bepaal dat 'n Swarte wat kan bewys dat hy in diens was van 'n burger van die Zuid-Afrikaansche Republiek en by hom op sy plaas gewoon het, 2/6 per hut per jaar belasting moes betaal. 'n Swarte wat wel in diens was, maar nie op die plaas van sy diensheer gewoon het nie, se belasting is op 5/- per jaar vasgestel, terwyl 'n Swarte wat nie in diens was nie 10/- per hut per jaar moes betaal.[71] In Wet No. 4 van 1873, daarenteen, word weer bepaal dat elke Swarte in die Zuid-Afrikaansche Republiek van 'n pas voorsien moes wees[72] wat jaarliks hernieu moes word.[73] Vir so 'n pas moes 'n bedrag van £1 betaal word "en geene verdere opgaaf of belasting zal van den houder van zulk een pas gevorderd worden ...."[74] Waar Wet No. 9 van 1870 dus vir 'n hutbelasting voorsiening gemaak het, het Wet No. 4 van 1873 skynbaar hierdie vorm van belasting herroep, aangesien die £1 wat vir 'n pas betaal moes word terselfdertyd ook 'n belastingheffing was.

Op grond van die voorafgaande lyk dit dus korrek te wees om tot die gevolgtrekking te kom dat die fiskale maatreëls van Wet No. 9 van 1870 wel deur dié van Wet No. 4 van 1873 herroep is. Dat Henrique vyf maande nadat hy sy memorandum met betrekking tot hierdie wette opgestel het, self tot dié besef gekom het, blyk uit 'n opmerking wat hy in Maart 1880 in die Wetgewende Vergadering gemaak het. Met verwysing na die fiskale maatreëls van Wet No. 9 van 1870 het hy by dié geleentheid gesê dat hy "should say nothing more about that law as the tax imposed by it was altered by another subsequent law."[75] Dit wil dus gevolglik voorkom asof Henrique fouteer het deur te beweer dat die fiskale maatreëls van Wet No. 9 van 1870 teen 1877 nog van krag was; dat die

---

71. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.381: Wet No.9, 1870, art. 16.

72 F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 4, 1873, art. 1.

73. F. Jeppe en J.G. Kotze (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 4, 1873, art. 2.

74. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 4, 1873, art. 3.

75. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880. Sien ook SP 377, p.167: Kommentaar van C.G. Maasdorp op 5.8.1879 op 'n navraag van die Kommissaris van Finansies en Inkomste of die bepalings van Wet No.9 van 1870 nog van krag was.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

belasting wat tot voor die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek van die Swartes gevorder is onder andere kragtens die fiskale maatreëls van hierdie wet gevorder is; dat die pas waarvoor 'n Swarte kragtens Wet No. 4 van 1873 £1 voor moes betaal, die pas was wat hy kragtens Wet No.9 van 1870 moes besit en om die fiskale maatreëls van Wet No.9 van 1870 saam met dié van Wet No. 4 van 1873 onder tabel 1, 2 en 3 in berekening te bring in die bedrag wat deur die Swartes aan belasting betaal moes word. In hierdie gevalle kan dus slegs die belasting, naamlik £1 vir 'n pas waarvoor Wet No.4 van 1873 voorsiening gemaak het, in berekening gebring word.

Die tweede aangeleentheid waarop die aandag gevestig moet word, is Henrique se opmerkings in verband met Wet No.3 van 1876. In dié verband het hy aangevoer dat die fiskale maatreëls van die wet nie van krag was nie, aangesien, eerstens, die beloftes en ondernemings waarop die maatreëls berus het, nie deur die Zuid-Afrikaansche Republiek nagekom is nie en tweedens, dat daar ook geen poging aangewend is om hierdie bepalings toe te pas nie.

Hoewel Henrique self geen aanduiding gegee het van wat hy bedoel het met sy opmerking in verband met die beloftes en ondernemings wat nie nagekom is nie, het die Prokureur-generaal, C.G. Maasdorp, hierdie opmerking van hom verder toegelig deur daarop te wys dat sommige van die bepalings van Wet No. 3 van 1876 nie in werking gestel kon word alvorens die Regering nie eers uitvoering gegee het aan die bepalings waarop hulle berus het nie. Ter verduideliking hiervan het Maasdorp daarop gewys dat alvorens die groot en klein lokasies waarna in dié wet verwys word,[76] nie tot stand gebring is nie, 'n Swarte byvoorbeeld nie gestraf kon word omdat hy nie tot so 'n lokasie behoort het nie. Vir dieselfde rede kon die verskillende belastingskale waarvoor dié wet voorsiening gemaak het, ook nie uitgevoer word nie.[77]

---

76. Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No.3, 1876, art. 4 (1 en 2).

77. SP 377, p.167: Kommentaar van C.G. Maasdorp op 5.8.1879 op 'n navraag van die Kommissaris van Finansies en Inkomste of die bepalings van Wet No. 9 van 1870 nog van krag was.

'n Derde aangeleentheid waaraan aandag bestee moet word, is Henrique se bewering dat die belastingsmaatreëls van Wet No. 3 van 1876 nie van krag was nie, omdat geen poging aangewend is om hierdie maatreëls toe te pas nie. In hoeverre hierdie maatreëls toegepas is en Henrique dus korrek was, is moeilik om te sê. Volgens 'n verslag wat in 1878 oor Transvaal opgestel is, word verklaar dat 'n bedrag van £1 329 - 15 - 0 vir die tydperk 1876 - 1877 aan belasting van die Swartes volgens Wet No.3 van 1876 deur die Zuid-Afrikaansche Republiek ingevorder is.[78] Twee maande nadat hierdie wet van krag geword het, is O. Dahl en W.V. King as Naturellekommissarisse aangestel en het hulle knap hierna pogings in die werk gestel om belasting by die Swartes in te vorder. Dit lyk dus logies om te wil beweer dat dit onwaarskynlik was dat hulle sou poog om belastings volgens 'n vroeëre wet in te vorder. 'n Maand na die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek, het G.A. Roth, die landdros van Lydenburg, te kenne gegee dat die belasting wat in sy distrik ingevorder is, hoofsaaklik hutbelasting was wat by die Swartes geïn is wat op privaatgrond in die Lydenburgse distrik gewoon het.[79]

Om egter op grond van die voorafgaande tot die besluit te kom dat die belastingsmaatreëls van Wet No.3 van 1876 wel toegepas is, skyn nie korrek te wees nie. In dié verband moet daarop gewys word dat King by geleentheid beweer het dat hy opdrag ontvang het om al was dit maar net 5/- aan belasting by die Swartes in te vorder.[80] In min of meer dieselfde trant het Roth aangetoon dat die Zuid-Afrikaansche Republiek dit raadsaam geag het om gedurende en onmiddellik na die oorlog teen die Pedi, nie te sterk daarop aan te dring dat die Swartes hulle belasting moes betaal nie.[81] In Maart 1880

---

78. C2144, p.293, No.137: Report on the Province of the Transvaal, W.C. Sargeaunt, Downingstraat, 15.8.1878.

79. LL22, No.446: G.A. Roth - J. Henderson, (Lydenburg), 4.5.1877 (afskrif).

80. SS233, R1338/77: W.V. King - Staatsekretaris, Nylstroom, 11.4.1877.

81. LL22, No.446: G.A. Roth - J. Henderson, (Lydenburg) 4.5.1877 (afskrif).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het die heer White weer in die Wetgewende Vergadering verklaar dat die belasting waarvoor Wet No. 3 van 1876 voorsiening gemaak het, nie ingevorder is nie, omdat die Zuid-Afrikaansche Republiek nie in 'n posisie was om die belastingsmaatreëls van hierdie wet ten uitvoer te bring nie.[82] Onder hierdie omstandighede skyn dit 'n waagstuk te wees om te wil beweer dat die belastingsmaatreëls van Wet No. 3 van 1876 in geheel toegepas is.[83]

Hoe dit ook al sy, dat hierdie maatreëls, ten spyte van die feit dat dit moontlik nie toegepas is nie, wel van krag was, laat geen twyfel nie. Seker een van die belangrikste argumente in hierdie opsig is die feit dat 'n wet se regskrag nie afhanklik is van die pogings om dit toe te pas nie. Verder was sowel Sargeaunt[84] as die opstellers van die verslag met betrekking tot die finansiële aangeleenthede van die Transvaal,[85] van mening dat die belastingsmaatreëls waarvoor hierdie wet voorsiening gemaak het, wel van krag was.[86] In Mei 1879 het C.G. Maasdorp verklaar dat die belastingsmaatreëls van Wet No. 3 van 1876 nog steeds van krag sou wees indien die betaling van belasting deur die Swartes nie in Januarie 1878 opgeskort was nie.[87] En in Maart 1880 het White alles in 'n neutedop saamgevat toe hy gesê het: "In former years the tax was £2 - 2 - 6,[88] but it

---

82. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.17: Toespraak van C.K. White op 31.3.1880.

83. Sien ook J.D. Huyser: Die Naturelle-Politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, p.188.

84. C2144, p.293, Bylae by No.137: Report on the Province of the Transvaal, W.C.Sargeaunt, Downingstraat, 15.8.1878.

85. C2695, p.40: Copy of Reports of the Offices commissioned by the Treasury to inquire into Recent Expenditure in South Africa, Report 5, Financial Affairs of the Transvaal.

86. Sien ook T. Shepstone Papers, Vol.21: Nota van N.J.R. Swart, wnd. Koloniale Sekretaris, Pretoria, 18.6.1877.

87. SN1(a), R1401/79: Nota van C.G. Maasdorp, 21.5.1879; SP377, p.167: Nota van C.G. Maasdorp, 5.8.1879.

88. Dié bedrag was die belasting wat volgens Wet No. 3, 1876 en Wet No.4, 1873 deur die Swartes betaal moes word wat op groot lokasies gewoon het. Sien bespreking wat hierop volg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was not collected, but the law remains in force, although they were not able to carry it out in former days."[89]

'n Laaste aspek van Henrique se memorandum waarop die aandag gevestig moet word, is die bedrae wat die Swartes aan belasting moes betaal indien Wet No. 3 van 1876 van krag was. Soos blyk uit sy uiteensetting in tabel 4 en 5, moes die Swartes wat op grcot en klein lokasies gewoon het, benewens 'n hut-, 'n persoonlike en 'n wegbelasting ook 'n pasbelasting van £1 betaal het. In soverre dit hierdie belastings betref, het Wet No. 3 van 1876 wel vir 'n hut-[90] en persoonlike[91] belasting voorsiening gemaak, terwyl die wegbelasting kragtens 'n Volksraadsbesluit van Junie 1876 gehef is.[92] Hierdie wet het egter nie vir 'n pasbelasting van £1 voorsiening gemaak nie. Gevolglik wil dit dus voorkom asof Henrique hierdie belasting na aanleiding van Wet No. 4 van 1873 in berekening gebring het. Hierdie wet het, soos reeds aangedui is, vereis dat elke Swarte in besit van 'n pas moes wees wat jaarliks hernieu moes word[93] en waarvoor £1 betaal moes word.[94] Ofskoon die betrokke artikel bepaal het dat "geene verdere opgaaf of belasting" gevorder sou word van 'n Swarte wat in besit van so 'n pas was nie, het die bepaling verder gelui "met voorbehoud van maatregelen in bijzondere gevallen, later door de wetgeving te bepalen."[95] Daarmee, so wil dit voorkom, is die deur oopgelaat om benewens die £1 vir 'n pas

---

89. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.17: Toespraak van C.K. White op 31.3.1880.

90. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4(1,a) en 4(2,a).

91. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4(1,b) en 4(2,b).

92. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten .., 1849-1885, p.658: Volksraadsbesluit, 4-5 Junie 1876.

93. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 3, 1873, art. 1 en 2.

94. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No.4, 1873, art. 3.

95. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 4, 1873, art. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook ander belastings te hef indien daar so besluit sou word en wat in die geval van Wet No. 3 van 1876 dan ook gebeur het. Aangesien hierdie wet nie die bepaling met betrekking tot die £1 pasbelasting herroep het nie, skyn dit moontlik te wees dat hierdie bepaling nâ die aanname van Wet No. 3 van 1876 steeds van krag gebly het. Gevolglik wil dit dus voorkom asof Henrique reg opgetree het deur hierdie belasting saam met die belastingsmaatreëls van Wet No. 3 van 1876 in berekening te bring.

In dié verband is dit belangrik om daarop te wys dat daar in Maart 1880 ten tye van die bespreking van die kwessie van die belasting van die Swartes deur die Wetgewende Vergadering, aangevoer is dat die Swartes onder die Zuid-Afrikaansche Republiek £2 - 2 - 6 aan belasting moes betaal.[96] Die feit dat hierdie bedrag dieselfde was as wat Henrique aangevoer het die Swartes op groot lokasies moes betaal, versterk die vermoede dat ook in hierdie geval die bepaling van Wet No. 4 van 1873 met betrekking tot 'n pasbelasting in berekening gebring is.

In sy memorandum het Henrique verder daarop gewys dat slegs 'n gedeelte van die Swartes hulle hutbelasting onder die Zuid-Afrikaansche Republiek betaal het. Ook is daar geen algemene en eenvormige poging aangewend om hierdie belasting in te vorder nie. Die invordering daarvan is aan die landdroste oorgelaat. Hulle het egter geen moeite gedoen om die belasting in te vorder nie en gevolglik is 'n belasting net ingevorder by die Swartes wat bereid was om te betaal. Hierdie stand van sake en die feit dat die Swartes in die Rustenburgse distrik die lojaalste teenoor die Republiek was, het tot gevolg gehad dat feitlik al die belasting wat ingevorder is, uit hierdie distrik afkomstig was.[97] In die drie jaar wat die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek voorafgegaan het, is die volgende bedrae aan belasting ingevorder:[98]

---

96. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.17: Toespraak van C.K. White op 31.3.1880; Sien ook toespraak van H.C. Shepstone op 31.3.1880.

97. SN 102, p.577: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book .., p.100: Memorandum ... Native Law; Sien ook W21 , Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5 en toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.880.

98. SN102, p.577: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

	1874	1875	1876
Hutbelasting	£ 592	£ 263	£1 427
Pasbelasting	£2 438	£3 249	£3 337
	£3 030	£3 512	£4 764

Ten einde sir Garnet Wolseley op die hoogte te stel met die probleme wat daar in verband met die invordering van die Swartes se belasting bestaan het, het Henrique hom daarop gewys dat die hele kwessie in verband met die Swartes se belasting kort na die anneksasie van Transvaal in oorweging geneem is. As gevolg van die verskillende soorte belastings waarvoor daar voorsiening gemaak is, is daar tot die besluit gekom dat die belastingstelsel van die Zuid-Afrikaansche Republiek onuitvoerbaar was. Die feit dat dit onmoontlik was om die wet toe te pas op die Swartes in die afgeleë distrikte wat vir alle praktiese doeleindes onder geen regeringsbeheer was nie, het eweneens tot hierdie besluit bygedra. Gevolglik het sir Theophilus Shepstone besluit dat dit beter sou wees om in die plek van hierdie verskillende belastings en belastingskale 'n eenvormige belasting vir die Swartbevolking van Transvaal in te stel.

Volgens Henrique was die belangrikste rede waarom die Swartes se belastings sedert die anneksasie van Transvaal nie ingevorder is nie, die onvermoë van sir Theophilus om 'n wet daar te stel waarvolgens 'n hutbelasting van 10/- opgelê kon word. Ander redes wat hiertoe bygedra het, was die onrustige toestand waarin Transvaal verkeer het as gevolg van die onbestendige toestand van die Swartes en die houding wat die Boere teenoor die Britse regering aan die dag gelê het. Tog was dit belangrik dat die Swartes se belasting ingevorder moes word. Henrique het dus voorgestel dat sodra die nodige wet op die wetboek geplaas is, daar met die invordering van die Swartes se belasting in die binnedistrikte van Transvaal begin moes word, terwyl die belasting in die meer afgeleë distrikte ingevorder kon word wanneer die oorlog teen die Pedi beëindig was.[99]

---

99. SN 102, pp. 581-582: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van hierdie voorstel het niks gekom nie. Die tyd sou leer dat die oorlog teen die Pedi reeds iets van die verlede was toe die Transvaalse Wetgewende Vergadering in Maart 1880 byeengekom het.

Die suksesvolle wyse waarop Sekhukhune sedert 1876 regeringsgesag in Transvaal getrotseer het, het tot gevolg gehad dat hy deur die Swartes as onoorwinlik beskou is. Die gevolg hiervan was dat die Swartes wat aanvanklik die Britse bewind goedgesind was, maar bra lou teenoor die Transvaalse regering opgetree het, terwyl die wat daartoe geneig het om die Britse gesag te weerstaan, Sekhukhune as hulle kampvegter beskou het.[100] Feitlik die hele Transvaalse Swartbevolking het dus angstig gewag om te sien wat die lot van Sekhukhune sou wees. Indien hy hom aan Blanke gesag moes onderwerp, sou die ander Swartes dieselfde doen.[101] In die oë van die Transvaalse Swartes, het Wolseley beweer, "Sikukuni .... has enjoyed a fame as a chief of dignity and importance hardly inferior to the fame of Ketchwayo among the Zulus ..."[102]

Die skielike en vir die Swartes onverwagte omverwerping van Sekhukhune in November 1879, het 'n algehele verandering in hierdie stand van sake tot gevolg gehad.[103] Wolseley was oortuig daarvan dat die uitslag van die oorlog teen die Pedi

---

100. C2584, p.34, Bylae 1 by No.21: Memorandum on the consequence of the defeat and capture of Sikukuni, and the settlement of the district claimed by him, opgestel deur M. Clarke, Pretoria, 2.1.1880.

101. SN5, Lêer No. 1, Sekoekoeni, 1876-1879: Ongetekende en ongedateerde stuk hierby.

102. C2584, p.28, No.19: G. Wolseley - M. Hicks Beach, Pretoria, 7.1.1880.

103. C2584, p.34, Bylae 1 by No.21: Memorandum on the consequence of the defeat and capture of Sikukuni ..., opgestel deur M. Clarke, Pretoria, 2.1.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sou verseker dat al die Swartes in Transvaal hulle onderwerping as 'n voldonge feit sou aanvaar.[104] Clarke was weer die mening toegedaan dat die uitwerking van Sekhukhune se onderwerping op die Swartes wat in die noorde van Transvaal gewoon het, nie maklik oorskat kon word nie.[105] "It is my firm belief", het eerwaarde Alexander Merensky getuig, "that the result of this year's campaign against Sekukuni will settle the native question in the Transvaal and that by skilful and reasonable management of the native affairs in this country, the Basuto and Matabele tribes will be induced, without trouble to pay taxes regularly to the Government."[106] Met Sekhukhune verslaan en onder hierdie omstandighede, was daar dus geen rede waarom daar nie onmiddellik pogings in die werk gestel kon word om die Swartes se belasting in te vorder wat in Januarie 1878 opgeskort is nie.[107] "The collection of hut tax", het Clarke geskryf, "which a short time ago appeared a serious difficulty, will probably be accomplished with comparative ease."[108]

3. Voorbereidings vir die insameling van hutbelasting

Dieselfde dag waarop die nuus Pretoria bereik het dat Sekhukhune se stat op 28 November 1879 ingeneem is, het Henrique Shepstone as Sekretaris van Naturellesake, die kwessie van die invordering van die Swartes se belasting onder die aandag van Owen Lanyon gebring.[109] Na sy mening het die inname van Sekhukhune se stat vir alle praktiese doeleindes 'n einde aan die probleme met die Pedi gemaak. Gevolglik het hy

---

104. C2505, p.109, Bylae by No. 37: Verslag van 'n Toespraak van G. Wolseley in die Transvaal Argus van 20.12.1879.

105. C2584, p.34, Bylae by No.21: Memorandum on the consequence of the defeat and capture of Sikukuni ..., opgestel deur M. Clarke, Pretoria, 2.1.1880.

106. M423, CO291/10, Transvaal No. 6386: Chief of the Staff's Journal of the Military Operations in the Transvaal, 1879, p.54.

107. C2695, p.40: Copy of Reports of the Officers commissioned ... to inquire into Recent Expenditure in South Africa, Report 5, Financial Affairs of the Transvaal.

108. C2584, p.34, Bylae 1 by No. 21: Memorandum on the consequence of the defeat and capture of Sikukuni ..., opgestel deur M. Clarke, Pretoria, 2.1.1880; Sien ook C2505, p.125, Bylae by No.49: A. Merensky - H. Brackenbury, Botsabelo, 22.12.1879.

109. SN2, N303/79: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 1.12.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

veronderstel dat daar so spoedig moontlik met die invordering van die belasting begin sou word. Ten einde Lanyon op die hoogte te stel met bestaande wetgewing in dié verband, het Henrique 'n afskrif van die memorandum wat hy in Oktober 1879 met betrekking tot die belastingswette van die Zuid-Afrikaansche Republiek opgestel het,[110] aan Lanyon voorgelê, aangesien hy van mening was dat Lanyon nie insae hierin gehad het nie. Terselfdertyd het hy hiermee ook ten doel gehad om Lanyon te wys op die noodsaaklikheid dat 'n eenvoudige en eenvormige belastingstelsel in wetgewing vasgelê moes word.[111] Totdat 'n finale besluit met betrekking tot 'n eenvormige belastingstelsel geneem was, het Henrique voorgestel dat 'n belasting kragtens artikel 4(a) van Wet No. 3 van 1876[112] van die Swartes gevorder moes word. Die rede hiervoor was dat die 10/- hutbelasting waarvoor hierdie artikel voorsiening gemaak het, dieselfde bedrag was as dié wat sir Theophilus Shepstone die Swartes in Mei 1877, meegedeel het van hulle gevorder sou word. Op welke belastingstarief daar ook al besluit mag word, was Henrique nietemin van mening dat daar so spoedig moontlik met die invordering van die belasting in Zoutpansberg en Waterberg begin moes word - indien moontlik nog voordat die troepe wat teen Sekhukhune geveg het die Transvaal verlaat. Voordat met die invordering begin kon word, sou dit nodig wees dat die Swartkapteins en hoofmanne in kennis gestel word van die Regering se voorneme om met die invordering van belasting te begin.[113]

---

110. SN102, pp.568-585: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., pp.99-101: Memorandum ... Native Law.

111. SN2, N303/79: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 1.12.1879.

112. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4(1,a).

113. SN2, N303/79: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 1.12.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Lanyon moes hierdie skrywe van Henrique met Wolseley bespreek het.[114] Gevolglik het Wolseley Henrique versoek om 'n konsepwet op te stel wat vir die heffing van 'n hutbelasting voorsiening sou maak. Hierdie wet moes sover as moontlik op die Natalse wet[115] gebaseer wees, maar die bedrag wat per hut gevorder moes word, moes op 10/- vasgestel word. Ook moes 'n noukeurig bewoorde klousule opgestel word waarin alle bestaande wette en besluite met betrekking tot die belasting van die Swartes herroep word. In die opstel van hierdie wet, kon Henrique van sowel die Kaapse as die Vrystaatse wette met betrekking tot die belasting van die Swartes gebruik maak, aangesien hierdie wette hom van hulp kon wees.[116]

In die uitvoering van Wolseley se opdrag het Henrique 'n konsepwet opgestel[117] wat vir finale afronding aan Maasdorp voorgelê is[118] en deur wie die konsep enigsins uitgebrei is.[119] Intussen het Lanyon op versoek van Wolseley, Henrique versoek om 'n verslag op te stel van die stappe wat onmiddellik geneem moes word met die oog op die invordering van 'n hutbelasting van 10/- per hut. Ook moes hy 'n uiteensetting gee van die wyse waarvolgens te werk gegaan sou word om die hutbelasting in te vorder.[120]

---

114. SN2, N312/79 by N303/79: W.O. Lanyon - H.C. Shepstone, 15.12.1879.

115. Waarskynlik Wet No. 13 van 1875. Vir dié wet, sien R.L. Hitchins: Statutes of Natal, 1845 - 1899, Vol. II, Native Law, pp. 6-8: Law No.13, 1875, "To repeal and re-enact, with amendments, Laws No. 6, 1857 and No. 1, 1869".

116. SN 2, N312/79 gevoeg by N303/79: W.O. Lanyon - H.C. Shepstone, 15.12.1879 .

117. SN2, N312/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.12.1879; SN2:Drafts of Letters, 1879 van H.C. Shepstone: Afskrif van Konsepwet.

118. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota gedateerd 20.12.1879.

119. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van G.C. Maasdorp - W.O. Lanyon, 24.12.1879.

120. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van W.O. Lanyon - H.C. Shepstone, 15.12.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die verslag[121] wat Henrique na aanleiding hiervan opgestel het, het hy daarop gewys dat hy geen probleme met die invordering van 'n hutbelasting voorsien het nie. Voordat die belasting ingevorder kon word, was dit nodig dat 'n wet aangeneem sou word waarvolgens 'n hutbelasting van 10/- op elke bewoonde hut gehef kon word. So 'n wet was nodig aangesien die bestaande wette onprakties was as gevolg van die verskillende soorte belastings en belastingskale waarvoor dit voorsiening gemaak het. Dit was verder nodig dat die verskillende kapteins en hoofmanne deur middel van die onderskeie landdroste en Naturellekommissarisse in kennis gestel moes word van die Regering se voorneme om 'n hutbelasting van 10/- per hut in te vorder. In afwagting van die daarstelling van die nodige wetgewing kon reeds dadelik hiermee begin word.[122] Volgens 'n latere mededeling van Henrique moes hierdie amptenare die Swartes slegs waarsku om hulle geld gereed te hê, aangesien die meerderheid van die Swartes, reeds bewus was daarvan dat hulle 'n belasting moes betaal.[123]

In soverre dit die wyse van insameling betref, was Henrique van mening dat die landdroste as die hoofde van hulle onderskeie distrikte, die hutbelasting in hul eie distrikte moes invorder. In die distrikte waar daar Naturellekommissarisse was, moes die belasting deur hierdie amptenare op las van die landdros ingevorder word. Aangesien die voorgenome belastinginvordering die eerste algemene en eenvormige insameling van die Swartes se belasting in Transvaal sou wees, was dit absoluut noodsaaklik dat aan die Swartes die billikheid en regverdigheid verduidelik moes word op grond waarvan van hulle verwag sou word om 'n bydrae te lewer ter bestryding van die uitgawes van die Regering onder wie hulle op daardie stadium hulle vryheid en beskerming geniet het.

Ten einde te verseker dat hierdie verduideliking op 'n behoorlike wyse gedoen word, moes die taak deur senior regeringsamptenare behartig word. In die afgeleë distrikte waar daar

---

121. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Report on collection of Native Taxes, opgestel deur H.C. Shepstone, 19.12.1879.

122. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Report on collection of Native Taxes, opgestel deur H.C. Shepston, 19.12.1879.

123 SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 6.1.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tot op daardie stadium nog weinig of geen regeringsgesag oor die Swartes uitgeoefen is nie, moes veral hierdie verduideliking op 'n behoorlike wyse gedoen word. Gevolglik het Henrique voorgestel dat hierdie taak in die Lydenburgse distrik aan Clarke as die spesiale kommissaris van hierdie distrik opgedra moes word. Hiervoor was hy besonder geskik, aangesien hy nie slegs goed bekend was aan en deur die Swartes gerespekteer was nie, maar ook omdat hy 'n groot invloed oor die Swartes in dié distrik uitgeoefen het. Wat verder in Clarke se guns getel het, was dat hy reeds in Natal ondervinding van die invordering van hutbelasting opgedoen het. Vir die invordering van die hutbelasting in die Utrechtse en Wakkerstroomse distrikte asook dié deel van die Lydenburgse distrik wat aan Swaziland gegrens het, het Henrique weer vir G.M. Rudolph, die landdros van Utrecht, voorgestel. Ook Rudolph het reeds ondervinding van die invordering van 'n hutbelasting gehad, hy het die Swartes se taal geken en was tewens goed bekend aan en gerespekteer deur die Swartes wat in hierdie gebiede gewoon het.

In die Zoutpansbergse en Waterbergse distrikte sou Henrique self die belasting gaan invorder het. Indien die koloniale sekretaris, Melmoth Osborn, van diens verskoon kon word, kon hy aangewys word om hierdie taak in die distrikte van Pretoria, Rustenburg, Marico en Potchefstroom te gaan verrig. Osborn se aanbeveling moet waarskynlik gesien word in die lig van die feit dat Henrique van mening was dat daar sover as wat dit moontlik was, gelyktydig met die invordering van die hutbelasting in al die distrikte begin moes word. Daarbenewens kon Osborn as senior amptenaar gebruik word om aan die Swartes te verduidelik op grond waarvan 'n belasting van hulle gevorder word. Trouens, as resident-magistraat in Natal, het Osborn reeds ondervinding van die hantering van Swartaangeleenthede gehad. Indien Osborn nie van diens verskoon kon word nie, sou Henrique na sy terugkeer van Zoutpansberg en Waterberg, die belasting in die bogenoemde distrikte ingevorder het.[124]

---

124. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Report on collection of Native Taxes, opgestel deur H.C. Shepstone, 19.12.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ten einde die landdroste aan die Swartkapteins in hul onderskeie distrikte bekend te stel, moes die landdroste aangesê word om die senior amptenare wat aangestel sou word om die hutbelasting in te vorder, te vergesel. Sodoende kon die landdroste terselfdertyd ook vertroud raak met die wyse waarop 'n hutbelasting ingevorder word.[125]

Soos uit die voorafgaande blyk, was Henrique dus van mening dat aangesien dit die eerste algemene invordering van 'n hutbelasting in Transvaal sou wees, die Swartes deur 'n amptenaar van 'n hoër rang ingelig moes word omtrent die gronde waarop hierdie belasting van hulle gevorder word. Hoewel hierdie amptenare ook die eerste invordering daarvan moes behartig, sou die werk hierna, dit wil sê vir die daaropvolgende belastingjaar, deur die landdroste en Naturellekommissarisse gedoen moes word.

Aangesien die amptenare wat die hutbelasting moes invorder, groot bedrae geld in hulle besit sou hê,[126] was dit nodig dat die amptenare wat in die afgeleë distrikte belasting moes invorder van 'n begeleide voorsien word.[127] Hierdie begeleide kon uit 25 - 30 Swartes bestaan, aangesien 'n berede begeleide te veel onkostes tot gevolg sou hê.[128] Afgesien hiervan moes die belastinggaarders van die nodige vervoer, 'n klerk om kwitansies uit te skryf, asook 'n aantal Swartboodskappers en polisie voorsien word.[129] In soverre dit vervoer vir hierdie mense betref, was Henrique die mening toegedaan dat dit onmoontlik was om 'n hutbelasting anders as met 'n ossewa in te vorder.[130]

---

125. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Report on collection of Native Taxes, opgestel deur H.C. Shepstone, 19.12.1879.

126. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 6.1.1880.

127. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Report on collection of Native Taxes, opgestel deur H.C. Shepstone, 19.12.1879.

128. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 6.1.1880.

129. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Report on collection of Native Taxes, opgestel deur H.C. Shepstone, 12.12.1879.

130. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 6.1.1880.

Ten slotte het Henrique daarop gewys dat vanweë die kort kennisgewing van die Regering se voorneme om die hutbelasting in te vorder, dit moontlik mag wees dat sommige Swartes wat ver van 'n arbeidsmark af gewoon het, nie in staat sou wees om hulle belasting in kontant te betaal nie. In sulke gevalle kon hulle hul belasting in goedere betaal, terwyl die vee waarmee betaal word, later ten behoewe van die Regering verkoop sou word.[131]

Afgesien van enkele verduidelikings waarom Wolseley gevra het, het hy sy goedkeuring aan Henrique se voorgestelde modus operandi verleen. Hy was egter van mening dat Henrique en Osborn met die invordering van die hutbelasting moes begin eers nadat die Wetgewende Vergadering byeengekom het. Wolseley het Lanyon ook versoek dat die landdroste en die Naturellekommissarisse aangesê moes word om al die Swartkapteins met wie hulle in aanraking gekom het, in kennis te stel dat 'n hutbelasting nie later nie as Maart 1880 van die Transvaalse Swartes gevorder sou word. Volgens 'n belofte van sir Theophilus Shepstone aan die Swazi's, moes geen belasting van hulle gevorder word nie. Aan hulle moes egter verduidelik word dat hierdie toegewing aan hulle gemaak word met die uitdruklike verstandhouding dat wanneer hulle dienste benodig word, hulle net soos in die geval van die oorlog teen die Pedi, onmiddellik aan 'n oproep gehoor moes gee.[132]

Vroeg in Januarie 1880 het Henrique Shepstone in sy hoedanigheid as Sekretaris van Naturellesake, die landdroste van Utrecht, Wakkerstroom, Standerton, Heidelberg, Pretoria, Rustenburg, Marico, Potchefstroom en Middelburg, asook die spesiale kommissaris van Zoutpansberg en Waterberg en diê van Lydenburg, en alle Naturellekommissarisse gelas om so spoedig moontlik al die Swartkapteins en hoofmanne in hul onderskeie distrikte in kennis te stel van die Regering se voorneme om nie later as Maart 1880 nie met die invordering van 'n hutbelasting te begin. Die belasting wat hulle moes betaal was 10/- vir elke bewoonde hut. Verder moes hulle meegedeel word dat hulle by 'n latere geleentheid in kennis

---

131. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Report on collection of Native Taxes, opgestel deur H.C. Shepstone, 19.12.1879.

132. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van G. Wolseley - W.O. Lanyon, 22.12.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gestel sou word van die datum en die plek waar die belasting-invordering in die verskillende distrikte sou plaasvind. Van elke kaptein en hoofman sou verwag word om saam met hulle volk hulle opwagting by die bestemde plek te maak. Almal moes hulle belasting in die teenwoordigheid van die kaptein of die hoofman van die betrokke stam betaal en van hom sou ook verwag word om toe te sien dat vir elke bewoonde hut betaal sou word.[133]

Met betrekking tot Wolseley se opdrag dat die Swazi's van belasting vrygestel moes word, was Henrique van mening dat hy onder 'n misverstand verkeer het oor wat tussen sir Theophilus en die Swazi's plaasgevind het. Volgens Henrique het sy vader die Swazi-afvaardiging in 1877 in Pretoria meegedeel dat indien die Swazi's onderdane van die Britse regering wou word, hulle belasting sou moes betaal. Ook sou daar 'n magistraat oor hulle aangestel word en sou hulle oor die algemeen op dieselfde wyse as die Swartes van Natal behandel word. Vir sir Theophilus het dit egter voorgekom asof die Swazi-afvaardiging nie die magtiging gehad het om so 'n onderneming aan te gaan nie. Gevolglik het hy geoordeel dat dit beter sou wees indien hulle na Swaziland sou terugkeer en aan die stamhoofde sou meedeel wat sir Theophilus hulle meegedeel het. Hierna kon die Swazi-afvaardiging hom sowat drie maande later by Robert Bell in Nieuw Schotland ontmoet en hom dan van die besluit van die stamhoofde verwittig.[134]

Met sir Theophilus se aankoms later by Bell, is die Swazi's van sy aankoms in kennis gestel, maar as gevolg van verskillende redes, het die Swazi-indoenas nie opgedaag nie, maar slegs twee gewone Swazi's gestuur aan wie sir Theophilus sy vroeëre mededeling herhaal het. Sover Henrique se kennis gestrek het, het geen verdere onderhandelings oor hierdie aangeleentheid plaasgevind nie.

---

133. SN102, pp.746-747: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan al die landdroste behalwe diê van Christiana, Spesiale Kommissarisse, Kommissarisse en Naturellekommissarisse, Pretoria, 7.1.1880; SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdros van Utrecht, M.W. Stroom, Standerton, Heidelberg, Pretoria, Rustenburg, Marico, Potchefstroom en Middelburg, Spesiale Kommissaris Waterberg, Zoutpansberg en Lydenburg en alle Naturellekommissarisse, 7.1.1880 (afskrif); Sien ook SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 6.1.1880.

134. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 6.1.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wolseley was egter die mening toegedaan dat Henrique verkeerd was. Hy het aangevoer dat Clarke hom meegedeel het dat sir Theophilus hom gestuur het om die Swazi's te gaan meedeel dat hulle van belasting vrygestel sou word. Die Swazi's is dan ook dienooreenkomstig ingelig.[135]

Op grond van hierdie inligting het Henrique ooreenkomstig Wolseley se vroeëre mededeling die betrokke amptenare in kennis gestel dat die Swazikaptein ingelig moes word dat die Transvaalse regering 'n hutbelasting van 10/- vir elke bewoonde hut van die Transvaalse Swartbevolking gaan vorder. Volgens sir Theophilus se belofte aan die Swazi's, sou daar egter geen belasting van hulle gevorder word nie. As teenprestasie vir hierdie toegewing, moes die Swazi's uitdruklik te verstane gegee word dat wanneer hulle dienste ook al deur die Transvaalse regering benodig mag word, hulle hul onmiddellik onder bevel van die Regering moes plaas.[136]

Net soos in die geval van die Swazi's, is die Swartes wat in die Keate Award-gebied gewoon het, ook van belasting vrygestel.[137]

Ten einde 'n eenvormige belasting van 10/- per hut in Transvaal in te stel, is daar, afgesien van 'n geringe bedrag,[138] geen belastings vir die tydperk April tot Desember 1877 van die Swartes ingevorder nie. In Januarie 1878 het sir Theophilus die invordering van alle belastings wat deur die Swartes betaal moes word, tot verdere kennisgewing opgeskort. Hierdie besluit, die uitbreek van die oorlog teen die Pedi kort daarna en die onvermoë van die Engelse owerheid om die nodige wetgewing daar te stel, het tot gevolg gehad dat vir 1878 en 1879 ook geen belasting ingevorder is nie. Afgesien hiervan was daar ook die gevalle waar die Swartes slegs 'n gedeelte van hulle belasting vir 1876 - 1877 betaal het.[139]

---

135. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van G. Wolseley - W.O. Lanyon, 8.1.1880.

136. SN102, pp.781-782: H.C. Shepstone - Political assistent Swazigrens, Pretoria, 17.1.880; SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: H.C. Shepstone - Kommissaris en Regeringsagent, Swazigrens, 17.1.1880 (afskrif).

137. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone op 17.1.1880.

138. C2695, p.40: Copy of Reports of the Officers commissioned ... to inquire into ... Expenditure in South Africa, Report 5: Financial affairs of the Transvaal, g.d.

139. SN3, N30/80: P.A. van Yperen - H.C. Shepstone, Zeerust, 24.1.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die gevolg was dat toe die Swartes aangesê is dat 'n hutbelasting vroeg in 1880 van hulle gevorder sou word, die vraag onmiddellik ontstaan het of agterstallige belastings ook gevorder sou word en, indien dit wel die geval was, hoeveel daar in sodanige gevalle betaal moes word.[140]

'n Verdere vraag wat opgeduik het, was of die Swartes wat op 'n Blanke se grond gewoon het en by hom in diens was, ook 'n hutbelasting van 10/- moes betaal.[141]

In sy antwoord op hierdie vrae het Henrique verklaar dat die Regering nie van voorneme was om enige agterstallige belasting in te vorder nie.[142] Die 10/- hutbelasting wat van die Swartes gevorder sou word, sou slegs van 1 Januarie 1880 af geld.[143] Hierdie belasting moes ook deur alle Swartes betaal word, hetsy hulle op regerings- of privaatgrond gewoon het.[144]

Volgens die verslae wat die Sekretaris van Naturellesake van die verskillende landdroste en Naturellekommissarisse af ontvang het, het die kapteins hulle oor die algemeen bereid verklaar om 'n hutbelasting te betaal.[145] Sommige van hulle het wel te kenne gegee dat, ofskoon hulle nie oor die geld beskik het nie, hulle nietemin pogings in die werk sou stel om die geld gereed te hê wanneer die hutbelasting ingevorder sou word.[146] Ander, daarenteen, het weer aangevoer dat hulle

---

140. SN3, N32/80: R. Rutherfoord - Waarn. Koloniale Sekretaris, Pretoria, 2.2.1880; SN3, N30/80: P.A. van Yperen - H.C. Shepstone, Zeerust, 24.1.1880.

141. SN3, N30/80: P.A. van Yperen - H.C. Shepstone, Zeerust, 24.1.1880.

142. SN102, p.825: H.C. Shepstone - Landdros Marico, Pretoria, 30.1.1880; SN3 , N30/80 : Nota van H.C. Shepstone, 30.1.1880.

143. SN3, N32/80: Nota van H.C. Shepstone, 2.2.1880

144. SN102, p.825: H.C. Shepstone - Landdros Marico, Pretoria, 30.1.1880; SN3, N30/80: Nota van H.C. Shepstone, 30.1.1880.

145. Sien o.a. SN3, N46/80: G. Eckersley - H.C. Shepstone, Luluberge, 28.1.1880; SN3, N64/80: O. Dahl - H.C. Shepstone, Eersteling, 15.2.1880; SN3, N60/80: J. Albasini - H.C. Shepstone Spelonken, 14.2.1880.

146. SN3, N64/80: O. Dahl - H.C. Shepstone, Eersteling, 15.2.1880; SN3, N83/80: O. Dahl - H.C. Shepstone, Eersteling, 27.2.1880.

mense as gevolg van die oorlog teen die Pedi, nie vir 'n loon kon gaan werk het nie en dat hulle gevolglik nie hulle belasting op die vasgestelde tyd sou kon betaal nie.[147] Ten einde hierdie probleem te bowe te kom, het Lanyon aan die hand gedoen dat die Swartes aangesê moes word dat uit elke familie 'n aantal mans vir 'n tydperk van ongeveer ses maande by die Blankes in hulle omgewing moes gaan werk.[148] In die verband het Henrique daarop gewys dat die voorneme van die Regering om 'n hutbelasting in te vorder, die Swartes sou verplig om in 'n groter mate as wat tot op daardie stadium die geval was, werk te gaan soek ten einde die hutbelasting te betaal.[149]

Hoewel die Regering dus van voorneme was om sodra daar vir die nodige wetgewing voorsiening gemaak is, 'n hutbelasting van die Swartes te vorder, was almal egter nie ten gunste van hierdie vorm van belasting nie. In 'n berig in die Transvaal Argus teen die einde van Januarie 1880, is daar aangevoer dat dit hoog tyd was dat die Swartes hulle deel tot die landsinkomste moes bydra. Hulle het in dieselfde geregtigheid as die Blankes gedeel en net soveel voordeel as die Blankes uit Sekhukhune se omverwerping getrek. Hulle kon nou weer hulle skuilplekke verlaat en in vrede in hulle krale woon, terwyl hulle skape en beeste veilig onder die beskerming van die Britse vlag kon wei en nie langer die prooi van die Pedi-impies was nie. Die feit egter dat die Swartes in Transvaal nie op kroongrond gebly het nie, het van 'n hutbelasting 'n klug gemaak. Gevolglik moes daar vir 'n persoonlike belasting vir almal vanaf 'n sekere ouderdom voorsiening gemaak word, terwyl die Swartmans wat meer as een vrou gehad het 'n addisionele bedrag aan belasting vir elke vrou moes betaal, aangesien diê wat hulle aan "polygamous luxuries" oorgegee het, bereid moes wees om daarvoor te betaal. Volgens die berig was dit

---

147. SN3, N46/80: G. Eckersley - H.C. Shepstone, Luluberge, 28.1.1880;
SN3, N98/80: O. Dahl - H.C. Shepstone, Eersteling, 8.3.1880;
SN3, N62/80: G. Eckersley - Spesiale Kommissaris Lydenburg, Lydenburg, 5.3.1880.

148. SN3, N91/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 13.3.1880;
SN3, N91/80: Nota van W.O. Lanyon - H.C. Shepstone, 14.3.1880.

149. SN3, N53/80: H.C. Shepstone - A.L. Devenish, 16.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n algemeen erkende beginsel dat diegene wat luukshede kon bekostig, dit ook moes kon bekostig om 'n geringe belasting daarop te betaal. Gesien in die lig van die feit dat 'n Swartman se rykdom bereken is deur die aantal vrouens wat hy gehad het, was daar nie 'n beter manier om hom te belas nie.[150]

Met die oog op die invordering van 'n hutbelasting, is daar vir 'n bedrag van £35 000 aan inkomste uit hierdie bron vir 1880 begroot.[151] In sy verslag oor die finansiële toestand van Transvaal het Steele, die Kommissaris van Finansies en Inkomste, daarop gewys dat "the appearance of this item on the estimates marks an important epoch in the history of the territory."[152] Daar is gehoop dat die inkomste wat uit die belasting van die Swartes verkry sou word, met die loop van tyd die tekorte sou dek wat nie deur die gewone inkomstebronne aangevul kon word nie. Hoewel daar heelwat gissings bestaan het met betrekking tot die bedrag wat aan belasting van die Swartes verkry kon word, was Steele egter van mening dat hierdie bron uiteindelik 'n bedrag van £90 000 kon oplewer. Indien hierdie bedrag geïn kon word, sou die besorgdheid oor die finansiële toestand van Transvaal, aansienlik verlig kon word. Tog moes daar in gedagte gehou word dat die invordering van 1880 die eerste sedert die anneksasie van Transvaal was. Dit het dus onder andere tot gevolg gehad dat nie al die amptenare ten volle met die invordering van 'n belasting vertroud was nie, terwyl hulle in 'n sekere mate ook onbekend was met die Swartes by wie hulle die belasting moes gaan invorder. Ten einde dus 'n moontlike tekort te voorkom, is daar besluit om vir 'n bedrag van £35 000 te begroot.[153]

---

150. MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 28.1.1880 (Our Future Gold Fields and things in General).

151. C2584, p.158, No. 73, Bylae 2: Verslag van C. E. Steele, Pretoria, 9.2.1880; C2584, p.150, No. 73: W.O. Lanyon - G. Wolseley, Pretoria, 14.2.1880.

152. C2584, p.158, No. 73, Bylae 2: Verslag van C.E. Steele, Pretoria, 9.2.1880.

153. C2584, p.158, No.73, Bylae 2: Verslag van C.E. Steele, Pretoria, 9.2.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4. H.C. Shepstone se wetsontwerp in verband met 'n hutbelasting vir die Swartes

Soos reeds aangetoon, het Wolseley Henrique Shepstone in Desember 1879 versoek om 'n wetsontwerp op te stel wat vir die heffing van 'n belasting van 10/- per hut voorsiening sou maak.[154] Nadat hy die wetsontwerp[155] opgestel het, is dit aan C.G. Maasdorp, die Prokureur-generaal, voorgelê,[156] deur wie dit enigsins uitgebrei en regskundig versorg is.[157] Die finale wetsontwerp is daarna in Februarie 1880 vir algemene inligting in die Staatskoerant gepubliseer.[158]

Die doel van hierdie wetsontwerp[159] was om die wette en besluite wat die Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot die belasting van die Swartes aangeneem het, in sekere opsigte te verander en te wysig en om vir 'n algemene en eenvormige hutbelasting vir die hele Transvaal voorsiening te maak. Gevolglik word al die besluite en wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek herroep wat onbestaanbaar en strydig was met die bepalings van hierdie wetsontwerp, behalwe in soverre as wat hierdie wette en besluite enige vroeëre wette herroep het.[160]

---

154. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van W.O. Lanyon - H.C. Shepstone, 15.12.1879.

155. SN2, N312/79 gevoeg by N303/79: Law for levying a tax on Native Huts; Vir die konsep van hierdie wetsontwerp, sien SN2: Drafts of Letters, 1879 van H.C. Shepstone; SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.12.1879.

156. SN2, N312/79 gevoeg by N303/79: Nota op 20.12.1879.

157. SN2, N312/79 gevoeg by N303/79: Nota van C.G. Maasdorp, 24.12.1879.

158. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880: Goewerments-kennisgewing No. 48, 1880, 20.2.1880.

159. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880: Goewerments-kennisgewing No.48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend in certain respects certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic and to alter the present rate of Taxation upon Natives in this Province."

160. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880: G.K. No.48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", Inleiding en art. 1; Sien ook W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vervolgens bepaal die wetsontwerp dat vir 1880 en vir elke daaropvolgende jaar en totdat anders bepaal sou word, 'n belasting van 10/- op elke bewoonde hut gehef sou word. Van hierdie belasting word vrygestel enige huis wat 'n Europese bouvorm gehad het en deur 'n Swarte bewoon word wat net een vrou gehad het en origens volgens beskaafde gebruike geleef het. Insgelyks word al die hutte wat aan Swartes behoort het wat in diens was van die eienaar by wie hulle gewoon het, van 'n hutbelasting vrygestel. Hierdie bepaling sou egter slegs van toepassing wees op die Swartes wat vir minstens ses maande van die betrokke belastingsjaar in diens van die eienaar van die plaas was.[161]

Hierdie bepaling in verband met die vrystelling van 'n hutbelasting, is na aanleiding van 'n soortgelyke bepaling van Wet No. 3 van 1876 deur Maasdorp bygevoeg toe Henrique sy konsep aan hom voorgelê het.[162] Kragtens die artikel moes die Swartes wat op privaatgrond gewoon het 'n hutbelasting van 5/- en in die geval van manlike Swartes ouer as 20 jaar, ook 'n persoonlike belasting van 10/- per jaar betaal het.[163] Swartes wat egter in diens was van die eienaar van die grond waarop hulle gewoon het, is van die persoonlike belasting vrygestel. Aangesien die wetsontwerp wat deur Henrique opgestel is, nie vir 'n persoonlike belasting voorsiening gemaak het nie, het Maasdorp[164] dit gerade geag om hierdie Swartes van 'n hutbelasting vry te stel.

Die wetsontwerp het verder bepaal dat die hutbelasting van 10/- waarvoor hierdie wet voorsiening gemaak het, betaal moes word deur die Swarte wat gedurende die jaar of 'n gedeelte van die jaar die hut waarop belasting betaal moes word, bewoon, gebruik of daarop aanspraak gemaak het. Hutbelasting was op

---

161. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880, G.K. No. 48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", art. 2; Sien ook W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

162. SN2, N312/79 gevoeg by N303/79: Law for levying a tax on Native huts.

163. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4(2).

164. SN2, N312/79 gevoeg by N303/79: Nota van C.G. Maasdorp - W.O. Lanyon, 24.2.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

31 Desember van elke jaar betaalbaar en moes betaal word deur die Swartes wat vir hierdie belasting aanspreeklik was. Dit moes betaal word aan die persone wat daartoe gemagtig was op 'n plek wat deur die administrateur of die amptenaar wat die landsbestuur tydelik waargeneem het deur middel van 'n proklamasie sou bepaal.[165]

In die wetsontwerp wat Henrique opgestel het, kom hierdie artikel nie voor nie. Hoewel Maasdorp geen melding maak daarvan dat hy dit bygevoeg het nie, kan egter met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat hy dit wel gedoen het.[166]

'n Verdere artikel van die wetsontwerp het bepaal dat die administrateur of die amptenaar wat die landsbestuur tydelik waargeneem het, die bevoegdheid sou hê om van tyd tot tyd persone aan te stel om die hutbelasting in te vorder. Om te verseker dat die hutbelasting behoorlik ingevorder en die bepalings van die wet uitgevoer sou word, kon die administrateur met die advies van die Uitvoerende Raad, reëls en regulasies opstel en opdragte in dié verband uitreik. Ten einde wanbetaling of die ontduiking van enige bepaling van hierdie wet te voorkom, kon die administrateur ook vir sodanige boetes en strawwe voorsiening maak as wat hy nodig sou ag. Die administrateur of die amptenaar wat die landsbestuur tydelik waargeneem het, het ook die bevoegdheid verkry om van tyd tot tyd reëls, regulasies en opdragte te wysig of tot niet te maak. Sulke wysigings sou beskou word asof hulle by wet bepaal is en deel van die wet uitgemaak het.[167] Volgens

---

165. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880, G.K. No.48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", art. 3; Sien ook W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

166. Sien SN2, N312/79 gevoeg by N303/79: Law for levying a tax on Native huts en ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880, G.K. No. 48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", art. 2; Sien ook W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

167. ZAR 56, Transvaal Governmert Gazette, 24.2.1880, G.K. No.48, 1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", art. 4; Sien ook W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Henrique was die bepalings van hierdie artikel noodsaaklik, want hoe volmaak 'n wet ook al mag wees wanneer dit aangeneem word, word dit altyd gevind dat daar klein dingetjies ontbreek wanneer die wet in werking gestel word.[168]

'n Dag nadat hierdie wetsontwerp saam met enkele ander wetsontwerpe in die Staatskoerant gepubliseer is, het die Transvaal Argus dit as die belangrikste van al die gepubliseerde wetsontwerpe bestempel, onder andere vanweë die dringende behoefte aan die nodige wetgewing waardeur vir die belasting van die Swartes voorsiening gemaak sou kon word. Hoewel diê koerant hom nie oor die belastingwette van die Zuid-Afrikaansche Republiek, wat deur hierdie wetsontwerp herroep word, wou uitlaat nie, was hy nietemin oortuig daarvan dat hierdie wette 'n dooie letter was. Tog sou alles wat van waarde daarin was behoorlik benut kon word, indien die opstellers van die konsep dit nie reeds gedoen het nie.

Met verwysing na die bedrag wat as hutbelasting gevorder sou word, het die koerant aangevoer dat ofskoon daar uiteenlopende menings hieroor bestaan het, die meerderheid van die mense tevrede was met die bedrag van 10/- wat deur die Regering voorgestel is. Teen die bepaling dat sekere Swartes van hutbelasting vrygestel sou word, het diê koerant ook geen beswaar gehad nie en na sy mening was die vrystelling waarvoor hierdie klousule voorsiening gemaak het, so omvattend as wat dit onder omstandighede moontlik was. Hoewel dit aanvanklik moeilik sou wees om al die Swartes op te spoor wat, soos die Transvaal Argus aangevoer het, "have so risen in the social scale as to be considered free and independent citizens, and consequently holders of the franchise", en daar waarskynlik baie Swartes sou wees wat sou poog om die betaling van hutbelasting te ontduik onder die voorwendsel dat hulle aan die vereistes vir die vrystelling van 'n hutbelasting voldoen, sou die Regering nietemin deur middel van behoorlike polisie- en ander maniere van toesig, gou vasstel wie op vrystelling geregtig was.

---

168. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die koerant was verder van mening dat die toepassing van hierdie wet baie sou doen om arbeid goedkoper en meer geredelik beskikbaar te maak en dat dit grootliks daartoe sou bydra om die houding van die Swartes teenoor die Blankes te verander en 'n verandering in hulle gewoontes en gedrag in die algemeen teweeg te bring.

Met verwysing na die bepaling dat die hutbelasting betaal moes word deur die Swartes wat gedurende die jaar of 'n gedeelte van die jaar die hut waarop belasting betaal moes word, bewoon het, het die Transvaal Argus aangevoer dat volgens hierdie bepaling die Swartes nie toegelaat sou word om van die een deel van die land na 'n ander te trek sonder om elke keer wat daar getrek word, 'n hutbelasting te betaal nie. Hoewel so 'n afleiding op grond van hierdie bepaling wel moontlik is, wil dit egter voorkom asof dit nie die bedoeling van die opstellers van die wetsontwerp was nie. Nietemin, volgens die Transvaal Argus was hierdie bepaling 'n baie goeie maatreël aangesien dit tot gevolg sou hê dat die Swartes in 'n groter mate as voorheen aan 'n permanente woonplek gebonde sou wees, wat dan sou verseker dat die boere en ander mense in wie se omgewing Swartes gewoon het, arbeid makliker sou kon bekom.

Met betrekking tot die invordering van die hutbelasting soos dit in die vierde klousule van die wetsontwerp omskryf is, was dié koerant van mening dat indien die Regering van voorneme was om die bepalings van die wet konsekwent uit te voer, daar groot uitgawes aangegaan sou moes word. Dit sou egter die moeite werd wees, aangesien daar voldoende rede bestaan het om te glo dat die Swartbevolking van Transvaal baie groter was as wat aanvanklik vermoed is. Indien die aantal Swartes in die noordelike dele van Transvaal naastenby soveel was as wat daar beweer is, sou die totale bedrag wat aan hutbelasting geïn kon word, baie meer wees as die bedrag wat die mees optimistiese persoon bereid was om te skat. Die grootte van die bedrag wat ingevorder kon word, sou dus afhang van die stelsel wat gevolg word om die belasting in te vorder. Dit en die feit dat die Transvaal Argus van mening was dat 'n hutbelasting bereken teen 10/- vir elke bewoonde hut, 'n groter inkomste sou oplewer as wat die totale inkomste

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die Transvaal op daardie stadium was, het die koerant daarvan oortuig dat dit die moeite werd was om iets te spandeer ten einde 'n stelsel te vind waarvolgens al die belasting ingevorder sou kon word. Met die oog hierop is daar reeds voorgestel dat 'n berede polisiemag op die been gebring moes word. Ofskoon dit groot onkoste sou meebring, sou dit die onkoste meer as vergoed, aangesien die totstandkoming van so 'n mag nie slegs die invordering van die hutbelasting sou bevorder nie, maar ook permanente vrede met die Swartes sou verseker. Hoewel daar nog nie sekerheid bestaan het oor watter maatreëls die Regering van plan was om met betrekking tot die invordering van die hutbelasting te tref nie, is die moontlikheid van die totstandbringing van 'n Swart berede polisiemag met Blanke opsieners reeds genoem. So 'n mag sou ongetwyfeld ook van groot waarde wees as 'n hulp vir 'n mag bestaande uit 'n paar honderd goed opgeleide manskappe, saamgestel uit die gedemobiliseerde vrywilligermagte wat teen die Pedi geveg het, maar as die invordering van die hutbelasting geheel en al van 'n Swartpolisiemag afhanklik was, kon nie baie goeie resultate verwag word nie. Gesien in die lig van die belangrikheid van die aangeleentheid het die Transvaal Argus gevolglik die hoop uitgespreek dat wanneer die wetsontwerp onder bespreking sou kom, die Wetgewende Vergadering besondere aandag aan die invordering van die hutbelasting sou bestee.[169]

Enkele dae hierna is die wetsontwerp wat vir die belasting van die Swartes voorsiening gemaak het, verder onder die vergrootglas geplaas toe daar 'n brief in die Transvaal Argus verskyn het waarin die skrywer aangevoer het dat die inleiding van die wetsontwerp maar swakkerig bewoord was en die werklike oogmerk daarvan nie behoorlik omskryf was nie. As bewys vir sy standpunt het hy daarop gewys dat die woorde om vir 'n algemene en eenvormige hutbelasting vir die hele Transvaal voorsiening te maak, strydig was met die klousule waarvolgens sekere Swartes van 'n hutbelasting vrygestel word.[170]

---

169. MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 25.2.1880 (Hoofartikel).

170. MS179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 28.2.1880 (Original Correspondence. Brief van "X".)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In hierdie verband moet daarop gewys word dat volgens die inleiding van die wetsontwerp daar vir die instelling van 'n algemene en eenvormige hutbelasting vir die hele Transvaal voorsiening gemaak word.[171] Hierteenoor word in die tweede klousule weer voorsiening gemaak vir die vrystelling van hutbelasting van twee groepe Swartes. Hulle was, in die eerste instansie, al die Swartes wat 'n huis van Europese bouvorm bewoon het, met een vrou gehad het en wat origens volgens beskaafde gebruik geleef het. Die tweede groep Swartes was dié wat by hulle werkgewer gewoon het en vir minstens ses maande van die betrokke belastingjaar in sy diens was.[172] Die feit dus dat daar enersyds vir 'n algemene en eenvormige hutbelasting voorsiening gemaak word en sommige Swartes andersyds weer van hierdie belasting vrygestel word, het ongetwyfeld 'n teenstrydigheid in die bewoording van die wetsontwerp tot gevolg gehad. Om hierdie probleem te oorbrug het die skrywer van die brief aan die hand gedoen dat die inleiding van die wetsontwerp so verander moes word dat die woorde om vir 'n algemene en eenvormige hutbelasting voorsiening te maak, vervang moes word met 'n inleiding waarin slegs verklaar word dat dit nodig is dat 'n belasting gehef moes word sodat voldoende voorsiening gemaak kon word vir die bestryding van die uitgawes vir die verdediging en beskerming van die grense van die Transvaal. Hierop kon dan die verdere bepalings van die wet volg.[173]

'n Verdere aangeleentheid waaroor die skrywer van die brief sy bedenkinge gehad het, was of die wetsontwerp omvattend genoeg was. In die besonder wou hy weet of die Swartes wat tot dié mate op die maatskaplike leer uitgestyg het soos wat in die wetsontwerp omskryf word, ook van ander bydraes tot die landsinkomste vrygestel was, terwyl hulle al die voorregte wat 'n sterk en regverdige regering hulle gebied het, ten volle geniet het. Indien hierdie Swartes nie van enige

---

171. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880: G.K. No.48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", Inleiding.

172. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880: G.K. No. 48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", art. 2.

173. MS179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 28.2.1880 (Original Correspondence. Brief van "X").

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ander belasting vrygestel was nie, moes die ander belasting waaraan die Swartes onderhewig was wat aan die vereistes van beskaafde gebruike voldoen het, baie duidelik omskryf word, aangesien dit nie duidelik was of hierdie Swartes vrygestel was van die persoonlike en wegbelasting waaraan hulle nog steeds kragtens Wet No. 3 van 1876[174] en 'n Volksraadsbesluit van Junie 1876[175] onderhewig was nie. Hoewel daar aangevoer mag word dat verdere wetgewing in dié verband later sou volg, behoort die Transvaalse wetgewers nietemin Tacitus se opmerking corruptissima re publica plurimae leges - gedurende die grootste agteruitgang van die Republiek, is die meeste wette gemaak[176] in gedagte te hou.

Die skrywer van die brief het verder daarop gewys dat die hutbelasting waarvoor in die wetsontwerp voorsiening gemaak word, jaarliks aan die einde van Desember verskuldig en betaalbaar was. Gesien egter in die lig van die feit dat die aandag van al die amptenare juis op daardie stadium ten volle in beslag geneem sou word deur die berekening van die ander belastings wat alles in Januarie betaalbaar was, was hy van mening dat dit beter sou wees indien die invordering van die hutbelasting na 'n ander tyd verskuif sou word. Laastens het hy die aandag daarop gevestig dat hoewel die Regering waarskynlik nie van voorneme was om die invordering van die Swartes se belasting twaalf maande langer uit te stel nie, so 'n interpretasie wel moontlik is wanneer klousule twee en drie[177] van die wetsontwerp sorgvuldig gelees word.[178]

---

174. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4 (1 en 2).

175. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.658: Volksraadsbesluit, 4 en 5 Junie 1876, art. 102.

176. Die skrywer van die brief het hierdie opmerking van Tacitus foutief weergegee as Pessimae republicae plurimae leges. Sien Tacitus, Ann.III, 27, 5.

177. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880: G.K. No.48 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ..." klousule 2 en 3.

178. MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 28.2. 1880 (Original Correspondence. Brief van "X").

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In reaksie op hierdie skrywe het die Transvaal Argus in sy volgende uitgawe verklaar dat die gebreke in die wetsontwerp waarop sy korrespondent die aandag gevestig het, reggestel moes word voordat die ontwerp aangeneem word. Die koerant het ook sy korrespondent gelyk gegee dat die inleiding van die wetsontwerp waarvolgens vir die heffing van 'n algemene en eenvormige hutbelasting vir die hele Transvaal voorsiening gemaak word, wel strydig was met die klousule waarvolgens sekere Swartes van 'n hutbelasting vrygestel sou word. Trouens, daar was so baie Swartes wat van 'n hutbelasting vrygestel was dat daar eintlik geen sprake van 'n algemene en eenvormige hutbelasting kon wees nie. Afgesien hiervan was die vrystelling van sekere Swartes van 'n hutbelasting, 'n baie billike en geregverdigde bepaling wat die Swartes in die algemeen sou aanmoedig om by die Blankes in diens te tree en gevolglik 'n baie gunstige uitwerking op die arbeidsvoorsiening in Transvaal sou hê - iets waarsonder dié gebied slegs agteruit sou gaan. Teen die vrystelling kon daar dus geen beswaar geopper word nie, hoewel dit alleen logies was dat "the native who conforms to civilized usages places himself on the same taxation level as the civilized man, and elects to share the duties of civilization, so far as taxation is concerned, as well as enjoy its rights."

Die Transvaal Argus het tereg daarop gewys dat klousule twee,[179] om die minste daarvan te sê, swak bewoord was. In die voorbehoudsklousule daarvan word bepaal dat huise van Europese bouvorm en die hutte wat deur die Swartes bewoon word wat in diens was, van die betaling van 'n hutbelasting vrygestel was, in plaas daarvan dat die bewoners van hierdie wonings, en nie die geboue nie, vrygestel word.

Met betrekking tot die datum - 31 Desember - waarop die hutbelasting jaarliks betaalbaar was,[180] was dié koerant eweneens van mening dat dit ongeleë was, aangesien al die ander belastings jaarliks in Januarie betaalbaar was. Hierdie stand

---

179. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880: G.K. No.48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", klousule 2.

180. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880: G.K. No.48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", klousule 3.

van sake sou dus meebring dat die werksaamhede van die betrokke amptenare, veral in sommige distrikte, meer as verdubbel. Verder, dat indien daar besluit sou word om 31 Desember as datum te behou, die hutbelasting nie voor 31 Desember 1881 betaalbaar was nie, aangesien daar nie enige wetgewing van terugwerkende aard met betrekking tot belastings aangeneem kon word nie.

Ten slotte het die Transvaal Argus daarop gewys dat sy enigste ernstige beswaar teen die voorgestelde wetsontwerp daarin geleë was dat 'n hutbelasting van 10/- per hut te laag was. Die Transvaalse Swartes was welgesteld en hulle lewens was een lang idille van eet, slaap, trou en bierdrink, wat dikwels in 'n moord of manslag geëindig het. Vir die beskerming wat die staat hulle gebied het en vir die veiligheid van hulle lewens en eiendom, sou 'n hutbelasting van £1 nie te veel wees nie. In Natal waar geld se koopkrag baie hoër was as in Transvaal, het die hutbelasting 14/- beloop en in Transvaal sou 'n bedrag van £1 'n baie billike ekwivalent hiervoor wees. Gevolglik het die koerant die hoop uitgespreek dat een van die lede van die Wetgewende Vergadering sou voorstel dat die hutbelasting verhoog word. Die Swartes sou geen probleme ondervind om 'n belasting van £1 te betaal nie, terwyl die masjinerie om 10/- in te vorder met ewe groot gemak vir die invordering van 'n hoër belasting gebruik sou kon word. Terselfdertyd sou die landsinkomste onmiddellik voordeel trek uit die Swartes se reaksie op hierdie prikkel tot groter arbeidsaamheid.[181]

Sowat twee weke nadat hierdie wetsontwerp gepubliseer is, het die eerste Transvaalse Wetgewende Vergadering op 10 Maart 1880 vir sy eerste sitting byeengekom. In sy openingsadres het Owen Lanyon as Administrateur van Transvaal, kennis gegee van die Regering se voorneme om onder andere 'n wetsontwerp met betrekking tot die invordering van 'n hutbelasting aan die Wetgewende Vergadering voor te lê. In sy toeligting van die wetsontwerp het Lanyon verklaar: "It is proper and just that the native races should bear their share in the

181. MS179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 4.3.1880 (Hoofartikel).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

direct taxation of the country for they benefit, along with the other inhabitants, in its active development. Though their numbers are very great in proportion to the white population they have, up to the present time, contributed little or nothing towards the general revenue".[182] Om dus vir die heffing van 'n hutbelasting voorsiening te maak, het Lanyon 'n wetsontwerp "to alter and amend in certain respects, certain Laws, passed by the Volksraad of the late S.A. Republic and to alter the present rate of taxation upon Natives in this Province" by die Wetgewende Vergadering ingedien en vir die eerste keer gelees.[183]

Dit het egter spoedig duidelik geword dat hierdie wetsontwerp nie al die lede van die Wetgewende Vergadering tevrede gestel het nie. Reeds die volgende dag het die heer O.W.A. Forssman, die lid vir Potchefstroom, kennis gegee dat hy van voorneme was om by die tweede lesing van die wetsontwerp, 'n mosie in te dien waarin hy sal versoek dat die wetsontwerp na 'n gekose komitee van die Wetgewende Vergadering verwys moet word om die hele kwessie in verband met die belasting van die Swartes in oorweging te neem.[184] Terselfdertyd het Henrique Shepstone as Sekretaris van Naturellesake, weer kennis gegee dat hy op 15 Maart 1880 sou voorstel dat die wetsontwerp met betrekking tot die heffing van 'n hutbelasting op die Swartes van Transvaal vir 'n tweede keer gelees sou word.[185]

Toe Henrique op 15 Maart die tweede lesing van die wetsontwerp voorgestel het,[186] het hy daarop gewys dat die betaling van 'n belasting deur die Swartes nie iets nuuts was nie, aangesien hulle gewoond was daaraan om aan hulle

---

182. EVR20: Openingsadres van W.O. Lanyon, 10.3.1880, art. 2; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 12.3.1880; G.K. No.74,1880: Openingsadres aan die Eerste Wegevende Vergadering, 10.3.1880: MS179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 11.3.1880: Openingsadres van W.O. Lanyon, 10.3.1880.

183. EVR20: Sitting op 10.3.1880, art.9; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.2: Sitting op 10.3.1880.

184. EVR20 : Sitting op 11.3.1880, art. 4; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.3: Toespraak van O.W.A. Forssman op 11.3.1880.

185. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.3: Toespraak van H.C. Shepstone op 11.3.1880.

186. EVR20: Sitting op 15.3.1880, art. 8; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kapteins belasting te betaal.[187] In soverre dit die belasting van die Transvaalse Swartes betref, het hy aangevoer dat hulle reeds hulle bereidwilligheid te kenne gegee het om 'n bydrae te lewer tot die uitgawes van die Regering vir die voorregte, beskerming, die rus en die vrede wat hulle onder die Britse regering geniet het. Hierna het Henrique kortliks verduidelik wat die wetsontwerp ten doel gehad het. In die proses het hy ook kennis gegee dat wanneer die wetsontwerp in die komiteestadium was, hy sou voorstel dat die bepaling geskrap sal word waarvolgens die Swartes wat 'n huis van Europese bouvorm bewoon en slegs een vrou gehad het van 'n hutbelasting vrygestel sou word. Vervolgens het Henrique, afgesien van enkele regstellings, 'n uiteensetting gegee, min of meer op dieselfde wyse as wat hy dit in sy memorandum van Oktober 1879 gedoen het,[188] van die wette wat nog van krag was, naamlik Wet No. 9 van 1870, Wet No. 4 van 1873 en Wet No. 3 van 1876 en van die belastingsmaatreëls waarvoor hierdie wette voorsiening gemaak het.

Met verwysing na die verskillende belastings waarvoor hierdie wette voorsiening gemaak het, het Henrique te kenne gegee dat daar nog nooit eenvormige belasting van die Swartes in Transvaal ingevorder is nie. Hoewel daar deur die Swartes wat in die Pretoriase, Potchefstroomse en Maricose distrikte gewoon het, wel enige belastings betaal is, het hy daaraan getwyfel of daar in enige van die ander distrikte belastings van die Swartes ingevorder is. Dit wou ook voorkom asof die invordering van die Swartes se belastings nooit behoorlik gedoen is nie. Sover hy verneem het, is die landdroste met die invordering van hierdie belastings belas. Hulle het egter geen moeite gedoen om die belastings in te vorder nie. Gevolglik het slegs die Swartes belasting betaal wat daartoe bereid was en boonop ook net die bedrag wat hulle bereid was om te betaal.[189]

---

187. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

188. Sien Afdeling 2.

189. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, pp.5-6: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In soverre dit die wetsontwerp self betref, was Henrique terdeë bewus van die uiteenlopende menings wat daar bestaan het met betrekking tot die bedrag wat die Swartes as 'n hutbelasting opgelê moes word. Daar was sommige lede van die Wetgewende Vergadering wat die standpunt gehuldig het dat 10/- per hut per jaar te min was. Dit was moontlik dat hierdie lede reg was en dat die Swartes wel in staat was om meer te betaal. Hy was egter van mening dat 10/- voldoende was. As rede hiervoor het hy aangevoer dat dit syns insiens onwys was om met die wegspringslag met 'n te hoë belasting te begin, aangesien die bedrag later weer verhoog kon word. Die Swartes van Transvaal was ook nog nie gewoond daaraan om belasting aan die Regering te betaal nie. Daarom wou hy stadig maar seker begin en moes die Swartes eers leer loop voordat hulle kon hardloop.

'n Verdere rede waarom Henrique nie ten gunste was daarvan dat die belasting van 10/- per hut waarop die Regering besluit het verander moes word nie, was dat die Regering homself tot so 'n bedrag verbind het. In dié verband het hy die Wetgewende Vergadering daarop gewys dat sir Theophilus Shepstone die Swartkapteins en die ander kapteins se verteenwoordigers in Mei 1877 meegedeel het dat 'n belasting van 10/- per hut van hulle gevorder sou word. Hiermee was almal tevrede en is die Swartes hierna dienooreenkomstig ingelig. Na die oorwinning oor Sekhukhune is die landdroste en die Naturellekommissarisse weer eens opgedra om die Swartes aan te sê om hulle gereed te maak om hulle belasting gedurende Maart 1880 te betaal - en weer is daar gesê dat dit 'n belasting van 10/- per hut sou wees. Hierdie bedrag is deur die Swartes aanvaar en het hulle hul bereidwilligheid te kenne gegee om dit te betaal. Dit was hierdie mededelings wat Henrique laat voel het dat die Regering hom vir 'n tyd lank, altans, aan 'n bedrag van 10/- per hut verbind het.

Met verwysing na die Begrotingswet en die feit dat daar vir £35 000 aan hutbelasting begroot is, het Henrique daarop gewys dat hierdie bedrag bloot op 'n skatting - en daarby 'n betreklike onbetroubare skatting - van die getal Swartes beraam is. Hoewel hy van mening was dat 'n groter bedrag

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ingevorder kon word, het hy nietemin hierdie skatting as korrek aanvaar en gevind dat teen 10/- per hut daar vir £35 000 begroot kon word. By wyse van vergelyking het hy aangevoer dat die grootste bedrag wat vir een jaar deur die Zuid-Afrikaansche Republiek aan belasting van die Swartes ingevorder is, in 1876 was toe £4 760 geïn is.[190]

Henrique se opmerking, soos De Volksstem dit gestel het, "in onze wetgevende misgeboorte" dat die Regering hom tot 'n belasting van 10/- per hut verbind het en dat dit gevolglik nie verhoog kon word nie, het hierdie koerant baie goed te staan gekom. Na aanleiding van Henrique se opmerking, het De Volksstem verklaar dat "de Secretaris voor de zaken der Naturellen verdedigde het voorstel der Regering en op welken grond denkt men? Lach niet, lezer, maar hij wilde het bedrag niet hoger maken omdat de Regering met Sir Theophilus Shepstone aan het hoofd, van begin af aan, aan de Kaffers beloofd had dat die belasting niet hooger zou wezen dan 10s. per hut!! Is dit niet schreeuwend grappig? Eene Regering die stelselmatig elke belofte aan de blanke ingezetenen der Transvaal verbroken heeft, wordt op haar ouden dag naauwgezet van geweten waar het beloften geldt die zij aan Kaffers heeft gedaan! Maar dit is weer een echt staaltje van Somtseusche[191] voorliefde, want in het gansche huis van Somtseu wordt de Kaffer altijd aan den blanke voorgetrokken."[192]

Nadat Henrique die tweede lesing van die wetsontwerp voorgestel het, het Forssman ooreenkomstig sy vroeëre mosie as amendement voorgestel dat die wetsontwerp na 'n gekose komitee verwys word om die hele aangeleentheid in verband met die belasting van die Swartes in oorweging te neem.[193]

---

190. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, pp. 5-6: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

191. Sir Theophilus het onder die Swartes as Somtseu - die groot vader - bekend gestaan.

192. De Volksstem , 23.3.1880 (Praatjies van den Dag).

193. EVR20: Sitting op 15.3.1880, art. 9; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van O.W.A. Forssman op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ter ondersteuning van sy mosie het Forssman verduidelik dat die genomineerde lede van die Wetgewende Vergadering die taak gehad het om die Britse owerheid met die regering van die land te help. Trouens, die Regering het self ook die begeerte uitgespreek dat die lede hulle mening moes lug oor enige saak met betrekking tot watter aangeleentheid ook al vir oorweging aan die Wetgewende Vergadering voorgelê sou word. Hy was terdeë bewus daarvan dat daar baie belangrike aangeleenthede aan die Vergadering voorgelê sou word en dat dit baie tyd en aandag sou verg om hierdie sake gereël te kry. Maar, ten spyte hiervan, "he did not think there was any question of greater importance, not only here but all throughout South Africa, than the one at present before them, - the native question. It was one which had puzzled many clever men; and they had never been able to solve it satisfactorily, because a great complication existed owing to the many other questions which hang by it. So far as the Transvaal was concerned, the question must be looked at in its two bearings, viz, capital and labour."[194]

Hoewel Forssman self op 'n dorp gewoon het, het hy nietemin 'n boerdery van aansienlike omvang aan die gang gehad in 'n distrik wat dig deur die Swartes bewoon was. Gevolglik het hy heelwat van hulle en hulle manier van lewe af geweet. Ondervinding het hom geleer dat wanneer 'n Swarte belas word, die eerste direkte gevolg daarvan was dat hy pogings in die werk gestel het om geld in die hande te kry. Dit het hy dan gebruik om as sy belasting te betaal en daarna om in sy eie behoeftes te voorsien. Deur onder die Blankes te woon, het die Swartes gaandeweg beskaafde gewoontes aangeleer. Die gevolg was dat wanneer hulle dienstyd verstreke was, hulle die geld wat hulle verdien het op die aankoop van klerasie, landbou-implimente, ensovoorts gespandeer het. Volgens Forssman was dit 'n aangeleentheid wat baie duidelik tot uitdrukking gekom het tussen die Swartes wat op 'n plaas by 'n Blanke werkgewer gewoon het en onder die invloed van die beskawing gekom het, en dié wat nog geen beskawingsinvloede ondergaan het nie. Die eersgenoemde was die meer intelligente, betroubare en vooruitstrewende Swartes. Dié wat egter in hulle krale in luiheid en ondeug bly voortleef het,

---

194. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van O.W.A. Forssman op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moes op die een of ander wyse bereik word en moes een of ander morele invloed aangewend word om hulle van hierdie lewe af weg te kry. Die middel wat hiervoor die geskikste was, was om die Swartes te belas. Forssman het toegegee dat die hutbelasting waarvoor in die wetsontwerp voorsiening gemaak word, nie slegs die finansiële posisie van die Transvaal nie, maar ook die arbeidsvoorsiening sou verbeter. Ten spyte hiervan egter was die belastingsmaatreëls waarvoor in die wetsontwerp voorsiening gemaak word, nie omvattend genoeg nie. Gevolglik sou hy graag wou sien dat die bedrag wat die Swartes aan hutbelasting opgelê word, vasgestel sou word volgens een of ander verhouding met wat deur die verskillende klasse betaal word wat elders onder Britse beheer gestaan het.

'n Verdere aangeleentheid wat volgens Forssman ondersoek moes word, was die geleenthede wat daar bestaan het om die betaling van die voorgestelde hutbelasting te ontduik. Die Swartes wat na aan die beskawingsinvloede gewoon het, sou hulle na beskawingsgebruike skik en die aantal hutte wat hulle bewoon het, verminder. Om hierdie soort van belastingontduiking te voorkom, was hy van mening dat daar vir die oplegging van 'n persoonlike belasting op sowel die jong ongetroude as die getroude Swartmans voorsiening gemaak moes word. Deur die oplegging van so 'n belasting sou die Swartes verplig word om hulle lui en trae gewoontes te laat vaar en in die plek daarvan arbeidsaamheid tot voordeel van hulleself en hulle werkgewers aan te leer. Die feit dat daar nie vir so 'n persoonlike belasting in die wetsontwerp voorsiening gemaak word nie, het die noodsaaklikheid onderstreep dat die wetsontwerp na 'n gekose komitee verwys moes word.

Forssman het ten slotte daarop gewys dat die meeste van die genomineerde lede van die Wetgewende Vergadering lede van die Uitvoerende Raad en Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek was. As gevolg hiervan en vanweë die praktiese kennis waaroor hulle met betrekking tot die belasting van die Swartes beskik het, was hulle geregtig daarop om hulle

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

menings uit te spreek in 'n aangeleentheid wat die belange van die boerende en algemene gemeenskap ten seerste geraak het.[195]

In sy toespraak ter ondersteuning van Forssman se mosie het die heer C.K. White, die lid vir Pretoria, aangevoer dat hy nie daarop wou ingaan of die wetsontwerp oordeelkundig opgestel is en of dit aan die vereistes vir die invordering van 'n hutbelasting voldoen het nie. Die Regering het die wetsontwerp ingedien en was hy gevolglik van mening dat daar vir alle gebeurlikhede voorsiening gemaak is. Die belangrikste was egter dat die lede van die Wetgewende Vergadering wat nie lede van die Regering was nie, oor inligting mag beskik waartoe die Regering nie toegang gehad het nie en tog vir hulle van belang mag wees. Gevolglik het hy die standpunt gehuldig dat dit die beste sou wees indien die wetsontwerp na 'n gekose komitee verwys word, sodat dié inligting tot beskikking van die Regering gestel kon word.

Met verwysing na die Sekretaris van Naturellesake se opmerking dat die Regering hom tot 'n hutbelasting van 10/- per hut verbind gevoel het, het hy die reg van die Sekretaris van Naturellesake of watter amptenaar ook al bevraagteken om die Wetgewende Vergadering te verbind tot die wetgewing wat so 'n amptenaar van voorneme was om by die Wetgewende Vergadering in te dien. Op grond hiervan en die ander redes wat hy genoem het, het hy die mosie gesteun dat die wetsontwerp na 'n gekose komitee verwys moes word.[196]

As lede van die komitee het Forssman voorgestel die Sekretaris van Naturellesake, C.K. White, die lid vir Pretoria, J.H. Nel, die lid vir Marico, J.A. Esterhuyse die lid vir Rustenburg en Forssman self.[197] Henrique het geen beswaar daarteen gehad

---

195. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, pp.6-7: Toespraak van O.W.A. Forssman op 15.3.1880.

196. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.7: Toespraak van C.K. White op 15.3.1880.

197. EVR 20: Sitting op 15.3.1880, art.9; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van O.W.A. Forssman op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat die wetsontwerp na 'n gekose komitee verwys word nie[198] en hom met die voorstel vereenselwig.[199] Hy sou graag die inligting en die raad wou hê waarvan White gepraat het, aangesien hy van mening was dat dit vir die Regering van hulp sou wees. Terselfdertyd het hy ook versoek dat die heer I.C. Holtzhausen, die lid vir Middelburg, as lid van die komitee benoem moes word. Forssman se voorstel is eenparig aanvaar en sou die komitee sy verslag binne 'n week in die Wetgewende Vergadering ter tafel lê.[200]

Die aanstelling van 'n Gekose Komitee om die hele aangeleentheid in verband met die belasting van die Swartes in oorweging te neem, is deur die Transvaal Argus verwelkom.[201] Hoewel daar oor die fyner besonderhede van die wetsontwerp aansienlike meningsverskil kon bestaan, was die belangrikste geskilpunt, volgens diê koerant, die bedrag van 10/- wat die Regering as hutbelasting voorgestel het. Die Transvaal Argus het reeds vroeër die standpunt ingeneem dat dit te min was en niks wat tot op daardie stadium oor diê aangeleentheid in die Wetgewende Vergadering gesê is, het nog enigiets gedoen om die koerant van standpunt te laat verander nie.

In soverre dit hutbelasting betref, het die Transvaal Argus betoog dat dit algemeen bekend was dat die Swartes se gedragsvoorskrifte met betrekking tot poligamie vereis het dat elke vrou van 'n Swartman in 'n afsonderlike hut moes woon. Verder, aangesien so 'n vrou deur haar arbeid op die mielielande tot die welvaart van die gesinshoof bygedra het, was 'n hutbelasting vir alle praktiese doeleindes dus 'n ruwe vorm van 'n inkomstebelasting wat by die Swartes se lewenswyse gepas het. Wanneer 'n Swarte 'n redelike hoeveelheid geld op die diamantvelde of as 'n dienaar by 'n werkgewer in een van die Transvaalse dorpe verdien het, of as hy na 'n paar jaar in die diens van 'n boer hom met sy verdienste in die vorm van 'n

---

198. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.17: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

199. EVR 20: Sitting op 15.3.1880, art. 9.

200. EVR 20: Sitting op 15.3.1880, art. 9; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.7: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880

201. MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 18.3.1880 (Hoofartikel).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aantal beeste verlaat het, was die eerste voorbereidsels wat so 'n Swarte getref het om hom as 'n vermoënde man in sy kraal te vestig, om vir hom 'n paar vrouens te neem. Dit het dadelik sy status verhoog, hom van 'n gerieflike lewe en 'n byverdienste verseker. Deur die oplegging van 'n hutbelasting, het die Regering dus nie 'n belasting op poligamie gehef nie, maar kon die Regering, aangesien hy nie by magte was om die Swartes se moraliteit te verander nie, deur middel van 'n hutbelasting terselfdertyd 'n belasting op sowel luukshede as op inkomste hef.

Die Transvaal Argus het verder betoog dat die oplegging van 'n direkte belasting in die vorm van 'n hutbelasting ook diê voordeel gehad het dat wanneer die Swartes hierdie belasting betaal, hulle sonder meer hulle onderdaanskap aan die Regering erken het. Met die verloop van tyd en wanneer hierdie idee van onderdaanskap eers behoorlik by hulle posgevat het, word dit die grondslag vir hulle beskawing en al die deugde wat daarmee gepaard gegaan het. Gevolglik was dit noodsaaklik dat hierdie onderdanigheid by die Swartes tuisgebring moes word. In die lig van die voorafgaande was die heffing en die behoorlike invordering van 'n hutbelasting dus 'n uitstekende maatreël om die welvaart van die Swartbevolking te bevorder en 'n welkome toevoeging tot die finansies van die Transvaal te verseker.

Ten spyte egter van die voorafgaande opmerkings, was die Transvaal Argus nietemin van mening dat die wetsontwerp in die vorm soos dit deur die Regering aan die Wetgewende Vergadering voorgelê is, nie so 'n voortreflike maatreël was nie en het hy gevolglik groot beswaar teen die maatreël geopper. Om sy besware toe te lig het die koerant aangevoer dat hoewel Natal as gevolg van sy ligging na aan die kus baie goedkoper as Transvaal geregeer kon word, die Swartes van daardie provinsie nietemin 'n belasting van 14/- per hut betaal het. Indien hierdie bedrag as 'n maatstaf geneem word, behoort die Transvaalse Swartes meer in plaas van minder as hulle Natalse bure te betaal. Uit die Sekretaris van Naturellesake se toespraak in die Wetgewende Vergadering, blyk dit egter dat sowel hy as sir Theophilus Shepstone die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bedrag wat die Swartes aan hutbelasting moes betaal op 10/- per hut vasgestel het en dat hulle sedert die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek die Swartkapteins dienooreenkomstig ingelig het. Na die beëindiging van die Sekhukhune-oorlog in 1879, is die landdroste weer aangesê om die Swartes mee te deel dat hulle gereed moes wees om gedurende Maart 1880 'n hutbelasting van 10/- per hut te betaal. Die Transvaal Argus het dus aangevoer dat dit onder hierdie omstandighede gevolglik wil voorkom asof die Regering homself reeds op alle moontlike maniere tot 'n bepaalde belastingstarief verbind het en al wat die Regering nou van die Wetgewende Vergadering verwag het, was om sy besluit goed te keur. In hierdie opsig was die Regering se optrede nie heeltemal logies nie. Indien die Regering reeds vooraf op 'n bepaalde bedrag besluit het en homself reeds tot 'n belastingstarief verbind het, kon die Regering maar net sowel die wetsontwerp, net soos in die geval van die paswet in 1879[202] toe daar nog nie 'n bevoegde wetgewende gesag in die Transvaal was nie en met veel minder teenstand, deur middel van 'n proklamasie aangeneem het. Sodoende sou die Regering kon verseker dat 'n hutbelasting van 10/- per hut wel ingestel sou word.

Volgens die Transvaal Argus was die Sekretaris van Naturellesake se argument dat 'n hutbelasting van 10/- die regte belasting vir die Swartes van Transvaal was, debatteerbaar. Trouens, namens die Regering is daar nog nie 'n enkele argument aangevoer dat 'n hutbelasting van 10/- hoog genoeg was nie, ten spyte van die feit dat die Swartes wat deur Transvaal gereis het en selfs dié wat van die een Transvaalse distrik na 'n ander gegaan het, aan 'n pasbelasting van 5/- en 1/- onderskeidelik onderhewig was nie. Wat die pasbelasting betref, moet verder in gedagte gehou word dat hierdie belasting 'n belasting op die arbeidsaamheid van die Swartes was wat hulle arbeid op die arbeidsmark beskikbaar gestel het en nie op die arbeid van die vrou wat in die mielielande van die betrokke kraal geswoeg het nie. In plaas daarvan

---

202. Sien Hoofstuk 4, Afd. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om 'n beperking op die arbeidsaamheid van die Swartes te lê, behoort die Regering hulle aan te moedig om in die diens van 'n Blanke werkgewer, hetsy in of buite die Transvaal, te tree. Die Transvaal behoort dus sy wetgewing op altyddurende beginsels in plaas van op oorwegings wat slegs tydelik dienstig is, te baseer. Indien die diamantvelde 'n groter aantrekkingskrag as die Transvaal is vir die Swartes wat werk soek, dan behoort hierdie toestand van sake die inwoners van Transvaal te stimuleer om arbeid in hierdie Britse provinsie vir die Swartes meer aantreklik te maak. Met die loop van tyd sou die arbeidsvoorsiening tussen Transvaal en die diamantvelde op die een of ander wyse 'n ewewig vind, terwyl die geld wat deur die Swartes van die diamantvelde af Transvaal toe gebring word en daar gespandeer word, 'n belangrike quid vir Transvaal se quo is vir die arbeid wat die Transvaal aan die diamantvelde leen. Die Transvaal Argus het verder aangevoer dat hoewel hy by geleentheid argumente aangevoer het waarom die passtelsel behou moes word, omstandighede sedertdien verander het. Transvaal het nou 'n bevoegde wetgewende gesag gehad om die kwessie in verband met die pasbelasting onder 'n vergrootglas te plaas en gevolglik het die koerant gehoop dat hierdie aangeleentheid die volle aandag van die Wetgewende Vergadering sou geniet en 'n meer liberale gees die geleentheid gegee sou word om die oorhand te kry.

Hoewel daar ongetwyfeld sekere veranderings aan die minder belangrike besonderhede van die wetsontwerp teweeggebring sou word, het die koerant nietemin gehoop dat wanneer die verslag van die Gekose Komitee gereed was, die resultaat van die Komitee se werksaamhede 'n uitvoerbare en bruikbare maatreël sou wees - 'n maatreël wat regverdig sou wees teenoor sowel die regering as die Swartes, ruimhartig waar dit ruimhartig moet wees en in ooreenstemming met die Swartes se opvatting van 'n belasting.[203]

---

203. MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 18.3.1880 (Hoofartikel).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5. Die werksaamhede van die Gekose Komitee insake die belasting van die Swartes

Die Gekose Komitee, wat onder voorsitterskap van Forssman gestaan het, het op 16 Maart met sy werksaamhede begin en dit op 22 Maart 1880 afgehandel.[204]

Die wysigings wat hierdie komitee aangebring het aan die wetsontwerp wat deur Henrique en Maasdorp opgestel is, het 'n heeltemal nuwe wetsontwerp tot gevolg gehad. Aangesien hierdie wetsontwerp met enkele wysigings as Wet No. 6 van 1880 aangeneem is, hoef hier nie 'n uitvoerige bespreking daaraan gewy te word nie. Met die oog op die werksaamhede van die Gekose Komitee en om die belangrikste verskille tussen die wetsontwerp wat Henrique en Maasdorp opgestel het en die van die Gekose Komitee aan te toon, is dit nodig dat hierdie verskille slegs in die breë uitgewys word.

Wanneer die twee wetsontwerpe in oënskou geneem word, val dit dadelik op dat die wetsontwerp van die Gekose Komitee meer omvattend as dié van Henrique en Maasdorp was. Waar hulle slegs al die wette en besluite van die Zuid-Afrikaansche Republiek wat strydig was met die bepalings van hulle wetsontwerp in die algemeen herroep het, het die Gekose Komitee sekere artikels van spesifieke wette en besluite herroep.[205]

---

204. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by Resolution of the ... House of Assembly of the Province of the Transvaal, on the 15th March 1880, upon the Bill "To alter and amend in certain respects, certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic and to alter the present rate of Taxation upon Natives in this Province", O.W.A. Forssman, 22.3.1880.

205. SS 413, R1521/80: Draft of Bill "To alter and amend in certain respects, certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic, and to alter the present rate of Taxation upon Natives in this Province, art. 2; SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly .. on the 15th March 1880 ..., O. W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure I : Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly, upon the Bill "To alter and amend in certain respects certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic, and to alter the present rate of Taxation upon Natives in this Province", Vergadering op 18.3.1880.

'n Verdere belangrike verskil tussen die twee wetsontwerpe het betrekking op die bedrag wat per hut aan belasting betaal moes word. Waar Henrique en Maasdorp se wetsontwerp voorsiening gemaak het vir 'n hutbelasting van 10/- het die Gekose Komitee daarenteen hierdie bedrag op £1 per hut vasgestel.[206]

Soos reeds aangetoon, het Henrique met die tweede lesing van die wetsontwerp te kenne gegee dat hy van voorneme was om in die komiteestadium die bepaling te skrap waarvolgens 'n Swarte wat 'n huis van Europese bouvorm bewoon het en slegs een vrou gehad het, van hutbelasting vrygestel word.[207] In die wetsontwerp wat deur die Gekose Komitee opgestel is, het hierdie bepaling gevolglik verval. Terselfdertyd is ook die bepaling geskrap waarvolgens die hutte van 'n Swarte vrygestel word van 'n hutbelasting indien hy vir 'n tydperk van minstens ses maande van die betrokke belastingsjaar in diens was van die eienaar op wie se grond hy gewoon het.[208] In die wetsontwerp wat deur die Gekose Komitee opgestel is, is daar dus nie vir enige vrystelling van 'n hutbelasting voorsiening gemaak nie.[209]

Seker een van die belangrikste verskille tussen die twee wetsontwerpe was dié in verband met die uitreiking van passe. In sy geheel beskou het Henrique en Maasdorp se wetsontwerp slegs ten doel gehad om vir 'n algemene en eenvormige hutbelasting voorsiening te maak. Gevolglik het hulle geen voorsiening hoegenaamd vir die uitreiking van passe gemaak nie.

---

206. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ... O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure I: Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ..., Vergadering op 18.3.1880.

207. Sien voetnoot 188.

208. Sien voetnoot 161.

209. SS413, R1521/80: Draft of A Bill "To alter and amend in certain respects, certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic, and to alter the present rate of Taxation upon Natives ..."; SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880: Annexure I: Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die wetsontwerp van die Gekose Komitee is egter voorsiening gemaak dat sowel die Swartes wat van buite Transvaal af gekom het as die wat binne Transvaal van die een na die ander distrik gegaan het, in besit van 'n pas moes wees.[210]

Met betrekking tot hierdie reëling is dit interessant om daarop te let dat die kladkonsep[211] van die wetsontwerp wat Henrique opgestel het, wel 'n bepaling bevat het waarvolgens Swartes wat van die een distrik na 'n ander gereis het of van buite Transvaal af gekom het om werk te soek, in besit van 'n pas moes wees. Waar Henrique die bedrag wat vir so 'n pas betaal moes word vir sowel binnelandse as buitelandse Swartes op 5/- gestel het, het die Gekose Komitee egter 'n onderskeid tussen binnelandse en buitelandse Swartes gemaak. Volgens die wetsontwerp wat deur die Gekose Komitee opgestel is, moes 'n Swarte wat van buite Transvaal af gekom het 1/- vir so 'n pas betaal. Aan binnelandse Swartes daarenteen sou so 'n pas gratis uitgereik word met dien verstande egter dat hulle die nodige bewys kon lewer dat hulle reeds hulle hutbelasting betaal het.[212] Nietemin, Henrique het sy bepaling in verband met passe in sy kladkonsep deurgehaal en is dit gevolglik nie in sy wetsontwerp opgeneem nie.

Volgens die notule van die vergaderings van die Gekose Komitee was Henrique se voorstel dat 'n hutbelasting van 10/- per hut gehef word, die enigste aangeleentheid waaroor 'n diskussie

---

210. SS413, R1521/80: Draft of A Bill "To alter and amend in certain respects, certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic, and to alter the present rate of Taxation upon Natives ..."; SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ... O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure 1: Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ..., Vergadering op 18.3.1880.

211. SN2: Drafts of Letters, 1879 van H.C. Shepstone, art. 3 van die kladkonsep.

212. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ... O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure I: Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ..., Vergadering op 18.3. 1880, bespreking van art. 7 en 8 van die Wet; SS 413, R1521/80: Draft of A Bill "To alter and amend in certain respects certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic, and to alter the present rate of Taxation upon Natives ...", art. 7 en 8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontstaan het. As amendement het C.K. white 'n hutbelasting van £1 in plaas van 10/- per hut voorgestel. Hierdie voorstel is met die teenstemme van Henrique en Holtzhausen aanvaar en gevolglik so in die wetsontwerp van die Gekose Komitee opgeneem.[213] Soos later aangetoon sal word, het die Wetgewende Vergadering die bedrag weer na 10/- verminder.

6. Die behandeling van die wetsontwerp van die Gekose Komitee deur die Wetgewende Vergadering

Op 23 Maart 1880 het Forssman sowel die verslag van die Gekose Komitee as die wetsontwerp wat die Komitee opgestel het, by die Wetgewende Vergadering ingedien.[214] In sy verslag het die Komitee daarop gewys dat die wysigings wat hy aan die oorspronklike wetsontwerp aangebring het, 'n nuwe wetsontwerp[215] tot gevolg gehad het.[216] Nadat die verslag gelees is, het Forssman as 'n onbestrede mosie voorgestel dat die wetsontwerp vir die eerste keer gelees word en dat die tweede lesing op 25 Maart plaasvind. Intussen kon die wetsontwerp aan die drukkers oorhandig word om gedruk te word.[217]

Aangesien die tweede lesing nie op die bepaalde datum plaasgevind het nie, het Forssman op 30 Maart voorgestel dat daar van die gewone prosedure afgewyk moet word ten einde die

---

213. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure I: Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ..., Vergadering op 18.3.1880, bespreking van art. 3 van die wet.

214. EVR 20: sitting op 23.3.1880, art. 7; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.10: Toespraak van O.W.A. Forssman op 23.3.1880.

215. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Die wetsontwerp was as aanhangsel 2 by die verslag aangeheg, maar ontbreek egter. 'n Kopie daarvan in sowel Nederlands as Engels is op 23.3.1880 aan die drukkers oorhandig. Sien in dié verband SS493, R5367/80: Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ... as aanhangsel I by die verslag van die Komitee.

216. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880.

217. EVR 20: Sitting op 23.3.1880, art. 8-11; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.10: Toespraak van O.W.A. Forssman op 23.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wetsontwerp vir 'n tweede keer te lees.[218] Hoewel die voorstel deur die Sekretaris van Naturellesake gesekondeer is, het hy nietemin kennis gegee dat hy van voorneme was om die artikel waarvolgens die hutbelasting op £1 per hut per jaar vasgestel word in die komiteestadium te opponeer.[219] Onder hierdie omstandighede is die wetsontwerp vir 'n tweede keer gelees.[220]

Die volgende dag het die Wetgewende Vergadering in komitee gegaan ten einde die wetsontwerp in behandeling te neem.[221] Toe die artikel gelees word waarvolgens die Swartes se hutbelasting op £1 vasgestel is het Henrique Shepstone, in sy hoedanigheid as Sekretaris van Naturellesake, voorgestel dat die bedrag na 10/- verminder word. Hierdie voorstel is deur Holtzhausen gesekondeer. Forssman gesteun deur Esterhuyse, het daarop voorgestel dat die bedrag van £1 per hut gehandhaaf word.[222]

In die bespreking wat hierop oor hierdie aangeleentheid ontstaan het, het White te kenne gegee dat hy nie die voorstel vir die vermindering van die bedrag kon steun nie. As rede vir sy standpunt het hy aangevoer dat as daar een bevolkingsgroep was wat deur die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek bevoordeel is, dan was dit die Swartes. As gevolg van die anneksasie het hulle die beskerming van die Britse regering geniet en almal het geweet

---

218. EVR 20: Sitting op 30.3.1880, art. 4; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.11: Toespraak van O.W.A. Forssman op 30.3.1880.

219. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure I: Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ..., Vergadering op 18.3.1880, bespreking van art. 3 van die wet.

220. EVR 20: Sitting op 30.3.1880, art. 5; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.11: Toespraak van H.C. Shepstone op 30.3.1880.

221. EVR 20: Sitting op 31.3.1880, art. 13; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.14: Sitting op 31.3.1880.

222. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.14: Sitting op 31.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat as die Regering 'n swakheid gehad het, dan was dit dat hy te goed na die Swartes omgesien het. Henrique se voorstel was die bewys dat ook die Transvaalse regering van voorneme was om baie toegeeflik teenoor die Swartes te wees. En wanneer White die voordele in gedagte roep wat die Swartes reeds te beurt geval het, kon hy nie met Henrique se voorstel saamstem nie.

White het verder betoog dat die Swartes bereid moes wees om te betaal vir die beskerming wat hulle geniet het. Met die oog daarop om 'n grenswag op die been te bring, het die Regering in die begroting vir 1880 vir 'n bedrag van £16 000 voorsiening gemaak. Dit was moontlik dat hierdie bedrag die volgende jaar £20 000 mag beloop en vir al hierdie uitgawes was die Swartes die oorsaak. As daar dan vir £35 000 aan hutbelasting begroot word en die onkoste verbonde aan 'n grenswag £16 000 beloop, kon die belasting van die Swartes maar net so wel laat vaar word. Wanneer hierby nog in berekening gebring word die ander uitgawes, soos byvoorbeeld die van die spesiale kommissarisse en Naturellekommissarisse, om die hutbelasting in te vorder, sal die onkoste verbonde aan die invordering van die hutbelasting feitlik dieselfde wees as die bedrag waarvoor begroot is. Onder hierdie omstandighede het hy gevolglik gedink dat die £1 hutbelasting wat deur die Gekose Komitee voorgestel is, 'n billike en regverdige belasting was wat geen Swarte sou weier om te betaal nie.

Met betrekking tot Henrique se opmerking dat daar 'n belofte aan die Swartes gemaak is dat die hutbelasting nie meer as 10/- per hut sou bedra nie, kon White net soos De Volksstem vroeër, nie die versoeking weerstaan om die Regering se aandag op 'n paar ander beloftes te vestig nie. Sonder om die Sekretaris van Naturellesake se reg om so 'n belofte te maak te bevraagteken, het hy die hoop uitgespreek dat as so 'n belofte bindend was ten opsigte van die Swartes, die beloftes wat kragtens die anneksasieproklamasie teenoor die Blankes gemaak is, ook eerbiedig moes word.[223]

---

223. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, pp.14-15: Toespraak van C.K. White op 31.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In sy verduideliking waarom hy nie ten gunste van 'n vermindering van die hutbelasting was nie, het Forssman daarop gewys dat toe die oorspronklike wetsontwerp in die Wetgewende Vergadering onder bespreking was, hy hom uitgelaat het ten gunste van 'n persoonlike belasting van £1 bo en behalwe die hutbelasting waarvoor daar voorsiening gemaak is. Met hierdie optrede van hom het hy ten doel gehad om die jong Swartes te belas en hulle dienste sodcende vir die Transvaal beskikbaar te maak. In die Gekose Komitee het hy van dié idee afgesien op grond van 'n onderneming dat die bedrag wat per hut aan belasting gevorder sou word van die oorspronklike 10/- na £1 verhoog sou word. Hy was verder van mening dat die Swartes wat meestal die oorsaak van die oorloë en onrus in die Transvaal was en deur wie se toedoen die land vir baie jare teruggeplaas is, iets behoort te doen om Transvaal weer te herstel. In die anneksasieproklamasie is daar verklaar dat die Blankes en die Swartes gelyk voor die wet sou wees. Hy was egter van mening dat daar geen sprake van gelykheid voor die wet kon wees indien die Blankes vir alles - die spoorweë, paaie en al die ander belastings - moes bydra, terwyl die Swartes slegs 10/- op elke bewoonde hut moes betaal nie. Die Swartes het dieselfde beskerming as die Blankes geniet en gevolglik behoort hulle, indien nie net soveel as die Blankes nie, ten minste 'n billike deel tot die publieke inkomste by te dra.

Forssman het sy spyt te kenne gegee dat hy hierdie opmerkings moes maak terwyl daar reeds 'n belofte aan die Swartes met betrekking tot die hutbelasting gemaak is. Ter wille van geregtigheid het hy egter geen ander keuse gehad nie, aangesien hy net so besorg was oor die arm boere en ander mense in die Transvaal as wat hy oor die Swartes was. Afgesien hiervan kon die groot skaarste aan arbeid ook nie ontken word nie en na sy mening het sowel die arbeidsvraagstuk as die inkomstevraagstuk vereis dat £1, en nie 10/- nie, per hut as belasting van die Swartes gevorder moes word.[224]

In sy betoog het die heer Holtzhausen aangevoer dat hy nie met White en Forssman kan saamstem nie. Hy was ten gunste

---

224. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.15: Toespraak van O.W.A. Forssman op 31.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarvan dat die hutbelasting op 10/- per hut vasgestel moes word, aangesien die Swartes nog 'n onbeskaafde nasie was. Hulle was ook nie gewoond daaraan om belasting aan die Regering te betaal nie en buitendien word mense makliker gelei as gedryf. Die Swartes in die dorpe en op die platteland mag wel in staat wees om 'n hutbelasting van £1 per hut te betaal, maar die meerderheid by wie die grootste deel van hierdie belasting ingevorder moes word, het ver van die arbeidsmark op die uithoeke van die Transvaal gewoon. Forssman het gesê dat hy graag wou sien dat daar net so goed na die Blankes as na die Swartes gekyk word. Hy het egter uit die oog verloor dat die arme schepsels nie grond van hulle eie besit het nie en dat die Regering ook nie in 'n posisie was om grond aan die Swartes te gee van wie hy 'n belasting ingevorder het nie. Bowendien moes die Swartes wat op privaatgrond gewoon het, die eienaar van die grond daarvoor betaal. Op grond van hierdie rede was Holtzhausen ten gunste daarvan dat 'n hutbelasting van 10/- in plaas van £1 gehef sou word.[225]

Na aanleiding van Holtzhausen se betoog dat hy ten gunste was van 'n hutbelasting van 10/- per hut onder andere omdat die Swartes nie grond van hul eie besit het nie, het Forssman aangevoer dat die Swartes wel by magte was om vir hulleself grond te kan koop. Trouens, daar was baie gevalle waar die Swartes kontant betaal het vir die grond wat hulle gekoop het. Sommige Swartes was finansieel baie beter daaraan toe as wat die Blankes was, vir die eenvoudige rede dat waar 'n Blanke sy grond moes koop, die Swartes op onbesette grond geplak het. Waar die Blanke dus van sy vee moes verkoop om grond te kon koop, het die Swartes hulle vee behou. Ook het hy daarop gewys dat die Swartes baie min onderskeid tussen 10/- en £1 gemaak het. Wanneer 'n Swarte eers aanvaar het dat hy belasting moet betaal, het hy £1 net so maklik as 10/- betaal en sou hy gou in die gewoonte kom om belasting te betaal.[226]

---

225. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.15: Toespraak van I.C. Holtzhausen op 31.3.1880; Sien ook p.16: Toespraak van A.H. Stander op 31.3.1880.

226. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.15: Toespraak van O.W.A. Forssman op 31.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Toe Henrique hierna tot die debat toegetree het, het hy Forssman daarop gewys dat daar wel Swartes was wat op grond gebly het wat hulle self gekoop het, maar hy het uit die oog verloor dat hierdie Swartes dieselfde belastings as die Blankes moes betaal. In die gevalle waar die Swartes op privaatgrond geplak het, is daar 'n betaling in die een of ander vorm van hulle geëis. In die res van Suid-Afrika is daar eers vir die Swartes grond opsy gesit en toe is hulle aangesê om 'n belasting te betaal. In Transvaal is daar geen grond vir die Swartes opsy gesit nie en tog is daar van hulle verwag om 'n belasting te betaal. Sodra daar met die invordering van die hutbelasting begin sou word sou hierdie aangeleentheid uit die aard van die saak baie sterk op die voorgrond getree het.

Met verwysing na Forssman se opmerkings oor die arbeidsvraagstuk, het Henrique saamgestem dat arbeid baie skaars was. Die feit egter dat die Regering van voorneme was om vir die eerste keer 'n algemene hutbelasting van die Swartes te vorder sou die Swartes verplig om te gaan werk. Indien die mense van Transvaal dieselfde lone aan die Swartes betaal het as wat op ander plekke die geval was, sou hulle in Transvaal werk gesoek het in plaas daarvan om 400 tot 500 kilometer ver te reis om elders te gaan werk. Gevolglik was hy van mening dat 'n bedrag van 10/- per hut heeltemal voldoende was wanneer die distansie in aanmerking geneem word wat die Swartes moes aflê om dié bedrag te gaan verdien.[227]

In sy bydrae tot die debat het die Koloniale Sekretaris, George Hudson, daarop gewys dat White se argumente met betrekking tot die onkoste wat nodig was om die hutbelasting in te vorder, nie steek gehou het nie. Dit was nie waar soos hy beweer het, dat die £16 000 vir 'n grenswag en die £5 900 vir die administrasie van die Swartes, begroot is om die onkoste vir die invordering van die hutbelasting te bestry nie.

Ter motivering van sy standpunt waarom die hutbelasting nie op £1 per hut vasgestel moes word nie, het die koloniale

---

227. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.15: Toespraak van H.C. Shepstone op 31.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sekretaris aangevoer dat daar in die eerste instansie 'n belofte met betrekking tot die bedrag wat per hut betaal moes word aan die Swartes gemaak is. Na sy oordeel was dit 'n verstandige en weloorwoë belofte en was hy dus ten gunste daarvan dat dit nagekom moes word. Tweedens, wanneer die bedrag op £1 vasgestel word, sou dit beteken het dat die Swartes twee maal so swaar as in die Kaapkolonie en in die Oranje-Vrystaat belas word. Afgesien hiervan moes daar ook in aanmerking geneem word dat die Swartes in die Kaapkolonie die voordeel van indiensneming op die publieke werke soos die spoorweë en hawens gehad het, terwyl daar as 'n reël ook vir die Swartes grond gegee is om op te woon. In die Transvaal, daarenteen, was daar op daardie stadium geen publieke werke nie en moes die Swartes as 'n reël 'n betaling in die een of ander vorm maak vir die grond waarop hulle gewoon het.

'n Verdere oorweging was volgens die koloniale sekretaris dat daar 'n sterk openbare mening bestaan het met betrekking tot alle wetgewing wat die Swartes geraak het. Hoewel die Wetgewende Vergadering die openbare mening kon ignoreer, het hy die raadsaamheid daarvan sterk betwyfel. Hy was oortuig daarvan dat as die lede van die Wetgewende Vergadering reg aan die begin van hulle wetgewende loopbaan in Transvaal, die Swartes by wyse van 'n direkte belasting, met 'n bedrag gaan belas waardeur die Transvaal 'n inkomste gaan verkry wat feitlik gelykstaande was aan die totale bedrag waarvoor daar begroot is, hulle met die teenkanting van die openbare mening in Engeland en in Suid-Afrika te doen sou kry. Onder hierdie omstandighede kon dit skaars oorweeg word om 'n maatreël aan te neem waarvolgens die Swartes buite verhouding belas sou word. Om so 'n maatreël aan te neem, sou slegs 'n algemene veroordeling van die Wetgewende Vergadering tot gevolg gehad het.[228]

In antwoord op die Sekretaris van Naturellesake en die koloniale sekretaris se argumente, het White aangevoer dat ofskoon die beskerming wat die Swartes onder die Zuid-Afrikaansche Republiek geniet het, nie baie groot was nie, daar

---

228. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, pp.15-16: Toespraak van Koloniale Sekretaris op 31.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

volgens die anneksasieproklamasie aan die Swartes gelyke regte met die Blankes verleen is. As dit dan die geval was, moes die Swartes op 'n gelyke grondslag met die Blankes tot die inkomste van die land bygedra het. Met verwysing na die opmerking dat die Swartes hoër lone in die Kaapkolonie as in die Transvaal ontvang het, het White beweer dat die lone in Transvaal hoër was as dié wat die Swartes op die publieke werke of by die boere in die Kaapkolonie verdien het. Op die diamantvelde was die Swartes se lone twee maal soveel as in die Kaapkolonie en "yet they were asking these poor natives to escape with 10s., because public opinion will be against us."[229] Hy wou dus weet of Transvaal self vir sy inkomste voorsiening moes maak en of die openbare mening vir die Transvaalse uitgawes sou betaal. Hy het verder aangevoer dat die Swartes wat die belasting in Transvaal moes betaal, die Swartmans was wat op die diamantvelde gaan werk het en waar hulle £1 per week verdien het. Wanneer hierdie Swartes weer na die Transvaal teruggekeer het, het hulle £50 of £60 in hulle besit gehad en dan word daar nog aan die Wetgewende Vergadering vertel dat 'n hutbelasting van 10/- per hut te veel was vir die beskerming wat aan die Swartes verleen word.[230] In soverre dit die beskerming van die Swartes betref, het White die volgende dag verklaar dat as hulle nie 'n belasting van £1 wil betaal vir die beskerming wat hulle van die Regering ontvang het nie, dan het die groot onbewerkte landstreek ten noorde van die Transvaal vir hulle oopgelê. Solank as wat hy lid van die Wetgewende Vergadering was, sou hy enige poging teenstaan "to convert the Transvaal Province into a nursery for natives."[231]

In sy deelname aan die debat het die Prokureur-generaal, C.G. Maasdorp, te kenne gegee dat hy ten gunste van 'n belasting van 10/- per hut was. Omdat daar tot in daardie stadium nog geen belasting deur die Britse regering van die Swartes gevorder is nie, was die 10/- wat per hut opgelê word, 'n nuwe belasting en was daar dus geen sprake van 'n vermindering van belasting nie. Gevolglik het hy 'n belasting van 10/- per

---

229. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.16: Toespraak van C.K. White op 31.3.1880.

230. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, pp.16-17: Toespraak van C.K. White op 31.3.1880.

231. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.19: Toespraak van C.K. White op 1.4.1880.

hut op grond van twee redes gesteun. In die eerste instansie omdat die Regering vasbeslote was om sy belofte teenoor die Swartes met betrekking tot die bedrag wat aan 'n hutbelasting betaal moes word uit te voer. Tweedens, omdat 'n belasting van 10/- per hut 'n billike en behoorlike belasting was. In dié verband het hy aangevoer dat wanneer daar gekyk word na die uitgestrektheid van die Transvaal, die afstand wat 'n groot deel van die Swartbevolking van die arbeidsmark af gewoon het en die lone wat in vergelyking met dié van Transvaal, elders aan die Swartes betaal word, dan was 'n belasting van 10/- per hut die hoogste bedrag wat gevra kon word.[232]

Met verwysing na die prokureur-generaal se opmerking dat die beoogde 10/- hutbelasting 'n nuwe belasting was en daar gevolglik geen sprake van 'n vermindering van belasting was nie, het White verduidelik dat in die dae van die Zuid-Afrikaansche Republiek die belasting wat deur die Swartes betaal moes word, £2-2-6 per jaar beloop het - 'n bedrag waarmee Henrique saamgestem het maar wat slegs van toepassing was op Swartmans ouer as 20 jaar.[233] Hoewel die Zuid-Afrikaansche Republiek nie in 'n posisie was om hierdie belasting te kon invorder nie, was die wette waarvolgens hierdie belasting opgelê is, ten spyte van die anneksasie van die Transvaal, nog steeds van krag. Hoewel die Engelse regering na die Transvaal toe gekom het om hierdie wette ten uitvoer te bring, is daar 'n liberale vermindering aan belasting van £2-2-6 tot £1 aan die Swartes toegestaan. In die lig hiervan wou White vervolgens weet watter vermindering in belasting aan die Blankes toegestaan is.[234]

In antwoord hierop het die koloniale sekretaris daarop gewys dat ofskoon die Regering vir slegs £35 000 aan direkte belasting van die Swartes begroot het, dit nietemin in verhouding

---

232. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.17: Toespraak van die Prokureur-Generaal op 31.3.1880.

233. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.17: Opmerking van H.C. Shepstone op 31.3.1880.

234. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.17: Toespraak van C.K. White op 31.3.1880.

'n aansienlike bydrae tot die algemene inkomste sou wees. Hierbenewens moes daar in gedagte gehou word dat, gesien in die lig van die Swartes se getalle, hulle op verskillende ander wyses tot die staat se inkomste bygedra het. Die Swartes het byvoorbeeld tee, koffie en ander artikels gekoop en het hulle sodoende tot die indirekte belasting van die Transvaal bygedra.[235]

In 'n hoofdelike stemming wat hierna gehou is, is daar met sewe stemme teenoor vier besluit om die wetsontwerp so te wysig dat 'n hutbelasting van 10/- in plaas van £1 per jaar per hut gehef word.[236] Terselfdertyd is die toestemming van die Wetgewende Vergadering gevra om die volgende dag die behandeling van die wetsontwerp voort te sit.[237]

Toe die Wetgewende Vergadering sy werksaamhede op 1 April voortgesit het, is daar op voorstel van Henrique 'n aantal woordelikse veranderings in die wetsontwerp teweeggebring.[238] Hoewel in die wetsontwerp voorsiening gemaak is vir die aanstelling van persone om die hutbelasting in te vorder, is daar egter geen voorsiening gemaak vir die bestryding van die onkoste verbonde aan die invordering nie.[239] Hierdie onkoste het onder andere ingesluit die reisonkoste van die insamelaars, die onkoste om die belasting in te vorder by die Swartes wat in afgeleë gebiede gewoon het en nie hulle belasting by die Naturellekommissaris se kantoor kon kom betaal nie en die koste om die ingevorderde belasting Pretoria toe te neem.[240] Om vir hierdie uitgawes voorsiening te maak, het

---

235. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.17: Toespraak van die Koloniale Sekretaris op 31.3.1880.

236. EVR 20: Sitting op 31.3.1880, art. 13; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, pp.13 en 17: Sitting op 31.3.1880.

237. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.13; Sitting op 31.3.1880.

238. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.18: Sitting op 1.4.1880.

239. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure I : Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ..., Vergadering op 18.3.1880, bespreking van art. 6 van die wet.

240. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.19: Toespraak van die Koloniale Sekretaris op 1.4.1880.

Henrique in opdrag van Lanyon voorgestel dat by die betrokke artikel 'n bepaling in dié verband bygevoeg word. Hiervolgens sou die onkoste verbonde aan die insameling van die hutbelasting uit die algemene inkomste bestry word, met dien verstande egter, dat hierdie uitgawes nie 5% sou oorskry van die totale bedrag wat aan hutbelasting ingevorder word nie.[241]

Afgesien van enkele besware wat die heer White op totaal verkeerde veronderstellings teen hierdie voorstel geopper het, is dit sonder enige verdere probleme deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur.[242]

'n Verdere bepaling in die wetsontwerp wat deur die Gekose Komitee opgestel is, het bepaal dat 'n Swarte wat Transvaal van buite af binnegekom het, in besit van 'n pas moes wees.[243] Die Gekose Komitee het egter geen voorsiening gemaak vir enige strafmaatreël in geval van 'n oortreding van hierdie bepaling nie. Ten einde hierdie leemte aan te vul, het die Wetgewende Vergadering in 'n byvoeging tot hierdie bepaling vir die nodige strafmaatreëls voorsiening gemaak.[244]

Volgens die wetsontwerp het die administrateur of die amptenaar wat die landsbestuur tydelik waargeneem het, die bevoegdheid verkry om in geval van wanbetaling of die ontduiking van enige bepaling van hierdie wet, met die advies van die Uitvoerende Raad sodanige strawwe op te lê as wat hy nodig mag ag.[245] In die wetsontwerp is egter nie voorsiening gemaak vir die spesifieke strafmaatreëls wat opgelê kon word nie. Gevolglik is daar 'n byvoeging gemaak waarvolgens die strafmaatreëls wat in hierdie opsig opgelê kon word, duideliker omskryf is.[246]

---

241. EVR 20: Sitting op 1.4.1880, art. 9; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.18: Voorstel van H.C. Shepstone op 1.4.1880.

242. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, pp. 18-19: Sitting op 1.4.1880.

243. SS493, R5367/80: Report of Select Committee appointed by ... The ... House of Assembly ... on the 15th March, 1880 ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure I : Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ..., Vergadering op 18.3.1880, bespreking van art. 7 van die wet.

244. EVR 20 : Sitting op 1.4.1880, art. 9.

245. SS493, R5367/80: Report of Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure I : Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ...,Vergadering op 18.3.1880, bespreking van art. 9 van die wet.

246. EVR 20: Sitting op 1.4.1880, art. 9.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 6 April is die wetsontwerp[247] vir die derde keer gelees en as Wet No. 6 van 1880 deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur.[248]

7. Wet No. 6 van 1880

In die aanhef word die doel van Wet No. 6 van 1880[249] omskryf as om die wette en besluite wat die Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot die belasting van die Swartes aangeneem het, in sekere opsigte te verander en te wysig en vir die oplegging van 'n algemene en eenvormige belasting op die Swartes se hutte en wonings voorsiening te maak. Verder, om voorsiening te maak vir die oplegging van sekere kantoorgelde op dié Swartes wat deur die Transvaalse gebied sou reis of binne die grense van Transvaal sou rondreis.[250] Ooreenkomstig hierdie bepaling word gevolglik alle besluite en wette van die

---

247. SS413, R1521/80: Draft of A Bill " To alter and amend in certain respects, certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic, and to alter the present rate of Taxation upon Natives ...," Introduced into the ... House of Assembly by Mr. Forssman, and read a first time on the 23rd March, 1880.

248. EVR 20 : Sitting op 6.4.1880, art. 7; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.24 : Sitting op 6.4.1880.

249. ZAR 56, Transvaal Government Gazette (Buitengewoon), 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, Law " To alter and amend in certain respects, certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the Late South African Republic, and to alter the present rate of Taxation upon Natives in this Province", Inleiding; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 748-751: Wet No. 6, 1880, Wet "Om zekere Wetten en Besluiten door den Volksraad van de Zuid-Afrikaansche Republiek gepasseerd te veranderen en te amenderen, en om het tegenwoordig bedrag van Belasting op de Naturellen deze Provincie te veranderen, Inleiding. Vir die bespreking van die wet, is daar van die Engelse teks gebruik gemaak.

250. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, Inleiding; Vgl. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.748: Wet No. 6, 1880, Inleiding. In die Engelse teks van die wet word geen melding gemaak van kantoorgelde wat op passe gehef sou word nie. Die Nederlandse vertaling van die wet lui egter soos volg: " ... om zekere Kantoorpenningen te heffen op Passen aan Inboorlingen toegekend die door deze Provincie passeren of in deze provincie reizende". Sien ook Nederlandse vertaling van Wet No. 6, 1880 in die Transvaal Government Gazette, 16.4.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zuid-Afrikaansche Republiek, in soverre as wat hierdie wette en besluite strydig was met die bepalings van Wet No. 6 van 1880, herroep. In die besonder word Wet no. 4 van 1873[251] en sekere artikels van Wet No. 3 van 1876[252] herroep[253].

Kragtens Wet No. 6 van 1880 word daar voorsiening gemaak vir die heffing van 'n jaarlikse belasting van 10/- op elke hut of woning wat deur 'n Swarte bewoon word. Daar word bepaal dat 'n hutbelasting van 10/- vir die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 1880 gehef sou word. Die belasting vir 1880 sou betaalbaar wees te enigertyd op of na 'n datum wat deur middel van 'n proklamasie deur die administrateur of die amptenaar wat die Regering waargeneem het, bepaal sou word.[254]

Vanaf 1 Januarie 1881 en vir elke daaropvolgende jaar sou 'n jaarlikse hutbelasting van 10/-[255] betaalbaar wees ten opsigte van elke hut of woning wat deur 'n Swarte bewoon word. Die belasting sou ingevorder word op en na 1 Januarie van elke jaar, op 'n datum soos deur die administrateur of die amptenaar wat die Regering waargeneem het, gelas mag word.[256]

Wanneer die twee voorafgaande artikels, dit wil sê artikels 3 en 4, in oënskou geneem word, dan wil dit voorkom asof artikel 4 eintlik onnodig was, aangesien die bepalings van die artikel net sowel onder artikel 3 tuisgebring kon gewees het. Die rede waarom dit nie gedoen is nie, moet waarskynlik gesoek word in die feit dat Wet No. 6 van 1880 eers in April op die

---

251. F. Jeppe en J.G. Kotzé(reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 480-482: Wet No. 4, 1873.

252. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.662-668: Wet No. 3, 1876.

253. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 1 - 2; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.748: Wet No. 6, 1880, art. 1-2.

254. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 3; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.749 : Wet No. 6, 1880, art. 3.

255. Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.749: Wet No. 6, 1880, art. 4. In hierdie artikel word die bedrag verkeerdelik as £1 per hut aangedui. Dieselfde fout word gemaak in die Nederlandse vertaling van die wet soos gepubliseer in die Transvaal Government Gazette van 16.4.1880.

256. ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No.6, 1880, art. 4; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten .., 1849-1885, p.749: Wet No. 6, 1880, art. 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wetboek geplaas is. Gevolglik kon die hutbelasting vir 1880 nie soos dié vanaf 1881 op of na 1 Januarie ingevorder word nie en was 'n aparte artikel dus nodig om vir die invordering van die hutbelasting van 1880 voorsiening te maak.

Die hutbelasting waarvoor hierdie wet voorsiening gemaak het, moes betaal word deur die Swarte wat gedurende die betrokke belastingjaar of ten tye van die invordering van die belasting 'n hut of woning bewoon, gebruik of daarop aanspraak gemaak het. Die belasting moes betaal word deur die Swarte wat aanspreeklik was daarvoor, aan 'n amptenaar wat gemagtig was om die belasting in te vorder.[257] Belasting moes betaal word op 'n datum en plek soos deur die administrateur vir die doel bepaal sou word.[258]

Ten einde voorsiening te maak vir die invordering van die hutbelasting, is die administrateur met die bevoegdheid beklee om van tyd tot tyd persone vir die doel aan te stel. Die onkoste verbonde aan die invordering van die hutbelasting, sou uit die algemene inkomste van Transvaal bestry word, met dien verstande egter dat die onkoste nie meer as 5% van die totale bedrag wat ingevorder word,sou beloop nie.[259]

Om te verseker dat die bepalings van hierdie wet uitgevoer word, is die administrateur met die bevoegdheid beklee om met die advies van die Uitvoerende Raad sodanige reëls en regulasies op te stel en orders uit te reik as wat nodig geag word. In die geval van wanbetaling of 'n ontduiking van enige bepaling van die wet, het die administrateur weer die bevoegdheid gehad om boetes en strawwe op te lê soos wat deur die omstandighede vereis mag word. Verder kon die administrateur met die advies van die Uitvoerende Raad, van tyd tot tyd reëls, regulasies en orders wysig, verbeter of vernietig. Sodanige

---

257. Vergelyk inligting by voetnoot 275.

258. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 5; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p. 749 : Wet No. 6, 1880, art. 5.

259. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 9; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 9.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wysigings sou beskou word as dieselfde regskrag te besit asof dit in die wet bepaal was en deel van die wet uitgemaak het. In geval van 'n oortreding of nie-nakoming van hierdie reëls, regulasies of orders, kon 'n boete van hoogstens £10 of 'n gevangenisstraf, met of sonder harde arbeid, van hoogstens drie maande opgelê word.[260]

Die feit dat die Transvaalse Swartes kragtens Wet No. 6 van 1880 'n hutbelasting slegs van 1880 af moes betaal, het daarop neergekom dat hulle vrygestel is van enige agterstallige belasting. Daar is gevolglik aangevoer dat ofskoon die Swartes vir drie jaar lank geen belasting betaal het nie, daar nietemin elke dag druk op die Blankes uitgeoefen word om hulle belasting te betaal.[261] "One could almost wish to turn Kaffir in these hard-up times", het De Volksstem se korrespondent van Rustenburg af geskryf knap nadat Henrique Shepstone met die invordering van hutbelasting daar begin het, "for they in reality live on the fat of the land, and promises made to them by the white man seem to be kept and carried out, more so than those made between white and white."[262]

'n Verdere bepaling van Wet No. 6 van 1880 wat nie almal tevrede gestel het nie, was die feit dat hierdie wet slegs vir 'n hutbelasting van 10/- voorsiening gemaak het en dit gevolglik geensins daartoe sou bydra om die Swartes aan te moedig om by die Blankes in diens te tree nie. In dié verband is daar aangevoer dat aangesien dit gewoonweg slegs getroude Swartes was wat verantwoordelikheid vir 'n hut aanvaar het, die heffing van net 'n hutbelasting dus eintlik daarop neergekom het dat net hierdie mense voortaan belasting sou betaal. Dit en die feit dat die Swartes eers getrou het wanneer hulle tussen 25 en 30 jaar oud was, sou dus tot gevolg hê dat die jong Swartes geen belasting sou betaal nie en slegs leeglopery en diefstal in die hand sou werk.[263]

---

260. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 9; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 9.

261. De Volksstem, 22.6.1880 (De Transvaal onder Engelsch Bestuur. Brief van Zonder Rust).

262. De Volksstem, 8.5. 1880 (Rustenburg).

263. De Volksstem, 22.6.1880 (De Transvaal onder Engelsch Bestuur. Brief van Zonder Rust).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sowat veertien dae nadat die Wetgewende Vergadering Wet No. 6 van 1880 aangeneem het, het Lanyon 'n afskrif daarvan saam met die prokureur-generaal se verslag daaroor vir goedkeuring eers deur Wolseley as Hoë Kommissaris vir Suidoos-Afrika en daarna deur die Britse kroon, aan Wolseley wat hom op daardie stadium in Durban bevind het, voorgelê. In 'n meegaande skrywe het Lanyon te kenne gegee dat die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek wat deur hierdie wet herroep is, 'n belasting op die Swartes gelê het wat in vergelyking met die belasting wat deur die Blanke inwoners van die Transvaal betaal moes word, ongelyk en onderdrukkend was. Hierdie stand van sake tesame met die onvermoë van die Zuid-Afrikaansche Republiek om vanweë sy inherente swakheid hierdie wette toe te pas, het tot gevolg gehad dat hulle vir alle praktiese doeleindes nooit in werking gestel is nie. Die gevolg hiervan was dat die Swartes tot op daardie stadium nog feitlik niks tot die finansiële ondersteuning van die Regering bygedra het nie. Die hutbelasting van 10/- waarvoor Wet No. 6 van 1880 voorsiening gemaak het, was dus nie slegs 'n geregverdigde nie, maar 'n baie billike belasting. Hoewel die Swartes in die Kaapkolonie en in Griekwaland-Wes ook 10/- per hut belasting per jaar betaal het, het dié belasting in Natal 14/- per hut bedra. Volgens Lanyon was die Swartes van Transvaal welvarend genoeg en gevolglik meer as die Swartes in die aangrensende kolonies in staat om 'n hutbelasting van 10/- per hut per jaar te betaal.[264]

In sy verslag oor Wet No. 6 van 1880, het die Prokureur-generaal, W.B. Morcom, daarop gewys dat hierdie maatreël aan die Wetgewende Vergadering voorgelê is met die doel om die bedrag vas te stel wat deur die Swartes ter ondersteuning van die Regering van die Transvaal, aan belasting betaal moes word. Verder het hy 'n uiteensetting gegee van die belasting waarvoor Wet No.4 van 1873 en Wet No. 3 van 1876 voorsiening gemaak het. Eweas Lanyon het hy aangevoer dat hierdie wette sedert hulle deur die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek op die

---

264. M419, CO 291/5, Transvaal No. 7752, Ordinance No. 6/1880, To alter the Taxation of Natives, Bylaag No. 1: W.O. Lanyon - G. Wolseley, Pretoria, 19.4.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wetboek geplaas is, 'n dooie letter was. Gevolglik is die ter saaklike dele van hierdie wette herroep en deur Wet No. 6 van 1880 - waarvan hy die werking kortliks verduidelik het - vir 'n nuwe belastingbedeling voorsiening gemaak. Volgens Morcom kon koninklike goedkeuring aan dié wet verleen word.[265]

Nadat Wolseley hierdie stukke ontvang het, het hy dit vir koninklike goedkeuring aan die Minister van Kolonies in Londen gestuur.[266] Afgesien van enkele woordveranderings en -byvoegings aan 'n artikel wat op die betaling van hutbelasting[267] en op die bepalings in verband met die doeltreffende uitvoering[268] van die wet betrekking gehad het, het die Minister geen verdere beswaar teen enige bepalings van Wet No. 6 van 1880 in verband met die heffing van 'n hutbelasting gehad nie. Dit was egter nie die geval met die bepalings van dié wet in soverre dit die uitreiking van passe betref nie. Hoewel die Minister nie by die koningin aanbeveel het dat die wet afgekeur moes word nie,[269] het hy nietemin, soos later aangetoon sal word[270] ernstige beswaar teen sowel sekere beginsels as detail van die bepalings met betrekking tot die uitreiking van passe gehad.

---

265. SP382, pp.86-90: Report upon Law No. 6 of 1880 entitled Law "To alter and amend in certain respects certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the South African Republic, and to alter the present rate of taxation upon natives in this Province", opgestel deur W.B. Morcom, 19.4.1880; M419, CO 291/5, Transvaal No. 7752,Ordinance No. 6/1880, To alter the Taxation of Natives, Bylaag No. 2: Report upon Law No. 6 of 1880 ..., opgestel deur W.B. Morcom, 19.4.1880;

266. M419, CO 291/5, Transvaal No.7752, Ordinance No. 6/1880, To alter the Taxation of Natives : G. Wolseley - Secretary of State for the Colonies, Durban, 26.4.1880.

267. Artikel 6 van die wet.

268. Artikel 9 van die wet.

269. M419, CO 291/5, Transvaal No. 7752, Ordinance No. 6/1880, To alter the Taxation of Natives: Ongetekende konsepskrywe van Secretary of State - W.O. Lanyon, 22.7.1880. Dié brief is wel deur die Transvaalse regering ontvang, maar kon nie teruggevind word nie. Sien in dié verband SS8517, R3614/80: Secretary of State - W.O. Lanyon, Londen, 22.7.1880; SP262, p.106: Aantekening op 17.9.1880.

270. Sien Hoofstuk 4, Afd. 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8. Reëls, Regulasies en Orders

Na die aanname van Wet No. 6 van 1880 op 6 April 1880, het die Sekretaris van Naturellesake, George Hudson, die Koloniale Sekretaris, meegedeel dat die wet nie in die eerste buitengewone Staatskoerant gepubliseer moes word nie.[271] Die rede hiervoor was waarskynlik dat daar eers uitvoering aan artikel 9 van die wet gegee moes word. Trouens, die feit dat hierdie wet en die reëls, regulasies en orders wat kragtens artikel 9 opgestel is, in dieselfde buitengewone Staatskoerant gepubliseer is, versterk die vermoede dat dit wel die geval was.

Kragtens hierdie artikel is die administrateur met die bevoegdheid beklee om met die advies van die Uitvoerende Raad, die nodige reëls en regulasies op te stel, orders uit te reik en strafmaatreëls te bepaal ten einde te verseker dat die bepalings van Wet No. 6 van 1880 uitgevoer word.[272] Aangesien die notules van die Uitvoerende Raad van die Tussenregering ontbreek, kan nie vasgestel word wanneer die administrateur en die Uitvoerende Raad die aangeleentheid in oorweging geneem het nie. Die feit egter dat hierdie reëls, regulasies en orders op 15 April deur Henrique Shepstone onderteken is,[273] dui daarop dat die Uitvoerende Raad hierdie aangeleentheid tussen 6 en 15 April in behandeling moes geneem het.

---

271. SS413, R1521/80: Nota van H.C. Shepstone - G. Hudson, g.d., ongeveer 6.4.1880.

272. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 9; F. Jeppe en J.G. Kotze (reds.) : De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 9.

273. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Proklamasie van W. Owen Lanyon, 15.4.1880 waarby Rules, Regulations, and Orders framed under the 9th Section of Law No. 6, 1880, op las van H.C. Shepstone, Sekretaris van Naturellesake, 15.4.1880. 'n Nederlandse vertaling van hierdie Regels, Regulaties, en Orders, opgesteld onder de Negende afdeeling van Wet No. 6, 1880, het in dieselfde Staatskoerant verskyn; Sien ook F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885,pp. 751-752: Proklamasie van W. Owen Lanyon, 15.4.1880 waarby Regels, Regulaties en Orders, opgesteld onder de Negende Afdeeling van Wet No.6, 1880, Op las van H.C. Shepstone, Sekretaris van Naturellesake, 15.4.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens hierdie reëls, regulasies en orders is bepaal dat die administrateur of die amptenaar wat die Regering tydelik waargeneem het, elke jaar die datum sou vasstel wanneer die hutbelasting ingevorder moes word waarvoor Wet No. 6 van 1880 voorsiening gemaak het. Minstens 'n maand voordat die beoogde invordering 'n aanvang sou neem, sou die administrateur deur bemiddeling van die Sekretaris van Naturellesake, die verskillende ontvangers van die datum in kennis stel.[274]

Op ontvangs hiervan moes die betrokke ontvanger onverwyld al die Swartkapteins en hoofmanne in sy distrik in kennis stel dat hy op 'n sekere dag of dae, so na as moontlik aan die datum wat deur die administrateur vir die invordering van die hutbelasting bepaal is, op 'n bepaalde plek sou wees om die belasting te in. Die kapteins en hoofmanne moes verder aangesê word om saam met hulle volk dan en daar teenwoordig te wees ten einde hulle belasting te betaal.[275]

Die belasting wat van die Swartes gevorder moes word, was 10/- vir elke hut of woning, met dien verstande egter dat 'n hut of woning net deur een vrou bewoon word. Hierdie belasting moes deur die bewoner of eienaar van die hut betaal word en, indien moontlik, deur bemiddeling van of in die teenwoordigheid van die kaptein of hoofman.[276] Belastings, moes binne 'n maand vanaf die datum waarop die kapteins en hoofmanne van die invordering in kennis gestel

---

274. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Rules, Regulations, and Orders ..., art. 1; F.Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.752: Regels, Regulaties en Orders ..., art. 1.

275. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Rules, Regulations, and Orders ..., art. 2; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.752: Regels, Regulaties en Orders..., art. 2.

276. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Rules, Regulations, and Orders ..., art. 3; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.752: Regels, Regulaties en Orders ..., art. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is, betaal word.[277] 'n Eienaar of bewoner van 'n hut wat nie hieraan gehoor gee nie, stel hom, bo en behalwe die betaling van die gewone hutbelasting, bloot aan 'n boete van 1/- vir elke hut of woning waarvoor nie betaal is nie.[278]

In geval 'n deel van 'n stam in een distrik en die res van die stam in 'n ander distrik gewoon het, moes die kaptein of die hoofman sy opwagting by die ontvanger maak, saam met die deel van die stam wat in dieselfde distrik as die kaptein gewoon het. In soverre dit die deel van die stam betref wat in die ander distrik gewoon het, kon die kaptein 'n indoena of 'n onderkaptein wat by die deel van die stam gewoon het, afvaardig om die kaptein by die ontvanger in die ander distrik te verteenwoordig.[279]

By wanbetaling of in geval van 'n ontduiking van die bepalings van Wet No. 6 van 1880, het die ontvanger die bevoegdheid gehad om die saak te ondersoek en summier af te handel. Vir elke oortreding kon 'n boete van hoogstens £10 of gevangenisstraf met of sonder harde-arbeid, van hoogstens drie maande, opgelê word. In geval 'n kaptein of 'n hoofman 'n misdryf in diê opsig begaan, kon die ontvanger nie 'n boete oplê nie, alvorens die handelinge in die saak nie eers aan die Sekretaris van Naturellesake voorgelê en die vonnis deur hom bekragtig is nie. Kapteins en hoofmanne kon ook nie gevangenisstraf opgelê word nie.[280] Indien die ontvanger egter oor voldoende bewyse beskik het dat 'n kaptein of 'n hoofman bewus was van enige wanbetaling of wetsontduiking en dit oogluikend toegelaat het,

---

277. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Rules, Regulations and Orders ... art. 4; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.752-753: Regels, Regulaties en Orders ..., art. 4.

278. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Rules, Regulations, and Orders ..., art. 5, F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.753; Regels, Regulaties en Orders ..., art. 5.

279. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Rules, Regulations, and Orders ..., art. 6; F.Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.753: Regels, Regulaties en Orders ..., art. 6.

280. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Rules, Regulations and Orders ..., art. 7; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.753: Regels, Regulaties en Orders ..., art. 7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kon hy so 'n kaptein of hoofman dan en daar 'n boete van hoogstens £10 oplê. Die boete sou egter nie afgedwing kon word alvorens die saak nie eers na die Sekretaris van Naturellesake verwys is en deur hom bekragtig is nie.[281]

9. Die inwerkingstelling van Wet No. 6 van 1880

Kragtens die bepalings van Wet No. 6 van 1880 is aan die administrateur die bevoegdheid verleen om die datum te bepaal waarop die hutbelasting vir 1880 betaalbaar sou wees.[282] Ooreenkomstig hierdie bepaling is daar besluit dat die hutbelasting waarvoor hierdie wet voorsiening gemaak het vanaf 15 April 1880 betaalbaar was.[283] Gevolglik het Henrique in opdrag van Owen Lanyon, nog dieselfde dag die landdroste van Heidelberg Standerton, Wakkerstroom, Utrecht, Potchefstroom, Marico, Middelburg, die Kommissaris van Lichtenburg en die kommissaris en regeringsagent op die Swazigrens, as ontvangers van die hutbelasting aangestel. Aan elkeen van hulle is 'n kopie gestuur van sowel Wet No. 6 van 1880 as die Reëls, Regulasies en Orders wat kragtens die bepalings van dié wet opgestel is. Terselfdertyd is hulle opgedra om sonder verwyl met die invordering van die hutbelasting in hul onderskeie distrikte te begin.[284]

---

281. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Rules, Regulations, and Orders ..., art. 8; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.753: Regels, Regulaties en Orders ..., art. 8.

282. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 3; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.749: Wet No. 6, 1880, art.3.

283. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Proklamasie van W. Owen Lanyon, 15.4.1880; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.754: Proklamasie van W. Owen Lanyon, 15.4.1880.

284. SN102, pp.949-950: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Landdros Heidelberg, Standerton, Wakkerstroom, Utrecht, Potchefstroom, Marico, Middelburg, Kommissaris van Lichtenburg, Kommissaris en Regeringsagent, Swazigrens, Pretoria, 15.4.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afgesien van die bogenoemde stukke het Henrique die landdroste en Naturellekommissarisse wat as ontvangers van die hutbelasting aangestel is, ook van 'n aantal instruksies met betrekking tot die invordering daarvan voorsien.[285] Hierdie instruksies is reeds teen die einde van Maart 1880 opgestel en daarna aan Lanyon vir oorweging voorgelê.[286] Aangesien sommige van hierdie instruksies basies dieselfde is as sekere bepalings van die reëls, regulasies en orders, wil dit voorkom asof enkele van die instruksies as grondslag vir die opstel van die reëls, regulasies en orders gedien het.[287] In die behandeling van hierdie instruksies sal daar gevolglik slegs aandag bestee word aan dié instruksies wat nie reeds in dié stuk opgeneem is nie.

Volgens hierdie instruksies het Henrique die verskillende landdroste en Naturellekommissarisse meegedeel dat die administrateur gelas het dat hulle onverwyld met die invordering van die hutbelasting vir 1880 in hulle onderskeie distrikte moes begin. Die Swartes moes onmiddellik hiervan in kennis gestel word en moes die nodige stappe geneem word om met die invordering voort te gaan. In die vervolg egter sou hulle elke jaar kort voor die datum waarop besluit is, aangesê word om die verskillende Swartkapteins en hoofmanne hiervan te verwittig. Sodoende sou die Swartes hulle gereed kon maak om hulle belasting te betaal wanneer op die bepaalde datum met die invordering daarvan begin word.[288]

---

285. SN102, pp. 949-950: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Landdros Heidelberg ....., Pretoria, 15.4.1880.

286. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880; SN 3, N113/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 23.3.1880.

287. Sien in die verband o.a. artikels 2, 3, 4, 5 en 18 van Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

288. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 1 en 2, opgestel deur H.C. Shepston, g.d., ongeveer Maart 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Henrique het verder daarop gewys dat hierdie instruksies op sowel die Swartes wat op regeringsgrond as dié wat op privaatgrond gewoon het, van toepassing was. Aangesien geen agterstallige belasting ingevorder sou word nie, moes slegs 'n belasting vir 1880 by die Swartes geïn word. Die belasting moes in kontant betaal word, maar indien die ontvanger van mening was dat stiptelike toepassing van hierdie reël ongerief vir die betrokke Swartes tot gevolg mag hê, kon die betaling in goedere gemaak word.[289] In sulke gevalle moes die goedere egter teen 'n prys aangeneem word wat laag genoeg was om te voorkom dat die Regering by die te gelde maak daarvan enige verlies sou ly. Onder geen omstandighede moes die waarde van vee wat as betaling aangebied word, die verskuldigde bedrag te bowe gaan nie. Indien die waarde van die vee meer was as die bedrag wat aan belasting betaal moes word, moes die verskil nie in kontant uitbetaal word nie, maar moes die betaler met 'n ander betaler 'n reëling met betrekking tot die verskil tref. Die Swartes moes verder meegedeel word dat in die vervolg slegs kontant as betaling aangeneem sou word. Indien beeste, skape, perde,ensovoorts in plaas van kontant as betaling aangeneem word, moes hierdie dier by die eerste geskikte geleentheid vir die Regering se rekening verkoop word. Waar en die wyse waarop die vee verkoop moes word, sou aan die diskresie van die ontvanger oorgelaat word.[290]

Nadat die invordering van die hutbelasting vir ongeveer 'n maand lank aan die gang was, is hierdie opdrag egter gewysig. In 'n rondskrywe aan die ontvangers van die hutbelasting is opdrag gegee dat waar belasting met goedere betaal word, die vee nie deur die ontvangers verkoop moes word nie. Navraag moes eers by die Sekretaris van Naturellesake gedoen word om te verneem hoe die administrateur wou hê die vee van die hand gesit moes word.[291]

---

289. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 6, 7 en 8, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

290. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 9 en 10, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

291. SN102, p.990: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Ontvangers van Hutbelasting, Pretoria. 24.5.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die instruksies het verder bepaal dat die kaptein of die hoofman vir die behoorlike betaling van sy volk verantwoordelik was. Gevolglik moes die kaptein of die hoofman teenwoordig wees wanneer die hutbelasting ingevorder word. Verder was hulle verplig om enige belastingontduiking onder die aandag van die ontvanger te bring.[292] In geval 'n kaptein of hoofman te kenne sou gee dat sy stam of 'n deel van sy stam nie in staat was om hulle belasting te betaal nie, moes dit en die rede waarom hulle nie kon betaal nie, onverwyld aan die Sekretaris van Naturellesake gerapporteer word.[293]

Aan die hoof van elke gesin, die bewoner of die eienaar van 'n hut of 'n woning, moes 'n kwitansie uitgereik word vir die bedrag wat van hom ontvang is en die aantal hutte waarvoor hy belasting betaal het. Waar 'n hut deur 'n weduwee of bejaardes bewoon is, moes die belasting op sodanige hutte deur die naaste manlike bloedverwant betaal word.[294] Aan die Swartes moes ook verduidelik word dat van hulle vereis sou word om hulle kwitansies te toon wanneer hulle hul belasting vir die volgende jaar moes betaal.[295] Met die oog op die uitreiking van kwitansies sou elke ontvanger van die nodige gedrukte kwitansieboeke voorsien word.[296]

Van 'n landdros en 'n Naturellekommissaris wat as 'n ontvanger van hutbelasting aangestel word, is daar verwag om sy hele distrik, maar veral die afgeleë dele daarvan, te deurreis.[297]

---

292. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 15, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

293. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 19, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

294. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 11 en 12, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

295. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 16, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

296. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 14, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

297. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 17, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

Terselfdertyd moes hy probeer vasstel of daar enige gerugte in omloop was wat onrus onder die Swartes kon veroorsaak. Indien daar wel sulke gerugte bestaan het, moes die ontvanger poog om dit uit die wêreld te maak en so spoedig moontlik verslag daaromtrent aan die Sekretaris van Naturellesake doen. Enige saak van algemene belang wat onder sy aandag mag kom, moes eweneens by die Sekretaris van Naturellesake ter inligting van die administrateur, aangemeld word.[298]

'n Verdere aantal instruksies het hoofsaaklik in verband gestaan met die administratiewe pligte wat deur die ontvangers van hutbelasting nagekom moes word. Elke ontvanger moes sorg dra dat die kwitansies en teenbladstrokies behoorlik ingevul en genommer word[299] en dat maandeliks van die belasting wat ingevorder word, aan die Sekretaris van Naturellesake en die tesourier verslag gedoen word. Ook moes elke ontvanger 'n joernaal aanlê waarin afsonderlik aangetoon word die aantal hutte wat elke kaptein of hoofman besit het, die bedrag wat hulle aan belasting betaal het en die datum waarop die belasting van hulle gevorder is.[300] Ten einde die onkoste te bestry wat 'n ontvanger en sy tolk met die invordering van die hutbelasting mag aangaan, sou hulle £1 per dag vir die huur van 'n wa toegelaat word. Die toelaag sou egter slegs toegestaan word vir 'n tydperk wat as redelik vir die invordering van die hutbelasting beskou word. Aangesien geen addisionele toelae toegestaan sou word nie, moes alle uitgawes uit hierdie bedrag bestry word.[301]

Soos reeds gemeld, het Henrique in sy verslag wat hy in Desember 1879 met betrekking tot die invordering van hutbelasting opgestel het, aangevoer dat die Swartes met die eerste algemene invordering van 'n hutbelasting in Transvaal, behoorlik

---

298. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 20, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

299. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 13, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

300. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 21, 22 en 23, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

301. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 25 en 26, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ingelig moes word op grond waarvan 'n hutbelasting van hulle gevorder word. In sy openingsadres in die Wetgewende Vergadering in Maart 1880 het Lanyon wel 'n aanduiding gegee waarom van die Swartes verwag kon word om 'n hutbelasting te betaal. In die distrikte waar Henrique die belasting ingevorder het, het hy die aangeleentheid aan die Swartes verduidelik.[302] Die eienaardige is egter dat hy geen opdrag in dié verband aan die ontvangers van die hutbelasting gegee het nie.

Volgens 'n bepaling van Wet No. 6 van 1880 sou die wet in werking tree en van krag wees vanaf die bekendstelling daarvan in die Staatskoerant.[303] Ooreenkomstig hierdie bepaling is Wet No. 6 van 1880 en die Reëls, Regulasies en Orders wat kragtens hierdie wet opgestel is op 16 April, 'n dag nadat Henrique die ontvangers van die hutbelasting aangestel het, in 'n buitengewone Staatskoerant gepubliseer.[304] Terselfdertyd is ook Lanyon se proklamasie gepubliseer waarvolgens 'n hutbelasting vanaf 15 April betaalbaar was.[305]

Aangesien die landdroste, die spesiale kommissarisse en die Naturellekommissarisse reeds in Januarie 1880[306] aangesê is om die Swartkapteins en hoofmanne in hulle onderskeie distrikte mee te deel dat die Regering van voorneme was om nie later nie as Maart 1880 'n hutbelasting in te vorder, kon daar na die verskyning van hierdie proklamasie dus onmiddellik met die invordering van die hutbelasting begin word.

---

302. SN103, p.69: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feeling of the natives with reference to return to Boer rule, opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; Vir die konsep van hierdie memorandum sien H.C. Shepstone Papers, Vol.11: Memorandum on collection of Native Hut Tax ..., opgestel deur H.C. Shepstone, 21.5.1881.

303. ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 11; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p. 751: Wet No. 6, 1880, art. 11.

304. ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880, Wet No. 6, 1880, en Proklamasie van W. Owen Lanyon, 15.4.1880.

305. ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Proklamasie van W. Owen Lanyon, 15.4.1880.

306. SN102, pp.746-747: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Alle Landdroste behalwe die van Christiana, Spesiale Kommissaris, Kommissarisse en Naturellekommissarisse, Pretoria, 7.1.1880; SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Landdroste Utrecht, M.W. Stroom, Standerton, Heidelberg, Pretoria, Rustenburg, Marico, Potchefstroom en Middelburg, Spesiale Kommissaris Waterberg, Zoutpansberg en Lydenburg en alle Naturellekommissarisse, 7.1.880 (afskrif).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

10. Die eerste algemene invordering van hutbelasting in Transvaal

Aangesien die belastinginvordering van 1880 die eerste poging was om 'n hutbelasting van al die Swartes in Transvaal in te vorder, is dit gerade geag dat die hutbelasting in die distrikte waar die meeste Swartes gewoon het deur Henrique Shepstone as Sekretaris van Naturellesake ingevorder moes word. Gevolglik het dit sy taak geword om die hutbelasting in die Rustenburgse, Lydenburgse, Waterbergse en Zoutpansbergse distrikte in te vorder.[307]

Wat die res van Transvaal betref, is die landdroste van Heidelberg, Standerton, Wakkerstroom, Utrecht, Potchefstroom, Marico, Middelburg, die Kommissaris van Lichtenburg en die kommissaris en regeringsagent op die Swazigrens aangestel om die hutbelasting in hulle distrikte en gebiede in te vorder.[308] In Junie 1880 is C.H.R. Norman, klerk van die Sekretaris van Naturellesake, as ontvanger van die hutbelasting in die Pretoriase distrik aangestel.[309] Van die Swartes wat in die Keate Awardgebied gewoon het, sou nie 'n hutbelasting gevorder word nie,[310]

---

307. SN103, pp.68-69: Memorandum on collection of Native Hut Tax and regarding the present feelings of the natives with reference to return to Boer rule, opgestel deur H.C. Shepston, Pretoria, 21.5.1881; ATC5: W. Bellairs - Kimberley, Pretoria, 24.5.1881 (slegs begeleidende brief); C2961, pp.6-8, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives with reference to return to Boer rule, opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

308. SN102, p.949: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Landdros Heidelberg, Standerton, Wakkerstroom, Utrecht, Potchefstroom, Marico, Middelburg, Kommissaris van Lichtenburg, Kommissaris en Regeringsagent Swazigrens, 15.4.1880.

309. SN3, N113/80: Nota op 14.6.1880; SN3, N195/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 9.6.1880; Nota van W.O. Lanyon, 11.6.1880.

310. SN2, 313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone, 17.1.1880; SN4, N203/80: C.W. Mathews - Sekretaris van Naturellesake, Lichtenburg, 8.6.1880; SN4, N230/80: Nota op 26.7.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terwyl die landdros van Christiana ook geen belasting van die Swartes in sy distrik moes vorder nie, alvorens hy nie verdere instruksies in dié verband ontvang het nie.[311]

Teen die einde van April het Henrique met die invordering van die hutbelasting in die Rustenburgse distrik begin.[312] Aangesien die Zuid-Afrikaansche Republiek reeds vroeër belasting van die Swartes in hierdie distrik ingevorder het, het Henrique geen probleme ondervind nie en het die Swartes hulle belasting geredelik en gewillig betaal.[313] Volgens De Volksstem het die Swartes in hulle vuiste gelag omdat hulle maar net 10/- aan hutbelasting moes betaal.[314]

Toe Henrique teen die middel van Mei vir die behandeling van die Naturelle-administrasiewet deur die Wetgewende Vergadering na Pretoria moes terugkeer, was die hutbelasting van al die Swartkapteins en hulle onderdane in die Rustenburgse distrik reeds ingevorder. Al wat nog oorgebly het, was enkele verspreide Swart- en Hottentotfamilies wat nie onder 'n kaptein gestaan het nie en by Blankes op privaatgrond gewoon het. Om die belasting van hierdie mense in te vorder, is die landdros van Rustenburg in Mei 1880 as 'n ontvanger van hutbelasting aangestel.[315]

---

311. SN3, N166/80: H.C. Shepstone - Landdros Christiana, 24.5.1880 (afskrif).

312. De Volksstem, 17.4.1880 (Local and General); De Volksstem 8.5.1880 (Rustenburg); Vgl. ook M420,CO 291/6, Transvaal No. 14843, Treasurer's Statement, Half Year: W.O. Lanyon - Kimberley, Pretoria, 19.8.1880 en MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 20.5.1880 (Local and General) vir Lanyon en die Transvaal Argus se opmerkings i.v.m. hierdie aangeleentheid.

313. SN103, p.69: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; ATC5: W. Bellairs - Kimberley, Pretoria, 24.5.1881 (begeleidende brief); C2961, pp. 6 - 8, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; T. Shepstone Papers, Vol.40: H. Shepstone - T.Shepstone, Rustenburg, 12.5.1880.

314. De Volksstem, 8.5.1880 (Rustenburg).

315. T. Shepstone Papers, Vol. 40: H. Shepstone - T. Shepstone, Rustenburg, 12.5.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nadat die Wetgewende Vergadering op 11 Junie vir sy eerste sessie verdaag het, het Henrique die invordering van die hutbelasting in die Middelburgse[316] en die Lydenburgse[317] distrikte voortgesit. Hoewel die Swartes wat in die omgewing van Sekhukhune gewoon het hulle belasting betaal het, kon Sekhukhune se eie mense uit die aard van die saak, nie hulle belasting betaal nie. Ten einde hulle in staat te stel om die nodige geld te gaan verdien, het Henrique hulle tot aan die einde van 1880 uitstel verleen.[318]

Teen die einde van Junie het Henrique by die Ndzundza (Mapoggers) onder Nyabela in die Lydenburgse distrik aangekom[319] alwaar hy sy eerste probleme op die lyf geloop het toe Nyabela in gebreke gebly het om sy belasting te betaal. Wat presies die rede hiervoor was, is nie duidelik nie, aangesien Henrique by verskillende geleenthede verskillende redes vir Nyabela se optrede aangevoer het.

Reeds in Februarie 1880 het G.A. Roth, die landdros van Lydenburg, Henrique meegedeel dat Nyabela tot op daardie stadium nog nie in kennis gestel was van die Regering se voorneme om in Maart 1880 'n hutbelasting in te vorder nie. Aangesien hy onder

---

316. SN103, p.71: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, pp.6-8, Bylaag by No. 5; Memorandum on collection of Native Hut Tax and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

317. C2891, p.12, Bylaag: H.C. Shepstone - W. Owen Lanyon, Transvaal, 31.1.1881.

318. T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Zoutpansberg, 8.7.1880; T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Fort Weeber, 9.7.1880.

319. C2891,p.12, Bylaag: H.C. Shepstone - W. Owen Lanyon, Transvaal, 31.1.1881; 'n Afskrif van hierdie skrywe kan ook gevind word by H.C. Shepstone Papers, Vol. 11: H.C. Shepstone - W. Owen Lanyon, Transvaal, 31.1.1881; H.C. Shepstone Papers, Vol. 11: H.C. Shepstone - W. Owen Lanyon, Transvaal, 15.2.1881; T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Fort Weeber, 9.7.1880; Sien ook MS179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 3.7.1880 (Lydenburg).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die indruk verkeer het dat C. Shulze, die Naturellekommissaris te Maléoskop, spesiale opdragte met betrekking tot Nyabela gehad het, het hy hom nie van die voorgenome belastinginvordering in kennis gestel nie. Intussen het hy egter verneem dat Schulze dit ook nie gedoen het nie. Onder hierdie omstandighede sou hy Nyabela van die belastinginvordering in kennis stel. Voordat hy dit doen, wou hy egter eers van Henrique weet of dit nie raadsaam was indien Nyabela amptelik deur 'n amptenaar wat deur Henrique aangewys is van die belastinginvordering in kennis gestel sou word nie - veral omdat sy enigste kontak met Nyabela deur middel van 'n Swartboodskapper was.[320]

In sy kommentaar op Roth se skrywe, het Henrique opgemerk dat Nyabela dadelik in kennis gestel moes word van die Regering se voorneme om 'n hutbelasting in te vorder. Afhangende van Nyabela se antwoord, het Henrique egter nie die nodigheid ingesien waarom enige amptenaar vir die doel amptelik na hom toe gestuur moes word nie.[321] Dieselfde dag nog is Roth se skrywe aan Lanyon voorgelê. Hy het daarop gewys dat "Capt. Clarke clearly informed Inyabella's messengers that they would have to pay taxes, and they agreed to it."[322]

Wanneer hierdie onderhoud tussen Clarke en Nyabela se boodskappers plaasgevind het, is nie bekend nie. Feit is egter dat Clarke Nyabela en sy hoofmanne in November 1879 meegedeel het dat Wolseley besluit het om aan die begeertes van die Ndzundza te voldoen en Nyabela as kaptein te erken. Verder, dat daar van hulle verwag sou word om die vrede te bewaar en belasting te betaal. In antwoord hierop het Nyabela en sy hoofmanne verklaar dat hulle akkoord gaan met alles wat gesê is.[323]

---

320. SN3, N60/80: G.A. Roth - H.C. Shepstone, Lydenburg, 16.2.1880.

321. SN3, N60/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.2.1880.

322. SN3, N60/80: Nota van W.O. Lanyon, 19.2.1880.

323. SN2, N277/79: M. Clarke - Sekretaris van Naturellesake, Fort Weeber, 3.11.1879.

Soos uit die voorafgaande blyk, het hierdie opmerking van Clarke op belastings in die algemeen betrekking gehad en nie spesifiek op die belasting wat die Regering van voorneme was om teen Maart 1880 in te vorder nie. Trouens, op daardie stadium was daar nog nie eers op 'n bepaalde datum besluit nie. Nietemin, op 7 Januarie 1880 het Henrique 'n sirkulêre[324] onder andere aan Clarke as die spesiale kommissaris van Lydenburg gestuur waarin hy opgedra word om al die Swartkapteins en hoofmanne in sy distrik in kennis te stel van die Regering se voorneme om teen Maart 1880 'n hutbelasting in te vorder. Die feit egter dat Clarke vanaf 8 Januarie met verlof was,[325] laat die vermoede ontstaan dat hy nie uitvoering aan hierdie opdrag gegee het nie. Tensy hy dus deur Wolseley of op 'n ander wyse op die hoogte gestel is van die Regering se voorneme om teen Maart 1880 'n hutbelasting in te vorder, kon hy op grond van die voorafgaande nie die Ndzundza van hierdie belastinginvordering in kennis gestel het nie.

Afgesien van Clarke se posisie is hierdie sirkulêre ook aan die landdros van Lydenburg gestuur,[326] maar soos hierbo aangetoon is, het Roth tot en met 16 Februarie Nyabela nog nie van die belastinginvordering verwittig nie. Die vraag is dus of Roth, nadat hy hierdie skrywe aan Henrique gerig het, Nyabela van die belastinginvordering laat weet het.

---

324. SN102, p.746: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Alle Landdroste behalwe dié van Christiana, Spesiale Kommissaris, Kommissarisse en Naturellekommissarisse, Pretoria, 7.1.1880; SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Landdros Utrecht, M.W. Stroom, Standerton, Heidelberg, Pretoria, Rustenburg, Marico, Potchefstroom en Middelburg, Spesiale Kommissaris Waterberg, Zoutpansberg en Lydenburg en alle Naturellekommissarisse, 7.1.1880 (afskrif).

325. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 13.1.1880, G.K. No. 5, 1880, 10.1.1880; Vgl. K.W. Smith: The Campaigns against the Bapedi of Sekhukhune, 1877-1879, p.59.

326. SN102, p.746: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Alle Landdroste behalwe dié van Christiana, Spesiale Kommissaris, Kommissarisse en Naturellekommissaris, Pretoria, 7.1.1880; SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Sirkulêre aan H.C. Shepstone - Landdros Utrecht, M.W. Stroom, Standerton, Heidelberg, Pretoria, Rustenburg, Marico, Potchefstroom en Middelburg, Spesiale Kommissaris Waterberg, Zoutpansberg en Lydenburg en alle Naturellekommissarisse, 7.1.1880 (afskrif).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Soos reeds aangetoon, het Roth aan Henrique te kenne gegee dat hy wel van voorneme was om Nyabela van die belasting-invordering in kennis te laat stel. Voordat hy dit doen, wou hy eers van Henrique weet of dit nie raadsaam sou wees indien hy deur 'n amptenaar wat deur Henrique aangewys sou word, van hierdie invordering in kennis gestel sou word nie.

Waarskynlik as gevolg van Lanyon se opmerking dat Clarke reeds Nyabela se boodskappers meegedeel het dat hulle 'n belasting moes betaal en hulle hul bereid verklaar het om dit te doen, het Henrique, sover vasgestel kan word, geen verdere opdrag in díé verband aan Roth gegee nie. Of Roth, toe hy niks van Henrique verneem het nie, wel vir Nyabela van die belastinginvordering in kennis gestel het, kan ook nie vasgestel word níe. Op 24 Maart 1880 toe Roth in Pretoria was, het hy waarskynlik sowel Henrique as Lanyon se kommentaar op sy skrywe onder oë gehad.[327] Of Roth hierna uitvoering aan Henrique se opdrag gegee het en of hy Lanyon se opmerking dat Clarke die Ndzundza laat meedeel het dat hulle 'n belasting moes betaal as voldoende beskou het, is as gevolg van teenstrydige inligting moeilik om te bepaal. In 'n skrywe aan sy vader[328] en in 'n verslag[329] wat Henrique in Januarie 1881 opgestel het, het hy verklaar dat Nyabela as gevolg van 'n vergissing van die landdros nie van die belastinginvordering in kennis gestel is nie. Op grond hiervan wil dit dus voorkom asof Henrique se opdrag dat Nyabela onverwyld van die invordering verwittig moes word, nie uitgevoer is nie. 'n Paar maande later het Henrique weer 'n memorandum[330] opgestel waarin hy die indruk geskep het asof Nyabela wel van die belastinginvordering in kennis gestel was.

---

327. SN3, N60/80: Nota van H.C. Shepstone op 24.3.1880 en Nota van G.A. Roth - H.C. Shepstone, 25.3.1880.

328. T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Fort Weeber, 9.7.1880.

329. SN103, pp.1-20: H.C. Shepstone - W. Owen Lanyon, Transvaal, 31.1.1881; C2891, p.12, Bylaag: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Transvaal, 31.1.1881. 'n Afskrif van hierdie memorandum kan ook gevind word by H.C. Shepstone Papers, Vol. 11: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Transvaal, 31.1.1881.

330. SN103, pp.67-89: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, pp.6-7, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Toe Henrique teen die einde van Junie 1880 by die Ndzundza opgedaag het om hulle hutbelasting in te vorder, is hy baie beleefd deur Nyabela en sy volk ontvang.[331] Ten spyte hiervan egter was Henrique verplig om aan Nyabela en sy volk uitstel te verleen, aangesien sy volk nie gereed was om hulle hutbelasting te betaal nie. Waarom die Ndzundza nie op die belastinginvordering voorbereid was nie en presies wat alles daar gebeur het, is moeilik om te bepaal, aangesien Henrique by verskillende geleenthede verskillende verduidelikings hiervoor gegee het.

In Julie 1880,kort nadat hy by Nyabela was om sy hutbelasting in te vorder, het Henrique aan sy vader geskryf dat Nyabela as gevolg van 'n vergissing van die landdros, nie van die belastinginvordering in kennis gestel is nie. Hoewel hy gewillig en gretig was om sy belasting te betaal, het hy Henrique egter meegedeel dat sy volk nie die geld gehad het om hulle belasting te kon betaal nie. Gevolglik het hy Henrique £70 - skynbaar as 'n belasting vir die hele stam - aangebied. Henrique het egter geweier om die geld te neem en hom meegedeel dat elke Swarte vir homself moes betaal. Ten einde hom en sy volk in staat te stel om hulle belasting gereed te kry, het Henrique hom drie maande uitstel verleen, waarvoor hy baie dankbaar was.[332]

Sowat ses maande later, in Januarie 1881, het Henrique op versoek van Owen Lanyon 'n verslag[333] met betrekking tot die Swartes se houding teenoor die gewapende verset van die Boere opgestel. Weer eens het Henrique verklaar dat Nyabela nie sy belasting kon betaal nie omdat hy vanweë 'n vergissing

---

331. T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Zoutpansberg, 8.7.1880; SN103, p.71: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.6, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

332. T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Fort Weeber, 9.7.1880.

333. SN103, pp.1-20: H.C.Shepstone - W. Owen Lanyon, Transvaal, 31.1.1881; C2891, pp.12-13 Bylaag: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Transvaal, 31.1.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie van die belastinginvordering in kennis gestel was nie. Van die £70 wat Nyabela hom aangebied het, maak hy egter geen melding nie. Anders as wat hy sy vader in Julie 1880 meegedeel het, verklaar Henrique egter dat Nyabela "requested me to give him three months' time to enable him and his people to get the money together."[334]

Met betrekking tot die voorafgaande is dit opmerklik dat Henrique, ten spyte van Lanyon se bewering in Februarie 1880 dat Clarke Nyabela se boodskappers meegedeel het dat hulle belasting moes betaal en dat hulle hul bereid verklaar het om dit te doen, steeds aanvoer dat Nyabela vanweë 'n vergissing nie van die belastinginvordering in kennis gestel was nie. Trouens, soos reeds vermeld, was dit waarskynlik juis as gevolg van Lanyon se opmerking dat Henrique, nadat Roth hom meegedeel dat dat Nyabela nog nie van die invordering in kennis gestel was nie, nie uitdruklik opdrag gegee het dat Nyabela van die belastinginvordering verwittig moes word nie.

In Mei 1881 het Henrique 'n memorandum met betrekking tot die invordering van die hutbelasting in 1880 en "the present feelings of the natives with reference to return to Boer rule" opgestel.[335] Ter toeligting van Nyabela se optrede met die belastinginvordering, het hy beweer dat die Ndzundza nooit 'n direkte belasting aan die Zuid-Afrikaansche Republiek betaal het nie, maar dat hulle 'n min of meer onafhanklike stam was. Verder dat die kaptein van die Ndzundza selfs 'n betaling van die Blankes gevorder het wat op grond gewoon het wat deur die Zuid-Afrikaansche Republiek aan hulle toegeken is in die gebied wat Nyabela as sy eie opgeëis het.

---

334. SN103, p.3: H.C. Shepstone - W.Owen Lanyon, Transvaal, 31.1.1881; C 2891, pp.12-13,Bylaag: H.C. SHepstone - W,O. Lanyon, Transvaal, 31.1.1881.

335. SN103, pp.67-80: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, pp.6-9, Bylaag by No.5: Memorandum on collection of Native Hut Tax and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In soverre dit die belastinginvordering van 1880 betref, het Henrique aangevoer dat nadat hy aan Nyabela die doel van sy besoek verduidelik het, hy 'n beroep op hom gedoen het om sy belasting te betaal. "The chief stated that he and his people were willing to pay the taxes, but that unfortunately they had not believed that the tax would be collected as they had often before received notice to the same effect and nothing further had been done, under these circumstances he asked me to give him a little time in order that he might send out his people to work to get the money, and he tendered me £50 as a fine for his neglect of the order."[336]

Wanneer die voorafgaande uiteensetting van Henrique vergelyk word met sy vorige weergawes van die gebeure by Nyabela, is dit opmerklik dat hierdie weergawe aansienlik verskil van wat hy tot dusver aangevoer het daar gebeur het. Waar hy eers aangevoer het dat Nyabela nie sy hutbelasting kon betaal het nie omdat hy vanweë 'n vergissing nie van die belastinginvordering in kennis gestel was nie, verklaar hy in Mei 1881 byna uitdruklik dat Nyabela wel van die belastinginvordering in kennis gestel was. Trouens, Nyabela het hom selfs £50 aangebied "as a fine for his neglect of the order". Van sy vroeëre verduideliking dat Nyabela hom £70 as belasting aangebied het, word geen woord gerep nie. Terselfdertyd kom hy met 'n algehele nuwe rede na vore waarom Nyabela nie gereed was om sy belasting te betaal nie, naamlik dat hoewel hy en sy volk skynbaar bewus was van die invordering, hulle nie gedink het dat 'n belasting van hulle gevorder sou word nie omdat hulle voorheen dikwels kennis van so 'n invordering ontvang het, sonder dat iets verder in dié verband gedoen is. As hierdie opmerking van Henrique saam met ander soortgelyke opmerkings gelees word, is dit duidelik dat hy daarmee die indruk wou skep dat dit die Zuid-Afrikaansche Republiek was wat opdragte aan die Swartes gegee het, maar dit nooit uitgevoer het nie. In kort dus moes die rede waarom Nyabela en sy volk hulle nie op die belastinginvordering voorberei het nie, aan die nalatenskap van die Zuid-Afrikaansche Republiek gewyt word.

---

336. SN103, pp. 72-73: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.6, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer daar in aanmerking geneem word dat die memorandum wat Henrique in Mei 1881 opgestel het in werklikheid ten doel gehad het om 'n gevoel teen die teruggawe van Transvaal aan die Boere gaande te maak, spreek dit vanself dat dit met die grootste versigtigheid bejeën moet word. Op grond van die voorafgaande wil dit dus voorkom asof meer waarde geheg moet word aan Henrique se weergawe van die gebeure by Nyabela soos hy dit in Julie 1880 aan sy vader meegedeel het.

In die Zoutpansbergse en Waterbergse distrike waar Henrique deur Oscar Dahl en Aubrey Woolls-Sampson, die Naturellekommissarisse vir hierdie distrikte, met die invordering van die hutbelasting gehelp is,[337] het dit ook nie sonder probleme verloop nie. Hoewel sommige stamme hulle belasting geredelik en gewillig betaal het, was daar nietemin 'n aantal stamme wat tot lydelike verset oorgegaan het.[338] In plaas daarvan dat die Swartes self hulle hutbelasting kom betaal het, het net die hoofde van elke kraal hulle opwagting gemaak om vir hulle eie hutte of vir slegs soveel hutte te betaal as wat hulle voorgegee het dat hulle besit het. Ten einde sommige kapteins sover te kry om hulle belasting te betaal, moes hulle streng aangespreek word,[339] of selfs gedreig word dat indien hulle nie hulle belasting betaal nie, hulle Transvaal moes verlaat.[340]

In baie gevalle waar Henrique in Zoutpansberg en Waterberg probleme met die invordering ondervind het, het die kapteins aangevoer dat dit die eerste keer was dat so 'n belasting van hulle gevorder word. Hoewel hulle bereid was om 'n hutbelasting te betaal, het hulle mense nie geweet wat van hulle verwag word nie en was hulle dus nie ten volle voorbereid

---

337. SS488, R5013/80: Nota van W.O. Lanyon, 17.11.1880.

338. SN103, pp.73-75: Memorandum on collection of Native hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.6, Bylaag by No.5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

339. T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Sibasa, 2.10.1880.

340. T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Umtyatye, 20.10.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om hulle belasting te betaal nie. Met die invordering van 1880 het hulle egter gesien wat van hulle verwag word. Gevolglik het die kapteins Henrique die versekering gegee dat hy met die volgende belastinginvordering geen probleme sou ondervind nie, aangesien hulle mense dan voorbereid sou wees om hulle belasting te betaal.[341]

Ofskoon Henrique daarin geslaag het om by al die Swartkapteins in Zoutpansberg en Waterberg 'n hutbelasting in te vorder,[342] was hy nie so suksesvol met betrekking tot die totale bedrag wat hulle aan belasting betaal het nie. So byvoorbeeld was hy van mening dat die meeste van die kapteins wat in die Spelonken in Zoutpansberg gewoon het, maar ongeveer die helfte van hulle werklike belasting betaal het.[343] Die hoofrede hiervoor was, volgens Henrique, die feit dat hoewel die Swartes reeds maande tevore van die belastinginvordering in kennis gestel was, hulle nietemin van mening was dat dit 'n opdrag was soortgelyk aan dié wat hulle van die Zuid-Afrikaansche Republiek ontvang het, maar waarop hulle sonder vrees vir enige straf, geen ag hoef te slaan nie. Die gevolg was dus dat die Swartes hulle nie voorberei het nie en gevolglik nie geld gehad het om hulle belasting te kon betaal nie.[344]

Dat die skuld vir hierdie toestand van sake darem nie uitsluitlik aan die deur van die Zuid-Afrikaansche Republiek

---

341. SN103, pp.75-76: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.6, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

342. SN103, pp.75-76: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.6, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Houtbosch, 1.11.1880.

343. T. Shepstone Papes, Vol.45: H. Shepstone - T. Shepstone, Houtbosch, 1.11.1880.

344. T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Houtbosch, 1.11.1880; T. Shepstone Papers, Vol.45: H. Shepstone - T. Shepstone, Umtyatye, 20.10.1880; T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Spelonken, 11.9.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gelê kan word nie, blyk uit 'n manuskrip wat Oscar Dahl teen ongeveer 1888 opgestel het en wat waarskynlik meer op Zoutpansberg en Waterberg as die res van Transvaal betrekking gehad het. Met verwysing na die belastinginvordering van 1880 het hy verklaar dat "no one must for a single moment think that the Natives paid their Taxes willingly. No! They was(sic) unpleasently (sic) surprised to find that them(sic) they took for their deliverers, turned out to be their masters ...".[345]

Met verwysing na die wyse waarop die invordering van die hutbelasting verloop het van die Swartes wat in die omgewing van sy sendingstasie, Goedewensch, in Zoutpansberg gewoon het, het eerwaarde Stephanus Hofmeyr, sendeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verklaar dat hy baie bly was dat hyself nie by die tente was waar die Swartes hulle hutbelasting moes betaal nie, maar "het is er gegaan op eene wijze die mij beschaamd maakte voor de zwarte kaffers." Hoewel daar volgens Wet No. 6 van 1880 slegs 'n hutbelasting van 10/- vir elke bewoonde hut betaal moes word, moes stokou mense, blindes en jong Swartes van 18 jaar vir hulle skoonmoeders en ander Swartes wat in dieselfde hut gewoon het, betaal. Gevolglik was daar huisgesinne wat méér moes betaal as net die vasgestelde hutbelasting. In een geval was die Swartes selfs verplig om vir 'n ou Christin, wat op daardie stadium op sterwe gelê het en daarna oorlede is, te betaal. In soverre dit die bejaardes betref, sou ôf Henrique Shepstone ôf Woolls-Sampson die opmerking gemaak het dat as die betrokke Swartes nie vir hulle wou betaal nie, hulle doodgeslaan moes word. Aangesien baie min van die Swartes kontantgeld gehad het, was hulle verplig om hulle belasting met vee te betaal en het dit gevolglik beteken dat die reëls wat Henrique in dié verband neergelê het, op hulle van toepassing was. Soos reeds aangetoon is, het hy opdrag gegee dat wanneer vee as betaling aangebied word, die waarde van die vee nie die verskuldigde bedrag te bowe moes gaan nie. Indien die waarde van die vee meer was as die bedrag wat aan belasting betaal moes word,

---

345. A1284: Our Native Policy. Past, Present and Future. Onderteken deur A.Zoutpansberger (O. Dahl), g.d., ongeveer 1888.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moes die verskil nie in kontant uitbetaal word nie, maar moes die betaler met 'n ander betaler 'n reëling tref om die verskil aan hom uit te betaal. Dit was waarskynlik die toepassing van hierdie opdrag en om te voorkom dat die Regering enige verlies sou ly wanneer die vee verkoop word, wat eerwaarde Hofmeyr genoop het om te verklaar dat "ossen van 6 à 7 pond werden aangenomen voor £3 15s, £3 10s, £2 en £1 10s. Schapen, vroeger verkocht voor £1, werden geschat op 10s, 5s tot 3s. Bokken gingen nog minder. En dan ging het bij ons nog goed, zooals een oorlamsche kaffer, die bij hen was mij vertelde; bij de kafferkralen ging het nog erger toe."

Na aanleiding van hierdie gebeure het eerwaarde Hofmeyr voortgegaan om daarop te wys dat "ik heb menigmaal diep medelijden gehad met de arme kaffers, maar nooit heb ik voor hen gevoeld zoo als op dien dag en sedert denzelven. O, dat die velen die altijd spreken van de barbaarschheid der boeren en hunne onderdrukking der kaffers, en van de beschaafdheid en barmhartigheid der Engelschen, toch hier waren, opdat zij mogen leeren de waarheid spreken in dezen. De Kaffers beschouwen zich als beschaafd, sedert zij met de rooibaatjes kennis gemaakt hebben ...".[346]

Met sy terugkeer na Pretoria op 8 Desember 1880,[347] het Henrique onmiddellik voorbereidings getref om Nyabela se hutbelasting te gaan invorder nadat hy in Junie 1880 drie maande uitstel aan hom verleen het. Met die oog daarop om later self na Nyabela af te reis, het hy dieselfde dag waarop hy te Pretoria aangekom het, sy wa Middelburg toe gestuur.[348] Voordat hy self op 13 Desember kon vertrek,[349] het die Boere in openlike verset teen die Britse bewind in Transvaal gekom en is

---

346. De Volksstem, 9.11.1880 (Hoe de Annexatiemannen in het Transvaalsche Huishouden. Brief van Stephanus Hofmeyr).

347. C2891, p.12, Bylaag: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Transvaal, 31.1.1881.

348. SN103, pp.78-79: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C 2961, p.7, Bylaag by No.5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H. C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

349. T. Shepstone Papers, Vol.46: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 13.12.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Henrique as gevolg hiervan verhinder om Nyabela se hutbelasting te gaan invorder.[350]

Om 'n hutbelasting in te vorder by die Swartes wat in die distrikte gewoon het wat Henrique vir sy verantwoordelikheid geneem het, het hy meer as 2240 kilometer met 'n ossewa afgelê. In die proses het hy deur landstreke gereis wat selde of ooit deur Blankes besoek word en waarvan 'n groot deel met malaria besmet was. Trouens, gedurende sy dienstyd in Transvaal het hy drie keer malaria gehad en was hy verplig om 'n verhoogde premie op sy lewenspolis te betaal aangesien die Transvaal as 'n gebied met 'n hoë lewensrisiko beskou is.[351]

Aangesien Henrique in die stukke wat hy met betrekking tot die invordering van die hutbelasting opgestel het, hom uitsluitlik bepaal het tot die distrikte waar hy die belasting ingevorder het, is dit onmoontlik om op grond hiervan 'n aanduiding te gee van hoe die invordering in die ander distrikte verloop het. Uitgaande van die korrespondensie van die verskillende ontvangers, wil dit voorkom asof die invordering in hierdie distrikte sonder enige probleme verloop het. Dit moet veral toegeskryf word aan die feit dat die Swartes in die meeste van hierdie distrikte so lank onder die Blankes gewoon het dat hulle teen 1880 reeds vreedsaam gevestig was.[352] Dat daar egter in hierdie distrikte, net soos in Lydenburg, Waterberg en Zoutpansberg, Swartes was wat hulle belasting ontduik het, laat geen twyfel nie. Die feit dat die amptenare wat die hutbelasting moes invorder nie ten volle met die werk vertroud was nie en hulle kennis van die Transvaal

---

350. SN103, pp.78-79: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.7, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone Pretoria, 21.5.1881; SN103, pp.17-18: H.C. Shepstone - W. Owen Lanyon, Transvaal, 31.1.1881; C2891, p.12, Bylaag: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Transvaal, 31.1.1881.

351. H.C. Shepstone Papers, Vol.11: The Memorial of H.C. Shepstone, late Secretary for Native Affairs, Transvaal, Pietermaritzburg, 27.10.1881.

352. SN102, p.680: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C2584, p.12, No.9: Memorandum on the Native Population ..., 25.11.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as gevolg van die oproerigheid van die Swartes in die vooraf-gaande paar jaar, noodwendig beperk was, het aan die Swartes die geleentheid gebied om hulle belasting te ontduik.[353]

Met die openlike verset van die Boere teen die Britse bewind in Transvaal in Desember 1880 het die invordering van die hut-belasting tot 'n stilstand gekom. Volgens Henrique het die Boere met die werksaamhede van die invorderaars ingemeng en hulle selfs deur middel van dreigemente daarvan weerhou om met hulle werk voort te gaan.[354]

Hoewel nie al die Swartes in Lydenburg, Waterberg, Zoutpansberg en ook in die ander distrikte van Transvaal[356] hulle hutbelasting betaal het nie, was Henrique tog van mening dat die invordering van 1880 oor die algemeen bevredigend was.[357] Van die £35 000 waarvoor begroot is, is 'n bedrag van £33,174-14s ingevorder.[358] Onder hierdie omstandighede was Henrique oortuig daarvan dat as die Transvaal nie deur die gewapende verset van die Boere

---

353. C2866, p.8, Bylaag 2 by No. 2: Financial Statement for 1880-1881, in die Wetgewende Vergadering gelewer deur C.E. Steele, 30.11.1880.

354. T. Shepstone Papers, Vol.46: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 18.12.1880; SN103, pp.77-78: Memornadum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.7, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C3219, pp.64-65: Getuienis van O. Dahl voor die Koninklike Kommissie, 25.5.1881.

355. SN103, pp.76-78: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.7, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

356. C2866, p.8, Bylaag 2 by No. 2: Financial Statement for 1880-1881, in die Wetgewende Vergadering gelewer deur C.E. Steele, 30.11.1880.

357. SN103, p.79: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoira, 21.5.1881; C2961, p.7, Bylaag by No.5 Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

358. C2961, p.7, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verontrus was nie, die bedrag waarvoor begroot is, oorskry sou gewees het.[359] Die wyse waarop die Swartes hulle belasting betaal het, in weerwil van die teenstand en die advies van die Boere dat hulle nie 'n hutbelasting moes betaal nie, was vir Henrique voldoende bewys van die Swartes se goedgesindheid teenoor die Britse owerheid.[360]

---

359. SN103, pp.79-80: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.7, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

360. SN103, p.3, Bylaag: H.C. Shepstone - W. Owen Lanyon, Transvaal, 31.1.1881; C2891, p.13, Bylaag: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Transvaal, 31.1.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 2

DIE TRANSVAALSE REGERING EN DIE BELASTING VAN DIE SWARTES

1. Sir Theophilus Shepstone en die belasting van die Swartes

Met die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek, het sir Theophilus Shepstone verklaar dat die Swartstamme wat onder die jurisdiksie en beskerming van die Transvaalse regering gestaan het, verplig moes word om hulle regmatige bydrae te lewer ter ondersteuning van die staat wat hulle beskerm het.[1] Die Swartes moes nie slegs vanweë politieke redes nie, maar ook omdat hulle indirekte bydrae vir baie jare gering sou wees, op 'n meer direkte wyse as die Blankes bydra tot die ondersteuning van die staat.[2] Verder was hy van mening dat 'n bedrag van tussen £50 000 en £60 000 per jaar aan belasting van die Swartes in die Transvaal gevorder kon word.[3] Die moontlikheid het selfs bestaan dat hierdie bedrag binne 'n paar jaar tot £100 000 vermeerder kon word.[4] Onder hierdie omstandighede en vanweë die finansiële probleme waarmee die Tussenregering te kampe gehad het, was dit eintlik vanselfsprekend dat pogings in die werk gestel sou word om 'n belasting van die Swartes te vorder.

---

1. C1776, p.159, No.122: Proklamasie van T. Shepstone, 12.4.1877; ZAR Gazette Extraordinary, 12.4.1877: Proklamasie van T. Shepstone, 12.4.1877.

2. C2584, p.101, No. 43: Memorandum by Sir T. Shepstone ... on Despatch from Sir G. Wolseley ... transmitting to the Secretary of State Memorandum by ... H.C. Shepstone, Secretary for Native Affairs in Transvaal, 27.2.1880; Vir die konsep van hierdie memorandum, sien T. Shepstone Papers, Vol. 77: Memo. on Despatch from Sir G. Wolseley ... transmitting to Secretary of State memo. by ... H.C. Shepstone, Secretary for Native Affairs, Transvaal.

3. C2482, p.31, No.16: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879.

4. TSP 2, p.643: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Pretoria 20.6.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Reeds kort na die anneksasie van die Transvaal is hierdie belastingkwessie in oorweging geneem.[5] Volgens sir Theophilus is daar gevind dat die totale inkomste uit hierdie bron vir die Zuid-Afrikaansche Republiek nie £3 000 of £4 000 oorskry het nie, terwyl hierdie bedrag volgens bestaande wetgewing £50 000 of £60 000 moes beloop het. Belasting is ook net by 'n paar stamme ingevorder, terwyl die ander stamme geen belasting betaal het nie.[6] By die stamme waar belasting ingevorder is, was dit net die Swartes wat bereid was om te betaal wat betaal het en dan ook net die bedrag wat hulle volgens hulle kon bekostig het.[7] Hierdie toestand van sake was, volgens sir Theophilus, onwys en onbillik "It was undesirable ... that the natives should suppose that Her Majesty's Government were content to continue such a partial system of administration.

Those who were not called upon to pay would ascribe their immunity to our weakness, and those who were would consider themselves ... unjustly treated."[8]

---

5. SN 102, p.578: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; 'n Afskrif van hierdie memorandum kan ook gevind word by SN2, N 239/79 en is gepubliseer in ZAR 166, Blue Book for the Transvaal Province 1879, p.100: Memorandum with reference to Native Law, H.C. Shepstone, 17.10.1879.

6. T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2482, p.31, No. 16: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; M418, CO 291/5, Transvaal No. 12302: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Londen, 31.7.1879.

7. SN 102, p.681: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C2584, p.12, No. 9: Memorandum on the Native Population ..., 25.11.1879.

8. T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2482, p.31, No.16: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; M325, CO 879/16, African No. 204, No.19: Sir T. Shepstone - Koloniale Kantoor, Londen, 31.7.1879; M 418, CO 291/5, Transvaal No. 12302: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Londen, 31.7.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot die belasting van die Swartes betref, was sir Theophilus van mening dat sommige bepalings daarvan en die voorsiening vir verskillende soorte belasting, vir hom as afkeurenswaardig en onwys voorgekom het.[9] Die belasting wat die Swartes moes betaal, moes op verskillende wyses en aan verskillende amptenare betaal word. Ook was daar geen eenvormige belastingskale nie. Die totale bedrag wat die Swartes per jaar aan belasting moes betaal, het heelwat gewissel. In sommige gevalle het dit meer en in ander gevalle weer minder as 10/- beloop.[10] Hierdie toestand van sake het die belastingstelsel van die Zuid-Afrikaansche Republiek gevolglik onuitvoerbaar gemaak. Die stelsel was ook verder onuitvoerbaar omdat dit onmoontlik was om die wet toe te pas op die Swartes wat in die afgeleë distrikte gewoon het en wat so te sê onder geen regeringsbeheer was nie.[11] Gevolglik het sir Theophilus besluit om die bestaande belastingskale af te skaf en 'n eenvormige hutbelasting van 10/- per hut per jaar in die plek daarvan in te stel.[12]

---

9. T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2584, p.101, No. 43: Memorandum by Sir T. Shepstone ... on Despatch from Sir G. Wolseley ... transmitting to the Secretary of State Memorandum by ... H.C. Shepstone, Secretary for Native Affairs in Transvaal, 27.2.1880; M 418, CO 291/5, Transvaal No. 12302: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Londen, 31.7.1879.

10. T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2482, p. 31, No. 16: Memorandum on Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; M 418, CO 291/5, Transvaal No. 12302: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Londen, 31.7.1879.

11. SN 102, p.578: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ... p.100: Memorandum ... Native Law; SN 160: Blue Book of the Transvaal for the year 1878, p.15.

12. T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2482, p.31, No. 16: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; SN 102, p.578: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law; M 418, CO 291/5. Transvaal No. 12302: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Londen, 31.7.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met hierdie besluit van hom het sir Theophilus geheel en al ultra vires gehandel, aangesien hy met die anneksasie van Transvaal onderneem het dat bestaande wetgewing van krag sou bly totdat sodanige wetgewing deur 'n bevoegde wetgewende gesag gewysig kon word. Wat die belasting van die Swartes betref, het hierdie onderneming dus beteken dat totdat daar so 'n wetgewende gesag in die lewe geroep sou word, die Transvaalse regering verplig was om belastings kragtens die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek in te vorder. Nietemin, sir Theophilus het die mening uitgespreek dat wanneer daar 'n eenvormige belasting van 10/- per hut ingestel word, dit die Transvaalse regering van 'n jaarlikse inkomste van tussen £50 000 en £60 000 sou verseker het. Hierdie inkomste sou die regering onder andere in staat stel om maatreëls te tref om die Swartes beter te beheer, asook om 'n bydrae tot hulle sosiale en bedryfsontwikkeling te lewer.[13] Hoewel 'n hutbelasting die primêre en belangrikste bydrae van die Swartbevolking tot die staatskas sou wees, kon dit verder aangevul word deur die geleidelike heffing van administrasiegelde en die vorderings vir spesiale voordele wat die Swartes sou ontvang.[14]

Aangesien 24 Mei koningin Victoria se verjaarsdag was, het sir Theophilus hierdie dag uitgekies om die eerste keer amptelik die Britse vlag in Transvaal te laat hys.[15] Terselfdertyd

---

13. T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2482, p.31, No.16: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879, T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; M 418, CO 291/5, Transvaal No. 12302: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, London, 31.7.1879.

14. T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2584, p.101, No.43: Memorandum by Sir T. Shepstone ... on despatch from Sir G. Wolseley ... Transmitting to the Secretary of State Memorandum by ... H.C. Shepstone, Secretary for Native Affairs in Transvaal, 27.2.1880.

15. T. Shepstone Papers, Vol. 68: T. Shepstone - B. Frere, Pretoria, 25.4.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het hierdie okkasie hom ook die geleentheid gebied om die regeringsverandering wat daar in Transvaal plaasgevind het aan die Swartes te verduidelik en hulle tewens op die hoogte te stel van wat onder die nuwe bewind van hulle verwag sou word.[16] Gevolglik het hy opdrag gegee dat soveel Swartkapteins of hulle verteenwoordigers as moontlik aangesê moes word om hierdie plegtigheid - wat toe op 25 Mei plaasgevind het - by te woon.[17] Ofskoon van die meer afgeleë stamme vanweë die kort kennisgewing nie 'n verteenwoordiger kon stuur nie, was verreweg die meeste stamme deur óf 'n kaptein óf 'n ander afgevaardigde verteenwoordig om die plegtigheid by te woon en sir Theophilus te ontmoet.[18]

In sy verslag van die onderhoud wat hy by dié geleentheid met hierdie Swartes gehad het, het sir Theophilus geen melding gemaak van enigiets in verband met 'n belasting nie.[19] Volgens Henrique Shepstone egter het die aangeleentheid wel by dié geleentheid ter sprake gekom en het sy vader die Swartes meegedeel dat daar van hulle verwag sou word om 'n hutbelasting van 10/- per hut te betaal vir die beskerming wat hulle van die Regering ontvang het. Almal het die regverdigheid van hierdie belasting erken, hulle tevredenheid daarmee te kenne gegee en hulle bereid verklaar om dit te betaal.[20]

---

16. C1883, p.13, No.13: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 27.5.1877.

17. C1883, p.13, No.13: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 27.2.1879; ATC2, pp. 97-100: M. Osborn - J. Albasini, Pretoria, 27.4.1877; M. Osborn - R. Bell, Pretoria, 27.4.1877; M. Osborn - C. Moll, Pretoria, 30.4.1877. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

18. C1883, p.13, No.13: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 27.5.1877; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

19. C1883, p.13, No.13: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 27.5.1877.

20. SN102,pp.939-940:Memorandum on Native Affairs, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer April 1880; SN2, N239/79: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; SN102, p.578: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ten einde te verseker dat die Swartes van hierdie belasting weet, het sowel sir Theophilus as Henrique in sy hoedanigheid as Sekretaris van Naturellesake, wanneer hulle hierna deur die Transvaal gereis het, die Swartes in verband met hierdie belasting ingelig.[21] Terselfdertyd het sir Theophilus ook opdrag gegee dat die betrokke amptenare die Swartes in hul onderskeie distrikte met betrekking tot die belasting moes inlig.[22] Met Barlow se aanstelling as spesiale kommissaris vir Waterberg en Zoutpansberg in Junie 1877, het hy opdrag ontvang om die Swartkapteins van hierdie twee distrikte persoonlik te besoek onder andere met die doel om hulle mee te deel dat 'n hutbelasting van 10/- per hut van hulle gevorder sou word. Die Swartes moes hulle gereed hou om hierdie belasting gedurende die winter van 1877 te betaal, aangesien dit moontlik was dat dit dan van hulle gevorder sou word. In hierdie verband moes Barlow die noodsaaklikheid beklemtoon dat die belasting in kontant eerder as in goedere betaal moes word.[23] Henrique het later verklaar dat die Swartes hulle bereidwilligheid te kenne gegee het om 'n bydrae te lewer tot die uitgawes van die Regering vir die voorregte, beskerming, die rus en die vrede wat hulle onder die Britse regering geniet het.[24] Volgens sir Bartle Frere het sir Theophilus hom meegedeel dat die hutbelasting wat hy van voorneme was om van die Swartes te vorder, "would be a light impost and cheerfully paid for the privilege of living under regular Government".[25]

---

21. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

22. SN 102, p.578: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law; SN2, N239/79: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879.

23. SS8632, No.818: N.J.R. Swart - M. Barlow, Pretoria, 21.6.1877; Sien ook SS245, R2845/77: M. Barlow - N.J.R. Swart, Eersteling, 21.7.1877.

24. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

25. C2367, pp.151-152, No.50: H.B.E. Frere - M. Hicks Beach, Pretoria, 29.4.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Barlow se opdrag het daar die moontlikheid bestaan dat die hutbelasting gedurende die winter van 1877 ingevorder sou word. Teen die einde van 1877 egter het Barlow die landdros van Waterberg versoek om toe te sien dat die Swartes wat op lokasies op privaatgrond in sy distrik gewoon het, aangesê word dat 'n hutbelasting van 10/- in Januarie 1878 van hulle gevorder sou word.[26] Op grond hiervan wil dit voorkom asof die Transvaalse regering van voorneme was om in Januarie 1878 met die invordering van 'n hutbelasting te begin. Voordat enigiets in dié verband gedoen kon word, het sir Theophilus egter in Januarie 1878 die invordering van alle belastings wat deur die Swartes betaal moes word, opgeskort totdat spesiale instruksies in dié verband uitgereik sou word.[27]

Wat die werklike rede vir hierdie besluit was, is moeilik om te sê. In 'n memorandum wat hy in Julie 1879 opgestel het, het sir Theophilus verklaar dat hy van voorneme was om 'n gelykstelling van die Swartes se belasting te bewerkstellig deur 'n eenvormige jaarlikse belasting van 10/- per hut in te stel. Die invordering van hierdie belasting sou die Regering egter van aangesig tot aangesig met die Swart grondvraagstuk gebring het, aangesien die Zuid-Afrikaansche Republiek geen voorsiening vir grond vir die Swartes gemaak het nie. Voordat enigiets in dié verband gedoen kon word, het die Sekhukhune-oorlog uitgebreek en moes alle optrede in verband met Swartaangeleenthede uitgestel word. Dit was nodig aangesien sir Theophilus van mening was "that the native question in the Transvaal should be dealt with as a whole, and I believe it would be injudicious to touch it while we were engaged in hostilities with one of the leading chiefs."[28]

---

26. SS293, R2500/78: L. Moll - Regeringsekretaris, Nylstroom, 13.7.1878.

27. SS8636, No.16: Sirkulêre van Regeringsekretaris - Landdros Pretoria, Potchefstroom, Rustenburg, Heidelberg, Wakkerstroom, Utrecht, Lydenburg, Middelburg, Waterberg, Zoutpansberg, Marico, Christiana en Kommissaris van Lichtenburg, Pretoria, 4.1.1878; Sien ook SS8636, No.36: C. van Boeschoten - Landdros Zeerust, Pretoria, 14.1.1878; SS8644, No.2: Sirkulêre van Koloniale Sekretaris, Pretoria, 4.1.1878.

28. T. Shepstone Papers, Vol.69: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2482, p.31, No.16: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; M418, CO 291/5, Transvaal No.12302: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Londen, 31.7.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op grond van die voorafgaande wil dit dus voorkom asof sir Theophilus met die oog daarop om eers die grondvraagstuk te reël, besluit het om die invordering van alle belastings wat deur die Swartes betaal moes word, op te skort. Wat hy presies met betrekking tot die grondvraagstuk in gedagte gehad het, is nie duidelik nie, maar dat daar probleme in dié verband bestaan het, laat geen twyfel nie.[29] Reeds toe hy die Swartes in 1877 meegedeel het dat 'n hutbelasting van 10/- in Transvaal ingestel gaan word, het die grondvraagstuk ter sprake gekom. Volgens Henrique het die Swartkapteins en ander verteenwoordigers teenoor sir Theophilus gekla oor die ongerief wat hulle moes verduur omdat hulle geen grond van hulle eie gehad het om op te woon nie. In baie gevalle het die grond waarop hulle gewoon het, voor die koms van die Boere na die Transvaal aan hulle behoort, maar is hierdie grond in plase opgedeel,[30] terwyl daar geen grond vir hulle opsy gesit is nie.[31] Hierdie stand van sake het dus tot gevolg gehad dat daar van die Swartes was wat geen ander keuse gehad het nie as om op private grond te gaan woon, en vir die reg om daar te mag woon, moes die eienaar van die grond betaal word. Dit wil dus voorkom asof sir Theophilus se kwelling met betrekking tot die Swart grondvraagstuk daarin gelê het dat hy nie sy weg oopgesien het om 'n hutbelasting van dié Swartes te vorder wat aan 'n private persoon huur betaal het vir die grond waarop hulle gewoon het nie.

---

29. SN102, p.579: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.19.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law.

30. SN 102, p.579: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law; SN 2, N239/79: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879.

31. SN 102, p.939: Memorandum on Native Affairs, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer April 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Junie 1879 het C.E. Steele, die Kommissaris van Finansies en Inkomste, weer 'n ander rede verskaf waarom die betaling van die Swartes se belasting opgeskort is. In 'n skrywe aan Littleton het hy beweer dat "the collection of taxes from the Natives has been in abeyance since January 1878 by order of Sir Theophilus. I fancy this was a political move having for its object the enlistment of the sympathies of the Native population, an object which I believe may be attained in a different manner and at a smaller sacrifice of the Public Revenue after the subjugation of the Chief Sikukuni."[32]

Waarom sir Theophilus die simpatie van die Transvaalse Swartes wou verkry, is nie duidelik nie. Die argument dat hy die invordering van die Swartes se belasting opgeskort het ten einde hulle simpatie te verkry met die oog op die oorlog teen die Pedi lyk nie moontlik te wees nie, aangesien hierdie oorlog eers teen Maart 1878 uitgebreek het. Trouens, daar is voldoende bewys dat sir Theophilus teen Januarie 1878 geen ernstige probleme van die kant van Sekhukhune verwag het nie.[33] In April 1880 het Henrique egter verklaar dat die hutbelasting wat die Transvaalse regering van voorneme was om in 1877 in te vorder, as gevolg van die probleme wat met die Zoeloes ondervind is, agterweë moes bly.[34] Of daar enige verband tussen Steele se bewering en hierdie opmerking van Henrique bestaan, is nie duidelik nie, maar dat Ketswayo kort na die anneksasie van Transvaal wel 'n aggressiewe houding teenoor die Transvaal aan die dag gelê het, is ongetwyfeld waar.[35]

---

32. GH 11/5: C.E. Steele - Littleton, Pretoria, 16.6.1879; SS 2736 (ou nommer): C.E. Steele - Littleton, Pretoria, 16.6.1879.

33. T.S. van Rooyen: Die Verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die Geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882, p.309; K.W. Smith: The Campaigns against the Bapedi of Sekhukhune, 1877 - 1879, pp. 10-12.

34. SN1C2, p.940: Memorandum on Native Affairs, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer April 1880.

35. M.C. van Zyl: Die Uitbreiding van Britse gesag oor die Natalse Noordgrensgebiede, 1879-1897, pp. 2-3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Maart 1878 het die oorlog teen die Pedi uitgebreek. Die meerderheid van die stamme wat in die omgewing van Sekhukhune gewoon het, is weer aan sy gesag onderwerp. Die ander kleiner kapteins van die Lydenburgse distrik het ôf lojaal aan die Regering gebly ôf die verloop van sake stilweg dopgehou. Hoewel baie van hierdie kapteins oënskynlik lojaal aan die Regering was, het hulle uit vrees vir die gevolge van 'n oorwinning vir Sekhukhune geen hulp aan die Regering verleen nie.[36] Dieselfde het ook vir die feitlik onafhanklike kapteins in Waterberg en Zoutpansberg gegeld.[37] Volgens sir Theophilus het hierdie kapteins in afwagting van wat met Sekhukhune gaan gebeur, geen besliste tekens van ôf lojaliteit ôf vyandigheid aan die dag gelê nie.[38] In Junie 1878 het hy die hoop uitgespreek dat Sekhukhune gou verslaan sou word, dan sou hy van die teenwoordigheid van die vrywilligermagte wat teen Sekhukhune geveg het, gebruik maak om met die invordering van 'n hutbelasting te begin. Na sy mening sou so 'n gunstige geleentheid om op die betaling van belasting aan te dring hom nie gou weer voordoen nie.[39] Die stryd teen Sekhukhune het egter voortgesleep en kon daar niks in diê verband gedoen word nie.

'n Maand nadat sir Theophilus Transvaal in Maart 1879 verlaat het, het sir Bartle Frere sy opwagting in Pretoria gemaak. Aangesien sir Theophilus hom meegedeel het dat hy van voorneme was om 'n hutbelasting van die Swartes te vorder, het hy sy verbasing te kenne gegee dat daar nog niks in diê verband gedoen is nie. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die hele kwessie in verband met die belasting wat deur die Swartes betaal moes word, erg onbevredigend was. Hoewel daar vir 'n aansienlike inkomste uit die Swartes se belasting begroot is, is daar tot in daardie stadium nog niks gedoen om dit in te vorder nie,[40] inteendeel, sir Theophilus het

---

36. K.W. Smith: The Campaigns against the Bapedi of Sekhukhune, 1877-1879, p.16.

37. C2316, p.29, No.6, Bylae 2: Memorandum on the political situation existing in the Lydenburg district for the information of ... T. Shepstone, opgestel deur M. Clarke, g.d.

38. T. Shepstone Papers, Vol. 68: T. Shepstone - B. Frere, Pretoria, 10.9.1878.

39. T. Shepstone Papers, Vol. 68: T. Shepstone - B. Frere, Pretoria, 25.6.1878.

40. C2367, pp.151-152, No.50: H.B.E. Frere - M. Hicks Beach, Pretoria, 29.4.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die invordering van die Swartes se belasting opgeskort.[41]

In sy antwoord op Frere se beswaar, het sir Theophilus aangevoer dat hy wel van voorneme was om 'n hutbelasting van 10/- per hut per jaar in Transvaal in te stel, maar dat hy as gevolg van die Swart grondvraagstuk en die uitbreek van die oorlog teen die Pedi, verplig was om enige optrede in verband met Swartaangeleenthede uit te stel.[42] Hoewel sir Theophilus geensins daarna verwys het nie, was daar natuurlik ook nog nie 'n Wetgewende Liggaam om die nodige belastingswet op die wetboek te plaas nie en was dit buite die kwessie om met die invordering van 'n hutbelasting te begin. Verder was dit volgens Henrique Shepstone, onmoontlik om enige belasting in Lydenburg, Waterberg en Zoutpansberg in te vorder. Hoewel die kapteins van hierdie distrikte nie werklik gedink het dat Sekhukhune suksesvol sou wees nie, was daar tog "a lingering sort of fear that he may be; and they consequently are in many instances afraid of the results of paying their taxes and others would refuse considering that if we were unable to subdue Sekukuni we would be unable to coerce them."[43]

---

41. C2482, p.17, No.7: H.B.E. Frere - M. Hicks Beach, Potchefstroom, 6.5.1879; M325, CO 879/16, African No.204, p.44, Bylae 1 by No.9: H.B.E. Frere - M. Hicks Beach, Potchefstroom, 6.5.1879.

42. T. Shepstone Papers, Vol. 69: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; C2482, p.31, No.16: Memorandum on ... Sir Bartle Frere's despatch ... Potchefstroom, May 6, 1879 ..., T. Shepstone, Londen, 28.7.1879; M418, CO 291/5, Transvaal No.12302: T. Shepstone - R.G.W. Herbert, Londen, 31.7.1879.

43. SN 102, p.678: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C2584, p.12, No.9: Memorandum on the Native Population ..., 25.11.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2. H.C. Shepstone se memorandum oor die belasting van die Swartes en die einde van die oorlog teen die Pedi

Nog voor die beëindiging van die oorlog teen die Pedi het sir Garnet Wolseley op 27 September 1879 as die goewerneur van Transvaal in Pretoria aangekom.[44] Kort na sy aankoms het Lanyon Henrique Shepstone aangesê om 'n memorandum vir voorlegging aan sir Garnet met betrekking tot die Swartes se belasting op te stel.[45] In die memorandum[46] wat Henrique na aanleiding hiervan opgestel het, het hy aangevoer dat in soverre dit die Swartes betref het, daar drie wette, naamlik Wet No.9 van 1870,[47] Wet No. 4 van 1873[48] en Wet No. 3 van 1876[49] van krag was. In nie een van hierdie wette is daar enige verwysing na die voorafgaande wet nie, hoewel die bepalings van die latere wette dié van die vorige wette gewysig en in sommige opsigte vervang het.[50] Volgens Wet No. 9 van 1870 word alle vorige wette strydig met hierdie wet herroep[51] en word bepaal dat Swartes van 'n pas voorsien

---

44. C2482, p.337, No.118: G. Wolseley - M. Hicks Beach, Pretoria, 29.9.1879.

45. SN 3, N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 1.12.1879.

46. SN102, pp.568-585: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book for the Transvaal Province, 1879, pp. 99-101: Memorandum with reference to Native Law, H.C. Shepstone, 17.10.1879.

47. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten .., 1849-1885, pp. 378-383: Wet "Ter voorkoming van Landlooperij, Dieverij en andere ongeregeldheden der Kaffers ... ter betere regeling en bestiering der Kafferstammen, en ter daarstelling van eene belasting op de Kaffers en andere Kleurlingen." Goedgekeur kragtens VRB, art.154, 3.6.1870.

48. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 480-482: Wet "Voor de uitreiking van Passen aan Naturellen in de Z.A. Republiek," Goedgekeur volgens VRB, art. 184 en 189, 6.8.1872 en gewysig volgens VRB, 10.3.1873, art.33.

49. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 662-668: Wet "Betreffende de Naturellen", Goedgekeur kragtens VRB, 9.6.1876, art. 143.

50. SN 102, p.568: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law.

51. SN 102, p.569: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99:Memorandum ... Native Law; Sien ook F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p. 379: Wet No. 9, 1870, art. 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moes wees wat gratis uitgereik sou word.[52] Verder word bepaal dat al die Swartes 'n hutbelasting moes betaal.[53] Swartes wat in die diens was van die eienaar op wie se grond hulle gewoon het, moes 2/6 per hut per jaar betaal. Swartes wat nie by die eienaar van die grond waarop hulle gewoon het in diens was nie, maar by iemand anders gewerk het, moes 5/- per hut per jaar betaal, terwyl dié wat nie in diens was nie se belasting op 10/- per hut per jaar vasgestel is.[54]

Henrique het verder betoog dat kragtens Wet No. 4 van 1873, 'n Swarte £1 moes betaal vir die pas wat hy kragtens Wet No.9 van 1870 moes besit en moes hierdie pas jaarliks hernieu word.[55] So 'n pas sou egter gratis uitgereik word aan 'n Swarte wat bewys kon lewer dat hy in diens van 'n burger was, met die voorbehoud egter dat tensy hy spesiale toestemming daartoe gehad het, 'n burger vir nie meer as tien Swartes gratis passe kon kry nie.[56] Swartes wat in besit was van

---

52. SN 102, p.569: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien ook F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): Die Locale Wetten ..., 1849-1885, p.379: Wet No. 9, 1870, art. 3. Hoewel daar geen sodanige bepaling in die wet is nie, wil dit nietemin voorkom asof hierdie passe gratis uitgereik is.

53. SN 102, p.570: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien ook F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.381: Wet No. 9, 1870, art. 15 en 16.

54. SN 102, p.570: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien ook F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.381: Wet No. 9, 1870, art. 16.

55. SN 102, p.570: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien ook F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.) : De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 4, 1873, art. 1-3.

56. SN 102, p.570: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien ook F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.481: Wet No. 4, 1873, art. 9.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n pas sou as onderdane van die Zuid-Afrikaansche Republiek beskou word en op dieselfde beskerming as die ander onderdane van die staat geregtig wees.[57]

In soverre dit Wet No. 3 van 1876 betref, het Henrique daarop gewys dat die wet bepaal het dat al die Swartes in die Zuid-Afrikaansche Republiek aan 'n belasting onderhewig was.[58] Swartes wat op groot lokasies gewoon het, moes 'n hutbelasting van 10/- vir elke bewoonde hut per jaar betaal, terwyl elke manlike Swarte ouer as 20 jaar ook 'n persoonlike belasting van 10/- per jaar moes betaal.[59] Swartes wat op klein lokasies van nie meer as dertig hutte nie op privaatgrond gewoon het, het 'n hutbelasting van 5/- per hut per jaar betaal en alle manlike Swartes ouer as 20 jaar, 'n persoonlike belasting van 10/- per jaar, behalwe as so 'n Swarte in diens was van die eienaar van die grond waarop hy gewoon het.[60]

Waarskynlik as gevolg van die feit dat daar geen verwysing in enige van hierdie wette na die voorafgaande wet is nie en die latere wet nie die vroeëre wet herroep het nie, was dit, volgens Henrique, nie duidelik watter een van hierdie wette van krag en toepassing was nie. Met betrekking tot Wet No. 3 van 1876, was hy van mening dat hoewel die fiskale maatreëls van hierdie wet strydig was met dié van Wet No. 9 van 1870 en Wet No. 4 van 1873 en hierdie twee wette se bepalings vervang het, die fiskale maatreëls van Wet No. 3 van 1876 nietemin opgeskort was. As rede hiervoor het hy aangevoer dat

---

57. SN 102, p.571: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.481: Wet No. 4, 1873, art. 12.

58. SN 102, p.571: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4.

59. SN 102, p.571: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4(1); Sien ook T. Shepstone Papers, Vol. 21: Nota van N.J.R. Swart, wnd. Koloniale Sekretaris, Pretoria, 18.6.1877.

60. SN 102, p.571: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.99: Memorandum ... Native Law; Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p. 663: Wet No. 3, 1876, art. 4 (1 en 2).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"the promises and undertakings made by the Government upon which the taxes are founded", nie deur die Zuid-Afrikaansche Republiek nagekom is nie en dat daar ook geen poging aangewend is om hierdie bepalings toe te pas nie. Op grond hiervan het Henrique tot die gevolgtrekking gekom dat die belasting wat voor die anneksasie van die Transvaal van die Swartes ingevorder is, kragtens Wet No. 9 van 1870 en Wet No. 4 van 1873 ingevorder is. Gevolglik was die belasting waarvoor hierdie twee wette voorsiening gemaak het dus nog van krag.[61] Die belasting wat die Swartes kragtens hierdie wette moes betaal, was 'n jaarlikse belasting van 2/6 per hut deur dié wat in die diens was van die eienaar van die grond waarop hulle gewoon het; 5/- per hut deur dié wat by iemand anders as die eienaar van die grond waarop hulle gewoon het in diens was; en 10/- per hut deur dié wat geensins in diens was nie. Afgesien van hierdie belasting, moes elke Swarte voorsien wees van 'n pas waarvoor hy £1 per jaar moes betaal.[62] Vanaf 1875 moes alle manlike Swartes ouer as 18 jaar ook 'n wegbelasting van 2/6 per jaar betaal het.[63] In 1876 is hierdie besluit egter gewysig sodat slegs manlike Swartes ouer as 20 jaar hierdie belasting moes betaal, alhoewel alle diensbodes daarvan vrygestel was.[64]

Op grond van sy interpretasie van hierdie wette het Henrique tot die gevolgtrekking gekom dat die Swartes die volgende bedrae aan belasting moes betaal:

---

61. SN 102, pp. 575-576: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law.

62. SN 102, p.576: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law.

63. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.609: Volksraadsbesluit, 20.5.1875, art. 96.

64. SN 102, pp. 583-584: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.658: Volksraadsbesluit, 4 en 5 Junie 1876, art. 102. Volgens hierdie besluit moes manlike Swartes ouer as 21 en nie soos H.C. Shepstone beweer, ouer as 20 jaar nie, hierdie belasting betaal het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1. Belasting betaalbaar deur manlike Swartes ouer as 20 jaar wat in diens was van die eienaar van die grond waarop hulle gewoon het kragtens Wet No. 9 van 1870 en Wet No. 4 van 1873:[65]

Hutbelasting	£0 - 2 - 6
Pasbelasting	1 - 0 - 0
Wegbelasting	0 - 2 - 6
	£1 - 5 - 0

2. Belasting betaalbaar deur die Swartes wat nie in die diens was van die eienaar van die grond waarop hulle gewoon het nie kragtens Wet No. 9 van 1870 en Wet No. 4 van 1873:[66]

Hutbelasting	£0 - 5 - 0
Pasbelasting	1 - 0 - 0
Wegbelasting	0 - 2 - 6
	£1 - 7 - 6

3. Belasting betaalbaar deur die Swartes wat nie in diens was nie kragtens Wet No. 9 van 1870 en Wet No. 4 van 1873:[67]

Hutbelasting	£0 - 10 - 0
Pasbelasting	1 - 0 - 0
Wegbelasting	0 - 2 - 6
	£1 - 12 - 6

---

65. SN 102, pp. 583-584: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.101: Memorandum ... Native Law.

66. SN 102, p.584: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.101: Memorandum ... Native Law.

67. SN 102, p.584: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.101: Memorandum ... Native Law.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4. Indien Wet No. 3 van 1876 van krag was, moes die Swartes ouer as 20 jaar en wat in groot lokasies gewoon het die volgende belastings betaal:[68]

Hutbelasting	.....	£0 - 10 - 0
Persoonlike belasting	.....	0 - 10 - 0
Pasbelasting	.....	1 - 0 - 0
Wegbelasting	.....	0 - 2 - 6
		£2 - 2 - 6

5. Indien Wet No. 3 van 1876 van krag was, moes die Swartes ouer as 20 jaar en wat in 'n lokasie op privaatgrond gewoon het, die volgende belastings betaal:[69]

Hutbelasting	.....	£0 - 5 - 0
Persoonlike belasting	.....	0 - 10 - 0
Pasbelasting	.....	1 - 0 - 0
Wegbelasting	.....	0 - 2 - 6
		£1 - 17 - 6

In soverre dit hierdie uiteensetting van Henrique betref, is daar 'n paar sake waarop die aandag gevestig moet word. In die eerste instansie, ofskoon die wetlike posisie met betrekking tot hierdie wette geensins duidelik is nie, wil dit nietemin voorkom asof sy bewering dat die fiskale maatreëls van Wet No. 9 van 1870 teen 1877 nog steeds van krag was, nie korrek is nie. Ter verduideliking van hierdie standpunt moet daarop gewys word dat hoewel Wet No. 9 van 1870 nie deur Wet No. 4 van 1873 herroep is nie, dit tog wil voorkom asof die fiskale maatreëls waarvoor Wet No. 9 van 1870 voorsiening gemaak het, by implikasie deur dié van Wet No. 4 van 1873 herroep is. Volgens Wet No. 9 van 1870 word daar bepaal dat 'n Swarte 'n jaarlikse belasting moes betaal.[70] Verder

---

68. SN 102, p.584: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.101: Memorandum ... Native Law.

69. SN 102, p. 584: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166. Blue book ..., p.101: Memorandum ... Native Law.

70. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.381: Wet No. 9, 1870, art. 15.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word bepaal dat 'n Swarte wat kan bewys dat hy in diens was van 'n burger van die Zuid-Afrikaansche Republiek en by hom op sy plaas gewoon het, 2/6 per hut per jaar belasting moes betaal. 'n Swarte wat wel in diens was, maar nie op die plaas van sy diensheer gewoon het nie, se belasting is op 5/- per jaar vasgestel, terwyl 'n Swarte wat nie in diens was nie 10/- per hut per jaar moes betaal.[71] In Wet No. 4 van 1873, daarenteen, word weer bepaal dat elke Swarte in die Zuid-Afrikaansche Republiek van 'n pas voorsien moes wees[72] wat jaarliks hernieu moes word.[73] Vir so 'n pas moes 'n bedrag van £1 betaal word "en geene verdere opgaaf of belasting zal van den houder van zulk een pas gevorderd worden ...."[74] Waar Wet No. 9 van 1870 dus vir 'n hutbelasting voorsiening gemaak het, het Wet No. 4 van 1873 skynbaar hierdie vorm van belasting herroep, aangesien die £1 wat vir 'n pas betaal moes word terselfdertyd ook 'n belastingheffing was.

Op grond van die voorafgaande lyk dit dus korrek te wees om tot die gevolgtrekking te kom dat die fiskale maatreëls van Wet No. 9 van 1870 wel deur dié van Wet No. 4 van 1873 herroep is. Dat Henrique vyf maande nadat hy sy memorandum met betrekking tot hierdie wette opgestel het, self tot dié besef gekom het, blyk uit 'n opmerking wat hy in Maart 1880 in die Wetgewende Vergadering gemaak het. Met verwysing na die fiskale maatreëls van Wet No. 9 van 1870 het hy by dié geleentheid gesê dat hy "should say nothing more about that law as the tax imposed by it was altered by another subsequent law."[75] Dit wil dus gevolglik voorkom asof Henrique fouteer het deur te beweer dat die fiskale maatreëls van Wet No. 9 van 1870 teen 1877 nog van krag was; dat die

---

71. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.381: Wet No.9, 1870, art. 16.

72 F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 4, 1873, art. 1.

73. F. Jeppe en J.G. Kotze (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 4, 1873, art. 2.

74. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 4, 1873, art. 3.

75. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880. Sien ook SP 377, p.167: Kommentaar van C.G. Maasdorp op 5.8.1879 op 'n navraag van die Kommissaris van Finansies en Inkomste of die bepalings van Wet No.9 van 1870 nog van krag was.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

belasting wat tot voor die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek van die Swartes gevorder is onder andere kragtens die fiskale maatreëls van hierdie wet gevorder is; dat die pas waarvoor 'n Swarte kragtens Wet No. 4 van 1873 £1 voor moes betaal, die pas was wat hy kragtens Wet No.9 van 1870 moes besit en om die fiskale maatreëls van Wet No.9 van 1870 saam met dié van Wet No. 4 van 1873 onder tabel 1, 2 en 3 in berekening te bring in die bedrag wat deur die Swartes aan belasting betaal moes word. In hierdie gevalle kan dus slegs die belasting, naamlik £1 vir 'n pas waarvoor Wet No.4 van 1873 voorsiening gemaak het, in berekening gebring word.

Die tweede aangeleentheid waarop die aandag gevestig moet word, is Henrique se opmerkings in verband met Wet No.3 van 1876. In dié verband het hy aangevoer dat die fiskale maatreëls van die wet nie van krag was nie, aangesien, eerstens, die beloftes en ondernemings waarop die maatreëls berus het, nie deur die Zuid-Afrikaansche Republiek nagekom is nie en tweedens, dat daar ook geen poging aangewend is om hierdie bepalings toe te pas nie.

Hoewel Henrique self geen aanduiding gegee het van wat hy bedoel het met sy opmerking in verband met die beloftes en ondernemings wat nie nagekom is nie, het die Prokureur-generaal, C.G. Maasdorp, hierdie opmerking van hom verder toegelig deur daarop te wys dat sommige van die bepalings van Wet No. 3 van 1876 nie in werking gestel kon word alvorens die Regering nie eers uitvoering gegee het aan die bepalings waarop hulle berus het nie. Ter verduideliking hiervan het Maasdorp daarop gewys dat alvorens die groot en klein lokasies waarna in dié wet verwys word,[76] nie tot stand gebring is nie, 'n Swarte byvoorbeeld nie gestraf kon word omdat hy nie tot so 'n lokasie behoort het nie. Vir dieselfde rede kon die verskillende belastingskale waarvoor dié wet voorsiening gemaak het, ook nie uitgevoer word nie.[77]

---

76. Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No.3, 1876, art. 4 (1 en 2).

77. SP 377, p.167: Kommentaar van C.G. Maasdorp op 5.8.1879 op 'n navraag van die Kommissaris van Finansies en Inkomste of die bepalings van Wet No. 9 van 1870 nog van krag was.

'n Derde aangeleentheid waaraan aandag bestee moet word, is Henrique se bewering dat die belastingsmaatreëls van Wet No. 3 van 1876 nie van krag was nie, omdat geen poging aangewend is om hierdie maatreëls toe te pas nie. In hoeverre hierdie maatreëls toegepas is en Henrique dus korrek was, is moeilik om te sê. Volgens 'n verslag wat in 1878 oor Transvaal opgestel is, word verklaar dat 'n bedrag van £1 329 - 15 - 0 vir die tydperk 1876 - 1877 aan belasting van die Swartes volgens Wet No.3 van 1876 deur die Zuid-Afrikaansche Republiek ingevorder is.[78] Twee maande nadat hierdie wet van krag geword het, is O. Dahl en W.V. King as Naturellekommissarisse aangestel en het hulle knap hierna pogings in die werk gestel om belasting by die Swartes in te vorder. Dit lyk dus logies om te wil beweer dat dit onwaarskynlik was dat hulle sou poog om belastings volgens 'n vroeëre wet in te vorder. 'n Maand na die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek, het G.A. Roth, die landdros van Lydenburg, te kenne gegee dat die belasting wat in sy distrik ingevorder is, hoofsaaklik hutbelasting was wat by die Swartes geïn is wat op privaatgrond in die Lydenburgse distrik gewoon het.[79]

Om egter op grond van die voorafgaande tot die besluit te kom dat die belastingsmaatreëls van Wet No.3 van 1876 wel toegepas is, skyn nie korrek te wees nie. In dié verband moet daarop gewys word dat King by geleentheid beweer het dat hy opdrag ontvang het om al was dit maar net 5/- aan belasting by die Swartes in te vorder.[80] In min of meer dieselfde trant het Roth aangetoon dat die Zuid-Afrikaansche Republiek dit raadsaam geag het om gedurende en onmiddellik na die oorlog teen die Pedi, nie te sterk daarop aan te dring dat die Swartes hulle belasting moes betaal nie.[81] In Maart 1880

---

78. C2144, p.293, No.137: Report on the Province of the Transvaal, W.C. Sargeaunt, Downingstraat, 15.8.1878.

79. LL22, No.446: G.A. Roth - J. Henderson, (Lydenburg), 4.5.1877 (afskrif).

80. SS233, R1338/77: W.V. King - Staatsekretaris, Nylstroom, 11.4.1877.

81. LL22, No.446: G.A. Roth - J. Henderson, (Lydenburg) 4.5.1877 (afskrif).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het die heer White weer in die Wetgewende Vergadering verklaar dat die belasting waarvoor Wet No. 3 van 1876 voorsiening gemaak het, nie ingevorder is nie, omdat die Zuid-Afrikaansche Republiek nie in 'n posisie was om die belastingsmaatreëls van hierdie wet ten uitvoer te bring nie.[82] Onder hierdie omstandighede skyn dit 'n waagstuk te wees om te wil beweer dat die belastingsmaatreëls van Wet No. 3 van 1876 in geheel toegepas is.[83]

Hoe dit ook al sy, dat hierdie maatreëls, ten spyte van die feit dat dit moontlik nie toegepas is nie, wel van krag was, laat geen twyfel nie. Seker een van die belangrikste argumente in hierdie opsig is die feit dat 'n wet se regskrag nie afhanklik is van die pogings om dit toe te pas nie. Verder was sowel Sargeaunt[84] as die opstellers van die verslag met betrekking tot die finansiële aangeleenthede van die Transvaal,[85] van mening dat die belastingsmaatreëls waarvoor hierdie wet voorsiening gemaak het, wel van krag was.[86] In Mei 1879 het C.G. Maasdorp verklaar dat die belastingsmaatreëls van Wet No. 3 van 1876 nog steeds van krag sou wees indien die betaling van belasting deur die Swartes nie in Januarie 1878 opgeskort was nie.[87] En in Maart 1880 het White alles in 'n neutedop saamgevat toe hy gesê het: "In former years the tax was £2 - 2 - 6,[88] but it

---

82. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.17: Toespraak van C.K. White op 31.3.1880.

83. Sien ook J.D. Huyser: Die Naturelle-Politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, p.188.

84. C2144, p.293, Bylae by No.137: Report on the Province of the Transvaal, W.C.Sargeaunt, Downingstraat, 15.8.1878.

85. C2695, p.40: Copy of Reports of the Offices commissioned by the Treasury to inquire into Recent Expenditure in South Africa, Report 5, Financial Affairs of the Transvaal.

86. Sien ook T. Shepstone Papers, Vol.21: Nota van N.J.R. Swart, wnd. Koloniale Sekretaris, Pretoria, 18.6.1877.

87. SN1(a), R1401/79: Nota van C.G. Maasdorp, 21.5.1879; SP377, p.167: Nota van C.G. Maasdorp, 5.8.1879.

88. Dié bedrag was die belasting wat volgens Wet No. 3, 1876 en Wet No.4, 1873 deur die Swartes betaal moes word wat op groot lokasies gewoon het. Sien bespreking wat hierop volg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was not collected, but the law remains in force, although they were not able to carry it out in former days."[89]

'n Laaste aspek van Henrique se memorandum waarop die aandag gevestig moet word, is die bedrae wat die Swartes aan belasting moes betaal indien Wet No. 3 van 1876 van krag was. Soos blyk uit sy uiteensetting in tabel 4 en 5, moes die Swartes wat op grcot en klein lokasies gewoon het, benewens 'n hut-, 'n persoonlike en 'n wegbelasting ook 'n pasbelasting van £1 betaal het. In soverre dit hierdie belastings betref, het Wet No. 3 van 1876 wel vir 'n hut-[90] en persoonlike[91] belasting voorsiening gemaak, terwyl die wegbelasting kragtens 'n Volksraadsbesluit van Junie 1876 gehef is.[92] Hierdie wet het egter nie vir 'n pasbelasting van £1 voorsiening gemaak nie. Gevolglik wil dit dus voorkom asof Henrique hierdie belasting na aanleiding van Wet No. 4 van 1873 in berekening gebring het. Hierdie wet het, soos reeds aangedui is, vereis dat elke Swarte in besit van 'n pas moes wees wat jaarliks hernieu moes word[93] en waarvoor £1 betaal moes word.[94] Ofskoon die betrokke artikel bepaal het dat "geene verdere opgaaf of belasting" gevorder sou word van 'n Swarte wat in besit van so 'n pas was nie, het die bepaling verder gelui "met voorbehoud van maatregelen in bijzondere gevallen, later door de wetgeving te bepalen."[95] Daarmee, so wil dit voorkom, is die deur oopgelaat om benewens die £1 vir 'n pas

---

89. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.17: Toespraak van C.K. White op 31.3.1880.

90. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4(1,a) en 4(2,a).

91. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4(1,b) en 4(2,b).

92. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten .., 1849-1885, p.658: Volksraadsbesluit, 4-5 Junie 1876.

93. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 3, 1873, art. 1 en 2.

94. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No.4, 1873, art. 3.

95. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 4, 1873, art. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook ander belastings te hef indien daar so besluit sou word en wat in die geval van Wet No. 3 van 1876 dan ook gebeur het. Aangesien hierdie wet nie die bepaling met betrekking tot die £1 pasbelasting herroep het nie, skyn dit moontlik te wees dat hierdie bepaling nâ die aanname van Wet No. 3 van 1876 steeds van krag gebly het. Gevolglik wil dit dus voorkom asof Henrique reg opgetree het deur hierdie belasting saam met die belastingsmaatreëls van Wet No. 3 van 1876 in berekening te bring.

In dié verband is dit belangrik om daarop te wys dat daar in Maart 1880 ten tye van die bespreking van die kwessie van die belasting van die Swartes deur die Wetgewende Vergadering, aangevoer is dat die Swartes onder die Zuid-Afrikaansche Republiek £2 - 2 - 6 aan belasting moes betaal.[96] Die feit dat hierdie bedrag dieselfde was as wat Henrique aangevoer het die Swartes op groot lokasies moes betaal, versterk die vermoede dat ook in hierdie geval die bepaling van Wet No. 4 van 1873 met betrekking tot 'n pasbelasting in berekening gebring is.

In sy memorandum het Henrique verder daarop gewys dat slegs 'n gedeelte van die Swartes hulle hutbelasting onder die Zuid-Afrikaansche Republiek betaal het. Ook is daar geen algemene en eenvormige poging aangewend om hierdie belasting in te vorder nie. Die invordering daarvan is aan die landdroste oorgelaat. Hulle het egter geen moeite gedoen om die belasting in te vorder nie en gevolglik is 'n belasting net ingevorder by die Swartes wat bereid was om te betaal. Hierdie stand van sake en die feit dat die Swartes in die Rustenburgse distrik die lojaalste teenoor die Republiek was, het tot gevolg gehad dat feitlik al die belasting wat ingevorder is, uit hierdie distrik afkomstig was.[97] In die drie jaar wat die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek voorafgegaan het, is die volgende bedrae aan belasting ingevorder:[98]

---

96. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.17: Toespraak van C.K. White op 31.3.1880; Sien ook toespraak van H.C. Shepstone op 31.3.1880.

97. SN 102, p.577: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book .., p.100: Memorandum ... Native Law; Sien ook W21 , Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5 en toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.880.

98. SN102, p.577: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

	1874	1875	1876
Hutbelasting	£ 592	£ 263	£1 427
Pasbelasting	£2 438	£3 249	£3 337
	£3 030	£3 512	£4 764

Ten einde sir Garnet Wolseley op die hoogte te stel met die probleme wat daar in verband met die invordering van die Swartes se belasting bestaan het, het Henrique hom daarop gewys dat die hele kwessie in verband met die Swartes se belasting kort na die anneksasie van Transvaal in oorweging geneem is. As gevolg van die verskillende soorte belastings waarvoor daar voorsiening gemaak is, is daar tot die besluit gekom dat die belastingstelsel van die Zuid-Afrikaansche Republiek onuitvoerbaar was. Die feit dat dit onmoontlik was om die wet toe te pas op die Swartes in die afgeleë distrikte wat vir alle praktiese doeleindes onder geen regeringsbeheer was nie, het eweneens tot hierdie besluit bygedra. Gevolglik het sir Theophilus Shepstone besluit dat dit beter sou wees om in die plek van hierdie verskillende belastings en belastingskale 'n eenvormige belasting vir die Swartbevolking van Transvaal in te stel.

Volgens Henrique was die belangrikste rede waarom die Swartes se belastings sedert die anneksasie van Transvaal nie ingevorder is nie, die onvermoë van sir Theophilus om 'n wet daar te stel waarvolgens 'n hutbelasting van 10/- opgelê kon word. Ander redes wat hiertoe bygedra het, was die onrustige toestand waarin Transvaal verkeer het as gevolg van die onbestendige toestand van die Swartes en die houding wat die Boere teenoor die Britse regering aan die dag gelê het. Tog was dit belangrik dat die Swartes se belasting ingevorder moes word. Henrique het dus voorgestel dat sodra die nodige wet op die wetboek geplaas is, daar met die invordering van die Swartes se belasting in die binnedistrikte van Transvaal begin moes word, terwyl die belasting in die meer afgeleë distrikte ingevorder kon word wanneer die oorlog teen die Pedi beëindig was.[99]

---

99. SN 102, pp. 581-582: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van hierdie voorstel het niks gekom nie. Die tyd sou leer dat die oorlog teen die Pedi reeds iets van die verlede was toe die Transvaalse Wetgewende Vergadering in Maart 1880 byeengekom het.

Die suksesvolle wyse waarop Sekhukhune sedert 1876 regeringsgesag in Transvaal getrotseer het, het tot gevolg gehad dat hy deur die Swartes as onoorwinlik beskou is. Die gevolg hiervan was dat die Swartes wat aanvanklik die Britse bewind goedgesind was, maar bra lou teenoor die Transvaalse regering opgetree het, terwyl die wat daartoe geneig het om die Britse gesag te weerstaan, Sekhukhune as hulle kampvegter beskou het.[100] Feitlik die hele Transvaalse Swartbevolking het dus angstig gewag om te sien wat die lot van Sekhukhune sou wees. Indien hy hom aan Blanke gesag moes onderwerp, sou die ander Swartes dieselfde doen.[101] In die oë van die Transvaalse Swartes, het Wolseley beweer, "Sikukuni .... has enjoyed a fame as a chief of dignity and importance hardly inferior to the fame of Ketchwayo among the Zulus ..."[102]

Die skielike en vir die Swartes onverwagte omverwerping van Sekhukhune in November 1879, het 'n algehele verandering in hierdie stand van sake tot gevolg gehad.[103] Wolseley was oortuig daarvan dat die uitslag van die oorlog teen die Pedi

---

100. C2584, p.34, Bylae 1 by No.21: Memorandum on the consequence of the defeat and capture of Sikukuni, and the settlement of the district claimed by him, opgestel deur M. Clarke, Pretoria, 2.1.1880.

101. SN5, Lêer No. 1, Sekoekoeni, 1876-1879: Ongetekende en ongedateerde stuk hierby.

102. C2584, p.28, No.19: G. Wolseley - M. Hicks Beach, Pretoria, 7.1.1880.

103. C2584, p.34, Bylae 1 by No.21: Memorandum on the consequence of the defeat and capture of Sikukuni ..., opgestel deur M. Clarke, Pretoria, 2.1.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sou verseker dat al die Swartes in Transvaal hulle onderwerping as 'n voldonge feit sou aanvaar.[104] Clarke was weer die mening toegedaan dat die uitwerking van Sekhukhune se onderwerping op die Swartes wat in die noorde van Transvaal gewoon het, nie maklik oorskat kon word nie.[105] "It is my firm belief", het eerwaarde Alexander Merensky getuig, "that the result of this year's campaign against Sekukuni will settle the native question in the Transvaal and that by skilful and reasonable management of the native affairs in this country, the Basuto and Matabele tribes will be induced, without trouble to pay taxes regularly to the Government."[106] Met Sekhukhune verslaan en onder hierdie omstandighede, was daar dus geen rede waarom daar nie onmiddellik pogings in die werk gestel kon word om die Swartes se belasting in te vorder wat in Januarie 1878 opgeskort is nie.[107] "The collection of hut tax", het Clarke geskryf, "which a short time ago appeared a serious difficulty, will probably be accomplished with comparative ease."[108]

3. Voorbereidings vir die insameling van hutbelasting

Dieselfde dag waarop die nuus Pretoria bereik het dat Sekhukhune se stat op 28 November 1879 ingeneem is, het Henrique Shepstone as Sekretaris van Naturellesake, die kwessie van die invordering van die Swartes se belasting onder die aandag van Owen Lanyon gebring.[109] Na sy mening het die inname van Sekhukhune se stat vir alle praktiese doeleindes 'n einde aan die probleme met die Pedi gemaak. Gevolglik het hy

---

104. C2505, p.109, Bylae by No. 37: Verslag van 'n Toespraak van G. Wolseley in die Transvaal Argus van 20.12.1879.

105. C2584, p.34, Bylae by No.21: Memorandum on the consequence of the defeat and capture of Sikukuni ..., opgestel deur M. Clarke, Pretoria, 2.1.1880.

106. M423, CO291/10, Transvaal No. 6386: Chief of the Staff's Journal of the Military Operations in the Transvaal, 1879, p.54.

107. C2695, p.40: Copy of Reports of the Officers commissioned ... to inquire into Recent Expenditure in South Africa, Report 5, Financial Affairs of the Transvaal.

108. C2584, p.34, Bylae 1 by No. 21: Memorandum on the consequence of the defeat and capture of Sikukuni ..., opgestel deur M. Clarke, Pretoria, 2.1.1880; Sien ook C2505, p.125, Bylae by No.49: A. Merensky - H. Brackenbury, Botsabelo, 22.12.1879.

109. SN2, N303/79: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 1.12.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

veronderstel dat daar so spoedig moontlik met die invordering van die belasting begin sou word. Ten einde Lanyon op die hoogte te stel met bestaande wetgewing in dié verband, het Henrique 'n afskrif van die memorandum wat hy in Oktober 1879 met betrekking tot die belastingswette van die Zuid-Afrikaansche Republiek opgestel het,[110] aan Lanyon voorgelê, aangesien hy van mening was dat Lanyon nie insae hierin gehad het nie. Terselfdertyd het hy hiermee ook ten doel gehad om Lanyon te wys op die noodsaaklikheid dat 'n eenvoudige en eenvormige belastingstelsel in wetgewing vasgelê moes word.[111] Totdat 'n finale besluit met betrekking tot 'n eenvormige belastingstelsel geneem was, het Henrique voorgestel dat 'n belasting kragtens artikel 4(a) van Wet No. 3 van 1876[112] van die Swartes gevorder moes word. Die rede hiervoor was dat die 10/- hutbelasting waarvoor hierdie artikel voorsiening gemaak het, dieselfde bedrag was as dié wat sir Theophilus Shepstone die Swartes in Mei 1877, meegedeel het van hulle gevorder sou word. Op welke belastingstarief daar ook al besluit mag word, was Henrique nietemin van mening dat daar so spoedig moontlik met die invordering van die belasting in Zoutpansberg en Waterberg begin moes word - indien moontlik nog voordat die troepe wat teen Sekhukhune geveg het die Transvaal verlaat. Voordat met die invordering begin kon word, sou dit nodig wees dat die Swartkapteins en hoofmanne in kennis gestel word van die Regering se voorneme om met die invordering van belasting te begin.[113]

---

110. SN102, pp.568-585: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book ..., pp.99-101: Memorandum ... Native Law.

111. SN2, N303/79: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 1.12.1879.

112. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4(1,a).

113. SN2, N303/79: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 1.12.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Lanyon moes hierdie skrywe van Henrique met Wolseley bespreek het.[114] Gevolglik het Wolseley Henrique versoek om 'n konsepwet op te stel wat vir die heffing van 'n hutbelasting voorsiening sou maak. Hierdie wet moes sover as moontlik op die Natalse wet[115] gebaseer wees, maar die bedrag wat per hut gevorder moes word, moes op 10/- vasgestel word. Ook moes 'n noukeurig bewoorde klousule opgestel word waarin alle bestaande wette en besluite met betrekking tot die belasting van die Swartes herroep word. In die opstel van hierdie wet, kon Henrique van sowel die Kaapse as die Vrystaatse wette met betrekking tot die belasting van die Swartes gebruik maak, aangesien hierdie wette hom van hulp kon wees.[116]

In die uitvoering van Wolseley se opdrag het Henrique 'n konsepwet opgestel[117] wat vir finale afronding aan Maasdorp voorgelê is[118] en deur wie die konsep enigsins uitgebrei is.[119] Intussen het Lanyon op versoek van Wolseley, Henrique versoek om 'n verslag op te stel van die stappe wat onmiddellik geneem moes word met die oog op die invordering van 'n hutbelasting van 10/- per hut. Ook moes hy 'n uiteensetting gee van die wyse waarvolgens te werk gegaan sou word om die hutbelasting in te vorder.[120]

---

114. SN2, N312/79 by N303/79: W.O. Lanyon - H.C. Shepstone, 15.12.1879.

115. Waarskynlik Wet No. 13 van 1875. Vir dié wet, sien R.L. Hitchins: Statutes of Natal, 1845 - 1899, Vol. II, Native Law, pp. 6-8: Law No.13, 1875, "To repeal and re-enact, with amendments, Laws No. 6, 1857 and No. 1, 1869".

116. SN 2, N312/79 gevoeg by N303/79: W.O. Lanyon - H.C. Shepstone, 15.12.1879 .

117. SN2, N312/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.12.1879; SN2:Drafts of Letters, 1879 van H.C. Shepstone: Afskrif van Konsepwet.

118. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota gedateerd 20.12.1879.

119. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van G.C. Maasdorp - W.O. Lanyon, 24.12.1879.

120. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van W.O. Lanyon - H.C. Shepstone, 15.12.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die verslag[121] wat Henrique na aanleiding hiervan opgestel het, het hy daarop gewys dat hy geen probleme met die invordering van 'n hutbelasting voorsien het nie. Voordat die belasting ingevorder kon word, was dit nodig dat 'n wet aangeneem sou word waarvolgens 'n hutbelasting van 10/- op elke bewoonde hut gehef kon word. So 'n wet was nodig aangesien die bestaande wette onprakties was as gevolg van die verskillende soorte belastings en belastingskale waarvoor dit voorsiening gemaak het. Dit was verder nodig dat die verskillende kapteins en hoofmanne deur middel van die onderskeie landdroste en Naturellekommissarisse in kennis gestel moes word van die Regering se voorneme om 'n hutbelasting van 10/- per hut in te vorder. In afwagting van die daarstelling van die nodige wetgewing kon reeds dadelik hiermee begin word.[122] Volgens 'n latere mededeling van Henrique moes hierdie amptenare die Swartes slegs waarsku om hulle geld gereed te hê, aangesien die meerderheid van die Swartes, reeds bewus was daarvan dat hulle 'n belasting moes betaal.[123]

In soverre dit die wyse van insameling betref, was Henrique van mening dat die landdroste as die hoofde van hulle onderskeie distrikte, die hutbelasting in hul eie distrikte moes invorder. In die distrikte waar daar Naturellekommissarisse was, moes die belasting deur hierdie amptenare op las van die landdros ingevorder word. Aangesien die voorgenome belastinginvordering die eerste algemene en eenvormige insameling van die Swartes se belasting in Transvaal sou wees, was dit absoluut noodsaaklik dat aan die Swartes die billikheid en regverdigheid verduidelik moes word op grond waarvan van hulle verwag sou word om 'n bydrae te lewer ter bestryding van die uitgawes van die Regering onder wie hulle op daardie stadium hulle vryheid en beskerming geniet het.

Ten einde te verseker dat hierdie verduideliking op 'n behoorlike wyse gedoen word, moes die taak deur senior regeringsamptenare behartig word. In die afgeleë distrikte waar daar

---

121. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Report on collection of Native Taxes, opgestel deur H.C. Shepstone, 19.12.1879.

122. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Report on collection of Native Taxes, opgestel deur H.C. Shepston, 19.12.1879.

123 SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 6.1.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tot op daardie stadium nog weinig of geen regeringsgesag oor die Swartes uitgeoefen is nie, moes veral hierdie verduideliking op 'n behoorlike wyse gedoen word. Gevolglik het Henrique voorgestel dat hierdie taak in die Lydenburgse distrik aan Clarke as die spesiale kommissaris van hierdie distrik opgedra moes word. Hiervoor was hy besonder geskik, aangesien hy nie slegs goed bekend was aan en deur die Swartes gerespekteer was nie, maar ook omdat hy 'n groot invloed oor die Swartes in dié distrik uitgeoefen het. Wat verder in Clarke se guns getel het, was dat hy reeds in Natal ondervinding van die invordering van hutbelasting opgedoen het. Vir die invordering van die hutbelasting in die Utrechtse en Wakkerstroomse distrikte asook dié deel van die Lydenburgse distrik wat aan Swaziland gegrens het, het Henrique weer vir G.M. Rudolph, die landdros van Utrecht, voorgestel. Ook Rudolph het reeds ondervinding van die invordering van 'n hutbelasting gehad, hy het die Swartes se taal geken en was tewens goed bekend aan en gerespekteer deur die Swartes wat in hierdie gebiede gewoon het.

In die Zoutpansbergse en Waterbergse distrikte sou Henrique self die belasting gaan invorder het. Indien die koloniale sekretaris, Melmoth Osborn, van diens verskoon kon word, kon hy aangewys word om hierdie taak in die distrikte van Pretoria, Rustenburg, Marico en Potchefstroom te gaan verrig. Osborn se aanbeveling moet waarskynlik gesien word in die lig van die feit dat Henrique van mening was dat daar sover as wat dit moontlik was, gelyktydig met die invordering van die hutbelasting in al die distrikte begin moes word. Daarbenewens kon Osborn as senior amptenaar gebruik word om aan die Swartes te verduidelik op grond waarvan 'n belasting van hulle gevorder word. Trouens, as resident-magistraat in Natal, het Osborn reeds ondervinding van die hantering van Swartaangeleenthede gehad. Indien Osborn nie van diens verskoon kon word nie, sou Henrique na sy terugkeer van Zoutpansberg en Waterberg, die belasting in die bogenoemde distrikte ingevorder het.[124]

---

124. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Report on collection of Native Taxes, opgestel deur H.C. Shepstone, 19.12.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ten einde die landdroste aan die Swartkapteins in hul onderskeie distrikte bekend te stel, moes die landdroste aangesê word om die senior amptenare wat aangestel sou word om die hutbelasting in te vorder, te vergesel. Sodoende kon die landdroste terselfdertyd ook vertroud raak met die wyse waarop 'n hutbelasting ingevorder word.[125]

Soos uit die voorafgaande blyk, was Henrique dus van mening dat aangesien dit die eerste algemene invordering van 'n hutbelasting in Transvaal sou wees, die Swartes deur 'n amptenaar van 'n hoër rang ingelig moes word omtrent die gronde waarop hierdie belasting van hulle gevorder word. Hoewel hierdie amptenare ook die eerste invordering daarvan moes behartig, sou die werk hierna, dit wil sê vir die daaropvolgende belastingjaar, deur die landdroste en Naturellekommissarisse gedoen moes word.

Aangesien die amptenare wat die hutbelasting moes invorder, groot bedrae geld in hulle besit sou hê,[126] was dit nodig dat die amptenare wat in die afgeleë distrikte belasting moes invorder van 'n begeleide voorsien word.[127] Hierdie begeleide kon uit 25 - 30 Swartes bestaan, aangesien 'n berede begeleide te veel onkostes tot gevolg sou hê.[128] Afgesien hiervan moes die belastinggaarders van die nodige vervoer, 'n klerk om kwitansies uit te skryf, asook 'n aantal Swartboodskappers en polisie voorsien word.[129] In soverre dit vervoer vir hierdie mense betref, was Henrique die mening toegedaan dat dit onmoontlik was om 'n hutbelasting anders as met 'n ossewa in te vorder.[130]

---

125. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Report on collection of Native Taxes, opgestel deur H.C. Shepstone, 19.12.1879.

126. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 6.1.1880.

127. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Report on collection of Native Taxes, opgestel deur H.C. Shepstone, 19.12.1879.

128. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 6.1.1880.

129. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Report on collection of Native Taxes, opgestel deur H.C. Shepstone, 12.12.1879.

130. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 6.1.1880.

Ten slotte het Henrique daarop gewys dat vanweë die kort kennisgewing van die Regering se voorneme om die hutbelasting in te vorder, dit moontlik mag wees dat sommige Swartes wat ver van 'n arbeidsmark af gewoon het, nie in staat sou wees om hulle belasting in kontant te betaal nie. In sulke gevalle kon hulle hul belasting in goedere betaal, terwyl die vee waarmee betaal word, later ten behoewe van die Regering verkoop sou word.[131]

Afgesien van enkele verduidelikings waarom Wolseley gevra het, het hy sy goedkeuring aan Henrique se voorgestelde modus operandi verleen. Hy was egter van mening dat Henrique en Osborn met die invordering van die hutbelasting moes begin eers nadat die Wetgewende Vergadering byeengekom het. Wolseley het Lanyon ook versoek dat die landdroste en die Naturellekommissarisse aangesê moes word om al die Swartkapteins met wie hulle in aanraking gekom het, in kennis te stel dat 'n hutbelasting nie later nie as Maart 1880 van die Transvaalse Swartes gevorder sou word. Volgens 'n belofte van sir Theophilus Shepstone aan die Swazi's, moes geen belasting van hulle gevorder word nie. Aan hulle moes egter verduidelik word dat hierdie toegewing aan hulle gemaak word met die uitdruklike verstandhouding dat wanneer hulle dienste benodig word, hulle net soos in die geval van die oorlog teen die Pedi, onmiddellik aan 'n oproep gehoor moes gee.[132]

Vroeg in Januarie 1880 het Henrique Shepstone in sy hoedanigheid as Sekretaris van Naturellesake, die landdroste van Utrecht, Wakkerstroom, Standerton, Heidelberg, Pretoria, Rustenburg, Marico, Potchefstroom en Middelburg, asook die spesiale kommissaris van Zoutpansberg en Waterberg en diê van Lydenburg, en alle Naturellekommissarisse gelas om so spoedig moontlik al die Swartkapteins en hoofmanne in hul onderskeie distrikte in kennis te stel van die Regering se voorneme om nie later as Maart 1880 nie met die invordering van 'n hutbelasting te begin. Die belasting wat hulle moes betaal was 10/- vir elke bewoonde hut. Verder moes hulle meegedeel word dat hulle by 'n latere geleentheid in kennis

---

131. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Report on collection of Native Taxes, opgestel deur H.C. Shepstone, 19.12.1879.

132. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van G. Wolseley - W.O. Lanyon, 22.12.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gestel sou word van die datum en die plek waar die belasting-invordering in die verskillende distrikte sou plaasvind. Van elke kaptein en hoofman sou verwag word om saam met hulle volk hulle opwagting by die bestemde plek te maak. Almal moes hulle belasting in die teenwoordigheid van die kaptein of die hoofman van die betrokke stam betaal en van hom sou ook verwag word om toe te sien dat vir elke bewoonde hut betaal sou word.[133]

Met betrekking tot Wolseley se opdrag dat die Swazi's van belasting vrygestel moes word, was Henrique van mening dat hy onder 'n misverstand verkeer het oor wat tussen sir Theophilus en die Swazi's plaasgevind het. Volgens Henrique het sy vader die Swazi-afvaardiging in 1877 in Pretoria meegedeel dat indien die Swazi's onderdane van die Britse regering wou word, hulle belasting sou moes betaal. Ook sou daar 'n magistraat oor hulle aangestel word en sou hulle oor die algemeen op dieselfde wyse as die Swartes van Natal behandel word. Vir sir Theophilus het dit egter voorgekom asof die Swazi-afvaardiging nie die magtiging gehad het om so 'n onderneming aan te gaan nie. Gevolglik het hy geoordeel dat dit beter sou wees indien hulle na Swaziland sou terugkeer en aan die stamhoofde sou meedeel wat sir Theophilus hulle meegedeel het. Hierna kon die Swazi-afvaardiging hom sowat drie maande later by Robert Bell in Nieuw Schotland ontmoet en hom dan van die besluit van die stamhoofde verwittig.[134]

Met sir Theophilus se aankoms later by Bell, is die Swazi's van sy aankoms in kennis gestel, maar as gevolg van verskillende redes, het die Swazi-indoenas nie opgedaag nie, maar slegs twee gewone Swazi's gestuur aan wie sir Theophilus sy vroeëre mededeling herhaal het. Sover Henrique se kennis gestrek het, het geen verdere onderhandelings oor hierdie aangeleentheid plaasgevind nie.

---

133. SN102, pp.746-747: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan al die landdroste behalwe diê van Christiana, Spesiale Kommissarisse, Kommissarisse en Naturellekommissarisse, Pretoria, 7.1.1880; SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdros van Utrecht, M.W. Stroom, Standerton, Heidelberg, Pretoria, Rustenburg, Marico, Potchefstroom en Middelburg, Spesiale Kommissaris Waterberg, Zoutpansberg en Lydenburg en alle Naturellekommissarisse, 7.1.1880 (afskrif); Sien ook SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 6.1.1880.

134. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 6.1.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wolseley was egter die mening toegedaan dat Henrique verkeerd was. Hy het aangevoer dat Clarke hom meegedeel het dat sir Theophilus hom gestuur het om die Swazi's te gaan meedeel dat hulle van belasting vrygestel sou word. Die Swazi's is dan ook dienooreenkomstig ingelig.[135]

Op grond van hierdie inligting het Henrique ooreenkomstig Wolseley se vroeëre mededeling die betrokke amptenare in kennis gestel dat die Swazikaptein ingelig moes word dat die Transvaalse regering 'n hutbelasting van 10/- vir elke bewoonde hut van die Transvaalse Swartbevolking gaan vorder. Volgens sir Theophilus se belofte aan die Swazi's, sou daar egter geen belasting van hulle gevorder word nie. As teenprestasie vir hierdie toegewing, moes die Swazi's uitdruklik te verstane gegee word dat wanneer hulle dienste ook al deur die Transvaalse regering benodig mag word, hulle hul onmiddellik onder bevel van die Regering moes plaas.[136]

Net soos in die geval van die Swazi's, is die Swartes wat in die Keate Award-gebied gewoon het, ook van belasting vrygestel.[137]

Ten einde 'n eenvormige belasting van 10/- per hut in Transvaal in te stel, is daar, afgesien van 'n geringe bedrag,[138] geen belastings vir die tydperk April tot Desember 1877 van die Swartes ingevorder nie. In Januarie 1878 het sir Theophilus die invordering van alle belastings wat deur die Swartes betaal moes word, tot verdere kennisgewing opgeskort. Hierdie besluit, die uitbreek van die oorlog teen die Pedi kort daarna en die onvermoë van die Engelse owerheid om die nodige wetgewing daar te stel, het tot gevolg gehad dat vir 1878 en 1879 ook geen belasting ingevorder is nie. Afgesien hiervan was daar ook die gevalle waar die Swartes slegs 'n gedeelte van hulle belasting vir 1876 - 1877 betaal het.[139]

---

135. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van G. Wolseley - W.O. Lanyon, 8.1.1880.

136. SN102, pp.781-782: H.C. Shepstone - Political assistent Swazigrens, Pretoria, 17.1.880; SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: H.C. Shepstone - Kommissaris en Regeringsagent, Swazigrens, 17.1.1880 (afskrif).

137. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone op 17.1.1880.

138. C2695, p.40: Copy of Reports of the Officers commissioned ... to inquire into ... Expenditure in South Africa, Report 5: Financial affairs of the Transvaal, g.d.

139. SN3, N30/80: P.A. van Yperen - H.C. Shepstone, Zeerust, 24.1.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die gevolg was dat toe die Swartes aangesê is dat 'n hutbelasting vroeg in 1880 van hulle gevorder sou word, die vraag onmiddellik ontstaan het of agterstallige belastings ook gevorder sou word en, indien dit wel die geval was, hoeveel daar in sodanige gevalle betaal moes word.[140]

'n Verdere vraag wat opgeduik het, was of die Swartes wat op 'n Blanke se grond gewoon het en by hom in diens was, ook 'n hutbelasting van 10/- moes betaal.[141]

In sy antwoord op hierdie vrae het Henrique verklaar dat die Regering nie van voorneme was om enige agterstallige belasting in te vorder nie.[142] Die 10/- hutbelasting wat van die Swartes gevorder sou word, sou slegs van 1 Januarie 1880 af geld.[143] Hierdie belasting moes ook deur alle Swartes betaal word, hetsy hulle op regerings- of privaatgrond gewoon het.[144]

Volgens die verslae wat die Sekretaris van Naturellesake van die verskillende landdroste en Naturellekommissarisse af ontvang het, het die kapteins hulle oor die algemeen bereid verklaar om 'n hutbelasting te betaal.[145] Sommige van hulle het wel te kenne gegee dat, ofskoon hulle nie oor die geld beskik het nie, hulle nietemin pogings in die werk sou stel om die geld gereed te hê wanneer die hutbelasting ingevorder sou word.[146] Ander, daarenteen, het weer aangevoer dat hulle

---

140. SN3, N32/80: R. Rutherfoord - Waarn. Koloniale Sekretaris, Pretoria, 2.2.1880; SN3, N30/80: P.A. van Yperen - H.C. Shepstone, Zeerust, 24.1.1880.

141. SN3, N30/80: P.A. van Yperen - H.C. Shepstone, Zeerust, 24.1.1880.

142. SN102, p.825: H.C. Shepstone - Landdros Marico, Pretoria, 30.1.1880; SN3 , N30/80 : Nota van H.C. Shepstone, 30.1.1880.

143. SN3, N32/80: Nota van H.C. Shepstone, 2.2.1880

144. SN102, p.825: H.C. Shepstone - Landdros Marico, Pretoria, 30.1.1880; SN3, N30/80: Nota van H.C. Shepstone, 30.1.1880.

145. Sien o.a. SN3, N46/80: G. Eckersley - H.C. Shepstone, Luluberge, 28.1.1880; SN3, N64/80: O. Dahl - H.C. Shepstone, Eersteling, 15.2.1880; SN3, N60/80: J. Albasini - H.C. Shepstone Spelonken, 14.2.1880.

146. SN3, N64/80: O. Dahl - H.C. Shepstone, Eersteling, 15.2.1880; SN3, N83/80: O. Dahl - H.C. Shepstone, Eersteling, 27.2.1880.

mense as gevolg van die oorlog teen die Pedi, nie vir 'n loon kon gaan werk het nie en dat hulle gevolglik nie hulle belasting op die vasgestelde tyd sou kon betaal nie.[147] Ten einde hierdie probleem te bowe te kom, het Lanyon aan die hand gedoen dat die Swartes aangesê moes word dat uit elke familie 'n aantal mans vir 'n tydperk van ongeveer ses maande by die Blankes in hulle omgewing moes gaan werk.[148] In die verband het Henrique daarop gewys dat die voorneme van die Regering om 'n hutbelasting in te vorder, die Swartes sou verplig om in 'n groter mate as wat tot op daardie stadium die geval was, werk te gaan soek ten einde die hutbelasting te betaal.[149]

Hoewel die Regering dus van voorneme was om sodra daar vir die nodige wetgewing voorsiening gemaak is, 'n hutbelasting van die Swartes te vorder, was almal egter nie ten gunste van hierdie vorm van belasting nie. In 'n berig in die Transvaal Argus teen die einde van Januarie 1880, is daar aangevoer dat dit hoog tyd was dat die Swartes hulle deel tot die landsinkomste moes bydra. Hulle het in dieselfde geregtigheid as die Blankes gedeel en net soveel voordeel as die Blankes uit Sekhukhune se omverwerping getrek. Hulle kon nou weer hulle skuilplekke verlaat en in vrede in hulle krale woon, terwyl hulle skape en beeste veilig onder die beskerming van die Britse vlag kon wei en nie langer die prooi van die Pedi-impies was nie. Die feit egter dat die Swartes in Transvaal nie op kroongrond gebly het nie, het van 'n hutbelasting 'n klug gemaak. Gevolglik moes daar vir 'n persoonlike belasting vir almal vanaf 'n sekere ouderdom voorsiening gemaak word, terwyl die Swartmans wat meer as een vrou gehad het 'n addisionele bedrag aan belasting vir elke vrou moes betaal, aangesien diê wat hulle aan "polygamous luxuries" oorgegee het, bereid moes wees om daarvoor te betaal. Volgens die berig was dit

---

147. SN3, N46/80: G. Eckersley - H.C. Shepstone, Luluberge, 28.1.1880;
SN3, N98/80: O. Dahl - H.C. Shepstone, Eersteling, 8.3.1880;
SN3, N62/80: G. Eckersley - Spesiale Kommissaris Lydenburg, Lydenburg, 5.3.1880.

148. SN3, N91/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 13.3.1880;
SN3, N91/80: Nota van W.O. Lanyon - H.C. Shepstone, 14.3.1880.

149. SN3, N53/80: H.C. Shepstone - A.L. Devenish, 16.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n algemeen erkende beginsel dat diegene wat luukshede kon bekostig, dit ook moes kon bekostig om 'n geringe belasting daarop te betaal. Gesien in die lig van die feit dat 'n Swartman se rykdom bereken is deur die aantal vrouens wat hy gehad het, was daar nie 'n beter manier om hom te belas nie.[150]

Met die oog op die invordering van 'n hutbelasting, is daar vir 'n bedrag van £35 000 aan inkomste uit hierdie bron vir 1880 begroot.[151] In sy verslag oor die finansiële toestand van Transvaal het Steele, die Kommissaris van Finansies en Inkomste, daarop gewys dat "the appearance of this item on the estimates marks an important epoch in the history of the territory."[152] Daar is gehoop dat die inkomste wat uit die belasting van die Swartes verkry sou word, met die loop van tyd die tekorte sou dek wat nie deur die gewone inkomstebronne aangevul kon word nie. Hoewel daar heelwat gissings bestaan het met betrekking tot die bedrag wat aan belasting van die Swartes verkry kon word, was Steele egter van mening dat hierdie bron uiteindelik 'n bedrag van £90 000 kon oplewer. Indien hierdie bedrag geïn kon word, sou die besorgdheid oor die finansiële toestand van Transvaal, aansienlik verlig kon word. Tog moes daar in gedagte gehou word dat die invordering van 1880 die eerste sedert die anneksasie van Transvaal was. Dit het dus onder andere tot gevolg gehad dat nie al die amptenare ten volle met die invordering van 'n belasting vertroud was nie, terwyl hulle in 'n sekere mate ook onbekend was met die Swartes by wie hulle die belasting moes gaan invorder. Ten einde dus 'n moontlike tekort te voorkom, is daar besluit om vir 'n bedrag van £35 000 te begroot.[153]

---

150. MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 28.1.1880 (Our Future Gold Fields and things in General).

151. C2584, p.158, No. 73, Bylae 2: Verslag van C. E. Steele, Pretoria, 9.2.1880; C2584, p.150, No. 73: W.O. Lanyon - G. Wolseley, Pretoria, 14.2.1880.

152. C2584, p.158, No. 73, Bylae 2: Verslag van C.E. Steele, Pretoria, 9.2.1880.

153. C2584, p.158, No.73, Bylae 2: Verslag van C.E. Steele, Pretoria, 9.2.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4. H.C. Shepstone se wetsontwerp in verband met 'n hutbelasting vir die Swartes

Soos reeds aangetoon, het Wolseley Henrique Shepstone in Desember 1879 versoek om 'n wetsontwerp op te stel wat vir die heffing van 'n belasting van 10/- per hut voorsiening sou maak.[154] Nadat hy die wetsontwerp[155] opgestel het, is dit aan C.G. Maasdorp, die Prokureur-generaal, voorgelê,[156] deur wie dit enigsins uitgebrei en regskundig versorg is.[157] Die finale wetsontwerp is daarna in Februarie 1880 vir algemene inligting in die Staatskoerant gepubliseer.[158]

Die doel van hierdie wetsontwerp[159] was om die wette en besluite wat die Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot die belasting van die Swartes aangeneem het, in sekere opsigte te verander en te wysig en om vir 'n algemene en eenvormige hutbelasting vir die hele Transvaal voorsiening te maak. Gevolglik word al die besluite en wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek herroep wat onbestaanbaar en strydig was met die bepalings van hierdie wetsontwerp, behalwe in soverre as wat hierdie wette en besluite enige vroeëre wette herroep het.[160]

---

154. SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van W.O. Lanyon - H.C. Shepstone, 15.12.1879.

155. SN2, N312/79 gevoeg by N303/79: Law for levying a tax on Native Huts; Vir die konsep van hierdie wetsontwerp, sien SN2: Drafts of Letters, 1879 van H.C. Shepstone; SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.12.1879.

156. SN2, N312/79 gevoeg by N303/79: Nota op 20.12.1879.

157. SN2, N312/79 gevoeg by N303/79: Nota van C.G. Maasdorp, 24.12.1879.

158. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880: Goewerments-kennisgewing No. 48, 1880, 20.2.1880.

159. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880: Goewerments-kennisgewing No.48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend in certain respects certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic and to alter the present rate of Taxation upon Natives in this Province."

160. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880: G.K. No.48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", Inleiding en art. 1; Sien ook W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vervolgens bepaal die wetsontwerp dat vir 1880 en vir elke daaropvolgende jaar en totdat anders bepaal sou word, 'n belasting van 10/- op elke bewoonde hut gehef sou word. Van hierdie belasting word vrygestel enige huis wat 'n Europese bouvorm gehad het en deur 'n Swarte bewoon word wat net een vrou gehad het en origens volgens beskaafde gebruike geleef het. Insgelyks word al die hutte wat aan Swartes behoort het wat in diens was van die eienaar by wie hulle gewoon het, van 'n hutbelasting vrygestel. Hierdie bepaling sou egter slegs van toepassing wees op die Swartes wat vir minstens ses maande van die betrokke belastingsjaar in diens van die eienaar van die plaas was.[161]

Hierdie bepaling in verband met die vrystelling van 'n hutbelasting, is na aanleiding van 'n soortgelyke bepaling van Wet No. 3 van 1876 deur Maasdorp bygevoeg toe Henrique sy konsep aan hom voorgelê het.[162] Kragtens die artikel moes die Swartes wat op privaatgrond gewoon het 'n hutbelasting van 5/- en in die geval van manlike Swartes ouer as 20 jaar, ook 'n persoonlike belasting van 10/- per jaar betaal het.[163] Swartes wat egter in diens was van die eienaar van die grond waarop hulle gewoon het, is van die persoonlike belasting vrygestel. Aangesien die wetsontwerp wat deur Henrique opgestel is, nie vir 'n persoonlike belasting voorsiening gemaak het nie, het Maasdorp[164] dit gerade geag om hierdie Swartes van 'n hutbelasting vry te stel.

Die wetsontwerp het verder bepaal dat die hutbelasting van 10/- waarvoor hierdie wet voorsiening gemaak het, betaal moes word deur die Swarte wat gedurende die jaar of 'n gedeelte van die jaar die hut waarop belasting betaal moes word, bewoon, gebruik of daarop aanspraak gemaak het. Hutbelasting was op

---

161. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880, G.K. No. 48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", art. 2; Sien ook W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

162. SN2, N312/79 gevoeg by N303/79: Law for levying a tax on Native huts.

163. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4(2).

164. SN2, N312/79 gevoeg by N303/79: Nota van C.G. Maasdorp - W.O. Lanyon, 24.2.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

31 Desember van elke jaar betaalbaar en moes betaal word deur die Swartes wat vir hierdie belasting aanspreeklik was. Dit moes betaal word aan die persone wat daartoe gemagtig was op 'n plek wat deur die administrateur of die amptenaar wat die landsbestuur tydelik waargeneem het deur middel van 'n proklamasie sou bepaal.[165]

In die wetsontwerp wat Henrique opgestel het, kom hierdie artikel nie voor nie. Hoewel Maasdorp geen melding maak daarvan dat hy dit bygevoeg het nie, kan egter met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat hy dit wel gedoen het.[166]

'n Verdere artikel van die wetsontwerp het bepaal dat die administrateur of die amptenaar wat die landsbestuur tydelik waargeneem het, die bevoegdheid sou hê om van tyd tot tyd persone aan te stel om die hutbelasting in te vorder. Om te verseker dat die hutbelasting behoorlik ingevorder en die bepalings van die wet uitgevoer sou word, kon die administrateur met die advies van die Uitvoerende Raad, reëls en regulasies opstel en opdragte in dié verband uitreik. Ten einde wanbetaling of die ontduiking van enige bepaling van hierdie wet te voorkom, kon die administrateur ook vir sodanige boetes en strawwe voorsiening maak as wat hy nodig sou ag. Die administrateur of die amptenaar wat die landsbestuur tydelik waargeneem het, het ook die bevoegdheid verkry om van tyd tot tyd reëls, regulasies en opdragte te wysig of tot niet te maak. Sulke wysigings sou beskou word asof hulle by wet bepaal is en deel van die wet uitgemaak het.[167] Volgens

---

165. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880, G.K. No.48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", art. 3; Sien ook W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

166. Sien SN2, N312/79 gevoeg by N303/79: Law for levying a tax on Native huts en ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880, G.K. No. 48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", art. 2; Sien ook W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

167. ZAR 56, Transvaal Governmert Gazette, 24.2.1880, G.K. No.48, 1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", art. 4; Sien ook W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Henrique was die bepalings van hierdie artikel noodsaaklik, want hoe volmaak 'n wet ook al mag wees wanneer dit aangeneem word, word dit altyd gevind dat daar klein dingetjies ontbreek wanneer die wet in werking gestel word.[168]

'n Dag nadat hierdie wetsontwerp saam met enkele ander wetsontwerpe in die Staatskoerant gepubliseer is, het die Transvaal Argus dit as die belangrikste van al die gepubliseerde wetsontwerpe bestempel, onder andere vanweë die dringende behoefte aan die nodige wetgewing waardeur vir die belasting van die Swartes voorsiening gemaak sou kon word. Hoewel diê koerant hom nie oor die belastingwette van die Zuid-Afrikaansche Republiek, wat deur hierdie wetsontwerp herroep word, wou uitlaat nie, was hy nietemin oortuig daarvan dat hierdie wette 'n dooie letter was. Tog sou alles wat van waarde daarin was behoorlik benut kon word, indien die opstellers van die konsep dit nie reeds gedoen het nie.

Met verwysing na die bedrag wat as hutbelasting gevorder sou word, het die koerant aangevoer dat ofskoon daar uiteenlopende menings hieroor bestaan het, die meerderheid van die mense tevrede was met die bedrag van 10/- wat deur die Regering voorgestel is. Teen die bepaling dat sekere Swartes van hutbelasting vrygestel sou word, het diê koerant ook geen beswaar gehad nie en na sy mening was die vrystelling waarvoor hierdie klousule voorsiening gemaak het, so omvattend as wat dit onder omstandighede moontlik was. Hoewel dit aanvanklik moeilik sou wees om al die Swartes op te spoor wat, soos die Transvaal Argus aangevoer het, "have so risen in the social scale as to be considered free and independent citizens, and consequently holders of the franchise", en daar waarskynlik baie Swartes sou wees wat sou poog om die betaling van hutbelasting te ontduik onder die voorwendsel dat hulle aan die vereistes vir die vrystelling van 'n hutbelasting voldoen, sou die Regering nietemin deur middel van behoorlike polisie- en ander maniere van toesig, gou vasstel wie op vrystelling geregtig was.

---

168. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die koerant was verder van mening dat die toepassing van hierdie wet baie sou doen om arbeid goedkoper en meer geredelik beskikbaar te maak en dat dit grootliks daartoe sou bydra om die houding van die Swartes teenoor die Blankes te verander en 'n verandering in hulle gewoontes en gedrag in die algemeen teweeg te bring.

Met verwysing na die bepaling dat die hutbelasting betaal moes word deur die Swartes wat gedurende die jaar of 'n gedeelte van die jaar die hut waarop belasting betaal moes word, bewoon het, het die Transvaal Argus aangevoer dat volgens hierdie bepaling die Swartes nie toegelaat sou word om van die een deel van die land na 'n ander te trek sonder om elke keer wat daar getrek word, 'n hutbelasting te betaal nie. Hoewel so 'n afleiding op grond van hierdie bepaling wel moontlik is, wil dit egter voorkom asof dit nie die bedoeling van die opstellers van die wetsontwerp was nie. Nietemin, volgens die Transvaal Argus was hierdie bepaling 'n baie goeie maatreël aangesien dit tot gevolg sou hê dat die Swartes in 'n groter mate as voorheen aan 'n permanente woonplek gebonde sou wees, wat dan sou verseker dat die boere en ander mense in wie se omgewing Swartes gewoon het, arbeid makliker sou kon bekom.

Met betrekking tot die invordering van die hutbelasting soos dit in die vierde klousule van die wetsontwerp omskryf is, was dié koerant van mening dat indien die Regering van voorneme was om die bepalings van die wet konsekwent uit te voer, daar groot uitgawes aangegaan sou moes word. Dit sou egter die moeite werd wees, aangesien daar voldoende rede bestaan het om te glo dat die Swartbevolking van Transvaal baie groter was as wat aanvanklik vermoed is. Indien die aantal Swartes in die noordelike dele van Transvaal naastenby soveel was as wat daar beweer is, sou die totale bedrag wat aan hutbelasting geïn kon word, baie meer wees as die bedrag wat die mees optimistiese persoon bereid was om te skat. Die grootte van die bedrag wat ingevorder kon word, sou dus afhang van die stelsel wat gevolg word om die belasting in te vorder. Dit en die feit dat die Transvaal Argus van mening was dat 'n hutbelasting bereken teen 10/- vir elke bewoonde hut, 'n groter inkomste sou oplewer as wat die totale inkomste

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die Transvaal op daardie stadium was, het die koerant daarvan oortuig dat dit die moeite werd was om iets te spandeer ten einde 'n stelsel te vind waarvolgens al die belasting ingevorder sou kon word. Met die oog hierop is daar reeds voorgestel dat 'n berede polisiemag op die been gebring moes word. Ofskoon dit groot onkoste sou meebring, sou dit die onkoste meer as vergoed, aangesien die totstandkoming van so 'n mag nie slegs die invordering van die hutbelasting sou bevorder nie, maar ook permanente vrede met die Swartes sou verseker. Hoewel daar nog nie sekerheid bestaan het oor watter maatreëls die Regering van plan was om met betrekking tot die invordering van die hutbelasting te tref nie, is die moontlikheid van die totstandbringing van 'n Swart berede polisiemag met Blanke opsieners reeds genoem. So 'n mag sou ongetwyfeld ook van groot waarde wees as 'n hulp vir 'n mag bestaande uit 'n paar honderd goed opgeleide manskappe, saamgestel uit die gedemobiliseerde vrywilligermagte wat teen die Pedi geveg het, maar as die invordering van die hutbelasting geheel en al van 'n Swartpolisiemag afhanklik was, kon nie baie goeie resultate verwag word nie. Gesien in die lig van die belangrikheid van die aangeleentheid het die Transvaal Argus gevolglik die hoop uitgespreek dat wanneer die wetsontwerp onder bespreking sou kom, die Wetgewende Vergadering besondere aandag aan die invordering van die hutbelasting sou bestee.[169]

Enkele dae hierna is die wetsontwerp wat vir die belasting van die Swartes voorsiening gemaak het, verder onder die vergrootglas geplaas toe daar 'n brief in die Transvaal Argus verskyn het waarin die skrywer aangevoer het dat die inleiding van die wetsontwerp maar swakkerig bewoord was en die werklike oogmerk daarvan nie behoorlik omskryf was nie. As bewys vir sy standpunt het hy daarop gewys dat die woorde om vir 'n algemene en eenvormige hutbelasting vir die hele Transvaal voorsiening te maak, strydig was met die klousule waarvolgens sekere Swartes van 'n hutbelasting vrygestel word.[170]

---

169. MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 25.2.1880 (Hoofartikel).

170. MS179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 28.2.1880 (Original Correspondence. Brief van "X".)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In hierdie verband moet daarop gewys word dat volgens die inleiding van die wetsontwerp daar vir die instelling van 'n algemene en eenvormige hutbelasting vir die hele Transvaal voorsiening gemaak word.[171] Hierteenoor word in die tweede klousule weer voorsiening gemaak vir die vrystelling van hutbelasting van twee groepe Swartes. Hulle was, in die eerste instansie, al die Swartes wat 'n huis van Europese bouvorm bewoon het, met een vrou gehad het en wat origens volgens beskaafde gebruik geleef het. Die tweede groep Swartes was dié wat by hulle werkgewer gewoon het en vir minstens ses maande van die betrokke belastingjaar in sy diens was.[172] Die feit dus dat daar enersyds vir 'n algemene en eenvormige hutbelasting voorsiening gemaak word en sommige Swartes andersyds weer van hierdie belasting vrygestel word, het ongetwyfeld 'n teenstrydigheid in die bewoording van die wetsontwerp tot gevolg gehad. Om hierdie probleem te oorbrug het die skrywer van die brief aan die hand gedoen dat die inleiding van die wetsontwerp so verander moes word dat die woorde om vir 'n algemene en eenvormige hutbelasting voorsiening te maak, vervang moes word met 'n inleiding waarin slegs verklaar word dat dit nodig is dat 'n belasting gehef moes word sodat voldoende voorsiening gemaak kon word vir die bestryding van die uitgawes vir die verdediging en beskerming van die grense van die Transvaal. Hierop kon dan die verdere bepalings van die wet volg.[173]

'n Verdere aangeleentheid waaroor die skrywer van die brief sy bedenkinge gehad het, was of die wetsontwerp omvattend genoeg was. In die besonder wou hy weet of die Swartes wat tot dié mate op die maatskaplike leer uitgestyg het soos wat in die wetsontwerp omskryf word, ook van ander bydraes tot die landsinkomste vrygestel was, terwyl hulle al die voorregte wat 'n sterk en regverdige regering hulle gebied het, ten volle geniet het. Indien hierdie Swartes nie van enige

---

171. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880: G.K. No.48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", Inleiding.

172. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880: G.K. No. 48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", art. 2.

173. MS179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 28.2.1880 (Original Correspondence. Brief van "X").

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ander belasting vrygestel was nie, moes die ander belasting waaraan die Swartes onderhewig was wat aan die vereistes van beskaafde gebruike voldoen het, baie duidelik omskryf word, aangesien dit nie duidelik was of hierdie Swartes vrygestel was van die persoonlike en wegbelasting waaraan hulle nog steeds kragtens Wet No. 3 van 1876[174] en 'n Volksraadsbesluit van Junie 1876[175] onderhewig was nie. Hoewel daar aangevoer mag word dat verdere wetgewing in dié verband later sou volg, behoort die Transvaalse wetgewers nietemin Tacitus se opmerking corruptissima re publica plurimae leges - gedurende die grootste agteruitgang van die Republiek, is die meeste wette gemaak[176] in gedagte te hou.

Die skrywer van die brief het verder daarop gewys dat die hutbelasting waarvoor in die wetsontwerp voorsiening gemaak word, jaarliks aan die einde van Desember verskuldig en betaalbaar was. Gesien egter in die lig van die feit dat die aandag van al die amptenare juis op daardie stadium ten volle in beslag geneem sou word deur die berekening van die ander belastings wat alles in Januarie betaalbaar was, was hy van mening dat dit beter sou wees indien die invordering van die hutbelasting na 'n ander tyd verskuif sou word. Laastens het hy die aandag daarop gevestig dat hoewel die Regering waarskynlik nie van voorneme was om die invordering van die Swartes se belasting twaalf maande langer uit te stel nie, so 'n interpretasie wel moontlik is wanneer klousule twee en drie[177] van die wetsontwerp sorgvuldig gelees word.[178]

---

174. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4 (1 en 2).

175. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.658: Volksraadsbesluit, 4 en 5 Junie 1876, art. 102.

176. Die skrywer van die brief het hierdie opmerking van Tacitus foutief weergegee as Pessimae republicae plurimae leges. Sien Tacitus, Ann.III, 27, 5.

177. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880: G.K. No.48 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ..." klousule 2 en 3.

178. MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 28.2. 1880 (Original Correspondence. Brief van "X").

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In reaksie op hierdie skrywe het die Transvaal Argus in sy volgende uitgawe verklaar dat die gebreke in die wetsontwerp waarop sy korrespondent die aandag gevestig het, reggestel moes word voordat die ontwerp aangeneem word. Die koerant het ook sy korrespondent gelyk gegee dat die inleiding van die wetsontwerp waarvolgens vir die heffing van 'n algemene en eenvormige hutbelasting vir die hele Transvaal voorsiening gemaak word, wel strydig was met die klousule waarvolgens sekere Swartes van 'n hutbelasting vrygestel sou word. Trouens, daar was so baie Swartes wat van 'n hutbelasting vrygestel was dat daar eintlik geen sprake van 'n algemene en eenvormige hutbelasting kon wees nie. Afgesien hiervan was die vrystelling van sekere Swartes van 'n hutbelasting, 'n baie billike en geregverdigde bepaling wat die Swartes in die algemeen sou aanmoedig om by die Blankes in diens te tree en gevolglik 'n baie gunstige uitwerking op die arbeidsvoorsiening in Transvaal sou hê - iets waarsonder dié gebied slegs agteruit sou gaan. Teen die vrystelling kon daar dus geen beswaar geopper word nie, hoewel dit alleen logies was dat "the native who conforms to civilized usages places himself on the same taxation level as the civilized man, and elects to share the duties of civilization, so far as taxation is concerned, as well as enjoy its rights."

Die Transvaal Argus het tereg daarop gewys dat klousule twee,[179] om die minste daarvan te sê, swak bewoord was. In die voorbehoudsklousule daarvan word bepaal dat huise van Europese bouvorm en die hutte wat deur die Swartes bewoon word wat in diens was, van die betaling van 'n hutbelasting vrygestel was, in plaas daarvan dat die bewoners van hierdie wonings, en nie die geboue nie, vrygestel word.

Met betrekking tot die datum - 31 Desember - waarop die hutbelasting jaarliks betaalbaar was,[180] was dié koerant eweneens van mening dat dit ongeleë was, aangesien al die ander belastings jaarliks in Januarie betaalbaar was. Hierdie stand

---

179. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880: G.K. No.48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", klousule 2.

180. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880: G.K. No.48, 1880, 20.2.1880: Bill "To alter and amend ... the ... rate of Taxation upon Natives ...", klousule 3.

van sake sou dus meebring dat die werksaamhede van die betrokke amptenare, veral in sommige distrikte, meer as verdubbel. Verder, dat indien daar besluit sou word om 31 Desember as datum te behou, die hutbelasting nie voor 31 Desember 1881 betaalbaar was nie, aangesien daar nie enige wetgewing van terugwerkende aard met betrekking tot belastings aangeneem kon word nie.

Ten slotte het die Transvaal Argus daarop gewys dat sy enigste ernstige beswaar teen die voorgestelde wetsontwerp daarin geleë was dat 'n hutbelasting van 10/- per hut te laag was. Die Transvaalse Swartes was welgesteld en hulle lewens was een lang idille van eet, slaap, trou en bierdrink, wat dikwels in 'n moord of manslag geëindig het. Vir die beskerming wat die staat hulle gebied het en vir die veiligheid van hulle lewens en eiendom, sou 'n hutbelasting van £1 nie te veel wees nie. In Natal waar geld se koopkrag baie hoër was as in Transvaal, het die hutbelasting 14/- beloop en in Transvaal sou 'n bedrag van £1 'n baie billike ekwivalent hiervoor wees. Gevolglik het die koerant die hoop uitgespreek dat een van die lede van die Wetgewende Vergadering sou voorstel dat die hutbelasting verhoog word. Die Swartes sou geen probleme ondervind om 'n belasting van £1 te betaal nie, terwyl die masjinerie om 10/- in te vorder met ewe groot gemak vir die invordering van 'n hoër belasting gebruik sou kon word. Terselfdertyd sou die landsinkomste onmiddellik voordeel trek uit die Swartes se reaksie op hierdie prikkel tot groter arbeidsaamheid.[181]

Sowat twee weke nadat hierdie wetsontwerp gepubliseer is, het die eerste Transvaalse Wetgewende Vergadering op 10 Maart 1880 vir sy eerste sitting byeengekom. In sy openingsadres het Owen Lanyon as Administrateur van Transvaal, kennis gegee van die Regering se voorneme om onder andere 'n wetsontwerp met betrekking tot die invordering van 'n hutbelasting aan die Wetgewende Vergadering voor te lê. In sy toeligting van die wetsontwerp het Lanyon verklaar: "It is proper and just that the native races should bear their share in the

181. MS179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 4.3.1880 (Hoofartikel).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

direct taxation of the country for they benefit, along with the other inhabitants, in its active development. Though their numbers are very great in proportion to the white population they have, up to the present time, contributed little or nothing towards the general revenue".[182] Om dus vir die heffing van 'n hutbelasting voorsiening te maak, het Lanyon 'n wetsontwerp "to alter and amend in certain respects, certain Laws, passed by the Volksraad of the late S.A. Republic and to alter the present rate of taxation upon Natives in this Province" by die Wetgewende Vergadering ingedien en vir die eerste keer gelees.[183]

Dit het egter spoedig duidelik geword dat hierdie wetsontwerp nie al die lede van die Wetgewende Vergadering tevrede gestel het nie. Reeds die volgende dag het die heer O.W.A. Forssman, die lid vir Potchefstroom, kennis gegee dat hy van voorneme was om by die tweede lesing van die wetsontwerp, 'n mosie in te dien waarin hy sal versoek dat die wetsontwerp na 'n gekose komitee van die Wetgewende Vergadering verwys moet word om die hele kwessie in verband met die belasting van die Swartes in oorweging te neem.[184] Terselfdertyd het Henrique Shepstone as Sekretaris van Naturellesake, weer kennis gegee dat hy op 15 Maart 1880 sou voorstel dat die wetsontwerp met betrekking tot die heffing van 'n hutbelasting op die Swartes van Transvaal vir 'n tweede keer gelees sou word.[185]

Toe Henrique op 15 Maart die tweede lesing van die wetsontwerp voorgestel het,[186] het hy daarop gewys dat die betaling van 'n belasting deur die Swartes nie iets nuuts was nie, aangesien hulle gewoond was daaraan om aan hulle

---

182. EVR20: Openingsadres van W.O. Lanyon, 10.3.1880, art. 2; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 12.3.1880; G.K. No.74,1880: Openingsadres aan die Eerste Wegevende Vergadering, 10.3.1880: MS179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 11.3.1880: Openingsadres van W.O. Lanyon, 10.3.1880.

183. EVR20: Sitting op 10.3.1880, art.9; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.2: Sitting op 10.3.1880.

184. EVR20 : Sitting op 11.3.1880, art. 4; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.3: Toespraak van O.W.A. Forssman op 11.3.1880.

185. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.3: Toespraak van H.C. Shepstone op 11.3.1880.

186. EVR20: Sitting op 15.3.1880, art. 8; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kapteins belasting te betaal.[187] In soverre dit die belasting van die Transvaalse Swartes betref, het hy aangevoer dat hulle reeds hulle bereidwilligheid te kenne gegee het om 'n bydrae te lewer tot die uitgawes van die Regering vir die voorregte, beskerming, die rus en die vrede wat hulle onder die Britse regering geniet het. Hierna het Henrique kortliks verduidelik wat die wetsontwerp ten doel gehad het. In die proses het hy ook kennis gegee dat wanneer die wetsontwerp in die komiteestadium was, hy sou voorstel dat die bepaling geskrap sal word waarvolgens die Swartes wat 'n huis van Europese bouvorm bewoon en slegs een vrou gehad het van 'n hutbelasting vrygestel sou word. Vervolgens het Henrique, afgesien van enkele regstellings, 'n uiteensetting gegee, min of meer op dieselfde wyse as wat hy dit in sy memorandum van Oktober 1879 gedoen het,[188] van die wette wat nog van krag was, naamlik Wet No. 9 van 1870, Wet No. 4 van 1873 en Wet No. 3 van 1876 en van die belastingsmaatreëls waarvoor hierdie wette voorsiening gemaak het.

Met verwysing na die verskillende belastings waarvoor hierdie wette voorsiening gemaak het, het Henrique te kenne gegee dat daar nog nooit eenvormige belasting van die Swartes in Transvaal ingevorder is nie. Hoewel daar deur die Swartes wat in die Pretoriase, Potchefstroomse en Maricose distrikte gewoon het, wel enige belastings betaal is, het hy daaraan getwyfel of daar in enige van die ander distrikte belastings van die Swartes ingevorder is. Dit wou ook voorkom asof die invordering van die Swartes se belastings nooit behoorlik gedoen is nie. Sover hy verneem het, is die landdroste met die invordering van hierdie belastings belas. Hulle het egter geen moeite gedoen om die belastings in te vorder nie. Gevolglik het slegs die Swartes belasting betaal wat daartoe bereid was en boonop ook net die bedrag wat hulle bereid was om te betaal.[189]

---

187. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

188. Sien Afdeling 2.

189. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, pp.5-6: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In soverre dit die wetsontwerp self betref, was Henrique terdeë bewus van die uiteenlopende menings wat daar bestaan het met betrekking tot die bedrag wat die Swartes as 'n hutbelasting opgelê moes word. Daar was sommige lede van die Wetgewende Vergadering wat die standpunt gehuldig het dat 10/- per hut per jaar te min was. Dit was moontlik dat hierdie lede reg was en dat die Swartes wel in staat was om meer te betaal. Hy was egter van mening dat 10/- voldoende was. As rede hiervoor het hy aangevoer dat dit syns insiens onwys was om met die wegspringslag met 'n te hoë belasting te begin, aangesien die bedrag later weer verhoog kon word. Die Swartes van Transvaal was ook nog nie gewoond daaraan om belasting aan die Regering te betaal nie. Daarom wou hy stadig maar seker begin en moes die Swartes eers leer loop voordat hulle kon hardloop.

'n Verdere rede waarom Henrique nie ten gunste was daarvan dat die belasting van 10/- per hut waarop die Regering besluit het verander moes word nie, was dat die Regering homself tot so 'n bedrag verbind het. In dié verband het hy die Wetgewende Vergadering daarop gewys dat sir Theophilus Shepstone die Swartkapteins en die ander kapteins se verteenwoordigers in Mei 1877 meegedeel het dat 'n belasting van 10/- per hut van hulle gevorder sou word. Hiermee was almal tevrede en is die Swartes hierna dienooreenkomstig ingelig. Na die oorwinning oor Sekhukhune is die landdroste en die Naturellekommissarisse weer eens opgedra om die Swartes aan te sê om hulle gereed te maak om hulle belasting gedurende Maart 1880 te betaal - en weer is daar gesê dat dit 'n belasting van 10/- per hut sou wees. Hierdie bedrag is deur die Swartes aanvaar en het hulle hul bereidwilligheid te kenne gegee om dit te betaal. Dit was hierdie mededelings wat Henrique laat voel het dat die Regering hom vir 'n tyd lank, altans, aan 'n bedrag van 10/- per hut verbind het.

Met verwysing na die Begrotingswet en die feit dat daar vir £35 000 aan hutbelasting begroot is, het Henrique daarop gewys dat hierdie bedrag bloot op 'n skatting - en daarby 'n betreklike onbetroubare skatting - van die getal Swartes beraam is. Hoewel hy van mening was dat 'n groter bedrag

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ingevorder kon word, het hy nietemin hierdie skatting as korrek aanvaar en gevind dat teen 10/- per hut daar vir £35 000 begroot kon word. By wyse van vergelyking het hy aangevoer dat die grootste bedrag wat vir een jaar deur die Zuid-Afrikaansche Republiek aan belasting van die Swartes ingevorder is, in 1876 was toe £4 760 geïn is.[190]

Henrique se opmerking, soos De Volksstem dit gestel het, "in onze wetgevende misgeboorte" dat die Regering hom tot 'n belasting van 10/- per hut verbind het en dat dit gevolglik nie verhoog kon word nie, het hierdie koerant baie goed te staan gekom. Na aanleiding van Henrique se opmerking, het De Volksstem verklaar dat "de Secretaris voor de zaken der Naturellen verdedigde het voorstel der Regering en op welken grond denkt men? Lach niet, lezer, maar hij wilde het bedrag niet hoger maken omdat de Regering met Sir Theophilus Shepstone aan het hoofd, van begin af aan, aan de Kaffers beloofd had dat die belasting niet hooger zou wezen dan 10s. per hut!! Is dit niet schreeuwend grappig? Eene Regering die stelselmatig elke belofte aan de blanke ingezetenen der Transvaal verbroken heeft, wordt op haar ouden dag naauwgezet van geweten waar het beloften geldt die zij aan Kaffers heeft gedaan! Maar dit is weer een echt staaltje van Somtseusche[191] voorliefde, want in het gansche huis van Somtseu wordt de Kaffer altijd aan den blanke voorgetrokken."[192]

Nadat Henrique die tweede lesing van die wetsontwerp voorgestel het, het Forssman ooreenkomstig sy vroeëre mosie as amendement voorgestel dat die wetsontwerp na 'n gekose komitee verwys word om die hele aangeleentheid in verband met die belasting van die Swartes in oorweging te neem.[193]

---

190. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, pp. 5-6: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

191. Sir Theophilus het onder die Swartes as Somtseu - die groot vader - bekend gestaan.

192. De Volksstem , 23.3.1880 (Praatjies van den Dag).

193. EVR20: Sitting op 15.3.1880, art. 9; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van O.W.A. Forssman op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ter ondersteuning van sy mosie het Forssman verduidelik dat die genomineerde lede van die Wetgewende Vergadering die taak gehad het om die Britse owerheid met die regering van die land te help. Trouens, die Regering het self ook die begeerte uitgespreek dat die lede hulle mening moes lug oor enige saak met betrekking tot watter aangeleentheid ook al vir oorweging aan die Wetgewende Vergadering voorgelê sou word. Hy was terdeë bewus daarvan dat daar baie belangrike aangeleenthede aan die Vergadering voorgelê sou word en dat dit baie tyd en aandag sou verg om hierdie sake gereël te kry. Maar, ten spyte hiervan, "he did not think there was any question of greater importance, not only here but all throughout South Africa, than the one at present before them, - the native question. It was one which had puzzled many clever men; and they had never been able to solve it satisfactorily, because a great complication existed owing to the many other questions which hang by it. So far as the Transvaal was concerned, the question must be looked at in its two bearings, viz, capital and labour."[194]

Hoewel Forssman self op 'n dorp gewoon het, het hy nietemin 'n boerdery van aansienlike omvang aan die gang gehad in 'n distrik wat dig deur die Swartes bewoon was. Gevolglik het hy heelwat van hulle en hulle manier van lewe af geweet. Ondervinding het hom geleer dat wanneer 'n Swarte belas word, die eerste direkte gevolg daarvan was dat hy pogings in die werk gestel het om geld in die hande te kry. Dit het hy dan gebruik om as sy belasting te betaal en daarna om in sy eie behoeftes te voorsien. Deur onder die Blankes te woon, het die Swartes gaandeweg beskaafde gewoontes aangeleer. Die gevolg was dat wanneer hulle dienstyd verstreke was, hulle die geld wat hulle verdien het op die aankoop van klerasie, landbou-implimente, ensovoorts gespandeer het. Volgens Forssman was dit 'n aangeleentheid wat baie duidelik tot uitdrukking gekom het tussen die Swartes wat op 'n plaas by 'n Blanke werkgewer gewoon het en onder die invloed van die beskawing gekom het, en dié wat nog geen beskawingsinvloede ondergaan het nie. Die eersgenoemde was die meer intelligente, betroubare en vooruitstrewende Swartes. Dié wat egter in hulle krale in luiheid en ondeug bly voortleef het,

---

194. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van O.W.A. Forssman op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moes op die een of ander wyse bereik word en moes een of ander morele invloed aangewend word om hulle van hierdie lewe af weg te kry. Die middel wat hiervoor die geskikste was, was om die Swartes te belas. Forssman het toegegee dat die hutbelasting waarvoor in die wetsontwerp voorsiening gemaak word, nie slegs die finansiële posisie van die Transvaal nie, maar ook die arbeidsvoorsiening sou verbeter. Ten spyte hiervan egter was die belastingsmaatreëls waarvoor in die wetsontwerp voorsiening gemaak word, nie omvattend genoeg nie. Gevolglik sou hy graag wou sien dat die bedrag wat die Swartes aan hutbelasting opgelê word, vasgestel sou word volgens een of ander verhouding met wat deur die verskillende klasse betaal word wat elders onder Britse beheer gestaan het.

'n Verdere aangeleentheid wat volgens Forssman ondersoek moes word, was die geleenthede wat daar bestaan het om die betaling van die voorgestelde hutbelasting te ontduik. Die Swartes wat na aan die beskawingsinvloede gewoon het, sou hulle na beskawingsgebruike skik en die aantal hutte wat hulle bewoon het, verminder. Om hierdie soort van belastingontduiking te voorkom, was hy van mening dat daar vir die oplegging van 'n persoonlike belasting op sowel die jong ongetroude as die getroude Swartmans voorsiening gemaak moes word. Deur die oplegging van so 'n belasting sou die Swartes verplig word om hulle lui en trae gewoontes te laat vaar en in die plek daarvan arbeidsaamheid tot voordeel van hulleself en hulle werkgewers aan te leer. Die feit dat daar nie vir so 'n persoonlike belasting in die wetsontwerp voorsiening gemaak word nie, het die noodsaaklikheid onderstreep dat die wetsontwerp na 'n gekose komitee verwys moes word.

Forssman het ten slotte daarop gewys dat die meeste van die genomineerde lede van die Wetgewende Vergadering lede van die Uitvoerende Raad en Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek was. As gevolg hiervan en vanweë die praktiese kennis waaroor hulle met betrekking tot die belasting van die Swartes beskik het, was hulle geregtig daarop om hulle

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

menings uit te spreek in 'n aangeleentheid wat die belange van die boerende en algemene gemeenskap ten seerste geraak het.[195]

In sy toespraak ter ondersteuning van Forssman se mosie het die heer C.K. White, die lid vir Pretoria, aangevoer dat hy nie daarop wou ingaan of die wetsontwerp oordeelkundig opgestel is en of dit aan die vereistes vir die invordering van 'n hutbelasting voldoen het nie. Die Regering het die wetsontwerp ingedien en was hy gevolglik van mening dat daar vir alle gebeurlikhede voorsiening gemaak is. Die belangrikste was egter dat die lede van die Wetgewende Vergadering wat nie lede van die Regering was nie, oor inligting mag beskik waartoe die Regering nie toegang gehad het nie en tog vir hulle van belang mag wees. Gevolglik het hy die standpunt gehuldig dat dit die beste sou wees indien die wetsontwerp na 'n gekose komitee verwys word, sodat dié inligting tot beskikking van die Regering gestel kon word.

Met verwysing na die Sekretaris van Naturellesake se opmerking dat die Regering hom tot 'n hutbelasting van 10/- per hut verbind gevoel het, het hy die reg van die Sekretaris van Naturellesake of watter amptenaar ook al bevraagteken om die Wetgewende Vergadering te verbind tot die wetgewing wat so 'n amptenaar van voorneme was om by die Wetgewende Vergadering in te dien. Op grond hiervan en die ander redes wat hy genoem het, het hy die mosie gesteun dat die wetsontwerp na 'n gekose komitee verwys moes word.[196]

As lede van die komitee het Forssman voorgestel die Sekretaris van Naturellesake, C.K. White, die lid vir Pretoria, J.H. Nel, die lid vir Marico, J.A. Esterhuyse die lid vir Rustenburg en Forssman self.[197] Henrique het geen beswaar daarteen gehad

---

195. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, pp.6-7: Toespraak van O.W.A. Forssman op 15.3.1880.

196. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.7: Toespraak van C.K. White op 15.3.1880.

197. EVR 20: Sitting op 15.3.1880, art.9; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van O.W.A. Forssman op 15.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat die wetsontwerp na 'n gekose komitee verwys word nie[198] en hom met die voorstel vereenselwig.[199] Hy sou graag die inligting en die raad wou hê waarvan White gepraat het, aangesien hy van mening was dat dit vir die Regering van hulp sou wees. Terselfdertyd het hy ook versoek dat die heer I.C. Holtzhausen, die lid vir Middelburg, as lid van die komitee benoem moes word. Forssman se voorstel is eenparig aanvaar en sou die komitee sy verslag binne 'n week in die Wetgewende Vergadering ter tafel lê.[200]

Die aanstelling van 'n Gekose Komitee om die hele aangeleentheid in verband met die belasting van die Swartes in oorweging te neem, is deur die Transvaal Argus verwelkom.[201] Hoewel daar oor die fyner besonderhede van die wetsontwerp aansienlike meningsverskil kon bestaan, was die belangrikste geskilpunt, volgens diê koerant, die bedrag van 10/- wat die Regering as hutbelasting voorgestel het. Die Transvaal Argus het reeds vroeër die standpunt ingeneem dat dit te min was en niks wat tot op daardie stadium oor diê aangeleentheid in die Wetgewende Vergadering gesê is, het nog enigiets gedoen om die koerant van standpunt te laat verander nie.

In soverre dit hutbelasting betref, het die Transvaal Argus betoog dat dit algemeen bekend was dat die Swartes se gedragsvoorskrifte met betrekking tot poligamie vereis het dat elke vrou van 'n Swartman in 'n afsonderlike hut moes woon. Verder, aangesien so 'n vrou deur haar arbeid op die mielielande tot die welvaart van die gesinshoof bygedra het, was 'n hutbelasting vir alle praktiese doeleindes dus 'n ruwe vorm van 'n inkomstebelasting wat by die Swartes se lewenswyse gepas het. Wanneer 'n Swarte 'n redelike hoeveelheid geld op die diamantvelde of as 'n dienaar by 'n werkgewer in een van die Transvaalse dorpe verdien het, of as hy na 'n paar jaar in die diens van 'n boer hom met sy verdienste in die vorm van 'n

---

198. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.17: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.

199. EVR 20: Sitting op 15.3.1880, art. 9.

200. EVR 20: Sitting op 15.3.1880, art. 9; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.7: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880

201. MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 18.3.1880 (Hoofartikel).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aantal beeste verlaat het, was die eerste voorbereidsels wat so 'n Swarte getref het om hom as 'n vermoënde man in sy kraal te vestig, om vir hom 'n paar vrouens te neem. Dit het dadelik sy status verhoog, hom van 'n gerieflike lewe en 'n byverdienste verseker. Deur die oplegging van 'n hutbelasting, het die Regering dus nie 'n belasting op poligamie gehef nie, maar kon die Regering, aangesien hy nie by magte was om die Swartes se moraliteit te verander nie, deur middel van 'n hutbelasting terselfdertyd 'n belasting op sowel luukshede as op inkomste hef.

Die Transvaal Argus het verder betoog dat die oplegging van 'n direkte belasting in die vorm van 'n hutbelasting ook diê voordeel gehad het dat wanneer die Swartes hierdie belasting betaal, hulle sonder meer hulle onderdaanskap aan die Regering erken het. Met die verloop van tyd en wanneer hierdie idee van onderdaanskap eers behoorlik by hulle posgevat het, word dit die grondslag vir hulle beskawing en al die deugde wat daarmee gepaard gegaan het. Gevolglik was dit noodsaaklik dat hierdie onderdanigheid by die Swartes tuisgebring moes word. In die lig van die voorafgaande was die heffing en die behoorlike invordering van 'n hutbelasting dus 'n uitstekende maatreël om die welvaart van die Swartbevolking te bevorder en 'n welkome toevoeging tot die finansies van die Transvaal te verseker.

Ten spyte egter van die voorafgaande opmerkings, was die Transvaal Argus nietemin van mening dat die wetsontwerp in die vorm soos dit deur die Regering aan die Wetgewende Vergadering voorgelê is, nie so 'n voortreflike maatreël was nie en het hy gevolglik groot beswaar teen die maatreël geopper. Om sy besware toe te lig het die koerant aangevoer dat hoewel Natal as gevolg van sy ligging na aan die kus baie goedkoper as Transvaal geregeer kon word, die Swartes van daardie provinsie nietemin 'n belasting van 14/- per hut betaal het. Indien hierdie bedrag as 'n maatstaf geneem word, behoort die Transvaalse Swartes meer in plaas van minder as hulle Natalse bure te betaal. Uit die Sekretaris van Naturellesake se toespraak in die Wetgewende Vergadering, blyk dit egter dat sowel hy as sir Theophilus Shepstone die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bedrag wat die Swartes aan hutbelasting moes betaal op 10/- per hut vasgestel het en dat hulle sedert die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek die Swartkapteins dienooreenkomstig ingelig het. Na die beëindiging van die Sekhukhune-oorlog in 1879, is die landdroste weer aangesê om die Swartes mee te deel dat hulle gereed moes wees om gedurende Maart 1880 'n hutbelasting van 10/- per hut te betaal. Die Transvaal Argus het dus aangevoer dat dit onder hierdie omstandighede gevolglik wil voorkom asof die Regering homself reeds op alle moontlike maniere tot 'n bepaalde belastingstarief verbind het en al wat die Regering nou van die Wetgewende Vergadering verwag het, was om sy besluit goed te keur. In hierdie opsig was die Regering se optrede nie heeltemal logies nie. Indien die Regering reeds vooraf op 'n bepaalde bedrag besluit het en homself reeds tot 'n belastingstarief verbind het, kon die Regering maar net sowel die wetsontwerp, net soos in die geval van die paswet in 1879[202] toe daar nog nie 'n bevoegde wetgewende gesag in die Transvaal was nie en met veel minder teenstand, deur middel van 'n proklamasie aangeneem het. Sodoende sou die Regering kon verseker dat 'n hutbelasting van 10/- per hut wel ingestel sou word.

Volgens die Transvaal Argus was die Sekretaris van Naturellesake se argument dat 'n hutbelasting van 10/- die regte belasting vir die Swartes van Transvaal was, debatteerbaar. Trouens, namens die Regering is daar nog nie 'n enkele argument aangevoer dat 'n hutbelasting van 10/- hoog genoeg was nie, ten spyte van die feit dat die Swartes wat deur Transvaal gereis het en selfs dié wat van die een Transvaalse distrik na 'n ander gegaan het, aan 'n pasbelasting van 5/- en 1/- onderskeidelik onderhewig was nie. Wat die pasbelasting betref, moet verder in gedagte gehou word dat hierdie belasting 'n belasting op die arbeidsaamheid van die Swartes was wat hulle arbeid op die arbeidsmark beskikbaar gestel het en nie op die arbeid van die vrou wat in die mielielande van die betrokke kraal geswoeg het nie. In plaas daarvan

---

202. Sien Hoofstuk 4, Afd. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om 'n beperking op die arbeidsaamheid van die Swartes te lê, behoort die Regering hulle aan te moedig om in die diens van 'n Blanke werkgewer, hetsy in of buite die Transvaal, te tree. Die Transvaal behoort dus sy wetgewing op altyddurende beginsels in plaas van op oorwegings wat slegs tydelik dienstig is, te baseer. Indien die diamantvelde 'n groter aantrekkingskrag as die Transvaal is vir die Swartes wat werk soek, dan behoort hierdie toestand van sake die inwoners van Transvaal te stimuleer om arbeid in hierdie Britse provinsie vir die Swartes meer aantreklik te maak. Met die loop van tyd sou die arbeidsvoorsiening tussen Transvaal en die diamantvelde op die een of ander wyse 'n ewewig vind, terwyl die geld wat deur die Swartes van die diamantvelde af Transvaal toe gebring word en daar gespandeer word, 'n belangrike quid vir Transvaal se quo is vir die arbeid wat die Transvaal aan die diamantvelde leen. Die Transvaal Argus het verder aangevoer dat hoewel hy by geleentheid argumente aangevoer het waarom die passtelsel behou moes word, omstandighede sedertdien verander het. Transvaal het nou 'n bevoegde wetgewende gesag gehad om die kwessie in verband met die pasbelasting onder 'n vergrootglas te plaas en gevolglik het die koerant gehoop dat hierdie aangeleentheid die volle aandag van die Wetgewende Vergadering sou geniet en 'n meer liberale gees die geleentheid gegee sou word om die oorhand te kry.

Hoewel daar ongetwyfeld sekere veranderings aan die minder belangrike besonderhede van die wetsontwerp teweeggebring sou word, het die koerant nietemin gehoop dat wanneer die verslag van die Gekose Komitee gereed was, die resultaat van die Komitee se werksaamhede 'n uitvoerbare en bruikbare maatreël sou wees - 'n maatreël wat regverdig sou wees teenoor sowel die regering as die Swartes, ruimhartig waar dit ruimhartig moet wees en in ooreenstemming met die Swartes se opvatting van 'n belasting.[203]

---

203. MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 18.3.1880 (Hoofartikel).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5. Die werksaamhede van die Gekose Komitee insake die belasting van die Swartes

Die Gekose Komitee, wat onder voorsitterskap van Forssman gestaan het, het op 16 Maart met sy werksaamhede begin en dit op 22 Maart 1880 afgehandel.[204]

Die wysigings wat hierdie komitee aangebring het aan die wetsontwerp wat deur Henrique en Maasdorp opgestel is, het 'n heeltemal nuwe wetsontwerp tot gevolg gehad. Aangesien hierdie wetsontwerp met enkele wysigings as Wet No. 6 van 1880 aangeneem is, hoef hier nie 'n uitvoerige bespreking daaraan gewy te word nie. Met die oog op die werksaamhede van die Gekose Komitee en om die belangrikste verskille tussen die wetsontwerp wat Henrique en Maasdorp opgestel het en die van die Gekose Komitee aan te toon, is dit nodig dat hierdie verskille slegs in die breë uitgewys word.

Wanneer die twee wetsontwerpe in oënskou geneem word, val dit dadelik op dat die wetsontwerp van die Gekose Komitee meer omvattend as dié van Henrique en Maasdorp was. Waar hulle slegs al die wette en besluite van die Zuid-Afrikaansche Republiek wat strydig was met die bepalings van hulle wetsontwerp in die algemeen herroep het, het die Gekose Komitee sekere artikels van spesifieke wette en besluite herroep.[205]

---

204. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by Resolution of the ... House of Assembly of the Province of the Transvaal, on the 15th March 1880, upon the Bill "To alter and amend in certain respects, certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic and to alter the present rate of Taxation upon Natives in this Province", O.W.A. Forssman, 22.3.1880.

205. SS 413, R1521/80: Draft of Bill "To alter and amend in certain respects, certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic, and to alter the present rate of Taxation upon Natives in this Province, art. 2; SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly .. on the 15th March 1880 ..., O. W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure I : Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly, upon the Bill "To alter and amend in certain respects certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic, and to alter the present rate of Taxation upon Natives in this Province", Vergadering op 18.3.1880.

'n Verdere belangrike verskil tussen die twee wetsontwerpe het betrekking op die bedrag wat per hut aan belasting betaal moes word. Waar Henrique en Maasdorp se wetsontwerp voorsiening gemaak het vir 'n hutbelasting van 10/- het die Gekose Komitee daarenteen hierdie bedrag op £1 per hut vasgestel.[206]

Soos reeds aangetoon, het Henrique met die tweede lesing van die wetsontwerp te kenne gegee dat hy van voorneme was om in die komiteestadium die bepaling te skrap waarvolgens 'n Swarte wat 'n huis van Europese bouvorm bewoon het en slegs een vrou gehad het, van hutbelasting vrygestel word.[207] In die wetsontwerp wat deur die Gekose Komitee opgestel is, het hierdie bepaling gevolglik verval. Terselfdertyd is ook die bepaling geskrap waarvolgens die hutte van 'n Swarte vrygestel word van 'n hutbelasting indien hy vir 'n tydperk van minstens ses maande van die betrokke belastingsjaar in diens was van die eienaar op wie se grond hy gewoon het.[208] In die wetsontwerp wat deur die Gekose Komitee opgestel is, is daar dus nie vir enige vrystelling van 'n hutbelasting voorsiening gemaak nie.[209]

Seker een van die belangrikste verskille tussen die twee wetsontwerpe was dié in verband met die uitreiking van passe. In sy geheel beskou het Henrique en Maasdorp se wetsontwerp slegs ten doel gehad om vir 'n algemene en eenvormige hutbelasting voorsiening te maak. Gevolglik het hulle geen voorsiening hoegenaamd vir die uitreiking van passe gemaak nie.

---

206. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ... O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure I: Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ..., Vergadering op 18.3.1880.

207. Sien voetnoot 188.

208. Sien voetnoot 161.

209. SS413, R1521/80: Draft of A Bill "To alter and amend in certain respects, certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic, and to alter the present rate of Taxation upon Natives ..."; SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880: Annexure I: Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die wetsontwerp van die Gekose Komitee is egter voorsiening gemaak dat sowel die Swartes wat van buite Transvaal af gekom het as die wat binne Transvaal van die een na die ander distrik gegaan het, in besit van 'n pas moes wees.[210]

Met betrekking tot hierdie reëling is dit interessant om daarop te let dat die kladkonsep[211] van die wetsontwerp wat Henrique opgestel het, wel 'n bepaling bevat het waarvolgens Swartes wat van die een distrik na 'n ander gereis het of van buite Transvaal af gekom het om werk te soek, in besit van 'n pas moes wees. Waar Henrique die bedrag wat vir so 'n pas betaal moes word vir sowel binnelandse as buitelandse Swartes op 5/- gestel het, het die Gekose Komitee egter 'n onderskeid tussen binnelandse en buitelandse Swartes gemaak. Volgens die wetsontwerp wat deur die Gekose Komitee opgestel is, moes 'n Swarte wat van buite Transvaal af gekom het 1/- vir so 'n pas betaal. Aan binnelandse Swartes daarenteen sou so 'n pas gratis uitgereik word met dien verstande egter dat hulle die nodige bewys kon lewer dat hulle reeds hulle hutbelasting betaal het.[212] Nietemin, Henrique het sy bepaling in verband met passe in sy kladkonsep deurgehaal en is dit gevolglik nie in sy wetsontwerp opgeneem nie.

Volgens die notule van die vergaderings van die Gekose Komitee was Henrique se voorstel dat 'n hutbelasting van 10/- per hut gehef word, die enigste aangeleentheid waaroor 'n diskussie

---

210. SS413, R1521/80: Draft of A Bill "To alter and amend in certain respects, certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic, and to alter the present rate of Taxation upon Natives ..."; SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ... O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure 1: Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ..., Vergadering op 18.3.1880.

211. SN2: Drafts of Letters, 1879 van H.C. Shepstone, art. 3 van die kladkonsep.

212. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ... O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure I: Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ..., Vergadering op 18.3. 1880, bespreking van art. 7 en 8 van die Wet; SS 413, R1521/80: Draft of A Bill "To alter and amend in certain respects certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic, and to alter the present rate of Taxation upon Natives ...", art. 7 en 8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontstaan het. As amendement het C.K. white 'n hutbelasting van £1 in plaas van 10/- per hut voorgestel. Hierdie voorstel is met die teenstemme van Henrique en Holtzhausen aanvaar en gevolglik so in die wetsontwerp van die Gekose Komitee opgeneem.[213] Soos later aangetoon sal word, het die Wetgewende Vergadering die bedrag weer na 10/- verminder.

6. Die behandeling van die wetsontwerp van die Gekose Komitee deur die Wetgewende Vergadering

Op 23 Maart 1880 het Forssman sowel die verslag van die Gekose Komitee as die wetsontwerp wat die Komitee opgestel het, by die Wetgewende Vergadering ingedien.[214] In sy verslag het die Komitee daarop gewys dat die wysigings wat hy aan die oorspronklike wetsontwerp aangebring het, 'n nuwe wetsontwerp[215] tot gevolg gehad het.[216] Nadat die verslag gelees is, het Forssman as 'n onbestrede mosie voorgestel dat die wetsontwerp vir die eerste keer gelees word en dat die tweede lesing op 25 Maart plaasvind. Intussen kon die wetsontwerp aan die drukkers oorhandig word om gedruk te word.[217]

Aangesien die tweede lesing nie op die bepaalde datum plaasgevind het nie, het Forssman op 30 Maart voorgestel dat daar van die gewone prosedure afgewyk moet word ten einde die

---

213. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure I: Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ..., Vergadering op 18.3.1880, bespreking van art. 3 van die wet.

214. EVR 20: sitting op 23.3.1880, art. 7; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.10: Toespraak van O.W.A. Forssman op 23.3.1880.

215. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Die wetsontwerp was as aanhangsel 2 by die verslag aangeheg, maar ontbreek egter. 'n Kopie daarvan in sowel Nederlands as Engels is op 23.3.1880 aan die drukkers oorhandig. Sien in dié verband SS493, R5367/80: Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ... as aanhangsel I by die verslag van die Komitee.

216. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880.

217. EVR 20: Sitting op 23.3.1880, art. 8-11; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.10: Toespraak van O.W.A. Forssman op 23.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wetsontwerp vir 'n tweede keer te lees.[218] Hoewel die voorstel deur die Sekretaris van Naturellesake gesekondeer is, het hy nietemin kennis gegee dat hy van voorneme was om die artikel waarvolgens die hutbelasting op £1 per hut per jaar vasgestel word in die komiteestadium te opponeer.[219] Onder hierdie omstandighede is die wetsontwerp vir 'n tweede keer gelees.[220]

Die volgende dag het die Wetgewende Vergadering in komitee gegaan ten einde die wetsontwerp in behandeling te neem.[221] Toe die artikel gelees word waarvolgens die Swartes se hutbelasting op £1 vasgestel is het Henrique Shepstone, in sy hoedanigheid as Sekretaris van Naturellesake, voorgestel dat die bedrag na 10/- verminder word. Hierdie voorstel is deur Holtzhausen gesekondeer. Forssman gesteun deur Esterhuyse, het daarop voorgestel dat die bedrag van £1 per hut gehandhaaf word.[222]

In die bespreking wat hierop oor hierdie aangeleentheid ontstaan het, het White te kenne gegee dat hy nie die voorstel vir die vermindering van die bedrag kon steun nie. As rede vir sy standpunt het hy aangevoer dat as daar een bevolkingsgroep was wat deur die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek bevoordeel is, dan was dit die Swartes. As gevolg van die anneksasie het hulle die beskerming van die Britse regering geniet en almal het geweet

---

218. EVR 20: Sitting op 30.3.1880, art. 4; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.11: Toespraak van O.W.A. Forssman op 30.3.1880.

219. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure I: Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ..., Vergadering op 18.3.1880, bespreking van art. 3 van die wet.

220. EVR 20: Sitting op 30.3.1880, art. 5; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.11: Toespraak van H.C. Shepstone op 30.3.1880.

221. EVR 20: Sitting op 31.3.1880, art. 13; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.14: Sitting op 31.3.1880.

222. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.14: Sitting op 31.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat as die Regering 'n swakheid gehad het, dan was dit dat hy te goed na die Swartes omgesien het. Henrique se voorstel was die bewys dat ook die Transvaalse regering van voorneme was om baie toegeeflik teenoor die Swartes te wees. En wanneer White die voordele in gedagte roep wat die Swartes reeds te beurt geval het, kon hy nie met Henrique se voorstel saamstem nie.

White het verder betoog dat die Swartes bereid moes wees om te betaal vir die beskerming wat hulle geniet het. Met die oog daarop om 'n grenswag op die been te bring, het die Regering in die begroting vir 1880 vir 'n bedrag van £16 000 voorsiening gemaak. Dit was moontlik dat hierdie bedrag die volgende jaar £20 000 mag beloop en vir al hierdie uitgawes was die Swartes die oorsaak. As daar dan vir £35 000 aan hutbelasting begroot word en die onkoste verbonde aan 'n grenswag £16 000 beloop, kon die belasting van die Swartes maar net so wel laat vaar word. Wanneer hierby nog in berekening gebring word die ander uitgawes, soos byvoorbeeld die van die spesiale kommissarisse en Naturellekommissarisse, om die hutbelasting in te vorder, sal die onkoste verbonde aan die invordering van die hutbelasting feitlik dieselfde wees as die bedrag waarvoor begroot is. Onder hierdie omstandighede het hy gevolglik gedink dat die £1 hutbelasting wat deur die Gekose Komitee voorgestel is, 'n billike en regverdige belasting was wat geen Swarte sou weier om te betaal nie.

Met betrekking tot Henrique se opmerking dat daar 'n belofte aan die Swartes gemaak is dat die hutbelasting nie meer as 10/- per hut sou bedra nie, kon White net soos De Volksstem vroeër, nie die versoeking weerstaan om die Regering se aandag op 'n paar ander beloftes te vestig nie. Sonder om die Sekretaris van Naturellesake se reg om so 'n belofte te maak te bevraagteken, het hy die hoop uitgespreek dat as so 'n belofte bindend was ten opsigte van die Swartes, die beloftes wat kragtens die anneksasieproklamasie teenoor die Blankes gemaak is, ook eerbiedig moes word.[223]

---

223. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, pp.14-15: Toespraak van C.K. White op 31.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In sy verduideliking waarom hy nie ten gunste van 'n vermindering van die hutbelasting was nie, het Forssman daarop gewys dat toe die oorspronklike wetsontwerp in die Wetgewende Vergadering onder bespreking was, hy hom uitgelaat het ten gunste van 'n persoonlike belasting van £1 bo en behalwe die hutbelasting waarvoor daar voorsiening gemaak is. Met hierdie optrede van hom het hy ten doel gehad om die jong Swartes te belas en hulle dienste sodcende vir die Transvaal beskikbaar te maak. In die Gekose Komitee het hy van dié idee afgesien op grond van 'n onderneming dat die bedrag wat per hut aan belasting gevorder sou word van die oorspronklike 10/- na £1 verhoog sou word. Hy was verder van mening dat die Swartes wat meestal die oorsaak van die oorloë en onrus in die Transvaal was en deur wie se toedoen die land vir baie jare teruggeplaas is, iets behoort te doen om Transvaal weer te herstel. In die anneksasieproklamasie is daar verklaar dat die Blankes en die Swartes gelyk voor die wet sou wees. Hy was egter van mening dat daar geen sprake van gelykheid voor die wet kon wees indien die Blankes vir alles - die spoorweë, paaie en al die ander belastings - moes bydra, terwyl die Swartes slegs 10/- op elke bewoonde hut moes betaal nie. Die Swartes het dieselfde beskerming as die Blankes geniet en gevolglik behoort hulle, indien nie net soveel as die Blankes nie, ten minste 'n billike deel tot die publieke inkomste by te dra.

Forssman het sy spyt te kenne gegee dat hy hierdie opmerkings moes maak terwyl daar reeds 'n belofte aan die Swartes met betrekking tot die hutbelasting gemaak is. Ter wille van geregtigheid het hy egter geen ander keuse gehad nie, aangesien hy net so besorg was oor die arm boere en ander mense in die Transvaal as wat hy oor die Swartes was. Afgesien hiervan kon die groot skaarste aan arbeid ook nie ontken word nie en na sy mening het sowel die arbeidsvraagstuk as die inkomstevraagstuk vereis dat £1, en nie 10/- nie, per hut as belasting van die Swartes gevorder moes word.[224]

In sy betoog het die heer Holtzhausen aangevoer dat hy nie met White en Forssman kan saamstem nie. Hy was ten gunste

---

224. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.15: Toespraak van O.W.A. Forssman op 31.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarvan dat die hutbelasting op 10/- per hut vasgestel moes word, aangesien die Swartes nog 'n onbeskaafde nasie was. Hulle was ook nie gewoond daaraan om belasting aan die Regering te betaal nie en buitendien word mense makliker gelei as gedryf. Die Swartes in die dorpe en op die platteland mag wel in staat wees om 'n hutbelasting van £1 per hut te betaal, maar die meerderheid by wie die grootste deel van hierdie belasting ingevorder moes word, het ver van die arbeidsmark op die uithoeke van die Transvaal gewoon. Forssman het gesê dat hy graag wou sien dat daar net so goed na die Blankes as na die Swartes gekyk word. Hy het egter uit die oog verloor dat die arme schepsels nie grond van hulle eie besit het nie en dat die Regering ook nie in 'n posisie was om grond aan die Swartes te gee van wie hy 'n belasting ingevorder het nie. Bowendien moes die Swartes wat op privaatgrond gewoon het, die eienaar van die grond daarvoor betaal. Op grond van hierdie rede was Holtzhausen ten gunste daarvan dat 'n hutbelasting van 10/- in plaas van £1 gehef sou word.[225]

Na aanleiding van Holtzhausen se betoog dat hy ten gunste was van 'n hutbelasting van 10/- per hut onder andere omdat die Swartes nie grond van hul eie besit het nie, het Forssman aangevoer dat die Swartes wel by magte was om vir hulleself grond te kan koop. Trouens, daar was baie gevalle waar die Swartes kontant betaal het vir die grond wat hulle gekoop het. Sommige Swartes was finansieel baie beter daaraan toe as wat die Blankes was, vir die eenvoudige rede dat waar 'n Blanke sy grond moes koop, die Swartes op onbesette grond geplak het. Waar die Blanke dus van sy vee moes verkoop om grond te kon koop, het die Swartes hulle vee behou. Ook het hy daarop gewys dat die Swartes baie min onderskeid tussen 10/- en £1 gemaak het. Wanneer 'n Swarte eers aanvaar het dat hy belasting moet betaal, het hy £1 net so maklik as 10/- betaal en sou hy gou in die gewoonte kom om belasting te betaal.[226]

---

225. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.15: Toespraak van I.C. Holtzhausen op 31.3.1880; Sien ook p.16: Toespraak van A.H. Stander op 31.3.1880.

226. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.15: Toespraak van O.W.A. Forssman op 31.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Toe Henrique hierna tot die debat toegetree het, het hy Forssman daarop gewys dat daar wel Swartes was wat op grond gebly het wat hulle self gekoop het, maar hy het uit die oog verloor dat hierdie Swartes dieselfde belastings as die Blankes moes betaal. In die gevalle waar die Swartes op privaatgrond geplak het, is daar 'n betaling in die een of ander vorm van hulle geëis. In die res van Suid-Afrika is daar eers vir die Swartes grond opsy gesit en toe is hulle aangesê om 'n belasting te betaal. In Transvaal is daar geen grond vir die Swartes opsy gesit nie en tog is daar van hulle verwag om 'n belasting te betaal. Sodra daar met die invordering van die hutbelasting begin sou word sou hierdie aangeleentheid uit die aard van die saak baie sterk op die voorgrond getree het.

Met verwysing na Forssman se opmerkings oor die arbeidsvraagstuk, het Henrique saamgestem dat arbeid baie skaars was. Die feit egter dat die Regering van voorneme was om vir die eerste keer 'n algemene hutbelasting van die Swartes te vorder sou die Swartes verplig om te gaan werk. Indien die mense van Transvaal dieselfde lone aan die Swartes betaal het as wat op ander plekke die geval was, sou hulle in Transvaal werk gesoek het in plaas daarvan om 400 tot 500 kilometer ver te reis om elders te gaan werk. Gevolglik was hy van mening dat 'n bedrag van 10/- per hut heeltemal voldoende was wanneer die distansie in aanmerking geneem word wat die Swartes moes aflê om dié bedrag te gaan verdien.[227]

In sy bydrae tot die debat het die Koloniale Sekretaris, George Hudson, daarop gewys dat White se argumente met betrekking tot die onkoste wat nodig was om die hutbelasting in te vorder, nie steek gehou het nie. Dit was nie waar soos hy beweer het, dat die £16 000 vir 'n grenswag en die £5 900 vir die administrasie van die Swartes, begroot is om die onkoste vir die invordering van die hutbelasting te bestry nie.

Ter motivering van sy standpunt waarom die hutbelasting nie op £1 per hut vasgestel moes word nie, het die koloniale

---

227. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.15: Toespraak van H.C. Shepstone op 31.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sekretaris aangevoer dat daar in die eerste instansie 'n belofte met betrekking tot die bedrag wat per hut betaal moes word aan die Swartes gemaak is. Na sy oordeel was dit 'n verstandige en weloorwoë belofte en was hy dus ten gunste daarvan dat dit nagekom moes word. Tweedens, wanneer die bedrag op £1 vasgestel word, sou dit beteken het dat die Swartes twee maal so swaar as in die Kaapkolonie en in die Oranje-Vrystaat belas word. Afgesien hiervan moes daar ook in aanmerking geneem word dat die Swartes in die Kaapkolonie die voordeel van indiensneming op die publieke werke soos die spoorweë en hawens gehad het, terwyl daar as 'n reël ook vir die Swartes grond gegee is om op te woon. In die Transvaal, daarenteen, was daar op daardie stadium geen publieke werke nie en moes die Swartes as 'n reël 'n betaling in die een of ander vorm maak vir die grond waarop hulle gewoon het.

'n Verdere oorweging was volgens die koloniale sekretaris dat daar 'n sterk openbare mening bestaan het met betrekking tot alle wetgewing wat die Swartes geraak het. Hoewel die Wetgewende Vergadering die openbare mening kon ignoreer, het hy die raadsaamheid daarvan sterk betwyfel. Hy was oortuig daarvan dat as die lede van die Wetgewende Vergadering reg aan die begin van hulle wetgewende loopbaan in Transvaal, die Swartes by wyse van 'n direkte belasting, met 'n bedrag gaan belas waardeur die Transvaal 'n inkomste gaan verkry wat feitlik gelykstaande was aan die totale bedrag waarvoor daar begroot is, hulle met die teenkanting van die openbare mening in Engeland en in Suid-Afrika te doen sou kry. Onder hierdie omstandighede kon dit skaars oorweeg word om 'n maatreël aan te neem waarvolgens die Swartes buite verhouding belas sou word. Om so 'n maatreël aan te neem, sou slegs 'n algemene veroordeling van die Wetgewende Vergadering tot gevolg gehad het.[228]

In antwoord op die Sekretaris van Naturellesake en die koloniale sekretaris se argumente, het White aangevoer dat ofskoon die beskerming wat die Swartes onder die Zuid-Afrikaansche Republiek geniet het, nie baie groot was nie, daar

---

228. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, pp.15-16: Toespraak van Koloniale Sekretaris op 31.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

volgens die anneksasieproklamasie aan die Swartes gelyke regte met die Blankes verleen is. As dit dan die geval was, moes die Swartes op 'n gelyke grondslag met die Blankes tot die inkomste van die land bygedra het. Met verwysing na die opmerking dat die Swartes hoër lone in die Kaapkolonie as in die Transvaal ontvang het, het White beweer dat die lone in Transvaal hoër was as dié wat die Swartes op die publieke werke of by die boere in die Kaapkolonie verdien het. Op die diamantvelde was die Swartes se lone twee maal soveel as in die Kaapkolonie en "yet they were asking these poor natives to escape with 10s., because public opinion will be against us."[229] Hy wou dus weet of Transvaal self vir sy inkomste voorsiening moes maak en of die openbare mening vir die Transvaalse uitgawes sou betaal. Hy het verder aangevoer dat die Swartes wat die belasting in Transvaal moes betaal, die Swartmans was wat op die diamantvelde gaan werk het en waar hulle £1 per week verdien het. Wanneer hierdie Swartes weer na die Transvaal teruggekeer het, het hulle £50 of £60 in hulle besit gehad en dan word daar nog aan die Wetgewende Vergadering vertel dat 'n hutbelasting van 10/- per hut te veel was vir die beskerming wat aan die Swartes verleen word.[230] In soverre dit die beskerming van die Swartes betref, het White die volgende dag verklaar dat as hulle nie 'n belasting van £1 wil betaal vir die beskerming wat hulle van die Regering ontvang het nie, dan het die groot onbewerkte landstreek ten noorde van die Transvaal vir hulle oopgelê. Solank as wat hy lid van die Wetgewende Vergadering was, sou hy enige poging teenstaan "to convert the Transvaal Province into a nursery for natives."[231]

In sy deelname aan die debat het die Prokureur-generaal, C.G. Maasdorp, te kenne gegee dat hy ten gunste van 'n belasting van 10/- per hut was. Omdat daar tot in daardie stadium nog geen belasting deur die Britse regering van die Swartes gevorder is nie, was die 10/- wat per hut opgelê word, 'n nuwe belasting en was daar dus geen sprake van 'n vermindering van belasting nie. Gevolglik het hy 'n belasting van 10/- per

---

229. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.16: Toespraak van C.K. White op 31.3.1880.

230. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, pp.16-17: Toespraak van C.K. White op 31.3.1880.

231. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.19: Toespraak van C.K. White op 1.4.1880.

hut op grond van twee redes gesteun. In die eerste instansie omdat die Regering vasbeslote was om sy belofte teenoor die Swartes met betrekking tot die bedrag wat aan 'n hutbelasting betaal moes word uit te voer. Tweedens, omdat 'n belasting van 10/- per hut 'n billike en behoorlike belasting was. In dié verband het hy aangevoer dat wanneer daar gekyk word na die uitgestrektheid van die Transvaal, die afstand wat 'n groot deel van die Swartbevolking van die arbeidsmark af gewoon het en die lone wat in vergelyking met dié van Transvaal, elders aan die Swartes betaal word, dan was 'n belasting van 10/- per hut die hoogste bedrag wat gevra kon word.[232]

Met verwysing na die prokureur-generaal se opmerking dat die beoogde 10/- hutbelasting 'n nuwe belasting was en daar gevolglik geen sprake van 'n vermindering van belasting was nie, het White verduidelik dat in die dae van die Zuid-Afrikaansche Republiek die belasting wat deur die Swartes betaal moes word, £2-2-6 per jaar beloop het - 'n bedrag waarmee Henrique saamgestem het maar wat slegs van toepassing was op Swartmans ouer as 20 jaar.[233] Hoewel die Zuid-Afrikaansche Republiek nie in 'n posisie was om hierdie belasting te kon invorder nie, was die wette waarvolgens hierdie belasting opgelê is, ten spyte van die anneksasie van die Transvaal, nog steeds van krag. Hoewel die Engelse regering na die Transvaal toe gekom het om hierdie wette ten uitvoer te bring, is daar 'n liberale vermindering aan belasting van £2-2-6 tot £1 aan die Swartes toegestaan. In die lig hiervan wou White vervolgens weet watter vermindering in belasting aan die Blankes toegestaan is.[234]

In antwoord hierop het die koloniale sekretaris daarop gewys dat ofskoon die Regering vir slegs £35 000 aan direkte belasting van die Swartes begroot het, dit nietemin in verhouding

---

232. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.17: Toespraak van die Prokureur-Generaal op 31.3.1880.

233. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.17: Opmerking van H.C. Shepstone op 31.3.1880.

234. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.17: Toespraak van C.K. White op 31.3.1880.

'n aansienlike bydrae tot die algemene inkomste sou wees. Hierbenewens moes daar in gedagte gehou word dat, gesien in die lig van die Swartes se getalle, hulle op verskillende ander wyses tot die staat se inkomste bygedra het. Die Swartes het byvoorbeeld tee, koffie en ander artikels gekoop en het hulle sodoende tot die indirekte belasting van die Transvaal bygedra.[235]

In 'n hoofdelike stemming wat hierna gehou is, is daar met sewe stemme teenoor vier besluit om die wetsontwerp so te wysig dat 'n hutbelasting van 10/- in plaas van £1 per jaar per hut gehef word.[236] Terselfdertyd is die toestemming van die Wetgewende Vergadering gevra om die volgende dag die behandeling van die wetsontwerp voort te sit.[237]

Toe die Wetgewende Vergadering sy werksaamhede op 1 April voortgesit het, is daar op voorstel van Henrique 'n aantal woordelikse veranderings in die wetsontwerp teweeggebring.[238] Hoewel in die wetsontwerp voorsiening gemaak is vir die aanstelling van persone om die hutbelasting in te vorder, is daar egter geen voorsiening gemaak vir die bestryding van die onkoste verbonde aan die invordering nie.[239] Hierdie onkoste het onder andere ingesluit die reisonkoste van die insamelaars, die onkoste om die belasting in te vorder by die Swartes wat in afgeleë gebiede gewoon het en nie hulle belasting by die Naturellekommissaris se kantoor kon kom betaal nie en die koste om die ingevorderde belasting Pretoria toe te neem.[240] Om vir hierdie uitgawes voorsiening te maak, het

---

235. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.17: Toespraak van die Koloniale Sekretaris op 31.3.1880.

236. EVR 20: Sitting op 31.3.1880, art. 13; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, pp.13 en 17: Sitting op 31.3.1880.

237. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.13; Sitting op 31.3.1880.

238. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.18: Sitting op 1.4.1880.

239. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure I : Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ..., Vergadering op 18.3.1880, bespreking van art. 6 van die wet.

240. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.19: Toespraak van die Koloniale Sekretaris op 1.4.1880.

Henrique in opdrag van Lanyon voorgestel dat by die betrokke artikel 'n bepaling in dié verband bygevoeg word. Hiervolgens sou die onkoste verbonde aan die insameling van die hutbelasting uit die algemene inkomste bestry word, met dien verstande egter, dat hierdie uitgawes nie 5% sou oorskry van die totale bedrag wat aan hutbelasting ingevorder word nie.[241]

Afgesien van enkele besware wat die heer White op totaal verkeerde veronderstellings teen hierdie voorstel geopper het, is dit sonder enige verdere probleme deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur.[242]

'n Verdere bepaling in die wetsontwerp wat deur die Gekose Komitee opgestel is, het bepaal dat 'n Swarte wat Transvaal van buite af binnegekom het, in besit van 'n pas moes wees.[243] Die Gekose Komitee het egter geen voorsiening gemaak vir enige strafmaatreël in geval van 'n oortreding van hierdie bepaling nie. Ten einde hierdie leemte aan te vul, het die Wetgewende Vergadering in 'n byvoeging tot hierdie bepaling vir die nodige strafmaatreëls voorsiening gemaak.[244]

Volgens die wetsontwerp het die administrateur of die amptenaar wat die landsbestuur tydelik waargeneem het, die bevoegdheid verkry om in geval van wanbetaling of die ontduiking van enige bepaling van hierdie wet, met die advies van die Uitvoerende Raad sodanige strawwe op te lê as wat hy nodig mag ag.[245] In die wetsontwerp is egter nie voorsiening gemaak vir die spesifieke strafmaatreëls wat opgelê kon word nie. Gevolglik is daar 'n byvoeging gemaak waarvolgens die strafmaatreëls wat in hierdie opsig opgelê kon word, duideliker omskryf is.[246]

---

241. EVR 20: Sitting op 1.4.1880, art. 9; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.18: Voorstel van H.C. Shepstone op 1.4.1880.

242. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, pp. 18-19: Sitting op 1.4.1880.

243. SS493, R5367/80: Report of Select Committee appointed by ... The ... House of Assembly ... on the 15th March, 1880 ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure I : Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ..., Vergadering op 18.3.1880, bespreking van art. 7 van die wet.

244. EVR 20 : Sitting op 1.4.1880, art. 9.

245. SS493, R5367/80: Report of Select Committee appointed by ... the ... House of Assembly ... on the 15th March 1880 ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Annexure I : Transvaal. Minutes of Proceedings of a Select Committee of the Legislative Assembly ...,Vergadering op 18.3.1880, bespreking van art. 9 van die wet.

246. EVR 20: Sitting op 1.4.1880, art. 9.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 6 April is die wetsontwerp[247] vir die derde keer gelees en as Wet No. 6 van 1880 deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur.[248]

7. Wet No. 6 van 1880

In die aanhef word die doel van Wet No. 6 van 1880[249] omskryf as om die wette en besluite wat die Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot die belasting van die Swartes aangeneem het, in sekere opsigte te verander en te wysig en vir die oplegging van 'n algemene en eenvormige belasting op die Swartes se hutte en wonings voorsiening te maak. Verder, om voorsiening te maak vir die oplegging van sekere kantoorgelde op dié Swartes wat deur die Transvaalse gebied sou reis of binne die grense van Transvaal sou rondreis.[250] Ooreenkomstig hierdie bepaling word gevolglik alle besluite en wette van die

---

247. SS413, R1521/80: Draft of A Bill " To alter and amend in certain respects, certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic, and to alter the present rate of Taxation upon Natives ...," Introduced into the ... House of Assembly by Mr. Forssman, and read a first time on the 23rd March, 1880.

248. EVR 20 : Sitting op 6.4.1880, art. 7; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.24 : Sitting op 6.4.1880.

249. ZAR 56, Transvaal Government Gazette (Buitengewoon), 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, Law " To alter and amend in certain respects, certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the Late South African Republic, and to alter the present rate of Taxation upon Natives in this Province", Inleiding; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 748-751: Wet No. 6, 1880, Wet "Om zekere Wetten en Besluiten door den Volksraad van de Zuid-Afrikaansche Republiek gepasseerd te veranderen en te amenderen, en om het tegenwoordig bedrag van Belasting op de Naturellen deze Provincie te veranderen, Inleiding. Vir die bespreking van die wet, is daar van die Engelse teks gebruik gemaak.

250. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, Inleiding; Vgl. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.748: Wet No. 6, 1880, Inleiding. In die Engelse teks van die wet word geen melding gemaak van kantoorgelde wat op passe gehef sou word nie. Die Nederlandse vertaling van die wet lui egter soos volg: " ... om zekere Kantoorpenningen te heffen op Passen aan Inboorlingen toegekend die door deze Provincie passeren of in deze provincie reizende". Sien ook Nederlandse vertaling van Wet No. 6, 1880 in die Transvaal Government Gazette, 16.4.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zuid-Afrikaansche Republiek, in soverre as wat hierdie wette en besluite strydig was met die bepalings van Wet No. 6 van 1880, herroep. In die besonder word Wet no. 4 van 1873[251] en sekere artikels van Wet No. 3 van 1876[252] herroep[253].

Kragtens Wet No. 6 van 1880 word daar voorsiening gemaak vir die heffing van 'n jaarlikse belasting van 10/- op elke hut of woning wat deur 'n Swarte bewoon word. Daar word bepaal dat 'n hutbelasting van 10/- vir die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 1880 gehef sou word. Die belasting vir 1880 sou betaalbaar wees te enigertyd op of na 'n datum wat deur middel van 'n proklamasie deur die administrateur of die amptenaar wat die Regering waargeneem het, bepaal sou word.[254]

Vanaf 1 Januarie 1881 en vir elke daaropvolgende jaar sou 'n jaarlikse hutbelasting van 10/-[255] betaalbaar wees ten opsigte van elke hut of woning wat deur 'n Swarte bewoon word. Die belasting sou ingevorder word op en na 1 Januarie van elke jaar, op 'n datum soos deur die administrateur of die amptenaar wat die Regering waargeneem het, gelas mag word.[256]

Wanneer die twee voorafgaande artikels, dit wil sê artikels 3 en 4, in oënskou geneem word, dan wil dit voorkom asof artikel 4 eintlik onnodig was, aangesien die bepalings van die artikel net sowel onder artikel 3 tuisgebring kon gewees het. Die rede waarom dit nie gedoen is nie, moet waarskynlik gesoek word in die feit dat Wet No. 6 van 1880 eers in April op die

---

251. F. Jeppe en J.G. Kotzé(reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 480-482: Wet No. 4, 1873.

252. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.662-668: Wet No. 3, 1876.

253. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 1 - 2; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.748: Wet No. 6, 1880, art. 1-2.

254. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 3; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.749 : Wet No. 6, 1880, art. 3.

255. Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.749: Wet No. 6, 1880, art. 4. In hierdie artikel word die bedrag verkeerdelik as £1 per hut aangedui. Dieselfde fout word gemaak in die Nederlandse vertaling van die wet soos gepubliseer in die Transvaal Government Gazette van 16.4.1880.

256. ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No.6, 1880, art. 4; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten .., 1849-1885, p.749: Wet No. 6, 1880, art. 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wetboek geplaas is. Gevolglik kon die hutbelasting vir 1880 nie soos dié vanaf 1881 op of na 1 Januarie ingevorder word nie en was 'n aparte artikel dus nodig om vir die invordering van die hutbelasting van 1880 voorsiening te maak.

Die hutbelasting waarvoor hierdie wet voorsiening gemaak het, moes betaal word deur die Swarte wat gedurende die betrokke belastingjaar of ten tye van die invordering van die belasting 'n hut of woning bewoon, gebruik of daarop aanspraak gemaak het. Die belasting moes betaal word deur die Swarte wat aanspreeklik was daarvoor, aan 'n amptenaar wat gemagtig was om die belasting in te vorder.[257] Belasting moes betaal word op 'n datum en plek soos deur die administrateur vir die doel bepaal sou word.[258]

Ten einde voorsiening te maak vir die invordering van die hutbelasting, is die administrateur met die bevoegdheid beklee om van tyd tot tyd persone vir die doel aan te stel. Die onkoste verbonde aan die invordering van die hutbelasting, sou uit die algemene inkomste van Transvaal bestry word, met dien verstande egter dat die onkoste nie meer as 5% van die totale bedrag wat ingevorder word,sou beloop nie.[259]

Om te verseker dat die bepalings van hierdie wet uitgevoer word, is die administrateur met die bevoegdheid beklee om met die advies van die Uitvoerende Raad sodanige reëls en regulasies op te stel en orders uit te reik as wat nodig geag word. In die geval van wanbetaling of 'n ontduiking van enige bepaling van die wet, het die administrateur weer die bevoegdheid gehad om boetes en strawwe op te lê soos wat deur die omstandighede vereis mag word. Verder kon die administrateur met die advies van die Uitvoerende Raad, van tyd tot tyd reëls, regulasies en orders wysig, verbeter of vernietig. Sodanige

---

257. Vergelyk inligting by voetnoot 275.

258. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 5; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p. 749 : Wet No. 6, 1880, art. 5.

259. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 9; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 9.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wysigings sou beskou word as dieselfde regskrag te besit asof dit in die wet bepaal was en deel van die wet uitgemaak het. In geval van 'n oortreding of nie-nakoming van hierdie reëls, regulasies of orders, kon 'n boete van hoogstens £10 of 'n gevangenisstraf, met of sonder harde arbeid, van hoogstens drie maande opgelê word.[260]

Die feit dat die Transvaalse Swartes kragtens Wet No. 6 van 1880 'n hutbelasting slegs van 1880 af moes betaal, het daarop neergekom dat hulle vrygestel is van enige agterstallige belasting. Daar is gevolglik aangevoer dat ofskoon die Swartes vir drie jaar lank geen belasting betaal het nie, daar nietemin elke dag druk op die Blankes uitgeoefen word om hulle belasting te betaal.[261] "One could almost wish to turn Kaffir in these hard-up times", het De Volksstem se korrespondent van Rustenburg af geskryf knap nadat Henrique Shepstone met die invordering van hutbelasting daar begin het, "for they in reality live on the fat of the land, and promises made to them by the white man seem to be kept and carried out, more so than those made between white and white."[262]

'n Verdere bepaling van Wet No. 6 van 1880 wat nie almal tevrede gestel het nie, was die feit dat hierdie wet slegs vir 'n hutbelasting van 10/- voorsiening gemaak het en dit gevolglik geensins daartoe sou bydra om die Swartes aan te moedig om by die Blankes in diens te tree nie. In dié verband is daar aangevoer dat aangesien dit gewoonweg slegs getroude Swartes was wat verantwoordelikheid vir 'n hut aanvaar het, die heffing van net 'n hutbelasting dus eintlik daarop neergekom het dat net hierdie mense voortaan belasting sou betaal. Dit en die feit dat die Swartes eers getrou het wanneer hulle tussen 25 en 30 jaar oud was, sou dus tot gevolg hê dat die jong Swartes geen belasting sou betaal nie en slegs leeglopery en diefstal in die hand sou werk.[263]

---

260. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 9; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 9.

261. De Volksstem, 22.6.1880 (De Transvaal onder Engelsch Bestuur. Brief van Zonder Rust).

262. De Volksstem, 8.5. 1880 (Rustenburg).

263. De Volksstem, 22.6.1880 (De Transvaal onder Engelsch Bestuur. Brief van Zonder Rust).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sowat veertien dae nadat die Wetgewende Vergadering Wet No. 6 van 1880 aangeneem het, het Lanyon 'n afskrif daarvan saam met die prokureur-generaal se verslag daaroor vir goedkeuring eers deur Wolseley as Hoë Kommissaris vir Suidoos-Afrika en daarna deur die Britse kroon, aan Wolseley wat hom op daardie stadium in Durban bevind het, voorgelê. In 'n meegaande skrywe het Lanyon te kenne gegee dat die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek wat deur hierdie wet herroep is, 'n belasting op die Swartes gelê het wat in vergelyking met die belasting wat deur die Blanke inwoners van die Transvaal betaal moes word, ongelyk en onderdrukkend was. Hierdie stand van sake tesame met die onvermoë van die Zuid-Afrikaansche Republiek om vanweë sy inherente swakheid hierdie wette toe te pas, het tot gevolg gehad dat hulle vir alle praktiese doeleindes nooit in werking gestel is nie. Die gevolg hiervan was dat die Swartes tot op daardie stadium nog feitlik niks tot die finansiële ondersteuning van die Regering bygedra het nie. Die hutbelasting van 10/- waarvoor Wet No. 6 van 1880 voorsiening gemaak het, was dus nie slegs 'n geregverdigde nie, maar 'n baie billike belasting. Hoewel die Swartes in die Kaapkolonie en in Griekwaland-Wes ook 10/- per hut belasting per jaar betaal het, het dié belasting in Natal 14/- per hut bedra. Volgens Lanyon was die Swartes van Transvaal welvarend genoeg en gevolglik meer as die Swartes in die aangrensende kolonies in staat om 'n hutbelasting van 10/- per hut per jaar te betaal.[264]

In sy verslag oor Wet No. 6 van 1880, het die Prokureur-generaal, W.B. Morcom, daarop gewys dat hierdie maatreël aan die Wetgewende Vergadering voorgelê is met die doel om die bedrag vas te stel wat deur die Swartes ter ondersteuning van die Regering van die Transvaal, aan belasting betaal moes word. Verder het hy 'n uiteensetting gegee van die belasting waarvoor Wet No.4 van 1873 en Wet No. 3 van 1876 voorsiening gemaak het. Eweas Lanyon het hy aangevoer dat hierdie wette sedert hulle deur die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek op die

---

264. M419, CO 291/5, Transvaal No. 7752, Ordinance No. 6/1880, To alter the Taxation of Natives, Bylaag No. 1: W.O. Lanyon - G. Wolseley, Pretoria, 19.4.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wetboek geplaas is, 'n dooie letter was. Gevolglik is die ter saaklike dele van hierdie wette herroep en deur Wet No. 6 van 1880 - waarvan hy die werking kortliks verduidelik het - vir 'n nuwe belastingbedeling voorsiening gemaak. Volgens Morcom kon koninklike goedkeuring aan dié wet verleen word.[265]

Nadat Wolseley hierdie stukke ontvang het, het hy dit vir koninklike goedkeuring aan die Minister van Kolonies in Londen gestuur.[266] Afgesien van enkele woordveranderings en -byvoegings aan 'n artikel wat op die betaling van hutbelasting[267] en op die bepalings in verband met die doeltreffende uitvoering[268] van die wet betrekking gehad het, het die Minister geen verdere beswaar teen enige bepalings van Wet No. 6 van 1880 in verband met die heffing van 'n hutbelasting gehad nie. Dit was egter nie die geval met die bepalings van dié wet in soverre dit die uitreiking van passe betref nie. Hoewel die Minister nie by die koningin aanbeveel het dat die wet afgekeur moes word nie,[269] het hy nietemin, soos later aangetoon sal word[270] ernstige beswaar teen sowel sekere beginsels as detail van die bepalings met betrekking tot die uitreiking van passe gehad.

---

265. SP382, pp.86-90: Report upon Law No. 6 of 1880 entitled Law "To alter and amend in certain respects certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the South African Republic, and to alter the present rate of taxation upon natives in this Province", opgestel deur W.B. Morcom, 19.4.1880; M419, CO 291/5, Transvaal No. 7752,Ordinance No. 6/1880, To alter the Taxation of Natives, Bylaag No. 2: Report upon Law No. 6 of 1880 ..., opgestel deur W.B. Morcom, 19.4.1880;

266. M419, CO 291/5, Transvaal No.7752, Ordinance No. 6/1880, To alter the Taxation of Natives : G. Wolseley - Secretary of State for the Colonies, Durban, 26.4.1880.

267. Artikel 6 van die wet.

268. Artikel 9 van die wet.

269. M419, CO 291/5, Transvaal No. 7752, Ordinance No. 6/1880, To alter the Taxation of Natives: Ongetekende konsepskrywe van Secretary of State - W.O. Lanyon, 22.7.1880. Dié brief is wel deur die Transvaalse regering ontvang, maar kon nie teruggevind word nie. Sien in dié verband SS8517, R3614/80: Secretary of State - W.O. Lanyon, Londen, 22.7.1880; SP262, p.106: Aantekening op 17.9.1880.

270. Sien Hoofstuk 4, Afd. 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8. Reëls, Regulasies en Orders

Na die aanname van Wet No. 6 van 1880 op 6 April 1880, het die Sekretaris van Naturellesake, George Hudson, die Koloniale Sekretaris, meegedeel dat die wet nie in die eerste buitengewone Staatskoerant gepubliseer moes word nie.[271] Die rede hiervoor was waarskynlik dat daar eers uitvoering aan artikel 9 van die wet gegee moes word. Trouens, die feit dat hierdie wet en die reëls, regulasies en orders wat kragtens artikel 9 opgestel is, in dieselfde buitengewone Staatskoerant gepubliseer is, versterk die vermoede dat dit wel die geval was.

Kragtens hierdie artikel is die administrateur met die bevoegdheid beklee om met die advies van die Uitvoerende Raad, die nodige reëls en regulasies op te stel, orders uit te reik en strafmaatreëls te bepaal ten einde te verseker dat die bepalings van Wet No. 6 van 1880 uitgevoer word.[272] Aangesien die notules van die Uitvoerende Raad van die Tussenregering ontbreek, kan nie vasgestel word wanneer die administrateur en die Uitvoerende Raad die aangeleentheid in oorweging geneem het nie. Die feit egter dat hierdie reëls, regulasies en orders op 15 April deur Henrique Shepstone onderteken is,[273] dui daarop dat die Uitvoerende Raad hierdie aangeleentheid tussen 6 en 15 April in behandeling moes geneem het.

---

271. SS413, R1521/80: Nota van H.C. Shepstone - G. Hudson, g.d., ongeveer 6.4.1880.

272. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 9; F. Jeppe en J.G. Kotze (reds.) : De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 9.

273. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Proklamasie van W. Owen Lanyon, 15.4.1880 waarby Rules, Regulations, and Orders framed under the 9th Section of Law No. 6, 1880, op las van H.C. Shepstone, Sekretaris van Naturellesake, 15.4.1880. 'n Nederlandse vertaling van hierdie Regels, Regulaties, en Orders, opgesteld onder de Negende afdeeling van Wet No. 6, 1880, het in dieselfde Staatskoerant verskyn; Sien ook F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885,pp. 751-752: Proklamasie van W. Owen Lanyon, 15.4.1880 waarby Regels, Regulaties en Orders, opgesteld onder de Negende Afdeeling van Wet No.6, 1880, Op las van H.C. Shepstone, Sekretaris van Naturellesake, 15.4.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens hierdie reëls, regulasies en orders is bepaal dat die administrateur of die amptenaar wat die Regering tydelik waargeneem het, elke jaar die datum sou vasstel wanneer die hutbelasting ingevorder moes word waarvoor Wet No. 6 van 1880 voorsiening gemaak het. Minstens 'n maand voordat die beoogde invordering 'n aanvang sou neem, sou die administrateur deur bemiddeling van die Sekretaris van Naturellesake, die verskillende ontvangers van die datum in kennis stel.[274]

Op ontvangs hiervan moes die betrokke ontvanger onverwyld al die Swartkapteins en hoofmanne in sy distrik in kennis stel dat hy op 'n sekere dag of dae, so na as moontlik aan die datum wat deur die administrateur vir die invordering van die hutbelasting bepaal is, op 'n bepaalde plek sou wees om die belasting te in. Die kapteins en hoofmanne moes verder aangesê word om saam met hulle volk dan en daar teenwoordig te wees ten einde hulle belasting te betaal.[275]

Die belasting wat van die Swartes gevorder moes word, was 10/- vir elke hut of woning, met dien verstande egter dat 'n hut of woning net deur een vrou bewoon word. Hierdie belasting moes deur die bewoner of eienaar van die hut betaal word en, indien moontlik, deur bemiddeling van of in die teenwoordigheid van die kaptein of hoofman.[276] Belastings, moes binne 'n maand vanaf die datum waarop die kapteins en hoofmanne van die invordering in kennis gestel

---

274. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Rules, Regulations, and Orders ..., art. 1; F.Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.752: Regels, Regulaties en Orders ..., art. 1.

275. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Rules, Regulations, and Orders ..., art. 2; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.752: Regels, Regulaties en Orders..., art. 2.

276. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Rules, Regulations, and Orders ..., art. 3; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.752: Regels, Regulaties en Orders ..., art. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is, betaal word.[277] 'n Eienaar of bewoner van 'n hut wat nie hieraan gehoor gee nie, stel hom, bo en behalwe die betaling van die gewone hutbelasting, bloot aan 'n boete van 1/- vir elke hut of woning waarvoor nie betaal is nie.[278]

In geval 'n deel van 'n stam in een distrik en die res van die stam in 'n ander distrik gewoon het, moes die kaptein of die hoofman sy opwagting by die ontvanger maak, saam met die deel van die stam wat in dieselfde distrik as die kaptein gewoon het. In soverre dit die deel van die stam betref wat in die ander distrik gewoon het, kon die kaptein 'n indoena of 'n onderkaptein wat by die deel van die stam gewoon het, afvaardig om die kaptein by die ontvanger in die ander distrik te verteenwoordig.[279]

By wanbetaling of in geval van 'n ontduiking van die bepalings van Wet No. 6 van 1880, het die ontvanger die bevoegdheid gehad om die saak te ondersoek en summier af te handel. Vir elke oortreding kon 'n boete van hoogstens £10 of gevangenisstraf met of sonder harde-arbeid, van hoogstens drie maande, opgelê word. In geval 'n kaptein of 'n hoofman 'n misdryf in diê opsig begaan, kon die ontvanger nie 'n boete oplê nie, alvorens die handelinge in die saak nie eers aan die Sekretaris van Naturellesake voorgelê en die vonnis deur hom bekragtig is nie. Kapteins en hoofmanne kon ook nie gevangenisstraf opgelê word nie.[280] Indien die ontvanger egter oor voldoende bewyse beskik het dat 'n kaptein of 'n hoofman bewus was van enige wanbetaling of wetsontduiking en dit oogluikend toegelaat het,

---

277. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Rules, Regulations and Orders ... art. 4; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.752-753: Regels, Regulaties en Orders ..., art. 4.

278. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Rules, Regulations, and Orders ..., art. 5, F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.753; Regels, Regulaties en Orders ..., art. 5.

279. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Rules, Regulations, and Orders ..., art. 6; F.Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.753: Regels, Regulaties en Orders ..., art. 6.

280. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Rules, Regulations and Orders ..., art. 7; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.753: Regels, Regulaties en Orders ..., art. 7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kon hy so 'n kaptein of hoofman dan en daar 'n boete van hoogstens £10 oplê. Die boete sou egter nie afgedwing kon word alvorens die saak nie eers na die Sekretaris van Naturellesake verwys is en deur hom bekragtig is nie.[281]

9. Die inwerkingstelling van Wet No. 6 van 1880

Kragtens die bepalings van Wet No. 6 van 1880 is aan die administrateur die bevoegdheid verleen om die datum te bepaal waarop die hutbelasting vir 1880 betaalbaar sou wees.[282] Ooreenkomstig hierdie bepaling is daar besluit dat die hutbelasting waarvoor hierdie wet voorsiening gemaak het vanaf 15 April 1880 betaalbaar was.[283] Gevolglik het Henrique in opdrag van Owen Lanyon, nog dieselfde dag die landdroste van Heidelberg Standerton, Wakkerstroom, Utrecht, Potchefstroom, Marico, Middelburg, die Kommissaris van Lichtenburg en die kommissaris en regeringsagent op die Swazigrens, as ontvangers van die hutbelasting aangestel. Aan elkeen van hulle is 'n kopie gestuur van sowel Wet No. 6 van 1880 as die Reëls, Regulasies en Orders wat kragtens die bepalings van dié wet opgestel is. Terselfdertyd is hulle opgedra om sonder verwyl met die invordering van die hutbelasting in hul onderskeie distrikte te begin.[284]

---

281. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Rules, Regulations, and Orders ..., art. 8; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.753: Regels, Regulaties en Orders ..., art. 8.

282. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 3; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.749: Wet No. 6, 1880, art.3.

283. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Proklamasie van W. Owen Lanyon, 15.4.1880; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.754: Proklamasie van W. Owen Lanyon, 15.4.1880.

284. SN102, pp.949-950: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Landdros Heidelberg, Standerton, Wakkerstroom, Utrecht, Potchefstroom, Marico, Middelburg, Kommissaris van Lichtenburg, Kommissaris en Regeringsagent, Swazigrens, Pretoria, 15.4.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afgesien van die bogenoemde stukke het Henrique die landdroste en Naturellekommissarisse wat as ontvangers van die hutbelasting aangestel is, ook van 'n aantal instruksies met betrekking tot die invordering daarvan voorsien.[285] Hierdie instruksies is reeds teen die einde van Maart 1880 opgestel en daarna aan Lanyon vir oorweging voorgelê.[286] Aangesien sommige van hierdie instruksies basies dieselfde is as sekere bepalings van die reëls, regulasies en orders, wil dit voorkom asof enkele van die instruksies as grondslag vir die opstel van die reëls, regulasies en orders gedien het.[287] In die behandeling van hierdie instruksies sal daar gevolglik slegs aandag bestee word aan dié instruksies wat nie reeds in dié stuk opgeneem is nie.

Volgens hierdie instruksies het Henrique die verskillende landdroste en Naturellekommissarisse meegedeel dat die administrateur gelas het dat hulle onverwyld met die invordering van die hutbelasting vir 1880 in hulle onderskeie distrikte moes begin. Die Swartes moes onmiddellik hiervan in kennis gestel word en moes die nodige stappe geneem word om met die invordering voort te gaan. In die vervolg egter sou hulle elke jaar kort voor die datum waarop besluit is, aangesê word om die verskillende Swartkapteins en hoofmanne hiervan te verwittig. Sodoende sou die Swartes hulle gereed kon maak om hulle belasting te betaal wanneer op die bepaalde datum met die invordering daarvan begin word.[288]

---

285. SN102, pp. 949-950: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Landdros Heidelberg ....., Pretoria, 15.4.1880.

286. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880; SN 3, N113/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 23.3.1880.

287. Sien in die verband o.a. artikels 2, 3, 4, 5 en 18 van Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

288. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 1 en 2, opgestel deur H.C. Shepston, g.d., ongeveer Maart 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Henrique het verder daarop gewys dat hierdie instruksies op sowel die Swartes wat op regeringsgrond as dié wat op privaatgrond gewoon het, van toepassing was. Aangesien geen agterstallige belasting ingevorder sou word nie, moes slegs 'n belasting vir 1880 by die Swartes geïn word. Die belasting moes in kontant betaal word, maar indien die ontvanger van mening was dat stiptelike toepassing van hierdie reël ongerief vir die betrokke Swartes tot gevolg mag hê, kon die betaling in goedere gemaak word.[289] In sulke gevalle moes die goedere egter teen 'n prys aangeneem word wat laag genoeg was om te voorkom dat die Regering by die te gelde maak daarvan enige verlies sou ly. Onder geen omstandighede moes die waarde van vee wat as betaling aangebied word, die verskuldigde bedrag te bowe gaan nie. Indien die waarde van die vee meer was as die bedrag wat aan belasting betaal moes word, moes die verskil nie in kontant uitbetaal word nie, maar moes die betaler met 'n ander betaler 'n reëling met betrekking tot die verskil tref. Die Swartes moes verder meegedeel word dat in die vervolg slegs kontant as betaling aangeneem sou word. Indien beeste, skape, perde,ensovoorts in plaas van kontant as betaling aangeneem word, moes hierdie dier by die eerste geskikte geleentheid vir die Regering se rekening verkoop word. Waar en die wyse waarop die vee verkoop moes word, sou aan die diskresie van die ontvanger oorgelaat word.[290]

Nadat die invordering van die hutbelasting vir ongeveer 'n maand lank aan die gang was, is hierdie opdrag egter gewysig. In 'n rondskrywe aan die ontvangers van die hutbelasting is opdrag gegee dat waar belasting met goedere betaal word, die vee nie deur die ontvangers verkoop moes word nie. Navraag moes eers by die Sekretaris van Naturellesake gedoen word om te verneem hoe die administrateur wou hê die vee van die hand gesit moes word.[291]

---

289. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 6, 7 en 8, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

290. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 9 en 10, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

291. SN102, p.990: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Ontvangers van Hutbelasting, Pretoria. 24.5.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die instruksies het verder bepaal dat die kaptein of die hoofman vir die behoorlike betaling van sy volk verantwoordelik was. Gevolglik moes die kaptein of die hoofman teenwoordig wees wanneer die hutbelasting ingevorder word. Verder was hulle verplig om enige belastingontduiking onder die aandag van die ontvanger te bring.[292] In geval 'n kaptein of hoofman te kenne sou gee dat sy stam of 'n deel van sy stam nie in staat was om hulle belasting te betaal nie, moes dit en die rede waarom hulle nie kon betaal nie, onverwyld aan die Sekretaris van Naturellesake gerapporteer word.[293]

Aan die hoof van elke gesin, die bewoner of die eienaar van 'n hut of 'n woning, moes 'n kwitansie uitgereik word vir die bedrag wat van hom ontvang is en die aantal hutte waarvoor hy belasting betaal het. Waar 'n hut deur 'n weduwee of bejaardes bewoon is, moes die belasting op sodanige hutte deur die naaste manlike bloedverwant betaal word.[294] Aan die Swartes moes ook verduidelik word dat van hulle vereis sou word om hulle kwitansies te toon wanneer hulle hul belasting vir die volgende jaar moes betaal.[295] Met die oog op die uitreiking van kwitansies sou elke ontvanger van die nodige gedrukte kwitansieboeke voorsien word.[296]

Van 'n landdros en 'n Naturellekommissaris wat as 'n ontvanger van hutbelasting aangestel word, is daar verwag om sy hele distrik, maar veral die afgeleë dele daarvan, te deurreis.[297]

---

292. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 15, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

293. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 19, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

294. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 11 en 12, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

295. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 16, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

296. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 14, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

297. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 17, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

Terselfdertyd moes hy probeer vasstel of daar enige gerugte in omloop was wat onrus onder die Swartes kon veroorsaak. Indien daar wel sulke gerugte bestaan het, moes die ontvanger poog om dit uit die wêreld te maak en so spoedig moontlik verslag daaromtrent aan die Sekretaris van Naturellesake doen. Enige saak van algemene belang wat onder sy aandag mag kom, moes eweneens by die Sekretaris van Naturellesake ter inligting van die administrateur, aangemeld word.[298]

'n Verdere aantal instruksies het hoofsaaklik in verband gestaan met die administratiewe pligte wat deur die ontvangers van hutbelasting nagekom moes word. Elke ontvanger moes sorg dra dat die kwitansies en teenbladstrokies behoorlik ingevul en genommer word[299] en dat maandeliks van die belasting wat ingevorder word, aan die Sekretaris van Naturellesake en die tesourier verslag gedoen word. Ook moes elke ontvanger 'n joernaal aanlê waarin afsonderlik aangetoon word die aantal hutte wat elke kaptein of hoofman besit het, die bedrag wat hulle aan belasting betaal het en die datum waarop die belasting van hulle gevorder is.[300] Ten einde die onkoste te bestry wat 'n ontvanger en sy tolk met die invordering van die hutbelasting mag aangaan, sou hulle £1 per dag vir die huur van 'n wa toegelaat word. Die toelaag sou egter slegs toegestaan word vir 'n tydperk wat as redelik vir die invordering van die hutbelasting beskou word. Aangesien geen addisionele toelae toegestaan sou word nie, moes alle uitgawes uit hierdie bedrag bestry word.[301]

Soos reeds gemeld, het Henrique in sy verslag wat hy in Desember 1879 met betrekking tot die invordering van hutbelasting opgestel het, aangevoer dat die Swartes met die eerste algemene invordering van 'n hutbelasting in Transvaal, behoorlik

---

298. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 20, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

299. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 13, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

300. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 21, 22 en 23, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

301. SN3, N113/80: Instructions to Landdrosts and Native Commissioners for the collection of Native Hut Tax, art. 25 en 26, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., ongeveer Maart 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ingelig moes word op grond waarvan 'n hutbelasting van hulle gevorder word. In sy openingsadres in die Wetgewende Vergadering in Maart 1880 het Lanyon wel 'n aanduiding gegee waarom van die Swartes verwag kon word om 'n hutbelasting te betaal. In die distrikte waar Henrique die belasting ingevorder het, het hy die aangeleentheid aan die Swartes verduidelik.[302] Die eienaardige is egter dat hy geen opdrag in dié verband aan die ontvangers van die hutbelasting gegee het nie.

Volgens 'n bepaling van Wet No. 6 van 1880 sou die wet in werking tree en van krag wees vanaf die bekendstelling daarvan in die Staatskoerant.[303] Ooreenkomstig hierdie bepaling is Wet No. 6 van 1880 en die Reëls, Regulasies en Orders wat kragtens hierdie wet opgestel is op 16 April, 'n dag nadat Henrique die ontvangers van die hutbelasting aangestel het, in 'n buitengewone Staatskoerant gepubliseer.[304] Terselfdertyd is ook Lanyon se proklamasie gepubliseer waarvolgens 'n hutbelasting vanaf 15 April betaalbaar was.[305]

Aangesien die landdroste, die spesiale kommissarisse en die Naturellekommissarisse reeds in Januarie 1880[306] aangesê is om die Swartkapteins en hoofmanne in hulle onderskeie distrikte mee te deel dat die Regering van voorneme was om nie later nie as Maart 1880 'n hutbelasting in te vorder, kon daar na die verskyning van hierdie proklamasie dus onmiddellik met die invordering van die hutbelasting begin word.

---

302. SN103, p.69: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feeling of the natives with reference to return to Boer rule, opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; Vir die konsep van hierdie memorandum sien H.C. Shepstone Papers, Vol.11: Memorandum on collection of Native Hut Tax ..., opgestel deur H.C. Shepstone, 21.5.1881.

303. ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 11; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p. 751: Wet No. 6, 1880, art. 11.

304. ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880, Wet No. 6, 1880, en Proklamasie van W. Owen Lanyon, 15.4.1880.

305. ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Proklamasie van W. Owen Lanyon, 15.4.1880.

306. SN102, pp.746-747: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Alle Landdroste behalwe die van Christiana, Spesiale Kommissaris, Kommissarisse en Naturellekommissarisse, Pretoria, 7.1.1880; SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Landdroste Utrecht, M.W. Stroom, Standerton, Heidelberg, Pretoria, Rustenburg, Marico, Potchefstroom en Middelburg, Spesiale Kommissaris Waterberg, Zoutpansberg en Lydenburg en alle Naturellekommissarisse, 7.1.880 (afskrif).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

10. Die eerste algemene invordering van hutbelasting in Transvaal

Aangesien die belastinginvordering van 1880 die eerste poging was om 'n hutbelasting van al die Swartes in Transvaal in te vorder, is dit gerade geag dat die hutbelasting in die distrikte waar die meeste Swartes gewoon het deur Henrique Shepstone as Sekretaris van Naturellesake ingevorder moes word. Gevolglik het dit sy taak geword om die hutbelasting in die Rustenburgse, Lydenburgse, Waterbergse en Zoutpansbergse distrikte in te vorder.[307]

Wat die res van Transvaal betref, is die landdroste van Heidelberg, Standerton, Wakkerstroom, Utrecht, Potchefstroom, Marico, Middelburg, die Kommissaris van Lichtenburg en die kommissaris en regeringsagent op die Swazigrens aangestel om die hutbelasting in hulle distrikte en gebiede in te vorder.[308] In Junie 1880 is C.H.R. Norman, klerk van die Sekretaris van Naturellesake, as ontvanger van die hutbelasting in die Pretoriase distrik aangestel.[309] Van die Swartes wat in die Keate Awardgebied gewoon het, sou nie 'n hutbelasting gevorder word nie,[310]

---

307. SN103, pp.68-69: Memorandum on collection of Native Hut Tax and regarding the present feelings of the natives with reference to return to Boer rule, opgestel deur H.C. Shepston, Pretoria, 21.5.1881; ATC5: W. Bellairs - Kimberley, Pretoria, 24.5.1881 (slegs begeleidende brief); C2961, pp.6-8, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives with reference to return to Boer rule, opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

308. SN102, p.949: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Landdros Heidelberg, Standerton, Wakkerstroom, Utrecht, Potchefstroom, Marico, Middelburg, Kommissaris van Lichtenburg, Kommissaris en Regeringsagent Swazigrens, 15.4.1880.

309. SN3, N113/80: Nota op 14.6.1880; SN3, N195/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 9.6.1880; Nota van W.O. Lanyon, 11.6.1880.

310. SN2, 313/79 gevoeg by N303/79: Nota van H.C. Shepstone, 17.1.1880; SN4, N203/80: C.W. Mathews - Sekretaris van Naturellesake, Lichtenburg, 8.6.1880; SN4, N230/80: Nota op 26.7.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terwyl die landdros van Christiana ook geen belasting van die Swartes in sy distrik moes vorder nie, alvorens hy nie verdere instruksies in dié verband ontvang het nie.[311]

Teen die einde van April het Henrique met die invordering van die hutbelasting in die Rustenburgse distrik begin.[312] Aangesien die Zuid-Afrikaansche Republiek reeds vroeër belasting van die Swartes in hierdie distrik ingevorder het, het Henrique geen probleme ondervind nie en het die Swartes hulle belasting geredelik en gewillig betaal.[313] Volgens De Volksstem het die Swartes in hulle vuiste gelag omdat hulle maar net 10/- aan hutbelasting moes betaal.[314]

Toe Henrique teen die middel van Mei vir die behandeling van die Naturelle-administrasiewet deur die Wetgewende Vergadering na Pretoria moes terugkeer, was die hutbelasting van al die Swartkapteins en hulle onderdane in die Rustenburgse distrik reeds ingevorder. Al wat nog oorgebly het, was enkele verspreide Swart- en Hottentotfamilies wat nie onder 'n kaptein gestaan het nie en by Blankes op privaatgrond gewoon het. Om die belasting van hierdie mense in te vorder, is die landdros van Rustenburg in Mei 1880 as 'n ontvanger van hutbelasting aangestel.[315]

---

311. SN3, N166/80: H.C. Shepstone - Landdros Christiana, 24.5.1880 (afskrif).

312. De Volksstem, 17.4.1880 (Local and General); De Volksstem 8.5.1880 (Rustenburg); Vgl. ook M420,CO 291/6, Transvaal No. 14843, Treasurer's Statement, Half Year: W.O. Lanyon - Kimberley, Pretoria, 19.8.1880 en MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 20.5.1880 (Local and General) vir Lanyon en die Transvaal Argus se opmerkings i.v.m. hierdie aangeleentheid.

313. SN103, p.69: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; ATC5: W. Bellairs - Kimberley, Pretoria, 24.5.1881 (begeleidende brief); C2961, pp. 6 - 8, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; T. Shepstone Papers, Vol.40: H. Shepstone - T.Shepstone, Rustenburg, 12.5.1880.

314. De Volksstem, 8.5.1880 (Rustenburg).

315. T. Shepstone Papers, Vol. 40: H. Shepstone - T. Shepstone, Rustenburg, 12.5.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nadat die Wetgewende Vergadering op 11 Junie vir sy eerste sessie verdaag het, het Henrique die invordering van die hutbelasting in die Middelburgse[316] en die Lydenburgse[317] distrikte voortgesit. Hoewel die Swartes wat in die omgewing van Sekhukhune gewoon het hulle belasting betaal het, kon Sekhukhune se eie mense uit die aard van die saak, nie hulle belasting betaal nie. Ten einde hulle in staat te stel om die nodige geld te gaan verdien, het Henrique hulle tot aan die einde van 1880 uitstel verleen.[318]

Teen die einde van Junie het Henrique by die Ndzundza (Mapoggers) onder Nyabela in die Lydenburgse distrik aangekom[319] alwaar hy sy eerste probleme op die lyf geloop het toe Nyabela in gebreke gebly het om sy belasting te betaal. Wat presies die rede hiervoor was, is nie duidelik nie, aangesien Henrique by verskillende geleenthede verskillende redes vir Nyabela se optrede aangevoer het.

Reeds in Februarie 1880 het G.A. Roth, die landdros van Lydenburg, Henrique meegedeel dat Nyabela tot op daardie stadium nog nie in kennis gestel was van die Regering se voorneme om in Maart 1880 'n hutbelasting in te vorder nie. Aangesien hy onder

---

316. SN103, p.71: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, pp.6-8, Bylaag by No. 5; Memorandum on collection of Native Hut Tax and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

317. C2891, p.12, Bylaag: H.C. Shepstone - W. Owen Lanyon, Transvaal, 31.1.1881.

318. T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Zoutpansberg, 8.7.1880; T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Fort Weeber, 9.7.1880.

319. C2891,p.12, Bylaag: H.C. Shepstone - W. Owen Lanyon, Transvaal, 31.1.1881; 'n Afskrif van hierdie skrywe kan ook gevind word by H.C. Shepstone Papers, Vol. 11: H.C. Shepstone - W. Owen Lanyon, Transvaal, 31.1.1881; H.C. Shepstone Papers, Vol. 11: H.C. Shepstone - W. Owen Lanyon, Transvaal, 15.2.1881; T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Fort Weeber, 9.7.1880; Sien ook MS179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 3.7.1880 (Lydenburg).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die indruk verkeer het dat C. Shulze, die Naturellekommissaris te Maléoskop, spesiale opdragte met betrekking tot Nyabela gehad het, het hy hom nie van die voorgenome belastinginvordering in kennis gestel nie. Intussen het hy egter verneem dat Schulze dit ook nie gedoen het nie. Onder hierdie omstandighede sou hy Nyabela van die belastinginvordering in kennis stel. Voordat hy dit doen, wou hy egter eers van Henrique weet of dit nie raadsaam was indien Nyabela amptelik deur 'n amptenaar wat deur Henrique aangewys is van die belastinginvordering in kennis gestel sou word nie - veral omdat sy enigste kontak met Nyabela deur middel van 'n Swartboodskapper was.[320]

In sy kommentaar op Roth se skrywe, het Henrique opgemerk dat Nyabela dadelik in kennis gestel moes word van die Regering se voorneme om 'n hutbelasting in te vorder. Afhangende van Nyabela se antwoord, het Henrique egter nie die nodigheid ingesien waarom enige amptenaar vir die doel amptelik na hom toe gestuur moes word nie.[321] Dieselfde dag nog is Roth se skrywe aan Lanyon voorgelê. Hy het daarop gewys dat "Capt. Clarke clearly informed Inyabella's messengers that they would have to pay taxes, and they agreed to it."[322]

Wanneer hierdie onderhoud tussen Clarke en Nyabela se boodskappers plaasgevind het, is nie bekend nie. Feit is egter dat Clarke Nyabela en sy hoofmanne in November 1879 meegedeel het dat Wolseley besluit het om aan die begeertes van die Ndzundza te voldoen en Nyabela as kaptein te erken. Verder, dat daar van hulle verwag sou word om die vrede te bewaar en belasting te betaal. In antwoord hierop het Nyabela en sy hoofmanne verklaar dat hulle akkoord gaan met alles wat gesê is.[323]

---

320. SN3, N60/80: G.A. Roth - H.C. Shepstone, Lydenburg, 16.2.1880.

321. SN3, N60/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.2.1880.

322. SN3, N60/80: Nota van W.O. Lanyon, 19.2.1880.

323. SN2, N277/79: M. Clarke - Sekretaris van Naturellesake, Fort Weeber, 3.11.1879.

Soos uit die voorafgaande blyk, het hierdie opmerking van Clarke op belastings in die algemeen betrekking gehad en nie spesifiek op die belasting wat die Regering van voorneme was om teen Maart 1880 in te vorder nie. Trouens, op daardie stadium was daar nog nie eers op 'n bepaalde datum besluit nie. Nietemin, op 7 Januarie 1880 het Henrique 'n sirkulêre[324] onder andere aan Clarke as die spesiale kommissaris van Lydenburg gestuur waarin hy opgedra word om al die Swartkapteins en hoofmanne in sy distrik in kennis te stel van die Regering se voorneme om teen Maart 1880 'n hutbelasting in te vorder. Die feit egter dat Clarke vanaf 8 Januarie met verlof was,[325] laat die vermoede ontstaan dat hy nie uitvoering aan hierdie opdrag gegee het nie. Tensy hy dus deur Wolseley of op 'n ander wyse op die hoogte gestel is van die Regering se voorneme om teen Maart 1880 'n hutbelasting in te vorder, kon hy op grond van die voorafgaande nie die Ndzundza van hierdie belastinginvordering in kennis gestel het nie.

Afgesien van Clarke se posisie is hierdie sirkulêre ook aan die landdros van Lydenburg gestuur,[326] maar soos hierbo aangetoon is, het Roth tot en met 16 Februarie Nyabela nog nie van die belastinginvordering verwittig nie. Die vraag is dus of Roth, nadat hy hierdie skrywe aan Henrique gerig het, Nyabela van die belastinginvordering laat weet het.

---

324. SN102, p.746: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Alle Landdroste behalwe dié van Christiana, Spesiale Kommissaris, Kommissarisse en Naturellekommissarisse, Pretoria, 7.1.1880; SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Landdros Utrecht, M.W. Stroom, Standerton, Heidelberg, Pretoria, Rustenburg, Marico, Potchefstroom en Middelburg, Spesiale Kommissaris Waterberg, Zoutpansberg en Lydenburg en alle Naturellekommissarisse, 7.1.1880 (afskrif).

325. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 13.1.1880, G.K. No. 5, 1880, 10.1.1880; Vgl. K.W. Smith: The Campaigns against the Bapedi of Sekhukhune, 1877-1879, p.59.

326. SN102, p.746: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Alle Landdroste behalwe dié van Christiana, Spesiale Kommissaris, Kommissarisse en Naturellekommissaris, Pretoria, 7.1.1880; SN2, N313/79 gevoeg by N303/79: Sirkulêre aan H.C. Shepstone - Landdros Utrecht, M.W. Stroom, Standerton, Heidelberg, Pretoria, Rustenburg, Marico, Potchefstroom en Middelburg, Spesiale Kommissaris Waterberg, Zoutpansberg en Lydenburg en alle Naturellekommissarisse, 7.1.1880 (afskrif).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Soos reeds aangetoon, het Roth aan Henrique te kenne gegee dat hy wel van voorneme was om Nyabela van die belasting-invordering in kennis te laat stel. Voordat hy dit doen, wou hy eers van Henrique weet of dit nie raadsaam sou wees indien hy deur 'n amptenaar wat deur Henrique aangewys sou word, van hierdie invordering in kennis gestel sou word nie.

Waarskynlik as gevolg van Lanyon se opmerking dat Clarke reeds Nyabela se boodskappers meegedeel het dat hulle 'n belasting moes betaal en hulle hul bereid verklaar het om dit te doen, het Henrique, sover vasgestel kan word, geen verdere opdrag in díé verband aan Roth gegee nie. Of Roth, toe hy niks van Henrique verneem het nie, wel vir Nyabela van die belastinginvordering in kennis gestel het, kan ook nie vasgestel word níe. Op 24 Maart 1880 toe Roth in Pretoria was, het hy waarskynlik sowel Henrique as Lanyon se kommentaar op sy skrywe onder oë gehad.[327] Of Roth hierna uitvoering aan Henrique se opdrag gegee het en of hy Lanyon se opmerking dat Clarke die Ndzundza laat meedeel het dat hulle 'n belasting moes betaal as voldoende beskou het, is as gevolg van teenstrydige inligting moeilik om te bepaal. In 'n skrywe aan sy vader[328] en in 'n verslag[329] wat Henrique in Januarie 1881 opgestel het, het hy verklaar dat Nyabela as gevolg van 'n vergissing van die landdros nie van die belastinginvordering in kennis gestel is nie. Op grond hiervan wil dit dus voorkom asof Henrique se opdrag dat Nyabela onverwyld van die invordering verwittig moes word, nie uitgevoer is nie. 'n Paar maande later het Henrique weer 'n memorandum[330] opgestel waarin hy die indruk geskep het asof Nyabela wel van die belastinginvordering in kennis gestel was.

---

327. SN3, N60/80: Nota van H.C. Shepstone op 24.3.1880 en Nota van G.A. Roth - H.C. Shepstone, 25.3.1880.

328. T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Fort Weeber, 9.7.1880.

329. SN103, pp.1-20: H.C. Shepstone - W. Owen Lanyon, Transvaal, 31.1.1881; C2891, p.12, Bylaag: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Transvaal, 31.1.1881. 'n Afskrif van hierdie memorandum kan ook gevind word by H.C. Shepstone Papers, Vol. 11: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Transvaal, 31.1.1881.

330. SN103, pp.67-89: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, pp.6-7, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Toe Henrique teen die einde van Junie 1880 by die Ndzundza opgedaag het om hulle hutbelasting in te vorder, is hy baie beleefd deur Nyabela en sy volk ontvang.[331] Ten spyte hiervan egter was Henrique verplig om aan Nyabela en sy volk uitstel te verleen, aangesien sy volk nie gereed was om hulle hutbelasting te betaal nie. Waarom die Ndzundza nie op die belastinginvordering voorbereid was nie en presies wat alles daar gebeur het, is moeilik om te bepaal, aangesien Henrique by verskillende geleenthede verskillende verduidelikings hiervoor gegee het.

In Julie 1880,kort nadat hy by Nyabela was om sy hutbelasting in te vorder, het Henrique aan sy vader geskryf dat Nyabela as gevolg van 'n vergissing van die landdros, nie van die belastinginvordering in kennis gestel is nie. Hoewel hy gewillig en gretig was om sy belasting te betaal, het hy Henrique egter meegedeel dat sy volk nie die geld gehad het om hulle belasting te kon betaal nie. Gevolglik het hy Henrique £70 - skynbaar as 'n belasting vir die hele stam - aangebied. Henrique het egter geweier om die geld te neem en hom meegedeel dat elke Swarte vir homself moes betaal. Ten einde hom en sy volk in staat te stel om hulle belasting gereed te kry, het Henrique hom drie maande uitstel verleen, waarvoor hy baie dankbaar was.[332]

Sowat ses maande later, in Januarie 1881, het Henrique op versoek van Owen Lanyon 'n verslag[333] met betrekking tot die Swartes se houding teenoor die gewapende verset van die Boere opgestel. Weer eens het Henrique verklaar dat Nyabela nie sy belasting kon betaal nie omdat hy vanweë 'n vergissing

---

331. T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Zoutpansberg, 8.7.1880; SN103, p.71: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.6, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

332. T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Fort Weeber, 9.7.1880.

333. SN103, pp.1-20: H.C.Shepstone - W. Owen Lanyon, Transvaal, 31.1.1881; C2891, pp.12-13 Bylaag: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Transvaal, 31.1.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie van die belastinginvordering in kennis gestel was nie. Van die £70 wat Nyabela hom aangebied het, maak hy egter geen melding nie. Anders as wat hy sy vader in Julie 1880 meegedeel het, verklaar Henrique egter dat Nyabela "requested me to give him three months' time to enable him and his people to get the money together."[334]

Met betrekking tot die voorafgaande is dit opmerklik dat Henrique, ten spyte van Lanyon se bewering in Februarie 1880 dat Clarke Nyabela se boodskappers meegedeel het dat hulle belasting moes betaal en dat hulle hul bereid verklaar het om dit te doen, steeds aanvoer dat Nyabela vanweë 'n vergissing nie van die belastinginvordering in kennis gestel was nie. Trouens, soos reeds vermeld, was dit waarskynlik juis as gevolg van Lanyon se opmerking dat Henrique, nadat Roth hom meegedeel dat dat Nyabela nog nie van die invordering in kennis gestel was nie, nie uitdruklik opdrag gegee het dat Nyabela van die belastinginvordering verwittig moes word nie.

In Mei 1881 het Henrique 'n memorandum met betrekking tot die invordering van die hutbelasting in 1880 en "the present feelings of the natives with reference to return to Boer rule" opgestel.[335] Ter toeligting van Nyabela se optrede met die belastinginvordering, het hy beweer dat die Ndzundza nooit 'n direkte belasting aan die Zuid-Afrikaansche Republiek betaal het nie, maar dat hulle 'n min of meer onafhanklike stam was. Verder dat die kaptein van die Ndzundza selfs 'n betaling van die Blankes gevorder het wat op grond gewoon het wat deur die Zuid-Afrikaansche Republiek aan hulle toegeken is in die gebied wat Nyabela as sy eie opgeëis het.

---

334. SN103, p.3: H.C. Shepstone - W.Owen Lanyon, Transvaal, 31.1.1881; C 2891, pp.12-13,Bylaag: H.C. SHepstone - W,O. Lanyon, Transvaal, 31.1.1881.

335. SN103, pp.67-80: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, pp.6-9, Bylaag by No.5: Memorandum on collection of Native Hut Tax and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In soverre dit die belastinginvordering van 1880 betref, het Henrique aangevoer dat nadat hy aan Nyabela die doel van sy besoek verduidelik het, hy 'n beroep op hom gedoen het om sy belasting te betaal. "The chief stated that he and his people were willing to pay the taxes, but that unfortunately they had not believed that the tax would be collected as they had often before received notice to the same effect and nothing further had been done, under these circumstances he asked me to give him a little time in order that he might send out his people to work to get the money, and he tendered me £50 as a fine for his neglect of the order."[336]

Wanneer die voorafgaande uiteensetting van Henrique vergelyk word met sy vorige weergawes van die gebeure by Nyabela, is dit opmerklik dat hierdie weergawe aansienlik verskil van wat hy tot dusver aangevoer het daar gebeur het. Waar hy eers aangevoer het dat Nyabela nie sy hutbelasting kon betaal het nie omdat hy vanweë 'n vergissing nie van die belastinginvordering in kennis gestel was nie, verklaar hy in Mei 1881 byna uitdruklik dat Nyabela wel van die belastinginvordering in kennis gestel was. Trouens, Nyabela het hom selfs £50 aangebied "as a fine for his neglect of the order". Van sy vroeëre verduideliking dat Nyabela hom £70 as belasting aangebied het, word geen woord gerep nie. Terselfdertyd kom hy met 'n algehele nuwe rede na vore waarom Nyabela nie gereed was om sy belasting te betaal nie, naamlik dat hoewel hy en sy volk skynbaar bewus was van die invordering, hulle nie gedink het dat 'n belasting van hulle gevorder sou word nie omdat hulle voorheen dikwels kennis van so 'n invordering ontvang het, sonder dat iets verder in dié verband gedoen is. As hierdie opmerking van Henrique saam met ander soortgelyke opmerkings gelees word, is dit duidelik dat hy daarmee die indruk wou skep dat dit die Zuid-Afrikaansche Republiek was wat opdragte aan die Swartes gegee het, maar dit nooit uitgevoer het nie. In kort dus moes die rede waarom Nyabela en sy volk hulle nie op die belastinginvordering voorberei het nie, aan die nalatenskap van die Zuid-Afrikaansche Republiek gewyt word.

---

336. SN103, pp. 72-73: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.6, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer daar in aanmerking geneem word dat die memorandum wat Henrique in Mei 1881 opgestel het in werklikheid ten doel gehad het om 'n gevoel teen die teruggawe van Transvaal aan die Boere gaande te maak, spreek dit vanself dat dit met die grootste versigtigheid bejeën moet word. Op grond van die voorafgaande wil dit dus voorkom asof meer waarde geheg moet word aan Henrique se weergawe van die gebeure by Nyabela soos hy dit in Julie 1880 aan sy vader meegedeel het.

In die Zoutpansbergse en Waterbergse distrike waar Henrique deur Oscar Dahl en Aubrey Woolls-Sampson, die Naturellekommissarisse vir hierdie distrikte, met die invordering van die hutbelasting gehelp is,[337] het dit ook nie sonder probleme verloop nie. Hoewel sommige stamme hulle belasting geredelik en gewillig betaal het, was daar nietemin 'n aantal stamme wat tot lydelike verset oorgegaan het.[338] In plaas daarvan dat die Swartes self hulle hutbelasting kom betaal het, het net die hoofde van elke kraal hulle opwagting gemaak om vir hulle eie hutte of vir slegs soveel hutte te betaal as wat hulle voorgegee het dat hulle besit het. Ten einde sommige kapteins sover te kry om hulle belasting te betaal, moes hulle streng aangespreek word,[339] of selfs gedreig word dat indien hulle nie hulle belasting betaal nie, hulle Transvaal moes verlaat.[340]

In baie gevalle waar Henrique in Zoutpansberg en Waterberg probleme met die invordering ondervind het, het die kapteins aangevoer dat dit die eerste keer was dat so 'n belasting van hulle gevorder word. Hoewel hulle bereid was om 'n hutbelasting te betaal, het hulle mense nie geweet wat van hulle verwag word nie en was hulle dus nie ten volle voorbereid

---

337. SS488, R5013/80: Nota van W.O. Lanyon, 17.11.1880.

338. SN103, pp.73-75: Memorandum on collection of Native hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.6, Bylaag by No.5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

339. T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Sibasa, 2.10.1880.

340. T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Umtyatye, 20.10.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om hulle belasting te betaal nie. Met die invordering van 1880 het hulle egter gesien wat van hulle verwag word. Gevolglik het die kapteins Henrique die versekering gegee dat hy met die volgende belastinginvordering geen probleme sou ondervind nie, aangesien hulle mense dan voorbereid sou wees om hulle belasting te betaal.[341]

Ofskoon Henrique daarin geslaag het om by al die Swartkapteins in Zoutpansberg en Waterberg 'n hutbelasting in te vorder,[342] was hy nie so suksesvol met betrekking tot die totale bedrag wat hulle aan belasting betaal het nie. So byvoorbeeld was hy van mening dat die meeste van die kapteins wat in die Spelonken in Zoutpansberg gewoon het, maar ongeveer die helfte van hulle werklike belasting betaal het.[343] Die hoofrede hiervoor was, volgens Henrique, die feit dat hoewel die Swartes reeds maande tevore van die belastinginvordering in kennis gestel was, hulle nietemin van mening was dat dit 'n opdrag was soortgelyk aan dié wat hulle van die Zuid-Afrikaansche Republiek ontvang het, maar waarop hulle sonder vrees vir enige straf, geen ag hoef te slaan nie. Die gevolg was dus dat die Swartes hulle nie voorberei het nie en gevolglik nie geld gehad het om hulle belasting te kon betaal nie.[344]

Dat die skuld vir hierdie toestand van sake darem nie uitsluitlik aan die deur van die Zuid-Afrikaansche Republiek

---

341. SN103, pp.75-76: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.6, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

342. SN103, pp.75-76: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.6, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Houtbosch, 1.11.1880.

343. T. Shepstone Papes, Vol.45: H. Shepstone - T. Shepstone, Houtbosch, 1.11.1880.

344. T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Houtbosch, 1.11.1880; T. Shepstone Papers, Vol.45: H. Shepstone - T. Shepstone, Umtyatye, 20.10.1880; T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Spelonken, 11.9.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gelê kan word nie, blyk uit 'n manuskrip wat Oscar Dahl teen ongeveer 1888 opgestel het en wat waarskynlik meer op Zoutpansberg en Waterberg as die res van Transvaal betrekking gehad het. Met verwysing na die belastinginvordering van 1880 het hy verklaar dat "no one must for a single moment think that the Natives paid their Taxes willingly. No! They was(sic) unpleasently (sic) surprised to find that them(sic) they took for their deliverers, turned out to be their masters ...".[345]

Met verwysing na die wyse waarop die invordering van die hutbelasting verloop het van die Swartes wat in die omgewing van sy sendingstasie, Goedewensch, in Zoutpansberg gewoon het, het eerwaarde Stephanus Hofmeyr, sendeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verklaar dat hy baie bly was dat hyself nie by die tente was waar die Swartes hulle hutbelasting moes betaal nie, maar "het is er gegaan op eene wijze die mij beschaamd maakte voor de zwarte kaffers." Hoewel daar volgens Wet No. 6 van 1880 slegs 'n hutbelasting van 10/- vir elke bewoonde hut betaal moes word, moes stokou mense, blindes en jong Swartes van 18 jaar vir hulle skoonmoeders en ander Swartes wat in dieselfde hut gewoon het, betaal. Gevolglik was daar huisgesinne wat méér moes betaal as net die vasgestelde hutbelasting. In een geval was die Swartes selfs verplig om vir 'n ou Christin, wat op daardie stadium op sterwe gelê het en daarna oorlede is, te betaal. In soverre dit die bejaardes betref, sou ôf Henrique Shepstone ôf Woolls-Sampson die opmerking gemaak het dat as die betrokke Swartes nie vir hulle wou betaal nie, hulle doodgeslaan moes word. Aangesien baie min van die Swartes kontantgeld gehad het, was hulle verplig om hulle belasting met vee te betaal en het dit gevolglik beteken dat die reëls wat Henrique in dié verband neergelê het, op hulle van toepassing was. Soos reeds aangetoon is, het hy opdrag gegee dat wanneer vee as betaling aangebied word, die waarde van die vee nie die verskuldigde bedrag te bowe moes gaan nie. Indien die waarde van die vee meer was as die bedrag wat aan belasting betaal moes word,

---

345. A1284: Our Native Policy. Past, Present and Future. Onderteken deur A.Zoutpansberger (O. Dahl), g.d., ongeveer 1888.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moes die verskil nie in kontant uitbetaal word nie, maar moes die betaler met 'n ander betaler 'n reëling tref om die verskil aan hom uit te betaal. Dit was waarskynlik die toepassing van hierdie opdrag en om te voorkom dat die Regering enige verlies sou ly wanneer die vee verkoop word, wat eerwaarde Hofmeyr genoop het om te verklaar dat "ossen van 6 à 7 pond werden aangenomen voor £3 15s, £3 10s, £2 en £1 10s. Schapen, vroeger verkocht voor £1, werden geschat op 10s, 5s tot 3s. Bokken gingen nog minder. En dan ging het bij ons nog goed, zooals een oorlamsche kaffer, die bij hen was mij vertelde; bij de kafferkralen ging het nog erger toe."

Na aanleiding van hierdie gebeure het eerwaarde Hofmeyr voortgegaan om daarop te wys dat "ik heb menigmaal diep medelijden gehad met de arme kaffers, maar nooit heb ik voor hen gevoeld zoo als op dien dag en sedert denzelven. O, dat die velen die altijd spreken van de barbaarschheid der boeren en hunne onderdrukking der kaffers, en van de beschaafdheid en barmhartigheid der Engelschen, toch hier waren, opdat zij mogen leeren de waarheid spreken in dezen. De Kaffers beschouwen zich als beschaafd, sedert zij met de rooibaatjes kennis gemaakt hebben ...".[346]

Met sy terugkeer na Pretoria op 8 Desember 1880,[347] het Henrique onmiddellik voorbereidings getref om Nyabela se hutbelasting te gaan invorder nadat hy in Junie 1880 drie maande uitstel aan hom verleen het. Met die oog daarop om later self na Nyabela af te reis, het hy dieselfde dag waarop hy te Pretoria aangekom het, sy wa Middelburg toe gestuur.[348] Voordat hy self op 13 Desember kon vertrek,[349] het die Boere in openlike verset teen die Britse bewind in Transvaal gekom en is

---

346. De Volksstem, 9.11.1880 (Hoe de Annexatiemannen in het Transvaalsche Huishouden. Brief van Stephanus Hofmeyr).

347. C2891, p.12, Bylaag: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Transvaal, 31.1.1881.

348. SN103, pp.78-79: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C 2961, p.7, Bylaag by No.5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H. C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

349. T. Shepstone Papers, Vol.46: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 13.12.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Henrique as gevolg hiervan verhinder om Nyabela se hutbelasting te gaan invorder.[350]

Om 'n hutbelasting in te vorder by die Swartes wat in die distrikte gewoon het wat Henrique vir sy verantwoordelikheid geneem het, het hy meer as 2240 kilometer met 'n ossewa afgelê. In die proses het hy deur landstreke gereis wat selde of ooit deur Blankes besoek word en waarvan 'n groot deel met malaria besmet was. Trouens, gedurende sy dienstyd in Transvaal het hy drie keer malaria gehad en was hy verplig om 'n verhoogde premie op sy lewenspolis te betaal aangesien die Transvaal as 'n gebied met 'n hoë lewensrisiko beskou is.[351]

Aangesien Henrique in die stukke wat hy met betrekking tot die invordering van die hutbelasting opgestel het, hom uitsluitlik bepaal het tot die distrikte waar hy die belasting ingevorder het, is dit onmoontlik om op grond hiervan 'n aanduiding te gee van hoe die invordering in die ander distrikte verloop het. Uitgaande van die korrespondensie van die verskillende ontvangers, wil dit voorkom asof die invordering in hierdie distrikte sonder enige probleme verloop het. Dit moet veral toegeskryf word aan die feit dat die Swartes in die meeste van hierdie distrikte so lank onder die Blankes gewoon het dat hulle teen 1880 reeds vreedsaam gevestig was.[352] Dat daar egter in hierdie distrikte, net soos in Lydenburg, Waterberg en Zoutpansberg, Swartes was wat hulle belasting ontduik het, laat geen twyfel nie. Die feit dat die amptenare wat die hutbelasting moes invorder nie ten volle met die werk vertroud was nie en hulle kennis van die Transvaal

---

350. SN103, pp.78-79: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.7, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone Pretoria, 21.5.1881; SN103, pp.17-18: H.C. Shepstone - W. Owen Lanyon, Transvaal, 31.1.1881; C2891, p.12, Bylaag: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Transvaal, 31.1.1881.

351. H.C. Shepstone Papers, Vol.11: The Memorial of H.C. Shepstone, late Secretary for Native Affairs, Transvaal, Pietermaritzburg, 27.10.1881.

352. SN102, p.680: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C2584, p.12, No.9: Memorandum on the Native Population ..., 25.11.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as gevolg van die oproerigheid van die Swartes in die vooraf-gaande paar jaar, noodwendig beperk was, het aan die Swartes die geleentheid gebied om hulle belasting te ontduik.[353]

Met die openlike verset van die Boere teen die Britse bewind in Transvaal in Desember 1880 het die invordering van die hut-belasting tot 'n stilstand gekom. Volgens Henrique het die Boere met die werksaamhede van die invorderaars ingemeng en hulle selfs deur middel van dreigemente daarvan weerhou om met hulle werk voort te gaan.[354]

Hoewel nie al die Swartes in Lydenburg, Waterberg, Zoutpansberg en ook in die ander distrikte van Transvaal[356] hulle hutbelasting betaal het nie, was Henrique tog van mening dat die invordering van 1880 oor die algemeen bevredigend was.[357] Van die £35 000 waarvoor begroot is, is 'n bedrag van £33,174-14s ingevorder.[358] Onder hierdie omstandighede was Henrique oortuig daarvan dat as die Transvaal nie deur die gewapende verset van die Boere

---

353. C2866, p.8, Bylaag 2 by No. 2: Financial Statement for 1880-1881, in die Wetgewende Vergadering gelewer deur C.E. Steele, 30.11.1880.

354. T. Shepstone Papers, Vol.46: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 18.12.1880; SN103, pp.77-78: Memornadum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.7, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C3219, pp.64-65: Getuienis van O. Dahl voor die Koninklike Kommissie, 25.5.1881.

355. SN103, pp.76-78: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.7, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

356. C2866, p.8, Bylaag 2 by No. 2: Financial Statement for 1880-1881, in die Wetgewende Vergadering gelewer deur C.E. Steele, 30.11.1880.

357. SN103, p.79: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoira, 21.5.1881; C2961, p.7, Bylaag by No.5 Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

358. C2961, p.7, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verontrus was nie, die bedrag waarvoor begroot is, oorskry sou gewees het.[359] Die wyse waarop die Swartes hulle belasting betaal het, in weerwil van die teenstand en die advies van die Boere dat hulle nie 'n hutbelasting moes betaal nie, was vir Henrique voldoende bewys van die Swartes se goedgesindheid teenoor die Britse owerheid.[360]

---

359. SN103, pp.79-80: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881; C2961, p.7, Bylaag by No. 5: Memorandum on collection of Native Hut Tax, and regarding the present feelings of the natives ..., opgestel deur H.C. Shepstone, Pretoria, 21.5.1881.

360. SN103, p.3, Bylaag: H.C. Shepstone - W. Owen Lanyon, Transvaal, 31.1.1881; C2891, p.13, Bylaag: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Transvaal, 31.1.1881.

HOOFSTUK 3

PASMAATREëLS VAN DIE TRANSVAALSE REGERING

1. Pasmaatreëls van die Zuid-Afrikaansche Republiek

Met die oog op 'n bespreking van die pasmaatreëls van die Britse regering in Transvaal gedurende 1877-1881, is dit nodig dat daar eers aandag bestee sal word aan die pasmaatreëls van die Zuid-Afrikaansche Republiek soos dit op die vooraand van die annek-sasie van Transvaal daaruit gesien het. Hoewel die wetlike posisie met betrekking tot hierdie maatreëls nie in alle op-sigte duidelik is nie,[1] wil dit nietemin voorkom asof die posisie teen 1877 soos volg daaruit gesien het.

Wet No. 4 van 1873[2] het bepaal dat al die Swartes in die Zuid-Afrikaansche Republiek van 'n pas voorsien moes wees wat jaar-liks teen betaling van £1 hernieu moes word.[3] Swartes wat 'n sertifikaat kon toon dat hulle vir langer as ses maande van die jaar by 'n burger van die Republiek in diens was, was van hierdie belasting vrygestel en sou hulle passe sonder enige betaling ontvang. Tensy so 'n burger spesiale toestemming van die Regering gehad het, is die aantal passe wat gratis uitgereik kon word tot tien per burger beperk.[4] Die houer van so 'n pas, sou as 'n onderdaan van die Zuid-Afrikaansche Repu-bliek beskou word en sou net soos die ander onderdane van die staat, op die volle beskerming van die wet en die staat geregtig wees.[5]

---

1. Sien in dié verband SN102, pp.568-585: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR166, Blue Book for the Transvaal Province, 1879, pp.99-101: Memorandum with reference to Native Law, 17.10.1879.

2. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.480-482: Wet No.4, 1873,"Wet voor de uitreiking der passen aan Naturellen in de Z.A. Republiek". Goedgekeur volgens Volks-raadsbesluit 5 en 6 Augustus 1875, art. 184 en 189 en gewysig volgens Volksraadsbesluit, 10 Maart 1873, art. 33.

3. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 4, 1873, art. 1-3.

4. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.481: Wet No. 4, 1873, art. 9.

5. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.481: Wet No. 4, 1873, art. 12.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Wet No. 3 van 1876[6] het verder bepaal dat al die Swartes wat nie kon bewys dat hulle tot 'n groot[7] of klein[8] lokasie behoort het nie of by 'n private persoon in diens was nie, as "vagebonden of landloopers" beskou sou word. So 'n Swarte moes van 'n pas voorsien wees waarvoor 'n bedrag betaal moes word afhangende van die tydperk wat hy nie in diens was nie, naamlik £1 vir drie maande, £2 vir 6 maande en £5 vir 12 maande. Verder moes so 'n Swarte bewys lewer van wat hy gedoen het om 'n bestaan' te maak, in gebreke waarvan hy deur die bevoegde outoriteite gearresteer en daar volgens wet met hom gehandel kon word.[9] Soos uit die voorafgaande blyk, het hierdie bepaling ten doel gehad om landlopery te voorkom en was dit dus eerder 'n beheer- en strafmaatreël as 'n belastingsmaatreël.[10]

Ten einde landlopery verder teen te werk, kon 'n Swarte wat in die Zuid-Afrikaansche Republiek gewoon het nie in diens geneem word tensy hy in besit was van 'n pas of 'n sertifikaat wat hom die reg daartoe verleen het nie.[11] Swartes wat hulle dienskontrak by 'n werkgewer uitgedien het, asook dié Swartes wat die Republiek van buite af ingekom het, kon eweneens nie in diens geneem word nie, tensy hulle in besit van die nodige pas of sertifikaat was.[12] Hierdie passe of sertifikate sou gratis uitgereik word deur die Naturellekommissaris in die geval van 'n Swarte wat in 'n groot lokasie gewoon het, deur die werkgewer

---

6. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.662-668: Wet No. 3, 1876, "Wet Betreffende de Naturellen". Goedgekeur volgens Volksraadsbesluit, 9.6.1876, art. 143.

7. 'n Woongebied wat kragtgens die bepalings van Wet No. 3 van 1876 (art. 1) deur die Regering vir die Swartes aangewys sou word.

8. 'n Lokasie bestaande uit nie meer as dertig huisgesinne nie en wat op privaatgrond gewoon het.

9. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.663-664: Wet No. 3, 1876, art. 6.

10. Sien J.D. Huyser : Die Naturelle-Politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, pp. 170-171.

11. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.664: Wet No. 3, 1876, art. 7.

12. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.664: Wet No. 3, 1876, art. 9 (b & c).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

by wie die Swarte sy dienskontrak uitgedien het en deur die eerste amptenaar by wie 'n Swarte wat die Republiek van buite af ingekom het, hom aangemeld het. Behalwe in die geval van 'n Swarte wat na die voltooiing van sy dienskontrak huiswaarts gekeer het, sou so 'n pas vir slegs agt dae geldig wees ten einde die draer daarvan in staat te stel om vir hom werk te gaan soek.[13] In die pas moes ook aangetoon word waarvandaan die draer van die pas gekom het, waarheen hy gegaan het en wat hy by hom gehad het.[14] Wanneer 'n Swarte op 'n wettige wyse vir so 'n pas of sertifikaat aansoek gedoen het, was die Naturellekommissaris, die werkgewer of die betrokke amptenaar verplig om 'n pas aan hom uit te reik. Indien hulle sou weier om dit te doen, kon hulle, afhangende van die aard van die saak, met £1 tot £5 beboet word.[15]

Om paal en perk aan landlopery te stel, was elke burger verplig om die Swartes wat as "vagebonden en landloopers" beskou is en dié wat in die Republiek gewoon het, maar nie in besit van die nodige pas of sertifikaat was nie, aan te keer en aan die naaste veldkornet te oorhandig.[16] Hiervoor sou die betrokke persoon volgens 'n vasgestelde tarief vergoed word uit die boete wat so 'n Swarte opgelê sou word. Indien die Swarte nie die boete kon betaal nie, was die veldkornet geregtig om, indien die Swarte dit verkies het, hom by iemand onder kontrak te plaas ten einde die nodige geld te verdien. In geval 'n Swarte sou weier om in diens geplaas te word, moes hy aan die landdros van die betrokke distrik oorhandig word om volgens wet gestraf te word.[17]

Wet No. 3 van 1876 het verder bepaal dat 'n Swarte wat in die Zuid-Afrikaansche Republiek gewoon het en hom om die een

---

13. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.664: Wet No. 3, 1876, art. 9(a-d).

14. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.665: Wet No. 3, 1876, art. 9(e). Sien saam hiermee ook art. 21 (pp.666-667).

15. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.665: Wet No. 3, 1876, art. 10.

16. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp 663-664: Wet No. 3, 1876, art. 6 en 7.

17. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.664: Wet No. 3, 1876, art. 8.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

of ander rede buite die grense van die Republiek wou begewe het, verplig was om in besit van 'n buitelandse pas te wees. So 'n pas sou deur amptenare uitgereik word wat vir hierdie doel deur die Regering aangestel sou word. Die pas sou ook net uitgereik word aan 'n Swarte wat in besit was van 'n sertifikaat van die Naturellekommissaris indien hy in 'n groot lokasie gewoon het, van die eienaar van die grond in geval van 'n Swarte wat in 'n klein lokasie gewoon het, of deur die werkgewer by wie die Swarte in diens was. In so 'n sertifikaat moes aangetoon word dat die betrokke Swarte sy hutbelasting betaal het.[18] Kragtens Wet No. 4 van 1873[19] sou so 'n buitelandse pas slegs uitgereik word aan 'n Swarte wat in besit was van 'n pas waarvoor hierdie wet voorsiening gemaak het en hy tewens 'n sertifikaat kon toon dat hy die hutbelasting reeds betaal het waarvoor in Wet No. 3 van 1876[20] voorsiening gemaak word.[21] Die koste verbonde aan so 'n buitelandse pas het £2 beloop. 'n Swarte wat in diens van die Regering of van sy werkgewer hom buite die grense van die Republiek begewe het, was van hierdie belasting vrygestel.[22] Hoewel dit nie in die wet vermeld word nie, wil dit nietemin voorkom asof die Swartes wat nie in die Zuid-Afrikaansche Republiek gewoon het nie, ook in besit van so 'n buitelandse pas moes wees wanneer hulle byvoorbeeld op pad na die diamantvelde deur die Republiek gereis het.[23]

---

18. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, art. 16; Sien ook SS364, R3331/79: P.J. van Staden - C.E. Steele, Rustenburg, 18.8.1879. In artikel 16 van Wet No. 3 van 1876 word wel verwys na 'n certifikaat wat aan 'n Swarte uitgereik moes word wat 'n buitelandse pas wou gehad het, maar daar word nie aangetoon waarvoor hierdie sertifikaat uitgereik moes word nie. Volgens Van Staden se skrywe blyk dit egter dat in hierdie sertifikaat aangetoon moes word of die Swarte se hutbelasting reeds betaal was.

19. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.482: Wet No. 4, 1873, art. 16.

20. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4 vir die belasting wat deur die Swartes betaal moes word.

21. Sien in dié verband SS364, R3331/79: P.J. van Staden - C.E. Steele, Rustenburg, 18.8.1879.

22. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, art. 16.

23. SS287, R2063/76: Wnd. Goudkommissaris - Regeringsekretaris, Pelgrimsrust, 13.6.1878 waarby Memorie van W.S.L. Denny en 102 ander, 20.4.1878.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

'n Swarte wat die Republiek sonder 'n buitelandse pas verlaat het, het hom aan 'n misdaad skuldig gemaak en kon 'n boete van £1 tot £5 opgelê word. Indien so 'n Swarte na verloop van 'n jaar nog nie teruggekeer het nie, kon sy boete van sy agtergeblewe goedere verhaal word of kon hy by sy terugkeer, ses maande gevangenisstraf opgelê word.[24]

Hoewel die koste verbonde aan 'n buitelandse pas kragtens Wet No. 3 van 1876 in Junie 1876 op £2 vasgestel is, het dit egter spoedig geblyk dat die Swartes wat deur Pretoria na die diamantvelde gegaan het, nie in staat was om hierdie belasting te betaal nie. Met die oog op die groot aantal Swartes wat deur Pretoria gegaan het, het William Skinner, in daardie stadium die landdros van Pretoria, hierdie toestand van sake onder die aandag van president T.F. Burgers gebring. Gevolglik het hy Skinner aangesê om 'n bedrag van 5/- in plaas van £2 vir 'n buitelandse pas te vorder.[25] Of hierdie reëling, afgesien van Pretoria, ook by die ander landdroskantore in Transvaal van toepassing was, is nie duidelik nie. Volgens Henrique Shepstone het president Burgers ook die ander landdroste aangesê dat daar slegs 5/- vir 'n buitelandse pas gevorder moes word.[26] In Augustus 1879 het W. Best, die landdros van Christiana, egter aangevoer dat "the former charge for passes was one shilling down and two shillings and sixpence up".[27] Hiervolgens wil dit dus voorkom asof dit op sommige plekke wel gebeur het dat 'n Swarte 1/- vir 'n pas betaal het om buite Transvaal te gaan werk en 2/6 vir 'n pas wanneer hy weer teruggekeer het.

Hoe dit ook al sy, op grond van die voorafgaande uiteensetting, wil dit dus voorkom asof 'n Swarte kragtens die bepalings van Wet No. 4 van 1873 en Wet No. 3 van 1876 die volgende belasting moes betaal om in besit van 'n buitelandse pas te kom:

---

24. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, art. 17.

25. SN1(a), R140/79: Nota van J.R. Lys - C.E. Steele, Pretoria, 14.6.1879.

26. W 21, Band 6; Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6; Toespraak van die Sekretaris van Naturellesake op 15.3.1880.

27. SN1(a), N172/79: W. Best - H.C. Shepstone, Christiana, 12.8.1879.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

1. Bewoners van groot lokasies:

Pasbelasting	£1 - 0 - 0[28]
Hutbelasting	10 - 0[29]
Buitelandse Pas	£2 - 0 - 0[30]
	£3 - 10 - 0

2. Bewoners van klein lokasies:

Pasbelasting	£1 - 0 - 0[31]
Hutbelasting	5 - 0[32]
Buitelandse pas	£2 - 0 - 0[33]
	£3 - 5 - 0

Soos egter reeds aangetoon, het die bedrag wat in die praktyk vir 'n buitelandse pas betaal moes word selde 5/- oorskry. Indien verder aanvaar word dat daar ooreenkomstig president Burgers se opdrag 5/- vir 'n buitelandse pas betaal moes word, moet die totale bedrag in die voorafgaande gevalle in elke geval met 15/- verminder word.

Hoewel dit moeilik is om presies te sê in welke mate die pasmaatreëls waarna hierbo verwys is tot en met die anneksasie van Transvaal deur die Zuid-Afrikaansche Republiek toegepas is, gee dit nietemin 'n aanduiding van hoe sake in dié opsig teen 1877 daar uitgesien het. Dat daar egter omstandighede was wat, soos S.J.P. Kruger dit gestel het, die onteenseglike inwerkstelling van Wet No. 3 van 1876 verhinder het,[34] laat geen twyfel nie.

---

28. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885. p.480: Wet No. 4, 1873, art. 1-3.

29. F. Jeppe en J.G. Kotze (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4.

30. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, art. 16.

31. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 3, 1876, art. 1-3.

32. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4.

33. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, art. 16.

34. C 3219, p.23, par. 190: S.J.P. Kruger se getuienis voor die Korinklike Kommissie op 10.5.1881.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

2. Die betalings op passe word opgehef, 21 Junie 1877

In Maart 1880 het Henrique Shepstone in die Transvaalse Wetgewende Vergadering verklaar dat die bepaling van Wet No. 3 van 1876 waarvolgens die Swartes wat buite die grense van Transvaal wou gaan werk, in besit van 'n pas moes wees waarvoor betaal moes word, reeds kort na die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek baie klagtes tot gevolg gehad het.[35] Wie almal teen hierdie bepaling beswaar gemaak het, kan nie vasgestel word nie, maar dat die owerhede in Griekwaland-Wes iets daarmee te doen gehad het, laat geen twyfel nie. Met verwysing na die aangeleentheid, het Henrique in April 1879 opgemerk dat hy van mening was dat die betaling op passe opgehef is onder andere vanweë vertoë wat in die verband van die diamantvelde af ontvang is.[36] Dié vertoë moet waarskynlik gewyt word aan die feit dat hierdie bepaling met die vloei van arbeid na die diamantvelde ingemeng het. As daar in gedagte gehou word dat die grootste persentasie van die Swartes wat op die diamantvelde gewerk het van die noordelike distrikte - Zoutpansberg, Waterberg en Lydenburg - van Transvaal afkomstig was[37] en dat hierdie belasting waarskynlik ook deur die Swartes betaal moes word wat van buite Transvaal deur dié kolonie op pad na die diamantvelde was, kan dit begryp word dat so 'n betaling met die vloei van arbeid na die diamantvelde kon ingemeng het. Trouens, selfs in Transvaal het daar 'n sekere mate van ongelukkigheid bestaan met die bepaling van Wet No. 3 van 1876 waarvolgens 'n Swarte £2 vir 'n pas moes betaal om buite Transvaal te kon gaan werk. Met verwysing na hierdie bepaling, het ene Spectator in Junie 1877 vanuit Zoutpansberg verklaar dat "deze wet is een groote hardigheid zoowel voor blanken als inlanders, daar ze deze laatsten weerhoudt van naar de velden te gaan en geld te verdienen.

---

35. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van die Sekretaris van Naturellesake op 15.3.1880.

36. SN1(a), R1401/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 29.4.1879.

37. C2740, p.89, Bylae 1 by No. 52: W.O. Lanyon - G.P. Colley, g.d.,ongeveer Okt. 1880; C3219, p.64, par. 1276: O. Dahl se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 28.5.1881.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Als deze wet niet herroepen en aan de inlanders vrijen uittogt toegestaan wordt, zullen zij volstrekt niet in staat zijn om meer belastingen te betalen."[38]

As gevolg dus van die besware wat daar teen hierdie bepaling geopper is en ten einde arbeid meer beskikbaar te maak, het sir Theophilus Shepstone besluit dat dit beter sou wees om die betaling op passe op te hef.[39] Gevolglik het hy op 21 Junie 1877 'n proklamasie[40] uitgevaardig waarvolgens alle betalings op passe om sowel in as buite Transvaal werk te gaan soek, opgehef is en waarvolgens die Swartes toegelaat is om sonder enige betaling vir passe deur Transvaal te beweeg.[41]

As rede hiervoor het sir Theophilus aangevoer dat die beleid van die Zuid-Afrikaansche Republiek om die Swartes vir passe te laat betaal wat hulle nodig gehad het om in die Transvaal of buite die grense van die Transvaal werk te gaan soek, misluk het. Die Republiek het nie daarin geslaag om op hierdie wyse 'n meer doeltreffende beheer oor die Swartbevolking van die Transvaal uit te oefen of om die Swartes sover te kry om vir hulle eie voordeel of dié van die Blankes óf van die publieke inkomste vir 'n loon te gaan werk nie. In plaas daarvan om hierdie oogmerke te bereik, het die gebruik om die Swartes vir 'n pas te laat betaal, 'n hinderlike inmenging met die arbeiders van sowel binne as buite Transvaal tot gevolg gehad. Dit het ook tot misbruike aanleiding gegee wat die Blanke werkgewer se reputasie benadeel het en wat as gevolg van 'n gebrek aan arbeid tot die verarming van die Transvaal bygedra het.

In sy proklamasie het sir Theophilus verder daarop gewys dat dit in alle opsigte wenslik was om die Swartes aan te moedig om hulle arbeid teen 'n loon aan sowel die inwoners van die

---

38. De Volksstem, 6.6.1877 (Hoofartikel).

39. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van die Sekretaris van Naturellesake op 15.3.1880; Vgl. J.D. Huyser: Die Naturelle-Politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, p.174.

40. ZAR53, Transvaal Government Gazette, 23.6.1877: Proklamasie van T. Shepstone, 21.6.1877; Sien ook SS257, R4522/77: Proklamasie van T. Shepstone, 21 Mei (sic) 1877.

41. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van die Sekretaris van Naturellesake, op 15.3.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Transvaal as aan ander beskikbaar te stel. Met die oog hierop was dit dus nodig dat alle beperkings in dié opsig uit die weg geruim moes word. Hy is ook meegedeel dat as dit nie vir die betalings op passe en ander ongunstige omstandighede, wat hy gehoop het om spoedig uit die weg te ruim, was nie, daar groot getalle Swartes was wat begerig was om werk te gaan soek.

Om dus die arbeid van die Swartes te benut, het sir Theophilus gevolglik alle geldelike betalings opgehef en verbied dat 'n Swarte vir 'n pas moes betaal om in of buite Transvaal werk te gaan soek. Terselfdertyd is al die gedeeltes van wette of regulasies wat nog van krag was en waarvolgens betalings op passe gevorder is, eweneens opgehef. Wanneer 'n Swarte by die daartoe gemagtigde persone om 'n pas aansoek gedoen het om in Transvaal of elders werk te gaan soek, moes die pas sonder enige betaling aan hom uitgereik word. Hierdie pas sou dan voldoende wees om die houer daarvan in staat te stel om in enige deel van die Transvaal of buite die grense van Transvaal werk te gaan soek. Die Swartes wat buite Transvaal sou gaan werk, sou egter onderhewig wees aan die wette en regulasies van die gebied waar hulle gaan werk het.

Wanneer die Swartes wat buite die grense van Transvaal gaan werk het weer terugkeer, sou hulle toegelaat word om sonder enige betaling, afgesien van die belasting betaalbaar op vuurwapens en ander belasbare artikels, na hulle woonplekke terug te keer. In die geval van hierdie Swartes sou die passe uitgereik deur die bevoegde outoriteite van die gebied waar so 'n Swarte voor sy terugkeer na die Transvaal gewerk het, voldoende wees om hom van 'n vrye deurgang deur Transvaal te verseker, mits so 'n pas deur 'n amptenaar van die Transvaalse regering mede-onderteken was. Met die oog daarop om die doel te beklemtoon wat hy met die opheffing van die betalings op passe beoog het, het sir Theophilus daarop gewys dat "het zekerste middel om zich van arbeid te voorzien is alle belemmeringen daartoe uit den weg te ruimen en den arbeider billijk te betalen; de uitwerking hiervan zal zijn om

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

mededinging te weeg te brengen en het werkloon van het tegenwoordige hooge bedrag te verminderen tot op billijke prijzen."[42]

In soverre dit hierdie proklamasie betref, is daar enkele sake wat nadere toeligting verdien. Eerstens, hoewel dit nie in die proklamasie vermeld word nie, wil dit nietemin voorkom asof die opheffing van betalings op passe 'n voorlopige reëling was. 'n Paar dae voordat hierdie proklamasie uitgevaardig is, het N.J.R. Swart, op daardie stadium die waarnemende koloniale sekretaris, vir Oscar Dahl in kennis gestel dat die betalings op passe voorlopig opgehef gaan word "until it can be placed upon a better footing."[43]

Hoewel daar in die proklamasie na geen spesifieke wet of dele van wette verwys word nie, het hierdie proklamasie, in die tweede plek, ten doel gehad die opheffing van die betaling op buitelandse passe waarvoor Wet No. 3 van 1876, en na dit wil voorkom, ook die betaling vir passe waarvoor Wet No. 4 van 1873, voorsiening gemaak het. Soos reeds aangedui, het Wet No. 3 van 1876 daarvoor voorsiening gemaak dat 'n Swarte wat hom buite die grense van die Transvaal wou begewe, in besit van 'n buitelandse pas moes wees waarvoor £2 - deur president Burgers na 5/- verminder - betaal moes word.[44] Die feit egter dat hierdie wet bepaal het dat 'n pas gratis uitgereik moes word aan 'n Swarte wat in die Transvaal werk wou gaan soek,[45] laat die vermoede ontstaan dat die opheffing

---

42. ZAR 53, Transvaal Government Gazette, 23.6.1877: Proklamasie van T. Shepstone, 21.6.1877.

43. SS8632, p.634: N.J.R. Swart - O. Dahl, Pretoria, 12.6.1877.

44. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, art. 16.

45. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.664-665: Wet No. 3, 1876, art. 7 en 9.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

van die betaling op passe om in Transvaal werk te gaan soek, op Wet No. 4 van 1873 betrekking gehad het, aangesien 'n Swarte kragtens hierdie wet in besit van 'n (binnelandse) pas moes wees waarvoor £1 per jaar betaal moes word.[46] Verder, die bepaling in die proklamasie dat al die gedeeltes van wette of regulasies wat nog van krag was en waarvolgens betalings vir passe gevorder kon word, opgehef word, het waarskynlik ten doel gehad die opheffing van die bepalings waarvolgens 'n Swarte in besit van 'n (binnelandse) pas[47] moes wees en sy hutbelasting[48] moes betaal het, alvorens 'n buitelandse pas aan hom uitgereik sou word.[49]

In die derde instansie is dit belangrik om daarop te let dat hierdie proklamasie slegs dié gedeeltes van wette en regulasies opgehef het wat voorsiening gemaak het vir die heffing wat 'n Swarte vir 'n pas moes betaal om in of buite Transvaal werk te gaan soek. Die feit dat slegs die betalings op passe opgehef is,[50] het beteken dat al die ander bepalings in verband met passe van krag gebly het én dat die Swartes nie sonder die nodige passe kon rondbeweeg nie. Trouens, volgens die proklamasie word daar uitdruklik bepaal dat wanneer 'n Swarte by die daartoe gemagtigde persone om 'n pas aansoek gedoen het om in Transvaal of elders werk te gaan soek, daar nog 'n pas, maar sonder enige betaling, aan hom uitgereik moes word.[51]

In hoeverre die Zuid-Afrikaansche Republiek se pogings misluk het om deur middel van 'n passtelsel 'n meer doeltreffende beheer oor sy Swartbevolking uit te oefen en in welke mate die gebruik om die Swartes vir passe te laat betaal tot

---

46. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 4, 1873, art. 1-3.

47. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.482: Wet No. 4, 1873, art. 16.

48. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, art. 16 en SS364, R3331/79: P.J. van Staden - C.E. Steele, Rustenburg, 18.8.1879.

49. SS379, R4545/79: Nota van W.O. Lanyon - M. Osborn, 3.8.1879.

50. Sien ook De Volksstem, 29.7.1879 (Plaatselijk en Algemeen Nieuws).

51. ZAR53, Transvaal Government Gazette, 23.6.1877: Proklamasie van T. Shepstone, 21.6.1877.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

misbruike aanleiding gegee het, is, in die vierde instansie, moeilik om te sê. Met verwysing na sir Theophilus se proklamasie in verband met die opheffing van betalings op passe, het De Volksstem verklaar dat hy die grondigheid van die redes wat tot hierdie besluit aanleiding gegee het, erken. "Wij weten dat het passtelsel in groote mate een mislukking is geweest en heel wat misbruiken heeft doen ontstaan."[52] Met betrekking tot buitelandse passe, het Oscar Dahl daarop gewys dat die Swartes wat in Zoutpansberg en Waterberg gewoon het, gepoog het om die belasting op so 'n pas te ontduik deur na Bloemhof en Christiana te gaan onder die voorwendsel dat hulle daar wil gaan werk. Wanneer hulle daar aangekom het, het hulle egter oor die Transvaalse grens geglip om in die Vrystaat of Griekwaland-Wes te gaan werk.[53] Volgens H.P.N. Pretorius was hierdie bepaling van Wet No. 3 van 1876 "onbestaan- en onuitvoerbaar."[54]

Hoewel De Volksstem nie ernstige besware teen die opheffing van die betaling op passe gehad het nie, wou dié koerant nietemin weet wat daar in die plek daarvan gestel sou word. Die moontlikheid van 'n hutbelasting is reeds genoem, maar dié sou alleen 'n geskikte plaasvervanger kon wees indien dit op 'n billike en behoorlike wyse toegepas word. Die feit egter dat so 'n belasting nog nie ingestel is nie, het tot gevolg gehad dat die hele Transvaal 'n aankondiging in dié verband met groot angstigheid afgewag het, "want het kan niet best gelooven dat het plan bestaan kan om de naturellen van alle belasting te ontslaan." De Volksstem het ook die verklaring heelhartig onderskryf dat die beste manier waarop arbeid bekom kon word, was om al die belemmerings wat daar in dié opsig bestaan het uit die weg te ruim en die arbeider 'n billike loon te betaal. Aan die anderkant egter kon

---

52. De Volksstem, 27.6.1877 (Hoofartikel); Sien ook De Volksstem, 16.5.1877 (Onwettige uitreiken van Passen) en SN1(a), R1401/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 29.4.1879.

53. SS364, R3331/79: O. Dahl - Sekretaris van Naturellesake, Eersteling, 14.8.1879.

54. De Volksstem, 11.1.1879 (Brief van H.P.N. Pretorius).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

ledigheid en luiheid nie aangemoedig word nie. Indien daar dus nie enige spesiale voorregte aan die Swartes wat wou werk verleen word nie, sou hierdie toestand van sake ongetwyfeld aangemoedig word.

Afgesien van die voorafgaande was daar één saak waarop De Volksstem verplig was om die aandag op te vestig, naamlik dat volgens die anneksasieproklamasie van April 1877 daar ooreengekom is dat bestaande wetgewing van krag sou bly totdat dit deur 'n bevoegde wetgewende gesag gewysig sou word. "Nu was het oude passtelsel, met al zijne gebreken en tekortkomingen, die wij gaaf toestemmen, essentieël eene gevestigde wet, in dezen Staat van kracht. Zij was bovendien eene wet die in iedere gewone zitting der Wetgeving gedurende de laatste vier jaren heel veel discussie had uitgelokt. Deze wet nu is zoo op eens ter zijde geschoven door eene proklamatie van ... den Administrateur. Wat we nu wenschen te weten is dit: Is zoodanige proklamatie van den Administrateur te worden verklaard als "bevoegd wetgewend gezag" zooals door de Annexatie-Proklamatie beoogd?"[55]

3. Die herinstelling van 'n pasbelasting, Augustus 1879

Sir Theophilus se opheffing van die betalings op passe ten einde die Transvaalse Swartes aan te moedig om hulle arbeid aan die Blankes in Transvaal beskikbaar te stel en hulle tot groter diensbaarheid aan te spoor, het geensins die gewenste uitwerking gehad nie.

Sowat vyf maande na die opheffing van betalings op passe, het De Volksstem berig dat daar gedurende Augustus 1044 Swartes deur Pretoria na die diamantvelde gegaan het. "De markt is daar zoo overvoerd, dat de kaffers reeds weer terugkeren, zeggende dat er geen eten is en dat zij met gras den buik moeten vullen! De arbeid zal spoedig goedkoop zijn."[56]

---

55. De Volksstem, 27.6.1877 (Hoofartikel).
56. De Volksstem, 10.10.1877 (De Afschaffing der Passen).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Hierdie verwagting het egter nie gerealiseer nie, want in April 1878 het die delwers van die Lydenburgse goudvelde sir Theophilus se aandag gevestig op die "present impoverished condition of these Fields, mainly owing to the scarcity of labor, being chiefly attributable to the system at present in vogue, of granting free passes to the Kaffirs, en route to the Diamond Fields in search of work."[57] Hulle het verder aangevoer dat hulle hoofbron van arbeid nie die Transvaalse Swartes was nie, maar óf die Swartes wat in die Portugese gebied aan die ooskus van Afrika óf in die gebied wat daaraan gegrens het, gewoon het. Die feit dat die betalings op passe opgehef is, het tot gevolg gehad dat hierdie Swartes nie meer op dié Lydenburgse goudvelde nie, maar op die diamantvelde gaan werk soek het. Om hierdie toedrag van sake die hoof te bied, het hulle sir Theophilus versoek om in belang van die goudvelde, weer eens 'n pasbelasting in te stel vir die Swartes wat vanaf die ooskus oor die Transvaalse grondgebied na die diamantvelde gegaan het.[58]

In antwoord op hierdie versoek, het sir Theophilus verklaar dat toe hy hierdie memorie ontvang het daar in die omgewing van die goudvelde gebeure - waarskynlik die oorlog tussen die Britte en die Pedi - aan die gang was waarvan die uitslag hopelik tot gevolg sou hê dat die arbeidsprobleme wat die delwers ondervind het, verlig sou word. Hierdie gebeure was egter nog onbeslis en het dus voortgegaan om 'n ongunstige uitwerking op die arbeidsvoorsiening van die goudvelde te hê. Terwyl hierdie versteuring van die vrede en die algemene spanning wat dit tot gevolg gehad het nog voortgeduur het, was dit onmoontlik om te verwag dat arbeid met dieselfde gemak as onder normale omstandighede bekom sou word.

Met betrekking tot die delwers se versoek dat 'n pasbelasting weer ingestel moet word, was sir Theophilus van mening dat om weer die ou belasting wat in Junie 1877 opgehef is in te stel

---

57. SS287, R2063/76: Wnd. Goudkommissaris - Regeringsekretaris, Pelgrimsrust, 13.6.1878, waarby die memorie van W.S.L. Denny en 102 ander van 20.4.1878 aangeheg is.

58. SS287, R2063/78: Wnd. Goudkommissaris - Regeringsekretaris, Pelgrimsrust, 13.6.1878, waarby die memorie van W.S.L. Denny en 102 ander, 20.4.1878.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

geen doel sou dien nie. Dit sou slegs tot gevolg hê dat 'n stelsel weer in werking gestel word wat deur sowel die Zuid-Afrikaansche Republiek as die Transvaalse administrasie nadelig bevind is en wat tewens by die Swartes 'n weersin teen enige vorm van werk, behalwe vir slegs 'n paar dae op 'n slag in Transvaal, tot gevolg gehad het.[59]

Twee maande later, in Junie 1878, het De Volksstem berig dat die gebrek aan arbeid op daardie stadium deur die hele Transvaal gevoel word. Van alle kante af word daar gekla dat die boere die Swartes nie sover kon kry om vir hulle te werk nie. Gevolglik was daar baie boere wat nie veel meer kon ploeg en saai as net dit wat hulle vir eie gebruik nodig gehad het nie. Daar was wel Swartes wat bereid was om vir 'n kort rukkie te werk, maar dié het net wanneer hulle wou weer opgehou. Hoewel daar gedurende die bewind van die Zuid-Afrikaansche Republiek ook arbeidsprobleme was en oor die gebrek aan arbeid gekla is, het daar nietemin 'n redelike eenstemmigheid bestaan dat die arbeidskwessie nog nooit so ernstig was soos op daardie stadium nie. Hierdie toestand van sake moes sonder enige twyfel hoegenaamd aan die Swartes se algehele vrystelling van belastings gewyt word.[60] Ofskoon hulle van nature lui was, het hulle geen beswaar daarteen gehad om vir een of twee maande - selfs vir agt dae teen 'n loon van 5/-[61]- by die boere in diens te tree sodat hulle geld kon verdien om 'n pas te bekom nie. Op hierdie wyse het die boere arbeid bekom, maar aangesien geen belasting meer van die Swartes gevorder word nie, was daar nie meer arbeid beskikbaar nie. Selfs die boere op wie se plase Swartes gewoon het, het gekla dat hulle nie wou werk nie of net gewerk het wanneer en vir solank as wat hulle wou. Daar was dus baie boere wat genoeg lande vir ses of agt muddens saad gehad het, maar wat as gevolg van 'n gebrek aan arbeid, nie soveel emmers saad sou kon saai nie.

---

59. SS8641, pp. 405-407: M. Osborn - G. Kimlin en ander, Pretoria, 9.10.1878.

60. In Januarie 1878 is die invordering van alle belastings wat deur die Swartes betaal moes word deur sir Theophilus Shepstone opgeskort. Sien in dié verband Hoofstuk 3, Afd. I.

61. De Volksstem, 11.1.1879 (Brief van H.P.N. Pretorius).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Die arbeidskwessie het egter verder as net arbeid gestrek. Op daardie stadium was die prys van meel bykans £4 en dié van koring meer as £3 per mud, maar indien daar nie 'n verbetering in die arbeidsituasie sou intree nie, sou die pryse die volgende jaar nog hoër wees. Die moontlikheid dat koring en meel ingevoer sou moes word om 'n tekort af te weer, was dus nie so vergesog nie - en dit ten spyte van die feit dat daar honderde duisende Swartes in Transvaal gewoon het wat deur middel van 'n behoorlike en oordeelkundige bestuur op groot skaal as plaasarbeiders benut kon word.[62]

Hoewel sir Theophilus slegs die betaling op passe en nie die passtelsel afgeskaf het nie, het hierdie bepaling nietemin tot gevolg gehad dat die passtelsel feitlik geheel verval het. Volgens De Volksstem het sir Theophilus se proklamasie die "weinige toezigt" wat daar nog vroeër deur middel van die paswet oor die Swartes uitgeoefen is, totaal vernietig.[63] Die gevolg hiervan was, soos H.P.N. Pretorius dit gestel het, dat "ieder (Swarte) loopt met den mond vol zonder pas en roept uit: Shepstone heeft gezegd wij behoeven geen pas te hebben."[64]

Hoe dit ook al sy, ofskoon sir Theophilus van voorneme was om die passtelsel op 'n beter grondslag te plaas,[65] het hy, voordat hy enigiets in die verband kon doen, Transvaal in Maart 1879 verlaat.

Kort na Lanyon se diensaanvaarding as administrateur van die Transvaal, het J.R. Lys, die landdros van Pretoria, teen die einde van April 1879 die koloniale sekretaris se aandag daarop gevestig dat daar in die loop van 'n maand ongeveer 'n duisend Swartes deur Pretoria na die diamantvelde gegaan het en ongeveer 500 per maand van daar af teruggekeer het.

---

62. De Volksstem, 11.6.1878 (Plaatselijk en Algemeen Nieuws).
63. De Volksstem, 9.4.1878 (Hoofartikel).
64. De Volksstem, 11.1.1879 (Brief van H.P.N. Pretorius).
65. SS8632, p.634: N.J.R. Swart - O. Dahl, Pretoria, 12.6.1877.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Nie een van die Swartes wat op pad na die diamantvelde was, was in besit van 'n pas nie, terwyl slegs 'n geringe aantal van dié wat daarvandaan af teruggekeer het in besit was van 'n pas waarvoor hulle daar 1/- betaal het. Lys het verder daarop gewys dat 'n bedrag van 5/- vroeër gevra is vir 'n pas om Transvaal te verlaat. Die Swartes wat nie hierdie bedrag kon betaal het nie, is vir 'n week lank in Pretoria in diens geplaas ten einde die geld te verdien. Hoewel die belasting op passe volgens 'n proklamasie van sir Theophilus Shepstone opgehef is, kon Lys geen rede sien waarom nie slegs 'n deel van hierdie bedrag weer gehef kon word nie. Selfs al sou hierdie belasting op 1/- per pas gestel word, sou die inkomste wat op hierdie wyse verkry word, in Pretoria alleen ongeveer £50 per maand beloop het. Indien 'n behoorlike stelsel van pasuitreikings deur veldkornette, vrederegters en ander gemagtigde persone in werking gestel word, kon 'n aansienlike inkomste uit hierdie bron verkry word. Die Swartes wat op die diamantvelde of elders gaan werk het, het groot bedrae geld verdien. Gevolglik was Lys van mening dat selfs meer as 1/- vir 'n pas gevra kon word en dat die Swartes dus op hierdie wyse sowel die Regering as die Blankes behulpsaam kon wees. Hy het ook daarop gewys dat die inwoners van Pretoria en die Pretoriase distrik, arbeid dringend nodig gehad het en bereid was om hoë lone te betaal as hulle maar net arbeid kon kry.[66]

In sy kommentaar op Lys se voorstel, het Henrique vir Lanyon, wat klaarblyklik nie op die hoogte van sake was nie, daarop gewys dat die 5/- belasting vir die passe waarna Lys verwys het, in Junie 1877 opgehef is. Net soos Lys was hy van mening dat die een of ander belasting op passe gehef moes word en dat 'n heffing van 1/- 'n redelike bedrag sou wees. Hierteen kon die Swartes geen beswaar hê nie, veral nie as daar in aanmerking geneem word dat die besit van 'n pas,hulle veiligheid en beskerming gewaarborg het nie. Die uitreiking van passe het ook heelwat tyd van die landdroste in beslag geneem en moes die koste van die papier eweneens in aanmerking geneem word. Op grond hiervan was Henrique gevolglik

---

66. SN1(a), R1401/79: J.R. Lys -Koloniale Sekretaris, Pretoria, 26.4.1879.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

ten gunste daarvan dat Lys se aanbeveling uitgevoer moes word. Hy was egter van mening dat hierdie passe slegs deur die landdroste uitgereik moes word en hulle dus van gestempelde pasboeke voorsien moes word. Om Lys se voorstel in werking te stel sou dit egter nodig wees om 'n proklamasie te dien effekte uit te vaardig.[67]

Hoewel Lys se skrywe met betrekking tot die herinstelling van 'n belasting op passe en Henrique se kommentaar daarop slegs op buitelandse passe betrekking gehad het, wou Lanyon, nadat hy Henrique se kommentaar ter insae gehad het, van Melmoth Osborn, die Koloniale Sekretaris, weet waarom, soos hy dit gestel het, die passtelsel afgeskaf is.[68] Osborn het hierop geantwoord dat die belasting op passe afgeskaf is op grond van die redes soos in sir Theophilus se proklamasie van 21 Junie 1877 uiteengesit. Gesien in die lig van die mening van die regsadviseurs van die Britse kroon wat sedert die uitvaardiging van hierdie proklamasie ontvang is, was Osborn van mening dat voordat daar enigiets in verband met die herinstelling van 'n pasbelasting gedoen word, daar eers vasgestel moes word in hoeverre die geldigheid van sir Theophilus se proklamasie hierdeur geraak word.[69]

Nadat Lanyon die aangeleentheid met C.G. Maasdorp, die Prokureur-generaal, bespreek het, het dié hom meegedeel dat hy van oordeel was dat sir Theophilus se proklamasie van 21 Junie ultra vires was.[70] Vir Lanyon het die vraag gevolglik ontstaan of hierdie proklamasie nie deur 'n ander proklamasie gekanselleer moes word nie. Daar moes ook vasgestel word wat die bepalings van die ou paswet, dit wil sê die paswet voor die uitvaardiging van hierdie proklamasie, was en of die Tussenregering nie die bevoegdheid gehad het om die belasting op passe op 1/- vas te stel nie.[71]

---

67. SN1(a), R1401/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 29.4.1879.
68. SN1(a), R1401/79: Nota van W.O. Lanyon - M. Osborn, 29.4.1879.
69. SN1(a), R1401/79: Nota van M. Osborn - W.O. Lanyon, 16.5.1879.
70. SN1(a), R1401/79: Nota van C.G. Maasdorp - W.O. Lanyon, 21.5.1879; SP377, pp.100-101: Nota van C.G. Maasdorp - W.O. Lanyon, 21.5.1879.
71. SN1(a), R1401/79: Nota van W.O. Lanyon, 16.5.1879.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

In sy antwoord hierop het Maasdorp verduidelik dat kragtens 'n bepaling van Wet No. 3 van 1876 elke Swarte wat na 'n gebied buite die Zuid-Afrikaansche Republiek wou gaan, verplig was om in besit van 'n buitelandse pas te wees.[72] So 'n pas sou slegs uitgereik word aan 'n Swarte wat in besit van 'n sertifikaat[73] was en teen 'n betaling van £2. Volgens Maasdorp sou hierdie bepaling nog steeds van krag gewees het as dit nie vir die proklamasie van 21 Junie 1877 was nie. Omdat hierdie proklamasie ultra vires was, kon dit deur 'n ander proklamasie herroep word, maar die bedrag van £2 wat kragtens Wet No. 3 van 1876 vir 'n buitelandse pas betaal moes word, kon nie deur middel van 'n proklamasie verander word nie.[74]

Lanyon se navraag met betrekking tot die herinstelling van 'n belasting op passe, het tot gevolg gehad dat Maasdorp insae in Lys se skrywe verkry het waarin hy voorgestel het dat slegs 5/- vir 'n buitelandse pas betaal moes word. Dit en die feit dat Wet No. 3 van 1876 hierdie bedrag op £2 vasgestel het, het Maasdorp aangespoor om na die wet te soek waarvolgens 5/- vir 'n buitelandse pas betaal moes word. Die feit egter dat president Burgers, soos reeds daarop gewys is, opdrag gegee het dat hierdie bedrag en nie £2 nie vir 'n buitelandse pas gevra moes word, het tot gevolg gehad dat Maasdorp uit die aard van die saak nie 'n wet kon vind waarvolgens 5/- vir 'n buitelandse pas gevra moes word nie.[75] Onder hierdie omstandighede was C.E. Steele, die Kommissaris van Finansies en Inkomste, die mening toegedaan dat dit miskien beter sou wees om die kwessie in verband met die herinstelling van 'n pasbelasting agterweë te hou totdat dit aan die Wetgewende Vergadering voorgelê kon word.[76]

---

72. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, art. 16.

73. Sien bespreking by voetnoot 18, p.205.

74. SN 1(a), R1401/79: Nota van C.G. Maasdorp - W.O. Lanyon, 21.5.1879; SP377, pp.100-101: Nota van C.G. Maasdorp - W.O. Lanyon, 21.5.1879.

75. SN1(a), R1401/79: Nota van C.G. Maasdorp - W.O. Lanyon, 21.5.1879.

76. SN1(a), R1401/79: Nota van C.E. Steele - W.O. Lanyon, 22.5.1879.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Ten spyte van Steele se aanbeveling, het Lanyon aan die hand gedoen dat Lys in verband met die 5/- belasting geraadpleeg moes word, aangesien daar waarskynlik die een of ander besluit met betrekking tot die aangeleentheid was waarvan die Regering nie bewus was nie.[77] Lys kon egter, uit die aard van die saak, self nie so 'n wet vind nie. As bewys van die feit dat so 'n bedrag wel op buitelandse passe gevorder is, het hy aangevoer dat dit uit die ou kontantboeke van die landdroskantoor duidelik blyk dat daar 5/- vir so 'n pas van die Swartes gevorder is. As 'n ou inwoner van Pretoria het hy ook van hierdie belasting geweet en was hy tewens bewus daarvan dat die Swartes wat vir so 'n pas aansoek gedoen het en nie die geld gehad het nie, eers in diens geplaas is om die geld te verdien voordat hulle toegelaat is om Transvaal te verlaat.[78]

Die probleem in verband met die betaling van 5/- vir 'n buitelandse pas is egter opgelos toe Lys enkele dae later die aangeleentheid met William Skinner, die gewese landdros van Pretoria, bespreek het. Hy het Lys meegedeel dat daar nie 'n wet was waarvolgens hierdie bedrag gevorder is nie, aangesien dit na aanleiding van 'n besluit van president Burgers geskied het.[79] Toe die Volksraad hierdie bedrag in 1876 op £2 vasgestel het, kon die Swartes dit nie betaal nie. Gevolglik het president Burgers Skinner aangesê om weer eens 'n bedrag van 5/- vir 'n buitelandse pas te vorder. Dit was hierdie bedrag wat deur die proklamasie van Junie 1877 opgehef is, ten spyte van die feit dat daar nie 'n wet was wat vir die heffing van so 'n belasting voorsiening gemaak het nie.[80]

Voorsien van hierdie inligting het Lanyon die aangeleentheid met Maasdorp bespreek en hom op 16 Junie versoek "to draft a proclamation to meet this question according to the terms of our conversation."[81] Twee dae later het Maasdorp die proklamasie aan Lanyon voorgelê.[82]

---

77. SN1(a), R1401/79: Nota van W.O. Lanyon, 31.5.1879.

78. SN1(a), R1401/79: Nota van J.R. Lys, 4.6.1879.

79. SN1(a), R1401/79: Nota van J.R. Lys - C.E. Steele, Pretoria, 14.6.1879.

80. SN1(a), R1401/79: Nota van J.R. Lys - C.E. Steele, Pretoria, 14.6.1879.

81. SN1(a), R1401/79: Nota van W.O. Lanyon, 16.6.1879.

82. SN1(a), R1401/79: Nota van C.G. Maasdorp, 18.6.1879; SP377, p.110: C.G. Maasdorp - W.O. Lanyon, 18.6.1879.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Nog voordat hierdie proklamasie afgekondig is,het Lys die koloniale sekretaris se aandag weer eens daarop gevestig dat volgens inligting wat hy bekom het, daar 'n ontevredenheid by die boere as gevolg van 'n gebrek aan arbeid bestaan het. As gevolg hiervan was daar baie plase wat geensins bewerk is nie. Hoewel die Swartes op die boere se plase gewoon en dit vir saai- en weidingsdoeleindes gebruik het, het dit nietemin voorgekom dat die Swartes geweier het om, soos gewoonlik, vir die mense te werk op wie se grond hulle gewoon het. Ten einde egter in besondere gevalle oor arbeid te beskik, was die eienaars van hierdie plase verplig om hierdie toestand van sake te verdra. Ook in die Bosveld was daar ontevredenheid onder die boere vanweë 'n gebrek aan arbeid. Hoewel die opdroging van baie fonteine ook daartoe bygedra het, was dit egter hoofsaaklik aan die tekort aan arbeid te wyte dat landboubedrywighede op 'n veel kleiner skaal as voorheen aangepak is.[83]

Toe hierdie skrywe van Lys aan Lanyon voorgelê is, was sy reaksie daarop dat Lys in kennis gestel moes word dat die paswet binnekort weer toegepas sou word.[84]

Intussen egter, het daar bykans 'n maand verloop sedert Maasdorp die proklamasie wat vir die herinstelling van 'n belasting op passe voorsiening gemaak het, aan Lanyon oorhandig het. Op 17 Julie 1879 het Lanyon die koloniale sekretaris opdrag gegee om die proklamasie vir algemene inligting in die

---

83. SS345, R1905/79: J.R. Lys - Koloniale Sekretaris, Pretoria, 9.6.1879

84. SS345, R1905/79: Nota van W.C. Lanyon, 16.6.1879; SS8637, pp.687-688: C. van Boeschoten - Landdrcs van Pretoria, Pretoria, 17.6.1879.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Staatskoerant te publiseer. Saam daarmee moes ook 'n goewermentskennisgewing gepubliseer word waarvolgens al die landdroste, veldkornette, vrederegters en ander amptenare opgedra word om toe te sien dat al die bepalings met betrekking tot die uitreiking van passe wat voor sir Theophilus se proklamasie van Junie 1877 van krag was, stiptelik uitgevoer moes word. Hierdie amptenare moes ook in kennis gestel word dat aansoeke vir pasboeke by die koloniale sekretaris gedoen moes word. 'n Aantal kopieë van die proklamasie en van die goewermentskennisgewing moes aan die verskillende landdroste en veldkornette gestuur word, ten einde dit vir algemene inligting by 'n publieke plek aan te bring. 'n Skrywe asook kopieë van dieselfde stukke moes aan die koloniale sekretaris te Kimberley gerig word waarin hy versoek word om die inligting publiek bekend te maak. Die Protector and Registrar van Swartes moes ook versoek word om al die Swartes wat vanaf Kimberley na die Transvaal wou terugkeer, in kennis te stel dat hulle hul by die landdros van Christiana moes aanmeld om die nodige passe vir hulle deurreis deur Transvaal te kry. Die bedrag wat vir so 'n pas betaal moes word, was dieselfde as dié bedrag wat voor die proklamasie van Junie 1877 van krag was, naamlik 5/- vir elke pas.[85]

'n Week later op 24 Julie 1879, het hierdie proklamasie en goewermentskennisgewing in die Staatskoerant verskyn en het Lanyon by wyse van 'n proklamasie bekend gemaak dat die proklamasie van 21 Junie 1877, waarvolgens al die betalings op passe opgehef is, op 1 Augustus 1879 herroep word.[86] Vir algemene inligting is verder bekend gemaak dat al die landdroste, vrederegters en veldkornette "gelast zijn de wetten uit te voeren en stiptelijk te handhaven die, voor de bekendmaking der Proclamatie van den 21sten Junij 1877, van kracht waren, waarbij de uitgave van passen aan inboorlingen

---

85. SN1(a), R1401/79: Nota van W.O. Lanyon - Koloniale Sekretaris, 17.7.1879.

86. ZAR55, Transvaal Government Gazette, 24.7.1879: Proklamasie van W.O. Lanyon, 18.7.1879.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

in de Transvaal of door dit grondgebied gaande, geregeld werden."[87]

Met verwysing na hierdie proklamasie het die skrywer van 'n brief aan De Volksstem verklaar dat die Transvaal as gevolg van die afskaffing van die betalings op passe, gedurende die voorafgaande twee en 'n half jaar meer as £20 000 aan inkomste verloor het. Hy was ook van mening dat hierdie besluit van sir Theophilus Shepstone as 'n algehele mislukking beskryf kan word "want de zwarte broers zijn geen haar beter geworden, maar hebben integendeel kans gehad om kruid, lood en geweren in te voeren zoo veel zij wilden. De arme boer moest intusschen zien zonder hulp klaar te komen, terwijl het land zeer moeijelijk te bewerken is zonder handen."[88]

Dieselfde dag waarop die proklamasie aangekondig is, het Henrique Shepstone, as Sekretaris van Naturellesake, 'n aantal kopieë van Lanyon se proklamasie en van die goewermentskennisgewing, aan die administrateur van Griekwaland-Wes gestuur. Met verwysing na hierdie stukke is die administrateur versoek om die inhoud daarvan bekend te stel. Verder dat die Protector and Registrar van Swartes gevra moes word om al die Swartes wat vanaf Kimberley deur die Transvaal na hulle tuistes sou terugkeer, in kennis te stel dat hulle hul vanaf 1 Augustus by die landdroskantoor van Christiana moes aanmeld ten einde 'n pas te kry waarvoor 5/- betaal moes word.[89]

---

87. ZAR 55, Transvaal Government Gazette, 24.7.1879: G.K. No. 105/79, 18.7.1879.

88. De Volksstem, 26.8.1879 (Brief van Tot Wederziens).

89. SN 102, pp.440-441: H.C. Shepstone - Koloniale Sekretaris, Pretoria, 24.7.1879; SN1(a), R1401/79: H.C. Shepstone - Koloniale Sekretaris, 24.7.1879 (afskrif).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Afgesien van die voorafgaande stukke, het Henrique op 24 Julie ook 'n sirkulêre aan die landdroste, spesiale kommissarisse, Naturellekommissarisse en die goudkommissaris by die Nieu-Caledoniese goudvelde gerig. Hierin het hy hulle aandag op Lanyon se proklamasie van 24 Julie en die daarmee gepaardgaande goewermentskennisgewing gevestig. Saam hiermee het Henrique 'n aantal kopieë van sowel die proklamasie as van die goewermentskennisgewing aan elkeen van hierdie persone gestuur met die opdrag dat hierdie stukke vir algemene inligting by een of ander openbare plek in hulle onderskeie distrikte aangebring moes word. 'n Kopie van elke stuk moes ook aan die veldkornette gegee word, ten einde die inhoud daarvan aan die Swartes bekend te stel. Bowendien moes hulle die Swartes meedeel "that they must proceed to your office to get passes to enable them to travel through the country for which each native will have to pay 5/-".[90]

Gesien in die lig van die feit dat Henrique met hierdie opmerking bedoel het dat al die Swartes wat deur die Transvaal gereis het om buite die grense van die Transvaal werk te gaan soek, asook die Swartes wat in Transvaal van die een distrik na 'n ander gegaan het om werk te gaan soek, in besit van 'n pas moes wees waarvoor 5/- betaal moes word,[91] dan blyk dit dat sy formulering van hierdie aangeleentheid glad nie so duidelik was nie. Hierdie toestand van sake is nog verder vertroebel toe Steele, verkerende onder die indruk dat hy as Kommissaris van Finansies en Inkomste, vir die toesig oor die invordering van die pasbelasting verantwoordelik was,[92] op 25 Julie 1879 'n rondskrywe aan die landdroste en Naturellekommissarisse gerig het waarin hy hulle meegedeel het dat 'n belasting van 5/- slegs vir buitelandse passe gevorder moes word.[93]

---

90. SN102, pp.449-450: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste, Spesiale Kommissarisse, Naturellekommissarisse en Goudkommissaris, Nieu-Caledoniese goudvelde, 24.7.1879; Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Spesiale Kommissarisse, Landdroste, Veldkornette en Naturellekommissarisse, 24.7.1879 (afskrif).

91. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van die Sekretaris van Naturellesake op 15.3.1880; Sien ook LL25, No.966-971: G.A. Roth - Veldkornet Lydenburg, Ohrigstadt, Krokodilrivier, Komatie, Steelpoort en Nieu-Schotland, 31.7.1879 (afskrif).

92. SS364, R3331/79: Nota van C.E. Steele - W.C. Lanyon, 29.10.1879.

93. SS364, N180/79 gevoeg by R3331/79: O. Dahl - Sekretaris van Naturellesake, Eersteling, 14.8.1879.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Die besluit van die Transvaalse regering om weer 'n belasting op passe vanaf 1 Augustus 1879 in te stel, is nie deur almal ewe gelate aanvaar nie. Enkele dae na die herroeping van die proklamasie van Junie 1877, het S.J. van K. du Toit, 'n algemene agent van Rustenburg, die besluit van die Regering om hierdie proklamasie te herroep, as onverstandig beskryf.[94] As rede hiervoor het hy aangevoer dat dit tot gevolg gehad het dat die "dormant and obnoxious" paswet van 1876,[95] wat oënskynlik op die wetboek geplaas is om, met die oog op die presidentsverkiesing sekere kiesers tevrede te stel, vir die eerste keer in werking gestel sou word. Skynbaar geheel en al onbewus van die 5/- wat in opdrag van president Burgers op buitelandse passe gevorder is, het Du Toit onder die indruk verkeer dat die herroeping van sir Theophilus se proklamasie tot gevolg sou hê dat die belasting van £2 waarvoor Wet No. 3 van 1876 voorsiening gemaak het, op buitelandse passe gehef moes word.[96] Gevolglik het hy beweer dat die herinstelling van hierdie belasting, slegs tot gevolg sou hê dat die toevloei van werksvolk na die Transvaal en die diamantvelde ten einde hulle eie posisie te verbeter en sodoende hulle beskawingspeil te verhoog, verhinder sou word. Verder, dat die diamantvelde wat Transvaal se grootste en beste mark vir sy graan- en ander produkte was, geweldige verliese sou ly omdat hierdie besluit van die Regering sou voorkom dat die diamantvelde hulle gewone hoeveelheid arbeid van die Transvaal af en die gebiede ten noordooste daarvan verkry.

Du Toit het verder betoog dat die Swartes nie onwillig was om 'n billike belasting in die vorm van 'n jaarlikse hutbelasting te betaal nie. Hy was egter van mening dat hulle nie bereid was om £2 vir 'n pas te betaal om werk op 'n ander plek te soek as by die boere in Transvaal nie en wie se vroeëre behandeling van die Swartes nog nie deur hulle vergeet is nie. Hy was ook oortuig daarvan dat die Transvaal 'n prys sou moes betaal vir belasting op buitelandse passe, aangesien die

---

94. SS379, ad R4545/79 by R4545/79: S.J. van K. du Toit - M. Osborn, Pretoria, 30.7.1879.

95. Wet No. 3 van 1876.

96. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, art. 16.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

handelaars en ander mense buite Transvaal, die gevolge daarvan sou moes dra. Omdat Transvaal hierdie mense van hulle arbeidsmark afgesny het, sou dit hom geensins verbaas as 'n belasting van £2 op elke wa gehef sou word wat Griekwaland-Wes vanuit die Transvaal sou binnekom nie. Du Toit het verder gewaarsku dat selfs al sou die paswet streng toegepas word, die plattelandse bevolking van Transvaal nie daardeur bevoordeel sou word nie, aangesien geforseerde arbeid van weinig waarde was. Die enigste resultaat daarvan sou wees dat die ontevrede elemente hulle sou verheug oor die kwaad wat hierdie besluit noodgedwonge tot gevolg sou hê.[97]

Lanyon was egter van mening dat Du Toit sake nie begryp het nie. Hy het daarop gewys dat behalwe dat die betaling op passe in Junie 1877 opgehef is, daar verder niks aan die paswet verander is nie. Al wat die Regering dus met die herroeping van sir Theophilus se proklamasie gedoen het, was om die Swartes weer vir passe te laat betaal. In Griekwaland-Wes, en na die beste van sy wete, ook in die ander kolonies in Suid-Afrika, moes vir 'n pas betaal word. Deur middel van 'n passtelsel kon ook beter beheer oor die Swartes uitgeoefen word. Die mense van Griekwaland-Wes kon dus nie kla as die Transvaalse regering dieselfde doen as wat hulle doen nie. Die bedrag wat vir 'n pas gevra word, is ook nie £2 soos wat Du Toit beweer het nie, maar 5/- wat dieselfde bedrag is as wat deur die Zuid-Afrikaansche Republiek gevorder is. Du Toit hoef ook nie bevrees te wees dat die Griekwaland-Wes se regering op grond van herinstelling van 'n belasting op passe, waens afkomstig van die Transvaal sou belas nie of dat die pasmaatreëls met hulle arbeidsmark sou inmeng nie. In sowel Griekwaland-Wes as in die Kaapkolonie word die paswette streng toegepas en wat meer was, toe sir Bartle Frere in April 1879 in die Transvaal was, het hy die noodsaaklikheid dat die Swartes vir 'n pas moes betaal ten volle ingesien en selfs aan die hand gedoen dat die passtelsel weer in werking gestel moes word.[98]

---

97. SS379, adR4545/79 by R4545/79: S.J. van K. du Toit - M. Osborn, Pretoria, 30.7.1879.

98. SS379, adR4545/79 by R4545/79: Nota van W.O. Lanyon - M. Osborn, 3.8.1879.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Ooreenkomstig Steele se sirkulêre van 25 Julie 1879, het Oscar Dahl, Naturellekommissaris vir Zoutpansberg en op daardie stadium ook vir Waterberg, begin om 'n belasting van 5/- slegs op buitelandse passe te vorder en aan die Swartes wat in Transvaal werk wou gaan soek, 'n gratis pas uit te reik.[99] Die Swartes het egter gou agtergekom dat so 'n pas hulle in staat gestel het om sonder enige betaling na enige plek in Transvaal te gaan. Gevolglik het al die Swartes wat by Dahl om 'n pas aansoek gedoen het, in 'n poging om die betaling van 5/- vir 'n buitelandse pas te ontduik, aangevoer dat hulle op pad was om óf in Waterberg óf Pretoria óf op die Hoëveld werk te gaan soek. Hoewel Dahl bewus was daarvan dat hulle nie die waarheid gepraat het nie en dat hulle op pad was om buite die grense van Transvaal werk te gaan soek, kon hy dit nie bewys nie, aangesien die enigste twee paaie vanaf Zoutpansberg na die diamantvelde oor Waterberg en Pretoria gegaan het.

Hierdie optrede van die Swartes het dus dieselfde toestand van sake as in die dae van die Zuid-Afrikaansche Republiek tot gevolg gehad. Onder die voorwendsel dat hulle iewers in Transvaal werk gaan soek, het die Swartes met behulp van 'n pas om in die Republiek werk te gaan soek, tot by Bloemhof en Christiana gevorder en vandaar af oor die Republiek se grens na die Vrystaat of Griekwaland-Wes gegaan. Die feit dat volgens Steele se sirkulêre 'n betaling slegs op buitelandse passe gevorder moes word en 'n pas om in die Transvaal werk te gaan soek gevolglik gratis uitgereik moes word, het hierdie toestand van sake in die hand gewerk. Dit het op sy beurt weer tot gevolg gehad dat die Regering van 'n groot deel van sy inkomste ontneem word, maar wat Dahl as gevolg van die bestaande stelsel nie kon verhoed het nie.[100]

Met verwysing na Dahl se skrywe en sy opmerking in verband met Steele se sirkulêre dat 'n belasting van 5/- slegs op buitelandse passe gevorder moes word, het Henrique verduidelik dat dit met die herinstelling van 'n pasbelasting die bedoeling was dat 'n bedrag van 5/- deur <u>al</u> die Swartes wat sowel in

---

99. SS364, N180/79 by R3331/79: O. Dahl - Sekretaris van Naturellesake, Eersteling, 14.8.1879.

100. SS364, N180/79 by R3331/79: O. Dahl - Sekretaris van Naturellesake, Eersteling, 14.8.1879.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Transvaal as buite die grense van die Transvaal werk wou gaan soek, betaal moes word. Ten einde sake reg te stel, het hy aan die hand gedoen dat 'n ander sirkulêre uitgestuur word waarin die ontvangers van die pasbelasting aangesê word "to charge the 5/- on all natives going to work irrespective of where they go."[101]

Lanyon het Henrique se voorstel goedgekeur[102] en het hy gevolglik op 23 Augustus 'n verdere sirkulêre uitgestuur. Met verwysing na sy sirkulêre van 24 Julie met betrekking tot die uitreiking van passe, het hy verduidelik dat dit die bedoeling was dat al die Swartes wat op soek na werk deur of in Transvaal gereis het, verplig was om in besit van 'n pas te wees. Vir hierdie pas moes 5/- betaal word en was hierdie maatreël van toepassing op sowel die Swartes wat in Transvaal as buite die grense van Transvaal werk wou gaan soek het.[103]

In opvolging van Henrique se sirkulêre, het N.J.R. Swart, nadat hy dit met hom bespreek het,[104] 'n sirkulêre aan die verskillende landdroste en Naturellekommissarisse gestuur waarin hy verdere besonderhede met betrekking tot die uitreiking van passe verstrek het.[105] Hiervolgens is hulle in kennis gestel dat elke Swarte wat om 'n pas aansoek gedoen het, van 'n afsonderlike pas voorsien moes word waarop die aansoeker se naam aangebring moes word.[106] Ten einde te voorkom dat dieselfde pas deur verskillende Swartes gebruik word, moes daar duidelik aangetoon word vir hoe lank so 'n pas uitgereik word. Ook moes toegesien word dat voldoende tyd aan die pashouer gegee word om sy bestemming te

---

101. SS364, N180/79 by R3331/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 22.8.1879.

102. SS364, N180/79 by R3331/79: Nota van W.O. Lanyon, 22.8.1879.

103. SN102, pp.495.496: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste, Goudkommissaris, Spesiale Kommissarisse, Naturellekommissarisse, Kommissaris Lichtenburg, Pretoria, 23.8.1879; SS364, N180/79 gevoeg by R3331/79: Sirkulêre van H.C. Shepstone ..., 23.8.1879 (afskrif).

104. SN2, N197/79: N.J.R. Swart - Sekretaris van Naturellesake, 30.8.1879, waarby sirkulêre No.12 (afskrif), art. 8.

105. SN2, N197/79: N.J.R. Swart - Sekretaris van Naturellesake, 30.8.1879, waarby sirkulêre No. 12 (afskrif).

106. SN2, N197/79: N.J.R. Swart - Sekretaris van Naturellesake, 30.8.1879, waarby sirkulêre No. 12 (afskrif, art. 5.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

bereik. Indien die houer van 'n pas siek word of as gevolg van een of ander wettige rede verhinder word om dadelik nadat hy die pas uitgeneem het te vertrek, kon die tydperk waarvoor die pas uitgereik is, verleng word indien die houer van die pas daarom aansoek sou doen.[107]

Swart het verder daarop gewys dat Henrique hom versoek het om die landdroste en die Naturellekommissarisse mee te deel dat 'n pas waarvoor 5/- betaal moes word, uitgeneem moes word deur al die Swartes wat op die diamantvelde, in Natal of op enige ander plek buite die grense van Transvaal werk wou gaan soek. Swartes wat van hierdie gebiede af na Transvaal teruggekeer het, was eweneens verplig om in besit van so 'n pas te wees.[108] Ook moes al die Swartes wat van die een Transvaalse distrik na 'n ander gegaan het om werk te gaan soek in besit van 'n pas wees waarvoor 5/- betaal moes word.[109] Swartes wat van die een plek na 'n ander binne dieselfde distrik of van die platteland af na 'n dorp gegaan het of 'n amptenaar te Pretoria of op 'n ander plek wou gaan spreek, moes wel in besit van 'n pas wees, maar hoef nie daarvoor te betaal het nie.[110]

Met betrekking tot die herinstelling van 'n betaling op passe vanaf 1 Augustus 1879 om sowel in as buite die grense van Transvaal werk te gaan soek, is daar enkele sake waarop die aandag gevestig moet word. Wanneer, in die eerste instansie, die herinstelling van 'n betaling van 5/- vir 'n buitelandse pas gesien word in die lig van die anneksasieproklamasie van April 1877 waarvolgens alle bestaande wetgewing van krag sou bly totdat dit deur 'n bevoegde wetgewende gesag gewysig kon word, wil dit voorkom asof Lanyon en Maasdorp met die herinstelling van hierdie betaling, 'n netelige situasie op 'n knaphandige wyse omseil het.

---

107. SN2, N197/79: N.J.R. Swart - Sekretaris van Naturellesake, 30.8.1879, waarby aangeheg Sirkulêre No. 12 (afskrif), art. 6 en 7.

108. SN2, N197/79: N.J.R. Swart - Sekretaris van Naturellesake, 30.8.1879, waarby aangeheg Sirkulêre No. 12 (afskrif), art. 8 en 9 (a & b).

109. SN2, N197/79: N.J.R. Swart - Sekretaris van Naturellesake, 30.8.1879, waarby aangeheg Sirkulêre No. 12 (afskrif), art. 10.

110. SN2, N197/79: N.J.R. Swart - Sekretaris van Naturellesake, 30.8.1879, waarby aangeheg Sirkulêre No. 12 (afskrif), art. 11 en 12. Sien ook LL25, No. 1190-1195: Sirkulêre van G.A. Roth - Veldkornet Steelpoort, Komatie, Krokodilrivier, Lydenburg, Ohrigstad en Nieuw Schotland, (Lydenburg) 13.9.1879 (afskrif); LL25, No.1278: G. Roth - Vk. Erasmus, (Lydenburg) 6.10.1879 (afskrif).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Soos reeds aangetoon is, het Wet No. 3 van 1876 bepaal dat 'n bedrag van £2 vir 'n buitelandse pas betaal moes word.[111] Dié bedrag is egter deur president Burgers na 5/- verminder.[112] Ten spyte dus van die feit dat daar nie 'n wet was waarvolgens hierdie belasting op 'n buitelandse pas gevorder is nie, was dit nietemin hierdie belasting wat op 21 Junie 1877 by wyse van 'n proklamasie deur sir Theophilus Shepstone opgehef is.[113]

In April 1879 het Lys egter die kwessie van die herinstelling van 'n belasting op buitelandse passe weer aangeroer. By dié geleentheid het hy betoog dat ofskoon daar voor die proklamasie van 21 Junie 1877 5/- vir 'n buitelandse pas betaal is, hy van mening was dat al sou hierdie bedrag op 1/- per pas vasgestel word, die Regering nog 'n redelike inkomste uit buitelandse passe sou verkry.[114] Om die herinstelling van 'n belasting op buitelandse passe te bewerkstellig, was dit egter nodig dat die proklamasie van 21 Junie 1877 herroep moes word.[115] Die probleem was egter dat aangesien daar nie 'n wet bestaan het waarvolgens 5/- vir 'n buitelandse pas gevorder is nie, 'n herroeping van hierdie proklamasie die pasmaatreëls van Wet No. 3 van 1876 in werking sou stel, waarvolgens 'n bedrag van £2 vir 'n buitelandse pas gevorder moes word. Hoewel die Transvaalse regering, volgens Maasdorp, wel die proklamasie van Junie 1877 kon herroep, het die Regering kragtens die anneksasieproklamasie en die advies van die regsadviseurs van die Britse kroon, nie die bevoegdheid gehad om die £2 vir 'n buitelandse pas na byvoorbeeld 1/- te verminder nie.[116] Onder hierdie omstandighede het die Regering dus eintlik geen ander keuse gehad as om 'n belasting van £2 vir 'n buitelandse pas te aanvaar nie. Die probleem was egter dat die Transvaalse regering geensins van plan was om hierdie bedrag vir 'n buitelandse pas te vra nie.

---

111. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, art. 16.

112. SN1(a), R1401/79: Nota van J.R. Lys - C.E. Steele, Pretoria, 14.6.1879

113. SN1(a), R1401/79: Nota van H.C. SHepstone - W.O. Lanyon, 29.4.1879.

114. SN1(a), R1401/79: J.R. Lys - Koloniale Sekretaris, Pretoria, 26.4.1879

115. SN1(a), R1401/79: Nota van C.G. Maasdorp - W.O. Lanyon, 21.5.1879; SP377, pp.100-101: Nota van C.G. Maasdorp - W.O.Lanyon, 21.5.1879.

116. SN1(a), R1401/79: Nota van C.G. Maasdorp - W.O. Lanyon, 21.5.1879.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Die oplossing wat Lanyon en Maasdorp gevolglik vir hierdie probleem gevind het, was om, ten spyte van die feit dat daar geen wetgewing daarvoor bestaan het nie, doodeenvoudig Burgers se heffing van 5/- in plaas van £2 vir 'n buitelandse pas weer in te stel. Die feit dat president Burgers ten spyte van die bepaling van Wet No. 3 van 1876 die belasting op 'n buitelandse pas van £2 na 5/- verminder het, het aan Lanyon en Maasdorp 'n geleentheid gebied om bestaande wetgewing en daarmee saam 'n belasting van £2 vir 'n buitelandse pas, te omseil. Hoewel daar dus nie 'n wet bestaan het waarvolgens 5/- vir 'n buitelandse pas betaal moes word nie, kon daar, met die oog op die anneksasieproklamasie en die betaling van hierdie belasting, nie aangevoer word dat 'n verandering teweeggebring is aan die bedrag wat op buitelandse passe van toepassing was toe die Zuid-Afrikaansche Republiek geannekseer is nie.[117]

Tweedens, gesien in die lig van die anneksasieproklamasie en die feit dat nóg Wet No. 4 van 1873[118] nóg Wet No. 3 van 1876[119] voorsiening gemaak het vir 'n pas waarvoor 5/- betaal moes word om in Transvaal werk te gaan soek, wil dit voorkom asof die Transvaalse regering hom met die instelling van so 'n pasmaatreël, 'n bevoegdheid toegeëien het waarvoor hy op grond van die anneksasieproklamasie nie beskik het nie. In Oktober 1879 het Henrique weliswaar beweer[120] dat president Burgers opdrag sou gegee het dat 5/- in plaas van £1 vir 'n pas gevorder

---

117. Sien in dié verband Lanyon se antwoord aan S.J. van K. du Toit, SS379, adR4545/79 by R4545/79: Nota van W.O. Lanyon - M. Osborn, 3.8.1879.

118. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.480-482: Wet No.4, 1873.

119. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 662-668: Wet No. 3, 1876.

120. SN102, pp. 576-577: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR166, Blue Book ..., p.100: Memorandum ... Native Law, 17.10.1879.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

moes word. Die rede waarom Burgers so 'n opdrag sou gegee het, was omdat die Zuid-Afrikaansche Republiek dit onmoontlik gevind het om die £1 in te vorder, aangesien die Swartes nie hierdie bedrag kon of wou betaal nie.

Na watter pasmaatreël Henrique hier verwys het, is nie duidelik nie. Wet No. 4 van 1873 het wel voorsiening gemaak vir 'n pas wat jaarliks deur al die Swartes uitgeneem moes word en waarvoor £1 betaal moes word.[121] Hoewel dit moontlik mag wees dat Burgers so 'n opdrag met betrekking tot hierdie maatreël kon gegee het, het dit egter nie voorsiening gemaak vir 'n pas wat deur die Swartes besit moes word om in Transvaal werk te gaan soek nie. Op grond hiervan wil dit dus voorkom asof die Transvaalse regering nie op grond van die bepalings van hierdie wet 'n pasmaatreël kon instel waarvolgens 'n bedrag van 5/- betaal moes word om werk in Transvaal te gaan soek nie.

Aangesien bestaande wetgewing skynbaar nie vir 'n pas voorsiening gemaak het waarvoor 5/- betaal moes word om in Transvaal werk te gaan soek nie, het dit dus beteken dat die Transvaalse regering met die instelling van so 'n belastingsmaatreël, 'n maatreël in die lewe geroep het waarvoor daar nie 'n wet bestaan het nie. Die vermoede dat die Regering in hierdie opsig sy bevoegdheid oortree het, word verder versterk deur Maasdorp se opmerking dat die Transvaalse regering nie oor die bevoegdheid beskik het om die belasting van £2 op 'n buitelandse pas te verander nie.[122]

In die derde instansie is dit belangrik om daarop te let dat volgens die goewermentskennisgewing wat op 24 Julie 1879 gepubliseer is, al die landdroste, vrederegters en veldkornette, "gelast zijn de wetten uit te voeren en stiptelijk te handhaven die, voor de bekendmaking der Proclamatie van den 21sten Junij

---

121. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 4, 1873, art. 1-3.

122. SN1(a), R1401/79: Nota van G.C. Maasdorp - W.O. Lanyon, 21.5.1879; SP377, pp. 100-101: Nota van G.C. Maasdorp - W.O. Lanyon, 21.5.1879.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

1877 van kracht waren, waarbij de uitgawe van passen aan inboorlingen in de Transvaal of door dit grondgebied gaande, geregeld werden."[123] In die praktyk het hierdie bepaling dus daarop neergekom dat die pasmaatreëls waarvoor Wet No. 4 van 1873 en Wet No. 3 van 1876 voorsiening gemaak het, weer toegepas en stiptelik uitgevoer moes word.

Volgens Wet No. 4 van 1873 moes elke Swarte in besit wees van 'n pas wat jaarliks hernieu moes word en waarvoor £1 betaal moes word.[124] 'n Buitelandse pas kon slegs uitgereik word aan 'n Swarte wat in besit van so 'n pas was.[125]

Wet No. 3 van 1876 het weer bepaal dat al die Swartes wat in groot en klein lokasies op privaatgrond gewoon het, 'n jaarlikse hutbelasting moes betaal.[126] 'n Buitelandse pas sou slegs uitgereik word aan 'n Swarte wat in besit was van 'n sertifikaat waarin verklaar word dat hy sy hutbelasting betaal het.[127]

Hoewel hierdie pasmaatreëls op grond van die goewerments-kennisgewing weer vanaf 1 Augustus 1879 toegepas en stiptelik uitgevoer moes word, wil dit egter voorkom asof sake in die praktyk nie so uitgewerk het nie. Die feit dat Henrique volgens sy sirkulêre van 23 Augustus die pasuitreikers in kennis gestel het dat slegs die Swartes wat in of buite die grense van Transvaal werk wou gaan soek in besit van 'n pas moes wees waarvoor 5/- betaal is, het egter beteken dat die pasmaatreëls waarvoor Wet No. 4 van 1873 en Wet No.3 van 1876 voorsiening gemaak het, nie toegepas kon word nie.

---

123. ZAR55, Transvaal Government Gazette, 24.7.1879: G.K. No. 105/79, 18.7.1879.

124. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 4, 1873, art. 1- 3.

125. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.482: Wet No. 4, 1873, art. 16.

126. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4.

127. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, art. 16; Sien saam hiermee SS364, R3331/79: P.J. van Staden - C.E. Steele, Rustenburg, 18.8.1879.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

In soverre dit die pasmaatreëls van Wet No. 4 van 1873 betref, het die besluit dat 'n betaling van 5/- slegs gevorder sou word vir 'n pas om in Transvaal werk te gaan soek, uit die aard van die saak tot gevolg gehad dat die bepaling waarvolgens 'n Swarte in besit van 'n pas moes wees wat jaarliks hiernieu moes word en waarvoor £1 betaal moes word, nie toegepas kon word nie. Op grond hiervan kon gevolglik ook nie uitvoering gegee word aan die bepaling dat 'n buitelandse pas slegs uitgereik kon word aan 'n Swarte wat in besit van so 'n pas was nie.

Wet No. 3 van 1876 het weer bepaal dat 'n buitelandse pas slegs uitgereik kon word aan 'n Swarte wat bewys kon lewer dat hy sy hutbelasting vir die betrokke jaar betaal het.[128] Gesien egter in die lig van die feit dat daar sedert Januarie 1878 nie 'n hutbelasting van die Swartes gevorder is nie, kon hierdie bepaling dus nie toegepas word nie.

Uit die voorafgaande wil dit dus voorkom dat ten spyte van die besluit dat al die wette waarvolgens voor die proklamasie van Junie 1877 passe aan die Swartes uitgereik is, vanaf 1 Augustus 1879 weer toegepas sou word, dit inderdaad nie die geval was nie. Aangesien die pasmaatreëls wat op hierdie datum in werking getree het én die opheffing van die hutbelasting,dit onmoontlik gemaak het om die pasmaatreëls van die Zuid-Afrikaansche Republiek volgens die letter van die wet toe te pas, het die pasmaatreëls wat die Transvaalse regering in werking gestel het, op die toepassing van 'n aantal nuwe pasregulasies neergekom. In alle billikheid teenoor die Tussenregering moet egter ook daarop gewys word, dat dit 'n ope vraag is of die Zuid-Afrikaansche Republiek self al die pasmaatreëls waarvoor Wet No. 4 van 1873 en Wet No. 3 van 1876 voorsiening gemaak het, streng toegepas het.

Sowat vyf maande nâ die instelling van die nuwe pasmaatreëls het Carl Schulze die Naturellekommissaris te Malêoskop, in Januarie 1880 Henrique se aandag gevestig op die

---

128. SS364, R3331/79: P.J. van Staden - C.E. Steele, Rustenburg, 18.8.1879.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

"unavoidable difficulty" wat hierdie maatreëls tot gevolg gehad het.[129] Volgens Schulze is dit onder sy aandag gebring dat daar baie van die Ndzundza en ander Swartes uit sy distrik was wat sonder 'n pas gekom en gegaan het. Die feit dat hierdie Swartes nie deur Regeringsamptenare of enigiemand anders gevra word om hulle passe te toon nie, het tot gevolg gehad dat hulle geen poging aangewend het om in besit van 'n pas te kom nie. Gevolglik was daar maar baie min Swartes wat om 'n pas aansoek gedoen het.

Hierdie toedrag van sake het vir Schulze 'n ongesonde toestand geskep. Die feit dat daar Swartes was wat sonder 'n pas deur Transvaal rondbeweeg het, het die Swartes ontmoedig om 5/- vir 'n pas te betaal en dan vir 'n maand of wat by 'n Blanke te gaan werk. Dit was ook onbillik teenoor die Swartes wat wel vir 'n pas betaal het. Gevolglik was Schulze van mening dat indien die belasting van 5/- op 'n pas slegs van toepassing was op die Swartes wat vir 'n sekere tyd buite die Transvaal gaan werk het, die Transvaal in sy geheel daarby sou gebaat het.

Ter verduideliking van Schulze se beswaar teen die binnelandse pas, het Henrique Lanyon se aandag daarop gevestig dat 'n Swarte wat die distrik waarin hy gewoon het verlaat het om werk in 'n ander distrik te gaan soek, volgens die bestaande pasmaatreëls verplig was om in besit van 'n pas te wees waarvoor hy 5/- betaal het.[130] Na sy mening was hierdie bedrag te hoog.[131] Daarby was arbeid so skaars dat enige beperkende maatreël soos hierdie, 'n groot ontevredenheid veroorsaak het. Gevolglik het Henrique, eweas Schulze die wenslikheid betwyfel van 'n binnelandse pas waarvoor 'n Swarte dieselfde as vir 'n buitelandse pas moes betaal.[132]

---

129. SN3, N19/80: C. Schulze - Sekretaris van Naturellesake, Maleoskop, 17.1.1880.

130. SN3, N19/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O.Lanyon, 5.2.1880.

131. SS404, R1105/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 13.3.1880.

132. SN3, N19/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 5.2.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Toe Schulze se skrywe en Henrique se kommentaar daarop op 11 Maart 1880 aan Lanyon voorgelê is, het die Wetgewende Vergadering reeds die vorige dag byeengekom. Met die oog daarop dat 'n nuwe belastingswet vir die Swartes aan die Wetgewende Vergadering voorgelê sou word, het Lanyon Henrique versoek dat wanneer hierdie wet deur die Wetgewende Vergadering behandel word, hy ook die kwessie van die belasting op 'n pas om binne Transvaal werk te gaan soek, te berde moes bring.[133] Enkele dae hierna het Henrique Lanyon se aandag weer eens op die saak gevestig toe dit oor die druk van 5/- pasvorms gegaan het. By dié geleentheid het hy Lanyon die vraag gevra "whether it would not be as well to order at the same time a number of 1/- passes for Natives moving about in the Colony which I understand Your Excellency will sanction as the 5/- pass is rather high for those working in the Transvaal."[134]

Die herinstelling van 'n belasting op passe om buite die grense van Transvaal werk te gaan soek, het egter, anders as die verwagting wat Lanyon teenoor Du Toit in Augustus 1879 uitgespreek het,[135] wel die teenkanting van Griekwaland-Wes tot gevolg gehad. In 'n verslag wat opgestel is na aanleiding van 'n ondersoek wat na finansiële uitgawes in Transvaal ingestel is, word daarop gewys dat die herinstelling van 'n pasbelasting, 'n gevoel van ontevredenheid in Griekwaland-Wes veroorsaak het, aangesien dit met die vrye voorsiening van arbeid ingemeng het.[136]

Ten spyte van hierdie ontevredenheid en dié wat deur die tekort aan arbeid in Transvaal veroorsaak is[137] het die belasting op passe, volgens Henrique, goed gewerk en is daar vanaf die herinstelling daarvan in Augustus 1879 tot 31 Desember 1879

---

133. SN3, N19/80: Nota van W.O. Lanyon, 11.3.1880.

134. SS404, R1105/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 13.3.1880.

135. SS379, ad R4545/79 by R4545/79: Nota van W.O. Lanyon - M. Osborn, 3.8.1879.

136. C2695, p.40: Copy of Reports of the Officers commissioned ... to inquire into ... Expenditure in South Africa, Report 5: Financial Affairs of the Transvaal, g.d.

137. SN3, N19/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 5.2.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

'n bedrag van £2 035 aan inkomste uit hierdie bron verkry.[138] G.A. Roth, die landdros van Lydenburg het beweer dat "the system of issuing transit passes under a stamp duty of 5/- has answered very well. The Natives seem to be glad to avail themselves of this as it gives them a sense of security and prevents them from being interfered with on the road, so that whilst it increases the revenue it equally benefits the Native who pays the Tax."[139] Hierdie maatreëls het van krag gebly totdat die pasmaatreëls waarvoor Wet No. 6 van 1880 voorsiening gemaak het in April 1880 in werking getree het.

4. H.C. Shepstone se wetsontwerp in verband met 'n hutbelasting vir die Swartes en die wetsontwerp van die Gekose Komitee

Toe die nuus dat Sekhukhune se stat op 28 November 1879 deur die Britse magte ingeneem is die oggend van 1 Desember in Pretoria ontvang is, het Henrique Shepstone, soos reeds aangedui,[140] die kwessie van die invordering van 'n belasting van die Swartes, nog dieselfde dag onder Owen Lanyon, as die administrateur van Transvaal, se aandag gebring.[141] Aangesien hy van mening was dat hierdie gebeure die feitelike beëindiging van die oorlog teen die Pedi beteken het, het hy Lanyon meegedeel dat hy veronderstel het dat daar so spoedig moontlik 'n aanvang met die invordering van die Swartes se belasting gemaak sou word. Gesien egter in die lig van die probleme wat daar in dié verband met die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek bestaan het en dat hulle vir verskillende belastingheffings voorsiening gemaak het,[142] was Henrique van mening dat voordat met die invordering van die Swartes se belasting begin kon word, dit eers nodig was om vir 'n omvattende en eenvormige belastingswet voorsiening te maak.[143]

---

138. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van Sekretaris van Naturellesake op 5.3.1880.

139. LL26, No. 282: G.A. Roth - Koloniale Sekretaris, (Lydenburg) 18.2.1880 (afskrif).

140. Sien Hoofstuk 3, Afd. 3.

141. SN2, N303/79: H.C. Shepstone - Administrateur, 1.12.1879.

142. SN102, pp.568-585: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR166, Blue Book ..., pp.99-101: Memorandum ... Native Law, 17.10.1879.

143. SN2, N303: H.C. Shepstone - Administrateur, 1.12.1879.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Nadat Lanyon die aangeleentheid met Garnet Wolseley bespreek het, het hy Henrique versoek om 'n konsepwet op te stel wat vir die heffing van 'n hutbelasting voorsiening sou maak.[144]

Hoewel daar in die korrespondensie tussen Henrique en Lanyon met betrekking tot die belasting vir die Swartes, geen melding van 'n pasbelasting gemaak word nie, het Henrique nietemin in die kladkopie van die konsepwet wat hy in verband met die Swartes se belasting opgestel het, wel vir so 'n belasting voorsiening gemaak.[145] Hiervolgens is bepaal dat alle Swartes wat van die een Transvaalse distrik na 'n ander of van buite Transvaal af deur die Transvaal gereis het om werk te gaan soek, in besit van 'n pas moes wees. So 'n pas kon van die naaste landdroskantoor teen 'n betaling van 5/- verkry word. Hierdie bepaling het dus vir presies dieselfde pasmaatreëls voorsiening gemaak as wat sedert Augustus 1879 in werking was. Dit is egter weggelaat in sowel die konsep wat Henrique aan Lanyon voorgelê het,[146] as in die finale wetsontwerp wat deur die Prokureur-generaal versorg en vir algemene inligting op 24 Februarie 1880 in die Staatskoerant gepubliseer is.[147]

Hierdie toestand van sake het dus tot gevolg gehad dat 'n briefskrywer in die Transvaal Argus enkele dae hierna wou weet of dit dan die bedoeling van die Regering was dat die bestaande passtelsel van krag moes bly.[148] Na aanleiding hiervan het ook die redakteur van dié koerant die kwessie in verband met die pasbelasting te berde gebring en eweneens daarop gewys dat daar in die wetsontwerp geen aanduiding is

---

144. SN2, N312/79 by N303/79: W.O. Lanyon - Sekretaris van Naturellesake, 15.12.1879.

145. SN2, Drafts of Letters, 1879, from H.C. Shepstone, No. 2: Bill "To alter, amend and repeal the provisions of certain Volksraad Resolutions and Laws and to regulate the taxation on Native Huts."

146. SN2, N312/79 by N303/79: H.C. Shepstone - Administrateur, 19.12.1879, Law for levying a tax on Native huts.

147. ZAR56, Transvaal Government Gazette, 24.2.1880, G.K. No. 48, 1880: Bill "To alter and amend in certain respects certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic, and to alter the present rate of Taxation upon Natives of this Province."

148. MS179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 28.2.1880 (Original Correspondence. Brief van "X").

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

of daar, soos hy dit gestel het, met hierdie aanstootlike belasting weggedoen gaan word nie. Hoewel hy nie van plan was om in 'n polemiek oor die voordele van 'n passtelsel betrokke te raak nie, was hy nietemin van mening dat al die gerugte en gevalle van minder ernstige vorms en bedrog waaraan die ondergeskikte amptenare en ander persone hulle skuldig gemaak het teenoor die Swartes wat op pad was na of van die diamantvelde af teruggekeer het, 'n duidelike bewys was dat indien die paswet nie in beginsel sleg was nie, die toepassing daarvan sleg genoeg was om dit af te keur.[149]

Sowat twee weke nadat die wetsontwerp gepubliseer is, het die Wetgewende Vergadering op 10 Maart 1880 in Pretoria byeengekom. In sy openingsadres het Owen Lanyon onder andere kennis gegee van die Regering se voorneme om 'n wetsvoorstel vir die oplegging van 'n hutbelasting op die Transvaalse Swartes aan die Wetgewende Vergadering voor te lê.[150] Dieselfde dag nog is 'n wetsontwerp "to alter and amend in certain respects, certain Laws, passed by the Volksraad of the late South African Republic and to alter the present rate of taxation upon Natives in this Province," by die Wetgewende Vergadering ingedien en vir 'n eerste keer gelees.[151]

Toe die Wetgewende Vergadering die volgende dag met sy werksaamhede begin het, het O.W.A. Forssman, die lid vir Potchefstroom, kennis gegee dat wanneer die tweede lesing van die wetsontwerp plaasvind, hy 'n mosie in verband met die wetsontwerp by die Wetgewende Vergadering sou indien. Hy sou voorstel dat die wetsontwerp na 'n Gekose Komitee van die Wetgewende Vergadering verwys word ten einde die hele kwessie in verband met die belasting van die Swartes in oorweging te neem.[152]

---

149. MS179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 4.3.1880 (Hoofartikel).

150. EVR 20: Openingsadres van W.O. Lanyon, 10.3.1880; ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 12.3.1880, G.K. No. 74, 1880: Openings adres aan de Eerste Wetgevende Vergadering, 10.3.1880.

151. EVR20: Sitting op 10.3.1880, art. 9; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.2: Sitting op 10.3.1880.

152. EVR20: Sitting op 11.3.1880, art. 4; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.3: Sitting op 11.3.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Op 15 Maart 1880 het Henrique Shepstone as Sekretaris van Naturellesake, die tweede lesing van die wetsontwerp voorgestel.[153] In soverre dit passe betref, het hy verduidelik dat hoewel Wet No. 3 van 1876 vir 'n pasbelasting van £2 op buitelandse passe voorsiening gemaak het, die Zuid-Afrikaansche Republiek dit geheel en al onmoontlik gevind het om hierdie bedrag in te vorder. Gevolglik het president Burgers die invorderaars van hierdie belasting aangesê om slegs 5/- vir so 'n pas te vorder. As gevolg van die klagtes wat die Transvaalse regering na die anneksasie van die Republiek in verband met hierdie belasting ontvang het, het sir Theophilus besluit om dit in Junie 1877 op te hef. In Augustus 1879 is dit egter raadsaam geag om hierdie belasting weer in te stel. Daar is toe besluit dat al die Swartes wat deur die Transvaal gereis het, asook dié wat in Transvaal gewoon het en van die een Transvaalse distrik na 'n ander een wou gaan, in besit van 'n pas moes wees waarvoor 5/- betaal moes word. Volgens Henrique het hierdie belasting goed gewerk en is daar vanaf die herinstelling daarvan in Augustus 1879 tot 31 Desember 1879 'n bedrag van £2 035 aan pasbelasting ingevorder.[154]

Ofskoon die wetsontwerp vir die belasting van die Swartes in geen opsig hoegenaamd vir 'n pasbelasting voorsiening gemaak het nie, het Henrique nietemin te kenne gegee dat hy van voorneme was om wanneer die wetsontwerp in die komiteestadium was, voor te stel dat daar in die wet voorsiening gemaak moes word vir die heffing van 'n pasbelasting. In dié verband sou hy voorstel dat 'n pasbelasting van 5/- betaal moes word deur al die Swartes wat deur die Transvaal gegaan het of Transvaal van buite af ingekom het om in dié kolonie werk te

---

153. EVR20: Sitting op 15.3.1880, art. 8; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.5: Toespraak van die Sekretaris van Naturellesake op 15.3.1880.

154. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880,p.6: Toespraak van die Sekretaris van Naturellesake op 15.3.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

kom soek. Volgens hom was hierdie Swartes verplig om iets ter ondersteuning van die regering te betaal wat hulle beskerm het en sou hulle ook nie enige beswaar teen so 'n belasting gehad het nie. Afgesien van hierdie Swartes, sou hy ook voorstel dat die Swartes wat in Transvaal gewoon het en van die een distrik na 'n ander gegaan het, in besit van 'n pas moes wees waarvoor 1/- betaal moes word.[155]

Hierdie voorneme van Henrique om die Wetgewende Vergadering te vra om vir 'n pasbelasting van 1/- voorsiening te maak, moet gesien word in die lig van sy bedenkinge oor die wenslikheid daarvan om 'n belasting van 5/- vir sowel binneland- as buitelandse passe te hef. Soos reeds gesê, was hy van mening dat 5/- te veel was vir 'n pas om in die Transvaal rond te beweeg. Dit is die rede waarom Lanyon hom aangesê het om die kwessie van die belasting op 'n pas om in die Transvaal werk te gaan soek, in die Wetgewende Vergadering te berde te bring wanneer die belastingswetsontwerp vir die Swartes in behandeling geneem word. Hoewel Henrique geen spesifieke bedrag vir so 'n pas vòorgestel het nie, het hy knap hierna verneem dat Lanyon geen beswaar gehad het teen 'n belasting van 1/- vir 'n binnelandse pas om van die een Transvaalse distrik na 'n ander een te gaan nie.

Ooreenkomstig sy vroeëre kennisgewing het Forssman toe Henrique die tweede lesing van die wetsontwerp voorgestel het, as amendement voorgestel dat die wetsontwerp na 'n Gekose Komitee van die Wetgewende Vergadering verwys word ten einde die hele kwessie in verband met die belasting van die Swartes in oorweging te neem. Hierdie komitee het, soos reeds aangetoon[156] uit die volgende lede bestaan: O.W. Forssman, die Sekretaris van Naturellesake, C.K. White, J.H. Nel, J.A. Esterhuyse en I.C. Holtzhausen. Die Komitee sou sy verslag binne 'n week ter tafel lê.[157]

---

155. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.6: Toespraak van die Sekretaris van Naturellesake op 15.3.1880.

156. Sien Hoofstuk 3, Afd. 5.

157. EVR20: Sitting op 15.3.1880, art. 9; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, pp.6-7: Toespraak van O.W.A. Forssman en die Sekretaris van Naturellesake op 15.3.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Die aanstelling van 'n Gekose Komitee is deur die redakteur van die Transvaal Argus verwelkom. In soverre dit hutbelasting betref, het hy daarop gewys dat hierdie belasting, afgesien van die voordele wat dit ingehou het, ook 'n ruwe vorm van 'n inkomstebelasting was wat by die Swartes se lewenswyse gepas het.[158] Hierteenoor was 'n pasbelasting weer 'n belasting op die arbeidsaamheid van die Swartmans wat hulle arbeid op die arbeidsmark beskikbaar gestel het en nie op die arbeid van die Swartvrouens wat in die mielielande van die betrokke kraal gewerk het en sodoende tot die welvaart van die gesinshoof bygedra het nie. In plaas daarvan om deur middel van 'n paswet 'n beperking op die arbeidsaamheid van die Swartes te plaas, behoort die Regering hulle aan te moedig om in diens van 'n Blanke werkgewer te tree. Die redakteur het verder aangevoer dat hoewel hy by 'n geleentheid ten gunste was daarvan dat 'n passtelsel behou moes word, omstandighede sedertdien verander het. Transvaal het nou 'n bevoegde wetgewende gesag gehad om die kwessie in verband met pasbelasting onder 'n vergrootglas te plaas. Gevolglik het hy gehoop dat hierdie aangeleentheid die volle aandag van die Wetgewende Vergadering sou geniet en 'n meer liberale gees die geleentheid gegee sou word om die oorhand te kry.[159].

Onder die voorsitterskap van Forssman het die Komitee op 16 Maart 1880 met sy werksaamhede begin. Na twee verdere sittings op 18 en 22 Maart, het die Komitee sy werksaamhede voltooi. Die wysigings waarop die Komitee besluit het, het tot gevolg gehad dat 'n nuwe wetsontwerp opgestel is in die plek van die wetsontwerp wat oorspronklik by die Wetgewende Vergadering ingedien is.[160]

In teenstelling met die wetsontwerp wat oorspronklik aan die Wetgewende Vergadering voorgelê is,het die nuwe wetsontwerp

---

158. Sien Hoofstuk 3, Afd. 5.

159. MS179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 16.3.1880 (Hoofartikel).

160. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

wel vir sekere pasmaatreëls voorsiening gemaak. Hiervolgens is bepaal dat sowel die Swartes wat van buite Transvaal af gekom het en deur die Transvaalse grondgebied gereis het, as dié wat in Transvaal gewoon het en van die een distrik na 'n ander wou gaan, in besit van 'n pas moes wees. 'n Swarte wat van buite Transvaal af gekom het, moes 1/- vir 'n pas betaal. Aan die Swartes wat in Transvaal gewoon het, sou ook 'n pas uitgereik word, met dien verstande egter dat bewys gelewer kon word dat so 'n Swarte sy hutbelasting vir die betrokke jaar betaal het.[161] Soos uit die voorafgaande blyk, was die Gekose Komitee, anders as wat Henrique van plan was om voor te stel van mening dat 'n belasting van 1/- in plaas van 5/- gehef moes word op 'n pas om deur die Transvaalse grondgebied na 'n gebied buite die Transvaal te reis.

Op 23 Maart 1880 het Forssman sowel die verslag van die Gekose Komitee as die nuwe wetsontwerp by die Wetgewende Vergadering ingedien.[162] In sy verslag het die Komitee daarop gewys dat die wysigings wat hy aangebring het aan die oorspronklike wetsontwerp 'n nuwe wetsontwerp[163] tot gevolg gehad het.[164] Nadat die verslag gelees is, het hy as 'n onbestrede mosie voorgestel dat die wetsontwerp vir die eerste keer gelees word en dat die tweede lesing op 25 Maart plaasvind. Intussen kon die wetsontwerp aan die drukkers oorhandig word om gedruk te word.[165]

---

161. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee.., O.W.A. Forssman, 22.3.1880, waarby aangeheg Aanhangsel I: Minutes of Proceedings of a Select Committee ..., Sitting op 18.3.1880, art. 7 en 8.

162. EVR20: Sitting op 23.3.1880, art. 7; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.10: Sitting op 23.3.1880.

163. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880. Die wetsontwerp was as Aanhangsel 2 by die verslag aangeheg, maar ontbreek. 'n Afskrif daarvan in sowel Nederlands as Engels is op 23.3.1880 aan die drukkers oorhandig. Sien in dié verband, SS493, R5367/80: Minutes of Proceedings of a Select Committee ..., 22.3.1880, Aanhangsel I.

164. SS493, R5367/80: Report of the Select Committee ..., O.W.A. Forssman, 22.3.1880.

165. EVR20: Sitting op 23.3.1880, art. 8-11; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.10: Sitting op 23.3.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Aangesien die tweede lesing nie op die vasgestelde datum plaasgevind het nie, het Forssman op 30 Maart voorgestel dat daar van die bestaande reëls afgewyk moes word ten einde die wetsontwerp vir die belasting van die Swartes vir 'n tweede keer te lees.[166]

Die volgende dag het die Wetgewende Vergadering in komitee gegaan ten einde die wetsontwerp in behandeling te neem.[167] In soverre dit die voorgestelde pasmaatreëls betref, is hierdie maatreëls sonder enige wysigings aangeneem.[168] Die feit dat die Gekose Komitee geen voorsiening gemaak het vir enige strafmaatreëls vir die Swartes wat sonder die nodige pas van buite die Transvaal gekom het nie, het tot gevolg gehad dat die leemte aangevul moes word.[169]

Volgens die wetsontwerp het die administrateur of die amptenaar wat die landsbestuur tydelik waargeneem het, die bevoegdheid gehad om in geval van wanbetaling of die ontduiking van enige bepaling van hierdie wet, met die advies van die Uitvoerende Raad sodanige strawwe op te lê as wat hy nodig mag ag.[170] Daar is egter nagelaat om voorsiening te maak vir die strafmaatreëls wat opgelê kon word. Gevolglik is tydens die behandeling van die wetsontwerp deur die Wetgewende Vergadering, 'n byvoeging gemaak waarvolgens die strafmaatreëls wat vir hierdie oortredings opgelê kon word, duideliker omskryf is.[171]

Op 6 April is die wetsontwerp[172] vir die derde keer gelees en as Wet No. 6 van 1880 deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur.[173]

---

166. EVR20: Sitting op 30.3.1880, art. 4 en 5; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.11: Voorstel van O.W.A. Forssman op 30.3.1880.

167. EVR20: Sitting op 31.3.1880, art. 13; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.13 ev: Sitting op 31.3.1880.

168. EVR 20: Sitting op 31.3.1880, art. 14.

169. EVR 20: Sitting op 1.4.1880, art. 9.

170. SS493, R5367/80: Report of Select Committee .., O.W.A. Forssman, 22.3.1880, Aanhangsel I: Minutes of Proceedings ..., art. 9, 18.3.1880.

171. EVR 20: Sitting op 1.4.1880, art. 9.

172. SS413, R1521/80: Draft of A Bill ... introduced into the ... House of Assembly by Mr. Forssman ..., 23.3.1880

173. EVR20: Sitting op 6.4.1880, art. 7; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.24: Sitting op 6.4.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

5. Die pasmaatreëls van Wet No. 6 van 1880

In die inleiding van Wet No. 6 van 1880[174] word die doel van die wet, in soverre dit passe betref, beskryf as om sekere kantoorgelde op passe[175] te hef wat uitgereik word aan die Swartes wat die Transvaalse gebied sou passeer of in die Transvaal rondgereis het.[176] Gevolglik word al die wette en besluite herroep wat deur die Zuid-Afrikaansche Republiek aangeneem en uitgevaardig is, in soverre sodanige wette en besluite strydig was met die bepalings van Wet No. 6 van 1880.[177] In die besonder word Wet No. 4 van 1873, 'n wet "Voor de uitreiking der passen aan Naturellen in de Z.A. Republiek",[178] asook sekere bepalings met betrekking tot passe, naamlik artikels 6 - 10, 16 en 17 van Wet No. 3 van 1876, 'n wet "Betreffende de Naturellen",[179] herroep.[180]

---

174. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.748-751: Wet No. 6, 1880, "Wet om zekere Wetten en Besluiten door den Volksraad van de Zuid-Afrikaansche Republiek gepasseerd te veranderen en te amenderen en om het tegenwoordig bedrag van Belasting op de Naturellen dezer Provincie te veranderen"; Vir 'n Engelse kopie van die wet, sien ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880: Law "To alter and amend in certain respects, certain Laws enacted and resolutions passed by the Volksraad of the late South African Republic, and to alter the present rate of Taxation upon Natives in this Province."

175. In die Engelse teks van die wet lui die bepaling i.v.m. die heffing van kantoorgelde soos volg: "And whereas it is desirable to impose certain office fees upon natives passing through or travelling in this Province". Die Nederlandse teks daarenteen lees weer "... om zekere Kantoorpenningen te heffen op Passen aan Inboorlingen toegekend die door deze Provincie passeren of in deze Provincie reizende." Sien onderskeidelik ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880. Inleiding; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.748: Wet No. 6, 1880, Inleiding.

176. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.748: Wet No. 6, 1880, Inleiding; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet Nr. 6, 1880, Inleiding. Die Engelse bewoording i.v.m. die kantoorgelde lui "... upon natives passing through or travelling in this Province."

177. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.748: Wet No. 6, 1880, art. 1; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 1.

178. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.480-482: Wet No. 4, 1873.

179. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.662-668: Wet No. 3, 1876.

180. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.478: Wet No. 6, 1880, art. 2; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 2.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Wet No.6 van 1880 het bepaal dat elke vreemde of buitelandse Swarte wat die Transvaal binnegekom het ten einde na 'n gebied buite die Transvaal te reis, verplig was om by die landdros van die distrik waardeur hy Transvaal binnegekom het, of by 'n amptenaar wat vir die doel aangestel mag word, om 'n pas aansoek te doen. Hierdie amptenare was dan verplig om so 'n pas aan die aansoeker te verleen waarvoor 'n bedrag van 1/- gevorder moes word. 'n Vreemde of buitelandse Swarte wat in enige deel van die Transvaal rondgereis het en versuim het om op versoek van enige burger die pas te vertoon, het 'n oortreding begaan. So 'n Swarte sou by skuldigbevinding deur 'n landdros of 'n amptenaar wat die jurisdiksie daartoe gehad het, onderhewig wees aan 'n boete van hoogstens £1. Indien hy versuim het om die boete te betaal, het hy hom blootgestel aan 'n gevangenisstraf, met of sonder harde-arbeid, vir 'n tydperk van hoogstens tien dae.[181]

Swartes wat in die Transvaal gewoon het en van die een Transvaalse distrik na 'n ander wou gaan was weer verplig om by die landdros of Naturellekommissaris van die distrik waarin hy gewoon het, of by 'n amptenaar wat vir die doel aangestel mag word, om 'n pas aansoek te doen. Hierdie persone was dan verplig om 'n pas aan die aansoeker uit te reik, mits die aansoeker bewys kon lewer dat sy hutbelasting vir die betrokke jaar betaal was.[182]

Met betrekking tot passe om binne die Transvaal rond te beweeg, is dit opmerklik dat daar nie in die wet vermeld word of daar vir hierdie passe betaal moes word en of hulle kosteloos uitgereik moes word nie. In die reëls, regulasies en orders wat kragtens die bepalings van Wet No. 6 van 1880 uitgereik is,[183] word egter uitdruklik verklaar dat

181. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.749-750: Wet No. 6, 1880, art. 7; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art.7.

182. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 8; ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 18.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 8.

183. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 9; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 9.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

hierdie passe kosteloos uitgereik moes word.[184] Ten spyte hiervan en waarskynlik op grond daarvan dat die inleiding van Wet No. 6 van 1880 melding maak van die heffing van sekere "kåntoorpenningen" op passe vir sowel buitelandse as binnelandse Swartes, is daar soos later aangetoon sal word, aanvanklik, net soos in die geval van buitelandse Swartes ook 'n bedrag van 1/- gevorder van dié Swartes wat in Transvaal gewoon het, maar buite Transvaal wou gaan werk. Nadat die saak ondersoek is, is die betaling vir hierdie passe gestaak en is die passe gratis uitgereik.

Volgens die bepalings van Wet No. 6 van 1880 is die administrateur met die bevoegdheid beklee om met die advies van die Uitvoerende Raad, die nodige reëls en regulasies op te stel, orders uit te reik en strafmaatreëls te bepaal om te verseker dat die bepalings van hierdie wet uitgevoer word.[185] Die reëls, regulasies en orders wat in April 1880 uitgevaardig is, het bepaal dat dit die plig was van die landdros of 'n amptenaar wat vir die doel aangestel sou word, om op aanvraag van elke Swarte wat Transvaal van buite af ingekom het, 'n pas uit te reik, waarvoor 'n bedrag van 1/- betaal moes word. Aan die Swartes wat in die Transvaal gewoon het en aansoek gedoen het vir 'n pas om van die een Transvaalse distrik na 'n ander te gaan, moes eweneens 'n pas uitgereik word. Hierdie passe moes egter kosteloos uitgereik word.[186]

---

184. ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Proklamasie van W. O. Lanyon, 15.4.1880, waarby Regels, Regulaties en Orders, opgesteld onder de Negende Afdeeling van Wet No. 6, 1880, op las van H.C. Shepstone, Sekretaris van Naturellesake, 15.4.1880, art. 10; Sien Ibid, vir 'n Engelse kopie van die Rules, Regulations, and Orders framed under the 9th Section of Law No. 6, 1880; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.752-754: Regels, Regulaties en Orders, opgesteld onder die Negende Afdeeling van Wet No. 6, 1880, art. 10.

185. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 9; ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 9.

186. ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Proklamasie van W.O. Lanyon, 15.4.1880 waarby Regels, Regulaties en Orders ..., 15.4.1880, art. 9 en 10; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.753: Regels, Regulaties en Orders ..., art. 9 en 10.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Daar is verder bepaal dat enige Swarte wat van buite die Transvaal gekom het of wat in Transvaal gewoon en wat onderskeidelik binne enige Transvaalse distrik of buite die distrik waar hy gewoon het, deur 'n burger of 'n polisie-amptenaar sonder 'n pas gevind word, 'n oortreding begaan het. Indien so 'n Swarte aan 'n landdros of 'n amptenaar wat vir die doel aangestel is, oorhandig word en hy nie 'n afdoende rede kon verskaf waarom hy nie in besit van 'n pas was nie, het hom aan 'n boete van hoogstens £1 blootgestel. By versuim om die boete te betaal, kon hy 'n gevangenisstraf, met of sonder harde-arbeid, van hoogstens tien dae opgelê word.[187]

Sowat veertien dae nadat die Wetgewende Vergadering Wet No. 6 van 1880 aangeneem het, het Lanyon 'n afskrif daarvan saam met die prokureur-generaal se verslag daaroor vir goedkeuring eers deur sir Garnet Wolseley, as goewerneur van Transvaal, en daarna deur die Britse kroon, aan Wolseley voorgelê. In soverre dit passe betref, het Lanyon daarop gewys dat hierdie wet die passtelsel van die Zuid-Afrikaansche Republiek, soos neergelê in Wet No. 4 van 1873 en Wet No. 3 van 1876,[188] drasties verander het en dat dit nou dieselfde was as wat algemeen gebruiklik was in die ander Britse kolonies in Suid-Afrika.[189]

In sy verslag oor die pasmaatreëls van Wet No. 6 van 1880 het die Prokureur-generaal, W.B. Morcom, verduidelik dat hierdie wet die bepalings van Wet No. 4 van 1873 en Wet No. 3 van 1876 wat met diê van Wet No. 6 van 1880 strydig was, herroep het. Gevolglik is daar in die nuwe wet voorsiening gemaak vir die uitreiking van passe aan vreemde of buitelandse Swartes wat Transvaal van buite af binnegekom het en waarvoor 1/- per

---

187. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Proklamasie van W.O. Lanyon waarby Regels, Regulaties en Orders ... op las van H.C. Shepstone, 15.4.1880, art. 11; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.753-754: Regels, Regulaties en Orders ... art. 11.

188. Vir 'n bespreking van die pasmaatreëls van hierdie wette, sien Afd. 1.

189. M419, CO 291/5, Transvaal No. 7752, Ordinance 6/1880: To alter the Taxation of Natives: W.O. Lanyon - G. Wolseley, Pretoria, 19.4.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

pas betaal moes word.[190] Swartes wat in die Transvaal gewoon het en van die een Transvaalse distrik na 'n ander wou gaan, moes eweneens in besit van 'n pas wees, maar wat kosteloos aan hulle uitgereik sou word.[191] Volgens Morcom was dieselfde passtelsel in die Kaapkolonie van krag waar dit goed gewerk het. Op grond hiervan was hy dus van mening dat dié stelsel ook tot voordeel van Transvaal sou wees en kon koninklike goedkeuring aan Wet No. 6 van 1880 verleen word.[192]

Enkele dae nadat Wolseley hierdie stukke ontvang het, het hy dit vir koninklike goedkeuring aan Kimberley, die Minister van Kolonies, gestuur.[193] Hoewel hy, soos reeds aangetoon is,[194] geen ernstige beswaar teen die bepalings van Wet No. 6 van 1880 in verband met die heffing van 'n hutbelasting gehad het nie, het hy daarenteen sterk standpunt teen sowel sekere beginsels as detail van die bepalings in verband met die uitreiking van passe ingeneem. Afgesien van enkele woordwysigings wat hy met betrekking tot sekere artikels[195] aan die hand gedoen het, het hy aangevoer dat die woorde "foreign native" wat in artikel 7 gebruik word om die vreemde of buitelandse Swartes

---

190. Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.749-750: Wet No. 6, 1880, art. 7; ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art.7.

191. Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 8; ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 8.

192. SP382, pp. 86-90: Report upon Law No. 6 of 1880 entitled Law "To alter and amend in certain respects certain Laws enacted and Resolutions passed by the Volksraad of the South African Republic, and to alter the present rate of Taxation upon natives in this Province", opgestel deur W.B. Morcom, 19.4.1880; M419, CO 291/5, Transvaal No. 7752, Ordinance 6/1880, To alter the Taxation of Natives, Bylae No. 2: Report on Law No. 6 of 1880 ..., W.B. Morcom, 19.4.1880.

193. M419, CO 291/5, Transvaal No. 7752, Ordinance 6/1880, To alter the Taxation of Natives: G.W. Wolseley - Secretary of State for the Colonies, Durban, 26.4.1880.

194. Sien Hoofstuk 3, Afd. 7.

195. Artikels 6, 7 en 8 van Wet No. 6 van 1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

aan te dui wat kragtens hierdie artikel aan 'n pasbelasting onderhewig was indien hulle deur die Transvaal sou reis, dubbelsinnig was, omdat dit enige Swarte kon beteken het wat nie in Transvaal of in 'n Britse gebied gewoon het nie. Om die probleem uit die weg te ruim, het hy aanbeveel dat dit beter sou wees indien dié bepaling so gewysig sou word dat dit nie op die Swartes wat in 'n Britse gebied buite Transvaal nie, maar slegs op die Swartes wat nie in 'n Britse gebied gewoon het nie, betrekking sou hê. Hierbenewens moes hierdie Swartes ook duidelik in die wet geïdentifiseer word.[196] Met die oog daarop dat dit nie in hierdie artikel vermeld word nie, het Kimberley aan die hand gedoen dat dit duidelik gestel moes word dat die geld wat vir passe ingevorder word deur die landdroste as inkomste verantwoord moes word.[197]

Kimberley het verder aangevoer dat die bepaling[198] waarvolgens 'n Swarte wat in die Transvaal gewoon het en van die een distrik na 'n ander wou gaan, in besit van 'n pas moes wees en veral die voorbehoudsbepaling dat so 'n pas slegs uitgereik kon word indien hy bewys kon lewer dat sy hutbelasting vir die betrokke belastingjaar betaal was, geheel en al te drasties was. Na wat hom meegedeel is, het hierdie bepaling ook baie verder gestrek as dieselfde bepaling in die betrokke Natalse wet. Hierdie wet het slegs vereis dat die Swartes in besit van 'n pas moes wees wanneer hulle met beeste of skape in hulle besit in Natal rondbeweeg het of wanneer hulle hulle na 21h00 in een van die hoofdorpe op straat bevind het. Onder hierdie omstandighede was hy van mening dat tensy daar 'n baie sterk rede tot die teendeel was, dit wenslik was dat die wetlike bepalings in verband met hierdie aangeleentheid dieselfde in Natal en Transvaal moes wees. Met die oog hierop moes Lanyon dus presies vasstel wat die wetlike posisie met betrekking tot die passtelsel in Natal was.[199] Verder, op grond van die

---

196. M419, CO 291/5, Transvaal No. 7752, Ordinance No. 6/1880, To alter the Taxation of Natives: Ongetekende konsepskrywe van Secretary of State - W.O. Lanyon, 22.7.1880, punt 5.

197. M419, CO 291/5, Transvaal No. 7752, Ordinance No. 6/1880, To alter the Taxation of Natives: Ongetekende konsepskrywe van Secretary of State - W.O. Lanyon, 22.7.1880, punt 6.

198. Artikel 8 van Wet No. 6 van 1880.

199. M419, CO 291/5, Transvaal No. 7752, Ordinance No. 6/1880, To alter the Taxation of Natives: Ongetekende konsepskrywe van Secretary of State - W.O. Lanyon, 22.7.1880, punt 3.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

hierbo genoemde besware het Kimberley aangevoer dat artikel 8 en veral die voorbehoudsbepaling daarvan, in beginsel verwerplik was en dat hierdie bepaling nie behou sou kon word nie. Hoewel hy dus nie by die Britse kroon sou aanbeveel dat die wet afgekeur moes word nie, was hy nietemin van mening dat wanneer die Transvaalse Wetgewende Vergadering weer byeen sou kom, Wet No. 6 van 1880 in sekere opsigte in sowel beginsel as detail gewysig moes word.[200]

Met verwysing na Kimberley se beswaar teen hierdie wet, het Henrique Shepstone in Julie 1881 in sy getuienis voor die Koninklike Kommissie verklaar dat Kimberley beswaar gemaak het teen die bepaling dat 'n Swarte in besit van 'n pas moes wees om die distrik te verlaat waarin hy gewoon het,[201] omdat hy van mening was dat "it was too much restriction on the liberty of the subject to have to get a pass."[202] Gevolglik was hy ten gunste daarvan dat die maatreël gewysig moes word. Die feit egter dat daar na die aanname van Wet No. 6 van 1880 vanweë die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog in Desember 1880 en die onderhandelings wat daarop in verband met die Transvaal se toekoms gevolg het, nie 'n sitting van die Wetgewende Vergadering in 1881 was nie, het tot gevolg gehad dat hierdie bepaling van Wet No. 6 van 1880 nie gewysig kon word nie.[203]

Met hierdie siening van Kimberley het Henrique nie saamgestem nie,[204] aangesien hy van mening was dat hierdie bepaling 'n baie goeie maatreël was.[205] Ter verduideliking van sy standpunt het hy aangevoer dat so 'n maatreël wenslik was wanneer die omstandighede in Transvaal in aanmerking geneem word.

---

200. M419, CO 291/5, Transvaal No. 7752, Ordinance No. 6/1880, To alter the Taxation of Natives: Ongetekende konsepskrywe van Secretary of State - W.O. Lanyon, 22.7.1880, punt 2.

201. C3219, p.93, par. 2017, 2024 en 2028-2029: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

202. C3219, p.93, par. 2029: H.C. Shepstone se getuienis ..., 6.7.1881.

203. C3219, p.93. par. 2017-2018: H.C. Shepstone se getuienis ..., 6.7.1881.

204. C.3219, p.94, par. 2038: H.C. Shepstone se getuienis ..., 6.7.1881.

205. C3219, pp.93 en 94, par. 2024 en 2037: H.C. Shepstone se getuienis ..., 6.7.1881.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Dit was veral van waarde gewees waar Swartes beeste aangejaag het, aangesien elke Swarte wat beeste aangejaag het in besit van 'n pas moes wees waarop die aantal beeste wat hy by hom gehad het, aangedui moes word.[206] Op hierdie wyse het die maatreël gehelp om veediefstal te voorkom. Die feit dat 'n Swarte in besit van 'n pas moes wees om die distrik waarin hy gewoon het te verlaat, het die Swartes geen ongerief aangedoen nie.[207] Hierdie bepaling kon ook nie as 'n instrument van onderdrukking gebruik word nie[208] en was Henrique ook nie ten gunste daarvan dat vir so 'n pas betaal moes word nie.[209] Hoewel hy besef het dat die Swartes wel die pasmaatreëls van Wet No. 6 van 1880 kon ontduik en dit nie sonder 'n omvangryke personeel streng toegepas kon word nie,[210] was hy nietemin van mening dat die wet goed gewerk het.[211] Gevolglik was hy nie ten gunste daarvan dat die pasmaatreëls waarteen Kimberley beswaar gehad het, gewysig word nie.[212]

---

206. C3219, p.93, par. 2030: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

207. C3219, p.93, par. 2032: H.C. Shepstone se getuienis ..., 6.7.1881.

208. C3219, p.93, par. 2032: H.C. Shepstone se getuienis ..., 6.7.1881.

209. C3219, p.93, par. 2025: H.C. Shepstone se getuienis ..., 6.7.1881.

210. C3219, p.94, par. 2040 - 2043: H.C. Shepstone se getuienis ..., 6.7.1881.

211. C3219, pp.93 en 94, par. 2032 en 2049: H.C. Shepstone se getuienis ..., 6.7.1881.

212. C3219, p.93, par. 2037: H.C. Shepstone se getuienis ..., 6.7.1881.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

6. 'n Vergelyking tussen die pasmaatreëls van Wet No. 4 van 1873, Wet No. 3 van 1876 en Wet No. 6 van 1880

Soos reeds daarop gewys is, het die Britse regering in Transvaal nadat die betaling op passe in Junie 1877 opgehef is, die belasting op passe weer vanaf Augustus 1879 in werking gestel. Volgens Lanyon was die pasmaatreëls wat toe in werking gestel is, dieselfde as dié wat voor die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek in Transvaal van toepassing was.[213] Onder hierdie omstandighede en aangesien die wetgewing van die Republiek volgens die anneksasieproklamasie van krag sou bly totdat dit deur 'n bevoegde wetgewende gesag gewysig kon word, kon die Britse owerheid in Transvaal dus nie sy eie stempel op die pasmaatreëls van die Transvaal afdruk nie. Dit was dus eers met die aanname van Wet No. 6 van 1880 dat die Transvaalse regering vir die eerste keer sedert die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek in 'n posisie geplaas is om sy eie pasmaatreëls op die wetboek te plaas. Gevolglik ontstaan die vraag in hoeverre die pasmaatreëls van Wet No. 6 van 1880 van dié van die Republiek verskil het.

Ten einde 'n antwoord hierop te gee en die verskil tussen die pasmaatreëls van die Zuid-Afrikaansche Republiek en dié van die Britse regering in Transvaal aan te toon, is dit nodig dat die pasmaatreëls van die Republiek soos neergelê in Wet No. 4 van 1873 en Wet No. 3 van 1876 vergelyk word met dié waarvoor Wet No. 6 van 1880 voorsiening gemaak het. Hoewel hierdie wet en die Britse bewind as sodanig uit die aard van die saak ook 'n verandering in die administrasie wat met die toepassing en uitvoering van hierdie maatreëls gepaard gegaan het tot gevolg gehad het, word die meer administratiewe aangeleenthede vir die doel van hierdie bespreking links gelaat.

Kragtens Wet No. 4 van 1873 is daar bepaal dat elke Swarte in die Zuid-Afrikaasche Republiek van 'n pas voorsien moes wees

---

213. SS379, adR4545/79 by R4545/79: Nota van W.O. Lanyon - M. Osborn, 3.8.1879.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

wat op versoek van enige onderdaan van die Republiek getoon moes word. Hierdie pas moes jaarliks teen betaling van £1 hernieu word.[214] Wet No. 6 van 1880 daarenteen het hierdie bepaling herroep[215] en in soverre dit die Swartes betref wat in Transvaal gewoon het, bepaal dat 'n Swarte wat van die een Transvaalse distrik na 'n ander wou gaan, in besit van 'n pas moes wees.[216] Daar word egter nie aangedui of vir hierdie passe betaal moes word en of hulle gratis uitgereik moes word nie. Gesien egter in die lig van die feit dat volgens die inleiding van die wet, Wet No. 6 van 1880 ten doel gehad het om 'n kantoorgeld op passe te hef, is daar aanvanklik 'n bedrag van 1/- gevorder van die Swartes wat in Transvaal gewoon het, maar buite die grense van Transvaal werk wou gaan soek het. Nadat die aangeleentheid ondersoek is, is hierdie betaling gestaak en is die passe gratis uitgereik.

Soos uit die voorafgaande blyk, het Wet No. 4 van 1873 daarvoor voorsiening gemaak dat elke Swarte wat in die Zuid-Afrikaansche Republiek gewoon het, in besit van 'n pas moes wees. Hierdie pas moes jaarliks teen betaling van £1 hernieu word. Die pas waarvoor Wet No. 6 van 1880 voorsiening gemaak het, was nie 'n pas wat deur elke Swarte uitgeneem moes word nie, of jaarliks hernieu moes word nie of waarvoor jaarliks betaal moes word nie. Slegs die Swartes wat van die een Transvaalse distrik na 'n ander wou gaan, was verplig om in besit van so 'n pas te wees en wat tewens gratis aan hom uitgereik sou word, mits hy bewys kon lewer dat sy hutbelasting vir die betrokke jaar betaal was.

---

214. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.480: Wet No. 4, 1873, art. 1-3.

215. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.748: Wet No. 6, 1880, art. 2; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 2.

216. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 8; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 8.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Die feit dat Wet No. 6 van 1880 die pasmaatreëls van Wet No. 4 van 1873 herroep het, het uit die aard van die saak beteken dat enige voorsiening in die laasgenoemde wet waarvolgens sekere Swartes van 'n pasbelasting vrygestel word, oorbodig geword het en is dit gevolglik herroep. Wet No. 4 van 1873 het bepaal dat die Swartes wat 'n sertifikaat kon toon dat hulle vir langer as ses maande by 'n burger in diens was, vrygestel sou word van die pasbelasting waarvoor hierdie wet voorsiening gemaak het.[217] Aangesien die hierbo genoemde pasmaatreël van Wet No. 6 van 1880 nie vir 'n belasting voorsiening gemaak het nie en slegs Swartes wat van die een distrik na 'n ander wou gaan in besit van 'n pas moes wees wat gratis uitgereik sou word, het hierdie bepaling van Wet No. 4 van 1873 oorbodig gemaak. Die feit egter dat die klem kragtens Wet No. 6 van 1880 nie meer op passe nie, maar op hutbelasting as 'n belastingsmaatreël geval het, het tot gevolg gehad dat hierdie wet daarvoor voorsiening gemaak het dat 'n pas om van die een Transvaalse distrik na 'n ander te gaan, slegs uitgereik sou word aan die Swartes wat bewys kon lewer dat hulle hutbelasting vir die betrokke jaar reeds betaal was.[218]

Met die oog daarop om landlopery in die Zuid-Afrikaansche Republiek te voorkom, is daar deur Wet No. 3 van 1876 bepaal dat alle Swartes wat nie kon bewys dat hulle tot 'n groot of klein lokasie behoort het nie, of by 'n private persoon in diens was nie, as "vagebonden of landloopers" beskou sou word. So 'n Swarte moes, afgesien van die pas waarvoor Wet No. 4 van 1873 voorsiening gemaak het, in besit van 'n pas gewees het waarvoor 'n bedrag betaal moes word afhangende van die tydperk wat hy nie in diens was nie, naamlik £1 vir drie maande, £2 vir 6 maande en £5 vir 12 maande. Verder moes so 'n Swarte sy bestaansmiddele aantoon, in gebreke waarvan hy deur die bevoegde outoriteite gearresteer en daar volgens wet met hom gehandel kon word.[219]

---

217. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.481: Wet No. 4, 1873, art. 9.

218. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 8; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 8.

219. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.663-664: Wet No. 3, 1876, art. 6.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Ten einde landlopery verder teen te gaan, kon 'n Swarte wat in die Zuid-Afrikaansche Republiek gewoon het, volgens Wet No. 3 van 1876, nie in diens geneem word nie, tensy hy in besit was van 'n pas of sertifikaat wat hom daartoe geregtig het.[220] Hierdie bepaling was van toepassing op sowel die Swartes wat in 'n groot lokasie gewoon het, 'n dienskontrak by 'n werkgewer uitgedien het en op dié wat die Republiek van buite af binnegekom het. Hierdie passe of sertifikate sou gratis uitgereik word deur die Naturellekommissaris in die geval van 'n Swarte wat in 'n groot lokasie gewoon het, deur die werkgewer by wie die Swarte sy dienskontrak uitgedien het en deur die eerste amptenaar by wie 'n Swarte wat die Republiek van buite af ingekom het hom aangemeld het. Behalwe in die geval van 'n Swarte wat na voltooiing van sy dienskontrak huiswaarts gekeer het, sou so 'n pas of sertifikaat vir slegs agt dae geldig wees ten einde die houer daarvan in staat te stel om werk te gaan soek.[221] In die pas moes ook aangetoon word van waar die houer van die pas gekom het, waarheen hy gegaan het en wat hy by hom gehad het.[222]

In soverre dit hierdie pasmaatreëls betref, is dit belangrik om daarop te let dat hierdie maatreëls eerder beheer- en strafmaatreëls as belasting- of fiskale maatreëls was.

Kragtens Wet No. 6 van 1880 is die maatreëls waarna in die voorafgaande verwys word herroep.[223] Dit het gevolglik beteken dat anders as in die geval van die Zuid-Afrikaansche Republiek wat byvoorbeeld gepoog het om landlopery te voorkom deur "vagebonden of landloopers" 'n addisionele belasting op te lê of deur die Swartes te verplig om in besit van 'n pas te

---

220. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.664: Wet No. 3, 1876, art. 7.

221. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.664: Wet No. 3, 1876, art.9(a-d).

222. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.665: Wet No. 3, 1876, art. 9(e); Sien saam hiermee Ibid, pp.666-667: Wet No. 3, 1876, art. 21.

223. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.748: Wet No. 6, 1880, art. 2; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 2.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

wees,[224] Wet No.6 van 1880 slegs bepaal het dat 'n Swarte wat van die een Transvaalse distrik na 'n ander wou gaan in besit van 'n pas moes wees. Hierdie bepaling het dus inderdaad beteken dat 'n Swarte, soos reeds daarop gewys is, in die distrik waarin hy gewoon het, sonder 'n pas mag rondbeweeg, maar sodra hy dié distrik verlaat het, in besit van 'n pas moes wees.[225] Afgesien dus van die feit dat hierdie wet geen voorsiening gemaak het vir enige beperkende maatreëls of 'n belasting vir "vagebonden en landloopers" nie, het dit, in teenstelling met die bepalings van Wet No. 3 van 1876 waarvolgens slegs Swartes wat werk wou gaan soek in besit van 'n pas of sertifikaat moes wees, daarvoor voorsiening gemaak dat al die Swartes wat die distrik waarin hulle gewoon het, om welke rede ook al verlaat het, in besit van 'n pas moes wees. Dus, afgesien van die distrik waarin hy gewoon het, kon geen Swarte sonder 'n pas deur die Transvaal, dit wil sê van die een distrik na 'n ander, gereis het nie.[226] Trouens, volgens Henrique Shepstone moes die Swartes wanneer hulle deur Transvaal gereis het, by die verskillende Naturellekommissarisse langs gegaan het ten einde hulleself aan te meld.[227] Verder, hoewel Wet No. 6 van 1880 geen bepaling in dié verband bevat het nie, kon 'n Swarte, anders as in die geval van Wet No. 3 van 1876 waarvolgens 'n Swarte nie in diens geneem kan word sonder dat hy in besit van die nodige pas was nie,[228] volgens die pasmaatreëls van Wet No. 6 van 1880 wel sonder 'n pas in diens geneem word in die distrik waarin hy gewoon het. Hy moes eers in besit van 'n pas wees wanneer hy buite sy distrik werk gaan soek het.

---

224. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.663-664: Wet No. 3, 1876, art. 6, 7 en 9.

225. Sien in dié verband C3219, p.93, par. 2019 en 2022: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

226. C3219, p.93, par. 2015: H.C. Shepstone se getuienis ..., 6.7.1881.

227. C3219, p.94, par. 2039: H.C. Shepstone se getuienis ..., 6.7.1881.

228. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.664: Wet No. 3, 1876, art. 7.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

In soverre dit die herroeping van die pasmaatreëls van Wet No. 3 van 1876 betref, is daar twee verdere aangeleenthede waarop die aandag gevestig moet word. In die eerste instansie is daar deur hierdie wet bepaal dat wanneer 'n pas of sertifikaat aan 'n Swarte uitgereik word om werk te gaan soek of wanneer hy na voltooiing van sy dienskontrak na sy woonplek teruggekeer het, in die pas of sertifikaat onder andere aangetoon moes word wat so 'n Swarte by hom gehad het.[229] Hierdie bepaling is deur Wet No. 6 van 1880 herroep.[230] Nietemin, hoewel hierdie wet geen bepaling in die verband bevat het nie, wil dit tog voorkom asof daar wel die een of ander reëling in die verband was. In sy getuienis voor die Koninklike Kommissie in Julie 1881 het Henrique Shepstone die pasmaatreëls van Wet No. 6 van 1880 as "a very good law, especially in regard to cattle" beskryf en verder daaraan toegevoeg: "Where cattle are driven it is necessary that every man should have a pass, with the number of the cattle stated on it."[231] Op grond hiervan wil dit dus inderdaad voorkom dat ofskoon Wet No. 6 van 1880 geen wetlike bepaling in dié verband bevat het nie, daar wel die een of ander reëling in die opsig was. Waarskynlik het die bepaling van Wet No. 3 van 1876 in verband met wat 'n Swarte by hom gehad het, bly voortbestaan omdat dit nie strydig met die bepalings van Wet No. 6 van 1880 was nie.

In die tweede instansie is dit opmerklik dat anders as in die geval van Wet No. 3 van 1876[232] daar deur Wet No. 6 van 1880 geen voorsiening vir enige reëlings gemaak word vir Swartes wat buite die Transvaal gewoon het om in die Transvaal werk te kom soek nie.

---

229. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.664-665: Wet No. 3, 1876, art. 7, 9 en veral 9(e).

230. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.748: Wet No. 6, 1880, art. 2; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 2.

231. C2319, p.93, par. 2030: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

232. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.664: Wet No. 3, 1876, art. 7 en 9(c).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Volgens Wet No. 3 van 1876 sou 'n pas of 'n sertifikaat wat 'n Swarte moes besit om in diens geneem te kon word, uitgereik word deur die Naturellekommissaris of deur die werkgewer by wie 'n Swarte in diens was.[233] Gesien egter in die lig van die feit dat die passe waarvoor Wet No. 6 van 1880 voorsiening gemaak het, 'n geheel ander soort pas was as dié waarop Wet No. 3 van 1876 betrekking gehad het, is hierdie bepaling deur Wet No. 6 van 1880 herroep en is 'n werkgewer terselfdertyd ook die reg ontneem om passe uit te reik.[234] Hierdie wet het gevolglik bepaal dat die passe waarvoor dié wet voorsiening gemaak het, deur die landdros of Naturellekommissaris van die bepaalde distrik of deur 'n amptenaar wat vir dié doel aangestel sou word, uitgereik sou word.[235] Opmerklik egter is die feit dat Wet No. 6 van 1880 geen voorsiening gemaak het vir die tydperk waarvoor 'n pas uitgereik word nie.

Ten einde landlopery teen te gaan was elke burger volgens Wet No. 3 van 1876 verplig om die Swartes wat sonder die nodige passe gevind mag word, aan die naaste veldkornet oor te lewer. Hiervoor sou so 'n burger volgens 'n bepaalde tarief vergoed word uit die boete wat so 'n Swarte moes betaal. Indien die Swarte nie by magte was om die aangegane koste te betaal nie, kon hy, indien hy dit sou verkies, deur die veldkornet by iemand onder kontrak geplaas word ten einde die geld te verdien. Indien hy sou weier om dit te aanvaar moes hy aan die landdros van die betrokke distrik oorhandig word sodat daar volgens wet met hom gehandel kon word.[236]

Hierdie bepaling is deur Wet No. 6 van 1880 herroep.[237]

---

233. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.664: Wet No. 3, 1876, art. 9 (a en b).

234. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.748: Wet No. 6, 1880, art. 2; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 2.

235. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 8; ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 8.

236. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.664: Wet No. 3, 1876, art. 8.

237. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.748: Wet No. 6, 1880, art. 2; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 2.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Ten einde te verseker dat die bepalings van hierdie wet uitgevoer word, is die administrateur of die amptenaar wat die regering tydelik waargeneem het, met die bevoegdheid beklee om met die advies van die Uitvoerende Raad sodanige reëls en regulasies op te stel, orders uit te reik en, in die geval van 'n wanbetaling of 'n ontduiking van enige bepaling van die wet, boetes en strawwe op te stel, soos wat nodig geag mag word.[238]

Volgens Wet No. 3 van 1876 was die Naturellekommissaris, amptenaar of werkgewer verplig om wanneer 'n Swarte op 'n wettige wyse aansoek gedoen het vir 'n pas of 'n sertifikaat waarvoor in hierdie wet voorsiening gemaak word, sodanige pas of sertifikaat uit te reik. Indien 'n amptenaar sou weier om hieraan te voldoen, het hy homself aan 'n boete van £1 tot £5, afhangende van die aard van die saak, blootgestel.[239] Hoewel hierdie bepaling deur Wet No. 6 van 1880 herroep is,[240] het hierdie wet nietemin bepaal dat 'n landdros, 'n amptenaar of enige amptenaar wat die bevoegdheid gehad het om passe uit te reik, verplig was om op versoek, so 'n pas uit te reik.[241]

In verband met die uitreiking van passe aan die Swartes wat in Transvaal gewoon het en waarvoor Wet No. 6 van 1880 voorsiening gemaak het, het die Koninklike Kommissie in 1881 aan die Transvaalse Sekretaris van Naturellesake die vraag gestel of dit nie moontlik was dat 'n landdros van 'n distrik waar daar 'n tekort aan arbeid bestaan het, sou kon weier om passe aan die Swartes uit te reik ten einde te voorkom dat hulle die distrik verlaat nie. Henrique Shepstone het hierop geantwoord dat so iets wel moontlik was, maar dat dit onwettig sou wees.[242]

---

238. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 9; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 9.

239. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.665: Wet No. 3, 1876, art. 10.

240. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.748: Wet No. 6, 1880, art. 2; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 2.

241. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 8; ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 8.

242. C3219, p.93, par. 2035: H.C. Shepstone as getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Nieteenstaande hierdie opmerking van Henrique, het Wet No. 6 van 1880, anders as Wet No. 3 van 1876, geen spesifieke voorsiening gemaak vir enige strafmaatreëls indien 'n amptenaar sou weier om 'n pas uit te reik nie. Ofskoon dit nie pertinent so genoem word nie, wil dit nietemin voorkom asof vir die oplegging van 'n straf in geval van so 'n oortreding, voorsiening gemaak word in die bepaling waarvolgens die administrateur of sy plaasvervanger, die reg verkry het om met die advies van die Uitvoerende Raad, boetes of strawwe op te lê in geval van die ontduiking van enige van die bepalings van Wet No. 6 van 1880.[243]

Met betrekking tot buitelandse passe het Wet No. 3 van 1876 bepaal dat 'n Swarte wat in die Zuid-Afrikaansche Republiek gewoon het en hom om die een of ander rede buite die grense van die Republiek wou begewe het, verplig was om in besit van 'n buitelandse pas te wees. So 'n pas sou deur amptenare uitgereik word wat vir dié doel deur die Regering aangewys sou word. 'n Buitelandse pas sou ook slegs uitgereik word aan 'n Swarte wat in besit was van 'n sertifikaat van die Naturellekommissaris indien hy in 'n groot lokasie gewoon het, van die eienaar van die grond in geval van 'n Swarte wat in 'n klein lokasie gewoon het of deur die werkgewer by wie die Swarte in diens was. In so 'n pas moes verklaar word dat die Swarte sy hutbelasting vir die betrokke jaar betaal het.[244] Kragtens Wet No. 4 van 1873 sou 'n buitelandse pas slegs uitgereik word aan 'n Swarte wat in besit van 'n binnelandse pas was waarvoor hierdie wet voorsiening gemaak het.[245]

Die belasting op so 'n buitelandse pas het £2 beloop, maar dit is, soos reeds aangetoon deur pres. Burgers na 5/- verminder. 'n Swarte wat in diens van die Regering of van sy werkgewer hom buite die grense van die Zuid-Afrikaansche Republiek begewe het, was van hierdie belasting vrygestel. 'n Swarte wat die

---

243. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 9; ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 9.

244. Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, art. 16; SS364, R3331/79: P.J. van Staden - C.E. Steele, Rustenburg, 18.8.1879.

245. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885 p.482: Wet No. 4, 1873, art. 16.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Republiek sonder 'n buitelandse pas verlaat het, het hom aan 'n misdaad skuldig gemaak en kon met 'n bedrag van £1 tot £5 beboet word. Indien so 'n Swarte na verloop van 'n jaar nog nie teruggekeer het nie, kon sy boete van sy agtergeblewe goedere verhaal word of kon hy by sy terugkeer 'n gevangenisstraf van 1 tot 6 maande opgelê word.[246]

Hoewel die voorafgaande bepalings van Wet No. 3 van 1876 met betrekking tot die uitreiking van 'n buitelandse pas aan 'n Swarte wat in die Zuid-Afrikaansche Republiek gewoon het, deur Wet No. 6 van 1880 herroep is,[247] het dié wet nie spesiaal voorsiening gemaak vir die uitreiking van so 'n pas nie. Dit moet gewyt word aan die feit dat die pas wat 'n Swarte volgens hierdie wet nodig gehad het om van die een Transvaalse distrik na 'n ander te gaan, hom terselfdertyd ook die reg verleen het om na 'n gebied buite Transvaal te gaan.[248] Soos aangetoon sal word, is daar aanvanklik 'n bedrag van 1/- van 'n Swarte gevorder wat met so 'n pas Transvaal wou verlaat. Nadat die saak ondersoek is, is daar besluit dat hierdie passe gratis uitgereik sou word. Trouens, toe Henrique voor die Koninklike Kommissie getuig het, het die president van die Kommissie hom gevra: "Supposing a native going from Zoutpansberg down to the diamond fields, must he get fresh passes in every district?" Hierop het Henrique geantwoord: "No, from Zoutpansberg they would not have to pay at all."[249]

In soverre dit die Swartes betref wat van buite die Transvaal of deur Transvaal gereis het, was die posisie egter anders. Hoewel Wet No. 3 van 1876[250] geen spesifieke bepaling in dié verband bevat het nie, wil dit nietemin

---

246. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, art. 16 en 17.

247. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.748: Wet No. 6, 1880, art. 2; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 2.

248. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 8; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 8.

249. C3219, p.93, par. 2017: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

250. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.662-668 : Wet No. 3, 1876.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

voorkom asof 'n pasbelasting gevorder is van vreemde of buite-. landse Swartes wat deur die Transvaal gereis het.[251] Volgens Wet No. 6 van 1880 is daar egter uitdruklik bepaal dat elke vreemde of buitelandse Swarte wat enige van die Transvaalse distrikte van buite die Transvaal af ingekom het om deur Transvaal te reis, verplig was om by die landdros van die distrik waardeur hy Transvaal ingekom het, of by 'n amptenaar wat vir dié doel aangestel mag word, aansoek om 'n pas te doen. Hierdie amptenare was dan verplig om so 'n pas aan die aansoeker te verleen. Anders egter as in die geval van 'n pas wat aan 'n Swarte wat in die Transvaal gewoon het, uitgereik word om van die een Transvaalse distrik na 'n ander te reis, moes 'n belasting van 1/- vir so 'n pas gevorder word.[252]

Aangesien die passe aan binnelandse Swartes wat van die een distrik na 'n ander wou gaan, gratis uitgereik is, het die bepaling met betrekking tot vreemde of buitelandse Swartes dus beteken dat vir die pasmaatreëls waarvoor Wet No. 6 van 1880 voorsiening gemaak het, 'n belasting in die vorm van kantoorgeld slegs van vreemde of buitelandse Swartes gevorder is. Ook is dit opmerklik dat waar die bepaling van strafmaatreëls vir 'n oortreding van die pasmaatreëls met betrekking tot die Swartes wat in die Transvaal gewoon het, aan die administrateur of die amptenaar wat die regering tydelik waargeneem het en die Uitvoerende Raad oorgelaat word,[253] daar in die wet wel voorsiening gemaak is vir strafmaatreëls in soverre dit 'n oortreding deur vreemde of buitelandse Swartes betref. Hiervolgens het so 'n Swarte wat in enige deel van die Transvaal rondgereis het en versuim het om op versoek van enige burger die nodige pas te vertoon, 'n oortreding begaan. So 'n Swarte sou wanneer hy deur die landdros of 'n amptenaar wat die jurisdiksie daartoe gehad het, skuldig

---

251. SS287, R2063/79: Wnd. Goudkommissaris - Regeringsekretaris, Pelgrimsrust, 13.6.1879.

252. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.749-750: Wet No. 6, 1880, art. 7; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 7; Sien ook C3219 p.93, par. 2025-2027: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

253. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 9; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art.9.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

bevind word, onderhewig wees aan 'n boete van hoogstens £1. Indien hy sou versuim om die boete te betaal, het hy hom blootgestel aan 'n gevangenisstraf, met of sonder harde-arbeid, vir 'n tydperk van hoogstens tien dae.[254]

Soos uit die voorafgaande blyk, het die pasmaatreëls waarvoor Wet No. 6 van 1880 in vergelyking met dié van Wet No. 4 van 1873 en Wet No. 6 van 1876 voorsiening gemaak het, 'n geheel ander bedeling geskep. Kragtens Wet No. 4 van 1873 moes elke Swarte in besit van 'n pas wees, waarvoor £1 per jaar betaal moes word en wat jaarliks hernieu moes word. Die pas vir Swartes wat in Transvaal gewoon het, waarvoor Wet No. 6 van 1880 voorsiening gemaak het, was nie 'n pas wat deur elke Swarte uitgeneem moes word, waarvoor betaal moes word of wat jaarliks hernieu moes word nie. Hierdie pas is gratis uitgereik en dan ook slegs aan dié Swarte wat hom buite die distrik wou begeef waarin hy gewoon het en mits sy hutbelasting vir die betrokke jaar betaal was. Om in die distrik waarin hy gewoon het rond te beweeg, het 'n Swarte nie 'n pas nodig gehad nie.

In soverre dit beheermaatreëls betref, het die Zuid-Afrikaansche Republiek gepoog om landlopery te voorkom óf te beheer deur dié Swartes wat as "vagebonden of landloopers" beskou is, 'n addisionele belasting op te lê óf deur die Swartes te verplig om in besit van 'n pas te wees om byvoorbeeld werk te gaan soek. Wet No. 6 van 1880 daarenteen het geen sodanige maatreëls bevat nie. Afgesien van die gewone pas wat 'n Swarte moes besit om van die een Transvaalse distrik na 'n ander te gaan, was daar geen addisionele of beperkende maatreëls vir "vagebonden of landloopers" óf enige voorsiening vir die uitreiking van werkspasse nie. Die enigste beperkende maatreël vir die uitreiking van hierdie passe, was dat die aansoeker se hutbelasting vir die betrokke jaar betaal moes

---

254. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.749-750: Wet No. 6, 1880, art. 7; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 9.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

gewees het. Terselfdertyd moet egter in gedagte gehou word dat hierdie bepaling slegs van toepassing was op 'n Swarte wat die distrik waarin hy gewoon het wou verlaat, aangesien hy nie 'n pas nodig gehad het om in die distrik waarin hy gewoon het, rond te beweeg nie. Met ander woorde vir 'n Swarte wat hom buite sy eie distrik wou begeef, was die enigste beperkende maatreël die besit van 'n pas wat gratis uitgereik is, maar slegs indien sy hutbelasting betaal was.

In die geval van 'n buitelandse pas het Wet No. 6 van 1880, anders as in die geval van die pasmaatreëls van die Zuid-Afrikaansche Republiek, geen voorsiening gemaak vir die uitreiking van 'n afsonderlike buitelandse pas of die betaling van 'n sekere bedrag deur 'n Swarte wat in Transvaal gewoon het en buite die grense van Transvaal werk wou gaan soek het nie. Volgens hierdie wet was dieselfde pas wat 'n Swarte nodig gehad het om van die een distrik na 'n ander te reis, voldoende gewees om hom - mits sy hutbelasting betaal was - buite die grense van Transvaal te begeef.

'n Verdere aspek wat baie duidelik na vore tree, is dat Wet No. 6 van 1880 vir 'n eenvormige passtelsel voorsiening gemaak het en gevolglik 'n groter eenvormigheid ten opsigte van die passtelsel in Transvaal geskep het as wat onder die Zuid-Afrikaansche Republiek bestaan het. Waar die passtelsel van die Republiek vir verskillende pasmaatreëls in die vorm van sowel 'n belasting- as 'n beheerstelsel met verskillende belastingskale voorsiening gemaak het, het die passtelsel van die Britse administrasie volgens Wet No. 6 van 1880 met die verskillende stelsels weggedoen en, in soverre dit passe betref vir die Swartes wat in Transvaal gewoon het, vir 'n enkele stelsel voorsiening gemaak. Trouens, soos reeds aangedui is, het sir Theophilus kort na die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek, die teweegbringing van 'n eenvormige stelsel in die vooruitsig gestel omdat die wette van die Republiek waarvolgens belasting van die Swartes gevorder is, hom geensins aangestaan het nie, onder andere omdat hierdie wette vir verskillende soorte belasting en belastingskale voorsiening gemaak het.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Aangesien passe om van die een Transvaalse distrik na 'n ander te gaan en selfs buite die grense van die Transvaal werk te gaan soek, onderhewig aan die betaling van 'n hutbelasting, gratis uitgereik sou word aan die Swartes wat in Transvaal gewoon het, ontstaan die vraag of die pasmaatreëls van Wet No. 6 van 1880 'n groter bewegingsvryheid aan die Transvaalse Swartes verleen het as wat dit met die pasmaatreëls van die Zuid-Afrikaansche Republiek die geval was.

Dit is inderdaad so dat Wet No. 6 van 1880 in sekere opsigte 'n bewegingsvryheid vir die Swartes geskep het wat daar volgens die wette van die Republiek nie voor 1877 bestaan het nie. Die feit dat die Swartes, in die eerste instansie, sonder 'n pas in die distrik waarin hulle gewoon het, kon rondbeweeg, het aan hulle 'n vryheid verleen waarvoor die pasmaatreëls van die Republiek nie voorsiening gemaak het nie. In dié opsig het Henrique Shepstone selfs beweer dat 'n Swarte, streng genome volgens die pasmaatreëls van die Zuid-Afrikaansche Republiek, in besit van 'n pas moes gewees het om in die distrik waarin hy gewoon het rond te beweeg, of van die een plaas na 'n naburige plaas te gaan.[255] Die feit dat Wet No. 6 van 1880, in die tweede plek, anders as in die geval van die Republiek,[256] nie voorsiening gemaak het vir addisionele maatreëls om landlopery teen te gaan nie, het ongetwyfeld 'n groter mate van vryheid aan sulke "vagebonden en landloopers" verleen.

Afgesien van die gevalle waarna in die voorafgaande verwys is, het die pasmaatreëls van Wet No. 6 van 1880, ofskoon dit met die eerste oogopslag so wil voorkom, origens nie 'n groter bewegingsvryheid aan die Transvaalse Swartes verleen as wat dit met die pasmaatreëls van die Republiek die geval was nie. Waar hierdie pasmaatreëls vir die betaling van 'n belasting op passe voorsiening gemaak het, is passe om van die een Transvaalse distrik na 'n ander te gaan,

---

255. C3219, p.93, par. 2019-2021: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

256. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.663 - 664: Wet No. 3, 1876, art. 6 en 7.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

volgens Wet No. 6 van 1880 kosteloos uitgereik, maar slegs aan die Swartes wat bewys kon lewer dat hulle hutbelasting vir die betrokke jaar betaal was. Met betrekking tot buitelandse passe, het hierdie wet nie voorsiening gemaak vir die uitreiking van so 'n pas aan die Swartes wat in die Transvaal gewoon het nie, aangesien die pas wat die Swartes in staat gestel het om van die een distrik na 'n ander te gaan, aan hulle ook die reg verleen het om sonder enige betaling, die grense van Transvaal oor te steek. Hoewel daar dus nie 'n betaling vir so 'n buitelandse pas gevorder is nie, moes 'n Swarte om in besit van 'n pas te kom om van die een Transvaalse distrik na 'n ander te gaan, eers die bewys lewer dat hy sy hutbelasting vir die betrokke jaar betaal het.

Wanneer daar in gedagte gehou word dat die Republiek kragtens Wet No. 3 van 1876 ook 'n hutbelasting van die Swartes gevorder het,[257] dan blyk dit uit die voorafgaande dat waar die belastingsmaatreëls van die Republiek vir sowel 'n hutbelasting as vir 'n belasting op passe voorsiening gemaak het, die Britse administrasie daarenteen volgens Wet No. 6 van 1880, die betaling van 'n belasting op passe afgeskaf het en die klem laat val het op die betaling van 'n hutbelasting as 'n voorvereiste vir die uitreiking van 'n gratis pas. So gesien het die uitreiking van 'n gratis pas nie noodwendig die verlening van groter bewegingsvryheid beteken nie.

---

257. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, art. 4.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

7. Die inwerkingstelling van die pasmaatreëls van Wet No. 6 van 1880

Enkele dae na die aanname van Wet No. 6 van 1880 deur die Wetgewende Vergadering op 6 April en nog voordat dit in die Staatskoerant van 16 April gepubliseer is, het Henrique Shepstone 'n sirkulêre aan die landdroste en Naturellekommissarisse van die verskillende distrikte gestuur waarin hy hulle aandag op die pasmaatreëls van hierdie wet gevestig het.[258] In sy sirkulêre het hy hierdie amptenare daarop gewys dat met betrekking tot sy sirkulêre van 24 Julie 1879 waarvolgens hy hulle opgedra het om 'n belasting van 5/- te vorder op passe wat aan die Swartes uitgereik word, hulle op ontvangs van die Staatskoerant waarin Wet No. 6 van 1880 gepubliseer is, op die pasmaatreëls van dié wet moes let. Verder, dat passe voortaan daarvolgens uitgereik moes word en 'n bedrag van 1/- gevorder moes word vir die passe wat aan vreemde of buitelandse Swartes uitgereik word. Ook het hy die landdroste en Naturellekommissarisse opgedra om die Swartes so gou as moontlik met die inhoud van dié pasmaatreëls bekend te stel.

Teen die einde van Mei 1880 het Henrique weer 'n sirkulêre aan die landdroste, kommissarisse en Naturellekommissarisse uitgestuur.[259] Met verwysing na die passe wat volgens Wet No. 6 van 1880 aan die Swartes "travelling through or in this Province" uitgereik moes word, het hy hulle meegedeel dat totdat hulle van gedrukte gratis pasvorms voorsien kon word, hulle die passe wat aan die Swartes uitgereik moes word om van die een distrik na 'n ander te gaan, met die hand moes uitskryf. Verder, dat "the 1/- printed passes are to be granted to foreign natives <u>and to natives leaving the Province to seek labour</u>".[260]

---

258. SN102, p.946: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste en Naturellekommissarisse, Pretoria, 10.4.1880; SN3, N140/80: Sirkulêre van H. C. Shepstone aan Landdroste en Naturellekommissarisse, Pretoria, 10.4.1880.

259. SN3, N113/80: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Landdroste, Kommissarisse en Naturellekommissarisse, 24.5.1880; SS435, R2569/80: Sirkulêre van H.C. Shepstone - Landdroste, Kommissarisse en Naturellekommissarisse, 24.5.1880 (afskrif).

260. Ek onderstreep.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Waar Henrique se opmerking met betrekking tot die uitreiking van gratis passe en dié aan vreemde of buitelandse Swartes, geheel en al in ooreenstemming was met die bepalings van Wet No. 6 van 1880, kan dieselfde nie gesê word van sy opmerking in verband met die uitreiking van 'n pas waarvoor 1/- betaal moes word aan die Swartes wat in Transvaal gewoon het en buite die grense van Transvaal werk wou gaan soek het nie. Hierdie wet het bepaal dat vreemde of buitelandse Swartes wat deur Transvaal gereis het om werk buite Transvaal te gaan soek, 'n bedrag van 1/- vir 'n pas moes betaal.[261] 'n Verdere artikel het weer bepaal dat passe gratis uitgereik moes word aan die Swartes wat in Transvaal gewoon het en wat van die een Transvaalse distrik na 'n ander wou gaan.[262] Wet No. 6 van 1880 het egter nie voorsiening gemaak vir 'n pas waarvoor 1/- betaal moes word deur die Transvaalse Swartes om buite die grense van Transvaal werk te gaan soek nie. Gevolglik was Henrique se opdrag dat so 'n pas uitgereik en die bedrag gevorder moes word, strydig met die bepalings van die wet.

Die inkorrektheid van sy opdrag het dan ook spoedig aan die lig gekom. Vroeg in Junie het hy vir C.E. Steele, die Kommissaris van Finansies en Inkomste, voorsien van afskrifte van sy sirkulêre en instruksies wat hy as Sekretaris van Naturellesake in verband met die invordering van die hutbelasting en die uitreiking van passe aan die betrokke amptenare gestuur het.[263] Sodoende het Steel insae gekry in die sirkulêre wat Henrique op 24 Mei in verband met die uitreiking van passe uitgestuur het.

---

261. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.749-750: Wet No. 6, 1880, art. 7; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 7.

262. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 8; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 8.

263. SS435, R2569/80: H.C. Shepstone - F(inance) and R(evenue) Commissioner, Pretoria, 8.6.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Steele het die inkorrektheid van Henrique se opdrag dadelik ingesien. Gevolglik het hy langs die betrokke sin in die sirkulêre geskryf: "Opposed to rules under native law."[264] Hy het ook George Hudson, die Koloniale Sekretaris, se aandag daarop gevestig dat "it appears to have escaped His Excellency's[265] observation that an illegal tax has been imposed under Circular of the 24th May."[266]

Op grond hiervan het Hudson vir Henrique vervolgens ingelig dat die heffing van 1/- op passe aan die Swartes wat in die Transvaal gewoon het, maar buite die grense van die Transvaal werk wou gaan soek, indien moontlik, deur wetgewing bekragtig moes word. Soos sake in daardie stadium gestaan het, was hierdie heffing strydig met die wet en word daar ongetwyfeld 'n onwettige heffing gevorder.[267] Owen Lanyon daarenteen was die mening toegedaan dat aangesien hierdie vordering nie in ooreenstemming met die bepalings van Wet No. 6 van 1880 was nie, 'n sirkulêre uitgestuur moes word waarin op die fout gewys word en die saak weer reggestel word.[268]

Voordat tot hierdie stap oorgegaan is, het Hudson besluit om die hele aangeleentheid na W.B. Morcom, die Prokureur-generaal, vir sy kommentaar te verwys.[269] Hy het daarop gewys dat die heffing van 1/- vir 'n pas aan vreemde of buitelandse Swartes in ooreenstemming met die wet was, maar "the charge of 1/- for passes to natives of the Province leaving the Province would appear to lack the sanction of authority, but it is probably intended to be regarded as an office fee.[270]

---

264. SS435, R2569/80: Nota van C.E. Steele, 15.6.1880.

265. Die administrateur, Owen Lanyon.

266. SS435, R2569/80: Nota van C.E. Steele - Koloniale Sekretaris, 15.6.1880.

267. SS435, R2569/80: Nota van G. Hudson - Sekretaris van Naturellesake, 21.6.1880.

268. SS435, R2569/80: Nota van W.O. Lanyon - Koloniale Sekretaris, 23.6.1880.

269. SS435, R2569/80: Nota van G. Hudson - Prokureur-generaal, 6.7.1880; SP 262, p.60: Nota van W.B. Morcom, 6.7.1880.

270. SS435, R2569/80: Nota van W.B. Morcom - Koloniale Sekretaris, 6.7.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Hierdie opmerking van Morcom as sou die heffing as 'n kantoorgeld beskou word, het waarskynlik berus op die Inleiding van Wet No. 6 van 1880 waarin daar wel melding van 'n heffing van kantoorgelde gemaak word.[271] Ten einde duidelikheid oor die saak te kry, het hy aan die hand gedoen dat, voordat Henrique se opdrag met betrekking tot die 1/- heffing ter syde gestel word, hy eers 'n geleentheid gegee moes word om die heffing te verduidelik.[272]

Aangesien Henrique in daardie stadium met die invordering van die hutbelasting besig was, het hy eers sowat 'n maand later, in Augustus, hierop gereageer. Ter verduideliking van die heffing het hy te kenne gegee dat toe hy Wet No. 6 van 1880 opgestel het, hy van mening was dat die wet wel voorsiening gemaak het vir die heffing van 1/- op passe aan die Swartes wat in Transvaal gewoon het en buite die Transvaal wou gaan werk het.[273]

In soverre dit hierdie verduideliking van Henrique betref, is dit inderdaad so dat in die inleiding van Wet No. 6 van 1880 die doel van die wet ten opsigte van passe omskryf word as "om zekere Kantoorpenningen te heffen op Passen aan Inboorlingen toegekend die door deze Provincie passeren of in deze Provincie reisende."[274] In ooreenstemming hiermee is daar in die geval van vreemde of buitelandse Swartes wat deur Transvaal gereis het, wel voorsiening gemaak vir die betaling van 1/- vir 'n pas wat deur hierdie Swartes uitgeneem moes word.[275] In die geval van Swartes wat in Transvaal

---

271. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.748: Wet No. 6, 1880, Inleiding; ZAR56, Transvaal Governmert Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, Inleiding.

272. SS435, R2569/80: Nota van W.B. Morcom - Koloniale Sekretaris, 6.7.1880.

273. SS435, R2569/80: H.C. Shepstone - Koloniale Sekretaris, 5.8.1880.

274. Die Engelse teks van die deel van die wet, het soos volg gelui: "... to impose certain office fees upon natives passing through or travelling in this Province." Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.748, Wet No. 6 van 1880, Inleiding; Vir Engelse teks sien ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, Inleiding.

275. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.749-750: Wet No. 6, 1880, art. 7; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art.7.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

gewoon het, is daar voorsiening gemaak vir 'n pas wat gratis aan hulle uitgereik sou word om van die een Transvaalse distrik na 'n ander te gaan, maar word daar nie voorsiening gemaak vir 'n pas waarvoor betaal moes word indien 'n Swarte wat in die Transvaal gewoon het, buite Transvaal wou gaan werk of werk wou gaan soek het nie.

Henrique se vergissing in verband met hierdie passe moet waarskynlik gewyt word aan die feit dat in die inleiding van Wet No. 6 van 1880 daar wel vir die heffing van 'n kantoorgeld op passe voorsiening gemaak word, maar dat daar verder aan in die wet geen bepaling is waarvolgens die Swartes wat in Transvaal gewoon het en buite die Transvaal werk wou gaan soek het, in besit van 'n pas moes wees waarvoor 1/- betaal moes word nie.

In dié verband is dit belangrik om daarop te let dat Henrique in Maart 1880 toe die eerste wetsontwerp vir die belasting van die Swartes in die Wetgewende Vergadering onder bespreking was, te kenne gegee het dat hy van voorneme was om voor te stel dat 'n pasbelasting van 5/- betaal moes word deur al die Swartes wat deur Transvaal gereis het of Transvaal van buite af ingekom het om in Transvaal werk te kom soek.[276] Verder, dat die Swartes wat in Transvaal gewoon het en van die een distrik na 'n ander wou gaan, in besit van 'n pas moes wees waarvoor 'n belasting van 1/- betaal moes word.

In soverre dit hierdie opmerking van Henrique betref, moet daar in gedagte gehou word dat volgens die pasmaatreëls wat in Augustus 1879 in werking gestel is, 'n belasting van 5/- betaal moes word vir 'n pas om sowel buite Transvaal werk te gaan soek as om van die een Transvaalse distrik na 'n ander te gaan. Met die oog daarop om die Swartes aan te moedig om in Transvaal werk te soek, was hy gevolglik van mening dat wanneer onderskeidelik 5/- en 1/- vir 'n pas betaal moes word, daar meer Swartes vir arbeid in Transvaal beskikbaar sou wees.

---

276. Sien Afd. 4, voetnoot 154, p. 240.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Hiervan het egter niks gekom nie. Volgens die wetsontwerp wat deur die Gekose Komitee opgestel en as Wet No. 6 van 1880 aanvaar is, is daar bepaal dat 'n vreemde of buitelandse Swarte in besit van 'n pas moes wees waarvoor 'n belasting van 1/- betaal moes word en nie 5/- soos Henrique voorgestel het nie. Met betrekking tot die Swartes wat van die een distrik na 'n ander wou gaan, het sy voorstel van 'n heffing van 1/- op so 'n pas eweneens nie gerealiseer nie, aangesien daar bepaal is dat hierdie passe gratis uitgereik sou word. Hierdie toedrag van sake het dus beteken dat Henrique se idee om die Swartes wat in Transvaal gewoon het deur 'n verminderde heffing op passe te probeer oorreed om hulle arbeid in Transvaal beskikbaar te stel, deur die mat geval het.

Met die oog daarop om iets aan die arbeidsprobleem te probeer doen, sou die logiese stap onder hierdie omstandighede gewees het om die Transvaalse Swartes in Transvaal te probeer hou deur te bepaal dat indien hulle werk buite die Transvaal wou gaan soek, hulle in besit van 'n pas moes wees waarop 'n belasting betaal moes word. So gesien en gesien in die lig van sommige lede altans van die Gekose Komitee se besorgdheid oor die gebrek aan arbeid in die Transvaal, lyk dit nie so onmoontlik te wees nie dat daar wel sprake kon gewees het van die heffing van 'n kantoorgeld van 1/- op passe wat deur die Swartes wat in Transvaal gewoon het, uitgeneem moes word wanneer hulle buite Transvaal wou gaan werk het nie. Feit is egter dat Wet No. 6 van 1880 geen bepaling hoegenaamd bevat het waardeur gepoog word om die Transvaalse Swartes te probeer verhinder om buite Transvaal te gaan werk het nie.

Die feit dat daar in die inleiding van hierdie wet voorsiening gemaak word vir die heffing van 'n kantoorgeld op passe vir die Swartes wat in die Transvaal rondgegaan het, maar sonder dat daar aangedui word in welke gevalle en watter bedrag gehef moes word, het 'n ooglopende dubbelsinnigheid in die wet tot gevolg gehad.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Aangesien Wet No. 6 van 1880 nie vir 'n pas voorsiening gemaak het waarvoor 1/- betaal moes word deur die Swartes om buite Transvaal te gaan werk het nie, was Henrique se opdrag in die verband dus onwettig. In antwoord hierop het hy aangevoer dat die rede waarom hy vir so 'n heffing voorsiening wou maak, was omdat die mense in Transvaal baie gekla het oor die tekort aan arbeid. Hy was gevolglik van mening dat so 'n heffing die Swartes in 'n sekere mate sou verhinder om buite Transvaal werk te gaan soek. Omdat die uitreiking van so 'n pas onwettig was, het hy geen beswaar gehad indien sy opdrag in die verband gekanselleer sou word nie.[277]

Teen hierdie tyd egter is die heffing op hierdie passe reeds vir sowat vier maande lank van die Swartes gevorder. Onder hierdie omstandighede het Hudson gevolglik verklaar dat, na hy verneem het, hierdie heffing op passe so algemeen en sonder enige probleme toegepas is dat daarmee voortgegaan moes word. Hoewel Wet No. 6 van 1880 dubbelsinnig was met betrekking tot hierdie heffing, was hy nietemin oortuig daarvan dat die Wetgewende Vergadering wel die heffing van so 'n kantoorgeld ten doel gehad het.[278]

Lanyon het egter daarop gewys dat die onwettigheid van hierdie heffing deur buite-instansies onder sy aandag gebring is. Dit sou dus beter gewees het indien 'n sirkulêre uitgestuur word waarin verduidelik word dat die lasgewing in verband met die uitreiking van passe aan die Swartes wat in Transvaal gewoon het en buite die Transvaal werk wou gaan soek, verkeerd was.[279]

---

277. SS435, R2569/80: H.C. Shepstone - Koloniale Sekretaris, 5.8.1880.
278. SS435, R2569/80: Nota van G. Hudson - W.O. Lanyon, 30.8.1880.
279. SS435, R2569/80: Nota van W.O. Lanyon, 2.9.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

Om sake dus reg te stel, het Hudson op 15 September 'n sirkulêre te dien effekte opgestel wat gestuur moes word aan al die landdroste, Naturellekommissarisse en ook al diegene wat gemagtig was om passe kragtens Wet No. 6 van 1880 uit te reik.[280] In hierdie sirkulêre het hy daarop gewys dat daar 'n misverstand ontstaan het met betrekking tot die heffing van 'n bedrag van 1/- op passe vir die Swartes wat in Transvaal gewoon het om Transvaal te verlaat. "You are hereby directed", het die nuwe lasgewing gelui, "to issue free of any charge passes to all such resident Natives as may be leaving the Province". Terselfdertyd is die ter saaklike deel van Henrique se sirkulêre van 24 Mei 1880 gekanselleer en herroep.[281] Hierdie sirkulêre is op 24 September 1880 aan die betrokke persone gestuur.[282] Sodoende is die onwettige heffing wat vir sowat vier maande lank gevorder is van die Swartes wat in Transvaal gewoon het en buite die Transvaal werk wou gaan soek het, weer reggestel.

Anders as wat Henrique en skynbaar ook die Wetgewende Vergadering bedoel het, het die feit dat daar nie in Wet No. 6 van 1880 voorsiening gemaak is vir die heffing van 'n kantoorgeld op die passe vir die Swartes wat buite Transvaal wou gaan werk het nie, die Transvaalse administrasie verplig om hierdie passe gratis uit te reik. Dit op sy beurt het verder tot gevolg gehad dat Henrique juis dit wat hy met so 'n heffing beoog het, naamlik om die Swartes in 'n mate te verhinder om buite die Transvaal werk te gaan soek, geheel en al misgeloop het.

---

280. SS435, R2569/80: Nota van G. Hudson - F. Stiemens, 15.9.1880; Sien ook SP262, p.98: Nota van W.B. Morcom - Koloniale Sekretaris, 13.9.1880.

281. SS435, R2569/80: Konsep Sirkulêre van G. Hudson aan Landdroste, Naturellekommissarisse en ander persone gemagtig om kragtens Wet No. 6, 1880 passe uit te reik.

282. SS435, R2569/80: Nota van G. Hudson, 24.9.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

8. Die aanstelling van regeringsamptenare, vrederegters en sendelinge as pasuitreikers

Afgesien van die landdroste en Naturellekommissarisse, het Wet No. 6 van 1880 ook voorsiening gemaak vir die aanstelling van ander persone as amptenare om passe uit te reik aan buitelandse Swartes en Swartes wat in Transvaal gewoon het.[283] Kort na die aanname van hierdie wet, het eerwaarde Alexander Merensky, Superintendent van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, op 27 April 'n versoek aan Henrique gerig om as 'n pasuitreiker aangestel te mag word. Waarskynlik omdat passe aan die Swartes wat in Transvaal gewoon het, gratis uitgereik is en buitelandse Swartes vir 'n pas moes betaal, het Merensky hom bereid verklaar om as 'n pasuitreiker aangestel te word al was dit dan net om passe uit te reik aan die Swartes wat van die een Transvaalse distrik na 'n ander gegaan het.[284]

In sy kommentaar op Merensky se versoek, het Henrique Lanyon ingelig oor die stand van sake met betrekking tot die uitreiking van passe. Al die Swartes wat in Transvaal van die een distrik na 'n ander gereis het, was verplig om in besit van 'n pas te wees wat gratis uitgereik word deur die landdroste, Naturellekommissarisse en ander amptenare wat deur die administrateur aangestel mag word. Passe wat die Transvaalse Swartes in staat sou stel om hulle buite die grense van die kolonie te begewe, word deur dieselfde amptenare uitgereik, maar in dié geval moet vir hierdie passe betaal word.[285]

Ter verduideliking van hierdie laaste opmerking van Henrique, moet in gedagte gehou word dat toe hy hierdie verduideliking aan Lanyon gegee het, hy dit gedoen het nog voordat die kwessie in verband met die heffing van 1/- op sodanige passe, in Junie deur Steele bevraagteken is. Henrique het

---

283. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 749-750: Wet No. 6, 1880, art. 7 en 8; ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 7 en 8.

284. SN3, N161/80: A. Merensky - H.C. Shepstone, Botsabelo, 27.4.1880.

285. SN3, N161/80: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 20.5.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

dus nog onder die indruk verkeer dat Wet No. 6 van 1880 wel vir so 'n heffing voorsiening gemaak het.

Met betrekking tot Merensky se versoek het Henrique te kenne gegee dat hy van mening was dat die passe waarvoor betaal moes word, voorlopig net deur die landdroste en Naturellekommissarisse uitgereik moes word. In die geval van passe waarvoor nie betaal word nie, het hy aanbeveel dat afgesien van die landdroste en Naturellekommissarisse, al die veldkornette en sendelinge ook gemagtig moes word om hierdie passe uit te reik. As rede hiervoor het hy aangevoer dat dit 'n groot ongerief vir die Swartes sou meebring wat in 'n afgeleë deel van 'n distrik gewoon het, indien hulle verplig sou wees om wanneer hulle so 'n pas wou bekom, na 'n landdroskantoor toe moes gaan. Indien Lanyon dus sy voorstel sou goedkeur, kon 'n omsendskrywe uitgestuur word waarin die veldkornette gemagtig word om sulke passe uit te reik en die sendelinge versoek word om hierdie taak ook op hulle te neem.[286]

Lanyon het Henrique se voorstel goedgekeur.[287] Teen die einde van Mei het hy Merensky gevolglik in kennis gestel dat hy in opdrag van die administrateur kragtens die bepalings van Wet No. 6 van 1880[288] as 'n amptenaar aangestel word om gratis passe uit te reik aan die Swartes wat van voorneme was om in Transvaal rond te reis.[289] In 'n aparte skrywe wou Henrique van Merensky weet of hy van mening was of die ander sendelinge in die Transvaal ook bereid sou wees om hierdie taak op hulle te neem. Hy was ook van voorneme om die veldkornette te magtig om passe uit te reik waarvoor nie betaal moes word nie. Die vraag aan wie magtiging verleen

---

286. SN3, N161/80: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 20.5.1880.

287. SN3, N161/80: Nota van W.O. Lanyon, 20.5.1880.

288. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 8; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 8.

289. SN3, N161/80: H.C. Shepstone - Eerw. A. Merensky, 26.5.1880 (afskrif).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

moes word om passe aan vreemde of buitelandse Swartes uit te reik waarvoor 1/- betaal moes word, was nog onder oorweging. Met die oog daarop dat daar besluit kon word om sodanige magtiging aan die sendelinge te verleen, wou hy van Merensky verneem of die sendelinge bereid sou wees om ook hierdie passe uit te reik.[290]

Dieselfde dag waarop Henrique hierdie skrywe aan Merensky gerig het, het hy Steele meegedeel dat hy van voorneme was om die sendelinge, indien hulle bereid was om dit te doen, as amptenare aan te stel om passe uit te reik waarvoor betaal moes word.[291]

Dit was waarskynlik na aanleiding van hierdie skrywe dat Henrique en Steele die kwessie in verband met die uitreiking van passe verder bespreek het.[292] Steele het vervolgens voorgestel dat al die regeringsamptenare, vrederegters en sendelinge gemagtig moes word om die gratis passe uit te reik waarvoor wet No. 6 van 1880 voorsiening gemaak het. Indien Lanyon hierdie voorstel goedkeur, kon 'n goewermentskennisgewing in dier voege in die Staatskoerant geplaas word. In soverre dit die uitreiking van passe aan vreemde of buitelandse Swartes betref waarvoor 1/- betaal moes word,[293] het Henrique, net soos Steele, voorgestel dat die sendelinge gevra moes word of hulle bereid was om ook hierdie passe uit te reik.[294] Lanyon het albei hierdie voorstelle goedgekeur.[295]

Nog voordat die aanstelling van regeringsamptenare, vrederegters en sendelinge as pasuitreikers bekend gestel kon word, het A.M. Goetz, die landdros van Potchefstroom, by die koloniale sekretaris navraag gedoen oor die uitreiking van

---

290. SN3, N161/80: H.C. Shepstone - Eerw. A. Merensky, 26.5.1880(afskrif

291. SN3, N161/80: Nota van H.C. Shepstone - Finance and Revenue Commissioner, 2.6.1880.

292. SN3, N161/80: Nota van H.C. Shepstone -W.O. Lanyon, 2.6.1880.

293. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.749-750: Wet No. 6, 1880, art. 7.

294. SN3, N161/80: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 2.6.1880.

295. SN3, N161/80: Nota van W.O. Lanyon, 6.6.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

passe deur die veldkornette. Hy wou naamlik weet of hulle kragtens artikel 7 van Wet No. 6 van 1880 gemagtig was om passe aan buitelandse of vreemde Swartes uit te reik. Indien hulle wel die bevoegdheid daartoe gehad het, was hy van mening dat elke veldkornet van 'n soortgelyke pasboek as die landdroste voorsien moes word.[296]

In verband met die uitreiking van passe deur die veldkornette, is dit belangrik om in gedagte te hou dat Henrique sowat 'n maand voor Goetz se navraag, aan Lanyon voorgestel het dat ook die veldkornette magtiging verleen moes word om passe uit te reik.[297] Trouens, in sy skrywe aan Merensky, het hy eweneens te kenne gegee dat hy van voorneme was om die veldkornette te magtig om die passe wat gratis uitgereik moes word, te hanteer.[298] Ten spyte hiervan egter is daar geen woord verder van die aanstelling van die veldkornette as pasuitreikers gerep,totdat Goetz die veldkornette weer ter sprake gebring het nie.

Met betrekking tot Goetz se navraag moet daarop gewys word dat in die geval van die uitreiking van passe deur die regeringsamptenare, vrederegters en sendelinge, hierdie mense kragtens artikel 8 van Wet No. 6 van 1880 gemagtig sou word om passe uit te reik waarvoor nie betaal moet word nie.[299] Goetz daarenteen wou weet of artikel 7 van Wet No. 6 van 1880[300] die veldkornette gemagtig het om die passe uit te reik waarvoor 'n bedrag van 1/- gevorder moes word. Aangesien dit hier dus in die eerste instansie oor die interpretasie van 'n bepaalde wetsaspek gegaan het, is Goetz se skrywe aan Morcom voorgelê.[301]

---

296. SS436, R2632/80: A.M. Goetz - Koloniale Sekretaris, Potchefstroom, 16.6.1880.

297. SN3, N161/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 20.5.1880.

298. SN3, N161/80: H.C. Shepstone - Eerw. A. Merensky, 26.5.1880 (afskrif).

299. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.750: Wet No. 6, 1880, art. 8; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 8.

300. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.749-750: Wet No. 6, 1889, art.7; ZAR56, Transvaal Government Gazette, 16.4.1880: Wet No. 6, 1880, art. 7.

301. SS436, R2632/80: Nota van W.B. Morcom - Koloniale Sekretaris, 22.6.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

In sy kommentaar hierop het die Prokureur-generaal verduidelik dat kragtens artikel 7 van Wet No. 6 van 1880 daar benewens die landdroste ook voorsiening gemaak word vir die aanstelling van ander amptenare om passe aan vreemde of buitelandse Swartes uit te reik. Vir sover sy kennis gestrek het, is daar nog geen aanstellings in dié verband gemaak nie. Hy was nietemin van mening dat Goetz se voorstel in verband met die aanstelling van die veldkornette 'n goeie een was. Gevolglik wou hy weet of dit nie raadsaam was om die aangeleentheid na die Sekretaris van Naturellesake te verwys nie.[302]

Sowat 'n maand later, op 24 Julie, het Norman, Henrique se sekretaris, opgemerk dat Goetz se skrywe in verband met die veldkornette as pasuitreikers nog nie beantwoord was nie. Aangesien Henrique op daardie stadium besig was met die invordering van die hutbelasting, wou Norman van hom weet of hy Goetz, op grond van Morcom se opmerking, nie in kennis moes stel dat indien die veldkornette nie spesiaal aangestel word nie, hulle nie kragtens Wet No. 6 van 1880 gemagtig was om passe uit te reik nie.[303]

Kort hierna is by wyse van 'n goewermentskennisgewing op 13 Augustus vir algemene inligting bekend gemaak dat alle regeringsamptenare, vrederegters en sendelinge in Transvaal kragtens artikel 8 van Wet No. 6 van 1880 gemagtig word om gratis passe uit te reik aan die Swartes wat van die een Transvaalse distrik na 'n ander wou gaan. 'n Hoeveelheid pasboeke sou aan die verskillende landdroste gestuur word,

---

302. SS436, R2632/80: Nota van W.B. Morcom - Koloniale Sekretaris, 22.6.1880.

303. SS436, R2632/80: Nota van C.H.R. Norman - Koloniale Sekretaris, 24.7.1880.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

by wie die aangestelde pasuitreikers aansoek vir die passe moes doen.[304] In die praktyk het hierdie aanstellings dus beteken dat die passe waarvoor artikel 8 van Wet No. 6 van 1880 voorsiening gemaak het, naamlik dat gratis passe aan die Swartes wat van die een Transvaalse distrik na 'n ander wou gaan, voortaan deur alle regeringsamptenare, landdroste, Naturellekommissarisse, vrederegters en sendelinge uitgereik kon word.[305]

Met betrekking tot die benoeming van hierdie mense as pasuitreikers, is daar twee sake waarop gelet moet word. In die eerste instansie is dit opmerklik dat hoewel daar sprake was dat ook aan die sendelinge magtiging verleen moes word om passe kragtens artikel 7 van Wet No. 6 van 1880, dit wil sê passe aan vreemde of buitelandse Swartes waarvoor 'n bedrag van 1/- betaal moes word, uit te reik, die saak skynbaar nooit verder gevoer is nie. Gevolglik het die uitreiking van die passe waarvoor betaal moes word, die taak van die landdroste gebly.

Tweedens is daar die ooglopende weglating van die veldkornette as pasuitreikers, ten spyte van die feit dat Henrique te kenne gegee het dat hy van voorneme was om dié magtiging ook aan hulle te verleen. Nietemin, toe hy in Julie 1881 getuienis voor die Koninklike Kommissie gelewer het, wou sir Evelyn Wood, een van die lede van die Kommissie, van hom weet of die veldkornette die bevoegdheid gehad het om passe uit te reik. Henrique het hierop geantwoord dat hulle nie magtiging daartoe ontvang het nie, maar dat dit net so wel aan hulle verleen kon gewees het, aangesien die Transvaalse regering van plan was om hierdie magtiging later aan die veldkornette te verleen.[306]

---

304. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.939: G.K. No. 175/1880, 13.8.1880.

305. Sien ook C3219, p.94, par. 2044-2047: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

306. C3219, p.94, par. 2048: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 4

VOORSIENING VIR 'N BETER ADMINISTRASIE EN REGSPLEGING VIR DIE SWARTES IN TRANSVAAL

1. Die stand van sake met betrekking tot die erkenning van Inheemse reg deur die Zuid-Afrikaansche Republiek voor April 1877

In sy getuienis voor die Koninklike Kommissie in Julie 1881 het Henrique Shepstone met verwysing na die administrasie van die Swartes in die Zuid-Afrikaansche Republiek, verklaar dat volgens die wette van die Republiek die Swartes op dieselfde wyse as die Blankes kragtens die gemene reg, dit wil sê die Romeins-Hollandse Reg, geregeer moes word.[1] Presies watter wette Henrique hier in gedagte gehad het, is nie duidelik nie, aangesien hy nêrens enige aanduiding daarvan gegee het nie. Hoewel daar dus nie vasgestel kan word watter wette Henrique bedoel het nie, wil dit nietemin, in soverre dit die regspleging onder die Swartes betref, voorkom asof die bepalings van 'n ordonnansie van 1864 en die daaropvolgende verordenings, op hierdie aspek van die administrasie van die Swartes betrekking gehad het.

Kragtens hierdie Ordonnansie is daar bepaal dat ten einde aan die werksaamhede van die landdroste groter gewig en invloed te verleen, hulle die bevoegdheid sou hê om al die klagtes en onderlinge geskille tussen die Swartes wat gedurende hulle rondreise in hul onderskeie distrikte onder hulle aandag gebring mag word, te ondersoek en kragtens die wette van die land daarin uitspraak te lewer.[2] Van die verrigtinge in elke sodanige saak moes behoorlik aantekeninge gemaak word. Hoewel die uitspraak wat 'n landdros in so 'n saak lewer, beskou sou

---

1. C 3219, pp.92-93,par. 2003: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

2. J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1864-1866, p.274, Bylaag 70 van 1864: Ordonnantie "Ter voorkoming van landloopery, dievery en andere ongeregeldheden der Kaffers, ter bescherming van personen, eigendommen en bezittingen, ter betere regeling en bestiering der Kafferstammen, en ter daarstelling van eene belasting op Kaffers, en andere kleurlingen", art. 23.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word asof die saak voor 'n wettige regbank gedien het en die uitspraak ook deur so 'n regbank gelewer is, sou daar nietemin teen die uitspraak van 'n landdros geappelleer kon word.

Twee jaar later is hierdie bevoegdheid om die klagtes en geskille wat daar onderling tussen die Swartes en ook tussen ander gekleurdes bestaan het te verhoor en kragtens die wette van die land daarin uitspraak te gee, ook aan die veldkornette verleen.[3] Net soos die landdroste was die veldkornette verplig om behoorlike aantekeninge te maak van die verrigtinge in elke saak en kon daar ook teen die uitspraak van die veldkornet geappelleer word. Anders egter as in 1864 het die wet van 1866 daarvoor voorsiening gemaak dat 'n bevoegde persoon gestuur kon word om die onderlinge klagtes en geskille tussen die Swartes te gaan ondersoek. Indien daar van die dienste van so 'n persoon gebruik gemaak word, het hy die bevoegdheid gehad om so 'n saak te ondersoek en skriftelik daaroor aan die landdros van die distrik verslag te doen. Op grond van die bevindinge in hierdie verslag, sou die landdros dan die saak ondersoek en uitspraak daarin lewer.[4]

In Junie 1870 is Wet No. 9 van 1870[5] op die wetboek geplaas. Kragtens hierdie wet is die bepaling van 1866 met betrekking tot die verhoor van die onderlinge klagtes en geskille tussen die Swartes en ander gekleurdes deur die landdroste en veldkornette behou.[6]

---

3. J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1864-1866, p.426, Bylaag 105 van 1865/1866: Wet "Ter voorkoming van landloopery, dievery en ander ongeregeldheden der Kaffers, ter bescherming van personen, eigendommen en bezittingen, ter betere regeling en bestiering der Kafferstammen, en ter daarstelling van eene belasting op de Kaffers en andere Kleurlingen", art. 20.

4. J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (reds.): Notule van die Volksraad ..., 1864-1866, p.426: Wet "Ter voorkoming van Landloopery, Dievery en andere ongeregeldheden der Kaffers ..., art. 20; Sien ook Ibid., p.134: Volksraadsvergadering, 28.3.1866, art. 20.

5. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.378-383: Wet No. 9, 1870, Wet "Ter voorkoming van Landlooperij, Dieverij en andere ongeregeldheden der Kaffers, ter bescherming van personen, eigendommen en bezittingen, ter betere regeling en bestiering der Kafferstammen, en ter daarstelling van eene belasting op de Kaffers en andere Kleurlingen".

6. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.382: Wet No. 9, 1870, art. 20.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat die verhoor van sake tussen die Swartes onderling betref, is dit belangrik om daarop te let dat die landdroste en veldkornette verplig was om hulle uitsprake kragtens die wette van die land te lewer. Hierdie verordening, die feit dat die Romeins-Hollandse Reg in die Zuid-Afrikaansche Republiek gegeld het en dat daar in daardie jare geen statutêre erkenning van inheemse reg in die Republiek bestaan het nie, het dus beteken dat die landdroste en veldkornette nie die bevoegdheid gehad het om sake tussen die Swartes onderling, kragtens die inheemse reg te verhoor nie.[7] Gevolglik moes hierdie sake kragtens die Romeins-Hollandse Reg verhoor word. Verder, hoewel daar vir appêl teen die uitspraak van 'n landdros en veldkornet voorsiening gemaak word, word daar geensins in die wet aangedui waarteen geappelleer kon word nie. Ten spyte hiervan wil dit egter voorkom asof met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar kan word dat net soos in die geval van 'n saak tussen Blankes, die hof van landdros en heemrade die appêl moes aanhoor.

---

7. Dr. Edgar Brookes definieer inheemse reg as "the indigenous system of customary jurisprudence existing among the various Bantu tribes of South Africa" (The History of Native Policy in South Africa from 1830 to the Present Day,) p.172. Hoewel dit 'n ongeskrewe regstelsel is, word die beginsel en toepassing daarvan algemeen deur die Swartes aanvaar. Dit berus hoofsaaklik op gewoonteregtelike gebruike wat van geslag tot geslag deur mondelinge tradisie oorgelewer word en in die geheue van die Swartmense bewaar word. Inheemse reg verleen erkenning aan poligemiese huwelike. Dit erken die straf van misdrywe en maak voorsiening vir 'n eenvoudige en duidelike stelsel van erf- en opvolgingsreg en vir die afdwinging van siviele regte en verpligtings. Uit die aard van die saak is die hele stelsel deur die leefwyse van die Swartes voortgebring (Cape Native Laws and Customs Commission, 1881-1883, soos aangehaal deur J.R. Sullivan: The Native Policy of Sir Theophilus Shepstone, p.88).

Ten spyte van die feit dat die Swartes volgens die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek op dieselfde wyse as die Blankes kragtens die gemene reg geregeer moes word, het die Republiek, volgens Henrique Shepstone, geen effektiewe beheer of bestuur oor die Swartes uitgeoefen nie[8] en kon die Republiek hulle dus nie op hierdie wyse geregeer het nie.[9]

Hoewel die Swartes dus, in die teorie aan die gemene reg onderworpe was, het hulle hulle nie slegs volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer nie,[10] maar het dit prakties gesproke ook beteken dat inheemse reg selfs onder die Republiek van krag was, aangesien die Republiek alle sake tussen die Swartes daarvolgens gereël het.[11] In die praktyk het hierdie toedrag van sake dus beteken dat ofskoon die Zuid-Afrikaansche Republiek nie statutêre erkenning aan inheemse reg verleen het nie en dit nie veronderstel was om van krag te gewees het nie,[12] die Republiek die Swartes nogtans volgens inheemse reg geregeer het.[13]

---

8. SN 102, pp. 680-681: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p.12, Bylae No. 9, par. 23: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, H.C. Shepstone, 25.11.1879.

9. C 3219, pp.92-93, par. 2003: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

10. SN 102, pp.680-681: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p.12, Bylae No. 9, par. 23: Memorandum on the Native Population ..., H.C. Shepstone, 25.11.1879.

11. C 3219, pp.92-93 en 94, par. 2003 en 2009: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

12. SN 102, PP.680-681: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p.12, Bylae No. 9, par. 23: Memorandum on the Native Population ..., H.C. Shepstone, 25.11.1879.

13. C 3219, p.23, par. 2009: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881; Sien ook E.H. Brookes: The History of Native Policy in South Africa from 1830 to the Present Day, p.122.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel daar geen wesentlike beswaar teen Henrique se uiteensetting in verband met die toepassing van inheemse reg in die Zuid-Afrikaansche Republiek geopper kan word nie, wil dit tog voorkom asof hy sekere aspekte in verband met die toepassing van inheemse reg deur die Republiek geheel en al uit die oog verloor het. In sy verduideliking van sake het hy uitgegaan van die standpunt dat daar tot en met die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1877 geen wet bestaan het waarvolgens inheemse reg in die Republiek erken is nie en daar gevolglik ook geen amptelike erkenning van inheemse reg bestaan het nie. Feit is egter dat ten spyte van Henrique se verduideliking - en die standpunt wat deur latere skrywers ingeneem is[14] - dit tog wil voorkom asof inheemse reg sedert die sestigerjare in sekere opsigte wel deur die Zuid-Afrikaansche Republiek erken is.[15]

In hierdie verband kan daarop gewys word dat president M.W. Pretorius, die "Superintendent van Kafferstammen", João Albasini, in Desember 1865 meegedeel het dat hy verneem het "dat er nog een kaffir by UEd en gevangenis zitten, indien het zoo is en dat wij de kaffersgevangene moet straffen volgens het wet der Z.A. Republiek dan verzoeken wij UWEd ... om hem te zenden met de Getuigen en de verklaringen tegen hem, maar indien hy gestraft moet worden volgens het Kaffirswet dan wordt het aan UEd overgelaten om hem te straffen."[16] Op grond van die

---

14. E.R. Garthorne: Application of Native Law, Bantu Studies, 1929, pp.254-255; J.R. Sullivan: The Native Policy of Sir Theophilus Shepstone, p.123; E.H. Brookes: The History of Native Policy in South Africa from 1830 to the Present Day, p.122; G.A. Brand: Die Regspleging van die Bantoe in Suid-Afrika, Vol. I, p.196.

15. T.S. van Rooyen se bewering dat dit die uitgesproke beleid van die ZAR was om die Swartes volgens die naturelle-wet en -gewoontes te straf, is, in die verband soos hy dit gebruik nie korrek nie, aangesien sy bewering gebaseer is op dokumente waarvolgens die Britse regering erkenning aan inheemse reg in Transvaal verleen het. Sien in dié verband T.S. van Rooyen: Die verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle ..., p.104.

16. SS 8745, No. 199: M.W. Pretorius en J.J. Meintjes - J. Albasini, Schoemansdal, 29.12.1865.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorafgaande wil dit gevolglik voorkom asof die Zuid-Afrikaansche Republiek wel erkenning aan inheemse reg verleen het, maar met die voorbehoud dat daar sekere misdade was wat slegs volgens die wette van die Republiek strafbaar was. As verder in gedagte gehou word dat die Swarte wat hier ter sprake is, op 'n aanklag van moord wat op 'n Blanke se plaas gepleeg is in die gevangenis was,[17] dan skyn dit korrek te wees om tot die gevolgtrekking te kom dat die misdade wat volgens die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek strafbaar was, ernstige kriminele misdade soos moord, manslag, ensovoorts was. Of hierdie reëling slegs gegeld het vir die gebied waaroor Albasini as "Superintendent van Kafferstammen" jurisdiksie gehad het en of dit ook in die ander dele van die Transvaal van toepassing was, kan vanweë 'n gebrek aan inligting nie vasgestel word nie.

Hoe dit ook al sy, in September 1871 het die Volksraad van die Republiek besluit om "eene commissie van onderzoek, bestaande uit vyf leden uit haar midden te benoemen ten einde alle memoriën betrekking hebbende op kaffer dienstboden en kafferwetten te onderzoeken daartoe alle informatien, die zij noodig achten in te winnen en zoo spoedig mogelijk een rapport aan den raad uittebrengen".[18] In die uitvoering van sy opdrag het 26 persone[19] gedurende September en Oktober 1871[20] getuienis gelewer of verklarings voor die Kommissie afgelê.

Na die afhandeling van sy werksaamhede het die Kommissie vroeg in November 'n verslag aan die Volksraad voorgelê[21] waarin 'n aantal aanbevelings gemaak is.[22] Wat Zoutpansberg betref,

---

17. SS 72, R1355/65: J. Albasini - M.W. Pretorius, Goedewensch, 2.1.1866.

18. ZAR 48, Staats Courant der Z.A.R., 12.9.1871: Notule van Volksraadsitting, 7.9.1871, art. 28 en 29.

19. EVR 214: Rapport van den Kaffer Commissie, November 1871, Geteken deur M. de Vries (voors.), M.W. Vorster, J.L. Montgomery, H.M. van Zyl en M. Eysell (sekr.).

20. SS 139, Supplementêre stukke, No. 89/71: Notule van die Commissie voor Kafferzaken benoemd by VRB van 7 Sept. 1871, art. 29, 11 Sept. 1871 - 1 November 1871.

21. ZAR 48, Staats Courant der Z.A.R., 23.1.1872: Notule van Volksraadssitting, 10.11.1871, art. 337.

22. EVR 214: Rapport van den Kaffer Commissie, November 1871.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het die kommissie daarop gewys dat "de Commissie moet na het voor gevallene in die laatste jaren in het District Zoutpansberg, byna aarzelen, eene aanbeveling aan den Volksraad te doen en toch zou zij vermeenen, haren pligt niet volbragt te hebben, indien zij niet ook hare overtuiging had te kennen gegeven, dat door het Gouvernement, een ambtenaar moest worden aangesteld op de wijze zooals zulks in Natal geschiedt, die zich in dat District met niets anders moest bezig houden dan alleen met kafferzaken, de kaffers volgens hunne eigene wetten moeten besturen en de opgave voor het Gouvernement invorderen."[23] Ooreenkomstig hierdie toeligting het die kommissie gevolglik aanbeveel dat "in het District Zoutpansberg moet een ambtenaar worden aangesteld, die zich uitsluitend met kafferzaken moet bemoeijen en de kaffirs regeren naar hunne eigene wetten. Die ambtenaar is verantwoordelijk aan de Regering."[24]

Terwyl die Kommissie nog met sy werksaamhede besig was, het die Uitvoerende Raad in Oktober 'n skrywe van João Albasini in sy hoedanigheid as resident-vrederegter van die Kleine Spelonken in behandeling geneem. Hierin het hy voorgestel dat daar in Zoutpansberg 'n persoon aangestel moes word "die in zich vereenigdt de posten van veldcornet, Kaffer Magistraat, Resident Vrederegter, Collecteur van opgafen, enz."[25] Saam met Albasini se skrywe het die Uitvoerende Raad ook 'n skrywe van H.R. Schnell, die veldkornet van Kleine Spelonken, in behandeling geneem waarin hy 'n soortgelyke versoek gerig het.[26] Na aanleiding van hierdie versoeke het die Uitvoerende Raad besluit "deze saak aan den Volksraad intezenden om by het verslag van de kaffer Commissie te kunnen behandeld te worde."[27]

---

23. EVR 214: Rapport van den Kaffer Commissie, November 1871, art. 75.
24. EVR 214: Rapport van den Kaffer Commissie, November 1871, Letter n van die aanbevelings.
25. SS 135, R971/71: J. Albasini - Staatspresident en lede van die Uitvoerende Raad, Goedewensch, 14.8.1871.
26. SS 135, R972/71: H.R. Schnell - Staatspresident en lede van die Uitvoerende Raad, Goedewensch, 14.8.1871.
27. UR 25: URB, 23.10.1871, art.50 (Kladnotule); EVR 214: B.C. Proes - Voorsitter van die Volksraad, Pretoria, 27.10.1871.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In soverre dit Albasini se voorstel betref dat 'n amptenaar in Zoutpansberg onder andere as 'n kaffermagistraat aangestel moet word, wil dit voorkom asof hy hiermee ten doel gehad het 'n amptenaar wat onderlinge geskille tussen die Swartes volgens hulle eie reg en gewoontes moes verhoor. Indien hierdie voorstel van Albasini dus reg geïnterpreteer word, blyk dit dat die Kommissie se aanbeveling in Albasini se voorstel ten doel gehad het dat die Swartes in Zoutpansberg volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer moes word en die onderlinge geskille tussen hulle eweneens volgens hulle eie reg en gewoontes verhoor moes word. Die moontlikheid dat Albasini se voorstel iets met die Kommissie se aanbeveling te doen gehad het, kan nie geheel en al buite rekening gelaat word nie - veral nie as daar in gedagte gehou word dat nie een van die persone wat getuienis voor die Kommissie afgelê het, hierdie aangeleentheid aangeroer het nie.[28] Nietemin, aangesien daar geen statutêre erkenning van inheemse reg in die Zuid-Afrikaansche Republiek bestaan het nie en onderlinge geskille tussen Swartes kragtens Wet No. 9 van 1870 volgens die wette van die land verhoor moes word, sou die Kommissie se aanbeveling en Albasini se voorstel slegs ten uitvoer gebring kon word nadat erkenning aan inheemse reg verleen is.

Op 29 November 1871 het die Volksraad die Kommissie se aanbeveling in verband met die aanstelling van 'n amptenaar in Zoutpansberg wat die Swartes volgens hulle eie wette moes regeer, in behandeling geneem. Terselfdertyd is volgens die Uitvoerende Raad se besluit van 23 Oktober ook Albasini se voorstel aan die Volksraad voorgelê. In die notule van die betrokke sitting word geen melding gemaak van enige bespreking van óf die Kommissie se aanbeveling óf van Albasini se voorstel nie. Met verwysing na die Kommissie se voorstel in die algemeen, het die heer J.R. Lys verklaar dat dit 'n saak was wat breedvoeriger bespreek moes word. Die heer H. Jeppe was weer van mening "dat als de regte persoon aangesteld wordt het goed zal werken". Gevolglik het die Volksraad na aanleiding

---

28. SS 139, Supplementêre stukke, 1871: Sien die verklarings wat die verskillende persone voor die Kaffer Commissie afgelê het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die Kommissie se aanbeveling besluit om aan die Regering op te dra om voorlopig voorsiening vir die behoorlike beheer van die Swartes in Zoutpansberg te maak.[29] Hoewel daar dus volgens die notule van die besprekings in die Volksraad, niks in die besonder oor die voorstel in verband met die erkenning van inheemse reg in Zoutpansberg gesê is nie, het die Volksraad in elk geval nie die voorstel dat die Swartes volgens hulle eie reg geregeer moes word of dat daar 'n amptenaar as kaffermagistraat aangestel moes word, afgekeur nie.

Enkele jare later, in Mei 1876, het die Volksraad op voorstel van president T.F. Burgers, weer eens 'n kommissie benoem om met behulp van die Regering "de geheele kafferkwestie in behandeling te nemen" en nog in die loop van die sitting 'n verslag aan die Volksraad voor te lê.[30] Waarskynlik met die oog op die werksaamhede van hierdie kommissie,[31] het Burgers 'n stuk onder die opskrif Memorandum omtrent de zaak der Naturellen[32] opgestel. In soverre dit die gewoonteregtelike huwelike van die Swartes betref, het Burgers verklaar dat "het koopen van vrouwen (moeten) worden belet. De veelwywery is een ander wortel van kwaad. Zoolang een kaffer vele vrouwen heeft zal hy niet werken. Het systeem van Natal mag hier niet aangenomen worden. Wy moeten het bepaald als een dubbele misdaad beschouwen nl als polygamie en slaverny."[33]

---

29. ZAR 48, Staats Courant der Z.A.R.,20.2.1872: Notule van Volksraadsitting, 29.11.1871, art. 409.
30. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R.,31.5.1876: Notule van Volksraadsitting, 8.5.1876, art. 40.
31. Sien in die verband, W.A. Stals: Die Kwessie van Naturelle-eiendomsreg op Grond in Transvaal, 1838-1884, pp.77-80.
32. A 14, Band 69, No. 3678: Memorandum omtrent de zaak der Naturellen.
33. A 14, Band 69, No. 3678: Memorandum omtrent de zaak der Naturellen, opgestel deur T.F. Burgers, g.d., 1876, art. 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met betrekking tot die voorafgaande is daar twee sake wat nadere toeligting verdien. In soverre dit Burgers se veroordeling van poligamie betref, is dit in die eerste instansie belangrik om daarop te let dat eerwaarde Alexander Merensky, Superintendent van die Berlynse Sendinggenootskap in die Zuid-Afrikaansche Republiek, reeds in 1871 'n memorandum aan die Kaffer Commissie van daardie jaar voorgelê het waarin ook hy standpunt teen poligamie onder die Swartes ingeneem het. Met die oog daarop om hierdie gebruik onder die Swartes teen te werk, het Merensky voorgestel dat indien die Volksraad van voorneme was om 'n hoër belasting op die "inboorlingen tusschen ons woonende" te hef, hy van mening was dat dit die beste sou wees om die Swartmans wat 'n tweede of derde vrou neem, 'n aansienlike bedrag vir 'n huwelikslisensie te laat betaal.[34] Merensky het voorgestel dat die koste van die huwelikslisensie progressief verhoog moes word ooreenkomstig die getal vroue wat 'n Swartman neem. Vir die eerste vrou het hy 'n bedrag van 10/- voorgestel, vir die tweede £5 of £10 en nog hoër bedrae vir verdere vrouens.[35] Volgens Merensky sou die instelling van so 'n huwelikslisensie 'n middel wees "om die polygamie tegen te gaan die de grootste oorzaak is en blyven der luiheid der Kaffers".[36]

Die tweede saak wat nadere toeligting verdien, is Burgers se opmerking dat "het systeem van Natal" nie deur die Zuid-Afrikaansche Republiek oorgeneem kan word nie. Ter verduideliking van Burgers se opmerking moet daarop gewys word dat inheemse reg reeds sedert 21 Junie 1849 wetlike erkenning in Natal geniet het.[37] Of Burgers met hierdie opmerking dus

---

34. SS 139, Supplementêre Stukke, No. 82/71: A. Merensky - M. de Vries, voors. van die Kaffer Commissie, Botsabelo, 17.10.1871, waarby Memorandum in zaken der Kafferkwestie in de Zuid-Afrik. Republiek, opgestel deur A. Merensky, Botsabelo, 17.10.1871.

35. SS 139, Supplementêre Stukke, No. 82/71: A. Merensky - M. de Vries, Botsabelo, 17.10.1871.

36. SS 139, Supplementêre Stukke, No. 82/71: A. Merensky - M. de Vries, Botsabelo, 17.10.1871, waarby Memorandum in zaken der Kafferkwestie in de Zuid-Afrik. Republiek, opgestel deur A. Merensky, Botsabelo, 17.10.1871.

37. The Natal Government Gazette (Buitengewoon), 23.6.1849: Ordonnansie No.3 van 1849, 21.6.1849; Vir 'n uiteensetting van die toepassing van inheemse reg in Natal, sien O. Geyser: Die Bantoebeleid van Theophilus Shepstone, 1845-1875, pp. 141-154.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die erkenning van inheemse reg in sy geheel of slegs 'n aspek daarvan veroordeel het, is nie duidelik nie. Gesien egter teen die agtergrond waarteen hy hierdie opmerking gemaak het, lyk dit foutief te wees om op grond van hierdie opmerking te wil beweer dat Burgers daarmee die wetlike erkenning van inheemse reg in Natal en gevolglik ook in die Republiek veroordeel het. Op grond van sy uitdruklike verwysing na die "koop" van vrouens en poligamie en die bepalings van Wet No. 3 van 1876 in dié verband, wil dit eerder voorkom asof sy verwysing na die Natalse stelsel, slegs op die erkenning van gewoonteregtelike huwelike deur die Swartes betrekking gehad het. Trouens, die vermoede dat dit wel die geval is, word verder versterk wanneer daar, soos later aangetoon sal word, op die instruksies aan die Naturellekommissarisse in verband met inheemse reg gelet sal word.

Burgers se standpunt in verband met die koop van vrouens deur die Swartes en poligamie, het beliggaming in Wet No. 3 van 1876 gevind. Hierdie wet het bepaal dat ten einde sedelikheid onder die Swartes te bevorder, die "koop" van vrouens of veelwywery deur Swartmans nie deur die wette van die Republiek erken sou word nie. Ook sou die onder- of Naturellekommissarisse wat volgens hierdie wet aangestel sou word, deur die Regering as huweliksbeamptes aangewys word om kragtens sekere huwelikswette wat deur die Regering opgestel sou word teen 'n vasgestelde tarief huwelike tussen Swartes te registreer.[38]

Na aanleiding van hierdie bepaling het Henrique Shepstone aangevoer dat die "koop" en "verkoop" van vrouens asook poligamie nie deur die Zuid-Afrikaansche Republiek toegelaat is nie.[39] Hierdie afleiding is egter ongegrond. Wet No. 3 van 1876 het slegs bepaal dat "het aankoopen van vrouwen of

---

38. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.667: Wet No. 3, 1876, Wet "Betreffende de Naturellen", art. 24.

39. SN 102, p.574: Memorandum opgestel deur H.C. Shepstone, 17.10.1879; ZAR 166, Blue Book for the Transvaal Province, 1879, p.100: Memorandum with Reference to Native Law, H.C. Shepstone, 17.10.1879; T. Shepstone Papers, Vol. 43: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 29.2.1880; SN 4(a): Nota van H.C. Shepstone - Prokureur-generaal, 22.3.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

veelwijverij onder de kleurlingen in deze Republiek door de wetten des lands niet erken" word nie.[40] Met ander woorde gewoonteregtelike huwelike en poligamie word nie verbied nie, maar ontmoedig, deurdat dit nie deur die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek erken word nie en word hierdie huwelike gevolglik van regtelike erkenning uitgesluit.[41] In die praktyk het dit beteken dat ofskoon die Swartes met gewoonte-regtelike huwelike kon voortgaan, sodanige huwelike volgens die gemene reg of Romeins Hollandse Reg geheel en al ongeldig was en dat in geval van enige eise in so 'n huwelik, daar volgens hierdie regstelsel geen sprake van vergoeding was nie.

Kragtens Wet No. 3 van 1876 is daar verder bepaal dat die woon-gebiede vir die groter Swartstamme deur die Regering aangewys sou word. Oor elkeen van hierdie gebiede of lokasies[42] sou die deur die stam erkende of gekose kaptein deur die Regering aangestel word. Terselfdertyd sou ook 'n onder- of Naturelle-kommissaris vir 'n bepaalde distrik aangestel word. Dit sou sy taak wees om in samewerking met die verskillende kapteins die administrasie te behartig van die stamme wat op 'n vaste of permanente lokasie in sy distrik gewoon het.[43]

So 'n Naturellekommissaris het oor die mag van 'n vrederegter beskik en is deur die Regering aangestel om die kapteins, wat klaarblyklik hulle regsprekende bevoegdheid behou het, onder andere "behulpzaam te zijn in het vereffenen van ge-

---

40. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.677: Wet No. 3, 1876, Wet "Betreffende de Naturellen", art. 24. Ek onderstreep.

41. Sien in dié verband E.R. Garthorne: Applications of Native Law, p.255; G.A. Brand: Die Regspleging van die Bantoe in Suid-Afrika, Vol. 1, p.196.

42. In die sin van 'n reservaat vir die Swartes.

43. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.662-663: Wet No. 3, 1876, Wet "Betreffende de Naturellen", art. 1, 2 en 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

schillen ...".[44] In geval van 'n geskil met betrekking tot hierdie of enige ander aangeleentheid tussen die kaptein en die Naturellekommissaris, moes die geskil vir finale beslissing aan die Superintendent van Naturelle voorgelê word.[45]

Afgesien van die voorafgaande bepalings in verband met die amp van die Naturellekommissaris, is die ampspligte van 'n Naturellekommissaris in 'n aantal instruksies uitvoeriger omskryf.[46] Hiervolgens is bepaal dat in die lokasies wat in sy distrik geval het, hy 'n dubbele gesag, naamlik diê van bestuurder en diê van regter, uitgeoefen het.[47] Met inagneming van die Swartes se gewoontes (costumen), moes hy hom daarvoor beywer om met die kapteins op 'n vriendskaplike voet te verkeer en hulle deur sy raadgewing, onderrig en voorbeeld tot beskawing en trou aan die Zuid-Afrikaansche Republiek oor te haal.[48]

As vrederegter was hy bevoeg om beëdigde verklarings af te neem en as Naturellekommissaris het hy die volgende regsbevoegdheid besit. In siviele sake tussen Swartes het hy dieselfde regsbevoegdheid as 'n landdros besit. In kriminele sake moes hy hom as hoof van die polisie van sy distrik bepaal tot polisie- en kleiner kriminele sake soos wat gewoonweg deur 'n landdros verhoor word. In soverre dit strafbepalings

---

44. F. Jeppe en J.G. Kotze (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, Wet "Betreffende de Naturellen", art. 3. Na aanleiding van hierdie bepaling, meen J.D. Huyser (Die Naturellepolitiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, p.128) dat die Zuid-Afrikaansche Republiek inheemse reg tot 'n sekere mate moes erken het.

45. F. Jeppe en J.G. Kotzê (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.663: Wet No. 3, 1876, Wet "Betreffende de Naturellen", art. 3.

46. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876, G.K. No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris bedoeld bij art. 3 der Wet "Betreffende de Naturellen", Wet No. 3, 1876, 9.6.1876, art. 143.

47. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876, G.K. No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 3.

48. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876, G.K. No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

betref, volg hy die reëls wat in dié opsig vir die landdroste neergelê is. In die uitoefening van sy regspraak "geeft hij, voor zoover de wetten der Republiek dit gedoogen, acht op de costumen der naturellen". Van sy vonnisse moes gereeld aan die staatsprokureur en die Superintendent van Naturelle verslag gedoen word,[49] terwyl appêl teen sy beslissings by die hof van die landdros en heemrade aangeteken kon word.[50]

Op grond van die bepaling dat 'n Naturellekommissaris in die uitoefening van sy regspraak in sowel siviele as kriminele sake tussen Swartes, die gewoontes van die Swartes in ag moes neem vir sover dit nie strydig was met die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek nie en dat teen sy beslissings na die hof van landdros en heemrade geappelleer kon word, skyn drie afleidings geregverdig te wees. In die eerste instansie wil dit voorkom dat, ofskoon daar weliswaar nie 'n wet was wat statutêre erkenning aan inheemse reg verleen het nie, die Republiek wel inheemse reg sedert die aanname van Wet No. 3 van 1876 in Junie 1876 erken het in soverre dit nie met die wette van die Republiek strydig was nie. Die vermoede dat dit wel die geval was, word verder versterk deur 'n skrywe van president Burgers self. In November 1876, dit wil sê sowat vyf maande na die aanname van Wet No. 3 van 1876 en sowat drie maande na die aanstelling van die eerste Naturellekommissarisse, het hy 'n aantal Swartkapteins daarop gewys dat die Blankes se wette anders as dié van die Swartes was, maar dat hy nietemin "aan alle kaffers vryheid verleen om onder elkaar in zooverre het mogelijk is hunne eigen wetten te volgen ...".[51]

Tweedens wil dit voorkom asof die regterlike pligte wat 'n Naturellekommissaris moes vervul ten opsigte van dié stamme wat in sy distrik gewoon het, ongeveer dieselfde was as dié van die administrateurs van inheemse reg waarvoor die Britse regering later in die Transvaal voorsiening gemaak het.

---

49. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876, G.K. No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 8. Ek onderstreep.

50. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876, G.K. No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 9.

51. A 371, Band 5, Pak 19, Privaat Brieweboek, No. 114: Thos. Burgers - Kapitein Davana en de andere kapiteins van de Mantatees en Knopneuzen, 20.11.1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Derdens het die opdrag aan die Naturellekommissarisse in verband met die uitoefening van hulle regspraak in siviele en kriminele sake tussen die Swartes, ook die verskil tussen die erkenning van inheemse reg in Natal en dié in die Zuid-Afrikaansche Republiek blootgelê. In Natal is inheemse reg erken behalwe in soverre dit met die algemene beginsels van die beskawing strydig was.[52] In die Republiek is inheemse reg weer erken behalwe in soverre dit met die wette van die Republiek strydig was. Waar die Natalse stelsel byvoorbeeld die Swartes se gewoonteregtelike huwelike erken het, is sodanige huwelike in die Zuid-Afrikaansche Republiek as strydig met die wette van die Republiek gesien en is daar gevolglik gepoog om hierdie huwelike deur middel van wetgewing te ontmoedig.

In Augustus 1876 is die eerste Naturellekommissarisse aangestel.[53] In welke mate hierdie kommissarisse voor die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek aan hierdie instruksie in verband met die toepassing van inheemse reg uitvoering gegee het, is moeilik om te bepaal. Dat omstandighede in die Republiek gedurende die laaste maande van 1876 en die eerste paar maande van 1877 nie juis bevorderlik was vir die algehele implimentering van die bepalings van Wet No. 3 van 1876 en die instruksies wat daarmee gepaard gegaan het nie, ly geen twyfel nie. Nie alleen het die Republiek hom midde in die Sekhukhune-oorlog bevind nie, maar is sake verder deur die dreigende anneksasie van die Republiek vertroebel. Juis in 'n poging om die anneksasie af te weer, is 'n nuwe grondwet in Maart 1877 deur die Volksraad goedgekeur waarvolgens ook 'n nuwe regsbedeling in die Republiek tot stand gekom het.[54] So byvoorbeeld is die howe van landdroste en heemrade waarheen teen die uitspraak van 'n Naturellekommissaris geappelleer kon word, deur die nuwe grondwet afgeskaf, hoewel hierdie howe nietemin met hulle werksaamhede voortgegaan het.[55] Ten spyte

---

52. Sien in dié verband The Natal Government Gazette (Buitengewoon), 23.6.1849: Ordonnansie No. 3 van 1849, 21.6.1849.

53. Sien Hoofstuk I , Afd. 2.

54. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 679-683: Goewermentskennisgewing, 15.3.1877, Bylaag tot die Grondwet.

55. SP 375, No. 2160: L.P. Ford - Wnd. Staatsprokureur, Pretoria, 22.5.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die bepaling van Wet No. 3 van 1876 in dié verband, het die aanstelling van die Naturellekommissarisse as huwelikbeamptes nooit gerealiseer nie. Ook is die huwelikswette en -regulasies waarvoor in dié wet voorsiening gemaak is, nie gepromulgeer nie en ook nie in die instruksies van die Naturellekommissarisse opgeneem nie. Gevolglik het gewoonteregtelike huwelike deur die Swartes soos gewoonlik voortgegaan.[56] Maar, om op grond van die voorafgaande omstandighede te wil aanvaar dat die instruksies wat in September 1876 in verband met die uitoefening van regspraak deur die Naturellekommissarisse uitgereik is, 'n dooie letter gebly het, lyk ook nie korrek te wees nie, aangesien Oscar Dahl hom byvoorbeeld in April 1879 steeds op hierdie instruksies beroep het om sy optrede in 'n sekere saak te regverdig.[57]

2. Sir Theophilus Shepstone se proklamasie van Mei 1877

Hoewel die Zuid-Afrikaansche Republiek volgens die instruksies wat kragtens Wet No. 3 van 1876 vir die Naturellekommissarisse opgestel is, inheemse reg in die uitoefening van hulle regspraak erken het in soverre dit nie met die wette van die Republiek strydig was nie, het die Tussenregering hom na die anneksasie van die Republiek steeds op die standpunt gestel dat daar geen statutêre erkenning van inheemse reg in Transvaal bestaan het nie en die Swartes gevolglik volgens die gemene reg geregeer moes word.[58] Die feit egter dat sir Theophilus ten gunste was van 'n administrasiestelsel waarvolgens die Swartes volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer moes word, het uit die aard van die saak beteken dat die kwessie van die administrasie van die Swartes volgens inheemse reg, kort voor lank in die Transvaal ter sprake sou kom.

---

56. SN 4(a): Nota van H.C. Shepstone - Prokureur-genl., 23.3.1881; Ibid.: Nota van Prokureur-genl. - H.C. Shepstone, 3.6.1881.

57. SN 102, pp. 286-288: H.C. Shepstone - Naturellekommissaris Zoutpansberg, Pretoria, 16.4.1879.

58. SN 102, pp. 680-681: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p.12, Bylae No. 9, par. 23: Memorandum on the Native Population ..., H.C. Shepstone, 25.11.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat betref sir Theophilus se siening van die administrasie van die Swartes volgens inheemse reg kan daar weliswaar nie 'n stuk uit die begintyd van die Britse administrasie van Transvaal opgespoor word waarin hy 'n uiteensetting van sy siening in dié verband gegee het nie. Deur egter gebruik te maak van die kommentaar wat hy van tyd tot tyd oor dié aangeleentheid gelewer het, kan 'n redelike idee van sy siening hieroor gevorm word.

In September 1878 het eerwaarde Alexander Merensky te kenne gegee dat hy graag sir Theophilus se siening sou wou verneem oor die wenslikheid of die Swartes van Transvaal volgens inheemse reg geregeer moes word al dan nie. As rede hiervoor het hy aangevoer dat baie van die Swartes in Transvaal begeer het om volgens die wette van beskaafde nasies geregeer te word. So sterk het die Swartes oor dié saak gevoel dat hy oortuig was daarvan dat daar etlike duisende Swartes was wat bereid sou wees om 'n versoekskrif in dié verband te onderteken. Ter verduideliking van hierdie opmerking het hy verklaar dat die Pedi- en ander Noord-Sotho-groepe van Transvaal nie soos die Zoeloes was nie. Sodra hierdie Swartes hulle onafhanklike lewenswyse in stamverband laat vaar het, was hulle ook gereed om hulle ou wette en gewoontes prys te gee.[59]

In sy antwoord aan Merensky het sir Theophilus erken dat dit 'n belangrike maar terselfdertyd ook 'n baie moeilike saak was om te besluit of die Swartes volgens hulle eie of volgens beskaafde wette geregeer moes word. Wanneer 'n besluit hieroor geneem moes word, moes die verskil wat daar tussen die beskaafde gemeenskappe en die onbeskaafde stamme in Transvaal bestaan het, in aanmerking geneem word. Volgens hom was die beskaafde wette van die Blankes die resultaat van die beskawing en nie die produk van barbarisme nie. Die wette van die Blankes aanvaar en erken die bestaan en die mag van die gewone beperkings wat deur die beskawing meegebring word en wat deur die beskaafde gemeenskappe geëerbiedig word. Gesien egter in die lig van die lewenswyse van die onbeskaafde stamme, was dit onmoontlik om sulke stamme suksesvol te regeer

---

59. T. Shepstone Papers, Vol. 33: A. Merensky - T. Shepstone, Botsabelo, 11.9.1878.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

volgens dieselfde wette as dié wat op 'n beskaafde gemeenskap van toepassing was en wat die toestand waarin die onbeskaafdes nog verkeer het, eeue vooruit was.[60] In 'n ander verband het hy hierop voortgeborduur deur te verklaar dat hierdie onbeskaafde stamme nie alleen nog nie dié mate van beskawing bereik het waar hulle die Blankes se wette kon verstaan of daarvolgens geregeer kon word nie, maar was die wette wat vir 'n beskaafde volk geskik was, nie geskik om die spesiale beheer te voorsien wat nodig was vir die bestuur van 'n onbeskaafde volk wat nog onder stamtoestande gelewe het nie.[61] Terselfdertyd egter, was die beginsels van geregtigheid net so sterk in die bewussyn van die onbeskaafdes as in dié van 'n beskaafde mens en was hulle in dié opsig wesentlik dieselfde.[62]

Gesien in die lig van die voorafgaande was dit vanselfsprekend dat sir Theophilus van mening was dat dit onmoontlik was om die Swartes van Transvaal volgens die gewone wette wat op die Blankes van toepassing was te regeer. Gevolglik was hy ten gunste daarvan dat daar vir 'n administrasiestelsel voorsiening gemaak moes word waarvolgens die Swartes volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer moes word totdat hulle dié mate van beskawing bereik het wat 'n verandering in dié opsig sou geregverdig het.[63] Ook was hy van mening dat die aanvaarding van so 'n stelsel ook tot gevolg sou hê dat die kapteins - teen wie se mag veral die sendelinge te velde getrek het[64]- so te sê

---

60. T. Shepstone Papers, Vol. 71: T. Shepstone - A. Merensky, Pretoria, 17.9.1878.

61. C 2584, Bylae by No. 43, p.103, par. 22: T. Shepstone se kommentaar op H.C. Shepstone se Memorandum on the Native Population of the Transvaal, 27.2.1880.

62. T. Shepstone Papers, Vol. 71: T. Shepstone - A. Merensky, Pretoria, 17.9.1878.

63. C 2584, Bylae by No. 43, p.102, par. 20: T. Shepstone se kommentaar op H.C. Shepstone se Memorandum on the Native Population of the Transvaal, 27.2.1880; Vgl. O. Geyser: Die Bantoebeleid van Theophilus Shepstone, 1845-1875, p.143.

64. T. Shepstone Papers, Vol. 33: A. Merensky - T. Shepstone, Botsabelo, 11.9.1878.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

amptenare van die Regering sou word, terwyl hulle optrede en besluite aan kritiek en hersiening onderhewig sou wees. Volgens sir Theophilus het 'n stelsel waarvolgens die Swartes volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer word, reeds vir 34 jaar lank in Natal aan sy doel beantwoord en was hy gevolglik daarvan oortuig dat 'n soortgelyke reëling in Transvaal waarskynlik net so goed aan sy doel sou beantwoord.[65]

Ten einde voorsiening te maak vir 'n behoorlike regspleging[66] in Transvaal en vir 'n stelsel waarvolgens die Swartes volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer kon word,[67] het sir Theophilus in Mei 1877 'n proklamasie uitgevaardig waarvolgens 'n nuwe hooggeregshof bestaande uit 'n enkele hoofregter, in die lewe geroep is. Hierdie hof het jurisdiksie gehad oor alle Britse onderdane wat in Transvaal gewoon het asook oor alle ander persone wat in Transvaal gewoon of hulle daar bevind het. In soverre dit die Blankes betref, het hierdie hof jurisdiksie gehad oor alle regsake, hetsy siviel, krimineel of gemeng. Die hof het ook die jurisdiksie gehad om alle handelinge van enige laer hof in Transvaal in hersiening te neem en 'n appèl teen 'n uitspraak van so 'n laer hof aan te hoor.[68]

In die geval van regsgedinge uitsluitlik tussen Swartes, het die hooggeregshof voorlopig geen jurisdiksie oor enige regsake hetsy siviel, krimineel of gemeng, gehad nie. Vir die afhandeling en verhoor van sodanige sake tussen Swartes sou by wyse van 'n verdere proklamasie, regulasies afgekondig word waarvolgens 'n hof of howe tot stand gebring sou word wat al die sake en regsgedinge tussen Swartes sou verhoor waarna

---

65. C 2584, Bylae By No. 43, pp.102-103: T. Shepstone se kommentaar op H.C. Shepstone se Memorandum on the Native Population of the Transvaal, 27.2.1880, par. 20.

66. ZAR 53, Transvaal Government Gazette, 19.5.1877: Proklamasie van T. Shepstone, 18.5.1877.

67. SN 102, p.684: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p.12, Bylae No. 9, par. 23: Memorandum on the Native Population ..., H.C. Shepstone, 25.11.1879.

68. ZAR 53, Transvaal Government Gazette, 19.5.1877: Proklamasie van T. Shepstone, 18.5.1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die voorafgaande verwys is. Anders as in die geval van regsgedinge tussen Blankes, het die Hooggeregshof nie die jurisdiksie gehad om as 'n hersienings- en appèlhof vir sodanige sake tussen Swartes op te tree nie.[69]

Wat hierdie bepalings in verband met regsgedinge tussen Swartes betref, is daar 'n viertal sake waarop die aandag gevestig moet word. In die eerste instansie was hierdie bepalings die eerste stap om vir die statutêre erkenning van inheemse reg in Transvaal voorsiening te maak. Soos reeds aangetoon is, het die instruksies vir die Naturellekommissarisse wat in September 1876 uitgevaardig is, wel daarvoor voorsiening gemaak dat die Naturellekommissarisse in die uitoefening van hulle regspraak in sowel siviele as kriminele sake tussen Swartes, vir sover dit nie met die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek strydig was nie, die Swartes se gewoontes in ag moes neem. Hierdie instruksies het verder daarvoor voorsiening gemaak dat teen die uitspraak van 'n Naturellekommissaris na die hof van landdros en heemrade geappelleer kon word. Ten spyte van hierdie reëling egter, het daar nog geen verordening bestaan waarvolgens inheemse reg statutêr in die Republiek erken is nie. Gevolgik was die bepaling dat die nuwe Hooggeregshof geen jurisdiksie oor enige regsgedinge tussen Swartes gehad het nie en ook nie as 'n hersienings- of appèlhof teen die uitspraak van 'n laer hof in 'n regsgeding tussen Swartes kon optree nie, die eerste stap om statutêre voorsiening te maak dat die Swartes volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer kon word. Hierdie feit word verder beklemtoon deur die bepaling dat daar 'n hof of howe tot stand gebring sou word wat regsgedinge tussen Swartes sou verhoor.

Met verwysing na hierdie bepalings in verband met regsgedinge tussen Swartes, het Henrique Shepstone later aangevoer dat sir Theophilus met hierdie proklamasie die totstandkoming

---

69. ZAR 53, Transvaal Government Gazette, 19.5.1877: Proklamasie van T. Shepstone, 18.5.1877; ATC 3, pp. 50-51: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 13.6.1877; M 414, CO 291/1, Transvaal No. 822: Sir T. Shepstone's Proclamation for Establishing a Court of Justice: T. Shepstone - Carnarvon, Pretoria, 13.6.1877; De Volksstem, 6.6. 1877 (Het Hoog Geregtshof); De Volksstem, 23.5.1877 (Hoofartikel).

van 'n administrasiestelsel vir die Swartes in die vooruitsig gestel het waarvolgens hulle volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer sou word. Ook sou die goewerneur of die administrateur as opperhoof oor al die Swartes van die Transvaal aangestel word en sou die bevoegdheid aan hom verleen word om Administrateurs van Inheemse reg aan te stel ten einde die Swartes volgens hulle eie reg en gebruike te regeer, onderhewig aan 'n appèl na die goewerneur of administrateur as opperhoof.[70]

In die tweede instansie is dit belangrik om daarop te let dat volgens sir Theophilus se proklamasie, alle regsgedinge tussen Swartes voorlopig van die jurisdiksie van die hooggeregshof uitgesluit word. Die rede hiervoor moet waarskynlik gesoek word in die feit dat hy van mening was dat die Swartes nog nie dié mate van beskawing bereik het waar hulle die Blankes se wette kon verstaan en daarvolgens geregeer kon word nie. Gevolglik moes die Swartes dus vir 'n tydlank volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer word. Om hierdie rede en ten einde die opening te laat om later 'n verandering in hierdie opsig aan te bring, het sir Theophilus dus alle regsgedinge tussen Swartes voorlopig buite die jurisdiksie van die hooggeregshof geplaas.

Derdens moet daarop gewys word dat die hooggeregshof steeds jurisdiksie oor ernstige misdade soos moord, manslag, ensovoorts behou het. Weliswaar het die proklamasie waarvolgens die hooggeregshof tot stand gekom het, geen melding van sodanige misdade gemaak nie, maar die feit dat hulle nie uitgesluit was van die jurisdiksie van die hof nie, het beteken dat die hof sy jurisdiksie oor hierdie misdade behou het.[71] Toe in

---

70. SN 102, pp.682-684: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p.12, Bylae No. 9, par. 27 en 28: Memorandum on the Native Population ..., H.C. Shepstone, 25.11.1879.

71. SN 102, p.684: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p.12, Bylae No. 9, par. 28: Memorandum on the Native Population ..., H.C. Shepstone, 25.11.1879; SN 3, N312/79 by N303/79: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.12.1879; T. Shepstone Papers, Vol. 43: H.C. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 29.2.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die proklamasie van Mei 1877 geen melding van hierdie misdade gemaak word nie, het die waarnemende prokureur-generaal sowat twee maande later, navraag hieroor gedoen. Die Koloniale Sekretaris, Melmoth Osborn, het hom egter die versekering gegee dat ofskoon daar in die proklamasie geen verwysing na hierdie misdade was nie, hy nietemin oortuig was daarvan dat dit nie sir Theophilus se bedoeling was om sodanige sake buite die jurisdiksie van die hooggeregshof te plaas nie.[72]

Laastens, met die oog daarop dat die hooggeregshof geen jurisdiksie oor regsgedinge tussen Swartes gehad het nie, is daar in die proklamasie waarvolgens die hooggeregshof in die lewe geroep is ook voorsiening gemaak vir die afkondiging van 'n proklamasie waarvolgens 'n hof of howe in die lewe geroep sou word om sodanige sake te verhoor[73] en die regspleging onder die Swartes te reël.[74]

Van sowel hierdie beoogde hof as sir Theophilus se voorneme om 'n administrasiestelsel in die lewe te roep waarvolgens die Swartes volgens inheemse reg geregeer sou word, het as gevolg van 'n gebrek aan die nodige wetgewende mag egter niks gekom nie.[75] Afgesien van die bepalings in verband met die regsgedinge tussen Swartes, het daar gevolglik van die statutêre erkenning van inheemse reg en 'n nuwe administrasiestelsel vir die Swartes niks tereg gekom voordat sir Theophilus Transvaal in Maart 1879 verlaat het nie.

---

72. SS 8863, p.474: M. Osborn - Waarn. Prokureur-genl., Pretoria, 31.8.1877.

73. ZAR 53, Transvaal Government Gazette, 19.5.1877: Proklamasie van T. Shepstone, 18.5.1877.

74. SN 102, p.684: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p.12, Bylae No. 9, par. 28: Memorandum on the Native Population ..., H.C. Shepstone, 25.11.1879.

75. SN 102, p.684: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p.12, Bylae No. 9, par. 28: Memorandum on the Native Population ..., H.C. Shepstone, 25.11.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die feit dat die Transvaalse regering as gevolg van 'n gebrek aan die nodige wetgewende mag nie uitvoering aan die bepalings van die proklamasie van Mei 1877 in verband met die regspleging onder die Swartes kon gee nie, het dus tot gevolg gehad dat daar 'n situasie ontstaan het waar die hooggeregshof wat in 1877 tot stand gekom het, geen jurisdiksie oor regsgedinge tussen Swartes gehad het nie en die hof of howe wat in die lewe geroep sou word om hierdie gedinge te verhoor, nog nie in die lewe geroep was nie. Die indruk word dus geskep asof daar as gevolg hiervan niks in verband met die regspleging onder die Swartes gedoen is nie.

Dat hierdie indruk nie in alle opsigte korrek is nie, blyk daaruit dat daar wel Naturellekommissarisse, soos byvoorbeeld Dahl en Albasini was, wat skynbaar siviele sake tussen Swartes, volgens inheemse reg, verhoor het. Hoewel daar in dié geval van Dahl geen regstreekse opdrag in dié verband teruggevind kon word nie, wil dit nietemin voorkom asof hy - moontlik kragtens die instruksies vir die Naturellekommissarisse van September 1876[76]- wel siviele sake tussen Swartes verhoor het. Dit blyk daaruit dat toe F. Williams in Januarie 1880 as Naturellekommissaris vir Waterberg aangestel is, hy deur Henrique Shepstone aangesê is om siviele sake tussen Swartes te verhoor, maar dat hy hom, totdat hy verdere instruksies sou ontvang in verband met die koste wat vir die verhoor van sulke sake gevorder moes word, moes laat lei deur die reëls wat in Dahl se hof vir Swartes van krag was.[77] In die geval van Albasini weer, het Henrique hom knap na sy aanstelling voorsien van die koste wat hy vir die verhoor van siviele sake tussen Swartes moes vorder.[78]

---

76. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876, G.K. No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris .....

77. SN 102, pp.811-812: H.C. Shepstone - F. Williams, Pretoria, 27.1.1880.

78. SN 102, pp.488-490: H.C. Shepstone - J. Albasini, Pretoria, 22.8.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel dit dus moontlik lyk om tot die gevolgtrekking te kom dat die Naturellekommissarisse in die tydperk wat die reorganisasie van die regspleging vir die Swartes vroeg in 1880 voorafgegaan het, wel siviele sake tussen Swartes verhoor het, moet daar egter gewaak word daarteen om hierdie aspek van die werksaamhede van die Naturellekommissarisse te wil oorbeklemtoon. In hierdie verband moet daarop gewys word dat met die annek-sasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek in April 1877 daar drie Naturellekommissarisse, naamlik O. Dahl vir Zoutpansberg, W.V. King vir Waterberg en R. Bell vir Nieuw Schotland, in diens van die Republiek was. Al drie hierdie persone het hulle bereid verklaar om hulle dienste onder die nuwe bewind voort te sit en het gevolglik met hulle werksaamhede as Naturellekommissarisse voortgegaan.[79] Sowat twee maande later, in Junie 1877, is nog twee persone, naamlik Carl Schulze en George Eckersley as resident-magistrate by Fort Weeber en Fort Burgers onderskeidelik aangestel. Dit het die getal Naturellekommissarisse op vyf te staan gebring. Hierdie getal is 'n paar maande hierna tot vier verminder toe Robert Bell deur die Swartes vermoor is. Die uitbreek van die oorlog tussen die Engelse bewind en die Pedi in Maart 1878 het verder tot gevolg gehad dat Schulze en Eckersley se aandag geheel en al deur die oorlog in beslag geneem is en is hulle tewens vir die duur van die oorlog deur die militêre owerheid besoldig. Hierdie stand van sake het dus beteken dat daar teen die helfte van 1878 slegs twee Naturellekommissarisse, naamlik Dahl en King was wat - in soverre dit onder die onbestendige toestand moontlik was - hulle aandag aan die administrasie van die Swartes kon gegee het. Toe King dus in April 1879 te midde van die oorlog teen Sekhukhune bedank, het daar slegs Dahl oorgebly om hierdie taak in Zoutpansberg te verrig.

Na King se bedanking het Henrique Shepstone die standpunt ingeneem dat die aanstelling van Naturellekommissarisse eers weer in oorweging geneem moes word wanneer die Swartvraagstuk en die aanstelling van amptenare om hulle te administreer,

---

79. Sien Hoofstuk I, afd. 5.

80. SS 341, N30/79 gevoeg by R1523/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Eersteling, 28.5.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nâ die beëindiging van die oorlog in oënskou geneem sou word.[80] Sake het egter anders verloop, want teen Junie 1879 het daar 'n toestand onder die Knopneuse of Tsonga ontstaan, wat Henrique doodeenvoudig geen ander keuse gelaat het as om João Albasini as Naturellekommissaris vir 'n deel van die Zoutpansbergse distrik aan te stel nie. Gevolglik het die Transvaalse administrasie dus weer oor die dienste van twee Naturellekommissarisse, naamlik Dahl en Albasini, beskik. Die feit egter dat daar in afwagting van die beëindiging van die oorlog geen verdere Naturellekommissarisse aangestel is nie, het dus tot gevolg gehad dat daar tot aan die einde van 1879 slegs êên Transvaalse distrik naamlik Zoutpansberg was waar twee Naturellekommissarisse werksaam was.

Die beperkte omvang van die werk wat gedurende die oorlog teen die Pedi deur die Naturellekommissarisse gedoen is, word verder duidelik wanneer daar gelet word op die onbestendige toestand waarin Transvaal tydens hierdie oorlog verkeer het. Hierdie toestand van sake het tot gevolg gehad dat die Naturellekommissarisse, volgens Henrique, nie veel te doen gehad het nie.[81]

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat ofskoon daar wel Naturellekommissarisse was wat in die tydperk vanaf Mei 1877 tot aan die einde van 1879 regspraak onder die Swartes uitgeoefen het, daar nietemin in hierdie tyd omstandighede was wat die uitoefening van diê funksie erg aan bande gelê het.

In Augustus 1879 het Henrique Shepstone nietemin 'n skrywe aan Albasini gerig waarin hy hom aangesê het watter bedrag hy aan hofkoste vir die verhoor van siviele sake tussen Swartes moes vorder. Hiervolgens moes 'n bedrag van 5/- vir elke eis van vyf beeste en minder en 1/- vir elke bees meer as vyf gevra word. Vir 'n eis van £5 en minder moes 5/- gevra word,

---

80. SS 341, N30/79 gevoeg by R1523/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Eersteling, 28.5.1879.

81. SN 3, N28/80: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, g.d., ongeveer Januarie 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terwyl 'n bedrag van 6d vir elke £1 wat £5 te bowe gegaan het, gevorder moes word. Terselfdertyd het Henrique hom ook voorsien van 'n vorm wat maandeliks aan die Sekretaris van Naturellesake gestuur moes word en waarin verslag gedoen moes word van al die sake tussen Swartes wat hy gedurende die maand verhoor het.[82]

Teen die einde van Oktober 1879 het Henrique Albasini weer in kennis gestel dat vanaf die datum waarop hy Henrique se skrywe sou ontvang, die koste vir die verhoor van 'n siviele saak tussen Swartes soos volg sou wees: Vir 'n eis van vyf beeste en minder, moes 'n bedrag van 20/- gevorder word. Vir elke bees meer as vyf, moes 2/6 per bees gehef word. In geval van 'n eis van £5 en minder was die heffing 5/- en vir elke £1 meer as £5 was dit 6d per pond of deel daarvan.[83] Hoewel Henrique geen aanduiding gegee het of hierdie koste bereken moes word op die oorspronklike eis of op die bedrag genoem in die uitspraak van die hof van die Naturellekommissaris nie, lyk dit korrek te wees om te aanvaar dat die koste gevorder moes word op die eis wat deur die hof toegestaan word.

3. Reëlings in verband met die regspleging onder die Swartes, Januarie - Februarie 1880

Sowat agt maande nadat sir Theophilus Transvaal verlaat het, het Henrique Shepstone die kwessie in verband met die administrasie van die Swartes weer eens ter sprake gebring. In 'n memorandum wat hy in die loop van 1879 vir voorlegging aan sir Michael Hicks Beach[84] met betrekking tot die Swartbevolking van die Transvaal opgestel het, het hy daarop gewys dat dié administrasie nie volgens die gemene reg voortgesit kon word nie, aangesien die mense nog nie beskaafd genoeg was

---

82. SN 102, pp.488-490: H.C. Shepstone - J. Albasini, Pretoria, 22.8.1879.

83. SN 102, pp.606-607: H.C. Shepstone - J. Albasini, Pretoria, 24.10.1879.

84. C 2584, p.10, No. 9: G. Wolseley - Michael Hicks Beach, Pretoria, 17.12.1879 waarby anageheg Bylae No. 9, pp.10-16: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879. Die oorspronklike van hierdie stuk berus by SN 102, pp.668-687: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om die gemene reg te verstaan of daarvolgens geregeer te word nie. Dit was dus noodsaaklik om die Swartes vir 'n tydlank nog volgens hulle eie reg en gewoontes te regeer. Om dit te bewerkstellig, sou dit nodig wees om 'n wet aan te neem waarvolgens so 'n wyse van administrasie statutêr gewettig sou word. Die wet moes ook voorsiening maak vir die aanstelling van die goewerneur of administrateur as opperhoof met die bevoegdheid om Administrateurs van Inheemse reg aan te stel om regspraak onder die Swartes volgens hulle eie reg en gewoontes te beoefen, onderhewig aan 'n appêl na die goewerneur of administrateur as opperhoof. So 'n stelsel is reeds deur sir Theophilus in sy proklamasie van Mei 1877 in die vooruitsig gestel en het hierdie proklamasie, volgens Henrique, selfs daarvoor voorsiening gemaak "that a proclamation will be issued regulating native management."[85] Aangesien daar nie so 'n bepaling in die proklamasie voorkom nie, was hierdie opmerking waarskynlik Henrique se vertolking van die bepaling waarvolgens howe in die lewe geroep sou word om regsake tussen Swartes te verhoor. As gevolg van 'n gebrek aan die nodige wetgewende mag, kon daar egter nog nie vir so 'n stelsel soos sir Theophilus in die vooruitsig gestel het, voorsiening gemaak word nie.[86]

---

85. SN 102, pp.682-684: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p.12, Bylae No. 9, par. 27-28: Memorandum on the Native Population ..., H.C. Shepstone, 25.11.1879.

86. SN 102, p.684: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p.12, Bylae No. 9, par. 28: Memorandum on the Native Population ..., H.C. Shepstone, 25.11.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In sy kommentaar op Henrique se memorandum het sir Theophilus hom gelyk gegee en verklaar dat dit onmoontlik was om die administrasie van die Swartes voort te sit volgens die gewone wette wat op die Blankes van toepassing was. In Natal is daar reeds vroeg besef dat die Swartes nie volgens hierdie wette geregeer kon word nie. Gevolglik is voorsiening daarvoor gemaak dat hulle volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer word totdat hulle dié mate van beskawing bereik het wat 'n verandering in dié verband geregverdig het. Sir Theophilus het gevolglik aan die hand gedoen dat in die Transvaal dit die maklikste sou wees om die luitenant-goewerneur[87] te magtig om in die afwesigheid van die nodige wetgewende mag, met behulp van die Uitvoerende Raad van tyd tot tyd sodanige reëls en regulasies neer te lê as wat vir die administrasie van die Swartes nodig mag wees. In dié opsig kon daar met dié wette en gewoontes van die Swartes begin word wat nie met beskaafde opvattings strydig was nie.[88]

Die beëindiging van die oorlog teen Sekhukhune enkele dae nadat Henrique Shepstone sy memorandum aan Michael Hicks Beach op 25 November 1879 voltooi het, het aan die Britse regering in Transvaal die geleentheid gebied om - soos Henrique in Mei 1879 opgemerk het[89] - die Swartvraagstuk en die aanstelling van amptenare om die Swartes te administreer in oënskou te neem. Op 19 Desember 1879 het hy gevolglik die kwessie van die administrasie van die Swartes onder Lanyon se aandag gebring

---

87. Die bedoeling is skynbaar goewerneur.

88. C 2584, Bylae by No. 43, pp.102-103, par. 20-22: T. Shepstone se kommentaar op H.C. Shepstone se Memorandum on the Native Population of the Transvaal, 27.2.1880.

89. SS 341, N30/79 gevoeg by R1523/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, Eersteling, 28.5.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

toe hy 'n konsepwet wat vir die heffing van 'n hutbelasting op die Swartes voorsiening gemaak het, aan hom voorgelê het. In 'n meegaande nota het hy Lanyon daarop gewys dat 'n wet aangeneem moes word waarvolgens vir die beter bestuur van die Swartes voorsiening gemaak word. In hierdie wet moes die goewerneur tot opperhoof van al die Swartstamme in die Transvaal verklaar word en moes daar vir sowel die regspleging onder die Swartes as vir die aanstelling van amptenare om dit uit te oefen, voorsiening gemaak word. Maar, waar hy in die konsepwet vir die heffing van 'n hutbelasting, slegs dié dele van Volksraadsbesluite en wette herroep het wat daarmee strydig was, moes by die opstel van hierdie wet, alle Volksraadsbesluite en wette in verband met die administrasie van die Swartes in geheel herroep word. Ten einde die noodsaaklikheid van so 'n wet te beklemtoon, het hy Lanyon daarop gewys dat die verdere proklamasie waarvoor in sir Theophilus se proklamasie van Mei 1877 voorsiening gemaak is ten einde die regspleging onder die Swartes te reël, nog nie 'n werklikheid geword het nie.[90]

Wat die aanstelling van amptenare betref om die Swartes te administreer, was Henrique van mening dat vanweë die onbestendige toestand waarin Transvaal tot met die onderwerping van Sekhukhune verkeer het, die Naturellekommissarisse nie veel te doen gehad het nie. Hulle werksaamhede sou egter toeneem namate die Swartes weer gevestig raak en tot die besef kom dat die Naturellekommissarisse hulle geskille sou reël, hulle klagtes sou ondersoek en uitspraak sou lewer in dié sake wat aan hulle voorgelê word. Veral sou hulle in hul hoedanigheid as magistrate vir die Swartes baie besig wees. Gevolglik sou nog meer Naturellekommissarisse - veral in dié distrikte waar daar 'n groot Swartbevolking was - aangestel moes word. Hoewel hierdie aanstellings en dié van tolke en klerke om hulle te help, aanvanklik 'n duur onderneming sou wees, sou die onkoste wat dit meebring nietemin verhaal kon word deur die hutbelasting gereeld in te vorder en uit die inkomst

---

90. SN 2, N312/79 by N303/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 19.12.1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat uit die verhoor van sake tussen Swartes verkry sou word.[91]

Met die oog op die toekomstige administrasie van die Swartes in Zoutpansberg, Waterberg en Lydenburg, het Owen Lanyon aan die einde van Desember 1879 'n aantal voorstelle aan sir Garnet Wolseley voorgelê.[92] Voortvloeiend hieruit is majoor C.A.F.G. Creagh op 9 Januarie 1880 aangestel om gedurende majoor M. Clarke se verlof, as spesiale kommissaris vir Waterberg, Zoutpansberg en 'n deel van die Lydenburgse distrik waar te neem.[93] Hoewel die Naturellekommissarisse van hierdie distrikte aangesê sou word om oor alle sake in verband met die Swartes aan Creagh verslag te doen, het hy nie die bevoegdheid gehad om in die regterlike verhouding van die Naturellekommissarisse met die Swartes in te meng nie. Volgens 'n besluit van Lanyon is daar egter appêljurisdiksie aan Creagh verleen ten einde 'n appêl teen die uitspraak van 'n Naturellekommissaris in alle (siviele) sake tussen Swartes aan te hoor. Die Naturellekommissarisse is hiervan in kennis gestel en verder opdrag gegee om 'n verslag van al die sake tussen Swartes wat deur hulle verhoor word, aan Creagh voor te lê. Indien enigiets uit hierdie stukke hom as verkeerd of onreëlmatig sou opval, moes hy by die Naturellekommissaris wat die saak verhoor het, daaroor navraag doen en hom om 'n verduideliking vra. Volle besonderhede in verband met Creagh se appêljurisdiksie sou so spoedig moontlik aan hom gestuur word.[94]

Dit is belangrik om daarop te let dat volgens die instruksies wat in September 1876 vir die Naturellekommissarisse opgestel is, appêl teen die uitspraak van 'n Naturellekommissaris in 'n siviele geding tussen Swartes, by die hof van landdros en

---

91. SN 3, N28/80: H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, g.d., ongeveer Januarie 1880.

92. SN 3, N8/80: W.O. Lanyon - G. Wolseley, 30.12.1879.

93. Sien Hoofstuk I, afd. 4.

94. SN 102, pp.750-758: H.C. Shepstone - C.A.F.G. Creagh, Pretoria, 9.1.1880; SN 3, N8/80: H.C. Shepstone - C.A.F.G. Creagh, Pretoria, 9.1.1880 (afskrif).

heemrade aangeteken kon word. Hierdie howe is egter kragtens die nuwe regsbedeling wat in Maart 1877 in die Zuid-Afrikaansche Republiek tot stand gekom het, afgeskaf. Na die anneksasie van die Republiek, het sir Theophilus in die proklamasie wat hy in Mei 1877 met betrekking tot die hooggeregshof uitgevaardig het, bepaal dat die hooggeregshof nie die jurisdiksie gehad het om as 'n hersienings- of appèlhof vir sake tussen Swartes op te tree nie. Die aangeleentheid is egter nie verder gevoer nie en die gevolg was dat, sover vasgestel kon word, daar hierna geen bepaalde reëling met betrekking tot 'n appèl teen 'n uitspraak van 'n Naturellekommissaris neergelê is nie. Gevolglik was die verlening van appèljurisdiksie aan Creagh in Januarie 1880, die eerste definitiewe reëling in dié verband sedert Mei 1877.

Hierdie reëling was maar van korte duur aangesien hierdie bevoegdheid enkele dae nadat dit aan Creagh verleen is, weer teruggetrek is toe Lanyon die saak in heroorweging geneem het. Die omvang van Creagh se pligte, die feit dat baie van sy tyd in beslag geneem sou word deur rond te reis en toesig te hou oor die uitgestrekte distrikte waarvan hy die spesiale kommissaris was, het Lanyon laat besluit om hom van sy appèljurisdiksie te onthef. Onder hierdie omstandighede is daar gevolglik besluit om hierdie bevoegdheid aan die landdroste te verleen en sou sowel die landdroste as die Naturellekommissarisse dienooreenkomstig ingelig word.[95]

Dit is onmoontlik om vas te stel presies wanneer die landdroste in kennis gestel is van die besluit dat appèljurisdiksie aan hulle verleen is. Die feit egter dat F. Williams met sy aanstelling op 27 Januarie 1880 as Naturellekommissaris vir

---

95. SN 102, pp. 779-780: H.C. Shepstone - Spesiale Kommissaris Waterberg, Zoutpansberg en Lydenburg, Pretoria, 14.1.1880. In die konsep van hierdie brief, is appèljurisdiksie aanvanklik net aan die landdroste van Waterberg, Zoutpansberg en Lydenburg verleen. Dit is egter deurgehaal en verander sodat dié bevoegdheid aan al die landdroste verleen word. Sien in dié verband SN 3, N8/80: H.C. Shepstone - Spesiale Kommissaris Waterberg, Zoutpansberg en Lydenburg, 14.1.1880 (konsep).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Waterberg meegedeel is dat daar teen sy uitspraak in siviele sake tussen Swartes na die landdros van Waterberg geappelleer kon word,[96] laat die vermoede ontstaan dat die landdroste reeds voor dié datum op die hoogte gebring is in verband met die appèljurisdiksie wat aan hulle verleen is. Verder, ofskoon geen sodanige skrywe teruggevind kan word nie, blyk dit uit 'n sirkulêre wat Henrique op 16 Februarie 1880 aan die landdroste gestuur het dat daar voor dié datum aan hulle ook die bevoegdheid verleen is om siviele sake tussen Swartes te verhoor.[97] Op grond van die voorafgaande wil dit gevolglik voorkom asof albei hierdie reëlings, tewete die besluit in verband met die bevoegdheid om appèl- en siviele sake tussen Swartes te verhoor, vroeg in 1880 aan die landdroste meegedeel is.

Met verwysing na die aanstelling van die landdroste om siviele sake tussen Swartes te verhoor, het Henrique aan sy vader te kenne gegee dat, ofskoon hy met sy proklamasie van Mei 1877 alle regsgedinge tussen Swartes, behalwe sulke misdrywe soos moord, ensovoorts van die jurisdiksie van die hooggeregshof uitgesluit het, daar nog niks in verband met die verhoor van hierdie regsgedinge gedoen is nie. Met die oog daarop om iets aan hierdie toestand van sake te doen het Henrique gevolglik gepoog om deur middel van die landdroste die beste te doen wat onder omstandighede gedoen kon word.[98] Al die landdroste was egter nie bereid om siviele sake tussen Swartes sonder meer te verhoor nie en in enkele gevalle het landdroste selfs geweier om siviele sake tussen Swartes te verhoor. As rede vir hulle optrede, het hulle aangevoer dat hulle geen jurisdiksie in sulke sake gehad het nie.[99]

---

96. SN 102, pp.811-812: H.C. Shepstone - F. Williams, Pretoria, 27.1.1880.

97. SN 102, pp.844-847: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste en Kommissaris Swazigrens, Pretoria, 16.2.1880.

98. T. Shepstone Papers, Vol. 43: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 29.2.1880.

99. SN 102, pp.844-847: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste en Kommissaris Swazigrens, Pretoria, 16.2.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Onder hierdie omstandighede het Henrique op 16 Februarie 1880 'n sirkulêre aan die landdroste en die kommissaris op die Swazigrens gestuur waarin hy hulle meegedeel het dat in afwagting van wetgewing oor die aangeleentheid, die administrateur hulle versoek het om intussen alle siviele sake tussen Swartes wat aan hulle voorgelê word, te ondersoek en te verhoor.[100] Anders egter as in die geval van siviele sake tussen Blankes, was dit nie nodig om in sake tussen Swartes 'n dagvaarding uit te reik nie. Al wat gedoen moes word, was dat wanneer 'n Swarte met 'n siviele saak of eis teen 'n ander Swarte na hulle toe gekom het, die betrokke landdros die verhoordatum moes bepaal. Daarna moes die landdros 'n boodskapper na die verweerder in die saak stuur om hom te dagvaar om op die vasgestelde dag in die hof te verskyn ten einde op die eis teen hom te antwoord.

Die koste wat die landdroste vir die verhoor van so 'n saak moes vorder, was nog dieselfde as diê wat Henrique Albasini in Oktober 1879 aangesê het om te vorder. As magistrate was die landdroste eweneens bevoeg om, na hulle oordeel, koste aan òf die eiser òf die verweerder toe te ken. Afgesien van die hofkoste wat betaal moes word was daar ook nog die onkoste verbonde aan die stuur van 'n boodskapper om die verweerder te dagvaar en die landdros se uitspraak uit te voer, wat by die vasstelling van die koste in berekening gebring moes word. By die berekening van hierdie bedrag, moes ook die afstand wat die boodskapper gereis het, in aanmerking geneem word.

---

100. SN 102, pp.844-847: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste en Kommissaris Swazigrens, Pretoria, 16.2.1880; SN 3, N43/80: Sirkulêre van H.C. Shepstone in verband met Landdrosts and Native Civil Cases, 16.2.1880 (afskrif); SN 3, N57/80: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan die Landdroste, 16.2.1880. Hierdie sirkulêre is aan die landdroste van Christiana, Heidelberg, Lydenburg, Marico, Middelburg, Potchefstroom, Pretoria, Rustenburg, Zoutpansberg, Standerton, Utrecht, Wakkerstroom, Waterberg en M. Barlow op die Swazigrens gestuur.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Indien die eiser of verweerder in so 'n siviele geding nie met die landdros se uitspraak tevrede was nie, het hy die reg gehad om deur die Sekretaris van Naturellesake na die administrateur teen die uitspraak te appelleer. In geval van 'n appêl, moes die ten uitvoerlegging van die vonnis wat deur die landdros in die saak opgelê is, in afwagting van die appêl, eers uitgestel word. Met die oog op sy appêl, was die appellant geregtig op 'n afskrif van die verrigtinge in die saak soos wat dit in die landdroshof gevoer is. Ter ondersteuning van sy appêl, moes die appellant hierdie afskrif aan die Sekretaris van Naturellesake besorg. Vir die reg om te appelleer en vir die afskrif van die hofverrigtinge, moes 'n bedrag van £2 van die appellant gevorder word en 'n seël vir die bedrag op die appêldokumente geplaas word.

Henrique het die landdroste verder daarop gewys dat in hulle uitsprake, hulle hul moes laat lei deur gesonde verstand, reg en regverdigheid en sover moontlik deur die reg en gewoontes van die Swartes. Dit was ook nie raadsaam om agente en prokureurs toe te laat om sake tussen Swartes in die hof te lei nie. Ten einde die Sekretaris van Naturellesake in staat te stel om die sake waarin 'n landdros uitspraak gegee het na te gaan, was die landdroste verplig om aan die einde van elke maand 'n verslag van al die sake tussen Swartes wat deur hulle verhoor is, aan die Sekretaris van Naturellesake te stuur. Vir hierdie doel was 'n spesiale vorm beskikbaar wat op aanvraag by die koloniale kantoor verkry kon word.[101]

Henrique Shepstone se besluit dat dit nie raadsaam was om agente of prokureurs toe te laat om in 'n hof vir Swartes op te tree nie, is nie deur almal wat hierdeur geraak is, sonder meer aanvaar nie. Sowat 'n week voordat hy hierdie opdrag aan die landdroste in Februarie 1880 uitgereik het, het hy 'n onderhoud

---

101. SN 102, pp.844-847: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste en Kommissaris Swazigrens, Pretoria, 16.2.1880; SN 3, N43/80: Sirkulêre van H.C. Shepstone in verband met Landdrosts and Native Civil Cases, 16.2.1880 (afskrif); SN 3, N57/80: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan die Landdroste en Kommissaris Swazigrens, 16.2.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met W.E. Hollard van die firma Hollard en Keet gehad. Henrique het hom meegedeel dat met verwysing na 'n hofsaak tussen twee Swartes in Rustenburg waarin Hollard en Keet sou optree, hy die landdros van Rustenburg sou opdra om diê saak en enige soortgelyke sake wat aan hom voorgelê mag word, te verhoor. Verder, dat daar teen die uitspraak van die landdros na die Sekretaris van Naturellesake geappelleer kon word, maar dat in 'n regsgeding tussen Swartes, agente of prokureurs nie toegelaat sou word om vir een van die twee partye in die hof op te tree nie.[102]

Na aanleiding hiervan het Hollard en Keet Henrique in kennis gestel dat volgens die Grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek, geen saak deur enige hof in die Transvaal in behandeling geneem sou word indien die eiser nie eers 'n behoorlike dagvaarding wat deur 'n landdros uitgereik is, deur middel van 'n regsbode aan sy teenparty bestel het nie.[103] Op grond hiervan het Hollard en Keet gevolglik aangevoer dat 'n Swarte nie in staat was om 'n behoorlike dagvaarding te laat uitreik nie. Ook sou so 'n Swarte nie in staat wees om sy saak alleen en sonder die hulp van 'n agent of prokureur aan 'n landdros voor te dra nie. Onder hierdie omstandighede het hulle Henrique dus versoek dat die Swartes wat hulle sou verteenwoordig, toegelaat word om van die hulp van 'n prokureur gebruik te maak. Met die oog daarop om hulle kliënte in te lig, wou hulle verder weet hoe daar te werk gegaan moes word om in geval van 'n appêl teen die landdros se uitspraak, so 'n appêl aan die Sekretaris van Naturellesake voor te lê.[104]

Ter verduideliking van sy besluit met betrekking tot die optrede van agente en prokureurs, het Henrique in sy kommentaar hierop teenoor Lanyon aangevoer dat hy van mening was dat dit nie raadsaam was dat agente of prokureurs toegelaat moes word om

---

102. SN 3, N41/80: J.R. Blencowe, nms. W.E. Hollard en W.R. Keet - Sekretaris van Naturellesake, Pretoria, 5.2.1880.

103. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.57: Grondwet van de Zuid-Afrikaansche Republiek, art. 146.

104. SN 3, N41/80: J.R. Blencowe, nms. W.E. Hollard en W.R. Keet - Sekretaris van Naturellesake, Pretoria, 5.2.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die Swarthowe op te tree nie. Nie alleen sou die verkryging van die dienste van 'n agent of prokureur die Swartes groot onkoste besorg het nie, maar as 'n reël kon die Swartes hulle eie sake baie beter behartig het as enige agent wat hoegenaamd niks van inheemse reg of van die gebruike en gewoontes van die Swartes af geweet het nie. Aangesien die Swartes nie kon lees nie, was dit nutteloos om 'n Swarte te wil dagvaar. Gevolglik was dit gebruiklik om 'n Swarte deur middel van 'n Swartboodskapper van die Swarthof te laat dagvaar. Henrique het Lanyon ook daarop gewys dat sy besluit dat agente en prokureurs nie in sake tussen Swartes moes optree nie en dat teen die uitspraak van 'n landdros na die Sekretaris van Naturellesake geappelleer kon word, nie op 'n bestaande wet gebaseer was nie. Gevolglik moes voorsiening daarvoor gemaak word in die Naturelle-administrasiewet wat hy van voorneme was om by die Wetgewende Vergadering in te dien.[105]

Henrique se verduideliking dat daar nog nie so 'n wet bestaan het nie, het Lanyon dadelik op sy hoede geplaas. Dit moet waarskynlik gewyt word daaraan dat Henrique se besluit in verband met hierdie sake 'n verbreking van die anneksasieproklamasie was waarvolgens die Britte onderneem het dat bestaande wetgewing van krag sou bly totdat dit deur 'n bevoegde wetgewende gesag gewysig word. Trouens, Hollard en Keet se verwysing na die bepaling in die Grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot die uitreiking van 'n dagvaarding, was 'n duidelike vingerwysing in diê verband. Onder hierdie omstandighede het Lanyon Henrique gevolglik gemaan om, totdat daar vir die nodige wetgewing voorsiening gemaak is, versigtig te wees met 'n antwoord aan Hollard en Keet en aan die hand gedoen dat die prokureur-generaal in verband met die saak geraadpleeg moes word.[106]

---

105. SN 3, N41/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 13.3.1880.
106. SN 3, N41/80: Nota van W.O. Lanyon - H.C. Shepstone, 14.3.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Intussen egter het die posisie met betrekking tot die Naturellekommissarisse ook verbeter. Soos reeds aangetoon, was daar teen die einde van die oorlog teen die Pedi in November 1879, slegs twee Naturellekommissarisse, naamlik Oscar Dahl en João Albasini in diens van die Transvaalse regering gewees. Die beëindiging van die oorlog het egter tot gevolg gehad dat Schulze en Eckersley as magistrate - later as Naturellekommissarisse - in die Lydenburgse distrik aangestel is.[107] Sowat 'n maand later, in Januarie 1880 is kaptein Francis Williams weer as Naturellekommissaris vir Waterberg aangestel.[108]

Met sy aanstelling is Williams aangesê om uitspraak te lewer in al die siviele sake tussen Swartes wat aan hom voorgelê word en dat daar teen sy uitspraak in so 'n saak na die landdros van Waterberg geappelleer kon word. Verder, dat hy hom, totdat hy verdere instruksies sou ontvang in verband met die kostes wat vir die verhoor van siviele sake tussen Swartes gehef moes word, moes laat lei deur die reëls wat in Dahl se hof vir Swartes in Zoutpansberg van krag was.[109] Opmerklik egter is die feit dat Williams nie aangesê word om sake tussen Swartes volgens inheemse reg te verhoor nie. Om egter hiervan af te lei dat die Naturellekommissarisse op daardie stadium nog nie siviele sake tussen Swartes volgens inheemse reg verhoor het nie, lyk nie regverdig te wees nie. In dié verband kan daarop gewys word dat Henrique Shepstone, soos reeds aangetoon is, op 16 Februarie 1880, dit wil sê sowat drie weke ná Williams se aanstelling, die landdroste aangesê het om siviele sake tussen Swartes te verhoor en dat hulle hulle in hul uitsprake sover as moontlik deur die wette en gewoontes van die Swartes moes laat lei. Op grond hiervan lyk dit logies om tot die gevolgtrekking te kom dat ten spyte van die afwesigheid van spesifieke instruksies in hierdie verband, die bedoeling tog was dat hy siviele sake tussen die Swartes volgens inheemse reg moes verhoor. Dit sou

---

107. Sien Hoofstuk I, Afd. 5.
108. SN 102, pp.811-812: H.C. Shepstone - F. Williams, Pretoria, 27.1.1880.
109. SN 102, pp.811-812: H.C. Shepstone - F. Williams, Pretoria, 27.1.1880.

immers 'n onsinnige situasie geskep het as slegs die landdroste en nie ook die Naturellekommissarisse nie, siviele sake tussen Swartes volgens inheemse reg verhoor het.

Op grond van Henrique se sirkulêre aan die landdroste en die opdragte wat 'n Naturellekommissaris by sy aanstelling ontvang het, kan daar vervolgens gepoog word om 'n uiteensetting te gee van hoe die regspleging onder die Swartes teen Februarie 1880 daaruit gesien het. Vooraf moet egter daarop gewys word dat daar sekere aangeleenthede in verband met die uitoefening van die regspleging onder die Swartes was waarna Henrique in sy sirkulêre aan die landdroste verwys het, maar waarvan geen melding in die Naturellekommissarisse se aanstellings gemaak word nie. Dit moet waarskynlik toegeskryf word daaraan dat die sirkulêre wat Henrique aan die landdroste gestuur het, sake meer in die besonder behandel het. Die feit dat al die sake wat in sy sirkulêre te berde gebring word, nie in die Naturellekommissarisse se aanstellingsbriewe vermeld word nie, moet egter nie gesien word as sou hierdie sake nie vir die Naturellekommissarisse gegeld het nie. Inteendeel, dit skyn geheel onmoontlik te wees dat, met die uitsondering van enkele sake, ander voorskrifte vir die Naturellekommissarisse as vir die landdroste in verband met die regspleging onder die Swartes sou gegeld het.

Dit wil dus voorkom asof die posisie in verband met die regspleging onder die Swartes soos volg daaruit gesien het. Hoewel daar nog nie 'n wet bestaan het waarvolgens inheemse reg in Transvaal statutêr erken is nie, bestaan daar min twyfel dat siviele sake tussen Swartes kragtens hulle eie reg en gewoontes of inheemse reg verhoor is. Sodanige sake is deur sowel die landdroste as die Naturellekommissarisse verhoor. In die geval van die landdroste is hulle versoek om in afwagting van die nodige wetgewing, siviele sake tussen Swartes te verhoor.[110] Die Naturellekommissarisse, daarenteen, was verplig om alle siviele sake tussen Swartes wat in

---

110. SN 102, pp.844-847: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste en Kommissaris Swazigrens, Pretoria, 16.2.1880; SN 3, N43/80: Sirkulêre van H.C. Shepstone in verband met Landdrosts and Native Civil Cases, 16.2.1880 (afskrif).

hulle distrikte gewoon het en aan hulle voorgelê word, te verhoor.[111]

Wanneer 'n siviele saak of eis aan 'n landdros of Naturellekommissaris voorgelê is, is daar nie, soos in die geval van 'n siviele saak tussen Blankes, 'n dagvaarding uitgereik nie. In plaas daarvan moes die landdros of Naturellekommissaris die verhoordatum bepaal en daarna 'n boodskapper na die verweerder in die saak stuur om hom te dagvaar om op die bepaalde dag in die hof te verskyn ten einde op die eis teen hom te antwoord. Wanneer so 'n saak voor die hof gedien het, was dit raadsaam om nie agente of prokureurs toe te laat om sake tussen Swartes in die hof te lei nie.

As magistrate het die landdroste en Naturellekommissarisse die bevoegdheid gehad om koste aan òf die eiser òf die verweerder toe te ken. Afgesien van die hofkoste wat volgens 'n vasgestelde tarief betaal moes word, moes daar ook vir die boodskapper betaal word wat gestuur is om die verweerder te dagvaar en die landdros of Naturellekommissaris se uitspraak uit te voer. Wanneer hierdie koste bereken word, moes ook die afstand wat die boodskapper gereis het om sy opdragte uit te voer, in aanmerking geneem word.[112]

Teen die uitspraak van 'n Naturellekommissaris kon daar na die landdros van die distrik geappelleer word. Met die oog op so 'n appêl, was die appellant geregtig op 'n afskrif van die verrigtinge in die saak soos wat dit in die hof van die Naturellekommissaris gevoer is en wat aan die landdros wat die appêl sou aanhoor besorg moes word. Hierdie afskrif moes deur die Naturellekommissaris aan die appellant gegee word en waarvoor hy 'n bedrag van £2 moes betaal. Van hierdie geld moes die Naturellekommissaris aan die tesourier verslag doen.[113]

---

111. SN 102, pp.811-812: H.C. Shepstone - F. Williams, Pretoria, 27.1.1880.

112. SN 102, pp.844-847: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste en Kommissaris Swazigrens, Pretoria, 16.2.1880; SN 3, N43/80: Sirkulêre van H.C. Shepstone in verband met Landdrosts and Native Civil Cases, 16.2.1880 (afskrif).

113. SN 102, pp.811-812: H.C. Shepstone - F. Williams, Pretoria, 27.1.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Indien 'n eiser of verweerder nie met 'n landdros se uitspraak in 'n siviele saak tevrede was nie, het hy die reg gehad om deur die Sekretaris van Naturellesake na die administrateur te appelleer. Met die oog hierop was die appellant geregtig op 'n afskrif van die verrigtinge in die saak soos wat dit in die landdroshof gevoer is. Ter ondersteuning van sy appêl, moes die appellant hierdie afskrif aan die Sekretaris van Naturellesake besorg. Vir die reg om te appelleer en vir 'n afskrif van die hofverrigtinge, moes 'n bedrag van £2 van die appellant gevorder word en 'n inkomsteseël vir dié bedrag op die appêldokumente geplaas word. In geval van 'n appêl teen die uitspraak van 'n landdros of Naturellekommissaris, moes die ten uitvoerlegging van die vonnis wat in die saak opgelê is, in afwagting van die appêl, eers uitgestel word.[114]

Met die oog daarop om die sake waarin 'n landdros of Naturellekommissaris uitspraak gegee het na te gaan, was hulle verplig om aan die einde van elke maand verslag te doen oor al die sake wat hulle gedurende die maand verhoor het. In die geval van 'n landdros moes hierdie verslag aan die Sekretaris van Naturellesake gestuur word, terwyl die Naturellekommissarisse hulle verslae aan die spesiale kommissaris van die distrik waarin die saak verhoor is, moes stuur.[115]

'n Maand nadat Henrique die sirkulêre van 16 Februarie aan die landdroste gestuur het, het hy 'n verdere sirkulêre uitgestuur waarin hy hulle op die hoogte gestel het van die koste wat van 1 April af op gesag van die administrateur vir die verhoor van siviele sake tussen Swartes gevra moes word. Hierdie bedrae was presies dieselfde as dié waarvan hy die landdroste op 16 Februarie 1880 verwittig het, behalwe dat

---

114. SN 102, pp.844-847: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste en Kommissaris Swazigrens, Pretoria, 16.2.1880; SN 3, N43/80: Sirkulêre van H.C. Shepstone in verband met Landdrosts and Native Civil Cases, 16.2.1880 (afskrif).

115. SN 102, pp.811-812: H.C. Shepstone - F. Williams, Pretoria, 27.1.1880; SN 102, pp.844-847: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste en Kommissaris Swazigrens, Pretoria, 16.2.1880; SN 3, N43/80: Sirkulêre van H.C. Shepstone in verband met Landdrosts and Native Civil Cases, 16.2.1880 (afskrif).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die geval waar skape of bokke die eis gevorm het, 'n bedrag van 6d vir elke skaap of bok as hofkoste gevorder moes word.[116] Sowat twee maande later het Henrique die landdros van Wakkerstroom meegedeel dat waar perde 'n deel van of die hele eis gevorm het, hulle as beeste beskou moes word en die hofkoste dienooreenkomstig bereken moes word.[117]

4. Goedkeuring van die wetsvoorstel om vir 'n beter administrasie en regsbedeling vir die Swartes voorsiening te maak, Junie 1880

Hoewel die Britse regering in Transvaal teen Februarie 1880 reeds verskeie maatreëls in verband met die regspleging onder die Swartes getref het en die Naturellekommissarisse en landdroste siviele sake tussen Swartes sover moontlik volgens hulle eie reg en gewoontes moes verhoor, het daar nog nie 'n wet bestaan wat hierdie optrede van die Transvaalse administrasie gewettig het of statutêre erkenning aan inheemse reg verleen het nie.

Hierdie toestand van sake tesame met die feit dat daar intussen vir 'n Wetgewende Vergadering vir Transvaal voorsiening gemaak is,[118] het waarskynlik tot gevolg gehad dat Henrique Shepstone met die oog op die voorbereiding van die nodige wetgewing teen die einde van Februarie 1880 'n skrywe aan sy vader gerig het ten einde sy mening in verband met die toekomstige regering van die Swartes in Transvaal te verneem.[119] Ter verduidelikking van wat hy van voorneme was om te doen, het hy hom daarop gewys dat inheemse reg tot in daardie stadium nog nie statutêre erkenning in Transvaal gehad het nie. Hoewel daar in die

---

116. SN 102, pp.881 en 882-884: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste, Kommissaris en Regeringsagent Swazigrens, Pretoria, 15.3.1880; SN 3, N57/80: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste, Kommissaris en Regeringsagent, Swazigrens, 15.3.1880 (afskrif).

117. SN 3, N162/80: Nota van H.C. Shepstone - Landdros Wakkerstroom, 20.5.1880.

118. Sien J.A. Vorster: Die Engelse administrasie van Transvaal gedurende die Eerste Anneksasie-Periode, 1877-1881, pp.65-75.

119. T. Shepstone Papers, Vol. 43: H.C. Shepstone - T. Shepstone, 29.2.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Transvaal van die veronderstelling uitgegaan is dat die Swartes volgens die gemene reg geregeer moes word en selfs poligamie deur die wet afgeskaf is,[120] het die Swartes hulleself nietemin volgens hulle eie reg en gebruike geregeer. Henrique self was egter van mening dat dit nog 'n hele tyd lank onmoontlik sou wees om die Swartes anders as volgens hulle eie reg en gebruike te regeer.

Ten einde dus voorsiening te maak daarvoor dat die Swartes volgens hulle eie reg en gebruike geregeer kan word, was hy van voorneme om voor te stel dat 'n wet aangeneem word waarvolgens die goewerneur tot opperhoof van al die Swartstamme in Transvaal verklaar word. Verder moes die wet ook voorsiening maak daarvoor dat die Swartes kragtens hulle eie reg en gebruike geregeer word en dat Administrateurs van Inheemse reg aangestel word in die distrikte waar dit nodig geag mag word. Hy was oortuig daarvan dat die aanstelling van hierdie administrateurs finansieel lonend sou wees. Die bewering dat die Transvaalse regering nie die aanstelling van sodanige administrateurs kon bekostig nie, was vir hom geheel en al onaanvaarbaar. Hoewel hy bedag was daarop dat 'n wet waarvolgens inheemse reg in Transvaal statutêr erken sou word, teengestaan kon word op grond daarvan dat dit 'n terugwaartse stap sou wees, was hy nietemin van mening dat so 'n argument nie veel om die lyf gehad het nie. As rede vir sy standpunt het hy aangevoër dat ofskoon die Swartes volgens bestaande wetgewing onder dieselfde wette as die Blankes gestaan het, hulle ten spyte daarvan in die praktyk nie slegs hulleself nie, maar ook van owerheidweë, volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer is. Ook was die bepaling waarvolgens met poligamie weggedoen word en huweliksbeamptes aangestel word om huwelike tussen Swartes te registreer en 'n sekere bedrag as registrasiegelde te vorder, 'n dooie letter. Meer nog, ofskoon sir Theophilus se proklamasie van Mei 1877 alle regsgedinge tussen Swartes van die jurisdiksie van die hooggeregshof uitgesluit het, is daar sedertdien niks verder in verband met die verhoor van hierdie sake gedoen nie. In 'n poging om iets aan hierdie toestand van sake te doen, het hy 'n opdrag aan

---

120. Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.667: Wet No. 3, 1876, Wet "Betreffende de Naturellen", art. 24. H.C. Shepstone se bewering dat poligamie kragtens hierdie wet afgeskaf is, is nie korrek nie. Sien Afd. I.

die landdroste uitgereik om alle siviele sake tussen Swartes te verhoor wat aan hulle voorgelê word.[121]

In die lig van sir Theophilus se vroeëre Transvaalse verbintenis en die verhouding wat daar tussen hom en Henrique bestaan het, kan aanvaar word dat hy Henrique wel van 'n antwoord op sy navraag in verband met die toekomstige regering van die Swartes in Transvaal sou voorsien het. Die feit dat so 'n skrywe nie teruggevind kan word nie, maak dit onmoontlik om 'n presiese aanduiding te gee van wat sir Theophilus se antwoord aan hom was. Wanneer daar egter op sy vroeëre uitlatings in verband met die administrasie van die Swartes in Transvaal gelet word, kan daar nietemin 'n redelike idee gevorm word wat sir Theophilus se standpunt in diê opsig sou gewees het.

Presies wanneer Henrique met die opstelling van 'n wetsontwerp begin het wat vir 'n beter administrasie en regspleging van die Transvaalse Swartes voorsiening sou maak, kan nie met sekerheid vasgestel word nie. Toe die Wetgewende Vergadering op 10 Maart 1880 vir sy eerste sitting byeengekom het, het Lanyon in sy openingsadres geen melding gemaak van die Regering se voorneme om so 'n wet - die Naturelle-administrasiewet - by die Wetgewende Vergadering in te dien nie.[122] Op 2 April het Henrique egter die hofreëls waarvoor in die konsepwet van die Naturelle-administrasiewet voorsiening gemaak word, vir goedkeuring aan Wolseley voorgelê. Uit die skrywe wat hy by diê geleentheid aan hom gerig het, blyk dit dat hy teen daardie tyd reeds die konsepwet aan Wolseley oorhandig het.[123] Op grond van die voorafgaande en gesien in die lig van Henrique se skrywe op 29 Februarie aan sy vader, kan geredelik aanvaar word dat Henrique hierdie konsepwet in die tweede helfte van Maart opgestel het.

---

121. T. Shepstone Papers, Vol. 43: H.C. Shepstone - T. Shepstone, 29.2.1880.

122. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 12.3.1880, G.K. No.74, 1880, 12.3.1880: Openings adres aan de Eerste Wetgewende Vergadering, 10.3.1880.

123. SS 449, R3464/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 2.4.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Intussen het die heer C.K. White egter op 24 Maart in die Wetgewende Vergadering kennis gegee dat hy van voorneme was om 'n mosie in te dien. Hiervolgens sou die administrateur versoek word om die instruksies ter tafel te lê wat deur die Sekretaris van Naturellesake in verband met die verhoor van (siviele) sake tussen Swartes uitgereik is en waarvolgens die landdroste as regters in die Swarthowe van Transvaal aangestel is.[124]

Hoewel geen verdere besonderhede in verband met hierdie instruksies verskaf word nie, bestaan daar min twyfel dat hierdie mosie betrekking gehad het op die sirkulêre wat Henrique op 16 Februarie 1880 aan die landdroste uitgestuur het.[125] Soos reeds gesê, was dit deur middel van hierdie sirkulêre wat Henrique die landdroste opgedra het om in afwagting van die nodige wetgewing, alle siviele sake tussen Swartes wat aan hulle voorgelê word te ondersoek en te verhoor.

Toe hierdie mosie sowat 'n week later voor die Wetgewende Vergadering gedien het, het Henrique die voorstel gesekondeer waarna dit deur die Wetgewende Vergadering aanvaar is.[126] Voortvloeiende hieruit het die Sekretaris van Naturellesake die betrokke sirkulêre gevolglik op 6 April 1880 in die Wetgewende Vergadering ter tafel gelê.[127] Wat die aard van die bespreking by die geleentheid was, kan nie vasgestel word nie.

---

124. W 21, Band 6: Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.10: Toespraak van C.K. White op 24.3.1880.

125. SN 102, pp.844-847: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste en Kommissaris Swazigrens, Pretoria, 16.2.1880; SN 3, N43/80: Sirkulêre van H.C. Shepstone in verband met Landdrosts and Native Civil Cases, 16.2.1880 (afskrif).

126. W 21, Band 6: Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.13: Sitting op 30.3.1880; EVR 20: Sitting op 30.3.1880, art. 10; EVR 19: Sitting op 30.3.1880, art. 10; SN 3, Ongenommerde stuk: R. Rutherfoord, Klerk van die Wetgewende Vergadering - Administrateur, 2.4.1880.

127. W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.24: Sitting op 6.4.1880; Sien ook MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 8.4.1880 (Legislative Assembly, 6.4.1880, Native Courts); De Volksstem, 3.4.1880 (The Legislative Farce).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Maand later, op 4 Mei 1880, is 'n "Wetsvoorstel om voorziening te maken voor beter Bestuur en betere Regtsbedeeling onder die Inboorling bevolking deze Provincie" vir algemene inligting in die Staatskoerant gepubliseer.[128] Volgens die meegaande goewermentskennisgewing sou hierdie konsepwet nog gedurende die sitting van 1880 aan die Wetgewende Vergadering voorgelê word. Aangesien die konsepwet met die nodige taalkundige versorging, die byvoeging van twee nuwe artikels en enkele ander wysigings, as wet deur die Wetgewende Vergadering aanvaar is, hoef hier nie 'n bespreking aan die konsepwet gewy te word nie.

Wat die bepalings van die wet betref, het die Transvaalse administrasie dit raadsaam geag om met die opstelling van die wetsontwerp tot 'n groot mate die voorbeeld van die Natalse wette in verband met die administrasie van die Swartes te volg. Hierdie stand van sake het dus tot gevolg gehad dat die konsep wat aan die Wetgewende Vergadering voorgelê is en as wet aanvaar is, in feitlik alle besonderhede dieselfde was as die bepalings van die Natalse Ordonnansie No. 3 van 1849 waarvolgens inheemse reg in Natal erken is[129] en Wet No. 26 van 1875, naamlik "Law to make better provision for the Administration of justice among the Native population of Natal and for the gradual assimilation of Native Law to the laws of the Colony".[130]

---

128. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 4.5.1880, G.K. No. 109, 1880, 4.5.1880: Wets Voorstel "Om voorziening te maken voor beter Bestuur en betere Regtsbedeeling onder de Inboorling bevolking dezer Provincie". Die Engelse betitling van die wetsontwerp het soos volg gelui: Bill "To make provision for the better government of and administration of Justice among the native population of this Province".

129. The Natal Government Gazette (Buitengewoon), 23.6.1849: Ordonnansie No. 3 van 1849, 21.6.1849.

130. SP 382, pp.513-519: Statement upon the Bill "to make provision for the better government of, and administration of justice among the native population of this Province", opgestel deur W.B. Morcom, 19.11.1880; W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.32: Toespraak van die Prokureur-generaal op 11.5.1880; Vir die wet, sien C.F. Cadiz: Natal Ordinances, Laws and Proclamations, Vol. II, 1870-1879, pp.1140-1144.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel Henrique Shepstone die leeue-aandeel aan die opstelling van die wetsontwerp gehad het, is 'n artikel of twee op aanbeveling van die prokureur-generaal aan die konsepwet toegevoeg.[131] Belangrik egter was die feit dat Henrique ook deur sy vader - veral toe die wet reeds in die Wetgewende Vergadering in behandeling was - van sekere inligting voorsien is.[132] Knap voor die derde lesing van die wet, het Henrique byvoorbeeld met die toestemming van die Wetgewende Vergadering voorgestel dat die wet weer in behandeling geneem word ten einde sekere woordelikse wysigings aan die wet teweeg te bring[133] wat, na dit wil voorkom, deur sy vader aan die hand gedoen is.[134]

Op 7 Mei 1880 is die wetsontwerp by die Wetgewende Vergadering ingedien en vir die eerste keer gelees.[135] Terselfdertyd het die prokureur-generaal kennis gegee dat hy op 11 Mei die tweede lesing van die wetsontwerp sou voorstel.[136]

Toe die tweede lesing van die wetsontwerp op die bepaalde dag voorgestel is, het die Prokureur-generaal, W.B. Morcom, ter motivering van die wetsontwerp daarop gewys dat die bepalings van die wet tot 'n groot mate oorgeneem is van 'n soortgelyke

---

131. T. Shepstone Papers, Vol. 44: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 29.5.1880; Ibid.: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 22.5.1880.

132. T. Shepstone Papers, Vol. 44: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 14.6.1880; Ibid.: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 22.5.1880.

133. EVR 19: Sitting op 7.6.1880, art. 9; EVR 20: Sitting op 7.6.1880, art. 9; W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.54: Voorstel van die Sekretaris van Naturellesake op 7.6.1880.

134. T. Shepstone Papers, Vol. 44: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 14.6.1880.

135. EVR 19: Sitting op 7.5.1880, art. 20; EVR 20: Sitting op 7.5.1880, art. 20.

136. EVR 19: Sitting op 7.5.1880, art. 21; EVR 20: Sitting op 7.5.1880, art. 21.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wet wat in Natal van krag was en waar die howe vir die verhoor van (siviele) sake tussen Swartes wat kragtens hierdie wet tot stand gebring is, reeds vir 'n geruime tyd lank goed gewerk het. Hy het daarop gewys dat volgens die proklamasie van Mei 1877 waarvolgens 'n hooggeregshof in Transvaal in die lewe geroep is, die verhoor van alle siviele sake tussen Swartes buite die jurisdiksie van die hooggeregshof geplaas is. Gevolglik was die Regering dus eintlik verplig om howe tot stand te bring waar die Swartes se sake verhoor kan word en deur middel van wetgewing maatreëls te tref waarvolgens die Swartes daartoe gebring kon word om hulle onderlinge geskille in hierdie howe te laat besleg. Die wetsontwerp het ook daarvoor voorsiening gemaak dat kleiner oortredings wat deur die Swartes begaan word, deur die Administrateurs van Inheemse reg wat kragtens hierdie wet aangestel sou word, verhoor kon word. So 'n bepaling sou dit makliker maak om Swartoortreders te straf en, saam met die ander bepalings van die wet, daartoe bydra om sowel die regspleging onder die Swartes as die algemene regering van hierdie mense in Transvaal te verbeter.[137]

Die heer White het egter hierteenoor aangevoer dat hy teen die beginsel van die wetsontwerp, naamlik die erkenning van inheemse reg in Transvaal, was. Hy was oortuig daarvan dat om die Swartes toe te laat om in die staat voort te leef waarin hulle geleef het voordat 'n beskaafde regering sy gesag oor hulle gevestig het, niks anders as 'n klad op die naam van 'n Christelike regering was nie. Hy was ook van mening dat dit 'n terugwaartse stap sou wees om amptenare aan te stel om die Swartes volgens 'n reg te regeer, wat in direkte teenstelling met die wette was wat die handelinge van die Blankes beheer het. Hoewel daar so 'n stelsel in Natal bestaan het, was dit nie die geval in die Kaapkolonie nie, aangesien die Blankes en die Swartes daar onder dieselfde wette gestaan het.[138] Gevolglik was daar in die Kaapkolonie nie die skouspel van 'n

---

137. W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.32: Toespraak van die Prokureur-generaal op 11.5.1880.

138. Sien E.R. Garthorne: Applications of Native Law, Bantu Studies, 1929, pp.250-254 vir 'n uiteensetting van die toepassing van inheemse reg in die Kaapkolonie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

magistraat wat 'n beskaafde regering verteenwoordig het, nie maar deur sy uitsprake poligamie verdedig het omdat inheemse reg onder andere die "koop en verkoop" van vrouens toegelaat het.

In die kern van die saak word die lede van die Wetgewende Vergadering dus gevra om 'n wet goed te keur wat die amptenare wat volgens die wet aangestel sou word, sou magtig om sulke barbaarse gebruike toe te pas. Hy was gevolglik van mening dat dit 'n terugwaartse stap sou wees om die verteenwoordigers van Transvaal te vra om 'n wet goed te keur wat vir die erkenning en toepassing van inheemse reg voorsiening sou maak. Meer nog, word hulle nie net gevra om amptenare aan te stel om hierdie wet toe te pas nie, maar die Transvaalse regering word ook gevra om hom tot so 'n vlak te verlaag waar hy selfs die boetes en gelde sou ontvang wat deur hierdie howe vir die Swartes gehef sou word. Hoewel hy nog nie voldoende tyd gehad het om na al die bepalings van die wet te kon gekyk het nie, was hy nietemin terdeë bewus van die strekking daarvan. Daarom, en omdat hy beswaar teen die beginsel van die wetsontwerp gehad het, het hy, met die heer O.W.A. Forssman as sekondant, as amendement voorgestel dat die wetsontwerp oor ses maande vir die tweede keer gelees word.[139]

In antwoord hierop het die prokureur-generaal aangevoer dat ofskoon White te kenne gegee het dat hy beswaar teen die beginsel van die wet gehad het, hy nietemin in gebreke gebly het om die beginsel uit te wys waarteen hy beswaar gehad het. Volgens die prokureur-generaal was daar slegs twee beginsels waarvolgens 'n groot Swartbevolking geregeer kon word. Die een was om jou oë toe te maak en die Swartes toe te laat om hulleself te regeer en dan aan ander en in die howe voor te gee - aangesien so 'n toestand van sake niks anders as 'n voorwendsel is nie - dat die Swartes deur die gemene reg geregeer word. Die ander beginsel was om die Swartes volgens hulle eie reg te regeer wanneer hierdie reg nie met die algemene beginsels van menslikheid strydig was nie. In al die jare wat hy in Natal gewoon het, het hy die groot verskil gesien

---

139. W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.32: Toespraak van C.K. White op 11.5.1880.

wat die Regering se erkenning van inheemse reg en sy optrede om die toepassing daarvan in alle gevalle te reël en te beheer, op die Swartes van Natal gehad het. Sonder vrees vir teenspraak, het hy aangevoer dat die Zoeloes se opvatting van reg en verkeerd en van die algemene beginsels van die Natalse wette, baie verder gevorder was as dié van die Swartes wat moes sorg om op hulle eie oor die weg te kom. Met verwysing na die Transvaalse Swartbevolking het hy aangevoer dat "it may be said that under the old Government[140] of this Territory, the natives were governed by the Dutch laws; it appeared so from the laws which were in force in this country, but the practical effect (was) that they were under no law at all". Hierop het hy die tweede lesing van die wetsontwerp voorgestel en 'n beroep op die lede van die Wetgewende Vergadering gedoen om die beginsel te ondersteun "that the large native population of the Province are entitled to have justice administered amongst them, according to their own laws, where the same are not repugnant to the general principals of humanity".[141]

Toe White se amendement dat die wetsontwerp oor ses maande vir 'n tweede keer gelees word, hierna tot stemming gebring is, is dit deur die Wetgewende Vergadering verwerp. Gevolglik is die prokureur-generaal se voorstel aanvaar en is die wetsontwerp vir 'n tweede keer gelees.[142]

Met verwysing na die standpunt wat die heer White teen die wetsontwerp en gevolglik ook teen die erkenning van inheemse reg ingeneem het, het die redakteur van die Transvaal Argus aangevoer dat dit voldoende behoort te wees om die Blanke inwoners van die Transvaal se aandag daarop te vestig dat 'n wet wat van die allergrootste belang vir die toekoms van Transvaal was, gereed was om deur "that institution of most easy legislative virtue, the Transvaal Legislative Assembly", aangeneem te word.[143] Die wetsontwerp - wat die Regering,

---

140. Die Zuid-Afrikaansche Republiek.

141. W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.32: Toespraak van die Prokureur-generaal op 11.5.1880.

142. W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.32: Sitting op 11.5.1880; EVR 19: Sitting op 11.5.1880, art. 7; EVR 20: Sitting op 11.5.1880, art.7.

143. MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 13.5.1880 (Hoofartikel)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

volgens die redakteur, probeer het om deur die Wetgewende Vergadering te smokkel - het 'n behoorlike onskuldige titel gehad en diê deel van die publiek wat altyd deur name eerder as deur resultate beïnvloed word, sou gevolglik van mening wees dat die voorgestelde wetsontwerp oor 'n aangeleentheid gehandel het waarmee daar in belang van al die klasse van die bevolking, dadelik mee gehandel moes word. Die Transvaal Argus se standpunt daarenteen was dat hierdie wetsontwerp 'n maatreël was wat nie vir 'n beter administrasie en regsbedeling vir die Swartes van Transvaal voorsiening sou maak nie.

Ter motivering van sy standpunt het die redakteur daarop gewys dat die wetsontwerp vir alle praktiese doeleindes al die wetgewing herroep wat die Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot die administrasie van die Swartes aangeneem het. Teen so 'n algemene opknapping van die baie reëls en regulasies, die diskwalifikasies en die verpligtinge wat die gekleurdes in Transvaal by verskillende geleenthede en tydstippe opgelê is, kon daar geen beswaar hoegenaamd geopper word nie. Maar wanneer so iets gedoen word, behoort daar iets beters in die plek gestel te word van dit wat as gevolg van veranderde omstandighede as verouderd beskou word of wat as gevolg van latere ondervinding, bewys word as onderdrukkend van aard teenoor die Swartes te wees. In plaas daarvan om sô te werk te gaan, het die Regering egter die regsplegende stelsel vir die Swartes in Natal holus bolus oorgeneem, sonder dat daar veel ag geslaan is daarop dat die Transvaal in baie opsigte van Natal verskil. Gevolglik word die goewerneur of die amptenaar wat die regering van Transvaal tydelik waargeneem het, volgens die reg, gewoontes en gebruike van die Swartes tot opperhoof oor al die Swartkapteins en Swartes in Transvaal verhef. In die praktyk het dit dus beteken dat met die oog daarop om die regspraak onder die Swartes uit te oefen, van 'n Christen en 'n Blanke, in wese en verstand 'n Swarte gemaak word en dat die enigste beperking op die werking van die wette, gewoontes en gebruike van die Swartes slegs was dat dit nie strydig moes wees met die beginsel van natuurlike geregtigheid soos dit deur die beskaafde wêreld erken word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met verwysing na die bepaling in die wetsontwerp waarvolgens die landdroste van elke distrik ex officio as administrateurs van inheemse reg aangestel sou word,[144] het die redakteur van die Transvaal Argus aangevoer dat hierdie bepaling tot gevolg sou hê dat verskillende eise aan die bekleër van so 'n amp gestel sou word. Volgens hom sou elke persoon wat vir die amp van 'n landdros geaspireer het, in gedagte moes hou dat hy 'n amp moes beklee waar hy nie net regter oor die hele bevolking en ontvanger van inkomste was nie, maar ook 'n weerspieëling van al die Swartes se wette, gewoontes en gebruike moes wees, hoe oortuig hy ook al daarvan was dat sommige hiervan strydig met die algemene beginsels van die beskawing was.

Die redakteur het verder betoog dat wanneer die wetsontwerp sorgvuldig deurgelees word, die vraag vanselfsprekend ontstaan wat die wette, gewoontes en gebruike was wat daar op daardie stadium onder die Swartes in swang was en deur die nuwe regsplegende stelsel goedgekeur moes word. Hy wou verder weet of hierdie wette, gewoontes en gebruike in enige Magna Carta opgeteken was, of as 'n kode van ongeskrewe wette selfs onder die Swartes van Transvaal bekend was en watter stam van die baie stamme in Transvaal, dié stam was wie se wette, gewoontes en gebruike as die grondslag vir regspraak vir al die Swartes in Transvaal moes dien. In Transvaal was daar benewens die groot aantal Swartes wat op die sendingstasies gebly het of by 'n Blanke werkgewer in diens was, ook nog die Noord-Sotho, Zoeloes, Tsonga, Rolong, Tlhapin en baie ander Swartes woonagtig. Was die wette, gewoontes en gebruike van al hierdie mense dieselfde, sodat die goewerneur en die landdroste dit kon leer en daarna op elke stam kon toepas wanneer hulle moes regspreek? In Natal was al die Swartes Zoeloes en was hulle wette en gebruike oral in dié provinsie dieselfde - selfs ook dié van die Zoeloes wat in daardie deel van Natal gewoon het waar die Zoeloekoning tot kort tevore nog die wette en gebruike uit Shaka se dae in stand gehou het. In Transvaal daarenteen was die omstandighede van die Swartes baie anders as dié van Natal. Gevolglik het die moontlikheid dus bestaan

---

144. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 4.5.1880, G.K. No. 109, 1880, 4.5.1880: Bill "To make provision for the better government of and administration of Justice among the native population of this Province", klousule 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat dît wat as 'n goeie wet vir die Swartes van Natal beskou word, 'n baie slegte wet vir dié in Transvaal kon wees. Meer nog, indien die Natalse wet vir die regspleging onder die Swartes 'n goeie wet was, was daar nog 'n argument daarvoor dat 'n soortgelyke wet ook in Transvaal ingestel moes word. Dit was egter nie die geval nie, aangesien selfs die Natallers teen die afstootlikhede van hulle wet gekant was. In feitlik elke Natalse koerant word op die een of ander wyse teen lobola en ander "heidense gewoontes" beswaar gemaak. Die skouspel van 'n Christenman op die regbank wat, in die 19de eeu van die Christelike era, volgens die bepalings van die wetsontwerp wat op daardie stadium voor die Wetgewende Vergadering gedien het, uitspraak lewer ten gunste van 'n Swartvader met betrekking tot die prys waarvoor hy sy dogter aan die verweerder in die saak "verkoop" het en wie in gebreke gebly het om die aantal beeste waarop ooreengekom was te betaal, was ongetwyfeld 'n growwe anomalie. Dit sou dus 'n terugwaartse stap wees indien so iets toegelaat sou word - wat nog te sê om 'n wet daarvoor te maak - in 'n gebied soos die Transvaal waar die Britse regering in vroeër dae dit dikwels nodig gevind het om teen gevalle van slawerny beswaar te maak. Verder was dit nóg raadsaam nóg waardig vir 'n beskaafde regering om van sy hoë standaard na die peil van die Swartes se denkwyse af te daal, selfs al sou die wet dan oënskynlik in belang van die Swartes wees. Veeleer moes hulle geleer word om tot die peil van hulle Blanke bure uit te styg. Volgens die redakteur van die Transvaal Argus kon diegene wat met die toestand van die Swartes in Natal bekend was, nie sonder meer konstateer dat die erkenning van inheemse reg in daardie kolonie enigsins daartoe bygedra het om die weg vir die beskawing of, nog minder, vir die kerstening van die Swartes, voorberei het nie. Na jare van die toepassing van inheemse reg, het die Swartes nog steeds in hulle oorspronklike barbarisme in hulle lokasies gebly. Die gevolg hiervan was dat "Natal is known as, and even called so by many of its inhabitants who mourn and deplore the fact,"a Kaffir preserve", and a breeding ground for"niggers""[145]. Wat die redakteur ontstel het, was dat daar vir hierdie beklaenswaardige toestand van sake, 'n wet gemaak word in Transvaal.

---

145. MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 13.5.1880 (Hoofartikel).

Met die oog daarop dat die Swartkapteins kragtens die wetsontwerp vir 'n beter administrasie en regsbedeling vir die Swartes as administrateurs van inheemse reg aangestel sou word,[146] het die redakteur aangevoer dat die Blanke inwoners van Transvaal meer as genoeg van kapteins gehad het en dat hulle geen begeerte gehad het dat die kapteins die status van magistrate onder hulle eie mense moes kry nie. Eerder as dat so 'n toestand van sake bewerkstellig sou word, sou dit beter gewees het as die Swartes die Blanke magistrate gesien het as die setel van geregtigheid in alle siviele en kriminele aangeleenthede, hetsy dit 'n geskil tussen Swartes onderling of tussen Swartes en hulle Blanke bure was.

In sy betoog oor die wetsontwerp en die erkenning van inheemse reg, het die redakteur ook sy bedenking uitgespreek oor die bepaling[147] waarvolgens die goewerneur of sy plaasvervanger as opperhoof die bevoegdheid verkry het om vir sover as wat dit nie met die bepalings van hierdie wet strydig was nie, al die mag en gesag wat ooreenkomstig die reg en gebruike van die Swartes tradisioneel by enige opperhoof berus het, oor al die kapteins en Swartes van Transvaal uit te oefen. Met betrekking tot hierdie bepaling het hy aangevoer dat dit nie in belang van die Swartes was indien die goewerneur selfs met die goedkeuring van die Uitvoerende Raad, beheer sou verkry oor die eiendom en die persoon van 'n kaptein of dat daar, in geval van 'n oortreding, met hom gehandel kon word soos wat die goewerneur sou besluit nie. Eerder as om aan so 'n bepaling uitvoering te gee, kon die Regering die oortreder voor 'n kriminele hof daag. Ook was dit wenslik dat daar niks gedoen moes word om die stamstelsel in stand te hou nie, aangesien dit beter sou wees indien dit afgeskaf sou word.

---

146. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 4.5.1880, G.K. No. 109, 1880, 4.5.1880: Bill "To make provision for the better government and administration of Justice among the native population of this Province", klousule 5.

147. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 4.5.1880, G.K. No. 109, 1880, 4.5.1880: Bill "To make provision for the better government and administration of Justice among the native population of this Province", klousule 15, art. 16 van die wet.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gesien dus in die lig van al die besware wat daar teen die wetsontwerp en in die besonder teen die erkenning van inheemse reg bestaan het, was die redakteur van die Transvaal Argus gevolglik van mening dat die maatreël in werklikheid niks anders as 'n bewysstuk was om die slegste eienskappe van die laagste tipe van 'n barbaarse lewe vir 'n onbepaalde tyd te verleng nie. "If our new legislation is to be modelled after a certain pattern", het hy verder betoog, "we are more inclined to look Cape Colony-wards than Natal-wards, because the success which has converted the latter colony into a happy paradise of breeding Kaffirs, with no responsibilities and no duties, and a total aversion to work, is not what we would attain to in the Transvaal."[148]

Intussen was Henrique Shepstone nog in die Rustenburgse distrik besig om hutbelasting in te vorder.[149] Wanneer hy weer na Pretoria teruggekeer het, is nie seker nie. Op 21 Mei was hy egter in die Wetgewende Vergadering en het hy in sy hoedanigheid as Sekretaris van Naturellesake kennis gegee dat hy op 25 Mei sou voorstel dat die Wetgewende Vergadering in komitee gaan oor die wetsontwerp vir die "beter Bestuur en betere Regtsbedeeling" vir die Swartes van Transvaal en dat hierdie wetsontwerp voorrang bo die ander werksaamhede van die Wetgewende Vergadering geniet.[150]

Voortspruitende hieruit het die Wetgewende Vergadering met die oog op die behandeling van die wetsontwerp gevolglik op 25 Mei in komitee gegaan. Op voorstel van Henrique is klousule 7 so gewysig dat elke party tot 'n regsgeding die reg van 'n finale appêl na die Sekretaris van Naturellesake verkry het. Sy beslissing sou egter nie tot uitvoering gebring

---

148. MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 13.5.1880 (Hoofartikel).

149. T. Shepstone Papers, Vol. 40: H. Shepstone - T. Shepstone, Rustenburg, 12.5.1880.

150. W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.38: Voorstel van die Sekretaris van Naturellesake op 21.5.1880; EVR 19: Sitting op 21.5.1880, art. 3; EVR 20: Sitting op 21.5.1880, art. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word alvorens dit nie eers deur die goewerneur of die amptenaar wat met die regering belas was, in sy hoedanigheid as opperhoof van al die Swartstamme, bekragtig was nie. Terselfdertyd is ook twee nuwe klousules by die wetsontwerp gevoeg. Op versoek van die prokureur-generaal,[151] is daar eerstens voorsiening gemaak vir 'n bepaling waarvolgens alle ernstige misdade, soos byvoorbeeld moord, wat deur 'n Swarte gepleeg word, net soos wanneer so 'n misdaad deur 'n Blanke gepleeg word, deur die gewone howe verhoor sou word.[152] In 'n verdere klousule is aan die goewerneur as opperhoof van al die Swartstamme die bevoegdheid verleen om reëls en regulasies op te stel ten einde die behoorlike werking en uitvoering van die wet te verseker.[153] Origens is met die uitsondering van 'n enkele korreksie in die eerste klousule, al die ander klousules van die wetsontwerp deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur.[154]

Op 31 Mei is die wetsontwerp op voorstel van die Sekretaris van Naturellesake, soos dit in die komiteestadium gewysig is, weer deur die Wetgewende Vergadering in behandeling geneem en is daar besluit om die wysigings as deel van die wetsontwerp te aanvaar. Hierna het Henrique kennis gegee dat hy op 3 Junie die derde lesing van die wetsontwerp sou voorstel.[155] Om die een of ander rede het hy dit toe nie op die 3de gedoen nie, maar is die derde lesing, na dit wil voorkom, op die 4de na die 7de uitgestel.[156] Op die 7de Junie het hy met die toestemming van die Wetgewende Vergadering egter voorgestel dat die wetsontwerp na die Wetgewende Vergadering

---

151. T. Shepstone Papers, Vol.44: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 22.5.1880.

152. Artikel 14 van die wet. Sien bespreking van die Naturelleadministrasiewet.

153. Artikel 17 van die wet.

154. EVR 19: Sitting op 25.5.1880, art. 19-20, 21 en 24; EVR 20: Sitting op 25.5.1880, art. 19-20, 21 en 24; Sien ook W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.46: Sitting op 25.5.1880.

155. W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.50: Voorstel van die Sekretaris van Naturellesake op 31.5.1880; EVR 19: Sitting op 31.5.1880, art. 13; EVR 20: Sitting op 31.5.1880, art. 13.

156. EVR 19: Sitting op 4.6.1880, art. 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terugverwys word, ten einde sekere verdere wysigings teweeg te bring.[157] Hierdie voorstel is aanvaar en het die Wetgewende Vergadering weer eens in komitee gegaan. Gevolglik het Henrique voorgestel dat waar volgens sekere klousules[158] van die wetsontwerp 'n appêl na die landdroste toegelaat word, dit na 'n appêl na die landdroste in hulle hoedanigheid as Administrateurs van Inheemse reg verander word.[159]

Dit is redelik seker dat Henrique hierdie wysigings op aanbeveling van sir Theophilus voorgestel het. Nadat die wetsontwerp op 25 Mei deur die komiteestadium is, het Henrique op 29 Mei 'n afskrif van die Naturelle-administrasiewetsontwerp "as passed second" aan sy vader gestuur. In 'n meegaande skrywe het hy te kenne gegee dat hy graag sou wou verneem wat sy vader van die wetsontwerp gedink het.[160]. Ofskoon geen sodanige skrywe van sir Theophilus aan Henrique teruggevind kon word nie, wil dit nietemin voorkom asof hy na die ontvangs van hierdie afskrif, 'n telegram aan Henrique gestuur het waarin hy sekere wysigings aan die hand gedoen het. Dat hierdie wysigings in verband gestaan het met die appêl na die landdroste, lyk redelik seker te wees indien daar gelet word op 'n skrywe wat Henrique op 14 Junie, dit wil sê nadat die betrokke wysigings deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur is, aan sy vader gerig het. Hierin erken hy die ontvangs van sir Theophilus se telegram "about the N(ative) Law ..." en wys hy sy vader daarop: "you will see that the clauses have been amended."[161]

---

157. EVR 19: Sitting op 7.6.1880, art. 9; EVR 20: Sitting op 7.6.1880, art. 9; W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.54: Voorstel van die Sekretaris van Naturellesake op 7.6.1880.

158. Klousules 7, 8 en 12 van die wetsontwerp.

159. EVR 19: Sitting op 7.6.1880, art. 10; W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.54: Voorstel van die Sekretaris van Naturellesake op 7.6.1880.

160. T. Shepstone Papers, Vol. 44: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 29.5.1880, waarby aangeheg "Bill to make provision for better Government ofand Administration of Justice among the Native population of this Province".

161. T. Shepstone Papers, Vol. 44: H. Shepstone - T. Shepstone, Pretoria, 14.6.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nadat die Wetgewende Vergadering hierdie wysigings op 7 Junie goedgekeur het, het die Sekretaris van Naturellesake die derde lesing van die wetsontwerp voorgestel.[162] Die wetsontwerp is gevolglik 'n derde keer gelees en is die wetsontwerp "to make provision for the better government of and administration of Justice among the native population of this Province" op 7 Junie 1880, 'n maand nadat dit vir die eerste keer gelees is, deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur.[163] Volgens 'n bepaling van die wet sou dit as die Naturelle-administrasiewet van 1880 bekend staan.[164]

5. Die Naturelle-administrasiewet van 1880

In die inleiding van die Naturelle-administrasiewet van 1880, of soos die volledige titel van die wet gelui het "Law to make provision for the better Government of, and administration of Justice among, the Native Population of this Province",[165]

---

162. EVR 19: Sitting op 7.6.1880, art. 11 en 12; W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.54: Native Administration Bill.

163. EVR 19: Sitting op 7.6.1880, art. 13 en 14; W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.54: Native Administration Bill. In die lig van die voorafgaande uiteensetting blyk dit dat die bewering dat die Naturelle-administrasiewet (Wet No. 11, 1881) eers op 14 Julie 1881, sowat vier maande nadat 'n wapenstilstand in Maart 1881 tussen Boer en Brit gesluit is en slegs drie weke voordat Transvaal weer aan die Boere teruggegee is, aangeneem is, nie korrek is nie. Sien in dié verband o.a. E.H. Brookes: The History of the Native Policy in South Africa from 1830 to the Present Day, p.125 en G.A. Brand: Die Regspleging van die Bantoe in Suid-Afrika, Vol. I, p.197.

164. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government of, and Administration of Justice among the Native Population of this Province", art. 18.

165. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881, Wet No. 11, 1881. Die Nederlandse titel van die wet het soos volg gelui: "Wet om voorziening te maken voor beter Bestuur en betere Regtsbedeeling onder de Inboorlingbevolking dezer Provincie", Transvaal Government Gazette, 19.7.1881, Wet No. 11, 1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word 'n uiteensetting gegee van die redes wat die totstandkoming van hierdie wet genoodsaak het. In die eerste instansie word aangevoer dat sowel die Volksraadsbesluite van die Zuid-Afrikaansche Republiek as die bestaande wetgewing wat nog deur die Republiek op die wetboek geplaas is en waarvolgens die administrasie en die regering van die Swartes in Transvaal bepaal word, onbevredigend en teenstrydig van aard is. 'n Tweede rede wat die aanname van die wet genoodsaak het, was die feit dat die onkunde, die gewoontes en gebruike van die Swartes in Transvaal, hulle vir die pligte en verantwoordelikhede van 'n beskaafde lewe ongeskik gemaak het. Derdens was dit nodig dat vir 'n meer doeltreffende administrasie en bestuur van die Swartbevolking van Transvaal voorsiening gemaak word. In hierdie opsig word uitdruklik genoem dat dit die doel was om die Swartes in die Transvaal onder spesiale beheer te plaas en vir 'n behoorlike regspleging onder hulle voorsiening te maak, totdat hulle behoorlik in staat sou wees om sodanige pligte en verantwoordelikhede te begryp en te waardeer as wat redelikerwys van hulle verwag kan word in die nakoming van die algemene wette wat in Transvaal van krag was.[166]

Ten einde die oogmerke van die Naturelle-administrasiewet te verwesenlik, is, soos Henrique Shepstone in Desember 1879 aan die hand gedoen het, al die wette wat nog sedert die dae van die Zuid-Afrikaansche Republiek met die administrasie van die Swartes in verband gestaan het, in geheel herroep. Hiervolgens is die volgende Veldkornetsinstruksies en wette herroep: Artikels 37 tot 50 en 56, 57 en 58 van die Veldkornetsinstruksies van 1858[167] Wet No. 9 van 1870, getiteld wet "Ter voorkoming van Landlooperij, Dieverij en andere ongeregeldheden der Kaffers ...",[168] Wet No. 4 van 1873, getiteld wet "Voor de

---

166. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", Inleiding.

167. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.90-100: Instructie voor de Veldcornetten, goedgekeur volgens VRB 17.9.1858, art. 19. Sien pp.96-97 en 98-99 vir die betrokke artikels.

168. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.378-383: Wet No. 9, 1870, Wet "Ter voorkoming van Landlooperij, Dieverij ..., ter betere regeling en bestiering der Kafferstammen en ter daarstelling van eene belasting op de Kaffers en andere kleurlingen".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uitreiking der Passen aan Naturellen in de Z.A. Republiek"[169] en Wet No. 3 van 1876 nl. wet "Betreffende de Naturellen".[170]

Die herroeping van hierdie instruksies en wette het ten doel gehad om die administrasiestelsel en die bevoegdhede te herroep wat kragtens hierdie instruksies en wette aan die veldkornette, assistent-veldkornette, landdroste en Naturellekommissarisse met betrekking tot die administrasie van die Swartes verleen is.[171] In sekere opsigte was die herroeping van die bevoegdhede van die veldkornette nie 'n algehele nuwe ontwikkeling nie. Reeds in 1876 het president T.F. Burgers die standpunt ingeneem dat aangesien die veldkornette deur die burgers van die Zuid-Afrikaansche Republiek gekies word, dit verkeerd was om aan hulle enige jurisdiksie oor die Swartes te verleen.[172] Gevolglik is daar kragtens Wet No. 3 van 1876 voorsiening gemaak vir die aanstelling van Naturellekommissarisse as amptenare belas met die administrasie van die Swartes wat in permanente lokasies gewoon het, terwyl die veldkornette se bevoegdheid beperk is tot die Swartes wat by die Blankes gewoon het of by hulle in diens was.[173] Die feit egter dat die Naturelle-administrasiewet vir 'n nuwe administrasiestelsel vir die Swartes voorsiening gemaak het waarvolgens Blanke persone as Administrateurs van Inheemse reg as siviele magistrate aangestel sou word, het weer tot gevolg gehad die herroeping van Wet No. 3 van 1876 waarvolgens sowel regsprekende bevoegdhede as verskeie ander administratiewe pligte aan die Naturellekommissarisse opgedra is.

---

169. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 480-482: Wet No. 4, 1873, Wet "Voor de uitreiking der passen aan Naturellen in de Z.A. Republiek", goedgekeur volgens VRB 5 en 6 Augustus 1872, art. 184 en 189 en gewysig volgens VRB 10.3.1873, art. 33.

170. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.662-668: Wet No. 3, 1876, Wet "Betreffende de Naturellen", goedgekeur volgens Volksraadsbesluit, 9.6.1876, art. 143.

171. Sien in dié verband C 3219, p.93, par. 2013-2014: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

172. A 14, Band 69, No. 3678: Memorandum omtrent de zaak der Naturellen, T.F. Burgers, g.d., 1876. punt 2(f).

173. ZAR 52, Staats Courant der Z.A.R., 13.9.1876: G.K. No. 263, 12.9. 1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel hierdie instruksies en wette in die algemeen herroep word en dit dus nie so in die Naturelle-administrasiewet genoem word nie, wil dit nietemin voorkom asof artikel 20 van Wet No. 9 van 1870 en artikel 24 van Wet No. 3 van 1876 meer in die besonder met die oog op die reëling van die regspleging onder die Swartes herroep is. Soos reeds aangetoon is,[174] het die eersgenoemde bepaling daarvoor voorsiening gemaak dat die klagtes en geskille wat daar onderling tussen die Swartes bestaan het, deur die landdroste en veldkornette verhoor word en dat hulle kragtens die wette van die land, dit wil sê die Romeins-Hollandse Regstelsel, daarin uitspraak moes gee. Kragtens Wet No. 3 van 1876 weer is daar bepaal dat die "koop" van vrouens of veelwywery deur Swartmans, nie deur die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek erken word nie. Verder sou die onder- of Naturellekommissarisse wat kragtens hierdie wet aangestel word ook as huweliksbeamptes aangestel word om kragtens sekere huwelikswette wat deur die Regering opgestel sou word en teen 'n vasgestelde tarief, huwelike tussen Swartes te registreer. Deur die herroeping van hierdie bepalings is, in die eerste instansie, die statutêre bepaling dat geskille tussen die Swartes onderling deur die Romeins-Hollandse Regstelsel verhoor moes word, ter syde gestel en is, tweedens, die beperking wat die Republiek op gewoonteregtelike huwelike van die Swartes geplaas het, opgehef.

In soverre dit die herroeping van die instruksies en wette betref waarna in die Naturelle-administrasiewet verwys word, is daar bepaal dat alle oortredings wat daaronder begaan is

---

174. Sien Afdeling I; Vir die betrokke bepaling, sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.382: Wet No. 9, 1870, Wet "Ter voorkoming van Landlooperij ...", art. 20 en F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.667: Wet No. 3, 1876, Wet "Betreffende de Naturellen ...", art. 24.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en alle strawwe en boetes wat daarvolgens opgelê is, gehandhaaf sou word. Ook sou alle geregtelike stappe wat reeds geneem is of in aanvang geneem het voordat hierdie wet van krag sou word, van krag wees, voortgesit, uitgevoer en toegepas word op dieselfde wyse asof hierdie wet nie aangeneem was nie. Totdat die aanstellings gemaak word waarvoor in die wet voorsiening gemaak word, sou geen bepaling van die wet strydig wees met of inmeng met die gesag wat op daardie stadium nog deur die Swartkapteins en hoofmanne uitgeoefen is nie.[175]

Seker een van die belangrikste bepalings van die Naturelleadministrasiewet, is dié waarvolgens inheemse reg vir die eerste keer statutêr in Transvaal erken word. Hierdie bepaling maak daarvoor voorsiening dat die wette, gewoontes en gebruike wat op daardie stadium onder die Swartbevolking van die Transvaal bestaan het, van krag sou bly behalwe in soverre as wat hierdie gebruike en gewoontes strydig was met die beginsels van natuurlike geregtigheid soos dit dwarsdeur die beskaafde wêreld erken word.[176]

In die praktyk het hierdie bepaling dus beteken dat daar weggedoen is met die stelsel waarvolgens die Swartes kragtens die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek volgens die gemene reg, dit wil sê op dieselfde wyse as die Blankes, geregeer moes word. Daarmee is die weg gebaan vir 'n administrasiestelsel waarvolgens die Swartes onder spesiale beheer geplaas en volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer kon word.

Met die oog daarop om vir 'n beter administrasie vir die Swartes voorsiening te maak, word die goewerneur of die amptenaar wat tydelik met die regering van Transvaal belas was, kragtens

---

175. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 1.

176. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Naturelle-administrasiewet, met volle mag en gesag tot opperhoof oor al die Swartkapteins en Swartes van Transvaal verhef. As opperhoof het hy dieselfde bevoegdheid gehad as wat gewoonlik deur die wette, gebruike en gewoontes van die Swartes aan 'n kaptein verleen word.[177] Saamgaande hiermee word ook die Sekretaris van Naturellesake en die landdroste ex officio as Administrateurs van Inheemse reg benoem.[178]

As opperhoof het die goewerneur of sy plaasvervanger, die bevoegdheid gehad om vir sover as wat dit nie met die bepalings van die Naturelle-administrasiewet strydig was nie, al die mag en gesag wat ooreenkomstig die wette, gebruike en gewoontes van die Swartes tradisioneel by enige opperhoof berus het, oor al die kapteins en Swartes van Transvaal uit te oefen. Met die goedkeuring van die Uitvoerende Raad word die goewerneur of amptenaar wat tydelik met die regering belas was, gemagtig om enige kaptein wat aan enige misdaad skuldig bevind word waardeur die vrede in Transvaal in gevaar gestel kan word, van sy kapteinskap te onthef en van die plek waar hy gewoon het te verwyder. As opperhoof het die goewerneur ook die bevoegdheid gehad om so 'n kaptein onder sodanige toesig en beperkings te plaas as wat raadsaam geag mag word. Daar is egter uitdruklik bepaal dat hierdie optrede van die goewerneur nie deur 'n hof van Transvaal in hersiening geneem mag word nie.[179]

Kragtens die Naturelle-administrasiewet het die goewerneur of die amptenaar wat tydelik met die Regering van Transvaal belas was, die bevoegdheid gehad om in sy hoedanigheid as opperhoof, van tyd tot tyd geskikte persone van Blanke afkoms met die benaming van Administrateurs van Inheemse reg, Swartkapteins en ander Swartamptenare aan te stel om gesag uit te oefen en volgens inheemse reg[180]reg te pleeg oor die Swartes

---

177. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 3.

178. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 4.

179. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 16.

180. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

binne sodanige distrikte waarop besluit mag word. Die goewerneur of die amptenaar wat tydelik met die regering belas was, het ook die bevoegdheid gehad om die Administrateurs van Inheemse reg, Swartkapteins en ander Swartamptenare summier te ontslaan en ander in hulle plek aan te stel.[181]

Die opperhoof het verder die bevoegdheid besit om die uitspraak wat deur 'n Administrateur van Inheemse reg in sowel 'n siviele as kriminele saak gelewer is, te hersien en, indien nodig, die uitspraak ter syde te stel of te wysig. Sover dit kriminele sake betref, kon die opperhoof, indien die vonnis wat deur 'n Administrateur van Inheemse reg opgelê is, vir hom buitengewoon streng voorgekom het, dit eweneens wysig, deur die vonnis, hetsy in die vorm van 'n boete of andersins, te verminder.[182]

Wat die regspleging onder die Swartes betref, het die Naturelle-administrasiewet op grond van die statutêre erkenning van inheemse reg in die Transvaal,[183] ook ten doel gehad om vir 'n behoorlike regspleging onder die Swartes voorsiening te maak.[184] In hierdie verband is reeds daarop gewys dat die goewerneur of amptenaar wat tydelik met die regering van Transvaal belas was, kragtens die Naturelle-administrasiewet, tot opperhoof oor al die Swartkapteins en stamme van Transvaal verhef is.[185] Saamgaande hiermee word ook die Sekretaris van Naturelle-sake en die landdros van elke distrik ex officio as Administrateurs van Inheemse reg aangestel.[186] Die goewerneur of

---

181. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 5.

182. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 10.

183. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 2.

184. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", Inleiding.

185. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 3.

186. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sy plaasvervanger het verder die bevoegdheid verkry om van tyd tot tyd persone van Blanke afkoms as Administrateurs van Inheemse reg, Swartkapteins en ander Swartamptenare aan te stel om gesag uit te oefen en reg te spreek oor die Swartes binne 'n bepaalde distrik.[187] Aan hierdie Administrateurs van Inheemse reg, Swartkapteins en ander Swartamptenare, is die bevoegdheid verleen om binne die perke wat van tyd tot tyd deur die goewerneur bepaal sou word, siviele sake wat mag ontstaan tussen Swartes van die stam of gemeenskap wat onder beheer van so 'n administrateur, kaptein of amptenaar geplaas is, te verhoor en uitspraak daarin te lewer.[188]

In soverre dit die Swartkapteins of ander Swartamptenare betref, word hierdie bevoegdheid aan hulle verleen met dien verstande dat in geval van 'n appêl teen die uitspraak van 'n kaptein of Swartamptenaar, 'n nuwe verhoor voor die Administrateur van Inheemse reg van daardie distrik sal plaasvind. In so 'n geval moet die kaptein of amptenaar teen wie se uitspraak geappelleer word, op versoek van die Administrateur van Inheemse reg wat vir die nuwe verhoor verantwoordelik is, hom van die volgende voorsien: die name van die eiser en verweerder, die oorsaak van die geding, die uitspraak wat gelewer is en op grond waarvan tot so 'n uitspraak gekom is. Hierdie inligting moet dan deur die Administrateur van Inheemse reg op skrif gestel word.[189]

---

187. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 5.

188. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 6.

189. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ter verduideliking van die nuwe verhoor waarna in die voorafgaande verwys word, is dit nodig om daarop te wys dat in die geval van 'n appêl daar nie weer 'n de novo verhoor plaasvind nie, aangesien die rekord, met ander woorde die pleitstukke, relaas van getuienis en die rede vir die uitspraak, beoordeel word. Die feit egter dat die Swartes in die tyd van die Naturelle-administrasiewet oor die algemeen geneem, nie kon lees en skryf nie en sodanige kapteins en ander Swartamptenare dus nie in staat was om rekord te hou van die sake wat hulle verhoor het nie, het waarskynlik diê bepaling om deur middel van 'n nuwe verhoor in hoër beroep te gaan, tot gevolg gehad.

In alle siviele sake tussen Swartes wat deur 'n Administrateur van Inheemse reg verhoor word, kon daar teen die uitspraak van die Administrateur van Inheemse reg, na die landdros in sy hoedanigheid as Administrateur van Inheemse reg van die distrik waarin die Administrateur van Inheemse reg gewoon het wat die saak verhoor het, geappelleer word.[190] Dit het gevolglik beteken dat die jurisdiksie van die Administrateur van Inheemse reg as sodanig laer was as diê van die landdros wat ex officio as Administrateur van Inheemse reg vir sy distrik aangestel was.[191] Afgesien van die appêl na 'n landdros, het elke party tot 'n regsgeding die reg van 'n finale appêl, dit wil sê in die geval van 'n appêl teen die uitspraak van 'n landdros, na die Sekretaris van Naturellesake gehad. Sy uitspraak sou egter nie van krag wees nie en kon ook nie afgedwing word nie, alvorens sy uitspraak nie eers deur die goewerneur in sy hoedanigheid as opperhoof bekragtig was nie.[192]

---

190. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 7.

191. SP 382, pp.513-519: Statement upon the Bill "To make provision for the better Government of, and Administration of Justice among the Native Population of this Province", opgestel deur W.B. Morcom, 19.11.1880.

192. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met betrekking tot die verhoor van siviele sake tussen Swartes is daar egter uitdruklik bepaal dat alle sodanige sake ooreenkomstig die bepalings van die Naturelle-administrasiewet en die reg, gewoontes en gebruike van die Swartes, soos wat dit op daardie stadium van toepassing was, verhoor moes word. Hierdie sake word ook net ooreenkomstig die Swartes se reg, ensovoorts verhoor vir sover hierdie reg, gewoontes en gebruike nie van so 'n aard was dat dit enige klaarblyklike onreg ten doel gehad het of dit strydig was met die aanvaarde beginsels van natuurlike geregtigheid nie. Totdat die aanstellings gemaak word waarvoor die Naturelle-administrasiewet voorsiening gemaak het, moes al die werk wat volgens die wet van 'n Administrateur van Inheemse reg verwag word om te verrig, deur die landdroste in hulle hoedanigheid as Administrateurs van Inhèemse reg en die reeds aangestelde Naturellekommissarisse uitgevoer word.[193]

Om die straf van misdade te vergemaklik in die afgeleë distrikte waar die Administrateur van Inheemse reg moontlik ver van die landdrossetel af gestasioneer mag word,[194] verleen die wet ook kriminele jurisdiksie aan so 'n administrateur van Inheemse reg ten opsigte van minder ernstige misdade en oortredings wat deur Swartes teenoor Swartes binne die distrik van so 'n administrateur gepleeg word. In 'n bylae tot die wet word hierdie misdade meer in die besonder omskryf, naamlik minder ernstige aanrandings, kleiner diefstalle, misdade van soortgelyke aard en ook sodanige misdade as wat die Administrateur van Inheemse reg deur die prokureur-generaal opgedra word om te ondersoek en uitspraak oor te doen. Hierdie jurisdiksie word aan die betrokke Administrateurs van Inheemse reg verleen met dien verstande dat so 'n Administrateur 'n oortreder slegs mag straf deur middel van 'n boete van hoogstens £10 of gevangenisstraf, met of sonder dwangarbeid, van hoogstens drie maande òf lyfstraf wat nie 25 houe oorskry nie.[195]

---

193. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 8.

194. SP 382, pp.513-519: Statement upon the Bill "to make provision for the better Government of, and Administration of Justice among the Native Population of this Province", opgestel deur W.B. Morcom, 19.11.1881.

195. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 9 en bylae tot die wet.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kragtens die Naturelle-administrasiewet het die opperhoof die bevoegdheid verkry om die uitspraak wat deur 'n Administrateur van Inheemse reg in sowel 'n siviele as 'n kriminele saak gelewer is, te hersien en indien nodig die uitspraak ter syde te stel of te wysig. In soverre dit kriminele sake betref, kon die opperhoof, indien die vonnis wat deur 'n Administrateur van Inheemse reg opgelê is, vir hom as buitengewoon streng voorgekom het, eweneens die vonnis gewysig het deur die vonnis, hetsy in die vorm van 'n boete of andersins, te verminder.[196]

In die wet word ook voorsiening gemaak vir die voorbereiding van hofreëls ten einde die howe van die Administrateurs van Inheemse reg in die uitvoering van hulle pligte te lei. Met die oog hierop word die goewerneur gemagtig om met die advies en toestemming van die Uitvoerende Raad van tyd tot tyd reëls en regulasies op te stel met betrekking tot die prosedure en die wyse waarop sake in die howe van die Administrateurs van Inheemse reg hanteer moes word. Die goewerneur moes ook bepaal watter boetes, onkoste hofkoste en vergoeding vir die uitgawes wat deur 'n getuie aangegaan is, in sodanige howe betaal moes word. Reëls en regulasies wat kragtens hierdie bepaling van die wet opgestel word, moes, nadat dit deur die Uitvoerende Raad goedgekeur en in die Staatskoerant gepubliseer is, as deel van die wet beskou word en sou gevolglik ook dieselfde krag en gevolg as die wet self besit. Sodanige reëls en regulasies was egter onderhewig daaraan dat die kroon enige van hierdie reëls en regulasies deur middel van een van sy belangrikste ministers sou kon afwys.[197]

Volgens 'n verdere bepaling van die Naturelle-administrasiewet word aan die prokureur-generaal die bevoegdheid verleen om te gelas dat sekere strafsake deur die landdros in sy

---

196. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 10.

197. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoedanigheid as Administrateur van Inheemse reg van die distrik waarin die misdryf gepleeg is, verhoor moet word. Hierdie sake was manslag, aanranding of enige ander benadeling van die persoon of eiendom van enige Swarte wat vanweë 'n oproer of 'n stamgeveg tussen Swartes veroorsaak is.[198] Waar enige manslag, aanranding of ander onregmatige daad aan 'n persoon of eiendom gepleeg word, en dit tot die bevrediging van die goewerneur of sy plaasvervanger sou blyk dat hierdie misdade deur Swartes veroorsaak is, het die goewerneur die bevoegdheid gehad om hierdie Swartes te beboet. Indien dit verder sou blyk dat daar 'n sameswering tussen 'n stam of gemeenskap van Swartes bestaan het om belangrike inligting of getuienis van deurslaggewende aard in so 'n saak te onderdruk of die skuldige te versteek of om deur lydelike verset teen die wettige owerheid die herhaling van so 'n misdaad of oortreding aan te moedig, het die goewerneur of sy plaasvervanger eweneens die bevoegdheid gehad om so 'n stam of gemeenskap te beboet. Hierdie boete kon egter nie meer as £5 vir elke volwasse manlike persoon te bowe gaan nie en sou ingevorder word op 'n wyse soos wat deur die goewerneur of sy plaasvervanger bepaal word. Afgesien hiervan het die goewerneur ook die bevoegdheid gehad om, soos hy dit geskik geag het, die persone wat beboet was die hele boete of 'n deel daarvan kwyt te skeld.[199]

Volgens die Naturelle-administrasiewet van 1880 is daar verder bepaal dat die misdade wat nie aan die jurisdiksie van die Administrateurs van Inheemse reg onderworpe was nie, deur die gewone howe van die Transvaal verhoor sou word op dieselfde wyse asof sodanige misdade deur Blankes gepleeg is.[200]

---

198. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 12.

199. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 13.

200. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 14.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die wet het verder daarvoor voorsiening gemaak dat al die boetes en gelde wat kragtens die wet betaalbaar was, tot voordeel van die Regering by die tesourie inbetaal moes word.[201] Aan die goewerneur of sy plaasvervanger is die bevoegdheid verleen om met die advies en toestemming van die Uitvoerende Raad, sodanige reëls en regulasies op te stel en orders uit te reik as wat hy van tyd tot tyd nodig en raadsaam geag het vir die behoorlike funksionering en uitvoering van hierdie wet. Reëls, regulasies en orders wat op hierdie wyse opgestel word,sou as deel van die wet beskou word en gevolglik dieselfde regskrag en effek besit.[202]

Hoewel die Naturelle-administrasiewet of Wet No. 11 van 1881 dieselfde inhoud as Wet No. 26 van 1875 van Natal gehad het, het die twee wette tog in sekere opsigte van mekaar verskil. Anders as in die geval van die Natalse wet, het Wet No. 11 van 1881 daarvoor voorsiening gemaak dat 'n appêl teen die uitspraak van 'n landdros in sy hoedanigheid as Administrateur van Inheemse reg, na die Sekretaris van Naturellesake gevoer word, terwyl daar ook nie vir 'n hoër hof vir die Swartes in Transvaal voorsiening gemaak is nie. 'n Verdere verskil was dat in Transvaal die opstelling van reëls,regulasies en orders in verband met die prosedure en die wyse waarop sake in die howe van die Administrateurs van Inheemse reg hanteer moes word, op die Goewerneur-in-Uitvoerende Raad oorgegaan het.[203]

Kragtens 'n bepaling van die wet, sou die Naturelle-administrasiewet in werking tree op die datum waarop dit in die Staatskoerant afgekondig word [204]- 'n afkondiging wat, soos die tyd sou leer, eers op 19 Julie 1881, meer as 'n jaar nadat die wet aangeneem is, sou geskied!

---

201. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art.15.

202. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 17.

203. E.H. Brookes: The History of Native Policy in South Africa ..., p.126; G.A. Brand: Die Regspleging van die Bantoe in Suid-Afrika, Vol. I, p.197.

204. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 18.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 19.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uitgaande van die bepalings van die Naturelle-administrasiewet van 1880 met betrekking tot die administrasie van die Swartes en gelet op die posisie wat die Sekretaris van Naturellesake in die administrasie van hierdie mense beklee het, is dit duidelik dat daar 'n administrasiestelsel vir die Swartes in Transvaal tot stand gekom het wat soos volg daaruit gesien het. Aan die hoof van hierdie stelsel het die goewerneur of sy plaasvervanger as opperhoof oor al die Swartkapteins en Swartes van Transvaal gestaan. As opperhoof het hy dieselfde bevoegdheid gehad as wat gewoonlik deur die reg, gebruike en gewoontes van die Swartes aan 'n kaptein verleen word.[205] Verder kon hy al die mag en gesag wat ooreenkomstig die reg, gebruike en gewoontes van die Swartes tradisioneel by 'n opperhoof berus het, oor al die kapteins en Swartes van die Transvaal uitoefen. Met die goedkeuring van die Uitvoerende Raad het hy ook die bevoegdheid gehad om as opperhoof enige kaptein wat hom skuldig gemaak het aan 'n misdaad waardeur die vrede in Transvaal in gevaar gestel kon word, van sy kapteinskap te onthef en hom van die plek waar hy gewoon het te verwyder. Ook kon hy so 'n kaptein onder sodanige toesig en beperkings plaas as wat hy raadsaam geag het. Daar is egter uitdruklik bepaal dat hierdie optrede van die opperhoof nie deur 'n hof van Transvaal in hersiening geneem kon word nie.[206] Wat die regspleging onder die Swartes betref, het die opperhoof die bevoegdheid gehad om die uitspraak wat deur 'n Administrateur van Inheemse reg in sowel 'n siviele as kriminele saak gelewer is, te hersien en, indien nodig, die uitspraak ter syde te stel.[207]

Onder die goewerneur as opperhoof het die Sekretaris van Naturellesake as die hoof uitvoerende amptenaar van die Departement van Naturellesake gestaan. Afgesien van al die verpligtings wat daar op hom gerus het, het elke party in 'n regsgeding tussen Swartes, kragtens die Naturelle-administrasiewet, die reg van 'n finale appêl na die Sekretaris van Naturellesake gehad. Sy uitspraak sou egter nie van krag wees nie en kon

---

205. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 3.

206. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 16.

207. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 5.

ook nie afgedwing word nie, alvorens dit nie eers deur die opperhoof bekragtig was nie.[208]

Volgens die Naturelle-administrasiewet is daar, ondergeskik aan die Sekretaris van Naturellesake, verder voorsiening gemaak vir die aanstelling van Blanke persone as Administrateurs van Inheemse reg, Swartkapteins en ander Swartamptenare om gesag uit te oefen en reg te spreek oor die Swartes binne 'n bepaalde distrik.[209] Aan hierdie Administrateurs van Inheemse reg, Swartkapteins en ander Swartamptenare, is die bevoegdheid verleen om binne die perke wat van tyd tot tyd deur die goewerneur bepaal sou word, siviele sake tussen die Swartes van die stam of gemeenskap wat onder die beheer van so 'n Administrateur, kaptein of amptenaar geplaas is, te verhoor en uitspraak daarin te doen.[210] Kragtens 'n verdere bepaling van hierdie wet, moes alle siviele sake tussen Swartes volgens die reg, gewoontes en gebruike van die Swartes verhoor word vir sover hierdie reg, gewoontes en gebruike nie met die aanvaarde beginsels van natuurlike geregtigheid strydig was nie.[211] Hierdie Administrateurs van Inheemse reg was dus kragtens die bepalings van die Naturelle-administrasiewet siviele magistrate, wat tensy hulle daartoe aangesê word, geen fiskale pligte gehad het nie.[212] Aangesien hulle jurisdiksie tot siviele sake tussen Swartes en minder ernstige kriminele oortredings[213] deur Swartes beperk was, het die Administrateurs van Inheemse reg geen mag oor lewe en dood gehad nie.[214]

---

208. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 7.

209. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 5.

210. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 6.

211. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 8.

212. C 3219, p.92, par. 1976: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

213. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 9; C 3219, p.92, par. 1980: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

214. C 3219, p.92, par. 1980: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

6. H.C. Shepstone se voorgestelde hofreëls

Kort nadat Henrique Shepstone die konsep van die Naturelle-administrasiewet aan Owen Lanyon oorhandig het, het hy op 2 April 1880 ook 'n aantal hofreëls of, soos hy dit genoem het, reëls en regulasies, aan hom voorgelê wat hy van voorneme was om kragtens die Naturelle-administrasiewet vir goedkeuring aan Lanyon voor te lê.[215] Hoewel dit nie deur Henrique vermeld word nie, bestaan daar min twyfel dat hy as Sekretaris van Naturellesake hierdie hofreëls na aanleiding van klousule 11 van die konsepwet opgestel het.[216] Volgens hierdie klousule word die goewerneur of die amptenaar wat tydelik met die regering van die Transvaal belas was, gemagtig om met die advies en toestemming van die Uitvoerende Raad van tyd tot tyd reëls en regulasies op te stel met betrekking tot die prosedure en die wyse waarop sake in die howe van die Administrateurs van Inheemse reg hanteer moes word. Die goewerneur of sy plaasvervanger moes ook bepaal watter boetes, onkoste hofkoste en vergoeding vir die uitgawes wat deur 'n getuie aangegaan is, in sodanige howe betaal moes word. Die reëls en regulasies wat kragtens hierdie bepaling van die wet opgestel word, moes nadat dit deur die Uitvoerende Raad goedgekeur en in die Staatskoerant gepubliseer is, as deel van die Naturelle-administrasiewet beskou word en sou gevolglik ook dieselfde krag en gevolg as die wet self besit het. Sodanige reëls en regulasies was egter onderhewig daaraan dat die kroon enige van hierdie reëls en regulasies deur middel van een van sy belangrikste ministers sou kon afwys.[217]

Toe hierdie hofreëls hierna deur Lanyon ter hand geneem is, het hy versoek dat dit aan hoofregter J.P. de Wet vir kommentaar oorhandig word en dat hy die aangeleentheid met hom wou

---

215. SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 2.4.1880. Hierby Rules and Regulations proposed under Native Administration Law; SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, opgestel deur H.C. Shepstone, g.d., April 1880.

216. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 4.5.1880: G.K. No. 109, 1880, 4.5.1880, Bill "To make provision for the better Government of and administration of Justice among the native population of this Province", art. 11.

217. Die art. is onveranderd deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur as art. 11 van die Naturelle-administrasiewet. Sien in die verband ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bespreek nadat hy die stuk deurgegaan het.[218] Enkele dae hierna is dié stuk gevolglik aan De Wet voorgelê.[219]

Of hierdie hofreëls hierna deur Lanyon en De Wet bespreek is, kan nie vasgestel word nie. Op 23 April 1880 het Lanyon egter opdrag gegee dat sowel die wetsontwerp van die Naturelle-administrasiewet as die hofreëls uit Engels in Nederlands vertaal word, waarna die wetsontwerp in die goewermentskoerant gepubliseer moes word. Die hofreëls moes egter teruggehou word en eers gepubliseer word wanneer die wetsvoorstel deur die Wetgewende Vergadering as wet aangeneem was.[220] Gevolglik is die wetsvoorstel op 4 Mei in die Transvaalsche Goevernements Courant gepubliseer,[221] waarna dit op 7 Junie 1880 deur die Wetgewende Vergadering as wet goedgekeur is. Wat artikel 11 van die wetsvoorstel betref, naamlik dié artikel waarvolgens vir die voorbereiding van die nodige hofreëls voorsiening gemaak word, is ook die artikel, soos reeds aangetoon, sonder enige wysigings, as artikel 11[222] van die Naturelle-administrasiewet goedgekeur.

Teen die einde van Augustus is die wet gedruk en is daar terselfdertyd by George Hudson navraag gedoen of ook die hofreëls gedruk moes word.[223] Hudson het hierop geantwoord dat dit wel

---

218. SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Nota van W.O. Lanyon - Privaat Sekretaris, 8.4.1880.

219. SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Nota van G.Y. Lagden - Hoofregter De Wet, 17.4.1880.

220. SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Nota van W.O. Lanyon - Koloniale Sekretaris, 23.4.1880.

221. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 4.5.1880: Bill "To make provision for the better government of and administration of Justice among the native population of this Province".

222. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 11.

223. SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Nota van G.I. Davies - Koloniale Sekretaris, 27.8.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedruk moes word, maar dat hy gesien het dat dit eers aan die hand van die Naturelle-administrasiewet nagesien moes word voordat dit gepubliseer kon word.[224] Of die hofreëls teen hierdie tyd, soos die betrokke artikel van die wet vereis het,[225] reeds deur die Uitvoerende Raad goedgekeur was, kan nie vasgestel word nie. Aangesien daar geen wysigings aangebring is aan die hofreëls soos wat Henrique dit in April 1880 opgestel het nie, en die betrokke artikels van die Naturelle-administrasiewet ook nie in die deur Henrique oopgelate ruimtes in die hofreëls ingevul is nie,[226] ontstaan die vermoede dat dit nie deur die Uitvoerende Raad onder oë geneem is nie. Nietemin, die feit dat die Naturelle-administrasiewet eers deur die Britse kroon goedgekeur moes word, het tot gevolg gehad dat die hofreëls in afwagting hiervan nie gepubliseer is nie.[227] In opdrag van Lanyon moes dit nie gepubliseer word alvorens die wet nie eers deur die kroon goedgekeur is nie.[228]

Hoewel die Naturelle-administrasiewet vanweë die omstandighede wat later beskryf sal word, eers op 19 Julie 1881 afgekondig is,[229] is die hofreëls waarvoor in die wet voorsiening gemaak word en reeds in April 1880 deur Henrique Shepstone opgestel is, nie by die geleentheid gepubliseer nie. Dit laat gevolglik die vermoede ontstaan dat toe die wet afgekondig is, Henrique se hofreëls geheel en al vergete gebly het. Ten spyte hiervan egter, is dit nietemin na aanleiding van 'n bepaling

---

224. SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Nota van G. Hudson - G.I. Davies, 1.9.1880.

225. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No.11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 11.

226. Sien in dié verband SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, April 1880; SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law. Sien bv. artikel 1 en 6.

227. SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Nota van G. Hudson - W.O. Lanyon, 19.11.1880.

228. SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Nota van W.O. Lanyon - Koloniale Sekretaris, 25.11.1880.

229. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government of, and Administration of Justice among the Native Population of this Province", Pretoria, 14.7.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van en as deel van die Naturelle-administrasiewet opgestel en word daar as gevolg hiervan 'n uiteensetting van die hofreëls gegee. Vooraf moet egter daarop gewys word dat aangesien Henrique hierdie hofreëls na aanleiding van die wetsontwerp van die Naturelle-administrasiewet opgestel het, daar in die bespreking daarvan na die klousules van die wetsontwerp verwys sal word. Die feit egter dat hierdie klousules sonder enige wysigings en met dieselfde nommers as die artikels van die Naturelle-administrasiewet goedgekeur is, beteken gevolglik dat die klousules van die wetsontwerp waarna verwys word, dieselfde is as die betrokke artikels van die finale wet.

Die eerste klousule van die hofreëls gee 'n omskrywing van die betekenis van die woord Administrateur soos dit in hofreëls gebruik word.[230] In dié verband word daar wel in die hofreëls verklaar dat die woord Administrateur beskou word om dieselfde betekenis te hê as die Administrateur van Inheemse reg soos wat dit in 'n bepaalde klousule van die wetsontwerp van die Naturelle-administrasiewet gebruik word. Die feit egter dat Henrique hierdie hofreëls na aanleiding van die wetsontwerp opgestel het, het tot gevolg gehad dat hy, waarskynlik met die oog daarop om die betrokke artikel in te vul eers wanneer die wet in sy finale vorm was, nie die betrokke artikel in die hofreëls aangebring het nie.[231]

Hoewel daar dus as gevolg hiervan geen aanduiding is watter klousule Henrique in dié opsig in gedagte gehad het nie, wil dit nietemin voorkom asof die vierde en vyfde klousules van die wetsontwerp[232] op die aangeleentheid betrekking het. Op

---

230. SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 1; SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, g.d.,April 1880, klousule 1.

231. Sien in dié verband SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 1; SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 1.

232. D.w.s. die vierde en vyfde artikels van die Naturelle-administrasiewet van 1880.

grond van hierdie klousules het die woord Administrateur dus betrekking gehad op sowel die Sekretaris van Naturellesake en die landdroste wat ex officio Administrateurs van Inheemse reg was, as die Blanke persone wat deur die goewerneur of sy plaasvervanger onder die benaming van Administrateurs van Inheemse reg aangestel sou word.[233]

Kragtens die tweede klousule van die hofreëls[234] word die administrateurs, Swartkapteins en ander Swartamptenare gemagtig om soos bepaal in klousule ses van die wetsontwerp en artikel ses[235] van die Naturelle-administrasiewet, alle siviele sake tussen Swartes wat aan hulle voorgelê word te verhoor en uitspraak daarin te lewer.

Ooreenkomstig die bepalings van klousule 11 van die wetsontwerp en artikel 11 van die Naturelle-administrasiewet,[236] word in die verdere bepalings van die hofreëls 'n aantal reëls neergelê wat die Administrateurs van Inheemse reg, dit wil sê die landdroste en die Blanke persone wat as Administrateurs van Inheemse reg aangestel sou word, in die uitvoering van hulle pligte moes lei. Die eerste aantal van hierdie reëls handel oor die meer algemene reëls wat deur die Administrateurs van Inheemse reg nagekom moes word.[237] Hiervolgens word bepaal dat

---

233. Vir die konsepwet sien ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 4.5.1880: G.K. No. 109, 1880, Bill "To make provision for the better Government of and administration of Justice among the native population of this Province", klousule 4 en 5; Vir die finale wet sien ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 4 en 5.

234. SS 449 adR3464/80 by R3464/80 en SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 2.

235. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 4.5.1880: G.K. No. 109, 1880, Bill "To make provision for the better Government ...", klousule 6; ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 6.

236. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 4.5.1880: G.K. No. 109, 1880, Bill "To make provision for the better Government ...", klousule 11; ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 11.

237. Klousules 3 - 9.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Swart eiser wat oor die uitspraak van enige Swartkaptein of Swartamptenaar veronreg voel, op 'n nuwe verhoor geregtig sal wees wanneer hy 'n bedrag van 5/- sou betaal. Hierdie verhoor sou plaasvind voor die administrateur van die distrik waarin die klaer gewoon het. In dié geval van so 'n nuwe verhoor, was die administrateur voor wie die verhoor sou plaasvind, verplig om onmiddellik met die kaptein of Swartamptenaar oor wie se uitspraak die klaer veronreg gevoel het, in verbinding te tree ten einde hom te versoek om die administrateur van die nodige inligting te voorsien waarvoor in die betrokke artikel[238] van die Naturelle-administrasiewet voorsiening gemaak word.[339]

In die geval van sowel 'n gewone as 'n appêlsaak wat in die hof van 'n administrateur gedien het, moes die klaer in die saak die administrateur of sy klerk, indien daar een was, op die hoogte gestel het met die klag en ook die name verstrek van die getuies wat gedagvaar moes word. Wanneer die saak dan verhoor word, sou die verweerder en die getuies deur die administrateur of sy klerk gedagvaar word.[240] Dagvaardings

---

238. Ofskoon die betrokke artikel nie in die Rules and Regulations ... ingevul is nie (Sien SS 449, adR3464/80 by R3464/80 en SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations ... klousule 3) wil dit tog voorkom asof hierdie bepaling op klousule 6 van die wetsontwerp en art. 6 van die Naturelle-administrasiewet betrekking gehad het. Sien in die verband ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881, Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 6; ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 4.5.1880: G.K. No. 109, 1880, Bill "To make provision for the better Government ...", klousule 6.

239. SS 449, adR3464/80 by R3464/80 en SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations ..., klousule 3.

240. SS 449, adR3464/80 by R3464/80 en SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations ..., klousule 4. Die laaste sin kom nie voor by die Rules and Regulations ..., wat by SS 449, adR3464/80 by R3464/80 berus nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moes mondelings deur middel van 'n Swartboodskapper geskied waarvoor aan hom 'n bedrag betaal sou word soos deur die administrateur vasgestel sou word. By die betaling van hierdie bedrag moes ook die afstand wat die boodskapper moes aflê om die dagvaarding oor te dra in aanmerking geneem word. Onder geen omstandighede moes hierdie bedrag 3d vir ongeveer een-en-'n-half kilometer oorskry het nie.[241]

'n Getuie wat behoorlik gedagvaar is en nie sy opwagting by die hof gemaak het wanneer die saak verhoor word waarin hy getuie was nie, het homself aan 'n boete van hoogstes £2 of gevangenisstraf, met of sonder dwangarbeid van een maand blootgestel.[242]

In geval van minagting van die hof, het die administrateurs die bevoegdheid gehad om summier met so 'n saak te handel. In diê opsig kon hulle 'n boete van hoogstens £5 of gevangenisstraf, met of sonder dwangarbeid, vir enige tydperk nie langer as vir 'n maand nie, of lyfstraf van hoogstens 15 houe oplê.[243] Die administrateurs was ook verplig om in elke saak wat hulle verhoor, volledige aantekeninge te maak van die getuienis wat gelewer is en van die prosedure wat in so 'n saak gevolg is.[244] Prokureurs of agente sou nie toegelaat word om vir 'n klaer in die howe van die administrateurs te verskyn nie.[245]

Die volgende aantal klousules van die hofreëls handel oor die prosedure wat gevolg moes word wanneer daar teen die uitspraak van 'n Administrateur van Inheemse reg geappelleer word wat kragtens klousule vyf van die wetsontwerp en artikel vyf

---

241. SS 449, adR3464/80 by R3464/80 en SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations .., klousule 5.

242. SS 449, adR3464/80 by R3464/80 en SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations .., klousule 6.

243. SS 449, adR3464/80 by R3464/80 en SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations .., klousule 7.

244. SS 449, adR3464/80 by R3464/80 en SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations .., klousule 8.

245. SS 449, adR3464/80 by R3464/80 en SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations .., klousule 9.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die wetsontwerp en artikel vyf van die Naturelle-administrasiewet aangestel is.[246] Hiervolgens word die landdros van die distrik in sy hoedanigheid as Administrateur van Inheemse reg gemagtig om enige appêl teen die uitspraak van so 'n Administrateur van Inheemse reg, in oorweging te neem.[247] Indien 'n Swartklaer van voorneme was om teen die uitspraak van 'n administrateur na die landdros van die distrik te appelleer, moes hy die administrateur daarvan in kennis stel. Nadat hy 'n bedrag van £2 betaal het, was die administrateur verplig om hom van 'n afskrif te voorsien van die aantekeninge wat hy van die verhoor gemaak het en moes die administrateur tewens ook die landdros van die appêl in kennis stel. Afgesien van die £2 waarna hierbo verwys is, sou geen verdere gelde vir 'n appêl gevorder word nie.[248]

Wanneer die appellant die afskrif van die aantekeninge wat tydens die verhoor van die saak deur die administrateur gemaak is aan die landdros voorgelê het, sou hy so spoedig moontlik 'n datum vir die verhoor van die appêl bepaal. Ook sou die landdros die betrokke partye deur middel van die administrateur van diê datum in kennis laat stel.[249]

Voortvloeiende uit die voorafgaande handel die hieropvolgende bepalings van die hofreëls weer oor die prosedure wat gevolg moes word wanneer daar teen die uitspraak van 'n landdros in 'n gewone of appêlsaak geappelleer word. Indien 'n Swartklaer ontevrede was met die uitspraak van 'n landdros in 'n gewone of appêlsaak, kon hy, nadat hy £5 betaal het, toestemming verkry om na die opperhoof te appelleer. In so 'n geval was die landdros verplig om die opperhoof deur middel van die Sekretaris

---

246. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 4.5.1880: G.K. No. 109, 1880, Bill "To make provision for the better Government ...", klousule 5; ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 5.

247. SS 449, ad R3464/80 by R3464/80 en SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations ..., klousule 10.

248. SS 449, ad R3464/80 by R3464/80 en SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations ..., klousule 11.

249. SS 449, ad R3464/80 by R3464/80 en SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations ..., klousule 12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van Naturellesake van die appèl in kennis te stel. Terselfdertyd moes die landdros ook die aantekeninge wat van die hofverrigtinge en van die getuienis wat afgelê is, gemaak is, aan die Sekretaris van Naturellesake stuur.[250] Ter inligting van al die partye in die geding, moes die Sekretaris van Naturellesake dan die betrokke landdros in kennis stel van die dag waarop die opperhoof die appèl sou aanhoor.[251]

Die hofreëls het verder bepaal dat die landdroste en Administrateurs van Inheemse reg verplig was om aan die einde van elke maand, 'n staat van al die sake tussen Swartes waarin hulle gedurende die maand uitspraak gelewer het, aan die Sekretaris van Naturellesake te stuur. Hy was dan verplig om hierdie sake na te gaan en indien hy enige klaarblyklike onreg of ander ongerymdheid teengekom het, moes hy die aangeleentheid aan die opperhoof rapporteer met die oog daarop om dit in opdrag van die opperhoof onmiddellik reg te stel.[252]

In die lig van die voorafgaande en wanneer alle ander besonderhede links gelaat word, blyk dit dat daar volgens die Naturelleadministrasiewet van 1880 voorsiening gemaak is vir 'n regsprekende stelsel vir die Swartes waarvolgens die Administrateurs van Inheemse reg, Swartkapteins en Swartamptenare die bevoegdheid verkry het om siviele sake tussen Swartes te verhoor en daarin uitspraak te lewer.[253] Hierdie sake sou volgens die wette en gewoontes van die Swartes, dit wil sê volgens inheemse reg, verhoor word.[254] Die bevoegdheid om siviele sake te verhoor, is aan die Swartkapteins en amptenare

---

250. SS 449, adR3464/80 by R3464/80 en SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations ..., klousule 13.

251. SS 449, adR3464/80 by R3464/80 en SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations ..., klousule 14.

252. SS 449, adR3464/80 by R3464/80 en SN 3, Ongenommerde stuk: Rules and Regulations ..., klousule 15.

253. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ..., art.6; SS 449 adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 2.

254. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verleen met dien verstande dat in geval van 'n appêl teen die uitspraak daar 'n nuwe verhoor sou plaasvind voor die Administrateur van Inheemse reg van die distrik waarin die appellant gewoon het.[255]

Daar is verder voorsiening gemaak daarvoor dat aan die Administrateurs van Inheemse reg die bevoegdheid verleen word om afgesien van die appêlsake waarna in die voorafgaande verwys is, ook gewone siviele sake tussen Swartes te verhoor.[256] Teen die uitspraak van hierdie Administrateur van Inheemse reg, kan daar na die landdros in sy hoedanigheid as Administrateur van Inheemse reg geappelleer word.[257]

Aan die landdroste is daar vervolgens die bevoegdheid verleen om benewens gewone siviele sake tussen Swartes[258] ook appêlsake teen die uitspraak van 'n Swartkaptein of 'n amptenaar[259] en teen die uitspraak van 'n Administrateur van Inheemse reg soos in die voorafgaande paragraaf omskryf is, aan te hoor.[260] Indien 'n klaer ontevrede was met die uitspraak van 'n landdros in 'n gewone of 'n appêlsaak, het so 'n klaer 'n finale appêl na die

---

255. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 6; SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 3.

256. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 6; SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 4.

257. SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 10.

258. SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 13.

259. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 6; SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 3.

260. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881 "Law to make provision for the better Government ...", art. 7; SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 10.

opperhoof deur die Sekretaris van Naturellesake gehad.[261] Die opperhoof het dan die bevoegdheid gehad om die uitspraak van die Administrateur van Inheemse reg in sowel 'n siviele as kriminele saak te hersien en indien nodig, die uitspraak ter syde te stel of te wysig.[262]

Wanneer die regsprekende stelsel waarvoor die Naturelle-administrasiewet voorsiening gemaak het, vergelyk word met die wyse waarop die regspleging van ongeveer Januarie 1880 af onder die Swartes uitgeoefen is, dan blyk dit dat daar afgesien van enkele uitsonderings feitlik geen verskil was tussen die regsprekende stelsel van die Naturelle-administrasiewet en dié wat van Januarie 1880 af van toepassing was nie. Verder, soos later aangetoon sal word, is hierdie wet eers sowat drie weke voor Transvaal se teruggawe aan die Boere in Augustus 1881 geproklameer. Hierdie toestand van sake en die feit dat daar as gevolg hiervan nie Blanke persone as Administrateurs van Inheemse reg aangestel is nie, het egter nie beteken dat daar van Junie 1880 af tot Julie 1881 geen reg onder die Swartes gespreek is nie. Die feit dat die Transvaalse regering nog voor die aanname van die Naturelle-administrasiewet deur middel van die Naturellekommissarisse en die landdroste besig was om die regspleging onder die Swartes uit te oefen op 'n wyse wat vir alle praktiese doeleindes dieselfde was as dié waarvoor hierdie wet voorsiening gemaak het, het tot gevolg gehad dat hoewel die wet nie na die aanname daarvan geproklameer is nie, hierdie amptenare nietemin voortgegaan het om reg onder die Swartes te spreek. Trouens, selfs die Naturelle-administrasiewet het bepaal dat totdat die aanstellings gemaak sou word waarvoor hierdie wet voorsiening maak, al die werksaamhede wat van die Administrateurs van Inheemse reg verwag word, deur die landdroste in hulle hoedanigheid as Administrateurs van Inheemse reg en die reeds aangestelde Naturellekommissarisse gedoen moes word.[263] As gevolg hiervan het

---

261. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 7; SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 13.

262. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 10.

263. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Henrique dan ook in Julie 1881 aan die Koninklike Kommissie te kenne gegee dat ofskoon die Naturelle-administrasiewet na die aanname daarvan in Junie 1880 nie geproklameer is nie, die Transvaalse regering nietemin volgens die bepalings van hierdie wet gehandel het.[264]

Hierdie stand van sake het onder andere tot gevolg gehad dat Henrique Shepstone met die loop van tyd met ander oë na sekere bepalings van die Naturelle-administrasiewet begin kyk het. In Julie 1880 het hy daaraan begin twyfel of die intermediêre appêl van die Naturellekommissarisse na die landdroste en daarna na die Sekretaris van Naturellesake behou moes word. Waarskynlik as gevolg van die aanstelling van meer Naturelle-kommissarisse en met die oog daarop om nie die Swartes met te veel amptenare te verwar oor wie die hoof van 'n distrik was nie, was hy van mening dat dit die beste sou wees indien daar slegs een appêl, naamlik van die Naturellekommissarisse na die Sekretaris van Naturellesake sou wees.[265] Hoewel daar geen bewys teruggevind kon word dat daar 'n verandering in hierdie opsig teweeggebring is nie, het Henrique nietemin in sy getuienis voor die Koninklike Kommissie verklaar dat daar teen die uitspraak van 'n Naturellekommissaris na die goewerneur as opperhoof deur die Sekretaris van Naturellesake geappelleer kon word.[266] Dit wil dus op grond hiervan voorkom asof die intermediêre appêl in diê distrikte waar daar sowel 'n landdros as Naturellekommissaris was, op die een of ander stadium laat vaar is.

---

264. C 3219, p.93, par.2005: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881. Die indruk wat deur sommige skrywers geskep word asof die Naturelle-administrasiewet (Wet No. 11, 1881) met die oog daarop dat dit eers in Julie 1881 geproklameer is, geensins gedurende die Britse bewind in Transvaal in werking gestel is nie, is dus nie korrek nie. Sien in diê verband o.a. E.H. Brookes: The History of Native Policy in South Africa ..., p.125 en G.A. Brand: Die Regspleging van die Bantoe in Suid-Afrika, Vol. I, p.197.

265. T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone - T. Shepstone, Zoutpansberg, 8.7.1880.

266. C 3219, p.92, par. 1988: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kragtens die bepalings van die Naturelle-administrasiewet was die Naturellekommissarisse wat die werksaamhede van die Administrateurs van Inheemse reg op hulle geneem het, siviele magistrate wat siviele sake tussen Swartes volgens inheemse reg moes verhoor.[267] Tensy hulle so 'n opdrag ontvang het, het hulle geen fiskale pligte gehad nie.[268] Aangesien hulle jurisdiksie tot siviele sake tussen Swartes en minder ernstige kriminele oortredings deur Swartes beperk was, het die Naturellekommissarisse geen mag oor lewe en dood gehad nie.[269]

Afgesien van die statutêre bepalings in verband met die regspleging onder die Swartes, was daar ook 'n aantal ander sake wat hiermee in verband gestaan het en waarop die aandag ten slotte gevestig moet word. In die uitoefening van hulle regspraak het die Naturellekommissarisse nie as assessore vir die Swartkapteins nie, maar geheel en al onafhanklik opgetree.[270] Aangesien inheemse reg ongekodifiseerd was, het die Naturellekommissarisse, afgesien van wat hulle self in verband met die Swartes se reg en gewoontes geleer het, inligting oor inheemse reg by die ouer Swartes gekry. Oor die algemeen het die Naturellekommissarisse 'n hoofman by hulle op kantoor gehad wat hulle met betrekking tot inheemse reg geadviseer het.[271]

---

267. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 8; C 3219, p.92, par. 1981: H.C. Shepstone se getuienis, voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

268. C 3219, p.92, par. 1976: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

269. C 3219, p.92, par. 1980: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

270. C 3219, p.92. par. 1985: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

271. C 3219, p.92, par. 1989: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer daar 'n siviele geding tussen Swartes sou ontstaan, het die partye tot die geding die reg gehad om hulle eie hof te kies.[272] Dit het hulle met ander woorde geheel vry gestaan om indien hulle dit sou verkies, hulle saak eers aan die kaptein voor te lê[273] ofskoon daar ook geen verhindering was om die geding direk na die hof van die Naturellekommissaris te neem nie.[274] Selfs in die geval van siviele sake wat uit eise in verband met huweliksgewoontes en erfenisse wat nogal baie voorgekom het[275] gespruit het, het die Swartes hierdie sake nie noodwendig aan die kaptein voorgelê nie.[276]

Indien 'n Naturellekommissaris 'n kaptein se uitspraak gehandhaaf het en die Swarte wat teen die kaptein se uitspraak geappelleer het, sou weier om aan die kaptein se beslissing gehoor te gee, het die Naturellekommissaris die bevoegdheid gehad om die kaptein se beslissing op hom af te dwing.[277] Die feit dat 'n kaptein se uitspraak aan appêl onderhewig was, het in werklikheid daarop neergekom dat die kaptein se optrede en beslissings, soos sir Theophilus Shepstone aangevoer het, aan toesig onderworpe was.

---

272. C 3219, p.92, par. 1997: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

273. C 3219, p.92, par. 1985: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

274. C 3219, p.92, par. 1997: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

275. C 3219, p.92, par. 1995: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

276. C 3219, p.92, par. 1996: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

277. C 3219, p.29, par. 1988: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7. Die Naturelle-administrasiewet word verlê en in Julie 1881 deur die Koninklike Kommissie as Wet No. 11 van 1881 geproklameer

Sowat drie weke nadat die Naturelle-administrasiewet van 1880 deur die Wetgewende Vergadering aangeneem is, het Lanyon gelas dat die prokureur-generaal ondersoek moes instel of enige van die wette wat deur die Wetgewende Vergadering op die wetboek geplaas is, kragtens die voorgeskrewe reëls in dié verband[278] vir goedkeuring deur die kroon gereserveer moes word. In die uitvoering van hierdie opdrag het Morcom tot die besluit gekom dat die Naturelle-administrasiewet wel vir goedkeuring gereserveer moes word of ten minste eers vir verdere instruksies aan die Hoë Kommissaris voorgelê moes word.[279]

Die feit dat die Naturelle-administrasiewet eers goedgekeur moes word, het gevolglik beteken dat die wet nie geproklameer kon word nie. Dit en die bepaling dat die wet eers in werking sou tree nadat dit in die Staatskoerant geproklameer is,[280] het dus inderdaad beteken dat alvorens dit nie voor die kroon goedgekeur is nie, die wet 'n dooie letter was.

Teen die helfte van Augustus 1880 het Morcom terdeë bewus van sy verslag dat die Naturelle-administrasiewet eers deur die kroon goedgekeur moes word, die kwessie van die proklamering van die wet aangeroer. Met die oog daarop om 'n beter regspleging vir die Swartes in die Transvaal te bewerkstellig het hy die wenslikheid dat die wet spoedig geproklameer moes word teenoor Lanyon geopper.[281] Die feit dat Henrique Shepstone onmiddellik na die aanname van die wet in Junie 1880

---

278. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.374-735: Transvaal. Open Brief ... om te voorzien in een Uitvoerenden Raad en Wetgevende Vergadering voor de Provincie en het Grondgebied de Transvaal, 8.11.1879, art. 25; Sien ook SS 449, R3464/80: Memo.for Royal Commissioners, E. Wood, 9.7.1881.

279. SS 436, R2677/80: Nota van W.B. Morcom - Koloniale Sekretaris, 3.7.1880; SP 382, p.260: Nota van W.B. Morcom - Koloniale Sekretaris, 3.7.1880.

280. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 19.

281. SS 449, R3464/80: Nota van W.B. Morcom - Koloniale Sekretaris, 17.8.1880.

na Lydenburg vertrek het om die hutbelasting te gaan invorder[282] en hy ten tye van Morcom se skrywe nog in die Zoutpansbergse distrik daarmee besig was, het tot gevolg gehad dat Morcom nog nie die geleentheid gehad het om die aangeleentheid met hom te kon bespreek nie. Tog was hy van mening dat Henrique met hom sou saamstem dat die toenemende afhanklikheid van die Swartes van die regeringsamptenare in die verskillende distrikte, die klem laat val het op die noodsaaklikheid om die nodige middele te verskaf ten einde die wet toe te pas sodat misdaad onder die Swartes in alle dele, maar veral in die afgeleë dele van die Transvaal, gestraf kon word.[283]

Hierdie voorstel van Morcom het egter geen praktiese resultate tot gevolg gehad nie, doodeenvoudig omdat die Naturelle-administrasiewet nie op daardie stadium en ook nie daarna vir goedkeuring Engeland toe gestuur is nie. In sy getuienis voor die Koninklike Kommissie het Henrique Shepstone as rede hiervoor aangevoer dat Lanyon vanweë die een of ander rede nooit die wet geproklameer het nie[284] en dat die wet as gevolg van een of ander rede waarvan hy nie geweet het nie, nie vir goedkeuring Engeland toe gestuur is nie.[285] Volgens 'n nota wat in Julie 1881 aan die Koninklike Kommissie voorgelê is, blyk dit egter dat die Naturelle-administrasiewet nie vir goedkeuring aan die Minister van Kolonies voorgelê is nie, omdat die dokumente wat op die wet betrekking gehad het, verlê is. Presies wanneer dit verlê is, is nie bekend nie. Feit is egter dat hierdie dokumente kort voor die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog eers weer teruggevind is.[286]

---

282. C 3219, p.92, par. 2002: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

283. SS 449, R3464/80: W.B. Morcom - Koloniale Sekretaris, 17.8.1880.

284. C 3219, pp.92-93, par. 2002 en 2003: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

285. C 3219, p.93, par. 2010 en 2005: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

286. SS 449, R3464/80: Memo. for R(oyal) C(ommission), ongeteken, g.d., maar opgestel deur genl. Evelyn Wood, Julie 1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 11 November 1880, skynbaar nadat die nodige stukke weer gevind is, het J. Tinling 'n afskrif van die Naturelle-administrasiewet aan die Prokureur-generaal voorgelê en hom versoek om met die oog op die goedkeuring van die wet deur die Minister van Kolonies, 'n verslag daaroor op te stel.[287] Hierin het Morcom 'n uiteensetting van die belangrikste bepalings van die wet gegee. Hy het die stuk afgesluit deur daarop te wys dat die wet noodsaaklikerwys vir die kroon se goedkeuring gereserveer is en dat die wet 'n maatreël is wat na sy mening met reg die goedkeuring van die kroon sou ontvang.[288]

Dieselfde dag waarop Morcom sy verslag opgestel het, het George Hudson ook Lanyon se aandag gevestig op die hofreëls wat Henrique Shepstone in April 1880 kragtens die bepalings van die konsep van die Naturelle-administrasiewet opgestel het.[289] Hy het Lanyon daarop gewys dat hierdie hofreëls in afwagting van die bekragtiging van die Naturelle-administrasiewet deur die Minister van Kolonies, nie gepubliseer is nie. Gevolglik het hy veronderstel dat alvorens die wet nie goedgekeur is nie, daar niks verder aan die saak gedoen kon word nie.[290]

Minder as 'n maand hierna het die Eerste Vryheidsoorlog op 16 Desember 1880 uitgebreek. Tydens die beleg van Pretoria, het Lanyon by Henrique navraag oor die Naturelle-administrasiewet gedoen en het hy Lanyon se aandag daarop gevestig dat die wet nog nie Engeland toe gestuur is nie.[291]

---

287. SS 449, R3464/80: Nota van J. Tinling - Prokureur-generaal, 11.11.1880.

288. SP 382, pp.513-519: Statement upon the Bill "to make provision for the better government of and administration of justice among the native population of this Province", opgestel deur W.B. Morcom, 19.11.1880; SS 449, adR3464/80 gevoeg by R3464/80: Statement upon the Bill "to make provision for the better government ...", W.B. Morcom, 19.11.1880; SP 262, p.168: W.B. Morcom - Privaat Sekretaris 19.11.1880.

289. Sien Afd. 6.

290. SS 449, adR3464/80 gevoeg by R3464/80: Nota van G. Hudson - W.O. Lanyon, 19.11.1880.

291. C 3219, p.93, par. 2010: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

Met hierdie stand van sake was dit eintlik vanselfsprekend dat met die oog op die teruggawe van die Transvaal aan die Boere na afloop van diê oorlog, die Naturelle-administrasie-wet van 1880 die aandag van die Koninklike Kommissie sou geniet. Reeds in sy getuienis voor die Kommissie op 6 Julie 1881, het Henrique Shepstone die Kommissie se aandag op die wet gevestig.[292] Hy het daarop gewys dat ofskoon die wet nog nie geproklameer is nie en dus ook nie van krag was nie, die Transvaalse administrasie nietemin volgens die wet ge-handel het.[293] Onder hierdie omstandighede is daar onmiddel-lik besef dat indien die Naturelle-administrasiewet as 'n wet wat van krag was, in die Pretoria-Konvensie opgeneem moes word,[294] dit voor die teruggawe van die Transvaal aan die Boere, as wet geproklameer moes word.[295] Ten einde die noodsaaklik-heid hiervan te beklemtoon, het Henrique aangevoer dat of-skoon die Swartes volgens die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek kragtens die gemene reg regeer moes word, die Boere dit nie kon doen nie en die Swartes gevolglik ooreenkomstig inheemse reg regeer is.[296] Slegs uit hierdie oogpunt beskou, kon daar dus nie sonder die Naturelle-administrasiewet oor die weg gekom word nie. 'n Verdere voordeel van die wet was dat dit die bevoegdheid wat aan die veldkornette verleen was om die Swartes te beboet, lyfstraf toe te dien en in die gevangenis te sit en wat die Britse administrasie nadelig bevind het, van hulle weggeneem het.[297]

---

292. C 3219, pp.92-93, par. 2002-2014: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881. Die bewering (par. 2002 en 2008) dat die Naturelle-administrasiewet van 1880 in April 1880 deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur is, is nie korrek nie.

293. C 3219, pp.92-93, par. 2003 en 2005: H.C. Shepstone se getuie-nis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

294. F. Jeppe en J.G. Kotzê (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.1000: Conventie (De Pretoria-), 3 Augustus 1881, art. 3.

295. C 3219, p.93, par. 2006: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

296. C 3219, pp.92-93, par. 2003 en 2009: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

297. C 3219, p.93, par. 2013-2014: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Dag nadat Henrique sy getuienis voor die Koninklike Kommissie gelewer het, het hy op 7 Julie 1881 'n memorandum met betrekking tot die Naturelle-administrasiewet, na dit wil voorkom, aan sir Evelyn Wood een van die lede van die Kommissie voorgelê.[298] Hierdie memorandum was waarskynlik Morcom se verslag oor diê wet wat hy reeds in November 1880 opgestel het. Twee dae later is hierdie verslag met 'n begeleidende skrywe van Wood aan die Koninklike Kommissie voorgelê. Hierin het hy daarop gewys dat in afwagting van die goedkeuring van die wet deur die Minister van Kolonies, die Naturelle-administrasiewet nooit geproklameer is nie, maar dat kragtens 'n bepaling van die wet dit in werking sou tree nadat dit in die Transvaalse Staatskoerant geproklameer is. Met die oog op die bestaande omstandighede en die toekomstige administrasie van die Swartes kragtens die bepalings van hierdie wet, het hy aan die Koninklike Kommissie voorgestel of dit nie wenslik was dat die Naturelle-administrasiewet van 1880 sonder meer deur hom geproklameer moes word nie.[299]

Waarskynlik nog voordat Wood 'n antwoord op hierdie voorstel ontvang het, het hy enkele dae hierna 'n verdere skrywe aan die Koninklike Kommissie gerig. Hierin het hy verduidelik dat hy intussen verneem het dat die rede waarom die Naturelle-administrasiewet nie na die aanname daarvan in Junie 1880 vir goedkeuring aan die Minister van Kolonies voorgelê is nie, toegeskryf moes word aan die feit dat die stukke wat op die wet betrekking gehad het, verlê is en eers kort voor die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog teruggevind is. Ter oorweging van die Kommissie het hy gevolglik voorgestel dat 'n telegram aan lord Kimberley, die Minister van Kolonies, gestuur moes word waarin die rede vir die vertragting met die wet verduidelik en die aard van die wet uiteengesit moes word. Ook moes Kimberley versoek word om sy goedkeuring van die wet

---

298. SS 449, R3464/80: Nota van H.C. Shepstone, 7.7.1881.

299. SS 449, R3464/80: Memo. for Royal Commissioners, E. Wood, 9.7.1881 en waarby adR3464/80: Statement upon the Bill "to make provision for the better government of, and administration of justice among the native population of this Province", opgestel deur W.B. Morcom, 19.11.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onmiddellik per telegram na Pretoria te stuur, sodat die Naturelle-administrasiewet deur Wood geproklameer kon word.[300]

Of 'n telegram met hierdie strekking aan die Minister van Kolonies gestuur is, kan nie vasgestel word nie. Feit is egter dat volgens die Kommissie se verslag oor dié aangeleentheid, sir Evelyn Wood, as amptenaar belas met die Transvaalse regering, enkele dae nadat hy hierdie voorstel gemaak het, die wet op advies van die Koninklike Kommissie goedgekeur het.[301]

Op 14 Julie 1881 het Godfrey Lagden die koloniale sekretaris hiervan in kennis gestel en hom terselfdertyd versoek om die nodige stappe te neem ten einde die wet dadelik te proklameer.[302] Vyf dae hierna, op 19 Julie 1881, sowat drie weke voordat die Transvaal op 8 Augustus aan die Boere teruggegee is, is die Naturelle-administrasiewet van 1880, wat reeds in Junie 1880 deur die Wetgewende Vergadering aangeneem is, as Wet No. 11 van 1881 in die Staatskoerant gepubliseer.[303]

---

300. SS 449, R3464/80: Memo. for R(oyal) C(ommission), ongeteken en g.d., maar opgestel deur E. Wood, Julie 1881.

301. C 3114, p.155, No. 12g by bylaag: St. Leger Herbert, Sekretaris van die Koninklike Kommissie en waarby aangeheg (pp.155-157) Wet No. 11 van 1881.

302. SS 449, R3464/80: Nota van G.Y. Lagden - Koloniale Sekretaris, 14.7.1881.

303. ZAR 57, Transvaal Government Gazette, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881 Law "To make provision for the better Government of, and Administration of Justice among the Native Population of this Province", 14.7.1881; Vir die Nederlandse teks van die wet, sien Ibid., Wet No. 11, 1881, Wet "Om voorziening te maken voor beter Bestuur en betere Regtsbedeling onder de Inboorlingbevolking dezer Provincie", 14.7.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 5

DIE REëLING VAN DIE ARBEIDSVERHOUDINGE TUSSEN WERKGEWER EN DIENAAR

1. Arbeidsreëlings van die Zuid-Afrikaansche Republiek

In soverre dit die verhouding tussen werkgewer en dienaar[1] in die Zuid-Afrikaansche Republiek betref, is dit belangrik om eerstens daarop te let dat daar in die Republiek geen spesifieke wet in diê verband bestaan het nie, maar dat die verhouding tussen werkgewer en dienaar deur 'n aantal Volksraadsbesluite en ander verordenings gereël is. Tweedens moet die aandag daarop gevestig word dat anders as in die geval van die Heer- en Diensbodewet van 1880 wat met die oog op die arbeidersklasse opgestel is en op sowel Blank as Nie-Blank betrekking gehad het, die maatreëls van die Zuid-Afrikaansche Republiek slegs op Nie-Blankes van toepassing was.

Met betrekking tot die indiensneming van Swartes, het die Volksraad in Januarie 1850 besluit dat die veldkornette verplig was om die Blankes wat in hulle onderskeie wyke gewoon het, behulpsaam te wees om Swartes as werksvolk te verkry.[2] Agt jaar later is hierdie aangeleentheid egter op 'n stewiger grondslag geplaas toe die indiensneming van Swartes onder owerheidsbeheer geplaas is. Kragtens die Veldkornetsinstruksies van 1858 is daar bepaal dat wanneer 'n Blanke 'n Swarte in diens wou neem, aansoek daarvoor gedoen moes word by die veldkornet van die wyk waar so 'n Swarte gewoon het.[3] Afgesien van hierdie bepaling het niemand die reg gehad om met enige kaptein of opperhoof oor diensvolk of dienssake te onderhandel sonder die medewerking van die veldkornet tot wie se distrik

---

1. Volgens V.G. Hiemstra en H.L. Gonin (Drietalige Regswoordeboek, p.77) word die gebruik van heer en diensbode ten gunste van werkgewer en dienaar afgekeur. In ooreenstemming hiermee word daar dus na werkgewer en dienaar in plaas van heer en diensbode verwys.

2. J.H. Breytenbach en H.S. Pretorius (reds.): Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I, 1845 - 1850, p.117: VRB, 23.1.1850, art. 34.

3. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.96: Instructie voor de Veldcornetten, 1858, art. 39.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

so 'n kaptein of opperhoof behoort het nie. Niemand het ook die reg gehad om 'n diensooreenkoms of dienskontrak met 'n Swarte aan te gaan sonder die medewete van die veldkornet nie. Enigeen wat hom skuldig gemaak het aan 'n oortreding van hierdie bepalings, het homself aan 'n boete van Rds. 10 vir elke oortreding blootgestel.[4]

In 1858 is daar verder bepaal dat wanneer 'n Swarte in diens geneem of gehuur word, 'n behoorlike kontrak opgestel moes word. So 'n kontrak moes volgens 'n bepaalde vorm in die teenwoordigheid van 'n veldkornet opgestel en geteken word.[5] Hierdie bepaling het dus inderdaad beteken dat 'n kontrak wat met 'n dienaar aangegaan is nie bindend was indien dit nie 'n geskrewe kontrak was nie.[6] In so 'n kontrak moes die naam van die werkgewer en die dienaar vermeld word, daar moes aangetoon word wanneer die kontrak aangegaan is en die dienaar moes verklaar dat hy hom vir 'n bepaalde tyd in die diens van die werkgewer verbind. Verder moes die bedrag aan geld, die aard van die klere of die aantal beeste wat as vergoeding aan so 'n dienaar vir sy arbeid betaal sou word, duidelik gestipuleer word. Ten einde die dienaar teen kontrakbreuk te beskerm, is daar bepaal dat wanneer die werkgewer hom aan die verbreking van so 'n geskrewe kontrak skuldig sou maak, hy hom 'n boete van Rds. 10 tot 25 blootgestel het. Om die werkgewer teen kontrakbreuk te beskerm, is daar weer bepaal dat indien 'n dienaar so 'n kontrak sou verbreek, hy met 25 houe gestraf sou word en boonop ook verantwoordelik sou wees vir al die onkoste wat sy optrede tot gevolg sou hê.

In Junie 1876 is daar weer bepaal dat Swartes wat hulle op die grond van 'n burger of grondeienaar wou gaan vestig en gewillig was om 'n kontrak te sluit, die reg sou verkry om 'n

---

4. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.96: Instructie voor de Veldcornetten, 1858, art. 40.

5. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.98: Instructie voor de Veldcornetten, 1858, art. 56.

6. SS 367, R3637/79: Koloniale Sekretaris - J.F. Wilsenach, 23.1.1880; SN 1, N39/78: Nota van J.G. Kotzé - Prokureur-generaal, 18.11.1878.

7. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.98: Instructie voor de Veldcornetten, 1858, art. 56.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kontrak met die burger of eienaar van die grond te sluit op voorwaardes en bepalings wat albei partye se goedkeuring weggedra het. So 'n kontrak sou egter nie vir langer as 5 jaar aangegaan kon word nie.[8] Enige woon- of huurkontrak sou egter slegs van krag wees indien dit voor 'n veldkornet of 'n ander bevoegde amptenaar opgestel en geteken word. Hierbenewens moes die kontrak ook deur bevoegde getuies gesertifiseer of mede-onderteken word.[9]

Wat die behandeling van dienaars betref, is daar reeds kragtens die Drie en Dertig-Artikels van 1844 bepaal dat elke werkgewer die reg sou hê om 'n behoorlike tug oor sy dienaars uit te oefen, maar dat die mishandeling van dienaars nie toegelaat sou word nie. Indien dit wel gebeur, sou die werkgewer na die aard van die saak gestraf word en die betrokke dienaar van hom af weggeneem word.[10] In Maart 1853 het die Volksraad verder besluit dat, behalwe wanneer 'n dienaar gevange geneem word of na 'n tronk vervoer word, niemand die reg sou hê om 'n dienaar soos 'n bandiet in ysters of boeie te plaas nie. Voortaan sou dit ook net 'n bevoegde geregshof wees wat so 'n straf sou kon oplê en sou enigiemand anders wat hom aan so 'n oortreding skuldig sou maak, by 'n eerste oortreding aan 'n boete van 25 riksdaalders onderhewig wees. In geval van 'n tweede oortreding deur dieselfde persoon of werkgewer, sou die boete dubbel hierdie bedrag wees. Terselfdertyd het die Volksraad ook die veldkornette gelas om toe te sien dat dienaars in geen opsig hoegenaamd mishandel word nie. Indien 'n veldkornet hom in hierdie opsig aan nalatigheid skuldig maak, sou hy onderhewig wees aan 'n boete van 5 riksdaalders, waarna hierdie bedrag, in geval van 'n tweede oortreding, verdubbel sou word.[11]

---

8. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, "Betreffende de Naturellen", art. 18.

9. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, art. 19.

10. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.6: Drie en Dertig-Artikelen. Zijnde Algemene Bepalingen en Wetten voor de Teregtzittingen, 9.4.1844, art.33.

11. J.H. Breytenbach (red.): Notule van die Volksraad..., 1851-1853, p.111: VRB, 24.3.1853, art. 77; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.21: VRB, 24.3.1853, art. 77.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afgesien van die voorafgaande besluite en bepalings wat meer in die besonder op die mishandeling van dienaars betrekking gehad het, was daar ook dié besluite en bepalings wat op die meer algemene behandeling en die beloning van dienaars van toepassing was. In Januarie 1850 het die Volksraad besluit dat indien die arbeid van 'n Swartdienaar nie vir 'n hele jaar nodig sou wees nie, die veldkornet moes toesien dat so 'n Swarte vir nie langer as veertien dae sonder enige betaling in diens geneem word nie en dat hy in hierdie tydperk van goeie voedsel voorsien moes word. Hy was verder verplig om toe te sien dat 'n persoon wat 'n Swarte vir so 'n tydperk in diens geneem het, na die verstryking daarvan nie sou voortgaan om Swartes slegs vir 'n tydperk van veertien dae in diens te neem nie. In die geval van 'n Swarte wat hom vir 'n jaar lank aan iemand verhuur het, moes 'n vers as vergoeding vir sy dienste betaal word. Wanneer 'n dienaar sou weier om te werk, moes die veldkornet die saak ondersoek en indien dit sou blyk dat die dienaar skuldig was, kon die veldkornet hom straf deur hom 'n pakslae van hoogstens 25 houe met 'n platriem te gee.[12]

In 1858 is daar bepaal dat werkgewers en werkgeefsters verplig was om hulle dienaars goed te voed, te behandel en te betaal. Indien dit nie gedoen sou word nie, kon die dienaar by die veldkornet van sy wyk hieroor gekla het. Die veldkornet was dan verplig om die betrokke werkgewer of werkgeefster op te roep ten einde op die klagtes teen hom of haar te antwoord. Indien so 'n werkgewer in gebreke sou bly om hieraan gehoor te gee, of deur die veldkornet skuldig bevind sou word, moes die veldkornet die saak na die landdros verwys. Nadat hy die saak ondersoek het, mag hy, afhangende van sy bevinding dit na die staatsprokureur verwys het sodat hy die saak in die betrokke hof verder kon voer.[13]

---

12. J.H. Breytenbach (red.): Notule van die Volksraad ..., 1851-1853, p.111: VRB, 23.1.1850, art. 34.

13. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.96: Instructie voor de Veldcornetten, 1858, art. 42.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Indien die werkgewer of werkgeefster skuldig bevind sou word aan die klag wat teen hom of haar aanhangig gemaak is, sou so 'n persoon nie slegs onderhewig wees aan die straf wat die betrokke hof hom of haar sou oplê nie, maar ook aan 'n boete van hoogstens Rds. 20.[14] Wanneer die veldkornet of later die hof egter tot die gevolgtrekking sou kom dat die aanklag teen die werkgewer of werkgeefster ongegrond is, sou die dienaar wat die klag aanhangig gemaak het, sodanige lyfstraf toegedien word, dat dit as 'n afskrikmiddel sou dien ten einde hom in die vervolg van enige ongegronde klagtes teen sy werkgewer of werkgeefster te onthou.[15]

Met verwysing na die voorafgaande bepalings in verband met die behandeling van dienaars, het E. Fairfield in April 1881 in die Koloniale Kantoor opgemerk dat wat die wetlike aspek van hierdie bepalings betref, dit geensins op 'n slegte behandeling van dié mense gedui het nie.[16]

Met betrekking tot die eienaar van 'n plaas op wie se grond daar Swartes gewoon het, is daar in 1858 bepaal dat so 'n eienaar geregtig was daarop om vier huishoudings in diens te mag neem. Maar ofskoon hierdie Swartes op sy grond gewoon het, was die eienaar as werkgewer verplig om hulle vir hulle dienste te vergoed.[17] Vier jaar later, in 1862, het die Krygsraad die kommandante en veldkornette gelas om toe te sien dat die Swartes wat op 'n Blanke se plaas gewoon het, nie deur die burgers onwettig behandel, onderdruk of nie vergoed word nie. Die Swartes sou aangesê word dat hulle die reg het om by die betrokke veldkornet of landdros klagtes in te dien indien hulle besware gegrond was.[18]

---

14. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.97: Instructie voor de Veldcornetten, 1858, art. 43.

15. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.97: Instructie voor de Veldcornetten, 1858, art. 44.

16. M 427, CO 291/14, Transvaal No. 5971, Aborginis Protection Society. The Settlement of the Transvaal. Submits suggestions and remarks on the subject, with a view to protecting the interests of the Natives, 31.3.1881: Nota van E. Fairfield - Bramston, 4.4.1881.

17. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.99: Instructie voor de Veldcornetten, 1858, art . 57.

18. SS 45, Supl. 61/62: Krygsraadsbesluit, 22.1.1862, art. 10(8).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afgesien van die voorafgaande krygsraadsbesluit was die bevoegdheid om 'n klagte tussen werkgewer en dienaar te ondersoek, volgens die Veldkornetsinstruksies van 1858, slegs tot die veldkornette beperk.[19] In Junie 1876 is die bevoegdheid om sodanige klagtes te ondersoek, ook aan die landdroste en vrederegters verleen. Kragtens Wet No. 3 van 1876 is daar bepaal dat sowel die landdros as die veldkornet van elke distrik, die jurisdiksie gehad het om klagtes tussen werkgewer en dienaar te ondersoek. Verder, dat hierdie amptenare moes toesien dat kontrakte nagekom word en dat hulle ook die bevoegdheid gehad het om in geval van enige ongerymdheid in diê verband, die boetes en strawwe op te lê waarvoor bestaande wetgewing voorsiening gemaak het. Aan die vrederegters wat in die verskillende distrikte gewoon het, sou die Regering deur middel van spesiale magtiging die bevoegdheid verleen om sake of klagtes tussen werkgewer en dienaar te ondersoek en uitspraak daarin te lewer. Teen die uitspraak van 'n vrederegter kon na die hof van die landdros geappelleer word.[20] Enkele maande later, in Oktober 1876, het die Uitvoerende Raad besluit om die jurisdiksie van die veldkornette met betrekking tot die toediening van lyfstraf kragtens die Veldkornetsinstruksies van 1858[21] tot 20 houe te beperk.[22]

Ten slotte is dit interessant om daarop te let dat president T.F. Burgers in 1876 'n memorandum[23] in verband met Swart-aangeleenthede opgestel het waarin hy die mening uitgespreek het dat daar 'n stelsel van <u>apprinticeschap</u> in die Zuid-Afrikaansche Republiek ingestel moes word. Met hierdie

---

19. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.96: Instructie voor de Veldcornetten, 1858, art. 42.

20. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, art. 20.

21. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.97 en 98-99: Instructie voor de Veldcornetten, 1858, art. 45 en 56.

22. UR 5, URB, 19.10.1876, art. 167; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.677: Goewermentskennisgewing, No.342, Pretoria, 24.10.1876.

23. A 14, Band 69, No.3678: Memorandum omtrent de zaak der Naturellen, g.d., maar 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorstel van hom het Burgers egter nie die inboeking van Swart wees- of hawelose kinders ten doel gehad nie, maar 'n stelsel waarvolgens Swartes jonger as 22 jaar arbeidsaamheid en een of ander beroep of ambag geleer kon word. Wat Burgers dus eintlik in gedagte gehad het, was 'n leerlingskap wat, na dit wil voorkom, sowat sewe jaar, of totdat so 'n Swarte die ouderdom van 22 jaar bereik het, sou duur.[24]

Burgers was verder van mening dat die Swartes deur die landdroste in 'n leerlingskap geplaas moes word. Vir hierdie doel moes hulle van gedrukte vorms voorsien word wat in drievoud voltooi moes word. Een hiervan moes aan die Kommissaris van Naturellesake gestuur word, een aan die landdros en een moes aan die werkgewer van so 'n leerling oorhandig word. Wanneer 'n leerling daarom gevra het, sou 'n afskrif van so 'n kontrak sonder enige koste aan hom gegee word. Vir elke kontrak wat op hierdie wyse aangegaan is, moes die werkgewer 10/- aan die Regering betaal, terwyl 'n leerling nie gedwing kon word om teen sy sin by iemand in diens geplaas te word nie. Wanneer so 'n leerling deur sy werkgewer sleg behandel word, sou die leerling van hom af weggeneem word en indien die leerling nie vir hierdie behandeling te blameer was nie, sou die dienstyd wat hy reeds voltooi het, erken word wanneer hy weer by 'n ander werkgewer in diens tree. Indien dit egter sou blyk dat die leerling self die oorsaak was vir die behandeling wat hy van sy werkgewer ontvang het, sou dié deel van sy leerlingskap wat hy reeds voltooi het, verval.[25]

In sy memorandum het Burgers verder voorgestel dat die vergoeding wat aan hierdie leerlinge betaal moes word, deur middel van wetgewing bepaal moes word. Die helfte van hierdie vergoeding moes kwartaalliks aan die leerling self of aan sy ouers of sy voogde betaal word. Die ander helfte

---

24. A 14, Band 69, No.3678: Memorandum omtrent de zaak der Naturellen, opgestel deur T.F. Burgers, g.d., maar 1876, art. 2(c).

25. A 14, Band 69, No.3678: Memorandum omtrent de zaak der Naturellen, opgestel deur T.F. Burgers, g.d., maar 1876, art. 2(g).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moes by die landdros inbetaal word wat dit op sy beurt weer aan die weeskamer sou oorbetaal om teen 6% rente belê te word. Die landdros moes verslag hou van al die geld wat by hom inbetaal word. Na voltooiing van sy leerlingskap sou hierdie geld teen 4% rente aan die leerling uitbetaal word, terwyl die verskil van 2% in besit van die Regering sou bly.[26]

Hoewel Burgers se memorandum waarna in die voorafgaande verwys is, die grondslag van Wet No. 3 van 1876 gevorm het, is daar in hierdie wet geen voorsiening gemaak vir 'n leerlingskap soos wat hy in gedagte gehad het nie.

2. Die behoefte aan 'n beter reëling van arbeidsverhoudinge

Soos reeds aangetoon, was dit hoofsaaklik die ter saaklike bepalings van die Veldkornetsinstruksies van 1858 en van Wet No. 3 van 1876 waarvolgens die arbeidsverhouding tussen werkgewer en dienaar bepaal is toe die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1877 geannekseer is. Nadat die Britse regering in Transvaal vir bykans drie jaar op dieselfde grondslag voortgegaan het,[27] is 'n Heer- en Diensbodewet in Junie 1880 op die wetboek geplaas. Presies waarom die Britse administrasie besluit het om hierdie wet aan te neem, is nie duidelik nie, aangesien geen sodanige verduideliking teruggevind kan word nie. Ten spyte hiervan egter, wil dit nietemin voorkom asof die volgende redes in 'n meerdere of mindere mate tot die daarstelling van hierdie wet bygedra het.

Seker een van die belangrikste redes waarom die Transvaalse regering besluit het dat daar vir so 'n wet voorsiening gemaak moes word, was omdat daar geen spesifieke wet in Transvaal bestaan het waardeur die arbeidsverhouding tussen werkgewer en dienaar omskryf is en hulle onderlinge regte en pligte

---

26. A 14, Band 69, No.3678: Memorandum omtrent de zaak der Naturellen, opgestel deur T.F. Burgers, g.d., maar 1876, art. 2(b).

27. SN 1, N39/78: Nota van Regter J.G. Kotzé - Prokureur-generaal, 18.11.1878; SS 367, R3637/79: Koloniale Sekretaris - J.F. Wilsenach, 23.1.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

behoorlik gereël kon word nie. Hierdie toestand van sake en die ontoereikendheid van bestaande maatreëls, het tot gevolg gehad dat daar talle probleme tussen werkgewer en dienaar ontstaan het wat nie op 'n bevredigende wyse gereël kon word nie. Volgens W.B. Morcom, die Prokureur-generaal, was dit juis die gebrek aan die nodige wetgewing wat dit onmoontlik gemaak het om 'n presiese aanduiding te gee van die kwasie-kriminele oortredings wat as gevolg van die verbreking van 'n dienskontrak ontstaan het. Omstandighede soos hierdie en die feit dat daar nie voldoende beskerming was vir die dienaars wat deur hulle werkgewers veronreg is nie, was van die belangrikste redes wat die daarstelling van 'n heer- en diensbodewet genoodsaak het.[28]

Hoewel daar volgens die Veldkornetsinstruksies van 1858 bepaal is dat Swartes onder 'n geskrewe kontrak gehuur moes word,[29] het daar geen verordening bestaan waarvolgens 'n dienaar verplig kon word om 'n geskrewe kontrak met 'n werkgewer aan te gaan nie,[30] ten spyte van die feit dat slegs 'n geskrewe kontrak bindend was nie.[31] Tensy 'n dienaar hom dus bereid verklaar om so 'n kontrak aan te gaan, het die werkgewer geen ander uitweg gehad as om tot 'n mondelinge ooreenkoms met die dienaar te kom nie.[32] Dit op sigself was 'n risiko aangesien so 'n ooreenkoms sy eie probleme tot gevolg gehad het.

---

28. SP 230, No.46: T.J. Krogh - Prokureur-generaal, Potchefstroom, 19.4.1880; SP 382, pp. 380-382: Statement upon Law No. 13 of 1880, entitled Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", opgestel deur W.B. Morcom, Pretoria, 21.9.1880; M 420, CO 291/6 Transvaal No.16622, Law No. 13 of 1880, The Masters and Servants Law, 1880: Statement upon Law No. 13 of 1880 ..., W.B. Morcom, Pretoria, 21.9.1880.

29. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.98: Instructie voor de Veldcornetten, September 1858, art. 56.

30. SP 378, No.403: D. Elliot - Goudkommissaris, Pelgrimsrust, Pretoria, 26.4.1878; SP 260, p.170: C.G. Maasdorp - Finance and Revenue Commissioner, 29.1.1880; SP 7, SPR/23: J. Gunn, wnd. Goudkommissaris - Staatsprokureur, Pelgrimsrust, 17.4.1878.

31. SN I, N39/78: Nota van J.G. Kotzé - Prokureur-generaal, 18.11.1878; SS 367, R3637/79: Koloniale Sekretaris - J.F.Wilsenach, 23.1.1880.

32. SP 230, No.46: T.J. Krogh - Prokureur-generaal, Potchefstroom, 19.4.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens die Veldkornetsinstruksies was die strafmaatreëls waarvoor hierdie instruksies in geval van 'n kontrakbreuk voorsiening gemaak het,[33] slegs van toepassing op 'n geskrewe kontrak wat in die teenwoordigheid van 'n veldkornet aangegaan is en nie op 'n gewone siviele kontrak wat mondelings aangegaan is nie.[34] In die praktyk het hierdie toestand van sake gevolglik beteken dat waar daar nie 'n geskrewe kontrak tussen werkgewer en dienaar bestaan het nie, die dienaar byvoorbeeld die diens van sy werkgewer kon verlaat, sonder dat hy hom aan 'n wetsoortreding skuldig gemaak het of teen hom opgetree kon word.[35]

Met betrekking tot die voorafgaande kan daarop gewys word dat J.R. Lys, die landdros van Pretoria, in Januarie 1880 'n Swartdienaar op 'n klag van pligsversuim gevonnis het omdat hy vir vyf dae van sy werk af weggebly het.[36] Hierdie vonnis is egter deur die regter afgekeur op grond daarvan dat pligsversuim nie 'n kriminele oortreding was nie, tensy dit 'n verbreking van 'n skriftelike kontrak was wat deur die werkgewer en dienaar in die teenwoordigheid van 'n veldkornet opgestel is nie.[37] Trouens, volgens 'n uitspraak van regter J.G. Kotzé, het 'n werkgewer waar daar nie 'n geskrewe kontrak tussen werkgewer en dienaar bestaan het nie, geen ander verweermiddel as 'n siviele aksie gehad teen 'n dienaar wat 'n mondelinge ooreenkoms verbreek het nie. Maar so 'n siviele aksie was egter nie die moeite werd nie, want hoewel die werkgewer die hofsaak mag wen, was die kanse goed dat hy uiteindelik tog die verloorder mag wees.[38] Volgens die

---

33. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.98: Instructie voor de Veldcornetten, September 1858, art. 56.

34. SN I, N39/78: Nota van J.G. Kotzé -Prokureur-generaal, 18.11.1878; SP 380, p.640: C.G. Maasdorp - Landdros Pretoria, Pretoria, 12.1.1880; SS 367, R3637/79: Koloniale Sekretaris - J.F. Wilsenach, 23.1.1880.

35. SP 378, No.403: D. Elliot - Goudkommissaris Pelgrimsrust, Pretoria, 26.4.1878; SP 7, SPR/23: J. Gunn, wnd. Goudkommissaris - Staatsprokureur, Pelgrimsrust, 17.4.1878; SS 367, R3637/79: Koloniale Sekretaris - J.F. Wilsenach, 23.1.1880.

36. SP 230 (ongeno.): J.R. Lys - Prokureur-generaal, Pretoria, 9.1.1880.

37. SP 380, p.640: C.G. Maasdorp - Landdros Pretoria, Pretoria, 12.1.1880

38. SP 230, No.46: T.J. Krogh - Prokureur-generaal, Potchefstroom, 19.4.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Transvaal Argus was geen ooreenkoms, òf mondelings òf skriftelik, voldoende om 'n dienaar wat met opset sy werkgewer se bevele veronagsaam het, na sy werk te laat terugkeer of sy skuldigbevinding aan 'n oortreding deur 'n hof te verkry nie.[39]

Op grond van Lys se skrywe waarna hierbo verwys is, blyk dit verder dat hoewel daar nie kragtens die betrokke bepaling van die Veldkornetsinstruksies teen 'n dienaar opgetree kon word wat hom aan 'n verbreking van 'n mondelinge ooreenkoms skuldig gemaak het nie, daar tog teen sodanige dienaars opgetree is. Ter verduideliking van die vonnis wat hy die betrokke dienaar vir pligsversuim opgelê het, het Lys aangevoer dat hy terdeë bewus was daarvan dat daar op daardie stadium nie 'n Heer- en Diensbodewet in Transvaal bestaan het nie, maar dat dit tog gebruik was om dienaars vir pligsversuim te straf. Indien hulle nie gestraf sou word nie, sou die werkgewers hulle in 'n moeilike posisie bevind, aangesien hulle dan geen houvas hoegenaamd op hulle dienaars gehad het nie. Hy was verder van mening dat die meerderheid van die Regering se Swartdienaars gewetenlose persone was wat slegs deur vrees beheer kon word. Indien dit bekend sou wees dat hulle in geval van pligsversuim by Lys aangekla word, maar daar nie teen hulle opgetree kon word nie, sou hulle gewerk het en van die werk af weggebly het net wanneer hulle wou. Lys het verder aangevoer dat hy terdeë bewus was van die feit dat 'n dienaar in die teenwoordigheid van 'n veldkornet onder kontrak geplaas moes word, maar dat dit 'n ope vraag was of 'n werknemer wat op die platteland gewoon het, bereid sou wees om die Swarte saam met hom te neem en sowat 80 kilometer na die naaste veldkornet te ry ten einde 'n kontrak vir 'n week of 'n maand in die teenwoordigheid van die veldkornet aan te gaan. Afgesien hiervan het die moontlikheid ook bestaan dat die veldkornet in die uitvoering van sy pligte nie beskikbaar was nie en eers 'n paar dae later weer sou terugkeer.[40]

---

39. MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 29.6.1880 (Hoofartikel).

40. SP 230 (Ongeno.): J.R. Lys - Prokureur-generaal, Pretoria, 9.1.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afgesien van die probleme waarna in die voorgaande verwys is, het die situasie dat 'n werkgewer in geval van 'n mondelinge ooreenkoms, volgens die bepalings van die betrokke Veldkornet-instruksies geen verhaal van 'n dienaar gehad het nie, nog verdere arbeidsprobleme tot gevolg gehad. So byvoorbeeld het dit gebeur dat 'n werkgewer 'n Swartdienaar kragtens 'n mondelinge ooreenkoms vir 'n tydperk van ses weke gehuur het. Nadat die Swarte vir slegs drie of vier dae gewerk het, het hy sy werkgewer versoek dat £4 aan hom vooruit betaal moes word. Nadat die geld aan hom gegee is, het hy vir nog drie of vier dae in diens van die werkgewer gebly, waarna hy hom uit die voete gemaak en by iemand anders in diens getree het. Ten spyte van die feit dat hy hierna deur sy eerste werkgewer aangesê is om die geld terug te betaal of sy diens te hervat, het hy geweier om òf die een òf die ander te doen.[41]

Ofskoon die betrokke publieke aanklaer daaraan gedink het om in hierdie geval 'n kriminele klag van bedrog op grond van die verkryging van geld onder valse voorwendsels teen die Swarte aanhangig te maak,[42] het die prokureur-generaal hom egter aangeraai om in die afwesigheid van 'n Heer- en Diensbodewet, nie tot so 'n stap oor te gaan nie. Die enigste middel wat die werkgewer tot sy beskikking gehad het, was om 'n siviele aksie teen die Swarte in te stel.[43]

Afgesien dus van die feit dat 'n heer- en diensbodewet 'n oplossing sou bied vir die soort probleme waarna in die voorafgaande verwys is, het ook die gehalte dienaars waarmee die mense in Transvaal oor die weg moes kom, die behoefte aan so 'n wet onderstreep. Die ongedissiplineerheid van en die gemak waarmee die Swartdienaars 'n mondelinge ooreenkoms verbreek het, het dit nodig gemaak dat hulle onder wetlike beheer gebring moes word en aan straf onderhewig moes wees wanneer hulle 'n ooreenkoms verbreek het.[44]

---

41. SP 230, No.47: T.J. Krogh - Prokureur-generaal, Potchefstroom, 29.4.1880.

42. SP 230, No. 47: T.J. Korgh - Prokureur-generaal, Potchefstroom, 29.4.1880.

43. SP 381, p.235: W.B. Morcom - Publieke aanklaer Potchefstroom, Pretoria, 1.5.1880.

44. SP 230, No.46: T.J. Krogh - Prokureur-generaal, Potchefstroom, 19.4.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Verdere rede waarom arbeidsverhoudinge tussen werkgewer en dienaar behoorlik gereël moes word, was die probleme wat daar ontstaan het wanneer 'n dienaar se dienstyd verstreke was en hy sy werkgewer se diens wou verlaat. Ten einde 'n ander werk- of woonplek te soek, was dit nodig dat so 'n Swarte 'n pas vir diê doel van sy werkgewer moes kry.[45] Sommige werkgewers het egter geweier om dit te doen, tensy die Swarte 'n sekere bedrag aan hulle betaal. Indien die Swarte nie hieraan gehoor wou gee nie, is sy vee deur sy werkgewer teruggehou wanneer hy sy diens verlaat het. Volgens H.C. Bergsma, op daardie stadium die waarnemende landdros van Pretoria, het werkgewers buitensporige bedrae vir passe van Swartes geëis. Teen die einde van 1879 was hierdie wyse van optrede feitlik algemene praktyk in Transvaal.[46]

Henrique Shepstone se reaksie as Sekretaris van Naturellesake hierop was dat wanneer daar nie 'n geskrewe ooreenkoms of kontrak tussen die eienaar van die plaas en die Swartes bestaan het nie, die Swartes volkome geregtig was om hulle dienste te beëindig en van die plaas af weg te trek nadat hulle die werkgewer hiervan in kennis gestel het. Waar Swartes op 'n maandelikse basis gehuur is, was 'n maand kennis voldoende. Die boere het egter nie die reg gehad om hulle enigiets vir 'n pas te laat betaal nie.[47]

Om die aangeleentheid onder die aandag van die landdroste te bring en, soos Owen Lanyon gesê het, hierdie soort van ding te beëindig,[48] het Henrique 'n sirkulêre aan die verskillende landdroste gestuur. Hierin het hy hulle daarop gewys "that this practice of compelling a native servant or tenant to pay anything at all to his master for permission to leave his service or farm - after the necessary notice of his intention to quit has been given - is illegal and must be discontinued."[49] Waar daar nie 'n geskrewe kontrak tussen

---

45. Vgl. T.S. van Rooyen: Die verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882, p.194.

46. SN 1(a), N186/79: H.C. Bergsma - Sekretaris van Naturellesake, Pretoria, 30.8.1879.

47. SN 1(a), N186/79: Nota van H.C. Shepstone - W.O. Lanyon, 30.8.1879.

48. SN 1(a), N186/79: Nota van W.O. Lanyon - H.C. Shepstone, 31.8.1879.

49. SN 1(a), N186/79: H.C. Shepstone se sirkulêre aan die landdroste, Pretoria, 1.9.1879 (afskrif).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die werkgewer en die dienaar tot die teendeel bestaan het nie, het dit die Swarte vrygestaan om sy dienste te beëindig of na 'n ander plaas te trek, nadat hy sy werkgewer of die persoon op wie se grond hy gewoon het, 'n maand kennis gegee het. Terselfdertyd het Henrique ook opdrag gegee dat indien die gebruik om die Swartes vir 'n pas te laat betaal in enige landdros se distrik voorgekom het, die landdros die veldkornet moes waarsku dat dit nie toegelaat kan word nie en dat dit dadelik reggestel moes word.[50] Hoewel Henrique se opdrag dat 'n dienaar wat sy werkgewer se diens wou verlaat 'n maand kennis moes gee, ongetwyfeld 'n belangrike stap in die reëling van die arbeidsverhouding tussen werkgewer en dienaar was, het daar nog nie 'n wet bestaan wat hierdie reëling beliggaam het nie.

Dit was probleme soos hierdie wat tot gevolg gehad het dat T.J. Krogh in April 1880 verklaar het dat dit hoog tyd was dat daar vir behoorlike wetgewing in verband met die arbeidsverhouding tussen werkgewer en dienaar voorsiening gemaak moes word. Hy het aangevoer dat hy in sy hoedanigheid as publieke aanklaer, elke dag die behoefte aan 'n heer- en diensbodewet gesien en gevoel het. Maar, soos sake op daardie stadium daaruit gesien het, kon hy nòg aan die werkgewer nòg aan die dienaar enige beskerming verleen - en dit terwyl sowel die werkgewer as die dienaar na sy kantoor toe gekom het met die hoop dat reg aan hulle sou geskied.[51]

Nog voordat Krogh hierdie skrywe aan die prokureur-generaal gerig het en diê hom die versekering gegee het dat die Regering wel van voorneme was om so 'n wet aan die Wetgewende Vergadering voor te lê,[52] het die kwessie in verband met 'n heer- en diensbodewet reeds in diê Vergadering ter sprake gekom. Op 30 Maart 1880 het C.K. White, die lid vir Pretoria,

---

50. SN 1(a), N186/79: H.C. Shepstone se sirkulêre aan die landdroste, Pretoria, 1.9.1879 (afskrif).

51. SP 230, No.46: T.J. Krogh - Prokureur-generaal, Potchefstroom, 19.4.1880.

52. SP 381, p.195: W.B. Morcom - Publieke aanklaer Potchefstroom, Pretoria, 24.4.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kennis gegee dat hy van voorneme was om op 1 April die koloniale sekretaris of enige ander regeringsamptenaar in die Wetgewende Vergadering te vra of die Regering van voorneme was om nog gedurende daardie sitting 'n wet "regulating the duties of master and servant in this Province", by die Wetgewende Vergadering in te dien.[53]

Toe White dus hierdie aangeleentheid op 1 April in behandeling geneem het, het hy daarop gewys dat dit op daardie stadium wou voorkom asof die Zuid-Afrikaansche Republiek die veldkornette met aansienlike mag beklee het.[54] Of hulle hierdie mag verstandig uitgeoefen het al dan nie, was 'n aangeleentheid waaroor hy hom nie wou uitlaat nie. Tog was hy van mening dat 'n wet waarvolgens die regte en verpligtinge van sowel werkgewer as dienaar duidelik omskryf sou word, tot voordeel van albei groepe sou wees. In die Kaapkolonie was die inwerkingstelling van so 'n wet tot groot voordeel aangesien dit 'n regmatige beskerming aan die regte van die dienaars verleen het. Gevolglik was hy ook ten gunste daarvan dat daar vir so 'n wet in Transvaal voorsiening gemaak sou word.[55]

Op White se vraag of die Regering van voorneme was om so 'n maatreël by die Wetgewende Vergadering in te dien, het die koloniale sekretaris namens die Regering geantwoord dat die Regering bewus was van die wenslikheid en noodsaaklikheid van so 'n wet. Gevolglik was die Regering van voorneme om so gou as moontlik en nog gedurende daardie sitting, so 'n wetsontwerp by die Wetgewende Vergadering in te dien.[56]

---

53. W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.11: Toespraak van C.K. White op 30.3.1880.

54. EVR 19: Sitting op 1.4.1880, art. 4; EVR 20: Sitting op 1.4.1880, art. 4.

55. W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.18: Toespraak van C.K. White op 1.4.1880.

56. W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.18: Toespraak van die Koloniale Sekretaris op 1.4.1880; EVR 19: Sitting op 1.4.1880, art. 4; EVR 20: Sitting op 1.4.1880, art. 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Voortvloeiende hieruit het die hoofregter in sy hoedanigheid as Vise-president van die Wetgewende Vergadering, op 5 Mei 1880 'n wetsontwerp om die regte en verpligtings van Heer, Diensbode en Leerling te reël by die Wetgewende Vergadering ingedien. Op sy voorstel is die wetsontwerp die eerste keer gelees.[57]

Hoewel die wetsontwerp op daardie stadium nog nie as 'n wetsvoorstel vir algemene inligting in die Staatskoerant gepubliseer was nie, het W.B. Morcom nietemin op 8 Junie die tweede lesing van die wetsontwerp voorgestel.[58] Eweas die Vise-president het ook hy gewys op die belangrikheid van die maatreël en hoe noodsaaklik dit was dat so 'n maatreël in Transvaal van krag sou wees sodat die pligte en verpligtinge van werkgewers en dienaar duidelik omskryf kon word. Dit was 'n maatreël wat aan die werkgewer 'n regsmiddel teen die wangedrag van 'n dienaar en aan die dienaar weer 'n regsmiddel teen enige onreg van die kant van die werkgewer sou gee.[59]

Die komiteestadium van die wetsontwerp is op 10 en 11 Junie 1880 afgehandel. Daarna is dit vir 'n derde keer gelees en goedgekeur.[60] Op dieselfde dag waarop die wetsontwerp goedgekeur is, is die wet "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants and Apprentices" vir algemene inligting as 'n wetsvoorstel in die Staatskoerant gepubliseer.[61]

---

57. W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.27: Sitting op 5.1.1880; EVR 19: Sitting op 5.1.1880, art. 9; EVR 20: Sitting op 5.1.1880, art. 9.

58. EVR 19: Sitting op 8.6.1880, art. 15; EVR 20: Sitting op 8.6.1880, art. 15; W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.55: Toespraak van die Prokureur-generaal op 8.6.1880.

59. W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.55: Toespraak van die Prokureur-generaal op 8.6.1880.

60. EVR 19: Sitting op 10.6.1880, art. 8-13; EVR 20: Sitting op 10.6.1880, art. 8-13; EVR 19: Sitting op 11.6.1880, art. 3-4; EVR 20: Sitting op 11.6.1880, art. 3-4; W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.57: Sitting op 10.6.1880; Ibid, p.57: Sitting op 11.6.1880.

61. ZAR 56, Transvaal Government Gazette (Buitengewoon), 11.6.1880: G.K. No.139, 1880, 7.6.1880: Bill "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices". Die Nederlandse titel van die wetsontwerp het soos volg gelui: Voorstel van Wet "Voor reguleeren van de betrekkelijke regten en pligten van Meesters, Bedienden en Leerlingen."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gesien in die lig van die feit dat daar in die komiteestadium benewens enkele taalkundige verbeterings, slegs twee nuwe klousules[62] tot die wetsontwerp bygevoeg is, is dit nie nodig om 'n afsonderlike bespreking aan die konsepwet te wy nie.

Op 25 Junie 1880 is die wet "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants and Apprentices", of, soos die Nederlandse titel gelui het, Wet "Voor het reguleren van de betrekkelijke regten en pligten van Meesters, Bedienden en Leerlingen", as Wet No. 13 van 1880 in die Staatskoerant gepubliseer.[63] Die wet was nie 'n nuwe wet in die opsig dat dit nuut opgestel was nie, aangesien dit opgestel is volgens die beginsels van die wette wat oor dieselfde onderwerp in die Kaapkolonie en Natal van krag was.[64] In sy finale vorm egter was die wet feitlik in sy geheel gebaseer op die Kaapse wet, No. 15 van 1856,[65] en die wysigings[66] wat dit sedert 1856 ondergaan het.[67] Kragtens 'n bepaling van die wet, sou

---

62. EVR 19: Sitting op 11.6.1880, art. 4; EVR 20: Sitting op 11.6.1880, art. 4: Hoofstuk 5, art. 34 en Hoofstuk 8, art. 2 van die wet.

63. ZAR 56, Transvaal Government Gazette (Buitengewoon), 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants and Apprentices". Vir die Nederlandse vertaling van die wet, Sien F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 790-824.

64. W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p.55: Toespraak van die Prokureur-generaal op 8.6.1880.

65. M 420, CO 291/6, Transvaal, No. 16622: Law No. 13 of 1880. The Masters and Servants Law 1880: Ongedateerde opmerking deur 'n amptenaar van die Koloniale Kantoor; Vir dié wet sien H. Tennant en E.M. Jackson (reds.): Cape of Good Hope Statutes, 1652-1895, Vol. I, 1652-1871, pp. 570-590: Wet No. 15 van 1856, Act "To amend the Laws regulating the relative Rights and Duties of Masters, Servants, and Apprentices".

66. H. Tennant en E.M. Jackson (reds.): Cape of Good Hope Statutes ..., Vol. II, pp. 1872-1886, pp. 1293-1301: Wet No. 18 van 1873, An Act "To Amend No. 15, 1856 intituled "An Act to amend the Laws regulating the relative Rights and Duties of Masters, Servants, and Apprentices", Cape of Good Hope Statutes ..., Vol. II, pp.1357: Wet No. 28 van 1874, Act "To Amalgamate the Laws relating to Masters, Servants, and Apprentices"; Cape of Good Hope Statutes ..., Vol. II, pp.1360-1361: Wet No. 7 van 1875, Act "To Amend the Law relating to Masters, Servants and Apprentices".

67. SP 382, pp.380-382: Statement upon Law No. 13 of 1880, entitled Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants and Apprentices", opgestel deur W.B. Morcom, Pretoria, 21.9.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die wet vir alle doeleindes as die "Masters and Servants Law" of "Wet voor Meesters en Dienstboden , 1880" bekend gestaan het.[68] Die wet sou in werking tree en van krag wees vandat dit in die Staatskoerant gepubliseer is.[69]

Enkele dae hierna het die Transvaal Argus na die wet verwys as een van die belangrikste maatreëls wat nog by die Wetgewende Vergadering ingedien is en dat dit baie van die probleme wat daar tussen werkgewers en dienaars in Transvaal bestaan het, uit die weg sou ruim. Waar die werkgewers voorheen in baie opsigte feitlik geen verweermiddel gehad het nie, het hierdie wet hulle posisie baie versterk. Gevolglik was alle werkgewers dus nou in 'n posisie gestel om goeie en betroubare werksmense te bekom wat in alle opsigte hulle loon waardig sou wees.[70]

3. Die Heer- en Diensbodewet van 1880

Volgens die langtitel van die Heer- en Diensbodewet van 1880,[71] geld die wet vir werkgewers, dienaars en leerlinge en was dit op sowel Blankes as Nie-Blankes van toepassing. Dit het gevolglik beteken dat anders as in die geval van die Zuid-Afrikaansche Republiek, waar die maatreëls waarvolgens die arbeidsverhouding tussen werkgewer en dienaar omskryf is, slegs op Nie-Blankes betrekking gehad het, die Heer- en Diensbodewet op die arbeidersklasse, hetsy Blank of Nie-Blank, van toepassing was. Die feit dat die mense op wie

---

68. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants and Apprentices", Hoofstuk VII, art. 4; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.823: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk VII, art. 4.

69. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants and Apprentices", Hoofstuk VII, art. 5; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.823-824: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk VII, art. 5.

70. MS 179/2: The Transvaal Argus, and Commercial Gazette, 29.6.1880 (Hoofartikel).

71. Die uiteensetting van Wet No. 13 van 1880 wat in hierdie afdeling aangebied word, het slegs 'n samevatting en nie 'n volledige behandeling van die wet ten doel nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie wet betrekking gehad het, naamlik die hande-arbeiders wat in die landbou, in huishoudelike dienste, in die vervaardigingsbedryf of as bootman, portier, ensovoorts werksman was, uit die aard van die saak in Transvaal feitlik uitsluitlik Swartes was, het verder beteken dat hierdie wet op daardie stadium in die Transvaalse geskiedenis, in die eerste instansie op die Swartes as hande-arbeiders betrekking gehad het. So gesien, het die wet dus ten doel gehad om die Swart werknemers te beskerm teen byvoorbeeld te lang dienskontrakte[72] en die versuim om lone te betaal.[73] Verder wou dit verseker dat 'n dienaar sy loon sou ontvang wanneer hy as gevolg van siekte of 'n ongeluk wat nie deur sy toedoen veroorsaak is nie, onbevoeg was om te werk.[74] Terselfdertyd het die wet ook die werkgewer beskerm deur byvoorbeeld aan hom regte te gee wat hy andersins nie gehad het nie en deur die instelling van strafmaatreëls wanneer 'n dienaar of leerling hom aan 'n oortreding skuldig sou maak.[75]

In die inleiding van die wet word die doel daarvan omskryf as om die onderskeie regte en verpligtinge van die werkgewer, dienaars en leerlinge te reël en om vir die beskerming van die arbeidersklasse voorsiening te maak.[76] In ooreenstemming

72. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants and Apprentices", Hoofstuk II, art. 9 en 10 en Hoofstuk III, art. 2; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.794 en 799: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 9 en 10 en Hoofstuk III, art. 2.

73. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants and Apprentices", Hoofstuk V, art. 21; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.817: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 21.

74. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants and Apprentices", Hoofstuk II, art. 17; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.796: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 17.

75. Sien in dié verband bv. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk IV, art. 8 en Hoofstuk V; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.805 en 807-821: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk IV, art. 8 en Hoofstuk V.

76. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants and Apprentices", Inleiding; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.790: Wet No. 13, 1880, Wet "Voor het reguleeren van die betrekkelijke regten en pligten van Meesters, Bedienden en Leerlingen", Inleiding.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hiermee word alle wette, regulasies en besluite van die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek, wat strydig was met hierdie wet herroep.[77]

Hoofstuk I van die Heer- en Diensbodewet van 1880 het bepaal dat die Transvaalse howe die jurisdiksie gehad het om alle sake wat met die aanname van hierdie wet of daarna voor hulle gedien het en wat in verband gestaan het met die sluiting of ontbinding van diens- of leerlingkontrakte, te verhoor. Dieselfde het ook gegeld vir alle sake wat in verband gestaan het met regte, verpligtinge en bevoegdhede of ander aangeleenthede in verband met diens- of leerlingkontrakte, of wat uit enige van die onderlinge verhoudings tussen werkgewers, dienaars of leerlinge voortgespruit het. Hierdie sake moes verhoor word volgens die wet van Transvaal wat op bilaterale kontrakte in die algemeen van toepassing was, behalwe wanneer ander bepalings in die Heer- en Diensbodewet, of in enige ander wet, sodanige aangeleenthede geraak het.[78]

'n Verdere bepaling van Hoofstuk I het daarvoor voorsiening gemaak dat die wet nie diens- of leerlingkontrakte geraak of tot niet gemaak het wat voor die inwerkingtrede van hierdie wet aangegaan was nie.[79] Ondanks hierdie bepaling kon enige wettige diens- of leerlingkontrak wat in Transvaal nagekom moes word, deur 'n landdros of deur 'n bevoegde hof,

---

77. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", art. 1; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.790: Wet No. 13, 1880, art. 1.

78. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk I, art. 1; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.792: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk I, art. 1.

79. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk I, art. 2; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.792: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk I, art. 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ter syde gestel word. So 'n tersydestelling kon slegs geskied nadat daar tot tevredenheid van sodanige landdros of hof redelike bewys gelewer is dat enigeen van die partye deur bedrog, wanvoorstelling of verswyging oorreed is om so 'n kontrak aan te gegaan het.[80]

Hoofstuk II van die Heer- en Diensbodewet van 1880 het oor sake rakende die opstel van 'n dienskontrak gehandel. In dié verband is daar bepaal dat 'n dienskontrak wat nie binne die grense van Transvaal aangegaan is nie, van nul en gener waarde was, behalwe as dit skriftelik aangegaan is.[81]

Behalwe vir die hierna genoemde uitsonderings waarvoor in die wet voorsiening gemaak is, was geen dienskontrak wat buite Transvaal aangegaan is in Transvaal geldig nie, tensy dit deur 'n landdros van Transvaal ingesien en bekragtig is. Hierna was so 'n kontrak geldig vir die tydperk wat daarin bepaal is maar met dien verstande dat daar geag word dat die tydperk nie langer as drie jaar vanaf die datum van aankoms van die kontrakterende dienaar in Transvaal sou wees nie.[82] Vir die aantekening en die bevestiging of hersiening van 'n kontrak wat buite die grense van Transvaal aangegaan is, moes die party wat die kontrak met die dienaar aangegaan het, 'n bedrag van 5/- aan die landdros betaal.[83] Indien enige party tot so 'n kontrak, hom deur enige besluit van die landdros

---

80. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk I, art. 3; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.792: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk I, art. 3.

81. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk II, art. 1; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.792: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 1.

82. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk II, art. 2; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 792-793: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 2.

83. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk II, art. 6; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.793: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

veronreg gevoel het, het hy die reg gehad om na die Hoër Hof van Transvaal te appelleer.[84]

'n Dienskontrak, hetsy mondeling of skriftelik, waarvan die termyn nie uitdruklik in die kontrak bepaal was nie, sou by gebrek aan voldoende bewys van die teendeel, geag word as vir slegs 'n termyn van een maand vanaf die aanvang daarvan geldig te wees. Hierdie bepaling was egter nie van toepassing op kontrakte in verband met 'n bedryf of ambag waarin nie bepaal is dat die dienaar tydens die termyn daarvan aan huis van of op die perseel van die werkgewer moes gewoon het nie. Ten opsigte van sodanige gevalle sou daar geag word dat die termyn slegs sou duur tot die aand van die Saterdag van die week op enige dag waarvan daar bepaal is dat die diens 'n aanvang sou neem. Hierdie bepaling met betrekking tot die duur van 'n kontrak, was ook nie van toepassing op kontrakte vir die uitvoering van 'n besondere stuk werk nie. In so 'n geval sou die kontrak verstryk het sodra die werk voltooi was. Indien die werk nie binne 'n redelike tyd voltooi is nie, kon die werk deur die werkgewer beëindig word na die verstryking van redelike voldoende tyd om sodanige werk te kon voltooi.[85]

Volgens die Heer- en Diensbodewet van 1880 was 'n mondelinge dienskontrak nie vir langer as 'n jaar geldig of bindend nie. So 'n kontrak was in elk geval ook nie geldig of bindend nie, tensy daar ooreengekom is dat die dienaar binne een maand vanaf die datum van die kontrak diens moes aanvaar.[86] 'n Skriftelike dienskontrak wat in Transvaal aangegaan is, was eweneens nie geldig vir langer as 'n jaar nie. Geen sodanige

---

84. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants and Apprentices", Hoofstuk II, art. 7; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.793: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 7.

85. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk II, art. 8; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885; p.794: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 8.

86. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk II, art. 9; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.794: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 9.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kontrak was bindend op 'n dienaar nie, tensy daar in die kontrak bepaal was dat die diens waarvoor gekontrakteer is, binne een maand vanaf die datum van die kontrak 'n aanvang sou neem. Hierdie bepaling het egter verval wanneer die kontrakterende persone die kontrak onderteken het, of, in geval die persone ongeletterd was, hulle merk in die teenwoordigheid van 'n landdros of ander bevoegde amptenaar aangebring het. Waar 'n kontrak voor 'n landdros of ander bevoegde amptenaar onderteken is, het die wet vereis dat die landdros of amptenaar hom deur navraag by die dienaar of leerling daarvan moes vergewis dat die partye die kontrak vrywillig aangegaan en die betekenis en strekking daarvan duidelik begryp het. Hierna moes die landdros of ander bevoegde amptenaar so 'n kontrak in attestasie daarvan onderteken.[87] 'n Kontrak wat op hierdie wyse voor 'n landdros of ander amptenaar in Transvaal aangegaan is, was vir hoogstens vyf jaar vanaf die datum daarvan geldig. 'n Geskrewe kontrak wat buite Transvaal aangegaan is, sou geldig wees vir hoogstens vyf jaar vanaf die datum waarop die diens in aanvang geneem het.[88]

In 'n verdere artikel van die wet word 'n uiteensetting gegee van die bewoording wat alle dienskontrake wat in Transvaal opgestel is, sover moontlik moes bevat. Benewens die name van die werkgewer en dienaar, moes ook aangeteken word in watter hoedanigheid die dienaar sy diens aan die werkgewer verhuur het. Daar moes ook duidelik vermeld word vir watter tydperk die kontrak aangegaan word. Verder moes aangetoon

---

87. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk II, art. 10; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.794: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 10.

88. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk II, art. 11; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.794: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word die bedrag aan loon of vergoeding wat die dienaar per dag, week, maand of jaar, afhangende van wat die geval was, sou ontvang, en op watter dag van elke week, maand, ensovoorts, sy loon aan die dienaar betaal sou word. Enige spesiale ooreenkoms wat bestaanbaar was met die Heer- en Diensbodewet van 1880 en wat nie in die kontrakvorm genoem word nie, moes in die kontrak vermeld word. Origens moes die landdros of amptenaar in wie se teenwoordigheid die ooreenkoms geteken is, verklaar dat die partye die ooreenkoms vrywilliglik in sy teenwoordigheid onderteken het en dat, na sy oordeel, albei partye die ooreenkoms begryp het.[89]

Tensy daar uitdruklik in 'n dienskontrak bepaal is dat sodanige kennisgewing nie nodig was nie, sou 'n dienskontrak wat vir 'n maand of langer aangegaan is, nie as verstreke geag word nie totdat die een party eers 'n maand kennis aan die ander party gegee het. As die diens weekliks gelewer word, sou 'n week se kennisgewing nodig gewees het. Hierdie bepalings in verband met die verstryking van 'n kontrak, het egter geskied op dié voorwaarde dat niks wat hierin vervat was, vertolk kon word as sou dit een party tot 'n dienskontrak in staat gestel het om dit sonder die ander party se toestemming te beëindig voordat die dienstermyn waarop oorspronklik ooreengekom was, verstryk het nie.[90]

Wanneer kennis op die voorgeskrewe wyse deur een party aan die ander gegee word, en die dienaar deur die werkgewer toegelaat word om in sy diens aan te bly, of as die dienaar in sy diens aangebly het na die dag waarop die dienskontrak sou verstryk, sou sodanige kennis geag word, teruggetrek te wees. Tensy daar uitdruklik anders deur die partye

---

89. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880, Wet No. 13, 1880 Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk II, art. 12; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.795: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 12.

90. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk II, art. 13; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.795-796: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 13.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ooreengekom was, sou die oorspronklike dienskontrak vir die duur van die bepaalde termyn en op die bepaalde wyse voortgeduur het asof daar nie kennis gegee was nie.[91]

Die Heer- en Diensbodewet van 1880 het verder bepaal dat indien 'n kontrak, hetsy mondeling of skriftelik, vereis het dat die dienaar op sy werkgewer se perseel moes woon en daar nie uitdruklik bepaal is dat die werkgewer nie voedsel en huisvesting moes voorsien nie, sou dit geag word dat die werkgewer onderneem het om aan so 'n dienaar huisvesting en voldoende voedsel vir die duur van die kontrak te voorsien. Indien 'n dienaar se gesin by die kontrak ingesluit was, was die werkgewer verplig om ook sy gesin van huisvesting en voedsel te voorsien.[92]

Ingeval 'n dienaar 'n aksie vir wanbetaling van lone wat kragtens 'n dienskontrak verskuldig was, voor 'n landdros of ander bevoegde hof ingestel het, en wanneer die loontarief waarteen sodanige kontrak aangegaan is, nie tot die tevredenheid van sodanige landdros of hof bewys kon word nie, moes die landdros of hof die loontarief bepaal. In so 'n geval het die landdros of hof die bevoegdheid gehad om die loontarief te bepaal op die tarief wat gewoonlik in die distrik of plek betaal word waar die diens verrig is. Wanneer 'n dienaar se loon op hierdie wyse bepaal moes word, moes dit geskied met inagneming van die bedrewenheid en bekwaamheid van die dienaar.[93]

---

91. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk II, art. 14; F. Jeppe en J.G.Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.796: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 14.

92. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No.13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk II, art. 15; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale wetten ..., 1849-1885, p.796: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 15.

93. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk II, art. 16; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.796: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 16.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In soverre dit die posisie van 'n dienaar ingeval van siekte of 'n ongeluk betref, is daar deur die Heer- en Diensbode-wet van 1880 bepaal dat wanneer 'n dienaar as gevolg van siekte of 'n ongeluk wat nie deur sy toedoen veroorsaak is nie, onbevoeg sou raak om vir sy werkgewer te werk, was hy, tensy spesiaal anders in die kontrak bepaal was, vir die eerste maand van sodanige onbevoegdheid op sy volle loon geregtig. Verder was hy ook geregtig op elke ander voordeel, hetsy vir homself of vir sy gesin vir wie in die dienskontrak beding is, vir die volle duur van sodanige onbevoegdheid, behalwe as die ooreengekome dienstermyn gouer verstryk het, of behalwe as sodanige onbevoegdheid langer as twee maande geduur het.

In die geval van 'n dienaar wat vir langer as twee maande onbevoeg was, was die werkgewer geregtig daarop om na verstryking van twee maande of enige tyd daarna wat die onbevoegdheid ononderbroke voortgeduur het, die dienskontrak te herroep en as beëindig te beskou. Die werkgewer was egter verplig om, voordat hy die kontrak as beëindig beskou het, al die bepalings wat daarin genoem word en waarop ooreengekom was, na te kom tot en met die dag waarop hy sy voorneme verklaar het om die kontrak, met uitsondering van die bepalings met betrekking tot lone as herroep te beskou. Hierdie bepaling het egter geskied met dien verstande dat as die werkgewer na die verstryking van twee maande, dit nie goed gedink het om die dienskontrak as beëindig te beskou nie, maar die dienaar toegelaat het om in sy diens aan te bly, so 'n dienaar slegs op die loon vir die eerste twee maande aanspraak kon maak. Ook sou hy nie kon aanspraak maak op enige voordeel waarvoor in die dienskontrak beding was, vir enige tydperk wat sy onbevoegdheid langer as twee maande voortgeduur het nie. Van hierdie bepaling was egter uitgesluit die voedsel en inwoning wat die werkgewer ingevolge die dienskontrak onderneem het om aan hom en sy gesin te verskaf het. Hierdie bepaling was egter onderhewig daaraan dat geen dienaar wat ooreenkomstig 'n kontrak gehuur was om spesifieke diens in 'n bedryf of ambag te verrig, daarop geregtig was om die loon of enige ander voordeel wat in die dienskontrak bepaal was, te ontvang vir enige deel van die tyd wat hy as gevolg van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

siekte of 'n ongeluk onbevoeg was om vir sy werkgewer te werk. Ten spyte van hierdie bepaling, was hy egter geregtig daarop om die voedsel en huisvesting vir hom en sy gesin te ontvang wat sy werkgewer ingevolge die dienskontrak onderneem het om aan hom te voorsien. Hierdie verordening sou egter nie geld as die dienskontrak gouer verstryk het of as sodanige onbevoegdheid vir langer as 'n maand geduur het nie. In so 'n geval was die werkgewer geregtig daarop om na goeddunke, ingevolge dieselfde voorwaardes as wat reeds vroeër in hierdie hoofstuk uiteengesit is, die dienskontrak vir alle doeleindes as beëindig te beskou.[94]

'n Verdere bepaling van die Heer- en Diensbodewet van 1880 het daarvoor voorsiening gemaak dat alle dienskontrakte waarin vir die dienste van die eggenote van 'n dienaar saam met dié van haar eggenoot beding word, op dieselfde wyse as dié ten opsigte van haar eggenoot deur haar aangegaan en verly word. Ook was dit wettig vir 'n vader, of in geval van sy dood of afwesigheid, vir die moeder van 'n kind onder die ouderdom van 16 jaar, om 'n kontrak vir die diens van die kind, saam met sy eie aan te gaan, op dieselfde wyse as waarop hy 'n kontrak vir sy eie diens aangegaan het. Indien dit 'n skriftelike kontrak was, moes die naam en ouderdom van elke kind duidelik in die kontrak uiteengesit word. Die kontraktering van so 'n kind het egter geskied met die uitdruklike bepaling dat niks aan die werkgewer van so 'n ouer enige aanspraak op die diens van so 'n kind gegee het vir 'n langer tydperk as waarvoor die ouer in diens geneem was, of nadat die kind die ouderdom van 16 jaar bereik het nie. Die werkgewer het ook geen aanspraak gehad op die diens van enige ander kind van die kontrakterende ouer op grond daarvan dat so 'n

---

94. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk II, art. 17; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.796-797: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 17.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kind deur die werkgewer gevoed en geklee is, of gebore is terwyl die ouer van die kind in die werkgewer se diens was, of onder watter voorwendsel ook al nie.[95]

Wanneer 'n persoon te sterwe sou kom terwyl hy en sy eggenote en kinders onder kontrak was, het die kontrak ten opsigte van sy eggenote en sy kinders nietig geword by die verstryking van een maand na die afsterwe van so 'n persoon.[96]

As 'n persoon 'n dienskontrak met 'n dienaar aangegaan het waarin bepaal is dat die dienaar op die werkgewer se perseel moes woon, het hy 'n oortreding begaan as hy die dienaar se eggenote en kinders op sy perseel sou hou, tensy die werkgewer in die kontrak bepaal het dat dit wel gedoen kon word. Indien daar wel so 'n bepaling in die kontrak was, kon die werkgewer nie op die dienste van so 'n eggenote en kinders aanspraak gemaak het, bloot omdat hulle op sy perseel gewoon het nie.[97]

Wanneer die administrateur in tye van openbare oproer of inval in Transvaal dit nodig geag het om enige deel van die inwoners van 'n distrik vir diens op te roep, was elke persoon wat ingevolge 'n dienskontrak ooreenkomstig hierdie wet as 'n plaaswerker of veewagter vir 'n tydperk van minstens een maand in diens van 'n werkgewer was wat in so 'n distrik gewoon het, verplig om in sy werkgewer se diens aan te bly selfs al sou die ooreengekome dienstermyn gedurende die oproer of inval

---

95. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk II, art. 18; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.797-798: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 18.

96. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants and Apprentices", Hoofstuk II, art. 19; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.798: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 19.

97. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880: Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk II, art. 20; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.798: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 20.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verstryk. In so 'n geval moes die plaaswerker of veewagter sy diens op dieselfde voorwaardes voortsit, totdat die oproer of inval geëindig het en totdat die dienste van die inwoners van die distrik nie meer nodig was nie. Hierdie bepaling het geskied met die verstandhouding dat as 'n dienaar te eniger tyd vir militêre diens opgeroep sou word, die werkgewer van die dienaar verplig was om tydens die dienaar se afwesigheid, toe te laat dat die gesin en eiendom van die dienaar op sy perseel kon bly. Verder, dat die werkgewer op dieselfde wyse vir hulle sou sorg as wat hy ingevolge die dienskontrak vir hulle sou moes sorg.[98]

Wat die leertyd van kinders betref, is daar volgens die bepalings van Hoofstuk III van die Heer- en Diensbodewet van 1880 daarvoor voorsiening gemaak dat 'n leerlingkontrak nie geldig was nie, tensy dit op skrif gestel word. Verder moes dit onderteken word, of in die geval van ongeletterde persone, met die aanbring van hulle merk, deur die werkgewer en ouer of voog van die leerling. Indien die leerling reeds 16 jaar oud was, moes die kontrak ook deur hom onderteken word.[99]

'n Leerlingkontrak waarkragtens 'n kind jonger as 16 jaar, indien vroulik, en 18 jaar, indien manlik, as 'n plaaswerker of huisbediende ingeskryf word, sou slegs geldig wees totdat die onderskeie ouderdomme bereik word waarna in hierdie artikel verwys word.[100] Kinders tussen tien en sestien jaar, wat nie in 'n toestand van behoeftigheid verkeer het nie, kon weer deur hulle vaders, of in die geval van kinders sonder vaders, deur hulle moeders, of in die geval

---

98. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants and Apprentices", Hoofstuk II, art. 21; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.798-799: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk II, art. 21.

99. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk III, art. 1; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.799: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk III, art. 1.

100. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk III, art. 2; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.799: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk III, art. 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van weeskinders met voogde, deur hulle voogde vir enige korter tydperk of totdat hulle 21 jaar oud was, as leerlinge ingeskryf word. In so 'n leerlingkontrak moes daar behoorlik voorsiening vir die onderhoud, kleding en opleiding van die leerling gemaak word. Hierdie bepaling was onderhewig daaraan dat 'n leerlingkontrak waarvolgens 'n kind jonger as tien jaar, wat nie in 'n toestand van behoeftigheid verkeer het nie, ingeskryf word, vir alle doeleindes nietig sou wees, behalwe as so 'n leerlingkontrak deur die ouer of voog en die werkgewer in die teenwoordigheid van 'n landdros verly is en deur die landdros geattesteer is as 'n kontrak wat na sy mening tot voordeel van die kind sou wees.[101] Hierteenoor kon 'n minderjarige kind van 16 jaar of ouer, uit eie beweging ingewillig het om as 'n leerling ingeskryf te word vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar in 'n ambag wat besondere vaardigheid of bedrewenheid vereis het. Hierdie bepaling was egter onderhewig aan die voorwaarde dat as die minderjarige vroulik was, sy met die nodige inwilliging as 'n huisbediende ingeskryf kon word vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar.[102] Oor al hierdie minderjariges wat nie ouers of voogde in Transvaal gehad het nie of van wie die ouers of voogde nie opgespoor kon word nie, was die landdroste ex officio die voogde in hulle onderskeie distrikte en het hulle die bevoegdheid gehad om so 'n minderjarige wettiglik in te boek.[103]

Wanneer 'n ouer of ouers 'n kind onder die ouderdom van 16 jaar verlaat het of weens afsterwe in 'n toestand van behoeftigheid

---

101. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk III, art. 3; F. Jeppe en J.G. Kotze (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.799: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk III, art. 3.

102. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk III, art. 4; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.799: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk III, art. 4.

103. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880: Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk III, art. 5; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 799-800: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk III, art. 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gelaat het, moes die persoon by wie hy gelaat is of wat die kind in 'n toestand van behoeftigheid gevind het, die naaste veldkornet of die landdros, so gou as moontlik daarvan in kennis stel, sodat stappe geneem kon word vir die onderhoud en opvoeding van die kind deur so 'n kind as leerling in te skryf. As 'n persoon daaraan skuldig bevind sou word dat hy 'n behoeftige kind langer as 'n maand by hom gehou of in sy diens gehad het sonder om daarvan kennis te gegee het, moes die persoon hoogstens 20/- en minstens 5/- per maand betaal vir elke maand wat die kind aangehou is. Hierdie geld moes by die staatstesourie inbetaal word waaruit ook alle redelike onkoste betaal moes word vir sowel die onkoste wat aangegaan is om die owerheid van die kind se aanhouding in kennis te stel as vir sy onderhoud totdat hy deur die owerheid verwyder sou word.[104]

Wanneer 'n landdros of veldkornet van die bestaan van 'n behoeftige kind in kennis gestel is, moes hy die kind na die landdros se woonplek laat verwyder. Tensy die kind na sy mening nie werklik in 'n toestand van behoeftigheid verkeer het nie of in staat was om vir homself te kon sorg, moes hy toesien dat die kind op staatskoste gehuisves en onderhou word, totdat die landdros vasgestel het of die kind 'n bloedverwant gehad het wat in staat was om hom te onderhou. Indien daar wel so 'n bloedverwant was, moes die landdros die kind laat inskryf, òf by die enigste bloedverwant òf by die bloedverwant by wie dit geblyk het dit in die kind se belang sou wees om by ingeskryf te wees. As daar nie 'n geskikte bloedverwant was nie, moes die landdros, sodra dit moontlik was, die kind by 'n geskikte persoon laat inskryf totdat hy 18 jaar oud was, of in die geval van dogters, tot hulle sestiende verjaarsdag of vir enige korter tydperk wat raadsaam

---

104. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk III, art.6; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.800: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk III, art. 6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geag word. Die landdros was verder verplig om die naam van so 'n leerling en van die persoon by wie hy ingeskryf was, vir publieke bekendstelling in die Staatskoerant te publiseer.[105] Ook moes hy toesien dat wanneer so 'n kind as 'n leerling ingeskryf word daar in die leerlingkontrak behoorlik voorsiening vir die onderhoud, kleding en opleiding van so 'n kind gemaak word. Indien die landdros of ander amptenaar van mening was dat die kind se diens in 'n stadium van die kontrak 'n loon werd was, moes ook daarvoor in die kontrak voorsiening gemaak word. Wanneer 'n kind by 'n bloedverwant of 'n vreemdeling ingeskryf word, was dit die landdros of amptenaar se plig om die beste voorwaardes vir hom te beding.[106].

Kragtens 'n bepaling van die Heer- en Diensbodewet van 1880 moes 'n leerlingkontrak vir 'n behoeftige kind volgens 'n bepaalde voorskrif opgestel word. Afgesien van sowel die name van die kind as dié van sy werkgewer by wie hy onder kontrak geplaas was, moes ook die kind se ouderdom en sy ouderdom wanneer die leerlingskap sou eindig, in die kontrak vermeld word. Daar moes ook verklaar word dat so 'n kind by die werkgewer as 'n leerling sou woon en gedurende welke tyd die leerling sy werkgewer sou gehoorsaam en hom goed sou dien. Die werkgewer moes ook onderneem dat hy die leerling gedurende sy leerlingskap in 'n bepaalde ambag of beroep sou leer en oplei. Verder, dat hy na die beste van sy vermoë vir die opvoeding en godsdienstige onderrig van die leerling voorsiening sou maak en dat hy hom van voldoende voedsel, klerasie, huisvesting en alle ander dinge wat vir so 'n leerling nodig was, sou voorsien. Die bedrag wat die leerling as loon sou ontvang en hoe dit betaal sou word, moes eweneens in die kontrak aangetoon

---

105. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk III, art. 7; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.800-801: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk III, art. 7.

106. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices, Hoofstuk III, art. 8; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.801: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk III, art. 8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word. Die werkgewer moes verder verklaar dat hy nie die leerling sonder die voorafverkreë toestemming van die landdros of ander bevoegde amptenaar aan 'n ander persoon sou toewys of na hom sou oorplaas nie. As bewys van hulle teenwoordigheid by die verlyding van die kontrak, moes twee persone die kontrak as getuies onderteken.[107]

Ingeval die landdros of ander bevoegde amptenaar deur wie die leerlingkontrak van 'n behoeftige kind aangegaan is, vanweë sy afsterwe of om enige ander rede, nie langer as 'n landdros of amptenaar sou kon optree nie, sou die bepalings van die leerlingkontrak nie verval nie. Wanneer so 'n situasie sou ontstaan, sou dit ten gunste van die opvolger van die landdros of behoorlik aangestelde amptenaar voortduur.[108]

'n Leerlingkontrak moes in drievoud opgestel en geteken word. Een afskrif moes aan die werkgewer en een aan die leerling gegee word, terwyl die derde afskrif in die kantoor van die landdros wat die kontrak geattesteer het, geliasseer en geregistreer moes word. Indien so 'n kontrak deur 'n ander amptenaar wat spesiaal daarvoor aangestel is, geattesteer word, moes dit in 'n boek aangeteken word wat vir diê doel aangelê moes word. Hierna moes hy die derde afskrif van die leerlingkontrak aan die landdros van die distrik besorg waarin die werkgewer gewoonlik gewoon het, ten einde dit in sy kantoor te liasseer en te registreer.[109] Saamgaande

---

107. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk III, art. 9; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.801-802: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk III, art. 9.

108. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk III, art. 10; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.802: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk III, art. 10.

109. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk III, art. 11; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.802: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk III, art. 11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hiermee is daar verder bepaal dat 'n werkgewer nie die reg gehad het om 'n leerling van die distrik waar die werkgewer gewoon het na 'n ander distrik oor te plaas of aan 'n ander persoon toe te wys nie. Indien dit wel toegelaat sou word, moes so 'n oorplasing of toewysing ook met die goedkeuring van die leerling geskied indien hy 16 jaar oud was.[110]

Hoofstuk IV van die Heer- en Diensbodewet van 1880 het weer gehandel oor die uitwerking wat die afsterwe,insolvensie en verandering van woonplek van die werkgewer, ensovoorts op 'n dienskontrak gehad het. Met betrekking tot hierdie aangeleenthede, het die wet daarvoor voorsiening gemaak dat ingeval van die afsterwe of insolvensie van 'n werkgewer, die dienskontrak, behalwe soos later in die wet bepaal sou word, na die verstryking van 'n maand vanaf die datum van afsterwe of insolvensie sou eindig, as die gestipuleerde dienstermyn nie reeds vroeër verstryk het nie. Wanneer so 'n toestand sou ontstaan, was die dienaar geregtig daarop om tot by die beëindiging van sy kontrak, op sy volle loon en elke ander vergoeding wat in die kontrak bepaal was, aanspraak te maak. Indien dit verlang mag word, was die dienaar egter verplig om diens te lewer aan die persoon wat die afgestorwe of insolvente werkgewer wetlik verteenwoordig het.[111] Ingeval 'n leerling weer vanweë die afsterwe of insolvensie van sy werkgewer, of ingeval hy verhinder sou word om op die wyse soos meer bepaald in artikel ses van hierdie hoofstuk genoem word, sy diens te lewer of sy verpligtinge na te kom op die plek waar dit moes geskied, sou sodanige afsterwe, insolvensie of verhindering, 'n algehele ontheffing van die leerlingkontrak tot gevolg gehad het. Indien dit verder sou blyk dat 'n bedrag werklik en bona fide aan of ten behoewe van so 'n leerling betaalbaar was, kon 'n landdros of ander bevoegde hof, by bewys daarvan summier gelas dat 'n redelike bedrag aan of vir die gebruik

---

110. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk III, art. 12; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.802: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk III, art. 12.

111. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk IV, art. 1; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.803: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk IV, art. 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die leerling deur die werkgewer of sy regsverteenwoordiger betaal moes word. By die vasstelling van diê bedrag, moes die bedrag wat oorspronklik aan die leerling betaalbaar was en die tydperk wat die leerling in die diens van sy werkgewer aangebly het, in ag geneem word. Hierdie bepaling het egter geskied met dien verstande dat die leerling geregtig was op sy volle loon of ander vergoeding wat voor die ontbinding van die leerlingkontrak verskuldig was.[112]

Wanneer die werkgewer van 'n kind wat as gevolg van 'n toestand van behoeftigheid deur 'n landdros of ander bevoegde amptenaar ingeskryf is, te sterwe kom of insolvent raak, was dit hierdie amptenare se plig, as die leerling nog nie 16 jaar oud was nie en homself nie kon onderhou nie, om die sorg van die kind oor te neem. Afgesien hiervan was hierdie amptenare ook verplig om, wanneer dit onder hierdie omstandighede dienstig geag word, die kind weer vir 'n termyn binne die perke wat hierdie wet vir die duur van 'n leerlingskap voorgeskryf het, by 'n geskikte persoon in te skryf. As die kind nog nie 16 jaar oud was nie, was sy toestemming hiervoor nie nodig nie.[113]

Indien die werkgewer van 'n dienaar of leerling wat gehuur of gekontrakteer was om diens as 'n huisbediende of plaaswerker te verrig, te sterwe kom, was sy eggenote geregtig daarop om die diens van die dienaar of leerling vir die volle duur van die gestipuleerde dienstermyn te eis. Dit kon sy egter slegs doen, mits sy ingestem het om al die bepalings van die kontrak met betrekking tot die dienaar of leerling na te kom.[114] Ingeval 'n dienaar of leerling gedurende 'n gestipuleerde dienstermyn te sterwe sou kom, was sy erfgename, eksekuteurs of

---

112. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk IV, art. 2; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.803: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk IV, art. 2.

113. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk IV, art. 3; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.803-804: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk IV, art. 3.

114. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, "Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk IV, art. 4; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.804: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk IV, art. 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ander regsverteenwoordigers geregtig daarop om van die werkgewer te eis die volle loon en ander vergoeding wat aan die leerling of dienaar betaalbaar was.[115]

'n Dienaar of leerling - behalwe soos hierna bepaal word in verband met persone wat as behoeftige kinders ingeskryf is - wat gehuur of gekontrakteer was om diens by die woonplek of by 'n bepaalde werk- of besigheidsplek van sy werkgewer te verrig, was nie sonder die dienaar se eie toestemming of sonder diê van die ouers of voogde van 'n leerling, verplig om diens te gaan verrig by die plek waarheen sy werkgewer sy woonplek of werk- of besigheidsplek verskuif het nie. Hierdie bepaling was op die volgende gevalle van toepassing. Eerstens, in die geval waar die dienaar se werkgewer sy woonplek of werk- of besigheidsplek verder as drie kilometer van die dorp af verskuif het of as die nuwe plek nie in die dorp was nie. Tweedens, in die geval waar sy werkgewer sy woonplek of werk- of besigheidsplek verskuif het van die plek af waar die dienaar of leerling ingevolge die kontrak verplig was om sy diens te verrig, maar ingevolge die kontrak nie verplig was om in die huis of op die perseel van die werkgewer te woon nie. Derdens in die geval waar die werkgewer sy woonplek of werk- of besigheidsplek verskuif het na 'n plek buite die distrik van sodanige plek of dorp, waar die dienaar of leerling verplig was om in die huis of op die perseel van sy werkgewer te woon. Kragtens die Heer-en Diensbodewet word daar bepaal dat daar geag sal word dat toestemming vir so 'n verskuiwing verleen is wanneer daar bewys kon word dat die dienaar of leerling wat nie verplig was om in die huis of op die perseel van sy werkgewer te woon nie, en 'n leerling wat willens en wetens deur sy ouer of voog toegelaat is om by die nuwe woonplek of werk- of besigheidsplek diens te verrig, enige soort werk vir sy werkgewer verrig het wat hy ingevolge die kontrak moes verrig het, of as 'n dienaar wat verplig was om in die huis of op die perseel van sy werkgewer te woon, na sodanige huis gegaan en daar gaan bly het. Afgesien hiervan is daar ook aanvaar dat

---

115. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk IV, art. 5; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.804: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk IV, art. 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

toestemming verleen was wanneer 'n leerling wat deur sy ouer of voog toegelaat is om na so 'n huis te gaan en daar vir 'n week te bly, nadat sy werkgewer daarheen verhuis het en reeds daar gewoon het.[116]

Anders as in die geval van dienaars en leerlinge waarna in die voorafgaande verwys is, was die werkgewer van 'n leerling wat as 'n behoeftige kind by hom ingeskryf was, geregtig daarop om sonder enige beperkings, die leerling te verwyder na enige plek in die Transvaal waarheen hy ook al sy woonplek of werk- of besigheidsplek mag verskuif. Ook kon hy geëis het dat die leerling die diens moes verrig waarvoor in die kontrak voorsiening gemaak word, nadat hy voor sy vertrek aan die landdros van die distrik wat hy sou verlaat, van sy voorneme kennis gegee het. Hierdie kennisgewing moes daarna deur die landdros op die derde afskrif van die leerlingkontrak wat in sy kantoor geregistreer en geliasseer was, geëndosseer word. Wanneer die werkgewer se verhuising van die een distrik na die ander afgehandel was, moes die derde afskrif onverwyld aan die landdros van die distrik gestuur word waarheen die leerling verskuif het en wat dit op sy beurt weer moes registreer en liasseer.[117]

'n Dienaar of leerling wat as 'n huisbediende gehuur of gekontrakteer was, kon nie volgens die Heer- en Diensbodewet weier om sy werkgewer of enige van sy gesinslede, op 'n reis binne Transvaal te vergesel nie. Ook was hy verplig om in die loop van so 'n reis al die diens te verrig wat hy ingevolge sy dienskontrak verplig was om in sy werkgewer se huis of op sy perseel te verrig. 'n Dienaar of leerling mag ook nie

---

116. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk IV, art. 6; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.804-805: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk IV, art. 6.

117. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk IV, art. 7; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p. 805: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk IV, art. 7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wettiglik geweier het om 'n reis in Transvaal te onderneem as sy werkgewer hom gelas het om dit te doen nie, of om karperde of vee wat die eiendom van of in die wettige besit of onder die beheer van sy werkgewer was, aan te jaag, op te pas of te versorg nie. Hierdie bepaling het slegs gegeld mits daar redelike gronde was om te glo dat sodanige reis afgelê sou kon word voordat die gestipuleerde dienstermyn van die dienaar of leerling sou kon verstryk. Verder, dat die werkgewer verplig was om die dienaar of leerling te voorsien van voedsel en alles wat nodig was om hom in staat te stel om die reis af te lê en na sy werkgewer se woonplek of perseel terug te keer voordat sy dienstermyn kon verstryk.[118]

Kragtens 'n verdere bepaling van die Heer- en Diensbodewet was 'n dienaar of leerling nie verplig om sy werkgewer sonder die spesiale instemming of toestemming van die dienaar self of van die ouers van die leerling, na buite die grense van Transvaal te vergesel nie. Wanneer 'n leerling 16 jaar oud was, moes ook sy toestemming verkry word alvorens hy sy werkgewer op so 'n onderneming kon vergesel.[119]

Wanneer 'n diensbode wat nie verplig was om sy werkgewer te vergesel, of om na 'n plek te gaan waarheen sy werkgewer sy woonplek of werk- of besigheidsplek verskuif het nie, of waarheen die werkgewer die dienaar sou gelas het om te gaan, geweier het om dit te doen, sou die dienskontrak ontbind word vanaf die datum waarop die dienaar verhinder was om sy gestipuleerde diens te verrig op die plek waar dit volgens

---

118. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk IV, art. 8; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 805-806: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk IV, art. 8.

119. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk IV, art. 9; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.806, Wet No. 13, 1880, Hoofstuk IV, art. 9.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die dienskontrak verrig moes gewees het. Onder hierdie omstandighede was die dienaar geregtig daarop om van sy werkgewer die loon of ander vergoeding wat hy verdien het, tot op die datum van sy weiering om sy diens voort te sit, te eis. Verder was hy geregtig op 'n loon en vergoeding teen die tarief wat in die dienskontrak bepaal word vir 'n bykomende tydperk van een maand of totdat die dienskontrak sou verstryk indien dit binne 'n maand vanaf sodanige weiering sou verstryk het. Hierdie bepaling was egter onderhewig aan die voorwaarde dat as die werkgewer vooraf aan die dienaar kennis gegee het van sy voorneme om te verhuis of om hom te stuur, die bykomende loon en vergoeding nie vir 'n tydperk langer as 'n maand vanaf die datum van sodanige kennisgewing, betaalbaar was nie.[120]

Na aanleiding van die voorafgaande bepalings het die wet verder daarvoor voorsiening gemaak dat niks wat daarin vervat was 'n spesiale ooreenkoms of bepaling in 'n diens- of leerlingkontrak waarvolgens die dienaar of leerling verplig was om die werkgewer te vergesel of om na 'n plek te gaan waarheen die werkgewer se woonplek of werk- of besigheidsplek verskuif het, of die dienaar of leerling gelas het om te gaan en daar die diens te verrig wat in die kontrak beding was, aangetas of nietig gemaak het nie.[121]

Die verdere bepalings van Hoofstuk IV van die Heer- en Diensbodewet, het betrekking gehad op die uitwerking op 'n dienskontrak indien 'n vroulike dienaar of leerling in die huwelik getree het. In dié opsig is daar bepaal dat wanneer 'n vroulike dienaar of leerling gedurende die geldigheid van haar gestipuleerde dienstermyn in die huwelik tree, haar eggenoot,

---

120. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk IV, art. 10; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.806: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk IV, art. 10.

121. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk IV, art. 11; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.806: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk IV, art. 11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as hy dit goed gedink het, die reg gehad het om die diens- of leerlingkontrak te eniger tyd na so 'n huwelik te ontbind en sy eggenote uit haar werkgewer se diens te verwyder. Verder was hy ook geregtig daarop om die loon en ander vergoeding wat ten opsigte van dienste aan haar verskuldig was, te eis. Terselfdertyd was hy teenoor sy eggenote se werkgewer aanspreeklik vir alle skade wat hy as gevolg van sodanige verwydering mag gely het. Hierdie skade kon egter in geen geval die bedrag oorskry van die loon wat sy sou verdien het vir die tydperk tussen die datum van haar huwelik en die verstryking van haar diens nie.[122]

In soverre dit die werkgewer se posisie onder hierdie omstandighede betref, het die wet daarvoor voorsiening gemaak dat wanneer 'n vroulike dienaar of leerling wat gedurende haar gestipuleerde dienstermyn in die huwelik getree het, of wat haar in 'n staat begewe het wat in Transvaal as 'n huwelikstaat bekou word, en die dienaar of leerling ingevolge haar diens- of leerlingkontrak verplig was om in die huis of op die perseel van haar werkgewer te woon en as huisbediende te werk, haar werkgewer geregtig was daarop om die kontrak te eniger tyd na so 'n huwelik of vermeende huwelik te ontbind en die dienaar of leerling te ontslaan. Verder, as die dienaar of leerling ingevolge haar kontrak nie verplig was om in die huis of op die perseel van haar werkgewer te woon of om as huisbediende te werk nie, was haar werkgewer geregtig daarop om die kontrak te ontbind en haar uit sy diens te ontslaan as sy as gevolg van swangerskap of die geboorte van 'n kind nie in staat was om die diens te verrig wat sy volgens haar kontrak moes verrig nie. 'n Dienaar of leerling wat as gevolg van enige van die bogenoemde redes uit haar diens ontslaan word, was geregtig daarop om van haar werkgewer die loon en enige ander vergoeding te eis wat voor die datum van haar ontslag vir haar dienste aan haar verskuldig was. In so 'n geval was

---

122. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk IV, art. 12; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.806-807: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk IV, art. 12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die werkgewer verplig om sodanige loon en vergoeding te betaal alvorens hy haar kon ontslaan.[123]

Hoofstuk V van die Heer- en Diensbodewet van 1880 het oor die jurisdiksie van die landdroste in sake tussen werkgewers en dienaars en leerlinge gehandel. In die verband is daar bepaal dat die landdroste in Transvaal jurisdiksie gehad het in alle sake wat daar in hulle onderskeie distrikte tussen werkgewers en hulle dienaars en leerlinge, of met betrekking tot hulle regte en pligte, of enigiets of enige oortreding in verband waarmee hierdie wet voorsiening gemaak het, ontstaan het.[124] In ooreenstemming hiermee het 'n landdros ook jurisdiksie gehad in enige van hierdie sake wat aan hom voorgelê word teen 'n persoon wat hom op daardie stadium in sy distrik bevind het, hetsy die gronde vir so 'n saak in sy distrik ontstaan het en of die persoon teen wie die saak gebring word se gebruiklike verblyfplek of tuiste in daardie distrik was al dan nie. Wanneer dit vir 'n landdros sou blyk dat die saak geriefliker deur die landdros van 'n ander distrik verhoor kon word, moes hy die saak afwys. Indien 'n landdros sou besluit om dienooreenkomstig te handel en die dienaar of leerling van drostery aangekla word, en hy op grond van 'n beëdigde verklaring deur 'n geloofwaardige persoon, redelike gronde gehad het om te glo dat dit werklik die geval was, kon die landdros, na goeddunke, 'n lasbrief uitgereik het vir die verplasing van die dienaar of leerling na die dorp of plek waar die hof van die ander landdros gesit het. Hierdie bepaling was egter onderhewig aan die voorwaarde dat die werkgewer onderneem om die onkoste in verband met die oorplasing te betaal en dat die landdros wat die saak sou verhoor, sou beslis watter party die onkoste moes betaal.[125]

---

123. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants and Apprentices", Hoofstuk IV, art. 13; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.807: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk IV, art. 13.

124. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants and Apprentices", Hoofstuk V, art. 1: F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.807: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 1.

125. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants and Apprentices", Hoofstuk V, art. 2: F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.807-808: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer 'n dienaar of leerling aan enige van die volgende handelinge of soorte wangedrag skuldig bevind word, kon hy met 'n bedrag van hoogstens £1 sterling beboet word en by wanbetaling met of sonder dwangarbeid vir 'n tydperk van hoogstens een maand gevange geset word:

1. As hy nadat hy 'n kontrak aangegaan het, wederregtelik versuim of geweier het om met sy diens op die gestipuleerde tyd te begin;
2. as hy sonder toestemming of wederregtelik sy werkgewer se perseel of 'n ander plek wat vir die uitvoering van sy werk vir hom aangewys is, sou verlaat;
3. as hy gedurende werksure sy werk nie behoorlik kon doen nie, omdat hy beskonke was;
4. as hy sou versuim om werk te doen wat hy moes doen, of as hy werk wat hy uit die aard daarvan ingevolge sy kontrak behoorlik en met sorg moes doen, agtelosig of nie behoorlik uitgevoer het nie;
5. as hy sonder toestemming en vir sy eie doeleindes van 'n perd, voertuig of ander eiendom wat aan sy werkgewer behoort het, gebruik gemaak het;
6. as hy sou weier om 'n opdrag van sy werkgewer of van enigiemand wat wettiglik deur sy werkgewer oor hom aangestel is, te gehoorsaam, indien dit sy plig was om so 'n opdrag te gehoorsaam;
7. as hy by sy werkgewer se huis of op sy plaas 'n rusie of steurnis sou veroorsaak en hy daarmee voortgegaan het nadat sy werkgewer of enigiemand anders wat sy werkgewer oor hom aangestel het, hom gevra het om dit te staak;
8. as hy beledigende taal, wat bereken was om die rus te versteur, teenoor sy werkgewer of dié se eggenote of enigiemand wat sy werkgewer oor hom aangestel het, sou besig.[126]

---

126. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 3; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.808-809: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer 'n dienaar of leerling binne ses maande na 'n vorige skuldigbevinding vir 'n tweede keer of meer ingevolge die voorafgaande artikel aan 'n oortreding skuldig bevind sou word, kon die oortreder met betrekking tot die tweede of verdere skuldigbevinding met hoogstens £3 sterling beboet word. Indien hy hom aan wanbetaling van hierdie boete skuldig maak, kon hy tot gevangenisstraf met dwangarbeid, vir 'n tydperk van hoogstens ses weke veroordeel word. Gedurende die tydperk of die gedeelte daarvan soos die landdros sou besluit, kon die oortreder, behalwe in die gevalle waarna hierna verwys word, ook in afsondering of eensame opsluiting, met of sonder skraal rantsoen, of met skraal rantsoen met of sonder afsondering gehou word. Verder, wanneer 'n dienaar of leerling binne ses maande nadat hy aan 'n oortreding van artikel vyf van hierdie hoofstuk skuldig bevind is, ook aan 'n oortreding ingevolge artikel drie skuldig bevind word, sou die oortreder aan dieselfde straf onderworpe wees asof albei skuldigbevindings ingevolge artikel drie geskied het.[127]

Afgesien van die strawwe wat 'n dienaar of leerling opgelê kon word vir die oortredings waarna in die voorafgaande artikels verwys is, is daar kragtens die Heer- en Diensbodewet ook vir strafbepalings vir wangedrag van 'n ernstiger aard voorsiening gemaak. In die opsig is daar bepaal dat 'n dienaar of leerling met 'n bedrag van hoogstens £3 beboet kon word en hy by wanbetaling gevange geset kon word met of sonder dwangarbeid vir 'n tydperk van hoogstens twee maande, of, na goeddunke van die landdros, hy gevange geset kon word sonder die oplegging van 'n boete, met of sonder dwangarbeid, vir 'n tydperk van hoogstens twee maande en kon hy gedurende hierdie tydperk in afsondering gehou word, indien hy aan enige van die volgende handelinge of soorte wangedrag skuldig bevind sou word:

1. As hy deur moedswillige pligsversuim of dronkenskap iets sou doen wat sou lei tot die onmiddellike verlies,

---

127. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 4; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.809: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beskadiging of in ernstige gevaar stel, of sou weier of nalaat om 'n wettige handeling te verrig wat 'n vereiste is vir die veilige bewaring van eiendom, wat sy werkgewer of enigiemand anders vir aflewering aan of ten behoewe van sy werkgewer in sy sorg geplaas het;

2. as hy, indien hy as 'n veewagter in diens geneem is, sou versuim om aan sy werkgewer die dood of verlies van diere wat in sy sorg geplaas is en wat hy beweer dood of verlore is, so gou moontlik nadat hy dit agtergekom het, aan te meld. So 'n dienaar of leerling het hom ook aan wangedrag skuldig gemaak as hy sou versuim om vir sy werkgewer se gebruik of inspeksie enige deel van 'n dier wat hy beweer dood is, te hou wat sy werkgewer hom gelas het om te hou. 'n Veewagter sou egter vry wees van hierdie klag as hy tot die tevredenheid van die hof die dood van die diere sou kon bewys of as sy werkgewer sou kon aantoon dat die dier of dier wat die veewagter beweer afgedwaal het, of op 'n ander wyse verlore geraak het, in die omstandighede van die aangeleentheid nie sonder die veewagter se toedoen of versuim totaal verlore sou kon geraak het nie;

3. as hy, indien hy in enige ander hoedanigheid as veewagter in diens geneem is, sou beweer dat eiendom wat deur of ten behoewe van sy werkgewer in sy sorg geplaas is, verlore was en sy werkgewer sou kon toon dat dit nie sonder die dienaar of leerling se toedoen of versuim, verlore kon geraak het nie;

4. as hy wederregtelik sy werkgewer se diens verlaat met die voorneme om nie weer daarheen terug te keer nie.[128]

Ingeval van 'n tweede of verdere skuldigbevinding ingevolge hierdie artikel binne ses maande na 'n vorige skuldigbevinding, kon die oortreder ten opsigte van die tweede of verdere

---

128. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 5; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.809-810: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skuldigbevinding met hoogstens £5 sterling beboet word. Indien hy hom aan wanbetaling skuldig gemaak het, kon hy vir hoogstens drie maande sonder 'n boete en, na goeddunke van die landdros, met of sonder dwangarbeid, gevange geset word. Gedurende hierdie tyd of vir 'n deel daarvan, soos wat die landdros sou beslis, was so 'n oortreder, behalwe soos verderaan in die wet bepaal word, onderworpe aan aanhouding in afsondering, met of sonder skraal rantsoen of met skraal rantsoen met of sonder afsondering.[129]

As gevolg van die boetes en gevangesetting waarvoor in die Heer- en Diensbodewet voorsiening gemaak word, is daar uitdruklik bepaal dat geen boete of gevangesetting wat 'n dienaar of leerling ingevolge hierdie wet kon ondergaan, 'n diens- of leerlingkontrak sou kon kanselleer nie.[130]

In soverre dit artikels twee tot en met ses en nege betref, is daar verder bepaal dat niks waarvoor in hierdie artikels voorsiening gemaak word van toepassing was op dienaars of leerlinge onder die ouderdom van 16 jaar of wat nie in die landbou gewerk het nie. Hierdie bepaling was onderhewig aan die voorwaarde dat so 'n dienaar of leerling met 'n bedrag van hoogstens £2 beboet kon word indien hy hom aan een van die volgende oortredings skuldig sou maak:

1. As hy, nadat hy 'n kontrak aangegaan het, wederregtelik sou versuim of weier om met die diens op die gestipuleerde tyd te begin;
2. as hy sonder toestemming of wederregtelik sy werkgewer se perseel of 'n ander plek wat vir die uitvoering van sy werk aangewys is, sou verlaat;

---

129. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 6; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 810-811: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 6.

130. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 7; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.811: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3. as hy gedurende werksure sy werk nie behoorlik kon verrig nie omdat hy beskonke was;
4. as hy sou versuim om werk te doen wat hy moes gedoen het, of as hy werk wat hy uit die aard daarvan ingevolge sy kontrak met sorg en behoorlik moes verrig het, agtelosig en nie behoorlik gedoen het nie;
5. as hy sonder toestemming en vir sy eie doeleindes 'n perd, voertuig of ander eiendom wat aan sy werkgewer behoort het, sou gebruik;
6. as hy sou weier om 'n opdrag van sy werkgewer of van enigiemand wat sy werkgewer wettiglik oor hom aangestel het, te gehoorsaam, indien dit sy plig was om so 'n opdrag te gehoorsaam;
7. as hy deur moedswillige pligsversuim of deur dronkenskap 'n handeling sou verrig wat sou lei tot die onmiddellike verlies, beskadiging of ernstige in gevaar stel van eiendom wat sy werkgewer of enigiemand anders in sy sorg geplaas het vir aflewering aan of ten behoewe van sy werkgewer;
8. as hy deur moedswillige pligsversuim of dronkenskap sou weier of nalaat om 'n wettige handeling te verrig wat 'n vereiste is vir die veilige versending van eiendom wat sy werkgewer of enigiemand anders in sy sorg geplaas het vir aflewering aan of ten behoewe van sy werkgewer,
9. as hy skel- of beledigende taal wat daarop gemik is om die rus te versteur, teenoor sy werkgewer, of diê se eggenote of enigiemand wat sy werkgewer oor hom aangestel het, sou gebruik.

Indien 'n dienaar of leerling hom aan wanbetaling van die boete wat vir hierdie oortredings opgelê kon word, skuldig sou maak, kon hy tot gevangesetting met of sonder dwangarbeid vir hoogstens een maand gevonnis word. As dit sou blyk dat so 'n dienaar of leerling die skade kon betaal wat deur 'n handeling of versuim veroorsaak is soos in hierdie artikel uiteengesit is, het die landdros egter die bevoegdheid gehad

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om ingevolge artikel 12[131] van hierdie hoofstuk op te tree, of die werkgewer daartoe ingestem het al dan nie.[132]

'n Verdere bepaling van die Heer- en Diensbodewet het daarvoor voorsiening gemaak dat as 'n dienaar of leerling wie se diens- of leerlingkontrak by sy ontslag uit die gevangenis nog gegeld het nadat hy gevangenisstraf ingevolge hierdie wet ondergaan het, sou weier of versuim om op sy werkgewer se versoek sy diens ingevolge sy kontrak te hervat, hy hom aan gevangenisstraf met of sonder dwangarbeid vir hoogstens een maand blootgestel het. Indien hy, nadat hy hierdie gevangenisstraf uitgedien het, nóg sou weier om sy diens te hervat, sou hy ook hierna vir opeenvolgende tydperke van hoogstens een maand aan gevangenisstraf onderhewig wees totdat hy sou instem om sy diens te hervat. Elke tydperk van gevangenisstraf, of dié deel daarvan waarop die landdros sou beslis, kon met afsondering, met of sonder skraal rantsoen, of met skraal rantsoen met of sonder eensame opsluiting wees. Hierdie bepaling was egter slegs van toepassing mits 'n dienaar of leerling ingevolge hierdie wet nie ononderbroke en sonder die tussentydse hervatting van sy diens, vir altesaam langer as ses maande gevange geset kon word nie.[133]

---

131. Volgens die Engelse teks van Wet No. 13, 1880 word hier na art. 14 en nie soos in die geval van die Nederlandse teks na art. 12 verwys nie. Wanneer die bepalings van die verskillende artikels met mekaar vergelyk word, blyk dit egter dat hierdie verwysing wel op art. 12 betrekking het. Sien in dié verband ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V art.8; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.812: Wet No. 13, 1880, art. 8. Vgl. ook die bepalings van art. 8 met dié van art. 12 en 14.

132. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 8; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.811-812: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 8.

133. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 9; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.812-813: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 9.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vir enige tydperk van gevangenisstraf wat 'n dienaar of leerling ingevolge hierdie wet ondergaan, sou 'n derglike tydperk bygevoeg word by die dienstermyn wat beding is in die diens- of leerlingkontrak soos dit by die aanvang van die gevangenisstraf gegeld het. Hierdie bepaling het dus beteken dat die dienaar of leerling verplig sou wees om benewens die dienstermyn wat oorspronklik bepaal is, vir 'n verdere tydperk wat gelyk was aan die tydperk van sy gevangenisstraf, te dien.[134]

Benewens die voorafgaande bepaling in verband met gevangenisstraf, is ook daarvoor voorsiening gemaak dat die tydperk wat 'n dienaar of leerling van diens afwesig was, hetsy as gevolg van 'n skuldigbevinding ingevolge hierdie wet, of afwesigheid of verlating van sy diens, of 'n wyse soos in die voorafgaande bepaal is, by die dienstermyn wat oorspronklik bepaal is, bygevoeg sou word. Vir die uitvoering van hierdie verordening sou dit die landdros, wat die dienaar of leerling skuldig bevind het, se plig wees om tydens die verhoor die tydperk van afwesigheid vas te stel en dit vir aflewering aan die werkgewer in 'n geskrif te sertifiseer. Hierdie tydperk sou dan deur alle howe in Transvaal as deel van die oorspronklike dienstermyn erken word.[135]

As daar eiendom van die werkgewer verlore of beskadig sou raak as gevolg van 'n handeling of versuim van sy dienaar of leerling, het die landdros die bevoegdheid gehad om, na goeddunke, en as die werkgewer daartoe sou instem, vas te stel of die dienaar of leerling die verlies of skade sou kon vergoed. Indien hy wel daartoe in staat was, moes die landdros die skadevergoeding bepaal en 'n bevel uitreik in

---

134. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 10; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.813: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 10.

135. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 11; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.813: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verband met die betaling daarvan, hetsy dadelik of in paaiemente uit die loon wat hy nog moes verdien. Indien dit redelik en billik sou blyk en totdat so 'n dienaar of leerling in gebreke sou bly om hierdie bedrag of 'n paaiement te betaal, het die landdros die bevoegdheid gehad om die vonnis van die oortredende party uit te stel. Die landdros moes egter die getuienis in die saak bewaar en by aansoek deur die werkgewer en bewys van die dienaar of leerling se versuim om te betaal, 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van die dienaar of leerling uitreik. Die landdros kon hom daarna met inagneming van die omstandighede van die oorspronklike oortreding en die mate waarin die dienaar of die leerling die skade vergoed het al dan nie, 'n billike vonnis oplê.[136]

Afgesien van die strawwe wat 'n dienaar of leerling kragtens hierdie wet vir wangedrag opgelê kon word, is daar verder bepaal dat as die werkgewer van 'n dienaar of leerling wat skuldig bevind is aan 'n oortreding ingevolge hierdie wet, die kansellering van die diens- of leerlingkontrak van so 'n dienaar of leerling sou verlang, kon die landdros, as hy dit goed gedink het, kansellasie van die kontrak gelas het. Hierdie bepaling was onderhewig aan die voorwaarde dat so 'n kansellasie egter nie die uitvoering van 'n vonnis wat die landdros vir 'n oortreding opgelê het, sou opskort nie.[137] Verder, as 'n werkgewer 'n dienaar of leerling voor die landdros laat verskyn om te pleit op 'n aanklag wat die werkgewer teen hom aanhangig gemaak het en die werkgewer kon nie daarin slaag om die skuldigbevinding van die dienaar of leerling te verkry nie, kon die landdros as hy dit goed gedink het, die kansellering van die diens- of leerlingkontrak gelas. So 'n

---

136. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 12; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 813-814, Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 12.

137. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 13; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.814: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 13.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kansellering sou egter slegs geskied as die dienaar of leerling dit verlang het, waarna die kontrak dan gekanselleer sou word.[138]

Hoewel 'n werkgewer die reg gehad het om 'n klag teen 'n dienaar of leerling aanhangig te maak, is daar egter bepaal dat geen dienaar of leerling ingevolge enige van die voorafgaande artikels van die Heer- en Diensbodewet skuldig bevind sou word as die werkgewer nie sy klagte binne 'n maand na die dag waarop hy van die oortreding of beweerde oortreding bewus geword het, ingedien het nie.[139] Ten einde tyde en koste te bespaar, kon 'n werkgewer wat 'n klagte teen sy dienaar of leerling gehad het, die dienaar of leerling waarsku en gelas om voor die landdros van die distrik te verskyn om op 'n klag, oor die aard waarvan die klaer die verweerder moes inlig, te pleit. As die verweerder ten spyte hiervan sou versuim om te verskyn, kon die landdros, by aansoek deur die klaer en 'n beëdigde verklaring dat die verweerder sy waarskuwing ontvang het 'n redelike tyd voor die datum wat vir sy verskyning bepaal is, en dat die verweerder na die deponent se beste wete geen wettige rede gehad het om nie te verskyn nie, 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van die verweerder uitreik om in die saak verhoor te word. As die dienaar of leerling skuldig bevind sou word aan die oortreding waarvan hy aangekla is, kon die landdros (as hy oortuig was dat die verweerder nie voldoende rede gehad het om nie te verskyn nie) benewens die straf wat die verweerder ogpelê kon word, beslis dat hy aan sy werkgewer die redelike koste en uitgawes moes betaal wat sy werkgewer moes aangegaan het omdat hy versuim het om te verskyn.

---

138. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 14; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.814: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 14.
139. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 15; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.814: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 15.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie bedrag kon egter nie meer wees as wat in strafsake toegelaat word nie. Verder was hierdie bepaling onderhewig aan die voorwaarde dat by die uitreiking van so 'n lasbrief, die verweerder deur middel van 'n dagvaarding gewaarsku moes word om te pleit op die aanklagte teen hom en om redes aan te voer waarom daar nie beslis moes word dat hy die bedrag waarna verwys is, moes betaal omdat hy nie verskyn het nie.[140]

'n Klaer wat 'n verweerder gewaarsku het om, soos in die voorafgaande verduidelik is, te verskyn, het hom aan geregtelike optrede blootgestel indien hy self in gebreke gebly het om op die tyd en plek te verskyn wat hy vir die verskyning van die verweerder bepaal het ten einde sy klagte deur te voer. In so 'n geval moes die landdros, by bewys dat die verweerder deur die klaer gewaarsku is om op die vasgestelde tyd te verskyn, en behalwe as die landdros oortuig was dat die klaer voldoende rede gehad het om nie sy opwagting te maak nie, vasstel watter afstand die verweerder en die persoon of persone afgelê het wat die verweerder as getuies met hom saamgebring het. As hierdie getuies vir die verweerder se verdediging nodig was, moes die landdros 'n skriftelike bevel vir die betaling van die onkoste van die verweerder en sy getuies teen die klaer uitgereik het. Die betaling moes geskied teen die tarief wat sou gegeld het as elkeen van die gemelde persone 'n getuie was wat op aandrang van die staatsaanklaer gedagvaar is om die landdroshof vir 'n strafsaak by te woon. As die klaer by voorlegging van die bevel teen hom deur die persone ten gunste van wie dit uitgereik is, sou weier of versuim om daaraan te voldoen, het hy hom aan 'n boete van hoogstens £5 sterling blootgestel. Indien hy hom aan wanbetaling hiervan sou skuldig maak, kon hy 'n gevangenisstraf, met of sonder dwangarbeid vir 'n tydperk van hoogstens een maand opgelê word.[141]

---

140. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 16; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.814-815; Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 16.

141. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 17; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.815-816: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 17.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Saamgaande met die voorafgaande is daar bepaal dat as 'n dienaar of leerling wat 'n klagte uit hoofde van 'n oortreding van 'n bepaling van hierdie wet teen sy werkgewer ingedien het, in gebreke bly om vir die deurvoering van sy klagte te verskyn op die tyd wat die landdros vir die verskyning van die verweerder bepaal het, kon die landdros, op dieselfde wyse as wat in die voorafgaande artikel genoem is, die onkoste wat die verweerder redelikerwys aangegaan het om te verskyn ten einde op die klagte te pleit, bepaal en gelas dat die klaer hierdie onkoste moes betaal. Hierdie bepaling sou nie geld indien die landdros oortuig was daarvan dat die klaer voldoende rede gehad het om nie op die bepaalde tyd te verskyn nie. As die klaer by voorlegging van die bevel deur die persoon ten gunste van wie dit uitgereik is, sou weier of versuim om daaraan te voldoen, het hy hom blootgestel aan dieselfde boete, en by wanbetaling daarvan, aan dieselfde straf as wat in die voorafgaande artikel neergelê is.[142]

Ten einde 'n dienaar of leerling in die geleentheid te stel om 'n klagte teen sy werkgewer in te dien nadat toestemming daarvoor onredelikerwys geweier is, is daar bepaal dat wanneer 'n dienaar of leerling die plek waar hy diens gelewer het slegs vir dié doel verlaat, sodanige verlating nie beskou sou word as dat hy uit sy werkgewer se diens gedros of die Heer- en Diensbodewet enigsins oortree het nie.[143]

As 'n werkgewer skuldig bevind sou word daaraan dat hy van die loon van 'n dienaar of leerling agtergehou het sonder redelike en aanneemlike gronde om te glo dat hierdie loon nie werklik verskuldig was nie, sou hy met 'n bedrag van hoogstens £5 sterling beboet en by wanbetaling, vir 'n tydperk van hoogstens

---

142. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 18; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.816: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 18.

143. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 19; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.816: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 19.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

een maand gevange geset word. Verder moes die landdros ook vonnis gee vir die bedrag van die loon wat agtergehou is en vir die koste van die geding. Indien die werkgewer in gebreke sou bly om hierdie geld te betaal, moes dit asook die koste van sodanige invordering, ingevorder word uit die werkgewer se roerende eiendom, kragtens 'n lasbrief wat deur die landdros uitgereik word. Hierdie bepaling was onderhewig aan die voorwaarde dat as die werkgewer op die aanklag vrygespreek word, maar daar nogtans bevind word dat hy loon agtergehou het wat aan die dienaar of leerling verskuldig was, kon die landdros vir hierdie bedrag vonnis gegee het. Indien hy enige koste toegewys het, moes hy ook 'n bevel met betrekking tot die betaling daarvan deur die werkgewer uitreik.[144]

Wanneer 'n werkgewer verder daaraan skuldig bevind word dat hy voor of na die verstryking van 'n diens- of leerlingkontrak, wederregtelik geweier het om van 'n dienaar of leerling se beeste, skape, bokke of ander diere wat wettiglik op die werkgewer se grond was of agtergebly het, te oorhandig of toe te laat dat hulle verwyder word, en daar nie redelike of aanneemlike gronde was om te glo dat die betrokke diere wettiglik teruggehou is nie, word die werkgewer met 'n bedrag van hoogstens £1 sterling beboet vir elke dier wat wederregtelik teruggehou is. Hierdie bepaling was onderhewig aan die voorwaarde dat die totale bedrag aan boete wat betaal moes word, nie meer as £5 sterling sou wees nie. Ingeval van wanbetaling kon die werkgewer vir 'n tydperk van hoogstens een maand gevange geset word en moes die landdros tewens ook vonnis vir die oorhandiging van die diere en vir koste gegee het. Indien die koste nie betaal word nie, sou dit op dieselfde wyse ingevorder word as wat in artikel 21 van hierdie wet voorgeskryf word. Die feit dat die diens- of leerlingkontrak van die dienaar of leerling nog nie verstreke was nie, word egter in sigself nie as voldoende gronde geag vir sodanige terughouding nie. Hierdie bepaling kon slegs toegepas word met dien verstande dat niks waarvoor in hierdie

---

144. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 21; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.817: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 21.

bepaling voorsiening gemaak word, 'n wettige kontrak waarkragtens die werkgewer 'n reg op die terughouding van diere ensovoorts gehad het, sou aantas nie.[145]

Die Heer- en Diensbodewet het verder bepaal dat as 'n werkgewer sou versuim om op aanvraag aan sy dienaar of leerling die voedsel, beddegoed en ander artikels te voorsien waarvoor in 'n skriftelike diens- of leerlingkontrak beding is, begaan hy 'n oortreding. Dieselfde het ook gegeld indien 'n werkgewer wel voedsel, beddegoed of ander artikels voorsien het, maar wat nie in ooreenstemming met die kontrak was nie. Wanneer 'n werkgewer aan enige van hierdie oortredings skuldig bevind word, het hy hom aan 'n boete van hoogstens £5 sterling en by wanbetaling aan gevangesetting vir 'n tydperk van hoogstens een maand blootgestel.[146]

Net soos in die geval van 'n dienaar of leerling wat skuldig bevind word aan 'n oortreding ingevolge hierdie wet, kon 'n landdros, as hy dit goed gedink het en as die dienaar of leerling dit verlang het, die kansellering van 'n kontrak gelas het, indien dit uit 'n regsgeding sou blyk dat die werkgewer nie sy deel van die kontrak getrou nagekom het nie.[147] Eweas in die voorafgaande, kon 'n diens- of leerlingkontrak ook gekanselleer word, indien 'n werkgewer daaraan skuldig bevind word dat hy sy dienaar of leerling wederregtelik aangerand het.[148]

---

145. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 22; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp. 817-818: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 22.

146. ZAR 56, Transvaal Government Gazette 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 23; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p. 818: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 23.

147. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 24; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.818: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 24.

148. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 26; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p. 819: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 26.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

As 'n werkgewer 'n klag teen sy dienaar of leerling, of 'n dienaar of leerling 'n klag teen sy werkgewer ingedien het op grond van 'n oortreding van die bepalings van hierdie wet, word die geregtelike proses van die landdroshof om die beskuldigde en alle nodige getuies se bywoning af te dwing op staatskoste en sonder hofkoste ingestel. Hierdie bepaling was onderhewig aan die voorwaarde dat as dit tydens die verhoor sou blyk dat die klag sonder redelike of aanneemlike gronde ingedien is, die party wat die klag ingedien het, hom blootgestel het aan 'n boete van hoogstens £5 en ook die gedingkoste en dié van die getuies in die saak moes betaal. Indien die betrokke party hom aan wanbetaling skuldig sou maak, het hy hom aan gevangesetting van hoogstens een maand blootgestel, met dien verstande dat die boete ten tyde van die verhoor opgelê kon word sonder dat 'n nuwe geding vir die invordering daarvan aanhangig gemaak word.[149]

As 'n kind onder die ouderdom van 16 jaar wederregtelik deur iemand as dienaar of inwoner aangehou word, het die landdros van die distrik jurisdiksie gehad om te gelas dat die kind aan die ouer teruggegee word wat ingevolge hierdie wet daarop geregtig was om hom as leerling in te skryf. 'n Landdros kon weier om die oorhandiging van die kind te gelas indien dit by die verhoor van so 'n saak sou blyk dat die persoon teen wie beswaar gemaak word, die kind oorspronklik op 'n wettige wyse verkry het toe hy nog onder die ouderdom van vyf jaar was en dat die ouer wat op die kind aanspraak gemaak het se optrede met betrekking tot die kind en die persoon wat hom grootgemaak het, op troubreuk teenoor daardie ouer sou neerkom as hy sou poog om die kind weg te neem. Oorhandiging kon verder geweier word indien dit op grond van die gemelde ouer se karakter die doel waarvoor hy of sy graag besit van die kind wou verkry of ander omstandighede sou blyk dat dit tot die klaarblyklike voordeel van die kind sou wees om by dié persoon te bly by wie hy gewoon het eerder as om aan die ouer

---

149. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 25; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.818-819: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 25.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gegee te word. In so 'n geval sou dit aan die ouer oorgelaat word om die ander regstappe te doen wat hy of sy aangeraai sou word, terwyl die landdros intussen magtiging kon verleen aan die persoon wat die kind grootgemaak het om hom te behou.[150]

Indien 'n werkgewer teen die uitspraak van 'n landdros ten gunste van 'n dienaar of leerling geappelleer het, moes die prokureur-generaal, as hy daartoe versoek word en die appèl voor die Hoë Hof gebring word, namens die dienaar of leerling verskyn en die saak sonder enige koste hoegenaamd voer.[151]

As 'n werkgewer 'n dienaar of leerling aangekla het van 'n oortreding wat ingevolge hierdie wet strafbaar was, 'n beëdigde verklaring voor 'n landdros of vrederegter afgelê het dat hy oortuig was dat, ten einde die dienaar of leerling se verskyning te verseker voor 'n landdros, die inhegtenisneming van die dienaar of leerling nodig was, kon die landdros of vrederegter so 'n lasbrief uitreik. Die toepassing van hierdie bepaling het geskied op die voorwaarde dat as die werkgewer die verklaring kwaadwillig afgelê het en sonder redelike en aanneemlike gronde om te glo dat dit waar was, die werkewer tot 'n boete van hoogstens £5 en by wanbetaling tot gevangesetting van hoogstens een maand gevonnis kon word.[152] 'n Lasbrief vir die inhegtenisneming van 'n dienaar of leerling kon ook uitgereik word, indien hy ingevolge die Heer- en Diensbodewet daarvan aangekla word dat hy sonder 'n wettige rede sy werkgewer se diens verlaat het met die doel

---

150. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants and Apprentices", Hoofstuk V, art. 27; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.819: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 27.

151. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 28; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.819-820: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 28.

152. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 29; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.820: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 29.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om nie weer daarheen terug te keer nie.[153]

Hoofstuk VI van die Heer- en Diensbodewet van 1880 het betrekking gehad op getuigskrifte en die strafbepalings indien vals getuigskrifte aan 'n dienaar of leerling gegee word. In die verband is daar bepaal dat 'n werkgewer nie verplig was om aan 'n dienaar of leerling wat in sy diens is of was, 'n getuigskrif te gee of 'n rede vir sy weiering te verstrek nie.[154] 'n Werkgewer wat willens en wetens 'n vals getuigskrif aan 'n dienaar of leerling gegee het, was egter aanspreeklik vir die vergoeding ten opsigte van enige verlies of skade wat 'n derde party, wat op grond van so 'n getuigskrif 'n dienaar of leerling in diens geneem het, gely het as gevolg van die wangedrag van die dienaar of leerling, of in verband met enige aangeleentheid ten opsigte waarvan die getuigskrif vals was.[155]

Saamgaande hiermee is daar verder bepaal dat iemand wat, met die oog daarop om die belange van 'n dienaar of leerling te bevorder, 'n sertifikaat aangaande die karakter van so 'n dienaar of leerling vervals het, of wat hom valslik as iemand anders voorgedoen het en as sodanige persoon 'n vals of vervalste getuigskrif aan 'n dienaar of leerling of iemand anders wat homself te huur aangebied het, gegee het, het 'n misdryf begaan. Dieselfde reëling het ook gegeld wanneer iemand hom as 'n dienaar aangebied het en beweer of voorgegee het dat hy 'n soort werk gedoen het wat hy nie werklik gedoen het nie of wat 'n vals of vervalste getuigskrif, of 'n getuigskrif wat hy

---

153. ZAR 56, Transvaal Governement Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk V, art. 30; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.820: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk V, art. 30.

154. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk VI , art. 1; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.821: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk VI, art. 1.

155. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk VI, art. 2; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.821: Wet No. 31, 1880, Hoofstuk VI, art. 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verander het deur 'n woord of datum uit te vee of by te voeg, gebruik of probeer gebruik het. 'n Oortreding van hierdie bepaling was strafbaar met 'n boete van hoogstens £50, maar nie minder as £10 nie, of gevangenisstraf met of sonder dwangarbeid vir 'n tydperk van hoogstens een jaar, maar nie minder as een maand nie, of met sowel 'n boete as gevangenisstraf.[156]

Hoofstuk VII van die Heer- en Diensbodewet van 1880 het, ten slotte, oor die beperkings op werkgewers, dienaars en leerlinge gehandel. Hoewel die bepalings van hierdie hoofstuk uit die aard van die sake wat daarin aangeraak word, op daardie stadium in die Transvaalse geskiedenis méér op Blankes as op Swartes van toepassing was, is daar nietemin tog enkele aspekte waarop die aandag gevestig moet word. So byvoorbeeld word daar bepaal dat iemand wat, op welke wyse ook al, sou poog om 'n dienaar of leerling te dwing of te probeer dwing om sy diens of werk te verlaat, of sy werk by sy werkgewer te beëindig voordat dit voltooi is, of wat 'n dienaar of iemand wat nie gehuur of in diens was nie, sou verhoed om hom te huur aan te bied of werk van iemand aan te neem, by skuldigbevinding gevangenisstraf met of sonder dwangarbeid vir 'n tydperk van hoogstens drie maande opgelê kon word.[157] Verder, dat iemand wat regstreeks of onregstreeks deur die aanbied van hoër lone of groter voordele of andersins, 'n dienaar of leerling sou oorreed om sy werk te verlaat, hom by skuldigbevinding 'n boete van £10 sterling en by wanbetaling 'n gevangenisstraf met of sonder dwangarbeid van hoogstens drie maande op die hals kon haal.[158]

---

156. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk VI, art. 3; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.821-822: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk VI, art. 3.

157. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk VII, art. 1; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, pp.822-823: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk VII, art. 1.

158. ZAR 56, Transvaal Government Gazette, 25.6.1880: Wet No. 13, 1880, Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", Hoofstuk VII, art. 2; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.823: Wet No. 13, 1880, Hoofstuk VII, art. 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In September 1880, drie maande nadat die Heer- en Diensbodewet van 1880 in werking getree het, het Lanyon 'n afskrif van die wet asook W.B. Morcom, die Prokureur-generaal, se verslag daaroor, vir goedkeuring deur die Britse kroon aan die Minister van Kolonies gestuur.[159]

In sy verslag oor die wet het Morcom verklaar dat die algehele afwesigheid van 'n wet waarvolgens die onderlinge regte en pligte van werkgewers en dienaars behoorlik gereël kon word, in Transvaal gesien is as 'n aangeleentheid waarvoor by wyse van wetgewing voorsiening gemaak moes word. As gevolg van die gebrek aan die nodige wetgewing, was dit nie moontlik om die kwasie-kriminele oortredings wat uit die verbreking van 'n dienskontrak voortgevloei het, duidelik te bepaal nie. Ook was daar nie voldoende beskerming of 'n spoedige verweermiddel beskikbaar vir die dienaars wat deur hulle werkgewers veronreg is nie. Ten einde hierdie toestand van sake reg te stel, is Wet No. 13 van 1880 op die wetboek geplaas. Volgens Morcom was hierdie wet 'n baie praktiese en nuttige maatreël wat voldoende beskerming aan sowel werkgewers as dienaars met betrekking tot die aangeleenthede in verband met kontrakte en onderlinge pligte sou verleen. In die besonder het hy daarop gewys dat anders as onder die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 'n dienaar nie lyfstraf toegedien kon word vir enige strafbare oortreding onder hierdie wet nie en dat die gunstige uitwerking van die wet, drie maande nadat dit in werking gestel is, reeds baie duidelik waarneembaar was. Gevolglik was hy van mening dat koninklike goedkeuring daaraan verleen kon word.[160]

---

159. M 420, CO 291/6, Transvaal No. 16622, Law No. 13 of 1880, The Masters and Servants Law, 1880: W.O. Lanyon - Kimberley, Pretoria, 23.9.1880.

160. M 420, CO 291/6, Transvaal No. 16622, Law 13 of 1880, The Masters and Servants Law, 1880: Statement upon Law No. 13 of 1880, entitled Law "To regulate the relative rights and duties of Masters, Servants, and Apprentices", opgestel deur W.B. Morcom, Pretoria, 21.9.1880. Die oorspronklike van hierdie verslag, berus by SP. 382, pp.380-382: Statement upon Law No. 13 of 1880..., W.B. Morcom, 21.9.1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel goedkeuring aan die wet verleen is, het die Minister van Kolonies nietemin in sy kommentaar daarop gewys dat die wet in sekere opsigte swak opgestel is en dat daar gevolglik sekere woord- en sinsveranderings teweeggebring moes word. Hy was ook van mening dat eensame opsluiting of 'n skraal rantsoen nie deel moes wees van die straf wat vir 'n oortreding volgens hierdie wet opgelê kon word nie. Gevolglik is die Transvaalse regering versoek dat die wet gewysig moes word deur die woorde in die betrokke artikels[161] te skrap waarvolgens die oplegging van so 'n vonnis gemagtig word.[162]

4. Kritiek teen 'n "aan zich zelfe goeden wet"

Daar bestaan geen twyfel nie dat Wet No. 13 van 1880 'n groot verbetering was op die arbeidsmaatreëls van die Zuid-Afrikaansche Republiek, wat teen 1877 baie duidelik nie meer aan die behoeftes van die arbeidsverhouding tussen werkgewer en dienaar voldoen het nie. In vergelyking met die arbeidsmaatreëls van die Republiek, was 'n belangrike aspek van hierdie wet die feit dat dit die veldkornette hulle jurisdiksie in arbeidsaangeleenthede ontneem het en die bevoegdheid om met sodanige

---

161. Sien in die verband Hoofstuk V, arts. 4, 6 en 9 van Wet 13 van 1880.

162. M 420, CO 291/6, Transvaal No. 16622, Law No. 13 of 1880, The Masters and Servants Law, 1880: Ongetekende konsepskrywe, 24.12.1880. 'n Skrywe van die Minister van Kolonies met waarskynlik dieselfde inhoud as diê van die konsepskrywe, is wel deur die Transvaalse regering ontvang, maar kon nie teruggevind word nie. Sien in die verband Staatsekretaris, Lêers, deel 29: R930/81, Secretary of State re Law 13, 1880. Masters and Servants Acts, 27.4.1881; sien ook SP 262, p.211: Nota van W.B. Morcom insake skrywe (R930/81) van die Minister van Kolonies in verband met Wet No. 13 van 1880, 8.6.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sake te handel tot die landdroste beperk het.[163] As gevolg egter van meer praktiese probleme wat hierdie bepaling tot gevolg gehad het, het 'n aantal memorialiste uit die Pretoriase distrik in September 1881, sowat 'n maand nadat Transvaal weer aan die Boere teruggegee is, versoek dat hierdie verordening van 'n "aan zich zelfe goeden wet", gewysig moes word, aangesien dit tot onberekenbare nadeel van die land en sy burgers was.

Ter motivering van hulle versoek, het die memorialiste aangevoer dat die afstand tussen die plase en die verskillende dorpe waar die landdroskantore was, oor die algemeen redelik groot was. Hierdie toestand van sake het dus tot gevolg gehad dat wanneer 'n werkgewer 'n klag teen 'n dienaar aanhangig wou maak, die afstand wat hy moes aflê nie slegs baie tyd in beslag geneem het nie, maar ook groot onkoste tot gevolg gehad het.

'n Verdere rede waarom hierdie reëling in verband met die landdroste onbevredigend was, was omdat dit uit die aard van 'n geskil tussen 'n werkgewer en dienaar, in die meeste gevalle nodig was dat die ondersoek na so 'n geskil deur 'n bevoegde amptenaar uitgevoer moes word op die plek waar die geskil ontstaan het. Hierbenewens het dit nog boonop alles van die "willekeurige gelieven" van 'n landdros afgehang of hy die klag wat 'n werkgewer teen 'n dienaar aanhangig gemaak het, self sou behartig en of hy die klaer na 'n prokureur sou verwys. As gevolg van hierdie probleme was die memorialiste van mening dat die bepaling waarvolgens jurisdiksie in arbeidsake tussen werkgewer en dienaar slegs tot die landdroste beperk was, tot gevolg sou hê dat baie burgers in hulle hoedanigheid as werkgewers, geen klagtes meer teen hulle dienaars aanhangig sou maak, indien hulle aan 'n oortreding van Wet No. 13 van 1880

---

163. SS 562, R3905/81: Memorie van J.G. Fourie en 26 ander aan Vise-president en die lede van die Driemanskap, Franspoort, distrik Pretoria, 9.9.1881; SS 574, R4645/81: Memorie van D.J. Erasmus en 70 ander aan Vise-president en die lede van die Driemanskap, wyk Witwatersrand, distrik Pretoria, 17.9.1881; Sien Hoofstuk V van Wet No. 13 van 1880 vir die jurisdiksie van die landdroste in verband met sake tussen werkgewers en dienaars.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skuldig was nie. Volgens hulle was dit vir enige burger bykans onmoontlik om vier uur en selfs nog verder te perd te reis om reg te soek in 'n saak waar dit in 99 uit 100 gevalle reeds vooraf seker was dat die klaer die hofonkoste sou moes betaal, ten spyte van die feit dat hy sy saak gewen het en die skuldige party gevonnis is.

Ten einde onkoste soos hierdie, wat deur die "willekeurige gelieven" van 'n landdros nog verdubbel kon word indien hy sou weier om die saak aan te neem en die klaer na 'n prokureur verwys, te vermy, kon die burgers dus nie van 'n andersins goeie wet gebruik maak nie. Volgens die memorialiste sou die onvermydelike gevolg hiervan wees "eene stap voor stap toenemende eigenwilligheid, impertinentie, luiheid en onlust tot gehoorzam van zyde der dienstboden, groote materieele schade door het stilliggen der werkskrachten, verarming der burgers, onmoogelykheid voor eene geregelde school voor de kinders der burgers, hierdoor eene statig toenemende verwildering der jeugd en achteruitgang des Staats".

Om hierdie toestand van sake te voorkom, het hulle die Regering gevolglik versoek om artikel 20 van Wet No. 3 van 1876 in Wet No. 13 van 1880 op te neem of enige ander voorsiening te maak waarvolgens die jurisdiksie van die veldkornette in arbeidsake in hul onderskeie distrikte weer herstel kon word.[164] Soos reeds aangetoon is, het hierdie artikel daarvoor voorsiening gemaak dat sowel die landdros as die veldkornet van elke distrik die jurisdiksie gehad het om klagtes tussen werkgewer en dienaar te ondersoek. Ook het hulle die bevoegdheid verkry om toe te sien dat kontrakte tussen werkgewer en dienaar nagekom word en om in geval van enige

---

164. SS 562, R3905/81: Memorie van J.G. Fourie en 26 ander aan Vise-president en die lede van die Driemanskap, Franspoort, distrik Pretoria, 9.9.1881; SS 574, R4645/81: Memorie van D.J. Erasmus en 70 ander aan Vise-president en die lede van die Driemanskap, wyk Witwatersrand, distrik Pretoria, 17.9.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ongerymdheid in diê verband, die boetes en strawwe waarvoor die wet voorsiening gemaak het, toe te pas. Terselfdertyd sou aan die vrederegters wat in die verskillende distrikte gewoon het, deur middel van 'n spesiale magtiging deur die Regering, die bevoegdheid verleen word om sake of klagtes tussen werkgewer en dienaar te ondersoek en uitspraak daarin te lewer. Teen die uitspraak van 'n vrederegter kon na die hof van die landdros geappelleer word.[165]

---

165. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849-1885, p.666: Wet No. 3, 1876, "Betreffende de Naturellen", art. 20.